

# ENKELE REGSLITERÊRE ASPEKTE VAN SENSUUR IN SUID-AFRIKA

Verhandeling aangebied ter voldoening aan  
die vereistes vir die graad  
Philosophiae Doctor in die  
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte  
in die Departement Afrikaans en Nederlands  
aan die Universiteit van Natal,  
Durban

deur

*Hilda Magdalena Grobler*

Januarie 1989

## INHOUDSOPGAWE

VOORAF .....	i
VOORWOORD.....	iii
INLEIDING .....	iv
WERKSWYSE WAT IN DIE STUDIE GEVOLG WORD .....	xxx
OPSOMMING.....	xxxii
GEDETAILLEERDE INHOUDSOPGAWE .....	xxxiv
<b>HOOFTUK 1: Oorsigtelike gebiedsverkenning van sensuur in</b>	
<b>Suid-Afrika .....</b>	<b>1</b>
<b>HOOFTUK 2: Ideologie, sensuur en letterkunde.....</b>	<b>86</b>
<b>HOOFTUK 3: Die waarskynlike leser as tersaaklike</b>	
<b>faktor by die bepaling of 'n publikasie</b>	
<b>ongewens of nie-ongewens is .....</b>	<b>157</b>
<b>HOOFTUK 4: Subjektiviteit as faktor by die</b>	
<b>beoordeling van publikasies .....</b>	<b>223</b>
<b>HOOFTUK 5: Enkele kritiese opmerkings oor die</b>	
<b>uitleg en toepassing van die</b>	
<b>Wet op Publikasies, No. 42 van 1974 .....</b>	<b>292</b>
<b>REGISTER VAN APPÈLRAADUITSPRAKE .....</b>	<b>373</b>
<b>REGISTER VAN HOOGGEREGSHOFUITSPRAKE .....</b>	<b>385</b>
<b>VERWYSINGS .....</b>	<b>387</b>

Ek, Hilda Magdalena Grobler,  
verklaar hiermee dat die verhandeling  
my eie en oorspronklike werk is.

Van die baie soorte bedreiging wat die skrywer kan belewe, en in sy geskiedenis al belewe het, wil ek my hier om vanselfsprekende redes voral beperk tot bedreiging van "*owerheidsweë*"; d.w.s. vorme van bedreiging deur die een of ander instansie wat met die mag tot sy beskikking die skrywer se eksistensiële vryheid om te skryf en te kommunikeer aan bande probeer lê. Dit gaan dus om 'n situasie waar sekere begrippe op die spel is; soos o.a. mag, vryheid, werklikheid, waarheid. En dis opvallend hoe gereeld dié terme deur die jare in dieselfde konjunktuur voorkom.

- André P. Brink.

To me, this series of photos is infinitely more depressing than any image within the genre known as porn because it depicts structural sexism, giving a "*normal*", conservative and rather genteel face to the preservation of gender inequality, in economic, social and sexual terms. Also, it's harder to "*read*" at first glance. But few would call for the banning of this series of photographs precisely because it is so "*normal*." The values may be offensive, but everybody's dressed, right? Nobody's getting hurt, beaten, whipped, raped. Come to think of it, there's no sex anywhere, right?

- Lisa Steele.

Laat ek dit sê vir Afrikaners wat graag 'n "Voortrekker"- of 'n "Boere"-kultuur by ons wil bestendig - as "Voortrekker" - of "Boere" - nie net dieselfde as "Afrikaner"-kultuur beteken nie -: dat ons kultuur nooit dié van honderd jaar gelede, nie eens dié van veertig of van tien jaar gelede kan wees nie - 1925 en sy vraagstukke lyk al vir ons vandag soos ou geskiedenis - en elke geslag Afrikaners is net so "unmittelbar zu Gott", het net soveel die plig om uit eie krag kultuur te skeep as enige voorafgaande geslag. Dit is 'n voorreg waaraan ons nie kan ontlug nie. Die kern en die bronaar van die kultuur is die vryheid, die vryheid om nuwe waarheid en skoonheid te skeep en na nuwe self-gewonne insig te handel; en as die kloppende lewe van daardie vryheid deur enige organisasie (ook deur 'n staat) geknel word, sal die kultuur self sterwe, of hy sal die bande verbreek (al is dit dan maar ná jare) soos die Middeleeue eenmaal verbreek is.

- N.P. van Wyk Louw.

Vir my vriende, en in die besonder vir Retsch wat my hierdeur gepraát het.

Maar veral vir James sonder wie se bystand, morele ondersteuning en deurlopende hulp die studie nie moontlik sou gewees het nie.

## VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie studie wil ek graag my dank en erkentlikheid aan my studieleier, prof. Ronnie Belcher, uitspreek vir sy aanmoediging, warm ondersteuning en vertrouwe, eindelose geduld, simpatieke begrip en skerp insig.

Ek wil ook graag my dank teenoor die volgende persone uitspreek wat hulle tyd met soveel vriendelikheid opgeoffer het en die las sodoende oneindig verlig en dinge so glad laat verloop het:

James Byrom vir die tegniese versorging

Barry Guppy vir die tegniese ondersteuning

Sally Fisher vir die tegniese kundigheid

Heather Green vir die toeganklikheid tot en beskikbaarstelling van bronne

Ans van Huysen vir die aanvullende tikwerk

Estelle en Arlene van Huysen vir die kopieerwerk en korreksies

Rialette Wichahn vir die beskikbaarstelling van 'n groot deel van die materiaal

en

my ouers vir hulle aanmoediging en belangstelling

## INLEIDING

### 1.0 Algemeen

Die verhandeling kyk hoofsaaklik na aspekte van art. 47(2)(a) van die Wet op Publikasies No 42 van 1974. Die Wet se doel is "om voorsiening te maak vir beheer oor sekere publikasies of voorwerpe, rolprente en openbare vermaaklikhede; om die Poswet, 1958, te wysig; om die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963, te herroep; om die Doeane- en Aksynswet, 1964, en die Wet op Onbetaamlike of Onweloweglike Fotografiese Materiaal, 1967, te wysig; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak." Artikel 47(2)(a) lees soos volg: "By die toepassing van hierdie Wet word 'n publikasie of voorwerp, rolprent, openbare vermaaklikheid of voorgenome openbare vermaaklikheid geag ongewens te wees indien dit of 'n deel daarvan -

(a) onbetaamlik of onweloweglik of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is;"

Die studie fokus op slegs drie aspekte rakende die uitleg en toepassing van die Wet, naamlik die ideologiese raamwerk waarbinne sensuur toegepas word, die hele kwessie van wie die waarskynlike leser/kyker/luisteraar is en watter rol hy tydens die beoordeling van enige publikasie speel; en die subjektiewe element wat dikwels die Appèlraad se uitsprake kenmerk. Daar word nie aan die vraag of sensuur geregtig is of nie aandag geskenk nie. Die studie vra ook nie dieselfde vraag as Copp en Wendell (1983:26) nie, naamlik: "What, if anything, would justify a State in censoring, regulating, or otherwise controlling obscenity or pornography? What types of obscene material would a State be justified in regulating, if any, and on what basis?"

Na 'n inleidende uiteensetting van die rol wat sensuur voor die betrokke Wet se inwerkingtreding in Suid-Afrika gespeel het, word die studiegebied tot die tydperk vanaf 1975 tot en met 1986 beperk. Die klem val deurgaans op *literatuur* (in die breedste sin van die woord), maar daar word, wat die identifisering van algemene beginsels betref, met alle soorte *publikasies*, *voorwerpe*, *rolprente* en *openbare vermaaklikhede* gewerk aangesien die Appèlraad nie tussen die verskillende media of klasse, waarin publikasies/voorwerpe/rolprente/openbare vermaaklikhede voortgebring word, onderskei nie. Die Raad werk deurlopend met dieselfde maatstawwe of beginsels ongeag daarvan of dit 'n ernstige literêre werk of blote ontspanningslektuur is; ongeag daarvan of dit klassieke literêre werk is en of dit 'n gewone *cowboys-and-crooks*-rolprent is. Die term, *publikasies* (wat hieronder omskryf word), word deurgaans in dié studie in die betekenis wat die Wet daaraan toeskryf asook in die betekenis wat die Appèlraad tydens uitsprake daaraan toeskryf, gebruik.

## 2.0 Terminologiese motivering

### 2.1 Die begrip *literatuur*

Die term *literatuur* skep 'n probleem in dié opsig dat die begrip *literêre*, wat daaruit afgelei word, maklik die verwagting kan skep dat die studie slegs of hoofsaaklik op *letterkunde*, of om meer presies te wees, op die *Afrikaanse letterkunde* sal fokus. Die term, *literatuur*, word in dié studie in die breedste sin van die woord gebruik sodat dit die hele gebied waarna onder andere Eagleton en Beckson en Ganz in hul omskrywing van die begrip verwys, bestryk.

Eagleton (1983:16) sluit sy hoofstuk waarin die vraag "*What is Literature?*" gestel word, soos volg af: "*It will not do to see literature as an 'objective', descriptive category, neither*



*will it do to say that literature is just what people whimsically choose to call literature. For there is nothing at all whimsical about such kinds of value-judgement: they have their roots in deeper structures of belief which are as apparently unshakeable as the Empire State building. What we have uncovered ... is not only that literature does not exist in the sense that insects do, and that the value-judgements by which it is constituted are historically variable, but that these value-judgements themselves have a close relation to social ideologies. They refer in the end not simply to private taste, but to the assumptions by which certain social groups exercise and maintain power over others. If this seems a far-fetched assertion, a matter of private prejudice, we may test it out by an account of the rise of 'literature' in England."*

Eagleton is nie die enigste skrywer wat dit moeilik vind om die begrip *literatuur* uitputtend te omskryf nie. André P. Brink (1985:16) wys in sy essay "*Waarom Literatuur?*" daarop dat dié term problematies is wanneer dit by die omskrywing daarvan kom as hy sê: "*Maar daar sit wol om die term 'literatuur'*". Vander Kerken (1973:191) sê: "*Literatuur is een van die begrippen die op de duur van alles en nog wat zijn gaan betekenen. Toch zou het onvoorzichtig wezen, de literatuur door bepaalde schrijf-genres als romans en gedichten te definiëren, want dan zit men met de volgende moeilijkheid. De meerderheid van wat zich als gedichten, romans, verhalen of toneel aandient, is waardeloos. Hoort dat alles tot de literatuur? Als men eenmaal de literatuur door bepaalde genres definieert, wel. Maar dan van tweeën één: ofwel zegt men van dat waardeloze dat het 'geen literatuur' is omdat het 'slechte literatuur' is, maar dan haalt men er weer nieuwe distinctieven bij; ofwel houdt men die zogenaamde slechte literatuur evenzeer voor literatuur als de zogenaamde goede, en dan blijft er van de literatuur niet veel anders meer over dan een sociologisch geval.*" Hy verwys later (1973:192) na die feit dat veel meer mense die historikus, Huizinga se *Herfsttij der Middeleeuwen*, as enige van Bilderdijk ("*een literair figuur*") se werke sal geniet, en kom dan tot die volgende gevolgtrekking: "*Er is dus blijkbaar met de 'literatuur' iets niet helemaal in orde.*"

Karl Beckson en Arthur Ganz (1972:119) poog om 'n verduidelikende omskrywing van die begrip *literatuur* te gee: "*The desire to escape from an oppressive or dull environment may impel the reader to seek the fantasy of science fiction, the remoteness of a Western, or the excitement of a detective story*". Dit blyk uit dié omskrywing dat hulle Vander Kerken (1973:135) se opvatting dat literatuur die stof is waaruit dit bestaan, onderskryf: "*Poëzie is immers taal, soals beeldhouwkunst steen is of hout. Hetzelfde geldt voor de literatuur.*" Wellek en Warren (1970:20) stel verskeie moontlike vertolkings van die begrip voor, soos byvoorbeeld dat alles wat "*in print*" is as *literatuur* beskou moet word, en sluit hiermee by Partridge (1966:350) aan wat daarop wys dat die begrip oorspronklik "*meant the art of writing and reading*".

Dit volg uit bostaande dat die begrip *literatuur* met betrekking tot dié studie dus nie eng vertolk moet word as synde dat dit op 'n *woordkunswerk* dui nie, maar dat dit in die breedste moontlike sin verstaan moet word.

## 2.2 Die begrip *publikasie*

Aangesien die studie op artikel 47(2)(a) van die Wet op Publikasies, No 42 van 1974 fokus, spreek dit vanself dat die begrip *publikasie* slegs in ooreenstemming met die gebruik daarvan soos wat dit in die Wet uiteengesit word, vertolk en toegepas sal word. Die betekenis wat aan die begrip *publikasie* geheg word, is nie net kenmerkend van die Suid-Afrikaanse Wet nie, maar ook van die Britse Wet, die Obscene Publications Act van 1959 en 1964.

Die begrip *publikasie* word in sy breedste sin in die 1974-Wet gebruik sodat die begrip *voorwerp*, waarna pertinent in die Wet verwys word, ook op die begrip *publikasie*

betrekking het - gevolglik word alle voorwerpe wat kragtens dié Wet ongewens bevind word, by die sambreelterm, *literatuur* (soos wat dit onder meer in "Jacobsens" gebruik word) ingesluit. 'n Steekproef uit die gesaghebbende "Jacobsens" **Index of Objectionable Literature** toon onder meer hoe 'n breë gebied dié begrip bestryk. Die volgende word onder andere kragtens die Wet as verbode *publikasies/voorwerpe* beskou: **ANC Lives On** (*Pamphlet*) (12.7.85); **Calendarios de Bolsille '87** (*Catalogue*) (14.11.86); **East of Eden** (*Brochure*) (1.11.85); **Silver Rose 85/86 Collection** (*Brochure*) (25.4.86); **BHT Water Treatment - 1984** (*Calender*) (18.11.83); **Change is Pain Mzwakhe** (*Cassette*) (24.12.86); **Deliverance Solo/Seven single Record - Mary King GOSPEL Singers** (*Solus Seven Record*) (21.3.86); **Evening with Belafonte/Makeba, An** (*Gramophone record*) (21.1.83); **Pulse and the Echo, The** (*Poskaart/Postcard*) (15.1.88); **Behind the Glossy Veneer -** (Student Union for Christian Action, Athlone) (*Poster*) (16.03.84); **As my old Grandma used to say... 90 C 4414** (*Greeting Card*) (12.7.85); **A-Z of Love and Sex** (*Photostat copies*) (16.4.82); **Our Boys your Toys** (*T-shirt/T-hemp*) (30.4.87); **Do not open** (Wood carved baboon with concealed male organ) (*Object*) (17.02.84); **Don't Scream when you feel a prick** (*Illustration*) (2.9.77); **Forward to People's Power: 16 Dec Umkhonto Day** (*Sticker*) (15.1.82); **Five "Original Playboy" tags depicting nude and semi nude girls** (*Keyring/Object*) (27.5.3); **Legalise It** (*Badge/Object*) (22.4.83); **Nu Femme et Homme D'Après Charly** (*Tapestry*) (25.6.82); **Death to Apartheid** (*Folder*) (21.7.84); **Adam and Eve** (*Statue*) (16.7.76); **Graydon George** (*Note Book*) (14.5.82); **Hamer en Sekel Vlag** (sic) met Russiese Kleure (*Vlag*) (13.5. 88); **Ampco** (*Letterhead*) (26.2. 82); **Photos of European Models** (*Order Form*) (26.1.79); **Life is a bed of Roses but watch for the Pricks** (*Transfer*) (19.2.82); en **Winddhoek** (sic) (*Photographs*) (30.8.85). Die datum waarop bostaande in die **Staatskoerant** tot verbode publikasie verklaar is, verskyn tussen hakies.

Afgesien hiervan sluit die begrip *publikasie*, soos dit in die Wet bedoel word, publikasies in die vorm van tydskrifte (veral **Scope** is dikwels verbied); koerante (voor die

aankondiging van die Noodtoestand is veral studentekoerante verbied); grapboeke en tekenprente (soos byvoorbeeld die **Zowie**-reeks), nuusbriewe (soos die PSC Newsletters), skilderye, gebruiksvorwerpe (soos lampe en drinkbekers), en literatuur in die algemeen, met inbegrip van woordkunswerke, in. Aangesien dit duidelik in die Wet gestel word dat *rolprente* ook binne die Wet se omvang val, word dieselfde kenmerke wat ten opsigte van *publikasies/vorwerpe* isoleer word, net so op *rolprente* en *videobande* toegepas. *Laserplate*, waarop beelde of grafiese werk vasgelê is, val tans nog nie binne die omvang van die Wet nie.

Waar die Wet op Publikasies, Nr. 42 van 1974 met die begrip *publikasie/vorwerp* (*object*) werk, werk die Engelse Wet (Obscene Publications Act 1959) met die begrip *article* in die breedste sin van die woord en bestryk dit 'n meer omvattende veld as dit wat deur die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, Nr. 42 van 1974 gedek word, naamlik: "... *any description of article containing or embodying matter to be read or looked at or both, any sound record, and any film or other record of a picture or pictures*". Die Engelse regtelike begrip *article* sluit die meeste vorme van spraak asook die geskrewe woord in. Die omskrywing van die begrip *publikasie/vorwerp* en die betoë wat die beslissing onderlê dat die betrokke 'gegewe' of 'item', wat voor die Appèlraad dien wel binne die bedoeling van die Wet 'n publikasie/vorwerp is, word volledig in Hoofstuk 1 bespreek.

Die komponent, *regsliterêre*, in die verhandelings-titel, **Enkele Regsliterêre Aspekte van Sensuur in Suid-Afrika**, het dus betrekking op alle publikasies/vorwerpe, *rolprente* en *videobande* wat aan die Appèlraad voorgelê word, asook op die werkswyse waarvolgens die verskillende maatstawwe isoleer word wat tot gevolg het dat publikasies kragtens die toepassing van artikel 47(2)(a) van die Wet op Publikasies No 42 van 1974 ongewens of nie-ongewens bevind word.

Alhoewel die studie krities teenoor die sensuurmeganisme en die toepassing van die Wet deur die Appèlraad staan, is die verhandeling nie daarop gemik om 'verbeteringe' of 'wysiginge' in die Wet self of ten opsigte van die 'normale' toepassing daarvan aan die hand te doen nie. Daar word vir die doeleindes van dié navorsing aanvaar dat sensuur in Suid-Afrika binne 'n bepaalde raamwerk beoefen word, en dit is bloot die wyse waarop dit beoefen word, wat onder die loep kom. Deur op 'gebreke' te wys en 'regstellings' voor te stel, sou maklik kon impliseer dat die sensuurmeganisme aanvaar of goedgekeur word - terwyl dit hoegenaamd nie die geval is nie. Die kritiek wat teen die toepassing van sensuur in Suid-Afrika uitgespreek word, word in Hoofstuk 5 vervat.

Die algemene beswaar dat 'n woordkunswerk op dieselfde wyse behandel word as enige ander publikasie wat nie as *kunswerk* (of *letterkunde* in die eng sin van die woord) beskou kan word nie, word dus nie beredeneer nie. Daar word bloot daarop gewys dat die Appèlraad van 'n Komitee van Deskundiges se hulp gebruik kan maak om die Raad van leiding rakende *literêre en artistieke meriete* te dien. Die lede van die Komitees van Deskundiges word kragtens art. 35B(3) op grond van hul "*opvoedkundige kwalifikasies en besondere kennis van en ondervinding in kuns, taal of letterkunde*" aangestel. Dié "*besondere kennis*", wat as aanstellingsvoorwaarde gestel word, beteken egter nie dat die betrokke lede *deskundiges* in die regsbetekenis van die woord is nie, dit wil sê, dié persone is nie noodwendig *gesaghebbendes, spesialiste, kenners, professioneel gekwalifiseerde persone, virtuoso* of *spesiaal opgeleide persone* nie.

Terwyl die lede wat in die Komitees van Deskundiges aangestel word dus nie in alle gevalle *deskundiges* in die ware sin van die woord is nie, is die lede wat in sulke komitees aangestel word wanneer die publikasie wat aan die Raad voorgelê word as *literêre woordkunswerk* of as (Afrikaanse) *letterkunde* bestempel kan word, feitlik altyd hoogs opgeleide en professionele literatore. Dit beteken in werklikheid dat die *literêre*

woordkunswerk of te wel die (Afrikaanse) *letterkunde* die 'beste verweer' (waar faktore soos onder meer *literêre meriete*, 'n klein/gesofistikeerde waarskynlike leserskring, en 'moeilike' of 'moelik toeganklike tekste' verliggende faktore is) - maar nie noodwendig 'n suksesvolle verweer nie - aanbied. Die klem word op *Afrikaanse letterkunde* gelê omdat die meeste literatore wat tydens die voorlegging van 'n Engelse woordkunswerk in die Komitee van Deskundiges dien, Afrikaanstalige, praktiserende literatore in die onderskeie departemente *Afrikaans en Nederlands* aan verskeie universiteite is - dit gebeur selde dat selfs die helfte van so 'n komitee uit Engelstalige, praktiserende literatore in *English/ English Literature/ English Studies* departemente bestaan. Dit val egter buite die kader van die studie om dié ideologiese patroonmatigheid te verken.

### 3.0 **Sensuur is 'n instrument wat deur die Staat gebruik word om die *status quo* te handhaaf**

Die studie toon onder meer in welke mate sensuur in diens van die Staat aangewend word ten einde die bestaande *status quo* te handhaaf en hoe dit op subjektiewe wyse deur die Staat se verteenwoordigers in die vorm van Publikasiekomitees, die Direkoraat en die Appèlraad toegepas word.

Voor die aankondiging van die Noodtoestand, is 'literêre' (in die betekenis van *woordkunswerk*) sensuur veral op skeppende werk gemik. Theiner fokus in **They shoot writers, don't they** hoofsaaklik op "the totality of repression of which censorship of 'creative' writing is a major symptom." Hierteenoor het sensuur se fokus, soos wat dit direk deur die staat uitgeoefen word, verskuif na die pers. Nadine Gordimer het dit so in die *Weekly Mail* 3(23) gestel: "*The heat is not on the writers of books any more, certainly not on writers of imaginative work, but on the press.*"

Alhoewel die studie nie fokus op sensuur wat kragtens die Noodmaatreëls op die pers afgedwing word nie, moet daar tog gewys word op die Staat se poging om *spesifiek* kragtens die Noodmaatreëls asook *in die algemeen* gesproke met sensuur in te meng. Die tussentrede kan een van twee vorms aanneem. Die Minister van Binnelandse Sake kan die Appèlraad versoek om 'n publikasie wat nie-ongewens bevind is, te heroorweeg met die oog daarop om snitte aan te bring (as dit 'n rolprent is), òf om die publikasie geheel en al te verbied. Die Minister van Binnelandse Sake, mnr. Stoffel Botha, het die Appèlraad tydens die afgelope twee jaar drie keer versoek om weer na 'n rolprent te kyk. In die geval van die rolprent, *Blue Velvet*, is die film weer onveranderd nie-ongewens bevind, maar in die geval van die rolprent, *Angel Heart*, is 'n snit van enkele sekondes in die surrealistiese dog gewelddadige slaapkamertoneel aangebring. In die geval van die omstrede rolprent, *Cry Freedom*, het die Appèlraad egter by sy oorspronklike bevinding van nie-ongewens gehou sodat die Staat kragtens die Noodmaatreëls ingegryp het.

### 3.1 'n Breër omskrywing van die begrip *sensuur*

Dit is noodsaaklik om, voordat by die Staat se inmenging met sensuur stilgestaan word, daarop te let dat die begrip *sensuur* veel breër is en 'n veel groter veld bestryk as wat deur die Wet op Publikasies No. 42 van 1974 gedek word. Burton (1980:67) se uiteensetting van die begrip in sy *Legal Thesaurus* is een van die omvattendste omskrywings van die begrip, en een van die min wat voorsiening maak vir die soort sensuur wat byvoorbeeld kragtens die Noodmaatreëls toegepas word: "CENSOR, verb: *ban, bar, blot out, bowdlerize, cancel, censor, control, control the flow of news, cut, delete, disallow, disapprove, discountenance, dispense with, disqualify, eject, eliminate, enforce censorship, eradicate, erase, exclude, expunge, expurgate, forbid, impose a ban, inhibit, interfere, judge, keep within bounds, leave out, limit, not include, omit, oversee, pass under review, police, preclude, prevent, prevent publication, prohibit, proscribe, quash, refuse, refuse permission,*

*reject, restrain, restrict, review, rub out, scratch out, sift, submerge, supervise communications, suppress, withhold permission*

"**CENSORSHIP**, noun: *abolition, abridgement, bar, blackout, block, blockage, blue-penciling, bowdlerization, cancellation, control, curb, deprivation, elimination, expurgation, forbidding, governmental control, hindrance, impediment, imposition of veil of secrecy, inhibition, limitation, news blackout, obliteration, prohibition, repression, restraint, restriction, rigid control, seal of secrecy, stifling, suppression*".

### 3.2.0 Praktiese toepassing van sensuur in sy breër betekenis

#### 3.2.1 Die Noodmaatreëls en -regulasies word deur die Staat gebruik om sensuur uit te oefen

Die Noodmaatreëls het tot gevolg dat die inligtingstroom ("*flow of information*") beheer en/of onderdruk ("*suppress*") word, dat die polisie (by wyse van skakel- of persbeamptes) 'n rol speel in die beskikbaarstelling van besonderhede rakende byvoorbeeld onluste en stamgevegte, dat toesig oor kommunikasie ("*supervise communications*") gehou kan word, en dat dié toesig tot pre-sensuur ("*blue-penciling*" en "*governmental control*") van die nuusmedia mag aanleiding gee, soos uit mnr. Stoffel Botha, die Minister van Binnelandse Sake, se dreigement teenoor *The New Nation* geblyk het: "*Mr Stoffel Botha said he was considering (..) the appointment of a Government censor to read copy in the paper's offices*" (in *The Natal Mercury* van 15 Januarie 1988). Die direkte uitwerking wat die Noodmaatreëls op die pers het, blyk uit die permanente 'verduideliking' wat daagliks (na die aftel van die hoeveelste dag wat die Republiek in 'n Noodtoestand verkeer) in onder meer *The Natal Mercury* voorkom: "*Because of the emergency regulations, the free flow of information relating to unrest is severely restricted. Certain news reports have had to*



*be excluded because of the latest regulations. This newspaper will do its utmost to keep readers informed."*

Presies hoe kru die toepassing van die Noodmaatreëls as sensuurmeganisme kan wees, blyk uit die verbod op die onafhanklike en onverbode weekblad, *The Weekly Mail*, op 1 November 1988. Dié verbod, wat na enkele waarskuwings 'n maand lank (van 1 November tot 30 November 1988) ingestel is, het 'n nuwe dimensie by die toepassing van sensuur in die land gevoeg. Nadat die Minister waarskuwings tot die weekblad gerig het, het hy tydens daaropvolgende toesprake met betrekking tot veral die sogenaamde 'alternatiewe' koerante na onder meer *mediaterroriste, georganiseerde histerie en revolusionêre joernaliste* verwys. Die verbod op die koerant is ingestel sonder dat redes daarvoor verstrekkend is, en ten spyte daarvan dat regsgeleerdes die mening toegedaan was dat die berigte wat geplaas is die Noodmaatreëls en -regulasies nie een keer oortree het nie.

Anton Harber, mede-redakteur van *The Weekly Mail*, het op 1 November 1988 tydens die *The Weekly Mail Bookweek* in Kaapstad gesê dat die Minister hom aan *arbitrêre optrede* skuldig gemaak het en dat die uitleg van die Noodmaatreëls nie deur 'n hof nie, maar deur die Minister self onderneem is. "*He was the prosecutor, the judge and the executioner,*" het Harber gesê. Hierdeur het die Minister die hof se funksie oorgeneem - sonder dat hy redes vir sy optrede òf vir die verbod verstrekkend het. Harber het op 3 November 1988 tydens Idasa se '*Right to Speak*'-kongres in Durban gesê: "*The control over information has become a basic pillar of the power structure, fundamental to the system of control over South Africans. The government controls information in order to control people.*" Dit blyk uit dié stelling dat dit waarskynlik korrek sou wees om tot die gevolgtrekking te geraak dat die gevolglike 'teenhanger' van *politieke sensuur* as *propaganda* bestempel kan word. Volgens dr. Baruch Gitlis hoof van die Harry Karren

Instituut vir Propaganda-ontleding in Israel is moderne propaganda so verfyn dat dit 'nie leuens vertel nie'. "Dit vertel die 'waarheid', maar doen dit op so 'n wyse dat slegs 'n halwe waarheid, of 'n beperkte waarheid, of 'n 'waarheid' buite konteks vertel word." Waarheid buite konteks beteken dat 'n illusie geskep word dat dit wel die waarheid is. "Die inligting berus op feite, maar dit word gemanipuleer sodat die persoon wat die propaganda wil versprei, daarin slaag om 'n spesifieke beeld of indruk te skep. (...) Propaganda is die resultaat van gemanipuleerde inligting. Dit is 'n doelbewuste, geredigeerde, gevormde en verpakte weergawe van die waarheid. Dit word op so 'n wyse aangebied dat 'n mens dit nie bevraagteken nie" (in *Tempo* 26 September 1988).

Die verbod op *The Weekly Mail* het tot gevolg gehad dat die Medieraad op 14 November 1988 tydens sy tiende vergadering besluit het om 'n onderhoud met mnr. Stoffel Botha aan te vra. Die volledige besluit het soos volg ge lees: "*Arising from the temporary suspension of the Weekly Mail, the Media Council reaffirms its objection to the arbitrary closure or suspension of newspapers. Council is especially concerned that no specific reasons were provided for the action against the newspaper. Council will seek an early interview with the Minister*" (soos berig in *The Daily News* van 15 November 1988). Volgens *The Natal Mercury* van 15 November 1988 het prof. Attie de Beer van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat tydens die mosie se bespreking gesê dat hy gepoog het om vas te stel waarom *The Weekly Mail* verbied is en dat "*he had been told that in one story on faction fights in Natal, the paper had printed the fact that the police would not comment. His informant said that this and other incidents like it had caused the newspaper's closure*".

Die Minister van Binnelandse Sake het egter nie net van die Noodmaatreëls gebruik gemaak om drie alternatiewe koerante gedurende 1988 te verbied nie, maar ook die Biko-rolprent, **Cry Freedom**, op grond daarvan dat dit 'n bedreiging vir Staatsveiligheid ingehou het. Die rolprent is verbied nadat en ten spyte daarvan dat die Appèlraad op

Publikasies dit nie-ongewens bevind het - en dus beslis het dat die rolprent *nie 'n bedreiging vir staatsveiligheid* inhou nie. Dit maak nie saak hoe dié verbod beredeneer word nie - dit is ten slotte elke keer die Appèlraad wat in 'n baie swak lig gestel word. In die lig van die feit dat die Appèlraad sedert sy instelling betreklik volledige riglyne opgestel het waarkragtens bepaal word of 'n publikasie/voorwerp of rolprent staatsgevaarlik is of nie, kan daar slegs afgelei word dat die Appèlraad òf nie weet wat hy doen nie/nie sy werk behoorlik doen nie, òf dat die Minister op *arbitrêre* wyse opgetree het - of soos Harber dit stel: "*The law is now based on his whim, his personal intolerance and his individual narrow-mindedness*" (in *The New Nation* 10 - 16 November 1988). Sodanige optrede van Staatskant stel die Appèlraad in 'n negatiewe lig en impliseer dat dit 'n ontoereikende en oorbodige orgaan is.

Die Staat maak egter nie net van die Noodmaatreëls en -regulasies gebruik om koerante aan bande te lê nie. Dit blyk onder meer uit die waarskuwing wat die Minister van Justisie, mnr. Kobie Coetzee, op 18 November 1988 aan die nuwe Afrikaanse weekblad, *Vrye Weekblad*, gerig het toe hy gesê het dat hy die registrasie van die koerant weerhou aangesien "(it) could be used to express the views of illegal organisations as defined in the Internal Security Act" (in *The Sunday Tribune* van 20 November 1988 - my onderstreping). Die Minister het na vyf artikels in die eerste twee uitgawes as motivering vir sy besluit verwys.

### 3.2.2. Persoonlike selektiwiteit, eensydigheid en verswyging

Afgesien van sensuur wat kragtens die Noodmaatreëls en -regulasies uitgeoefen word, kom *selektiewe* en/of *eensydige verslaggewing* as 'n ander vorm van sensuur voor. Dit beteken dat die verslaggewer òf net verslag doen oor dít waarmee hy/sy saamstem, wat hy/sy persoonlik interessant vind, wat met sy koerant se 'nuusbeleid' ooreenstem, of wat

as politieke cliché oor die nodige sensasiewaarde beskik. Afgesien hiervan, kan die sub-redakteurs verder aan die berig sny en dit sodoende òf verskraal, òf 'n verskillende aanslag daaraan verleen. Terwyl die algemene koerantleser juis 'n bepaalde koerant lees omdat sy oortuigings met die 'nuusbeleid' (gewoonlik impliseer dit 'n eensydige of selektiewe politieke beriggewing) ooreenstem, weet die algemene leser nie wanneer hy aan *persoonlike selektiwiteit* (sensuur in die vorm van gemanipuleerde verslaggewing of inligtingweerhouding) blootgestel word nie. Jan Burger weet dat onder meer pornografie kragtens die Wet op Publikasies verbied word, maar dra geen kennis van besonderhede wat willens en wetens - en bloot op grond van persoonlike voorkeur, smaak of oortuigings - weerhou word nie. Kennis van publikasies/voorwerpe en/of rolprente wat kragtens die Wet op Publikasies verbied word, kan waarskynlik (verkeerdelik) as *volksbesit* of *algemene kennis* beskryf word - en enigiemand wat sy kennis in dié opsig wil uitbrei, kan toegang tot die bestaande Appèlraaduitsprake verkry. Hierteenoor kan geen toegang tot dít wat deur selektiewe beriggewing *verswyg* word, verkry word nie.

### 3.2.3 Pre-sensuur en selfsensuur

Daar bestaan ten spyte van die semantiese verskille tussen die terme, *pre-sensuur* en *selfsensuur*, nie veel verskil wat die praktiese toepassing van dié begrippe betref nie. Richard Rive (1987:10) is gevra of hy dink dat enige woordkunswerk wat *goeie literatuur* is by die sensors sal verbykom terwyl woordkunswerke wat *openlik propagandisties* is, slagoffers van die sensuurmeganisme sal word. Sy antwoord was dat dit in enige ander land 'n geldige afleiding sou wees, maar nie in Suid-Afrika waar die owerheid poog om dit wat mense lees, te beheer nie: "*They want to decide what people must read and how they must read it. In fact, what they are hoping for - I suspect - is selfcensorship, which is far more dangerous than open censorship. When the writer restricts himself because he is afraid of what might happen to his book.*"

Dit is egter nie net skrywers/(uitgewers - soos in die geval van Tafelberg en HAUM-Literêr se weiering om Koos Prinsloo se bundel kortverhale, **Die hemel help ons**, te publiseer tot tyd en wyl 'n bepaalde sin uit die teks gesny word nie - ) wat pre-sensuur of selfsensuur toepas nie, maar veral die SAUK. Van Deventer (1987: 39), wat dié standpunt onderskryf, verwys ter ondersteuning hiervan na 'n artikel wat op 7 September 1986 deur J. Pauw in *Rapport* geskryf is en stel dit so: "*In teenstelling met die SAUK wat strenger selfsensuur ten opsigte van erotiese inhoud toepas, word daar geargumenteer dat subskripsietelevisie minder openbaar is. Daarom word op M-Net dikwels 'volwasse' speelprente vertoon wat meer eksplisiet van aard is, as wat die geval met SAUK-programmatuur (sic) is. Baie van hierdie speelprente was (sic) oorspronklik 'met hoë ouderdomsbepelings' in plaaslike rolprentteaters vertoon.*"

### 3.2.4 Ekstremes of radikale groepe/fundamentaliste verlaat

#### **hul op sensuur om hul eie belange te dien**

'n Verdere en betreklik ongewone aspek van sensuur het hom rondom die Britse Booker-pryswenner, Salman Rushdie, se voorgenome November-besoek aan die Republiek manifesteer. "*The 'Rushdie Rumpus' has forcibly thrown the spotlight on the question of what constitutes censorship and the rights of individuals or organisations' (in South van 10 tot 16 November 1988).*

Die Moslemgemeenskap het eerstens daarop aangedring dat Rushdie se jongste roman, **The Satanic Verses**, wat nie deur een van die beswaarmakers gelees is nie, verbied moes word omdat Rushdie in prof. Fatima Meer se woorde "*has desecrated the Islamic faith and falsified its history albeit in parody*" (in *The Cape Times* van 3 November 1988), of in S. Lutchmiah (briewekolom van *The Daily News*, 10 November 1988) se woorde: "*In*

'Satanic Verses', *Mr Rushdie allegedly associates Prophet Mahomed's wives with prostitutes, refers to the Prophet Abraham as a bastard and makes derogatory references to other revered figures in Islam*" (my onderstreping).

'n Deel van die Moslemgemeenskap was egter nie tevrede met die verbod op die boek nie - hulle wou ook nie hê dat Rushdie die Republiek moes *binnekom* nie. Hulle het met behulp van dreigemente dat Rushdie doodgemaak en *The Weekly Mail* se personeel liggaamlike leed berokken sou word, daarop aangedring dat die uitnodiging teruggetrek word: "*Nadine Gordimer, wat die Congress of South African Writers (COSAW) verteenwoordig het, het gesê dat talle dreigbriewe onder deure deurgestoot is. Sy het gesê dat COSAW die uitnodiging teruggetrek het omdat niemand Rushdie se veiligheid in die land kon waarborg nie*" (in *Tempo* 11 November 1988). *The Weekly Mail* het egter geweier om sy uitnodiging terug te trek aangesien dit deelname aan die sensuurmeganisme sou wees, het 'n verklaring gelui wat op 4 November 1988 tydens die Boekweek in Kaapstad voorgelees is.

Dit is egter nie die eerste keer dat die Moslemgemeenskap gesorg het dat 'n boek 'in diens van Islam' verbied word nie. Die 1988-Nobelprijswenner, Naguib Mahfouz, het reeds in 1959 met die Islamse fundamentaliste gebots toe sy allegorie, **The Children of Gebelawi** "*was banned in Egypt under pressure from irate religious leaders. Among the 'children' were Muhammad, Moses and Christ, walking modern-day streets in a tale that many conservative Muslims found downright heretical*" (in *Newsweek* van 24 Oktober 1988). Toe Mahfouz in 1972 in die openbaar as voorstander vir vredesonderhandelinge met Israel opgetree het, is talle van sy boeke as gevolg hiervan in verskeie Arabiese lande verbied.

Volgens die persoon wat vir die **Kommentaar** in die tydskrif, *Insig* van November 1988 verantwoordelik was, is daar ook ander ekstreme of radikale groepe wat die

sensuurmeganisme in hul eie (politieke) belang in Suid-Afrika probeer manipuleer deur op verskillende maniere druk op diegene wat by die werking van sensuur betrokke is, toe te pas. Hy verwys in die *Kommentaar*-gedeelte van die tydskrif na voorvalle om die Appèlraad se beslissing heen dat die Biko-rolprent, *Cry Freedom*, nie-ongewens is, en sê dat 'n vervalsde brief in prof. Kobus van Rooyen se naam aan 'n Engelstalige koerant gestuur is. *"Hierdie brief word aangebied as 'n aanval van prof. Van Rooyen op die Regering oor die verbod op die Biko-rolprent, nadat die Appèlraad dit deurgelaat het. (...) Maar dié brief is die ergste vorm van intimidasie denkbaar. Veral omdat dit geskryf is op 'n amp-telike briefhoof en 'professioneel' genoeg is om mense wat nie 'n intieme kennis van die werklikheid het nie, om die bos te lei."* Die kommentaar-skrywer wys daarop dat ook ander mense wat by die verhoor betrokke was, sedertdien *"die skyf (was) van dreigemente en ander pogings tot intimidasie. Kwalik 'n goeie getuigskrif vir die sedejagters se moraliteit"*. Hy bedoel met die laaste verwysing dat dit nie net die Staat is wat poog om *"die gemeenskap teen die gevare wat die misbruik van lektuur, kuns en vermaaklikheid vir die sedes, die godsdienste, die staatkundige vryheid en die openbare orde inhou"* te beskerm nie, maar dat dié optrede van die Staat tot gevolg het dat *"meelopers en saamslapers wat vreemde opvattinge oor moraliteit het"* van 'buite af' onregmatige druk probeer uitoefen om beslissings *wat hul belange sal bevorder* te bewerkstellig. Hy groepeer dié radikale 'sedebezoekers' en die persoon/persones wat vir die vervalsde brief verantwoordelik was, as behorende tot dieselfde kategorie en sê dan: *"Hierdie soort brief getuig van 'n groot skroef wat in die samelewing los is: Dat dit nie die skrywers en kunstenaars is wat die sedes bedreig nie, maar juis daardie mense wat alle moraliteit oorboord gooi wanneer dit by die politieke stryd kom."*

### 3.2.5 'n Alternatiewe siening van sensuur se doel/funksie

Daar bestaan 'n opvatting onder swartes in Suid-Afrika dat die Staat deur middel van sensuur poog om die apartheidsbestel te behou en te bewaar. Die mening dat sensuur in

diens van apartheid uitgeoefen word, bestaan vry algemeen onder groepe wat met die sogenaamde 'Demokratiese Beweging' (of *People for the Struggle*) identifiseer.

Die Moslemgemeenskap se reaksie op Rushdie se roman en voorgenome besoek, het nie net gedreig om verskillende groepe in die 'Demokratiese Beweging' te polariseer nie, maar ook in 'n geringe mate daarin geslaag om die fokus wat deurgaans in die Demokratiese Beweging (en in die ANC) deur middel van sensuur op apartheid (en omgekeerd) val, te bevraagteken. Wally Serote, swart skrywer, lid van die ANC en verteenwoordiger van die ANC se 'culture desk' het op 31 Oktober 1988 tydens die Boekweek aan 'n telefoongesprek met die sittende paneel deelgeneem en toe gesê: "*Censorship in South Africa is used as a weapon to maintain apartheid*". (Die stelling kom in meer besonderhede in **Hoofstuk 2: Ideologie, Sensuur en Letterkunde** ter sprake.)

Serote het gewaarsku dat geen bespreking oor sensuur "*could ignore the greater political reality in South Africa in which political killings, detention, exile and house arrest were all a form of censorship*" (in *The Argus* van 2 November 1988). Die Moslemgemeenskap, wat met die 'Demokratiese Beweging' identifiseer en 'lede' daarvan is, se optrede het byna veroorsaak dat 'n skeuring in die groepe, wat dieselfde ideale dien en dieselfde doelwit nastreef, kom. J.M. Coetzee het tydens die Boekweek in Kaapstad gesê "*dat diegene wat by die vryheidstryd betrokke is, weer 'n keer oor die Moslems se deelname aan die stryd moet nadink aangesien hul bydrae in die lig van dié optrede bevraagteken moet word*" (in *Tempo* van 11 November 1988).

In watter mate die fokus van apartheid na 'interne bewegingspolitiek' verskuif het, blyk uit die tweespalt wat ontstaan het toe die UDF The Call of Islam (TIC) en COSAW oor hul 'ondersteuning van' en 'samenwerking met' die Staat wat sensuur betref, aangeval het. Die UDF is op sy beurt aangeval op grond daarvan lede van die derde kamerparlement



vrye spraak geweier is, en dat UDF-ondersteuners "*had disrupted a meeting in Lenasia addressed by a senior PFP member*" (in *South* van 10 - 16 November). Volgens dié uitgawe van *South* het die Rushdie-geval ook die gevaar laat ontstaan dat 'n skeuring in die Moslemgemeenskap self kon voorkom en dat beide die TIC en die Natal Indian Congress die gevaar geloop het om 'n aansienlike getal ondersteuners te verloor indien hulle nie van die sensuurmeganisme (wat aan die een kant as werktuig van apartheid beskou is, en aan die ander as die gehate meganisme wat verantwoordelik was "*for regularly banning the MYM'Al Qalam newspaper and other publications*") gebruik sou maak nie: "*The TIC might have been in danger of losing a substantial chunk of its support had it not stood by the views of so many Muslims. Its decision to support the withdrawal of the invitation apparently received the backing of the Natal Indian Congress, which also stood to lose a lot of support.*"

Dit blyk uit bostaande dat die Staat se uitgangspunt (soos wat dit in die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974 verwoord word), naamlik dat publikasies verbied moet word omdat dit *onbetaamlik of onweloweglik of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is; godslasterlik is, vir betrekkinge tussen bevolkingsdele skadelik is, vir die veiligheid van die Staat, die algemene welsyn of die vrede en goeie orde nadelig is* deur die Demokratiese Beweging verwerp word aangesien sensuur uit hulle oogpunt niks anders as 'n meganisme is waardeur apartheid in stand gehou word nie. Die twee oortuigings is wedersyds onversoenbaar.

Dit is egter nie die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika dat die gemeenskap sensuur in sy eie hande geneem het sonder dat diegene wat hul vir die betrokke publikasie se 'doodsvonnis' beywer het bekend was met die betrokke publikasie se volledige inhoud nie. Gordimer (1988:11) sê met verwysing na William Plomer se eerste roman, *Turbott Wolfe*, dat 'n enkele sin, naamlik "*Native question? It's not a question,*

*it's an answer!" daartoe aanleiding gegee het dat biblioteekkomitees geweier het om die boek aan te koop en dit, indien dit tog op die rakke verskyn het, verwyder het. Verskeie boekwinkels het geweier om die boek te verkoop en in "Durban, Plomer was shunned and reviled, and there were so many threatening letters and vitriolic editorials in the newspapers that it was not possible for Plomer to live in a South African community any longer. He had to leave the country."*

Alhoewel bostaande bloot 'n lukrake verkenning van die begrip *sensuur* se moontlike betekenisnuanses is, dui dit daarop dat die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974 nie die hele gebied wat binne die term se moontlike betekenisveld lê, dek nie, en dat dit in sy huidige vorm bloot op 'n betreklik duidelik afgebakende deel van dié betekenisveld van toepassing is.

#### 4.0 Sensuur in Suid-Afrika en ander Westerse lande

Suid-Afrika is nie die enigste Westerse land waarin sensuur nog toegepas word nie. Sensuur kom nog steeds in mindere of meerdere mate in ander Westerse lande soos Brittanje en die VSA voor. Aangesien die verhandeling egter nie poog om 'n vergelykende studie te wees nie, word daar nie van die stand van sensuur in ander lande kennis geneem nie. Daar word slegs ter wille van die illustratiewe waarde daarvan op enkele raakpunte tussen die Suid-Afrikaanse en die Britse en Amerikaanse stelsels gewys.

#### 4.1 Brittanje

Alhoewel die Wet op Publikasies (Nr. 42 van 1974) nòg op die Britse nòg op die Amerikaanse lees geskoei is, bestaan daar verskeie ooreenkomste ten opsigte van die

drie stelsels se omvang en algemene toepassing wat ongewenste publikasies betref. 'n Britse regter, regter Stable, het publikasies wat as "*obscene*" bestempel is reeds in 1954 tydens sy uitspraak in R v Martin Secker & Warburg Ltd (1954) 2 All Er 683 in twee hoofgroepe verdeel, naamlik in *pornografie* en publikasies ten opsigte waarvan *litére en artistieke* regverdiging ter verdediging aangevoer mag word. Hy het die juriesede (in MacMillan 1983:11) daarop gewys dat nóg "*Victorian prudery*" nóg die vraag of die publikasies "*shocked or disgusted (the reader)*" die toets was, en het gesê dat die toets of standaard wat toegepas moes word, dié van die "*average, decent, well-meaning man or woman*" was. Die gemiddelde leser-/kyker-/luisteraartoets is ook lank in Suid-Afrika toegepas totdat die **Magersfontein**-uitspraak (7/80) tot gevolg gehad het dat die Appèlraad in navolging van die Hooggeregshof se uitleg van die Wet met die *waarskynlike lesers, luisteraars of kykers* begin werk het. Publikasies se *litére en artistieke meriete* word ook sedert 1980 in ag geneem - Van Rooyen (1987:3) stel dit so: "*A balancing of interests has become the hallmark of control in the Republic: general or sectional interests are continually weighed against minority interests such as dramatic, artistic, and literary interests as well as the interests of likely viewers and readers.*"

#### 4.1.2.0 Terminologiese ooreenkomste tussen die Suid-Afrikaanse en Britse wette

##### 4.1.2.1 "Obscene" (Onbetaamlik/onweloweglik en/of aanstootlik/skadelik)

Die Wet Op Publikasies No 42 van 1974 werk nie met die begrip *obseen* nie. Meer as een term word gebruik om al die betekenisnuanses wat binne die Engelsregtelike begrip se betekenisveld lê, te ondervang, naamlik *onbetaamlik/onweloweglik en/of aanstootlik/skadelik*.

Volgens Burton (1981:352) beteken die adjektief "*obscene*" die volgende: "*bawdy, broad, debauched, foul, immodest, immoral, impure, indecent, indelicate, lascivious, lecherous,*

*lewd, libidinous, licentious, lubricous, lurid, lustful, offensive, offensive to decency, offensive to modesty, patently offensive, pornographic, profane, profligate, ribald, risqué, salacious, scabrous, sensual, sexy, shameful, shameless, spicy, tending to excite lustful desires, unchaste, unwholesome, vile, vulgar, wanton.*" Dit blyk duidelik uit die Appèlraad se uitspraak dat die Raad 'n soortgelyke betekenis in gedagte het wanneer 'n publikasie as *onbetaamlik/onwelvoeglik en/of aanstootlik/skadelik* bestempel word.

MacMillan (1983:29) wys daarop dat die Engelse howe die betekenis van die begrip "obscene" tot in die vroeë sestigerjare beperk het tot "... *matters related to sex or the excremental functions*", maar dié betekenis is in John Calder (Publications) Limited v Powell (1965) 1 QB 509 uitgebrei om publikasies wat dwelmgebruik aangemoedig het hierby in te sluit: "... *there is no reason whatever to confine obscenity and depravity to sex, and there was ample evidence on which the justices could hold that this book was obscene*". Dié betekenis is in 1968 in DPP v A and BC Chewing Gum Ltd (1968) 1 QB 159 uitgebrei om geweld in te sluit.

#### 4.1.2.2 Die publikasie word 'as geheel' beoordeel

Artikel 1(1) van die Obscene Publications Act 1959 het dit duidelik gestel dat 'n werk as 'n geheel - en nie kragtens geïsoleerde passasies nie - beoordeel moet word. Dié bepaling is in R v Penguin Books (1961) Crim L Rev 176 bevestig.

#### 4.1.2.3 Literêre meriete is 'n maatstaf

Artikel 4(1) van die Obscene Publications Act 1959 maak voorsiening vir 'n verweer van 'public good' (in die gemeenskap se belang) en bepaal dat geen geding ingestel of bevel kragtens die Wet gemaak mag word nie indien "...*it is proved that publication of the article*

*in question is justified as being for the public good on the ground that it is in the interest of science, literature, art or learning, or other objects of general concern".*

#### 4.2.0. Sensuur en die VSA

##### 4.2.1 Toepassing van die Amerikaanse begrip

"obscene"

MacMillan (1983:371) beweer dat die Amerikaanse hof eers in 1957 in Butler v Michigan 352 US 380 (1957) sy eerste belangrike uitspraak ten opsigte van *obscenity* gegee het toe die hof die assistent-aanklaer se betoog kragtens die **Michigan Penal Code A343** verwerp het deur te bevind dat leesstof wat vir volwassenes geskik is nie aan die bestaande maatstaf, naamlik of dit vir 'n kind geskik sal wees of nie, gemeet kan word nie. Dié maatstaf, wat tot en met dié beslissing 'n rol gespeel het, is in die **Michigan Penal Code A343** vervat en het die publikasie van enige boek verbied wat moontlik mag neig "*...to incite minors to violent or depraved or immoral acts, manifestly tending to the corruption of youth*".

Die tweede belangrike saak ten opsigte van *obscene publications* in Amerika, was Roth v United States 354 US 476 (1957). Dié uitspraak staan kortweg as die *Roth*-uitspraak of die *Roth*-omskrywing bekend. Dié uitspraak het bepaal dat die "*obscenity regulation may apply to any form of speech, whether written, pictorial, in film form, or any other*" (in MacMillan 1983:380).

##### 4.2.2 Parallel met die 'waarskynlike

lesersgroep/kyker'

Daar is in dié uitspraak beslis dat die begrip *obscenity* slegs op menslike seksualiteit betrekking het, en na aanleiding van dié uitspraak dat die teikengroep op wie die publikasie gemik is duidelik van die gemiddelde persoon-toets, wat andersins toegepas is, onderskei moes word - hierdeur is 'n soortgelyke begrip (en die toepassing daarvan), wat na die **Magersfontein**-uitspraak in Suid-Afrikaanse publikasiebeheer as die *waarskynlike lesersgroep* identifiseer is, aangesny, en het daar dus 'n ontwikkeling in Amerikaanse publikasiebeheer plaasgevind wat heelwat later 'n 'parallel' in Suid-Afrikaanse publikasiebeheer gehad het.

Die gevolg van dié uitspraak was dat daar in United States v 31 Photographs 156 F Supp 350 CSDNY (1957) beslis is dat die *Roth*-toets dermate aangepas is dat die foto's wat kragtens die *gemiddelde persoon*-toets onwelvocglik (*obscene*) sou wees, nie as onwelvocglik bevind word wanneer die betrokke teikengroep as maatstaf gebruik word nie. Die *gemiddelde persoon*-toets bepaal, soos wat dit in *Roth* omskryf is, dat "*... prurient appeal was to be assessed in terms of contemporary community standards (...). Such effect was not something to be judged in terms of the jury's own standards; prurient appeal had rather to be assessed in terms of the hypothetical average person, applying contemporary community standards*" (in MacMillan 1983:395). Die gemeenskapstandaard waarna hier verwys word, vind sy eweknie in die Suid-Afrikaanse *heersende of kontemporêre gemeenskapsopvatting* en dui nes die Suid-Afrikaanse maatstaf op 'n veranderende maatstaf. Dié maatstaf het egter tydens die afgelope dekade ongewild geraak aangesien Amerikaanse akademici begin aanvoer het dat dit 'n *irrelevante begrip* in die obseniteitsreg is.

#### 4.2.3 Bevestiging van die beginsel dat die publikasie as 'geheel' beoordeel moet word

Die *Roth*-uitspraak het 'n algemene en federale praktyk ten opsigte van publikasiebeheer bevestig, naamlik dat die werk as geheel beoordeel moes word. Dié uitspraak het ook

die gebruik om literêre en artistieke meriete in ag te neem wanneer die publikasie as geheel beoordeel word, erken. MacMillan (1983:397) stel dit so: "*The Roth test implicitly recognised this: a work may be proscribed if its 'dominant theme' appeals to the prurient interest. As Justice Brennan has more recently put it: '... the thrust of the constitutional protection is to forbid government to suppress material that, although having sex as its subject, advocates ideas, or possesses literary or scientific or artistic values in any other form of social importance'*". Die beperking wat deur die woorde 'dominant as a whole' (wat in die gewysde self voorkom) opgelê is, is egter in Miller v California 413 US 15 (1973) op 24-25 opgehef deurdat die woorde 'dominant theme' weggelaat is.

Die Amerikaanse stelsel verskil van die Suid-Afrikaanse stelsel wanneer dit by deskundige getuienis kom. Na die verbod op **Magersfontein, O Magersfontein!** (77/77) is die Wet op Publikasies in 1978 gewysig om twee nuwe meganismes te betrek, naamlik die instelling van ouderdoms- en tentoonstellingsvoorwaardes, en die Komitee van Deskundiges. Van Rooyen (1987:9) sê dat die Komitee van Deskundiges ingestel is "... to advise the PAB on the literary and/or artistic merit of a work". Dit beteken dat die Raad se bevinding dat 'n bepaalde publikasie *ongewens* is, omgekeer kan word en tot 'n bevinding van *nie-ongewens* kan lei nadat die Raad deur dié getuienis daarvan oortuig is dat die publikasie inderdaad oor literêre en/of artistieke meriete beskik, en dat die *waarskynlike leserskring* as gevolg daarvan uit gesofistikeerde, intelligente en/of uit 'n ingeligte en beperkte leserskring sal bestaan, vergelyk onder meer die uitspraak oor **Donderdag of Woensdag** asook dié van **Te hel met Ouma**, **Kinflicks** en **Original Sins**. Dat die Komitee van Deskundiges se leiding nie altyd tot 'n bevinding van *nie-ongewens* lei nie, blyk onder meer uit die uitspraak oor Moravia se **A Time of Desecration** asook uit die 1976-uitspraak oor **The Dawn Comes Twice**. Geldenhuys (1977:28) stel dit so: "*In saak no. 144/76 is die getuienis van sewe letterkundiges voor die Appèlraad gelê. Hierdie letterkundiges was dit eens dat Jack Cope se boek The Dawn Comes Twice oor letterkundige waarde beskik. Nogtans bevind die Appèlraad dat die werk ongewens is.*"

Alhoewel die Komitee van Deskundiges nie geraadpleeg word ten opsigte van die vraag of 'n publikasie *onweloweglik* (obseen) is of nie, kan dié getuienis ten opsigte van die meriete daarvan, meebring dat die betrokke publikasie tog (en ten spyte van die oënskynlike onweloweglikheid daarvan) nie-ongewens (nie) bevind word. Publikasiebeheer in Amerika verskil wat 'harde pornografie' betref, waarskynlik nie veel van publikasiebeheer in Suid-Afrika nie, want die Amerikaanse uitgangspunt sal vermoedelik deur die Appèlraad gesteun word, dit wil sê dat *onweloweglikheid/obseniteit* "... is not a subject that lends itself to the traditional use of expert testimony. Such testimony is usually admitted for the purpose of explaining to lay jurors what they otherwise could not understand... No such assistance is needed by jurors in obscenity cases; ... hard-core pornography ... can and does speak for itself".

## 5.0 Gevolgtrekking

Alhoewel sensuur daarop gemik is om mense se gedagtes en oortuigings te beheer, òf om hulle van sekere invloede wat op 'n bepaalde tydstip deur die Staat as ongewens beskou word, te vrywaar, het die geskiedenis getoon dat sensuur nog nooit in enige land, onder enige politieke bestel of ter eniger tyd deur die eeue heen gewerk of geslaag het nie.

Ek onderskryf na voltooiing van die studie en op grond van die bevindings wat aan die lig gekom het Grey (1982:47) se opvatting dat alle sensuur onaanvaarbaar is : "... *that all censorship is evil, because it diminishes human freedom and interferes with the spontaneity of communication*".



## WERKSWYSE WAT IN DIE STUDIE GEVOLG WORD

Die verhandeling word aan die volgende werkswyse gekenmerk:

### 1. Saakverwysings

- (a) Die titels van alle Hooggeregshofuitsprake is onderstreep.
- (b) Alle Appèlraaduitsprake wat in Louise Silver se **Publications Appeal Board Digest of Decisions** geraadpleeg is, se bladsynommer word met 'n enkele punt na die jaartal aangedui, byvoorbeeld 15/76.4.
- (c) Alle Appèlraaduitsprake wat in die oorspronklike vorm geraadpleeg is, word met 'n dubbelpunt na die jaartal aangedui, byvoorbeeld 78/81:3.
- (d) Die saaknommer gaan die verwysing (jaar en bladsy waarop aangehaal word) telkens vooraf.

### 2. Outeurverwysings

- (a) Outeurs se name word slegs ten opsigte van publikasies, wat aan die Appèlraad voorgelê is, verstrekk waar sodanige outeur plaaslike of internasionale bekendheid verwerf het, en dit spesiale vermelding regverdig.

- (b) In die geval van rolprente word die regisseur of die betrokke akteurs se naam/name slegs verstrek indien dit absoluut tersaaklik is. Draaiboekskrywers word slegs by uitsondering vermeld soos in die geval van byvoorbeeld *A Clockwork Orange*.

## 2. Taalversorging

Geen korreksies is in die aanhalings uit die Appèlraad se uitsprake aangebring nie. Alle kommas wat tussen werkwoorde weggelaat is, is ook in die aanhalings weggelaat en spel- en sintaktiese foute is net so oorgeneem. Waar die indruk moontlik geskep kan word dat die betrokke sinsnede, sin of spelwyse verkeerd aangehaal is, word deur middel van die internasionale teken (*sic*) aangedui dat die 'fout' 'korrek' aangehaal is.

3. Alle saakname en titels word in vetdruk aangedui en alle aanhalings in skuinsdruk en aanhalingstekens. Afgesien van die gewysdes, word slegs woorde of sinsnedes in aanhalings of elders in die teks, wat beklemtoon word, onderstreep.
4. Nadat na iemand se volledige titel verwys is, soos byvoorbeeld prof. J.C.W. van Rooyen (of in gevalle waar koerantberigte aangehaal word en op minder formele manier na hom verwys word as prof. Kobus van Rooyen), word daar eenvoudig na hom verwys as Van Rooyen. Dit geld ook ten opsigte van die ander Appèlraadslede na wie dikwels verwys word, naamlik oud-regter Lammie Snyman en mnr J.J. Mal herbe.
5. Wanneer na die *Raad* verwys word, verwys dit deurgaans na die *Appèlraad op Publikasies*.

## SUMMARY

This thesis is not aimed at answering the question whether censorship is justified or not, but reflects the results of an analysis of three aspects of Section 47(2)(a) of the Publications Act, Act 42 of 1974.

The three aspects which are considered in this research are the following:

- (a) the role of ideology in the interpretation and application of the said Act;
- (b) determining the identity of the probable reader/viewer/listener; determining how he differs from the so-called '*reasonable man*', '*average citizen*', '*the average reader*', '*the average decent-minded citizen*', '*the normal well-balanced citizen*', '*the reasonable person*', '*the intelligent or intellectual reader/viewer/listener*', '*the interested reader/viewer/listener*' and '*the actual reader/viewer/listener*'.

The research furthermore endeavoured to determine what importance is attached to this probable reader when he is applied as a standard during the examination of a publication referred to the Appeal Board on appeal from the Directorate or any other interested party;

- (c) the role subjectivity plays when the Appeal Board

adjudicates upon publications.

The thesis consists of five chapters. Chapter 1 is an introductory survey of censorship in South Africa. Chapter 2 reveals to what extent the Christian-Nationalist ethic and the present government policy influences Appeal Board decisions. Chapter 3 considers the role the probable reader/viewer/listener plays while Chapter 4 indicates exactly how subjective and non-judicial a large body of the decisions are. Chapter 5 contains selected points of criticism of the interpretation and application of the said Act by the Publications Appeal Board (PAB).

The study comes to the conclusion that the guidelines and standards laid down by the PAB are applied willy-nilly and in terms of how the Board personally feels about a certain publication. It appears from the research that censorship in South Africa has relaxed since the appointment of prof. J.C.W. van Rooyen to the position of Chairman of the PAB, but that the Government still attempts to control the thoughts and convictions of the population at large through the application of criteria such as *the reasonable/probable/sophisticated reader/viewer/listener* in terms of The Publications Act, Act 42 of 1974, as amended.

## GEDETAILLEERDE INHOUDSOPGAWE: HOOFSTUKKE

### HOOFSTUK 1

#### OORSIGTELIKE GEBIEDSVERKENNING VAN SENSUUR IN SUID-AFRIKA

	bladsy
1.0 Inleiding .....	1
1.1 Sensuur is bykans net so oud soos die mens self .....	1
1.1.1 Spore in die Chinese Dinastieë .....	2
1.1.2 Sensuur het verskillende vorms aangeneem .....	3
1.1.3 Die klem verskil van eeu tot eeu .....	4
1.1.4 Die drukpers bring 'n omwenteling mee .....	5
2.0 Sensuur .....	6
2.1 Wat is sensuur? .....	6
2.2 'n Breë opvatting .....	7
2.3 'n Internasionale opvatting .....	7
2.4 Die twee kante van die saak .....	8
2.5 Die beskermingselement .....	8
2.6 Beperking op die individu se vryheid .....	9
2.7 Wat beteken 'sensuur' in Suid-Afrika ? .....	9
2.7.1 Sensuur in die breë sin van die woord .....	9
2.7.2 Sensuur in die eng sin van die woord .....	10
3.0 Sensuur se omvang .....	10
4.0 Sensuur se doel .....	11
4.1 Positiewe beginsels van sensuur .....	11
4.2 Sensuur het 'n slegte' naam .....	11
4.3 Doel van publikasiebeheer in Suid-Afrika .....	12

4.4	Instandhouding van sensuur in Suid-Afrika .....	12
5.0	Vroeë sensuur in Suid-Afrika.....	12
5.1	Navolging van die Britse model .....	12
5.2	Die Sensuurwet van 1931 .....	13
6.0	Hoeveel skade doen publikasies in boekvorm? .....	15
7.0	Die stand van sensuur in die Vyftigerjare .....	15
8.0	Die 1963-Wet: Die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, no 26 van 1963 .....	17
8.1	Verskillende reaksies op die wetsontwerp.....	17
8.2	Die wetsontwerp ontlok skerp kritiek deur die skrywers.....	17
8.3	Politici sê 'n emosionele stryd teen die letterkunde aan .....	18
8.4	Die 'ouer' skrywers word as prysenswaardige voorbeeld voorgehou.....	20
8.4.1	Tradisionele temas is verheerlik .....	20
8.4.2	Die Afrikaner en sy nasionale bestaansreg.....	20
8.4.3	'n Predikant 'lieg' vir die lesers .....	21
8.4.4	Afrikaans ter wille van 'n politieke doelwit .....	22
8.4.5	Afrikaans ter wille van patriotiese en nasionale doelwitte .....	23
8.5	Die verhouding tussen die volk en die skrywer 'versuur' .....	23
8.5.1	Die skrywer se werk weerspieël sy 'werklikheid' .....	24
8.5.2	Die Dertigers bring tematiese vernuwning.....	25
8.5.3	Die Veertigers skud die 'oop ruimtes' af .....	26
8.5.4	Die oorgangstydperk .....	27
8.5.5	Die Sestigters .....	28
8.5.6	Die Sestigters word verwerp .....	28

8.6	Agter die skerms.....	30
8.7	Die eerste Publikasieraad word aangestel.....	33
8.7.1	Prof. G. Dekker word as eerste voorsitter van die Publikasieraad aangestel.....	33
8.7.2	Talle publikasies word verbied.....	34
8.7.3	Die publikasieraad ontlok skerp kritiek.....	35
8.7.4	Die Kruger-raad vervang die Dekker-raad.....	37
9.0	Kritiek teen die 1963-Wet.....	39
9.1	Beginsels van die natuurlike geregtigheid is misken.....	39
9.2	Kritiek word in die wind geslaan.....	40
10.0	Sensuur se implikasies.....	41
10.1	'Die lewe maak die kuns sinvol'.....	41
10.2	Die kunstenaar 'staan ten volle in sy tyd'.....	41
10.3	Die kunstenaar skryf oor 'sy tyd'.....	42
10.4	Die 'nie-literêre leser' en die roman wat die tol moes betaal.....	43
10.5	Morele oordele lei tot verbod op publikasies.....	45
10.6	Sensuur 'verarm' lande en volke.....	46
10.7	Letterkunde is 'veel-soortig'.....	47
11.0	Die Wet op Publikasies No. 42 van 1974 vervang die 1963-Wet.....	48
11.1	Skerp reaksie op pogings om publikasiebeheer in te stel.....	49
11.2	Die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974 tree in werking.....	50
11.3	Die Wet op Publikasies (No. 42 van 1974) en <b>Kennis van die Aand</b> .....	53
11.4	Ideologiese inslag in die Wet.....	54
11.5	Seksualiteit en publikasiebeheer.....	55
11.6	Seksualiteit, politiek en publikasiebeheer.....	56
12.0	Wet op Publikasies No. 42 van 1974: Wet tree in werking en ontlok beswaar.....	57
12.1	Wet op Publikasies No. 42 van 1974: besitsverbod.....	57

12.1.1	Op hersiening na die hooggeregshof .....	58
12.1.2	Die onverdedigbaarheid van dié beginsel .....	58
13.0	Enkele tersaaklike maatstawwe waarmee die Wet op Publikasies (Wet 42 van 1974) werk .....	59
13.1	Publikasies/voorwerpe .....	59
13.1.1	Wat is 'n publikasie/voorwerp? .....	59
13.1.2	Uitputtende omskrywing van die Wet .....	59
13.1.3	'n 'Plakboek' is nie 'n publikasie nie .....	60
13.1.4	Verbod op die voortbrengs of verspreiding van ongewenste publikasies/voorwerpe .....	62
13.2	Maatstawwe vir ongewenstheidsbevindings .....	63
13.2.1	Maatstawwe ooreenkomstig Wet 42 van 1974 .....	63
13.2.2	'Onbetaamlik' of 'onwelowelik' .....	64
13.2.2.1	Tersaaklike regspraak .....	64
13.2.2.2	Aanstootlik vir die openbare sedes .....	64
13.2.2.3	Skending van die sedes .....	65
13.2.3	Uitleg van die Wet .....	65
13.2.4	Riglyne: wat is onbetaamlik/onwelowelik en wat nie? .....	66
13.2.5	Obseniteit: veranderende betekenisinhoud .....	67
13.2.6	Obseniteit en die 'redelike leser' .....	67
13.2.7	Die veranderende gemeenskapsopvatting .....	68
13.2.8	Die veranderende gemeenskapsopvatting kom wêreldwyd voor .....	70
13.2.9	Verskeie faktore speel 'n rol .....	72
13.2.10	Moraliteit en sensuur .....	72
14.0	Sensuur en pornografie .....	73
14.1	Twee gedagterigtings .....	73
14.1.1	Pornografie - nie 'gewone' letterkunde nie .....	73
14.1.2	Verdeeldheid onder feministe .....	74
14.2	Navorsingsbevindings .....	74



14.3	Moraliste en Kousaliste.....	75
15.0	Toepassing van die Wet op Publikasies (Wet 42 van 1974) .....	76
15.1	Die Direkoraat.....	77
15.2	Die Publikasiekomitee .....	77
15.3	Die Appèlraad.....	78
15.3.1	Samestelling van die Appèlraad.....	78
15.3.2	Die Appèlraad beslis slegs oor die publikasies/voorwerpe wat op appèl verwys word.....	78
15.3.3	Die Appèlraad se beslissing is nie finaal nie .....	79
15.3.4	Die Komitee van Deskundiges .....	80
15.3.5	Advieskomitees.....	81
16.0	Die uitoefening van publikasiebeheer kragtens Wet 42 van 1974 .....	82
17.0	Afskaffing van sensuur .....	83
18.0	Ongewenste publikasies: bron.....	83
19.0	Gevolgtrekking.....	84

## HOOFSTUK 2

### IDEOLOGIE, SENSUUR EN LETTERKUNDE

1.0	Inleiding .....	86
1.1	Die begrippe <i>bevolkingsdeel</i> en <i>bevolkingsgroepe</i> .....	86
1.2	Politiese dokument.....	87
2.0	Drie groepe skrywers: Afrikaans/Engels en swart.....	88
2.1.	Duidelike tekens dat skrywers se werk deur politiese oorweginge getref word .....	88
2.1.2	Partypolitiese oorwegings en die swart skrywer .....	88

2.1.3.	Partypolitieke oorwegings en die Engelse skrywer .....	89
2.1.4	Partypolitieke oorwegings en die Afrikaanse skrywer .....	89
3.0	Berigte in die pers.....	89
3.1	Nie-gelyke behandeling: ras speel 'n rol .....	90
4.0	Die drie verskillende groepe .....	91
4.1	Die Suid-Afrikaanse Engelse skrywers .....	92
4.2	Die swart skrywers.....	92
4.3	Die Afrikaanse skrywers .....	97
4.4	Die verskillende groepe skrywers se werk weerspieël hul verskillende reaksies op die huidige bestel/die Suid-Afrikaanse werklikheid .....	98
4.4.1	Die Afrikaanse skrywers .....	99
4.4.2	Die Engelse skrywers.....	99
4.4.3	Die swart skrywers .....	99
5.0	Letterkunde en die Staat.....	102
5.1	Ideologie en die toepassing daarvan in die Suid-Afrikaanse sensuurbedeling .....	103
5.1.1	Kultuur .....	103
5.1.2	Ideologie.....	104
5.2	Die verskil tussen ideologie en kultuur .....	106
5.2.1	Ideologie as strategiese handeling .....	107
5.2.2	Ontleding op institusionele vlak .....	108
5.3	Ideologiese spore in die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974, en in die toepassing daarvan.....	109
5.4	Die ideologie van apartheid.....	111
5.4.1	Die politici stel dit duidelik dat hulle alle publikasies wil beheer .....	111
5.4.2	Die Wet beskerm die apartheidsbeleid .....	112

5.4.3	Sensuur weerspieël 'n politieke aktiwiteit.....	112
5.4.3.1	Du Toit se oorsigtelike tabelle: 1967 - 1978. Tabel 1: .....	116
5.4.3.2	Tabel 2. ....	117
5.4.3.3	Tabel 3. ....	118
5.4.3.4	Tabel 4. ....	119
5.4.3.5	Tabel 5. ....	120
5.4.3.6	Tabel 6. ....	120
5.4.4	Sensuur versterk dit wat ons 'glo'.....	122
6.0	Die skrywer en die Staat .....	122
7.0	Polarisering tussen skrywer en Staat .....	124
7.1	Die skrywers is verdag gemaak. ....	125
7.2	Die skrywer dreig om 'ondergronds te gaan' .....	125
7.3	Die Staat se houding tref alle skrywers.....	126
7.4	Die buitelandse skrywers wat hul in 'n 'onvrye' politieke bestel bevind.....	127
7.4.1	Die letterkunde hou 'n bedreiging vir die Staat in.....	127
7.4.2	Die skrywer vind sy materiaal in die lewe.....	128
8.0	Die wit skrywers, sensuur en die Staat .....	129
8.1	Inleiding. ....	129
8.2	Die skrywer moet vryheid hê.....	129
8.3	Verset word as 'verset teen die Nasionale Party' vertolk .....	129
8.4	Die Veiligheidspolisie en die skrywer. ....	130
8.5	Drukkers 'sensureer' skrywers. ....	131
8.6	Uitgewers vrees sensuur .....	131
8.7	Skrywers en die Broederbond. ....	132
8.8	Sensuur as politieke werktuig.....	132
9.0	Die swart skrywers, sensuur en die Staat.....	133
9.1	Swart Protes.....	133
9.2	Politieke ideologie en die swart skrywer.....	134

9.3	Sensuur skep 'straatliteratuur'.....	135
9.4	Die swart stem teen sensuur.....	135
10.0	Ideologiese toepassing van die Wet op Publikasies (Wet 42 van 1974).....	137
10.1	Inleiding.....	137
10.2	Die gemeenskapsopvatting.....	139
10.3	Seks oor die kleurgrens heen.....	143
10.4	Ideologie en die feminisme.....	148
10.4.1	Verkragting en 'aanstootlikheid'.....	148
10.4.2	Die huwelik is 'heilig'.....	150
11.0	Voorlopige gevolgtrekking.....	151
12.0	Die Wet op Publikasies verydel sy doelstellings en is in wese teenproduktief....	152
13.0	Gevolgtrekking: sensuur hou die volk 'oningelig'.....	155

### HOOFSTUK 3

#### DIE WAARSKYNLIKE LESER AS TERSAAKLIKE FAKTOR BY DIE BEPALING OF 'N PUBLIKASIE ONGEWENS OF NIE-ONGEWENS IS

1.0	Inleiding.....	157
1.1	Die eerste stadium: Die waarskynlike leser word deur die howe as faktor beskou.....	158
1.2	Tweede stadium: Die Appèlraad werk nie met die begrip 'waarskynlike leser' nie, maar wel met die 'redelike man'.....	159
1.2.1	Die howe se gebruik van die begrip ' <i>redelike man</i> '.....	160
1.2.2	Die Appèlraad se aanwending van die begrip ' <i>redelike man</i> ' pleks van 'die waarskynlike leser'.....	161

1.3	Die derde stadium: Die waarskynlike leser is wel 'n maatstaf en nie net 'n faktor nie .....	165
2.0	Konseptuele verwarring en die 'redelike man' .....	169
2.1	Wie is die 'redelike man'? .....	169
2.2	Die 'redelike man' en nuwe semantiese snoere .....	170
3.0	Konseptuele verwarring en die waarskynlike leser/kyker .....	174
3.1	Wie is die waarskynlike leser/kyker? .....	174
3.2	Kenmerke van die waarskynlike leser/kyker .....	178
3.2.1	Die waarskynlike leser stel belang in die ernstige letterkunde .....	179
3.2.2	Hy lees ook publikasies wat nie in sy moedertaal is nie .....	180
3.2.3	Hoe meer gesofistikeerd die leser is, hoe meer ingelig is hy .....	180
3.2.4	Die waarskynlike leser verskil van die 'leser in die algemeen' .....	183
3.2.5	Die waarskynlike leser verskil van die 'gewone leser' .....	184
3.2.6	Die waarskynlike leser verskil van die 'redelike leser' .....	185
3.2.7	Die waarskynlike leser verskil van die 'ewewigtige persoon' .....	187
3.2.8	Die waarskynlike leserskring verskil van die 'werklike lesers' en die 'waarskynlike/werklike kykerskring' .....	188
3.2.9	Die waarskynlike leser verskil van die 'oppervlakkige leser' .....	190
3.2.10	Die waarskynlike leser verskil van die 'onwaarskynlike leser' .....	190
3.2.11	Die waarskynlike leser verskil van die 'tipiese leser' .....	191
3.2.12	Die waarskynlike leser is 'volwasse' .....	191
3.2.12.1	Volwassenheid as algemene vereiste .....	193
3.2.12.2	Volwassenheid as spesifieke vereiste .....	193
3.2.12.3	Minderjarige lesers is nie volwasse lesers nie .....	194

3.2.12.4	Ouderdomsoplegging om 'kinders' uit te sluit.....	196
3.2.13	Die waarskynlike leser is 'intelligent', 'n 'intellektuele' leser.....	196
3.2.14	Die waarskynlike leser is verdraagsaam.....	198
3.2.15	Die waarskynlike leser het bepaalde 'belange'.....	199
3.2.16	Die waarskynlike leser is soms wit en soms swart .....	200
3.2.17	Die waarskynlike leser is soms manlik en soms vroulik.....	202
3.2.18	Die 'natuurlike leserskring' stem ooreen met die waarskynlike leserskring.....	202
3.2.19	Die waarskynlike leser lees die publikasie met 'n doel.....	203
3.2.20	Die waarskynlike leser word nie altyd identifiseer nie .....	204
3.2.21	Besoekers - maar nie waarskynlike lesers nie .....	205
3.2.22	Onwaarskynlike kykers word in werklike kykers omskep.....	206
3.2.23	Die eksklusiewe waarskynlike leserskring .....	208
3.2.24	Die waarskynlike leser is soms platvloers.....	209
4.0	Die waarskynlike leser speel 'n bepaalde rol .....	209
4.1	Die waarskynlike leser kan vertrou word .....	209
4.2	Die waarskynlike leser sien deur 'n publikasie .....	209
4.3	Die waarskynlike leser sal die publikasie kontekstueel benader .....	210
5.0	Dit is moontlik om die waarskynlike leser se reaksie te voorspel.....	211
5.1	Adviseurs 'voorspel' die reaksie.....	211
5.2	Die waarskynlike leser sal die negatiewe ignoreer en, soos die Raad, 'n positiewe perspektief hê.....	212
5.3	Nie al die waarskynlike lesers sal dieselfde reageer nie .....	213
5.4	Die waarskynlike leser sal 'n 'indirekte' boodskap verstaan en daarop reageer .....	214
5.5	Die jeugdige waarskynlike leser/kyker sal op	

	dwelmboodsappe reageer.....	214
5.6	Die jeugdige kyker identifiseer met die 'helde' in gewelddadige rolprente.....	215
5.7	Die waarskynlike kyker kan soms tussen fiksie en werklikheid onderskei.....	215
5.8	Die waarskynlike kyker/leser reageer op visuele materiaal en die emosionele of anti-sosiale implikasies daarvan.....	216
5.9	Kinders wat nog nie in hulle tienerjare is nie, sal kru taal nie 'hoor' nie.....	217
5.10	Die jeugdige waarskynlike leser is nog te onvolwasse om te besef dat die 'doel (nie) altyd die middele heilig' wanneer dit by geweld kom nie.....	219
5.11	Die volwasse kyker sien dinge in perspektief.....	220
5.12	Die gesofistikeerde kyker se reaksie sal van die ongesofistikeerde s'n verskil.....	221
6.0	Gevolgtrekking.....	222

#### HOOFSTUK 4

##### SUBJEKTIWITEIT AS FAKTOR BY DIE BEOORDELING VAN PUBLIKASIES

1.0	Inleiding.....	223
1.2	Juridiese ondersoek.....	224
1.3	Vereiste van objektiwiteit.....	225
2.0	Subjektiwiteit.....	226
2.1	Die Raad is bewus van die gevaar van subjektiwiteit.....	226
2.2	Elemente van subjektiwiteit.....	228
3.0	Uitsprake hou verband met 'wie' in die Raad dien.....	230

3.1	Nuwe aanstellings .....	231
3.2	Snyman se invloed op Van Rooyen .....	231
3.3	Snyman glo die stelsel stort na Van Rooyen se oorname in duie.....	231
3.4	Daar bestaan 'n opvatting dat daar 'n " <i>current approach</i> " en 'n " <i>gewese benadering</i> " is .....	232
3.5	Vertolkings wat aan die persone Snyman en Van Rooyen gekoppel kan word en wat nie op die uitleg van enige artikel in die Wet op Publikasies betrekking het nie .....	239
3.5.1	Opvoedkundige rol .....	239
3.5.2	Die rol van 'fiksie' .....	240
3.6	Botsende beskouings rakende redes waarom 'n publikasie gelees/nie gelees nie sal word .....	241
3.7	Nuwe insigte lei tot ander uitsprake.....	242
4.0	Subjektiewe oordele .....	242
4.1	Verkeerde en subjektiewe interpretasies van gegewens word as gesaghebbend aangebied .....	242
4.2	Ongegronde stellings en " <i>sweeping statements</i> " .....	245
4.2.1	Geweld.....	245
4.2.2	Die Suid-Afrikaanse gehoor is 'n 'derde party' .....	245
4.2.3	Die toedig van karaktereienskappe .....	246
4.2.4	Feministiese literatuur word 'aanvaar' nadat Marilyn French as skrywende, feministiese akademikus aanvaar is.....	248
4.3	Nie-tersaaklike subjektiewe kommentaar .....	250
4.3.1	Die uitspraak van persoonlike menings .....	250
4.3.2	Seksistiese uitsprake .....	251
4.3.3	Polities-ideologiese uitsprake.....	254
4.3.4	Persoonlike goedkeuring uitgespreek .....	256
4.3.5	Persoonlike afkeur uitgespreek.....	257



4.4	Nie-juridiese woordkeuse .....	259
4.5	Morele uitsprake.....	260
4.5.1	Blote kommentaar waarin afkeur uitgespreek word .....	261
4.5.2	Publikasies wat 'n bydrae tot moraliteit kan lewer .....	262
4.5.3	Publikasies waarin die Raad se morele standpunt teenoor voorhuwelike geslagsomgang blyk .....	262
4.5.4	Enkele uitsonderings in vroeë uitsprake .....	265
4.6	Chauvinisties-geörienteerde beslissings.....	265
4.6.1	Verteenwoordig 'n manlike siening.....	265
4.6.2	Prostituering van die vrou se liggaam .....	266
4.6.3	Die 'privaatheid van die vroulike liggaam' .....	268
4.6.4	Sekere begrippe word los gebruik .....	271
4.6.5	Handhawing van die seksistiese <i>status quo</i> .....	272
4.6.6	Die redelik ewewigtige lid van die gemeenskap.....	273
4.6.7	Beskerming van die fallus .....	274
4.7	Die bevinding dat 'n publikasie bloot 'vulgêr' maar nie ongewens is nie .....	276
4.7.1	Die betekenis van die begrip 'vulgêr' .....	276
4.7.2	Die begrip 'aanstootlik' .....	277
4.7.3	'n Moontlike kontinuum.....	279
4.7.4	Vulgêr, maar nie aanstootlik/ongewens nie.....	283
4.7.4.1	Vulgêre foto's en ander afdrukke .....	283
4.7.4.2	Vulgêre en kru taalgebruik .....	285
4.7.4.3	Vulgêre sekstonele .....	287
4.8	Die Raad pas 'inlegkunde'toe .....	288
5.0	Gevolgtrekking.....	290

## HOOFSTUK 5

**ENKELE GESELEKTEERDE KRITIESE OPMERKINGS OOR DIE UITLEG EN TOEPASSING VAN DIE WET OP PUBLIKASIES, WET 42 VAN 1974**

1.0	Inleiding .....	293
1.1	Geen kritiek word voorsien nie.....	293
1.2	Die Minister van Binnelandse Sake is ontevrede .....	294
1.3	Die skrywers is ontevrede .....	294
1.4	Die akademië is ontevrede.....	297
1.5	Die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974 .....	297
1.5.1	Die Wet se 'beskermingsfunksie' kan tot 'n verbod op 'n verdienstelike publikasie lei .....	298
1.6	Gemeenskapsopvatting .....	300
1.7	Riglyn by die toepassing van die Wet.....	301
1.7.1	Behoudende lewensbeskouing .....	302
1.7.2	Blanke Afrikaanssprekende .....	302
1.7.3	"Verteenwoordiger".....	303
1.7.4	Die gemiddelde man .....	304
2.0	Uitsprake: Kritiek en kommentaar op die wyse waarop uitsprake tot stand kom .....	305
2.1	Aanstellings.....	305
2.2	Op appèl .....	306
2.3	Skryf van uitsprake.....	307
2.4	Vetoreg ontbreek.....	308
2.4.1	Aantal stemme is beslissend .....	308
2.4.2	Wyk van riglyne en presedente af .....	308
2.4.3	Presedentesisteem .....	310
2.4.4	Nie aan feitebevindings gebonde nie .....	310
2.4.5	Jongste riglyne .....	311

3.0	Subjektiewe werkswyse tydens beslissings wat veronderstel is om juridies objektief van aard te wees .....	313
3.1	Die Raad "hoop" die gemeenskap stem saam .....	313
3.2	Voordeel van die twyfel .....	314
4.0	Sweeping Statements .....	316
4.1	Swart tale is ryk aan beeldspraak .....	314
4.2	Die adolessent en die rywordingsproses .....	315
4.3	Sogenaamde feministiese uitspraak .....	316
5.0	Losse gebruik van begrippe 'artistieke' en 'dramatiese' meriete .....	317
6.0	Die Raad is nie konsekwent in sy benadering of werkswyse nie .....	318
7.0	Vaaghede en veralgemenings .....	318
7.1	Toneel moet gesny word .....	319
7.2	"Selfs pornografies" .....	319
7.3	Op die grens van "pornografie" .....	320
7.4	"Sagte" pornografie - 'n vae begrip .....	320
7.5	Passie is nie "pornografies" nie .....	321
7.6	Dit ignoreer die gemeenskap se kollektiewe gewete .....	321
7.7	Die bron is van deurslaggewende belang .....	322
7.8	Onverklaarbare stelling .....	322
8.0	Subjektiewe, ideologiese reaksie .....	323
9.0	Onlogiese vermenging van maatstawwe .....	325
10.0	Onoortuigende argument .....	325
11.0	Onduidelikhede in die uitspraak .....	326
12.0	Bespiegeling.....	327
13.0	Arbitrêre werkswyse deur die Raad.....	328
14.0	Belaglike motivering: Moord en aanranding is ook onsedelik .....	329
15.0	Publikasie word bloot as voertuig gebruik .....	329
15.1	As 'voertuig vir geweld' .....	329
15.2	As 'voertuig vir seks' .....	330

16.0	Vuil Taal .....	330
16.1	Dit hang van die gebruikswyse af .....	330
16.2	D.H. Lawrence .....	330
16.3	Manipulering van Lawrence se woorde .....	331
16.4	'Vuil taal weerspieël die werklikheid' .....	332
17.0	Onbeholpe Stelwyse .....	332
17.1	Vreemde 'spronge' in die ontwikkeling van argumente.....	333
17.2	Verwarrende verwysings deur die Raad .....	334
17.3	Eienaardige woordgebruik/woordkeuse .....	335
17.4	Slordige formulering in Raadsuitsprake .....	336
18.0	Onverklaarbare uitspraak as gevolg van die oënskynlike nie-tersaaklike gegewens wat saamgevoeg word om die motivering te versterk .....	336
19.0	Onsekerheid ten opsigte van terminologie .....	338
20.0	Kritiese opmerkings ten opsigte van die Komitee van Deskundiges .....	339
20.1	Komitee van Deskundiges: Die Raad weet beter .....	339
20.2	Die Raad raadpleeg die Komitee van Deskundiges ten spyte van sy onkunde nie .....	340
20.3	Die Komitee van Deskundiges is nie noodwendig 'deskundiges' nie.....	341
21.0	Vryheid van Sprak .....	342
22.0	Inkonsekwentheid ten opsigte van maatstawwe.....	344
23.0	Hervoorleggings .....	344
23.1	'Hersiening' van uitsprake .....	344
24.0	Ongemotiveerde en onverduidelike stellings .....	347
24.1	'Tydsverloop bring nuwe perspektief' .....	347
24.2	Wie se oordeel?.....	348
24.3	Die Raad se beslissing ten opsigte van 'onwetenskaplik', maar met besliste navorsingswaarde .....	348
25.0	Manipulering van die uitsprake .....	349

25.1	Niks kan die publikasie 'red' nie .....	349
25.2	Skep nuwe maatstawwe .....	350
25.3	Gebruik maatstawwe sonder vaste patroon.....	351
25.3.1	Argumente vir Conran se roman, <b>Lace</b> .....	352
25.3.2	Argumente teen die radikale feminis, Andrea Dworkin, se werk .....	353
26.0	Die Raad is bevooroordeel ten opsigte van bepaalde publikasies .....	354
26.1	<b>Kinflicks en Original Sins</b> .....	354
26.2	Van Lustbader seëvier .....	356
26.3	Volgens die uitsprake blyk dit dat die 'feministiese inslag' nie vir die Raad aanvaarbaar is nie .....	357
26.4	Oordeelsfoute as gevolg van onkunde .....	358
26.5	Objektiewe toets ontbreek .....	360
26.6	'Vrouelektuur' .....	361
27.0	Oënskylike onvermoë om die publikasie van die skrywer los te maak .....	361
28.0	Twyfelagtige gesagsbronne .....	364
29.0	Die rol wat 'funksionaliteit' speel .....	365
29.1	Funksionele woorde en tonele gewoonlik nie-ongewens.....	365
29.2	Funksionele tonele/woorde is soms ongewens .....	367
29.3	Geweld en funksionaliteit .....	368
29.4	Funksionaliteit en die 'gemiddelde man' .....	369
30.0	Slot .....	370
	Register van Appèlraaduitsprake .....	373
	Register van Hooggeregshofuitsprake.....	385
	Verwysings.....	387

"Readers of modern literature will draw two inferences: that the enthusiasm of the customs authorities is marked if not informed, and that the enthusiasm of the Board is more restrained and somewhat more informed" - Ellison Kahn

"Deur die Equus-bevinding is sensuur in Suid-Afrika vir die soveelste keer ontmasker as 'n bisarre, eksentrieke, wisselvallige bedryf wat op sy beste die stelsel self bespotlik maak en op sy ergste aktief en pertinent skadelik is vir die ontwikkeling van die kulturele lewe in hierdie land" - André P. Brink (1978).

"Publikasiebeheer is 'n wetenskap en nie 'n lukrake spel met veerpyltjies nie" - JCW van Rooyen (1984), Voorsitter van die Appèlraad op Publikasies.

"'n Mens mag vryelik geslagsomgang geniet, maar jy mag dit nie sien nie. Jy mag sien hoe 'n vrou se borste afgesny of iemand wreed vermoor word, maar jy mag dit nie self doen nie. Wat jy mag doen, mag jy nie sien nie. Wat jy mag sien, mag jy nie doen nie. Dis hoe ek sensuur verstaan" - Jannie van Rensburg

"Stel *Playboy* 'n maand lank vryelik in Suid-Afrika beskikbaar en kyk hoeveel verkoop; kyk hoeveel duisend eksemplare ékstra ingevoer moet word. Is dít hoe 'n volk maak as hy 'n ding verwerp?" - P.G. du Plessis.

## HOOFSTUK 1

### OORSIGTELIKE GEBIEDSVERKENNING VAN SENSUUR IN SUID-AFRIKA

*Jy is die heerser, net soos ons, maar jou gebied,  
is gans die skepping: die mens, die ster en riet.  
Jy is die tamariskboom, die spreekus wat daarin sit,  
sowel die sluipmoordenaar as heilige wat staan en bid.*  
(uit: **Periandros van Korinthe** deur D.J. Opperman)

#### 1.0 Inleiding

In 1963 is die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede na 'n lang ondersoek in verband met ongewenste publikasies promulgeer. Dit het aanleiding gegee tot baie frustrasie, beslissings wat gevel en kort daarna herroep is, en volgehoue kritiek wat veral deur die skrywers gelewer is, en het algemene probleme veroorsaak aangesien daar nie werklik duidelikheid bestaan het oor wat ongewens is en wat nie. Dié Wet was die voorloper tot die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974, wat in 1978 na die **Magersfontein**-verhoor gewysig is.

#### 1.1 Sensuur is bykans net so oud soos die mens self

Na die promulgering van die 1963-Wet moes Suid-Afrika, nes Brittanje en die Verenigde State van Amerika, daarvan kennis neem dat 'n boek, wat aan die Publikasieraad voorgelê is, moontlik verbied sou kon word al sou so 'n boek oor hoë literêre meriete of akademiese navorsingswaarde beskik.

Dié Wet word dikwels (verkeerdelik) as die inwerkingtreding van die eerste 'ernstige' sensuur in Suid-Afrika beskou. Dit is natuurlik nie die geval nie. Die uitwerking wat die Wet gehad het, het egter meegebring dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap vir die eerste keer werklik van die werking van sensuur bewus geraak het.

Sensuur is op sigself as verskynsel of as sedelike/religieuse of politieke meganisme egter nie iets nuuts nie. Dit is eeue lank in een of ander vorm toegepas. Die Egiptiese konings het byvoorbeeld opdrag gegee dat die kliptafelgeskrifte van hul voorgangers toegesmeer moes word sodat hul onderdane dit nie kon lees nie. Dit, wat vir die nuwe koning onaanvaarbaar of aanstootlik was of wat hom moontlik tot nadeel sou kon strek, is op dié wyse uit 'die verkeerde hande' gehou.

### 1.1.1 Spore in die Chinese Dinastieë

Sensuur kan teruggespoor word na die Chinese Dinastieë, na die antieke Indiërs, die antieke Israeliete, die antieke Grieke en die Romeinse sensore. Al wat met die verloop van tyd gebeur het, is dat die vorm wat sensuur aangeneem het, verander het of gewysig is sodat dit aan die behoeftes van die regerende klas/groep of bewindvoerders voldoen het. Die sensuur wat byvoorbeeld deur die Romeinse sensore toegepas is, het onder meer van die soort sensuur verskil wat later kenmerkend van die moderne begrip van die term geword het. Dit word duidelik illustreer deur die volgende opmerking wat in die



die *Encyclopaedia Britannica, Macropaedia*, volume 3 op 1084 gemaak word: "*In the year 443 BC the taking of census, i.e. the counting and classifying of the inhabitants of Rome, also included the regulation and control of morals, and any violation of the moral code resulted in a citizen being deprived of his status*" (In Burns 1979:1).

### 1.1.2 Sensuur het verskillende vorms aangeneem

Histories gesproke het sensuur al talle vorms aangeneem. Terwyl die Romeinse sensors gepoog het om te bepaal wie moreel of sedelik vir burgerskap geskik was, het godsdienstige sensors daarop aangedring dat kettery sou voorkom dat die beoefenaar die saligheid sou beërwe. Morele sensors het byvoorbeeld in die laat negentiende asook in die twintigste eeu besluit wat geskik sou wees vir gesinsleesstof en waarna gesinne kon kyk; en regerings het die verspreiding van inligting in die belang van nasionale veiligheid, nasionale waardigheid of die stabiliteit van bepaalde *regimes* beperk. Gronau (1985:93) sê: "*Censorship has always been justified in the name of public good and social order and has always been opposed in the name of freedom of expression and progress*".

Sensuur kom nie net in die sogenaamde Westerse wêreld voor nie, maar ook in die Sosialistiese en Kommunistiese lande. Rusland het sy pre-publikasie sensuurstelsel wat op die Franse stelsel gegrond was, in 1905 afgeskaf en pas sedertdien - en ten spyte van Gorbatsjof se *glasnost*-beleid - baie streng sensuur toe.

'n Mens moet dus aanvaar dat sensuur van die vroegste tye af bestaan het en dat die meeste volkere nes die Suid-Afrikaners geleer het om daarmee saam te leef. Dit is 'n faset van die alledaagse lewe - ongeag daarvan of dit 'n Westerse gemeenskap of 'n Sosialistiese *regime* is. Sensuur is iets wat 'n mens op alle vlakke raak en sonder om te skroom, verskillende standarde vir verskillende ouderdomsgroepe, geslagsgroepe en rassegroepe neerlê.

Terwyl vryheid van spraak en van die pers grootliks in die meeste Westerse lande bestaan, bestaan dit nie in Kommunistiese lande nie. Die Staat aldaar pas op verskillende ekstreme maniere publikasiebeheer toe. Ondra Lysohorsky is byvoorbeeld verbied om in sy moedertaal te skryf. Nadat hy in sy moedertaal geskryf en die manuskrip aan 'n buitelandse uitgewer gestuur het, het afskrifte van sy manuskripte, wat aan hom teruggestuur is, aanhoudend verdwyn. Osers (1972:62) het die volgende hieroor te sê gehad: *"It is surely a grotesque situation when a poet has to be protected by the State's censorship against the subversive effect of his own poems - especially when the State has authorised their publication abroad in order to earn a very small handful of hard currency"*. Nadat Lysohorsky steeds geweier het om in Tsjeggies te skryf, is geen van sy verdere digbundels uitgegee nie aangesien niemand meer in dié eens gewilde digter se werk belanggestel het nie - aldus die Staat.

### 1.1.3 Die klem verskil van eeu tot eeu

As sensuur histories en terugskouend beskou word, blyk dit dat sensuur of die onderdrukking van denke 'n antieke fenomeen is en dat dieselfde kenmerke in elke era aangedui kan word. Terwyl een eeu op kettery mag konsentreer, konsentreer 'n ander waarskynlik op 'n politieke ortodoksheid en die volgende op obseniteit en moraliteit.

Deesdae hoor 'n mens omtrent niks oor of van kettery nie. Die sensuur wat tans in die wêreld toegepas word, het egter nog steeds betrekking op godslaster, obseniteit en 'onortodokse' politieke menings wat moontlik 'staatsgevaarlik' mag wees. Die mate waarin die buitewêreld hom nog op sensuur ten opsigte van *godslaster* beroep, het die afgelope veertig jaar byvoorbeeld uit die Westerse reaksie op Nikos Kazantzakis se roman

wat as **The last temptation of Christ** verfilm is - en die onlangs reaksie uit Amerika en Brittanje en in Suid-Afrika op Martin Scorsese se rolprent met dieselfde titel - geblyk. Salman Rushdie se roman, **The Satanic Verses**, het 'n soortgelyke reaksie onder Moslems uitgelok sodat die roman byna onmiddellik in Indië en Pakistan verbied is. Dit is ook in Suid-Afrika verbied - voordat die boek nog die land kon binnekom.

#### 1.1.4 Die drukpers bring 'n omwenteling mee

Sensuurtegnieke het met letters se hergeboorte, godsdiens se hervorming en die ontwikkeling van die drukpers verander. Pous Innocent die Agtste het in die vyftiende eeu 'n edik uitgevaardig dat alle boeke wat oor teologie handel, voorgelê moes word voordat toestemming verleen sou word dat dit algemeen gelees kon word. Dit het daarop neergekom dat 'n vorm van pre-sensuur toegepas is. In 1559 het Pous Paulus die Vierde 'n *Indeks van Verbode Boeke* opgestel wat deur 10 algemene reëls vir die beheer van literatuur voorafgegaan is. Talle van die reëls het op kettters se geskryfte betrekking gehad. Volgens Burns (1979:2) was: "*(o)ne of the more important rules ... the seventh one, which dealt with lascivious or obscene matter or subjects which corrupt morals. The Protestants viewed this method of control as one of oppression of the truth and faith. In the sixteenth century the emphasis was on heresy and subversion, but in the nineteenth century this emphasis shifted to morality and science.*"

Dit is deesdae nie meer gebruiklik om skrywers (of hulle boeke) op die brandstapel te verbrand soos wat dit byvoorbeeld met Michael Servitus en William Tindale se boeke in Brittanje die geval was nie, maar skrywers mag nog in totalitêre *regimes* tot gevangesetting gevonniss word, of gedwing word om hul lande as bannelinge te verlaat. Dit kan ook in demokratiese lande gebeur dat sulke skrywers van hul inkomste ontnem word.

Die Noodmaatreëls wat na die Noodtoestand in 1986 in die Republiek van Suid-Afrika afgekondig is en die gevolglike perssensuur wat sedertdien streng in Suid-Afrika afgedwing word, is algemeen bekend. Nòg die omvang, nòg die implikasies daarvan word in die studie aangeraak. Die Regulasies se 'krag' blyk egter uit die Minister van Binnelandse Sake, Minister Stoffel Botha, se reaksie (op 7 Desember 1987) op die swart koerant, *The New Nation*. Die *The Natal Mercury* van 15 Januarie 1988 het soos volg daaroor berig: *"On December 7, Mr Stoffel Botha said he was considering further action which could mean a three-month banning of the publication or the appointment of a Government censor to read copy in the paper's offices."*

*"Four issues of New Nation have been banned, but the banning of three issues were overturned on appeal and an appeal for the fourth is underway". 'n Dringende aansoek is teen die Minister in die hof gebring. Die koerant het om 'n interdik teen die Minister gesmeek ten einde te voorkom dat die koerant se publikasie kragtens die Noodmaatreëls opgeskort word. Die *The New Nation* se redaksie het sy lesers beloof dat die koerant nie sy standarde sou verlaag nie - "in spite of concerted efforts by various Government officials to phase us out". Die onverbode en onafhanklike Engelse weekblad, *The Weekly Mail*, is ook aan die begin van November 1988 kragtens die Noodmaatreëls verbied.*

## 2.0 Sensuur

### 2.1 Wat is sensuur?

*Sensuur* word in die HAT (1979:955) omskryf as *"Keuring van boeke, films, toneelstukke, ens. met die oog op die beskerming van die sedes en op landsveiligheid"*. Volgens Funk and Wagnalls se *Standard Dictionary of the English Language* (1974:215) is sensuur iets wat deur 'n sensor toegepas word en is 'n sensor *"An official examiner of manuscripts and*

*plays empowered to prohibit their publication or performance if offensive to the government or subversive of good morals".* Hy is ook iemand wat sensuur tydens die oorlog beoefen, enigiemand wat sensureer, 'n kritikus; òf in sy vierde betekenis verwys die woord na die twee magistrate in antieke Rome wat onder meer moes toesig hou oor "*public manners and morals*". Volgens **The New Webster Encyclopedic Dictionary of the English Language** (1972:132) is die woord *sensor* afkomstig uit die Latynse woord *ensor* en beteken dit onder meer iemand "*empowered to examine all manuscripts, pamphlets, newspapers, and books before they are published, and to see that they contain nothing obnoxious*".

## 2.2 'n Breë opvatting

Sensuur bestryk as begrip 'n veel breër terrein as wat in die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974, aangedui word. Alhoewel dié studie slegs op die uitleg en toepassing van die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974 betrekking het, is dit noodsaaklik om daarop te wys dat *sensuur* 'n genuanseerde begrip met verskeie toepassings- of aanwendingsmoontlikhede is, en dat dit op verskillende maniere toegepas kan word. Die wyse waarop dit toegepas word, wissel van uiters subtiel tot uiters direk - kru selfs, soos uit die bespreking in die **Inleiding** tot die studie blyk.

## 2.3 'n Internasionale opvatting

Moss (1968:47-48) betoog dat sensuur aan die een kant 'n vorm van gedagte- en emosiebeheer is - soos die soort wat in Orwell se **Brave New World** (1984) ontbloot word - terwyl dit aan die ander kant as synde noodsaaklik beskou kan word indien mense, veral die jeug, teen die "*poisonous influence of vile and evil books*" beskerm moet word. Laasgenoemde standpunt is reeds deur Plato in **The Republic** uitgespreek. Moss wys ook daarop dat sensuur oorwëgend in die meeste Westerse lande verval het

aangesien die hof die mening toegedaan is dat amptelike sensuur meer skade doen as die publikasies wat deur die sensuur verbied sou word. *"In other words, the Court feels that freedom of speech and the press, however abused and whatever the risks, is preferable to abridgment of that freedom."*

#### 2.4 Die twee kante van die saak

Daar is twee maniere waarop na sensuur gekyk kan word. Daar kan òf aangevoer word dat die Staat publikasies en vermaaklikhede moet beheer, òf dat die Staat dit nie moet beheer nie. Indien die standpunt dat die Staat publikasiebeheer moet uitoefen, onderskryf word, registreer so 'n opvatting 'n algemene feit oor iets wat normaalweg onder daardie omstandighede as wyse besluitneming rakende aangeleenthede van openbare beleid beskou kan word. So 'n 'wyse besluit' kombineer uit die aard van die saak politieke en etiese beginsels aan die een kant met feitelike inligting aan die ander kant. Indien van die standpunt af uitgegaan word dat sensuur nie geregverdig of verdedigbaar is nie, word die rede daarvoor normaalweg in die beperking van die individu se vryheid van spraak en beweging, 'n beperking van sy regte en liberaliteit, gevind.

#### 2.5 Die beskermingselement

Dhavan (1978:56) wys daarop dat die sogenaamde beskermingselement van die allergrootste belang is wanneer dit by die toepassing van enige 'sensuurwet' kom. Die argumente wat in dié verband aangebied word, is dat sekere standaarde gehandhaaf word en dat 'n styging in geslagsmisdade voorkom moet word. Sulke argumente aanvaar dat die individu iets meers as sy eie diskresie nodig het om homself te beskerm. 'n Verdere aspek van die beskermingsargument het op kinders (en vroue) betrekking. Dit is egter nie net kinders wat beskerm moet word nie, maar ook die 'literêre standaard', want

as die individu se smaak deur middel van obseniteit degradeer word, volg dit - volgens dié argument - dat die literêre standarde ook sal daal. 'n Meer liberale benadering tot die beskermingsargument sou wees dat die individu teen die sogenaamde '*porn pushers*' en die nie-diskriminerende gebruik van reklame beskerm moet word eerder as wat hy teen die stof self beskerm moet word.

## 2.6 Beperking op die individu se vryheid

Matthews (1971:76) stel die beperking op die individu se vryheid soos volg: "*It strikes at the heart of liberty - the freedom of the individual person. As Ernest Barker has said, 'he (the individual) is really the root of the matter and the ultimate home and residence of every form of liberty'*".

## 2.7 Wat beteken 'sensuur' in Suid-Afrika?

Van der Vyver (1977:94) sê dat die term *sensuur* se normale betekenis op die regsbeperkings dui wat deur die Staatsowerheid toegepas word ten einde die betrokke partye se reg om te publiseer en die publikasie se inhoud in gedrukte vorm, oor die radio en op televisie te versprei, te beperk. Die betekenis van sensuur is in Suid-Afrika in hierdie stadium egter ook uitgebrei om regeringsbeperkings met betrekking tot die opvoer van openbare vermaaklikhede of die uitvoerende kunste aan te bied - veral daardie uitvoerende kunste wat vir die teater en die filmbedryf voorsien is.

### 2.7.1 Sensuur in die breë sin van die woord

In sy breë betekenis verwys sensuur na alle beperkings wat deur die Staat op publikasies, openbare vermaak en ontspanning gehef word. In 'n enger sin van die woord kan gesê

word dat sensuur slegs uitgewers, uitsaaiers, openbare vermaaklikheidskunstenaars en diegene wat ontspanningsgeleenthede organiseer, sou noodsaak om vooraf die regering se toestemming vir dit wat hul ook al wil publiseer, uitsaai, opvoer of by wyse van ander ontspanningsfasiliteite wil aanbied, te moet bekom.

### 2.7.2 Sensuur in die eng sin van die woord

In die eng sin weerspieël sensuur die bevoegdheid van die regering se uitvoerende tak om publikasies, uitsendings en beeldsendings, openbare vermaaklikheid en ontspanningsgeleenthede te verbied of te beperk. Van der Vyver (1977:94) wys ook daarop dat mense in party regstelsels slegs oor daardie regte en bevoegdhede beskik wat regtens aan hul verleen word. In ander regstelsels word aangeneem dat die persoon se regte en bevoegdhede uitgebrei word om alle gedraginge en handelingte wat nie deur die reg verbied of beperk word nie, in te sluit. Hy sê dat die Suid-Afrikaanse reg vir "(r)esidual freedoms in the latter sense, 'everything being permitted which is not expressly forbidden'" voorsiening maak.

In die breë sin van die woord kan sensuur dus gesien word as 'n regering se aanbandelegging van 'n subjek se reg en vryheid om op die gebied van publikasies, uitsendings, openbare vermaak, en ontspanning aan aktiwiteite deel te neem.

### 3.0 Sensuur se omvang

Volgens Van der Vyver (1977:94) bestryk die omvang van sensuur in Suid-Afrika die volgende: *"It is proposed to deal with legal restrictions and the freedom of the press and the right to publish generally, as well as on broadcasting rights and the right to produce performing arts and to organize public recreation. The statement of the law will therefore not*



*be restricted to censorship in the narrow sense. Greater emphasis will be laid upon legal restrictions imposed upon the freedom of the press and the right to publish other printed matter, since the concept of censorship has traditionally been associated more notably with the impact of legal prohibitions on the press and the competency to publish in other printed form."*

#### 4.0 Sensuur se doel

##### 4.1 Positiewe beginsels van sensuur

Daar is drie klasse beginsels waarop die eksponente van sensuur hul argumente grond. Die eerste en die eenvoudigste is die morele regverdiging wat bevestig dat pornografie of die oorgawe daaraan verkeerd is, en dat dit die reg se taak is om pornografie of onwettige materiaal as 'n sedebederwende element te vervol. Tweedens is daar 'n versigtigheidsbeginsel wat daarop aanspraak maak dat pornografie op die een of ander wyse sosiaal gesproke nadelig is, en ten slotte is daar 'n argument wat daarop aandring dat selfs indien pornografie nòg immoreel nòg nadelig was, dit ten minste aanstootlik is en dat die publiek oor die reg beskik om hom teen sodanige belediging, misbruik en las te beskerm.

##### 4.2 Sensuur het 'n 'slegte naam'

Grey (1982:47) sê dat sensuur 'n slegte naam het en dat dit met totalitêre *regimes* en die beperking van individuele vryheid in verband gebring kan word. "*It is curious how even its enthusiastic advocates seek more ... euphemisms (e.g. 'quality control') with which to commend it*".

### 4.3 Doel van publikasiebeheer in Suid-Afrika

Van Rooyen (1984:1) sê dat die doel van publikasiebeheer in Suid-Afrika daarop neerkom *"om die onbetaamlike of onweloweglike, die aanstootlike en skadelike vir die sedes, die Godslasterlike, die aanstootlike vir die godsdientige oortuigings van 'n bevolkingsdeel, dit wat 'n bevolkingsdeel belaglik of veragtelik maak, dit wat vir verhoudings tussen bevolkingsdele skadelik is en dit wat die veiligheid, welsyn en orde van die Staat skaad uit publikasies, voorwerpe, rolprente en openbare vermaaklikhede te weer. Op dié wyse word belange soos die waardigheid en privaatheid van die redelike individu teen walglike of blatant skaamtelose inbreuke daarop, die geloofsvryheid en -vrede van bevolkingsdele teen pynigende inbreuke daarop en die welsyn, veiligheid en vrede van die Staat teen ondermynende aanslae beskerm."*

### 4.4 Instandhouding van sensuur in Suid-Afrika

Dugard (1980:67) wys daarop dat sensuur in Suid-Afrika deur twee statute in stand gehou word, naamlik die Wet op Binnelandse Veiligheid 44 van 1950 en die Wet op Publikasies 42 van 1974. *"Together these statutes aim to ensure that the South African reading public is deprived not only of 'lust-evoking' magazines, but also of serious literary works which transgress the strict moral code of the Calvinist establishment or which question, radically, the institutions and practises of an apartheid based society. Together they attempt to preserve political orthodoxy and moral conformism by isolating the public from radical political thought and the contemporary literary trends".*

### 5.0 Vroeë sensuur in Suid-Afrika

#### 5.1 Navolging van die Britse model

Daar is sedert 1892 'n poging aangewend om binnelandse publikasies in Suid-Afrika te beheer. Beheer is in die Kaapkolonie uitgeoefen deur middel van die Obscene Publications Act No 31 van 1892. Dié Wet het swaar op die Britse Wet geleun en was die eerste Wet in Suid-Afrika waardeur beheer op publikasies uitgeoefen is. Die Oranje-Vrystaat het nie op hom laat wag nie en in 1902 bepaal die Police Offences Ordinance dat dit 'n misdryf is om enige profane, onweloweglike of obsene boek, koerant of ander publikasie of afdruk, prent of ander voorstelling te verkoop, te versprei of uit te stal. In 1909 volg die Transvaal met sy Wysigingswet op Strafwet waarin dit bepaal word dat dit 'n misdryf is om enige onweloweglike of obsene materiaal te skryf of om dit op enige wyse oor te dra.

In 1917 is 'n sensuurraad wat al die rolprente voor vrystelling gekeur het, kragtens die Kinematograaf Rolprentordonnansie Nr 21 van 1917 in die Kaapprovinsie aangestel. Die Ordonnansie het die norme vir sensuur neergelê, en dié norme is by die Wet met die volgende (lang) titel ingesluit: Tot reëling en kontrole van die publieke vertoning en adverteer van rolprente en ander prente en van die uitvoering van publieke vermaaklikhede Nr 28 van 1931. Volgens Switzer (1986:116) was die (rolprent-)sensuur wat in die Kaapprovinsie toegepas is, strenger as dié wat in die Transvaal toegepas is "*because the Cape censored for both white and coloured audiences while the Transvaal censored only for whites.*" Natal en die Vrystaat wat nie oor sensuurordonnansies ten opsigte van rolprente beskik het nie, het die Kaapse beslissings gevolg.

Bogenoemde Wet Nr 28 van 1931 het ook voorsiening gemaak vir die sensuurraad wat na 1934 oor die (on)gewenstheid van ingevoerde publikasies besluit het.

## 5.2 Die Sensuurwet van 1931

Die Sensuurwet het in 1931 al die provinsies onder dieselfde Wet geplaas en die riglyne vir die toekoms en die grondslag vir die 1963-Wet neergelê. Alhoewel die naam van die twee sensuurwette nie so 'dreigend' geklink het soos dié van die Vrystaat en die Transvaal in die vroeër jare nie, het die twee wette tog nie losgekome van die skadu wat die oorspronklike name gewerp het nie, want in 1978 het prof. J.C.W. (Kobus) van Rooyen (1978:13) in verband met die *Magersfontein*-verhoor gesê: "*Dit is 'n geregtelike ondersoek en nie 'n letterkundige ondersoek nie.*"

Die eerste ernstige woelinge in verband met sensuur in Suid-Afrika dateer uit 1947. Die instroom van publikasies is tot op daardie tydstip deur 'n Doeane wet van 1913, wat slegs op ingevoerde materiaal geslaan het, beheer. Plaaslike boeke is nie daardeur getref nie. Die beheer oor ongewenste publikasies was provinsiaal tot en met die instelling van die Sensuurwet in 1931. Die Sensuurwet het 'n eenvormige reëling in verband met die plasing van sensuur meegebring. Op 21 Augustus 1939 is die eerste lys publikasies wat ongewens bevind is in die Staatskoerant publiseer.

Die inhoud van sekere Suid-Afrikaanse tydskrifte het problematies begin word. In *Die Burger* van 26 Julie 1947 is berig dat 'n afvaardiging die Minister van Buitelandse Sake gaan spreek het oor die moontlikheid dat boeke en tydskrifte wat in Suid-Afrika uitgegee word ook aan 'n sensorraad onderwerp kan word. Kannemeyer (1983:231) stel dit so: "*Voor die eerste wetgewing van 1963 deur die Volksraad is beheer oor publikasies in Suid-Afrika toegepas op grond van verskeie koloniale of provinsiale wette, bepalinge in verband met doeanebeheer en die Sensuurwet van 1931. Reeds in 1947 kom die beheer oor binnelandse publikasies ter sprake, terwyl die aangeleentheid andermaal onder die soeklig kom as die Transvaalse Hooggeregshof in 1953 uitspraak moet lewer in verband met die kopieregskending van 'n 'obsene' artikel.*"

## 6.0 Hoeveel skade doen publikasies in boekvorm?

Downs (1968:52) verwys na die navorsing wat deur twee navorsingskriminoloë, Eleanor en Sheldon Glueck, gedoen is. Die twee het 1 000 jeugmisdadige seuns wat in die Boston-gebied woonagtig was, bestudeer. Hulle het gevind dat die beduidendste faktore wat 'n bydrae tot jeugmisdadig gelewer het, aan kultuurkonflik, 'n ongesonde gesinsomgewing, gebrekkige opvoedkundige omgewings, die sosiale ongewenste gebruikmaking van vrye tyd deur byvoorbeeld te dobbel, drink, dwelms te gebruik of hul aan seksuele wangedrag skuldig te maak en sielkundige gebreke toegeskryf kon word. Daar was geen bewys daarvan dat erotiese of ander soorte leesstof bydraende faktore of elemente tot jeugmisdadig was nie. George W. Smyth, 'n bekende regter van 'n kindertehuis in New York, het 878 faktore isoleer wat as bydraende faktore tot jeugmisdadig beskou is. Lees was nie op die lys nie, maar 'n leesprobleem was wel. Die feit is deur ander navorsers op die gebied van anti-sosiale jeuggedrag bevestig. Die navorsers het bevind dat jeugmisdadig nie die gevolg is van wat die jeugdige lees nie, maar dat dit eerder die gevolg is daarvan dat hulle glad nie kan lees nie. *"It is the consensus, in short, that the ... children read much less than do the law-abiding"*.

## 7.0 Stand van sensuur in die Vyftigerjare

In Maart 1955 het Durbanse Stadsraad se Parke- en Geriewekomitee versoek dat ondersoek ingestel moet word na die aantal boeke wat vernietig is en watter koste aan die verbod op soveel publikasies verbonde was. Die Durbanse Stadsbibliotekaris het verslag gedoen dat 'n totaal van 445 boeke gedurende die afgelope 18 maande verbrand is. Die Stadsbibliotekaris, mnr. C.J. Eyre, het gesê dat hy geen ander alternatief gehad het nie - hy moes die boeke in opdrag van die betrokke minister verbrand. Switzer (1986:413) wys

egter daarop dat dieselfde situasie in Johannesburg bestaan het. Die Johannesburgse Stadsbibliotekaris, mnr. R.F. Kennedy, het gesê dat al die boeke wat op die verbode lys was, na hom toe gebring is sodat hy dit persoonlik kon vernietig. Uit die Kaap is berig dat nie net honderde biblioteekboeke nie, maar ook boeke wat in winkels te koop aangebied is, vernietig moes word. Switzer (1986:414) haal die kommentaar aan wat in *The Cape Times* van 7 Oktober 1955 uitgespreek is ten einde te illustreer hoe belaglik die verbrandingsbevel was: "... *Librarians paid from public funds and in charge of public libraries are, almost by definition, not persons who traffic in cheap and obvious pornography. Yet they are compelled to burn many of their own choices. Who, therefore, is wrong? The professionals who are not traffickers in pornography or the Minister's nominees?*"

In November 1954 is die Cronje-kommissie deur die Minister van Binnelandse Sake, dr. E. Donges, aangestel om ondersoek na ongewenste literatuur in te stel. Volgens Kanne Meyer (1983:231) was die Kommissie se opdrag om "*die euwel van onweloweglike, aanstootlike of skadelike leesstof*" te ondersoek. Die ondersoekkommissie se verslag is op 30 Oktober 1956 vrygestel en het aanbeveel dat 'n publikasieraad onder voorsitterskap van 'n regter aangestel moet word ten einde beide binnelandse en buitelandse publikasies in Suid- en Suidwes-Afrika te beheer. Die verslag het skerp kritiek ontlok, en toe die Wetsontwerp op Publikasies en Vermaaklikhede in April 1960 voorgelê is, het die Minister van Binnelandse Sake, mnr J. de Klerk, gesê dat die Staat van die Cronjekommissie se voorgestelde konsepontwerp afgewyk het aangesien die drastiese bepalinge nóg vir die Staat nóg vir die gemeenskap aanvaarbaar was. Die wetsontwerp het egter en ten spyte daarvan dat dit minder drasties as die Cronjekommissie se voorgestelde konsepontwerp was, skerp kritiek ontlok.

Kennis is in 1961 van die Wetsontwerp op Ongewenste Publikasies gegee, maar ook dié wetsontwerp is na hewige teenkanting laat vaar, en die Wetsontwerp op Publikasies en

Vermaaklikhede is op 26 April 1962 publiseer. Dr. W.G. McConkey het die Wetsontwerp in die *Natal Witness* van 10 Mei 1962 ontleed en daarop gewys dat Afrikaanse intellektuele die vrees uitgespreek het dat die wetsontwerp Afrikaanse letterkunde sou doodsmoor.

## 8.0 Die 1963-Wet: Die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, no 26 van 1963

### 8.1 Verskillende reaksies op die wetsontwerp

Die wetsontwerp het in al sy verskillende stadia uiteenlopende reaksie onder veral skrywers aan die een kant en politici aan die ander, ontlok. Die debatte wat in die parlement gevoer is, is hoofsaaklik aan 'n emosionele inhoud en 'n poging om veral die destydse Afrikaanse letterkunde verdag te maak, gekenmerk. Die meeste skrywers het ernstige waarskuwings gerig en daarop gewys dat die voorgename wet 'n nadelige uitwerking op die letterkunde sal hê. Die meer emosionele politici het blykbaar beoog om die 'moderne' letterkunde deur middel van die voorgename wet na 'n patrioties-nasionale letterkunde terug te dwing.

### 8.2 Die wetsontwerp ontlok skerp kritiek deur skrywers

Na die aanvanklike debat in die parlement in verband met die voorgename 1963-Wet, het Opperman (1977:81) hom heel sterk uitgelaat toe hy, in reaksie op senator Boshoff se argumente, die volgende te sê gehad het: "*Hierdie agterlike literatuurbeskouing lê ten grondslag van dié hele wetsontwerp: die afbakening van onderwerpe en die wyse van behandeling, buite-literêre kriteria, die verbreking van die kunswerk se eenheid, en derglike meer. Daar is 'n literêr ongesonde toestand van pre-publikasie-sensuurraad en sy magte.*"

*Verder (is daar) die groot magte van willekeur in nie-literêre hande, die finansiële risiko van appèl, ensovoorts."* Opperman het gewaarsku dat die skrywers hul nie die swye sal laat oplê nie, want die taak van die skrywer is die taak waarin die mens in al sy fasette uitgebeeld moet word. Die skrywers is die gewete van die volk en hul maatstaf is menslikheid. Indien werk verbied word en die skrywer as gevolg daarvan gestraf word, moet daar liever tronkstraf as 'n boete gegee word, want *"boer se kind sal die boete saam met die hofonkoste nie kan betaal nie; hy sal ook eerder, soos sy voorvaders, oor 'n gewetensaak tronk toe wil gaan ... en dáár 'n nog koppiger kunswerk skryf!"* (1977:81).

Op 21 Januarie 1963 is 'n gewysigde vorm van bogenoemde Wetsontwerp in sy finale vorm aan die Parlement voorgelê. Afrikaanse skrywers, literatore en kritici van sensuur (André P. Brink, Rob Antonissen, F.A. Venter, Etienne Leroux, Jan Rabie, Bartho Smit en regter J.F. Marais) met wie onderhoude op 27 Januarie 1963 in *Dagbreek en Sondag-nuus* gevoer is, het met die uitsondering van Marais te kenne gegee dat sensuur 'n nadelige uitwerking op veral die Afrikaanse letterkunde sal hê. Die Engelse dagblad, *The Star*, het op 7 Februarie 1963 soortgelyke onderhoude met onder meer Nadine Gordimer, Alan Paton, Sarah Gertrude Millin, Moses Kottler en Walter Battiss gevoer. Die Engelse groep het hulle sterk teen die voorgename wet uitgespreek. Eben Eybers het hom 4 Februarie 1963 in die *The Rand Daily Mail* en Adam Small in die *The Cape Times* van 3 Maart 1963 teen sensuur uitgespreek en Small het gewaarsku dat veral die Afrikaanse letterkunde nadelig getref sou word. Ander skrywers soos Uys Krige en W.A. de Klerk (in die *The Cape Argus* van 20 Februarie 1963), en Jan Rabie, André P. Brink en Freda Linde (in onder meer *The Star* van 23 Maart 1963) het briewe geskryf waarin hulle die voorgename wet en stelsel verdoem het.

### 8.3 Politici sê 'n emosionele stryd teen die letterkunde aan



Tydens die ter tafellegging van die 1963-wetsontwerp het die letterkunde in die parlement onder nie-letterkundiges aan die bod gekom. Die parlementariërs het op losse en dikwels emosionele wyse met die begrip *letterkunde* omgegaan. Daar is nêrens 'n duidelike skeidslyn tussen ligte leesstof, ontspanningsleesstof en letterkunde getrek nie, want 'n publikasie was 'n publikasie en dit is waarom dit gegaan het.

Dit was reeds tydens die ter tafellegging duidelik dat daar twee uitgangspunte was - dié ten gunste van publikasiebeheer en dié daarteen. Senator J.J. Boshoff (soos aangehaal deur D.J. Opperman in 1977:80), wat ten gunste van sensuur was, het in die parlement gesê dat diegene wat teen die Wetsontwerp op Publikasies en Vermaaklikhede beswaar maak, mense '*met 'n skuldige gewete*' is. Mnr. Blaar Coetzee het vermoed dat die letterkunde baie swaar deur so 'n wet getref sou word. Geldenhuijs (1977:28) haal hom soos volg aan: "*Ek wil die Minister waarsku dat as hy sy ore gaan leen aan hierdie kampanje, sal hy die Afrikaanse letterkunde in hierdie land geweldige skade aandoen*". Hierteenoor was die Cronje-kommissie se verslag en die aanbevelings wat in dié verslag bevat is, presies die teenoorgestelde. Volgens dié verslag is die vraag in verband met 'ongewenstheid' van 'ernstige' en 'sorgwekkende' aard en is dit onomwonde gestel dat *doelbewuste en doeltreffende optrede nie langer uitgestel kan word nie*.

Daar was egter 'n aspek van die letterkunde wat wel deeglik aandag ontvang het. Senator Boshoff (soos aangehaal deur Opperman in 1977:81) is op rekord dat hy tydens die bespreking van die wetsontwerp gesê het dat daar 'n tydstip was "*toe Afrikaanse skrywers 'n groot bydrae gelewer het tot die land se letterkunde*" en dat die letterkunde van die sestigerjare Afrikaanse leesstof is wat "*heeltemal vreemd is vir 'n volk wat gewoon is aan oop ruimtes en nie smerige agterstraatjies nie*" - en dat sulke letterkunde verbied moet word.

#### 8.4 Die 'ouer' skrywers word as prysenswaardige voorbeeld voorgehou

Mense soos senator Boshoff, wat inspraak in die wetsontwerp gehad het, het geglo dat die ouer skrywers soos byvoorbeeld Eugène Marais, C. Louis Leipoldt, Jan F.E. Celliers, Totius, S.J. du Toit, D.F. Malherbe, C.J. Langenhoven en andere se werk in diens van die volk gestaan het omdat hulle oor dinge, wat die volk direk geraak het en waarin die volk belang gehad het, geskryf het. Die romans van C.M. van den Heever is dikwels as voorbeeld van goeie Afrikaanse letterkunde genoem en is gebruik om die sedebederwende letterkunde van die Sestigters en Sewentigers aan die kaak te stel.

##### 8.4.1 Tradisionele temas is verheerlik

Daar is teruggekyk na 'n verlede waartydens die volk deur die verskillende vryheidsoorloë, die droogtes, die sprinkaanpes en die dood geworstel het en dit is as volkstradisionele, goeie, volksgetroue en waaragtige letterkunde beskou. Dit is natuurlik waar dat dié letterkunde die gees van 'n sekere tydperk weerspieël, maar die ondersteuners daarvan (wat geglo het dat dit enigste volksheilgende letterkunde was en dat die huidige letterkunde 'volksvreemde letterkunde' is), het twee belangrike feite uit die oog verloor. Hulle het nie daarvan kennis geneem dat die letterkunde, waarteen hul so gekant was, 'n ander wêreld en 'n ander tydsfase weerspieël het en gevolglik inhoudelik en stilisties hemelsbreed van die vroeër letterkunde sou verskil het nie. Tweedens is die vroeë skrywers - wat nou as volkshelde bestempel is - ook nie altyd met oop arms ontvang nie aangesien hulle opvattinge destyds nie heeltemal aanvaarbaar was nie.

##### 8.4.2 Die Afrikaner en sy nasionale bestaansreg

Die Afrikaner wou van die begin af vir hom 'n nasionale bestaansreg skep en dus is daar teen 1875 (die stigtingsjaar van die Genootskap van Regte Afrikaners) met die doelbewuste skep van 'n eie letterkunde, en daardeur 'n nasionale bestaansreg, begin.

Aanvanklik het **Di Patriot** Afrikaners aangemoedig om sommer net te skryf, maar later het **Ons Klyntji**, **Di Patriot** se opvolger, sy lesers aangespoor om *goed* te skryf - **Ons Klyntji** "*moet tiintalle leer om goed te skrywe. Daarom sal op taal en styl net so goed gelet word as op di inhoud. Alles suiwer Afrikaans: form en inhoud*". Dit blyk hieruit dat die letterkunde as gevolg van 'n georganiseerde proses om politieke redes onder die dekmantel geskep is dat dit die Afrikaanse kultuur moes dien.

#### 8.4.3 'n Predikant 'lieg' vir die lesers

Die vroegste fiksie is nie besonder goed deur diegene wat die Bybel as hoofleesbron gebruik het, ontvang nie. Ds. S.J. du Toit se roman, **Di Koningin fan Skeba**, is met groot wantroue bejeën omdat dit "*alles leuens*" sou wees. Die lesers was baie ontsteld en deurmekaar omdat 'n predikant, wat die Bybel tog goed ken, sulke "leuens" kon skryf. Die feit dat hy nie net suiwer "leuens" geskryf het nie, maar ook 'n klompie Bybelfeite bygelas het, het hulle baie omgekrap. Die lesers het hulle tot **Ons Klyntji** gewend en wou weet wat waarheid en wat verdigsel was, en of 'n Christen die reg het om sulke "leuens" te vertel. Van Rensburg (1971:70) stel die lesers se verwarring soos volg: "*n Mens kan jou voorstel hoe vreemd die Bybelvaste lesers opgekyk het by sekere dinge in hierdie boek wat hulle tevergeefs in hul Bybel probeer terugvind het.*" Van der Walt (1969: 26 - 27) stel die lesers se verwarring en ontsteltenis veel sterker wanneer hy sê: "*... en daar is soveel raakpunte met die Bybel dat ds. Du Toit se destydse lesers ongetwyfeld sterk onder die indruk van die 'waarheid' van die verhaal moes gekom het. Ons weet natuurlik hoe*

verontwaardig en geskok baie van sy destydse lesers was toe hulle uitvind dat hierdie historiese roman nie feitelik waar is nie ('... dat 'n predikant só kan lieg!'). Hulle was nog net nie literêr so opgevoed om tussen verdigting en doelbewuste leuen te onderskei nie, en in **Ons Klyntji** moes ds. Du Toit herhaaldelik hierdie verskil tussen kunswaarheid en feitelike waarheid verduidelik." Opperman (1975:143) wys op die reaksie wat die lesers se 'begrip' van fiksie tot gevolg gehad het: "Nou kom daar nogal een van ons dominees, naamlik ds. S.J. du Toit, 'n man van God, 'n kenner van die Bybel en iemand wat van al die dinge behoort te weet, en hy skryf nie net 'n klomp leuens wat hy 'n roman noem nie, maar hy las by die Bybelfeite by, gee allerlei buitenissige vertellings en verklarings. In die kolomme van **Ons Klyntji** sien ons hoe die lesers helderheid wil hê oor wat hier aangaan: *Wat is waarheid en wat is verdigting?*" Wiehahn (1965:19) wys daarop dat Du Toit se roman dié kritiek ten spyte van sy versigtige voorsorg ontlok het en dat die lesers "gemeen het dat hy hierin volkome met sy kriteria van werklikheid en waarheid gebreek het."

Alhoewel die Afrikaanse letterkunde en lesers tydens die afgelope paar dekades meer gesofistikeerd geraak het, is die vraag of 'n skrywer die reg het om te skryf wat hy wil, of hy krities ingestel mag wees teenoor die bestel, en of hy oor sy eie ervaringe en/of die wyse waarop hy die werklikheid waarneem, mag skryf, nog dikwels in die laat sewentigerjare gestel. Aucamp (1978:33) het die dilemma soos volg bewoord: "'n Skrale vyftien, twintig jaar gelede sou dit onwaarskynlik geklink het dat 'n skrywer moes pleit om te mag skryf oor dié dinge wat hom as mens die intiemste en die sterkste raak. Maar dit is presies wat vandag gebeur".

#### 8.4.4 Afrikaans ter wille van 'n politieke

doelwit

Die Eerste Taalbeweging is deur die sterk nasionale inslag in die letterkunde asook die feit dat die deelnemers besonder trots op Afrikaans en hul Afrikanerskap was, gekenmerk. Die letterkunde is op politieke wyse gebruik om Afrikaans en Afrikanerskap te vestig. Dit is gebruik om die vyand, Engels en die Engelse, mee te beveg. C.P. Hoogenhout se bekende kreet: "*Engels! Engels! alles Engels! Engels wat jy sien en hoor;/ in ons skole, in ons kerke, word ons moedertaal vermoor*" vat die GRA se motivering vir die bevordering van hul eie taal en kultuur op kernagtige wyse saam.

#### 8.4.5 Afrikaans ter wille van patriotiese en nasionale doelwitte

Die Tweede Taalbeweging het patrioties en nasionaal begin deurdat Leipoldt, Marais, Celliers en Totius dit wat die volk beleef en ervaar het in hul poësie tot uitdrukking laat kom het. Die tydperk is daaraan gekenmerk dat die band tussen digter en volk geheg en intiem was juis omdat daar 'n homogene gees was wat digter en leser saamgebind het. Ernst van Heerden (1977:47) stel dit so: "*Om die aanvaarbaarheid van die Afrikaanse taal te demonstree, die vreemde oorheersers te verdoem, die eiendomlike landskap te verheerlik, die volksetos te vermitiseer en op 'n hiërargiese rol vir die Afrikaner in Suid-Afrika af te stuur - dit was onder meer die bindende faktore tussen skrywer en volk.*"

#### 8.5 Die verhouding tussen die volk en die skrywer 'versuur'

Ten spyte van hierdie sterk band tussen skrywer en volk is daar van die begin af reeds vrae oor *volkswees*, oor die *voortbestaan van die volk* gevra. Die skrywers het dus aan die een kant uiting gegee aan die beroeringe wat in die gemoed van die meerderheid omgegaan het, maar terselfdertyd is die beroeringe, wat aan die ander kant in die gemoed

van die minderheid omgegaan het, ook aangeteken - vergelyk hier onder andere Leipoldt se *Vrede-aand* waarin van die ondergang en uitwissing van die Afrikaner gepraat word:

*Ons nasie, wat so wild was, is nou mak  
En kan getrein word soos 'n jong bob'jaan  
Wat, as hy steeks is, jy weer goed kan slaan.  
Hoerê! Hoerê! Skreeu saam met my:  
Dis vrede nou; die oorlog is verby!*

#### 8.5.1 Die skrywer se werk weerspieël

##### sy 'werklikheid'

Aan die een kant was daar dus lofsange vir en oor die volk en aan die ander kant het Leipoldt met sy skrypende oorlogsliriek, Toon van den Heever en later ook Celliers oor dinge begin skryf waarmee die volk hom nie ligtelik kon versoen nie. Vergelyk byvoorbeeld die verkenning van evolusie, panteïsme, reïnkarnasie, en dies meer. Leipoldt is selfs daarvan beskuldig dat hy *onnasionaal* geskryf het.

Opperman wys in sy opstel, *Kuns is Boos!* (1975:153), op 'n ander aspek van die vroeë kunstenaarskap wanneer hy sê: "*Dit is 'n letterkunde in diens van 'n volk wat stry om nasionale erkenning en regte. Hierdie Afrikaanse kunstenaars is so bewus van die bose dat hulle nie die volle kunstenaarskap durf aanvaar het nie, want dit sou dikwels nasionale, persoonlike en religieuse verraad beteken het. Die verraaierslement van die kunstenaarskap vind ons die minste in die werk van Jan Celliers, en sy kuns is dan ook die eensydigste van die driemanskap s'n. Totius waag dit soms met teenbeelde van Afrikaansheid wat hy deur die ironie regverdig. En by ons grootste digters van dié tyd vind*

ons wel die boosheid van die kuns, naamlik by Eugène Marais, wie se kuns dan ook as 'dekadent' beskou, en by C. Louis Leipoldt wie se werk soms as 'omnasionaal' beskryf is".

### 8.5.2 Die Dertigers bring tematiëse vernuwing

Na die Twintigers kom die Dertigers, soos Elisabeth Eybers, N.P. van Wyk Louw, W.E.G. Louw en andere, wie se werk aanvanklik as 'onchristelik' beskryf is.

Die Dertigers, wat later die Veertigers en ook die Vyftigers geword het, het dit duidelik gestel dat die kunstenaar alles, wat tussen die hemel en goddelike aan die een kant en die hel en duiwelse aan die ander kant lê, tot sy domein kies. Van Wyk Louw het in *Grense*, sy sogenaamde *digtersmanifes* of *kunsbelydenis* (Kannemeyer 1965:21), gesê dat hy oor die volgende gaan skryf en dat sy siel *met al sy donker wense* 'n gesprek gaan voer:

*"en die heilige, nooit-gehoorde  
dinge sê, waarvoor die mense  
huiwer, en wat om die grense  
flikker van my duister woorde."*

Volgens Van der Colf (1980:25) dui *Grense* daarop dat Van Wyk Louw 'n 'oop lewenshouding' aanvaar het: *"As intellektuele houding het die digter 'n 'oop' lewenshouding aanvaar, 'n soeke verby grense. Selfs die 'antwoorde' wat hy vind, gee nie net 'n blyke van die oopheid nie, maar bly self 'oop', d.w.s. onfinaal. Blyke hiervan is reeds in verskeie van die gedigte van Alleenspraak aanwesig: in 'Grense' word juis by die grense verbygesteek."* Kannemeyer (1983:389) wys daarop dat *Grense* oorgaan van 'n *liefdesgedig* na 'n *kunsbelydenis* wanneer daar *"sprake is van die 'nooit-gehoorde/dinge' wat die spreker wil sê, sodat die titel nie alleen op die grense tussen die ek en die jy slaan nie, maar ook op die grens van die woord wat hy wil oorskry in 'n poging om met die leser kontak te maak"*.

Grové (1969:45) beskou die feit dat die skywers wegbeweeg het van die patriotiese, die suiwer nasionale letterkunde as 'n strewe na 'n volwasse letterkunde: *"Reeds in die jare dertig het Van Wyk Louw onomwonde verklaar dat 'alles, maar ook alles, wat die mens roer, wat sy vreugde en leed uitmaak', sy neerslag moet vind in ons literatuur voordat ons van 'n volwasse letterkunde kan praat. Hiermee onderneem die skrywer, ook by ons, die taak om met elke middel tot sy beskikking elke terrein te verken, tot die skemergebiede van menslike ervaring."*

### 8.5.3 Die Veertigers skud die 'oop ruimtes' af

Kannemeyer (1983:5) wys daarop dat die realistiese rigting in die prosa van die veertiger- en vyftigerjare hoogtepunte bereik *"in die voorstelling van dorps- en plaastipes binne 'n lokale en soms spesifiek regionale milieu"* en alhoewel dié prosa *"selde die groot lewensvrae aanraak en meestal ook by die Afrikaans aktualiteit verbygaan"* beweeg die prosaskrywers van Veertig weg van die *"sierprosa"* wat vroeëre prosaskrywers gebruik het. Dit is egter veral die digters soos, Opperman, Van Heerden en S.J. Pretorius, wat hulle in Elize Botha se woorde (1987:12) van die *"hoër, kouer paaie"* na die konkrete, aardse woord wend met *"harte wat broei oor die stad: glas, sink, beton"*. Volgens Botha boei die probleme in hul eietydse maatskappy en politieke bestel hulle, asook *"die smarte van 'n ander oorlog, die Tweede Wêreldoorlog"* en die *"ideologiese 'oorlog'"* en woordkunswerke soos Raka en Joernaal van Jorik *"groeit uit die werklikhede van uur en feit"*. Van rensburg (1971:156) wys daarop dat Opperman die oorheersende figuur van Veertig was en dat die aksentverlegging wat in Veertig voorgekom het, grotendeels aan hom te danke was.

Die Veertigers, wat duidelik die 'oop ruimtes' van hulle afgeskud het en die stad as die toekomstige verblyfplek van die Afrikaner aanvaar het (terwyl die stad veral deur Op-



perman 'oopgeskryf' is), se werk word onder andere as *heidens, onnasionaal* en *duister* gereken.

#### 8.5.4 Die oorgangstydperk

Van Rensburg (1971:165) wys daarop dat daar nie in die proses van dekade-indeling vir die Vyftigers voorsiening gemaak word nie aangesien dié tydperk nie deur "*n oorheersende krag*" gekenmerk is nie. Aangesien dié tydperk egter 'n ander aansien aan die letterkunde van Veertig gegee het en sodoende gesorg het "*dat Sestig in skoon reliëf kan aanbreek*", is dié tydperk "*op dié manier 'n belangrike oorgangsperiode*".

Een van die kenmerke van die Vyftigerjare was die ontsteltenis wat gevolg het op die verskyning van Van Wyk Louw se **Klipwerk** - dié volksgeestige verse is onder andere verwerp as versflenters - vergelyk onder meer:

*"die krap se oë sit op steeltjies  
oor hy in die hel kan kyk  
hy sal aan jou gorrel en  
jou keel-vel gryp.*

Van Rensburg (1971:168) bestempel dié verse as die verse "*wat die mees vérstrekkende invloed op die Afrikaanse poësie van die vyftigerjare en daarna gehad het*" terwyl Botha (1987:13) sê dat dit die voorspel tot 'n belangrike bestanddeel van die poësie is wat 'n nuwe tydvak ingelui het: "*streek-, volks- en spesifiek Kleurlingtaal in die werk van Peter Blum, Boerneef en Adam Small - werktuie tot die vervreemding ten einde die self, die medemens en 'die vasteland waarop ons boer' skerper in die visier te kry*".

Die 'Vyftigers' het met werke soos **Bybels en Babels** (W.E.G. Louw), **Die helder halfjaar** en **Neerslag** (Elisabeth Eybers), **Blom en Baaierd** (Opperman), **Die sewe vrese**, **Die be-**

vryding, Reisiger, en Koraal van die dood (Ernst van Heerden), Steenbok tot Poolsee en Enklaves van die lig (Peter Blum) en Hond van God (Louw) heeltemal en finaal van die vroeëre 'volkskuns' wegbeweeg. Sodoende het hulle die weg vir die Sestigters gebaan.

#### 8.5.5 Die Sestigters

Die werklike aantygings teen die letterkunde het in die sestigerjare begin, want dit is veral gedurende dié tydperk dat die letterkunde hom van die volk vervreem het - vervreem in die sin dat die volk nie langer spontaan deel was van die letterkunde soos hy aanvanklik en later, in mindere mate, daarvan deel was nie. Die letterkunde het nou suiwer om die letterkunde gedraai en het nie meer ter wille van die volk se ideale bestaan nie. Die volk was nie meer so deel van die letterkunde nie - trouens, die volk moes die letterkunde nou letterlik van buite af 'oopbreek' om toegang tot dit wat nou as 'studeerkamerletterkunde' bestempel is, te verkry. Kannemeyer (1983:231) stel die die reaksie wat die Sestigters se werk tot gevolg gehad het, só: *"... word die literatuur van Sestig en later dikwels 'n fel omstrede aangeleentheid. In die besonder neem die skrywers deel aan polemieke waarin die morele gehalte van hulle werk in die gedrang kom en hulle van 'volksvreemdheid' beskuldig word, terwyl die publikasiewetgewing van die sestiger- en sewentigerjare by herhaling reaksie uitlok en 'n langdurige debat oor die vryheid van die kuns en die aangetaste regte van die skrywer tot gevolg het."* Volgens Brink (1969:130) was die Sestigters 'n beweging "wat nuwe wapens verwerf het om die nuwe tyd mee te gemoet te gaan."

#### 8.5.6 Die Sestigters word verwerp

N.P. van Wyk Louw (1966) het in die Inleiding tot *Windroos* gesê dat die wending wat in '60 gekom het, "iets soos 'n klimaatsverandering" was en dat die Afrikaanse literatuur eers

in hierdie tydperk "... die ingewikkeldheid, die verwikkeldheid van ons Suid-Afrikaanse wêreld (...) van menslike samelewings en individuele menselewens op 'n meer integere manier begin ondersoek en nóém as wat vroeër by ons die gebruik was". Hy het gesê dat "vormvernuwing, vernuwing van inhoud en wêreldbeskouing" op die "nuwe verkenning van onself en ons halwe vasteland" toegespits is. Volgens hom het Sestig die skrywer en denker "nader gebring aan die kyk na baie dinge wat vir die mens werklik boei", soos seks, godsdiens, die politiek en "ons rasseverhoudings en rasse en menslike anomalieë in so 'n rustig kokende pot as wat Suid-Afrika vandag is". Kannemeyer (1983:248) stel die wending of klimaatsverandering waarna Louw verwys het, veel breër wanneer hy sê dat die Sestigers nie net oor die verwickeldheid van menswees as sodanig geskryf het nie, maar ook oor "... die onsekere gang van die mens op sy ontdekkende reis deur die heelaal". Hy vat die tipering van Sestig se prosawerk soos volg saam: "Die dilemma van die wesentlike onkenbaarheid van die mens lei in Leroux, Van Niekerk, Barnard en De Vries se werk tot 'n voorliefde vir die simboliese, pre-rasionele persoonlikheid, die anti-held wat gesigloos bly en tot houdings en maskers gedoem is. Die vaer wordende grense tussen werklikheid en fantasie, verstandelik-logiese en irrasioneel-intuïtiewe of bewuste en onbewuste het in Leroux se prosa tot gevolg dat die mite-soekende enkeling 'n sterk allegoriese en mitologiese lading dra en tot 'n argetipe ontwikkel, terwyl daar by heelparty skrywers (Rabie, Brink, Barnard) 'n voorliefde is vir die buitestaander-figuur en sonderlinge eenling, in sommige gevalle (veral by Van Niekerk) ook vir die wanaangepaste psigopaat. In teenstelling tot die ouer Afrikaanse prosa gaan die nuwe kyk op die werklikheid gepaard met 'n veel groter uitgesprokenheid oor sake wat in die verlede vir die Afrikaanse roman en kortverhaal grotendeels taboe was, in die besonder ten opsigte van godsdiens en die beeld van die mens in sy liggaamlikheid en seksualiteit. (...) terwyl die vervreemdingsproses, kleurprobleem, neurose en die seksuele (homo én heteroseksueel) as materiaal verwerk word."

Die volk, wie se ervarings tradisioneel die grondslag van die letterkunde gevorm het, het nie meer tematies gesproke in die brandpunt gestaan nie. Dit het veroorsaak dat 'n groot

deel van die volk die letterkunde op dieselfde wyse verwerp en gewantrou het as wat vroeë lesers Du Toit se *Di Koningin fan Skeba* verwerp en gewantrou het. Die reaksie was baie dieselfde: die Bybel is weer eens voorgedou as die hoofleesbron terwyl die letterkunde van Sestig as 'n vorm van 'kettery' beskou is - enersyds omdat dit destyds 'volksvreemd' was en andersyds omdat die gewone leser nie moeitelose toegang daartoe gehad het nie. Dieselfde letterkunde wat in die twintigerjare as 'onnasionaal', 'dekadent' en later as 'onchristelik' beskou is, is as modelletterkunde voorgedou.

Die Sestigers is op grond van wat hulle geskryf het as verraaiers en ondermyners van die vrede en veiligheid van die land beskou. Hulle is uitgekryt as slegte Afrikaners en hul werk is as 'verraad' teenoor die Calviniste, die Afrikaner en Afrikaanse taal, die tradisie en die volksverlede verdoem. Hierdie wig, wat tussen skrywer en samelewing ingeslaan is, kan ook in ander terme uiteengesit word: aan die een kant staan die skrywer met sy werk, en aan die ander kant die vervreemde leser wat nie met die werk kan *identifiseer* nie. Jan Rabie (1973:164) het dit wat die vervreemding veroorsaak het, saamgevat toe hy gesê het: "*As skrywer en mens getuig ek hiervan: Afrikaner is vir my veel meer as witman. Ek probeer dit skrywe.*"

#### 8.6 Agter die skerms

Die aankondiging dat 'n Wet binnekort promulgeer sou word wat buitelandse en (veral) binnelandse publikasies sou beheer, het 'n uiteenlopende reaksie tot gevolg gehad. Dit het egter geblyk dat die meeste skrywers en skrywersorganisasies van die uitnodiging om inspraak in die wetsontwerp te hê, gebruik gemaak het. Van Wyk Louw het volgens Kannemeyer (1983:246) byvoorbeeld deur middel van onderhandelinge, verklarings en briewe aan die pers gepoog om "*n gunstiger sensuurbedeling en 'n beter verhouding tussen skrywers en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns te bewerkstellig*".

Alhoewel die meeste skrywers hulle openlik teen sensuur uitgespreek het en die polemieke in die pers betreklik hewig was, het 'n groot deel van die reaksie en onderhandelinge agter die skerms afgespeel. Party van die skrywers, soos Opperman, het byvoorbeeld daaraan geglo om nie net direk tot die stryd toe te tree nie, maar om, waar moontlik, met parlementariërs te onderhandel.

Die wyse waarop die Regering teenoor die skrywers en hul protes of betoë reageer het, toon duidelik dat die Regering hulle nie so simpatiek gesind was as wat aanvanklik vermoed is nie. Opperman (1977:80) en Kannemeyer (1986:343) wys byvoorbeeld daarop dat senator Boshoff in 1963 vir N.P. van Wyk Louw gesê het om sy mond te hou aangesien hy 'n opvoedkundige en geen letterkundige is nie. Toe Opperman in reaksie hierop 'n kwaai bewoorde brief aan *Die Burger* geskryf het waarin hy gesê het dat Boshoff "ons grootste kunstenaar, N.P. van Wyk Louw, én die Afrikaanse letterkunde beledig het", het Boshoff, wat van die brief te hore gekom het voordat dit publiseer is, hom versoek om dit terug te trek. Opperman het geweier.

Gordimer (1988:13) sê dat skrywers genader is om kommentaar te lewer op en voorstelle in verband met die wetsontwerp voor te lê sonder dat hulle in daardie stadium besef het dat hulle samewerking tot gevolg sou hê dat die wet wat hulle help skep het, hulle uiteindelik duur te staan sou kom: *We writers and artists were asked to help devise means of censoring ourselves. The writers' organizations that existed at the time fell for this ploy made in the name of democratic participation. The PEN club, for example, asked for the Minister's assurance that 'competent literary experts' would be the judges of what should be banned and what should not. "They got the Minister's assurance. And when the Censorship Act was finally passed in 1963, there was established a roster of judging committees whose names and identities were not, and never were to be, revealed. The 'competence' of*

*these people was anonymous. (...) you didn't have to look into a crystal ball to see that once you agree to accept censorship conditionally, you have endorsed it in principle and you will have to accept whatever means are used to apply it, in the end."*

Nadat die 1963-Wet promulgeer is en in werking getree het, is A.P. Grové en H. van der Merwe Scholtz as lede en G. Dekker as voorsitter van die nuwe Publikasieraad benoem. Opperman, wat sterk teen die sensuurstelsel en die werkwyse daarvan gekant was, het hom vir Merwe Scholtz (wat 'n lid van die Publikasieraad was en as sodanig onder meer literêre insette moes lewer) se 'geleerde' bydraes in die vorm van literêre kritiek (in die algemeen) vererg en vir hom gesê: "*As ek en my soort vanaand besluit om nooit weer 'n enkele woord te skryf nie, is jy en Grové geestelik gesproke werkloos*". Daarmee het hy nie net die kwessie van die relatiewiteit van kritiek in die algemeen aangeraak nie, maar bowendien terselfdertyd (al was dit waarskynlik nie sy bedoeling met dié woorde nie) in wese aangedui in watter mate 'n sensuurstelsel se voortbestaan onder meer van die skrywers afhanklik is.

Kannemeyer (1986:346) wys ook daarop dat die (huidige) Staatspresident, mnr. P.W. Botha, destyds vir Opperman gesê het om liever goed te skryf wat 'n mens kan verstaan. Hy het die skrywers van 'laksheid' beskuldig en gesê: "*Julle skrywers, wat doen julle? Julle moet die Republiek besing. Man, Dirk, jy sit so lekker hier by die see - gaan sit op 'n rots en skryf 'n epos oor hoe ons ons Republiek gekry het*". Opperman se antwoord was dat hy aan slegs een rymwoord vir *rots* kon dink en dit was *kots*. Dit was egter nie die enigste botsing wat Opperman met die Regering oor sensuur gehad het nie.

Toe adv. B.J. Vorster, wat destyds die Eerste Minister was, in 1968 gehoor het dat Breyten Breytenbach die CNA-prys sou ontvang, het hy Opperman gebel en vir hom gesê dat dit nie toegelaat moet word nie aangesien Breytenbach 'n vyand van die volk en sy poësie moreel verderflik is.

Die Wet, wat aanvanklik ten spyte van die direkte skakeling tussen van die grootste en belangrikste Afrikaanse skrywers en parlementariërs onveranderd afgedwing is en geweldige skerp kritiek ontlok het, het 'n baie nadelige uitwerking op die verhouding tussen die skrywers en die Staat gehad. Dit het selfs geblyk dat die letterkundiges wat vanweë hul 'opvoedkundige' en 'literêre kennis en ervaring' op die Publikasieraad aangestel is, hul by hul by die politici geskaar en literêre werke versaak het toe dinge - soos tydens die *Die Pluimsaad* waai ver-polemiek - op 'n spits gedryf is.

## 8.7 Die eerste Publikasieraad word aangestel

### 8.7.1 Prof. G. Dekker word as eerste voorsitter van die Publikasieraad aangestel

Die eerste Publikasieraad is in Oktober 1963 aangestel en het bestaan uit prof. G. Dekker (voorsitter), mnr. A.J. van Wyk (ondervoorsitter), prof. T.T. Cloete, prof. T.H. Endemann, prof. A.P. Grové, prof. C.J.D. Harvey, mnr. N.J. le Roux, prof. A.H. Murray, prof. H.v.d.M. Scholtz, mnr J.G. Sutton, mev. J.P. Theron. Alhoewel prof. Dekker se aanstelling eerder as dié van landdros Van Wyk verwelkom is, het die raad se samestelling skerp kritiek uitgelok aangesien slegs een van die raadslede, naamlik prof. Harvey, 'n deskundige op die gebied van Engelse letterkunde was, terwyl niemand 'n deskundige op die gebied van die rolprent en teater was nie. Kritici het verder daarop gewys dat prof. Harvey aan 'n Afrikaanse universiteit verbonde was en dat hy slegs op 'n deeltydse grondslag aangestel is. Prof. Murray was nie, soos aanvanklik vermoed is, Engelssprekend nie, maar die seun van 'n N.G. Kerk-predikant sodat daar slegs een voltydse Engelssprekende raadslid, naamlik mnr. J.G. Sutton (sedert 1956 lid van die Rolprentsensuurraad), was. *The Star* het die volgende kommentaar op 4 Oktober 1963 gelewer: "... the effect as well as the intention will be to filter all English as well as Afrikaans reading and theatre-going through the mesh of the politically-dominant culture."

Daar bestaan uiteenlopende menings oor Dekker, wat as die voorsitter van die Publikasieraad aangestel is, se gehalte as literator. Cope (1982:76) beskryf hom as 'n "*plodding old critic not associated with the Party power structure*", maar wys terselfdertyd daarop dat onder meer N.P. van Wyk Louw vertrou in dié aanstelling gehad het: "*Welcoming this, Louw turned a somersault: with Dekker in control, he no longer saw censorship as the danger he had feared*". Wiehahn (1965:61) beskou hom as "*'n gevoelige, ewewigtige kritikus en 'n konsekwente beoefenaar van 'n beskrywende, sintetiese kritiese metode*". Kannemeyer (1978:102-103) is positief oor sy werk as literator en wys op die bydrae wat hy gelewer het, maar sê dat sy "*oordeel (veral oor die werk van debutante) nie altyd suiwer (was) nie en ... hy moes van tyd tot tyd sy uitsprake wysig of nuanseer*". Te oordeel aan sy literêre aktiwiteite, was hy oënskynlik 'n goeie keuse as voorsitter van die Publikasieraad, maar nadat die Wet (en die Publikasieraad) in werking getree het, is verskeie skrywers en akademici kwaai ontugter as gevolg van die aantal boeke - en dan boonop veral die werk van internasionale skrywers - wat op die verbode lys beland of gebly het. Die praktyk ingevolge waarvan verbode boeke sedert die vyftigerjare deur biblioteke verbrand is, is ook in dié tydperk voortgesit.

#### 8.7.2 Talle publikasies word verbied

Tussen 1 November 1963 en einde Julie 1964 het die Publikasieraad 504 publikasies verbied, waarvan 125 boeke ongewens bevind is, 86 tydskrifte en koerante ongewens bevind en alle daaropvolgende uitgawes verbied is, en 293 publikasies kragtens die Doeanewet verbied is. Boeke wat deur dié raad verbied is, was onder meer Wilbur Smith se eerste roman, **When the lion feeds**, asook sy tweede roman, **The dark of the sun** (terwyl die eerste nog op appèl was), Colin Legum se **Pan Africanism**, Mary Benson se **African Patriots**, en verskeie titels in die **Penguin African Library**-reeks. Ander bekende titels



soos *Who's afraid of Virginia Woolf* en die moderne klassieke historiese roman, *I Claudius*, is ook verbied. Switzer (1986:534) sê dat van die heel bekendste internasionale skrywers se name op die gewraakte lys voorgekom het: "*Along with a consistent sifting of anything African, communistic or liberal, Voltaire, Gogol, Zola, Moravia, Sartre, Neruda, Dostoyevsky, Turgenev and many others were also found on the censors' lists.*"

In Julie 1964 het brigadier H.J. van den Bergh, hoof van die Veiligheidspolisie, gewaarsku dat enigiemand wat in besit van 'n verbode kommunistiese publikasie was, vervolgsou word. Dit het onder meer daartoe gelei dat verskeie openbare biblioteke hul verbode boeke verbrand het. Die eerste Suid-Afrikaanse uitgewer, mev. Joan Block, is in November 1964 as Direkteur van *Insig*-publikasies vervolgs en met R300 beboet omdat sy "*The Fugitives*" deur Can Temba publiseer het. Teen Maart 1965 het die Publikasieraad onder voorsitterskap van prof. G. Dekker reeds 1 000 publikasies verbied.

### 8.7.3 Die Publikasieraad ontlok skerp kritiek

Die Raad het skerp kritiek ontlok. Toe Laurens van der Post die CNA-prys in 1965 gewen het, het hy kommentaar gelewer op die benouende uitwerking wat sensuur op skrywers het. Switzer (1986:434) wys daarop dat Van der Post gesê het dat sensuur nie net deur die Publikasieraad beoefen word nie, maar ook deur die establishment in die vorm van John Vorster wat 'n verslag oor apartheid (wat aan die Amerikaanse kongres voorgelê is) verbied het. Ironies genoeg kon Breyten Breytenbach, wat die Afrikaanse prys verower het, die prysoorhandiging nie bywoon nie aangesien sy nie-blanke (Viëtnamese) vrou, Yolande, 'n visum geweier is.

Switzer (1986:152) wys daarop dat die 'Dekker-raad' in vergelyking met die daaropvolgende 'Kruger-raad' as 'verlig' beskou kon word, maar dat die 'Dekker-raad' by uitstek

daarop ingestel was "(..) *to implement the apartheid policies of the Government.*" Talle swart skrywers, wat in Engels geskryf het, het die land in die sestigerjare (en veral na April 1966) verlaat. Dié uittog het feitlik ongemerk plaasgevind. Switzer (1986:431) beweer dat die uittog so ongemerk plaasgevind het omdat swart skrywers se werk nog nie 'n 'akademiese vak' op universiteit was nie, maar dié stelling is aanvegbaar. Die rede waarom die uittog so ongemerk plaasgevind het, was waarskynlik omdat die swart skrywer sy teenwoordigheid nog nie so sterk laat voel het nie, dat die wit skrywer en die swart skrywer mekaar nog nie gevind het nie omdat die apartheidstelsel 'n kunsmatige skeiding veroorsaak het, daar nog nie besef is dat sensuur dieselfde nadelige uitwerking op alle skrywers ongeag ras het nie, en omdat die swart skrywer in daardie jare liever emigreer het as om plaaslik standpunt in te neem en sy saak in die pers te stel - of gewoon omdat die literêre gemeenskap nog nie die swart skrywer se werk na waarde geskat het nie.

Richard Rive (1987:9) wys daarop dat die werk van elke swart skrywer wat hom in ballingskap bevind het, in 1966 in 'n Buitengewone Staatskoerant verbied is: "*Now under the Suppression of Communism Act (...) a person in South Africa deemed a communist has nothing to do with Marxism Leninism. It is somebody who in the opinion of the authorities is creating hostility between black and white. (...) The basic idea was by being banned they could not be quoted, which meant that their literature was completely silenced in South Africa. South African literature became white by law! This was the inherent danger of censorship. The literary tradition only recovered in 1970, with Sounds of a Cowhide Drum starting a completely new cycle without any precedent or bridge between that and the old.*"

Nadat Nadine Gordimer se roman, *The Late Bourgeois World* op 16 Mei 1967 verbied is, het 50 professore en dosente van Engelse en Afrikaans-Nederlandse departemente 'n

petisie onderteken waarin die Publikasieraad versoek is om die verbod op te hef. Dekker het egter geweier. Nadine Gordimer het in reaksie hierop gesê dat daar slegs een jaar verloop het tussen die verbod op haar roman en die tydperk toe "(...) *works of Black South African writers were virtually expunged from our literature with the blanket ban imposed on the best of them in April, 1966*" (in Switzer 1986:156).

Afgesien van die feit dat talle publikasies verbied is, het die praktyk om verbode publikasies te verbrand, ook voortgeduur. *The Natal Mercury* op 1 Junie, 7 Junie en 10 Junie 1968 onderskeidelik oor biblioteke wat nog boeke verbrand. Boeke is in die laat stadium (terwyl prof. G. Dekker nog voorsitter van die Publikasieraad was) teen 'n tempo van 2 per dag deur die munisipale bibliotekaris in Kaapstad verbrand, en die Hooggeregshof het die Publikasieraad se beslissings op deurlopende grondslag tersyde gestel.

Dit was nie net Suid-Afrikaanse skrywers en akademici wat skerp kritiek op sensuur in Suid-Afrika gelewer het nie. Switzer (1986:154) haal **The Brittanica Book of the Year** (vir die jaar 1966) aan waar op p. 453 gesê word: "(...) *ensorship has reached its zenith in the modern world*" in Suid-Afrika. Nadat die omstrede rolprent, **Africa Addio**, deurge-laat is, het Peter Randall, Direkteur van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhou-dinge gesê dat die rolprent uiters nadelig was en baie skade sou doen aangesien inligting oor Afrika by wyse van sensuur van Suid-Afrikaners weerhou word: "*Many serious and scholarly works which attempt to give a fair and balanced picture and to indicate something of African achievements are banned in this country*" (in Switzer, 1986:154).

#### 8.7.4 Die Kruger-raad vervang die Dekker-raad

Mnr. Jannie Kruger is as voorsitter van die Publikasieraad aangestel nadat prof. G. Dekker in November 1968 afgetree het. Mnr. A. van Niekerk (ondervoorsitter - en 'n

voormalige landdros), prof. E.R. Lighton, mev. A.M. Theron, prof. A.H. Murray (voltydse lede) en proff. A.P. Grové, T.T. Cloete, J. Leighton, C.J.M. Nienaber en H.v.d.M. Scholtz (deelydse lede) is op die nuwe raad aangestel.

Teen 1969 was daar altesaam reeds meer as 13 000 publikasies op die verbode lys en die 'Kruger-raad' het toenemende skerp kritiek ontlok. Nadat prof. R. Beeton gesê het dat die sensuurstelsel mense in 'dikvellige volstruise' omskep, het mnr. Kruger in *The Star* van 9 Julie 1970 geantwoord dat daar nie van sensuur sprake was nie - slegs van 'beheer', en dat die Wet die grootste deel van die stil meerderheid se goedkeuring wegdra. Die kritiek het egter, ten spyte van mnr. Kruger se bewering, toegeneem.

Gedurende die laaste jaar waartydens die 1963-Wet toegepas is, is 1 059 publikasies verbied. André P. Brink het gesê dat sensuur besig was om die sestigers te vernietig en het Afrikaanse skrywers in *The Evening Post* van 12 Januarie 1971 aangemoedig om vervolging 'uit te lok' deur verbode publikasies te besit - verkieslik verbode publikasies wat deur die wêreld se toonaangewende skrywers en filosowe geskryf is.

Teen 1972 het die Publikasieraad, wat onder voorsitterskap van Jannie Kruger die skyf van volgehoue kritiek in die media geword het, die regering in die verleentheid gestel - veral aangesien die howe die meeste van die Publikasieraad se beslissings ter syde gestel het. Dit het tot gevolg gehad dat die Regering aan ander moontlikhede waardeur publikasies beheer kon word, oorweging begin skenk het.

In November 1973 het prof. J. Leighton as lid van die Publikasieraad bedank en die redes vir sy bedanking in *The Rand Daily Mail* van 3 November 1973 uiteengesit. Hy het gesê dat dit duidelik was dat die publiek se verset teen sensuur die afgelope tien jaar (van 1963 tot 1973) toegeneem het en dat dit grootliks daaraan toe te skryf was dat die

Publikasieraad op 'geheimhouding' aangedring het. Hy het verder beswaar gemaak oor die wyse waarop seksuele en politieke sensuur toegepas is. Dit was onaanvaarbaar dat van studente verwag is om Marx en Engels se werk aan die hand van kommentaar eerder as deur middel van die oorspronklike tekste te bestudeer. Hy het skerp te velde getrek teen die feit dat van studente verwag is om blindelings te aanvaar dat dié skrywers 'n gevaar vir die goeie orde en vrede van die land ingehou het. Hy het beweer dat die Publikasieraad namens die Staat optree, en dat dit nie in dié gevalle kragtens die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede opgetree het nie, maar kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme. Hy het 'n betoog gelewer vir die vrye beskikbaarheid van "*political and sexual literature that is thoughtful, an opportunity to assess its merits, reject its demerits, and above all to think and talk about it*". Hy het ook aangevoer dat die Publikasieraad verteenwoordigend moet wees "*of those who are genuinely concerned, and which receives the support, rather than the general antagonism of society and press*".

## 9.0 Kritiek teen die 1963-Wet

### 9.1 Beginsels van die natuurlike

#### geregtigheid is misken

Die belangrikste kritiek wat teen die 1963-Wet ingebring kan word, was dat sekere beginsels van die natuurlike geregtigheid misken is. Rose Innes (1963:147) wys daarop dat die beginsel van *audi et alteram partem*, naamlik dat beide kante aangehoor moet word, die eerste beginsel van reg en geregverdigheid is. Die Raad het egter kragtens die 1963-Wet sonder die aanwending van die *audi et alteram partem*-beginsel fungeer. Geldenhuijs (1977:37) wys daarop dat die Raad 'n besluit oor die werk van 'n skrywer kon neem sonder dat so 'n skrywer die geleentheid gegun is om die publikasie vanuit sy kant vir die Raad te belig en te verduidelik en/of sonder dat so 'n skrywer kennis van die besware wat teen sy werk geopper is en (wat) die verbod meegebring het, gegee is.

## 9.2 Kritiek word in die wind geslaan

Die 1963-Wet was baie ongewild, maar die Staat het die besware wat deur veral skrywers geopper is, van die hand gewys. Die destydse voorsitter van die Publikasieraad, mnr. J.J. Kruger, se houding (teenoor dit wat hy as sensuur se noodsaaklikheid en die kritici se irriterende en lawwe besware beskou het) blyk uit sy neerhalende verdediging van die 1963-Wet in *The Cape Argus* van 19 Januarie 1970: "*The vast majority of the people of South Africa have a (more or less liberal) conservative outlook. They want this capital act and most of them want it stricter. My forecast will be that control is here to stay, and that its critics would be wise to save their breath and heed the advice of Hamlet: Cudgel thy brains no more about it for your dull ass will not mend his pace with beating.*" Dit spreek vanself dat Kruger se woorde aan die *Cape Argus* sy persoonlike mening weerspieël, maar as verteenwoordiger van die Staat (in sy hoedanigheid as voorsitter van die Publikasieraad), weerspieël dit gevolglik ook die Staat se houding teenoor sensuur.

Afgesien van al die genoemde punte van kritiek, het die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, Wet 26 van 1963, die deur vir pre-sensuur deur artikel 7 geopen.

Dit blyk dat dit veral Breyten Breytenbach onder die Afrikaanse skrywers was wat deur dié bepaling getref is. Kannemeyer (1986:347-348) wys daarop dat die uitgewery, Human en Rousseau, in 1967 versoek het dat die gedig *Swart dood* weggelaat en enkele wysigings in Breytenbach se tweede bundel, *Die huis van die dowe*, aangebring moes word. Die uitgewery het tot dié stap oorgegaan nadat regshulp ingewin is. Die bundel, *Die huis van die dowe*, is 'deurgelaat' en in 1968 met die CNA-prys bekroon. Brink (1969:10) skryf in sy Voorwoord tot die Tweede Druk van *Aspekte van die Nuwe Prosa* dat Breyten se jeugwerk, *Om te vlieg*, "*by die ter perse gaan van die eerste druk*" (wat in

1967 verskyn het) reeds vir publikasie aanvaar is. "*Sedertdien het dit bekend geword dat Om te vlieg nie gedruk kon word nie, aangesien die klimaat wat deur die bestaan van die Wet op die Beheer van Publikasies geskep is, klaarblyklik selfs ongepubliseerde werk vernietigend beïnvloed het. Om te vlieg is 'n jeugwerk en bevat heelwat gebreke; maar die Afrikaanse literatuur het deur hierdie ongelukkige gebeurtenis een van sy mees fassinerende eksperimente verloor.*"

## 10.0 Sensuur se implikasies

### 10.1 'Die lewe maak die kuns sinvol'

Van Wyk Louw het gesê die kuns maak die lewe sinvol, nie die lewe die kuns nie. Alhoewel die 1963-Wet op 'n ander lees geskoei is as die latere Wet op Publikasies van 1974, het dit nie veel verskil gemaak aan die algemene opvatting, weerstand teen en frustrasie in verband met sensuur nie. Sensuur is nog steeds toegepas op publikasies wat *aanstootlik* was, en die *aanstootlikheid* was meermale die direkte gevolg van 'n uiters subjektiewe opvatting.

### 10.2 Die kunstenaar 'staan ten volle in sy tyd'

André P. Brink het in 1979 tydens 'n Beraad van die Skrywersgilde in Durban gesê dat dit onsinnig is om te beweer dat die kunstenaar sy tyd vooruit is: "*As dit hoegenaamd moontlik is dat enigiemand 'voor' of 'agter' kan wees, is dit eerder die logge organisasie van die samelewing, die massa wat amper per definisie behoudend is, wat 'agter' die tyd is, en die kunstenaar wat ten volle in sy tyd staan.*"

Dié standpunt is ten volle geregverdig en is nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in die meeste ander wêreldletterkundes bewys - vergelyk hier onder meer Rolph (1969:22) se

woorde ten opsigte van eens verbode publikasies in Brittanje: *"How long is a book to run the gauntlet before its publisher can breathe freely and order that bigger second print? The DPP always used to have his favourite targets, and you saw them advertised (even if he didn't) as a 'rare book' or a 'collector's book' in the weekly paper. Richard Carlisle's Every Woman's Book, which could well be a fourth-form needlework prize; The Decamerone, that mausoleum of defeated pruriency; The Well of Loneliness (Why, in God's name?); The Sexual Impulse, Sleeveless Errand, Ulysses, and so on to Chatterley, and the modern belief that, if you choose your moment, you can publish anything."*

### 10.3 Die kunstenaar skryf oor 'sy tyd'

Wat Suid-Afrika betref, hoef 'n mens net na die reaksie op, onder andere, C.L. Leipoldt, Eugène Marais, Toon van den Heever, Breyten Breytenbach, Etienne Leroux, André P. Brink, André Le Roux du Toit en Dan Roodt se werk te kyk. Ampie Coetzee (1976:17) wys op Leipoldt en Toon van den Heever se verset ten opsigte van helde-eerbewys en sê: *"By Breytenbach is daar 'n 'ruimer betrokkenheid' ten opsigte van die held, ook omdat hy die held buite direkte volksverband sien - as vryheidsvegter."* In dié verband sê P.D. van der Walt (1975:33): *"Laat ek dadelik sê dat politieke of sosiale betrokkenheid van die skrywer (nog) nie die hoofringting in ons literatuur verteenwoordig nie, dat dit wel histories aansluit by 'n gevestigde tradisie in ons letterkunde, maar dat die aksente nou feller is, die stem harder, die houding onvergeefliker, die aandrang sterker, die stemming intenser en grimmiger."*

Dit is uit bostaande en uit André P. Brink se woorde op p. 4 in *Sestiger* ("*... is dit nie sedert Marais en Leipoldt en Toon van den Heever al vir amper elke Afrikaanse skrywer wat sy sout werd is, gebruiklik om oor die volkstou te trap nie? Elke keer word hy uitgetrap - en na 'n rukkie kom die hele ou wa tóg maar 'stadig en stampend' agtema*") duidelik dat



die samelewing veranderende maatstawwe het en dat dit wat eers *ongewens* was, later die *norm* word. Die dominee, wat so "gelieg" het in **Di Koningin fan Skeba**, se roman is sedertdien tot klassieke werk verhef - en die dominee self (S.J. du Toit) tot 'volksheld' in die tradisionele sin van die woord! Die Sestigters, onder wie Etienne Leroux, is eens deur 'n leser as *die pes wat in die donker sluip* bestempel, maar **Sewe dae by die Silbersteins** (1973), wat soveel opslae in die sestigerjare gemaak het, word vandag as 'n klassieke werk beskou - en terwyl Leroux nie as volksheld opgehemel word nie, word sy statuur as skrywer van formaat nasionaal en internasionaal erken.

#### 10.4 Die 'nie-literêre leser' en die roman wat die tol moes betaal

In die sestigerjare, toe daar vermoed is dat dié '*sondige*' boek, die '*liederlike*' kunswerk, dié '*seksbehepte en slegte*' boek wat met '*heilige sake*' spot moontlik die Hertzogprys sou kry (en dit terwyl dié 'immorele boek' oor 'n Jode-gesin op 'n Afrikanerplaas - 'n volksvreemde gedagte - handel), het 'n groot polemieks losgebars. Argumente teen die boek het veral op die volgende *ongewenste* elemente vasgehaak: *onkiesheid, die slegte invloed wat die boek op sy lesers sou/kon hê; die afbreek van ons volk se lewenswaardes; pornografie; kommunisme; onsedelikheid; seks en seksbehepteheid; dat dit geen opvoedkundige waarde het nie; dat dit met God, godsdiens, die kerk, die huwelik en onskuld spot en dat dit onder meer 'n 'slegte' boek is.* Die verloop van tyd het getoon dat die 'ernstige besware' nie geldig is nie.

Wat die verskillende soorte lesers en hul reaksies teen literêre werke betref, wys Lijphart (1978:42-46) daarop dat 'n leser besluit of 'n teks literatuur is of nie, of dit goed is of nie. Sy wys egter daarop dat daar tussen literêre lesers en gewone of nie-literêre lesers onderskei moet word. Die gewone leser, wat nie letterkunde lees nie, se instelling teenoor die letterkunde verskil geheel en al van die literêre leser s'n.

Nadat *Sewe Dae by die Silbersteins* met die Hertzogprys bekroon is, het die nie-literêre leser, wat wou hê dat die boek verbied moes word, laat blyk dat hy die soort leser is wat ten gunste van sensuur is omdat literêre werk nie vir hom toeganklik is nie. Lijphart (1978:45-46), wat die openbare debat saamgevat het, stel die 'ontevredenes' se saak - soos dit uit die openbare debat geblyk het - so: *"... jy kan nie sê die boek is net bestem vir sekere groepe lesers en dit dan vry wil verkoop nie; buitendien word die boek op die Universiteite voorgeskryf en is daar selfs onderwysers wat dit op skool wil behandel. Jy het nie beheer daaroor dat die mense vir wie dit skadelik kan wees, dit inderdaad nie in die hande sal kry nie. Baie van hulle gaan juis daarna soek om dan juis die skadelike stukkie uit te soek. Onder die voorwaardes wat gestel word, is: 'n boek behoort geskik te wees om in die familiekring voor te lees of aan skoliere voor te skryf; dit moet sonder sensurering geskik wees om net so verfilm te word; dit moet nie van so 'n aard wees dat 'n fatsoenlike koerant soos Die Transvaler weier om sommige dinge daarin af te druk nie"*.

*Sewe Dae by die Silbersteins* is deur die nie-literêre leser verdoem as *liederlik of pornografies*, as *swart kuns*, as 'n *onsedelike nie-calvinistiese boek*, as 'n boek wat *afkeurend staan teenoor die kleurbeleid van ons regering*, 'n *boek wat propaganda maak vir die kommunisme*, as 'n *seksbehepte boek* en gevolglik 'n *slegte boek*.

Hoe vinnig die gemeenskap 'inhaal' of 'bykom', blyk uit P.D. van der Walt se woorde in *Bestek* (1975:8) - 'n skrale 5 jaar nadat die Sestigters vir die Sewentigers 'plek' gemaak het: *"... vir diegene in hul aap-jare, soos my studente, is die Sestigerkuns byna iets vanselfsprekend. Dit praat so normaal hulle 'taal' dat hulle meen dit was maar altyd so in ons literatuur. Vir ons in wie se perd-periode die vernuwing van Sestig gekom het, bly dit nog altyd manna uit die hemel."*

### 10.5 Morele oordele lei tot verbod op publikasies

Voordat die hof in **Magersfontein, O Magersfontein!** beslis het dat die waarskynlike leser wel in ag geneem moes word, is letterkundige werke swaar deur publikasiebeheer getref. Die letterkunde was in daardie stadium een van die min dinge in die samelewing wat nie aan sy eie reëls gemeet is nie. Die situasie het tot gevolg gehad dat moraliste en sedeprekers die geleentheid gebied is waar hul hul menings vryelik as 'gesaghebbend' en as die belangrikste maatstaf by die beoordeling van 'n literêre publikasie kon uitspreek. Die feit dat 'n publikasie van hoë letterkundige waarde was, het feitlik geen gewig gedra nie. Van Rooyen, wat toe reeds die Voorsitter van die Appèlraad was, het in 1978 in **Publikasiebeheer in Suid-Afrika** (1978:65) gesê: "*Letterkundige waarde is maar een van die waardes wat die gemeenskap in ag neem en dit is geensins verhewe bokant ander lewenswaardes nie. Literêre meriete is dus bloot 'n verliggende faktor*".

C.J.M. Nienaber (1977:32) het hom sterk teen die gevaar uitgespreek dat sensuur in die hande van moraliste kan kom en dat dit tot gevolg kan hê dat 'n 'persoonlike' en 'moralistiese' in plaas van 'n 'objektiewe' sensuur uitgeoefen word: "*Hoe dit ook al sy, tydens die konfrontasie met 'n kunswerk dring die sedekundige hom uit die staanspoor aan die letterkundige op. Hy moet ook nog oordeel oor die verheffende of verlagende invloed wat die waargenomene kan uitoefen. Klop die skeppingskuns met die wellewenskuns? Hier is ter sake: nie net jou eie stelle morele waardes nie, maar ook nog dié van al daardie groepe met wie jou bestaan intiem verbonde is: godsdienstig, staatkundig, maatskaplik, opvoedkundig.*"

Die skrywers was deur die bank teen die sensuurstelsel in die algemeen en teen sensuur in die besonder gekant. W.J. de Klerk het in 1978 tydens die Skrywersgilde se Beraad

gesê dat sensuur 'n ingewikkelde saak met baie dimensies is. Hy het ook daarop gewys dat sensuur in die hande van amateurs en moraliste dinamiet is. Volgens hom kan selfs die intelligente 'gewone man' met sensuur van hom 'n gek maak en so die Afrikaner en Afrikaans ondermyn. Hy (1985:73) het verder in *"Die kragte agter sensuur"* gesê *"skrywers verteenwoordig gewoonlik die individuele aksent, die minderheids sentimente, die onderstrominge van emosie wat in 'n gemeenskap roer, die verset teen die onreg van die sisteem en die skynheiligheid van die publieke moraal"* en daarteen gewaarsku dat die maatstaf van *"die gemiddelde man"* nie 'n eng maatstaf binne 'n heterogene bevolking moet wees nie: *"Ons moet die heterogeniteit van die Afrikaanse samelewing in ons sensuur erken en nie net die opvatting van die gemiddelde man gaan soek by 'n sekere Afrikaner-tipe nie."*

#### 10.6 Sensuur 'verarm' lande en volke

Van Wyk Louw het in sy 1957-opstel *"Wat van ons letterkunde?"* (1977:96 - 100) gewaarsku dat indien die magtigste lande hul groot en blywende kuns ontnem word, hulle hulle betekenis in die geskiedenis sal verloor en dat hulle dan net enorme versamelings menslike materiaal sal wees wat sinloos aankom en doodgaan. Hy het gesê dat geen volk 'n groot letterkunde kan hê as hy nie bereid is om daarvoor te waag nie. Solzhenitsyn (1972:18) het hom op soortgelyke wyse oor dié onderwerp uitgelaat: *"But woe betide the nation whose literature is interrupted by force. This is not simply a violation of the 'freedom of the press', it is an incarceration of the nation's heart, the amputation of a nation's memory. The nation can no longer remember itself, the nation is deprived of its spiritual unity, and despite what seems like their common language, the members of that nation suddenly cease to understand one another. Mute generations languish and die without giving an account of themselves either for their own sake or for generations to come"*.

Voordat die Appèlraad op publikasies op so 'n gereelde grondslag van die Komitee van Deskundiges gebruik gemaak het om hom van deskundige getuienis ten opsigte van publikasies te voorsien, was die letterkunde nie teen die magtige masjinerie van die sensuurstelsel bestand nie. Dit het meegebring dat die skrywer voor 'n keuse gestel is: òf hy het hom en sy ambag verloën deur hom in die voorgeskrewe keurslyf te laat indwing sodat sy boek nie verbied sou word nie, òf hy het aanhou skryf en eenvoudig toegekyk hoe sy boeke as gevolg van 'n onbuigsame stelsel wat op dikwels op onverdraagsaamheid en onkunde berus het, verbied is. Geldenhuys (1977:34) het na die uitspraak op *The Dawn Comes Twice* (waar 'n Komitee van Deskundiges wel geraadpleeg is) daarop gewys dat die 1963-Wet daarvoor voorsiening gemaak het dat "*persone wat in die kuns, taal en letterkunde onderleg is*" vir die administrasie daarvan verantwoordelik is terwyl die 1974-Wet "*voorsiening maak vir administrasie deur opvoedkundiges*". "*Die huidige Wet is dus bemoeid met die opvoedkundige faktor eerder as die letterkundige faktor by die beoordeling van wat ongewens is. Lede van die verskillende liggame wat moet beoordeel, moet derhalwe hulle taak soos opvoedkundiges benader.*" Hy sê voorts (1977:35) in sy kritiek teen die *opvoedkundige inslag* waaraan die Appèlraad se werksaamhede gekenmerk moet word dat dit 'n onhoudbare situasie tot gevolg het: "*Veel eerder is die doel om so 'n wye verskeidenheid professies en sienswyses moontlik in die komitees te verenig. Om hieruit 'n opvoedkundige doel en benadering te wil konstrueer, is onnatuurlik, onhoudbaar en in werklikheid onwetmatig! 'n Mens kan nie help om te wonder wie nou eintlik deur die Appèlraad opgevoed wil word nie!*" Hy beweer verder dat Wet geen "*beskerming hoegenaamd bied aan werk van letterkundige waarde en meriete nie.*"

#### 10.7 Letterkunde is 'veel-soortig'

Van Wyk Louw (1977:77) het gesê: "*Maar 'n mens behoort ten minste te weet dat letterkunde 'n veel-soortige iets is: dit sluit volksliedjies, drinkliedjies, en raaisels in; ver-*

*halende gedigte en gedigte s nder 'n storie; maklike dingetjies,  n werke waar 'n mens nie sonder goeie kommentaar van geslagte geleerdes jou pad vind nie; die filosofiese gedagtes  n 'n woordspelletjie om 'n paar sekondes mee te vermaak. Bowenal: dit kan vaderland-liewend wees, of sp t met die vaderland; dit kan godsdienstig van aard wees, of ongodsdienstig, anti-godsdienstig selfs; dit kan tot die enkeling spreek, of tot 'n groep: sekte,  f volk,  f mensdom. In kort woorde: die letterkunde is nie van een soort nie, maar veelsoortig."*

Van Wyk Louw (1977:98) het ook ges : *"Daar is plek en bestaansreg genoeg vir ligte verhale, grappig, of speels, of fantasties; daar is bestaansrede vir romans wat maar een aspek, een klein hoekie, van die werklikheid bevat. En as hierdie ligter soort roman - wat altyd in die meerderheid in elke letterkunde sal wees - dan by ons goed geskryf is: intelligent en noukeurig; goed vertel en interessant; dan sal ons al baie h  om dankbaar voor te wees.*

*"Maar elke volk moet bid dat hy in sy taal tog ook van die seldsamer romans kry wat ons 'groot' en 'groots' noem. En die groot roman is meer as net goed geskryf en interessant.*

*"Dit is 'n poging om in woorde iets van die eindelose rykdom van die werklikheid te gee, iets van die mens in sy bietjie deug en sy groter sondigheid. 'n Volk wat nie van di  dinge weet nie, bly onvolgroei."*

#### 11.0 Wet Op Publikasies No. 42 van 1974 vervang die 1963-Wet

Die Wet was nie net baie ongewild onder veral skrywers en akademici nie, maar het in die vroe  sewentigerjare 'n verleentheid vir die Staat geword. Meer en meer publikasies is verbied, en in die laaste jaar waartydens die Wet toegepas is, is altesaam 1 059 publikasies verbied. Uitgewers en verspreiders wat ongewenstheidsbevindings op app l

na die Hooggeregshof geneem het, was gewoonlik suksesvol. Dit het meegebring dat die administratiewe orgaan (die Publikasieraad) se bevindings in direkte teenstryd met dié van die Hof was. Die Hof het 'n meer liberale (en die korrekte) uitleg aan die Wet verleen terwyl die Publikasieraad 'n eng, subjektiewe uitleg daaraan verleen het. Die wyse waarop die Publikasieraad met die Wet omgegaan het, het 'n vervreemding tussen die skrywers en die Staat tot gevolg gehad.

### 11.1 Skerp reaksie op pogings om publikasiebeheer in te stel

Toe daar gepoog is om die letterkunde as gevolg van die vervreemding van Staatskant af deur middel van 'n nuwe wet op publikasiebeheer te reguleer, het die skrywers baie skerp reageer. Ernst van Heerden (1977:47) het in 1973 tydens 'n lesing in die Vrystaat gesê dat die Staat se neerbuigende en paaiende houding teenoor die letterkunde onaanvaarbaar is en dat die skrywer daarteen in opstand sal kom. Volgens hom het die Staat 'n negatiewe beeld van die skrywer gehad: "*Mense wat hulle met sulke verbeeldingsvlugte soos die literatuur besig hou, verdien nie veel aandag nie - hulle is effens getikte, onpraktiese en luidrugtige naïweling.*"

Cope (1982:77) beweer dat die Nasionaliste hulle dit ten doel gestel het om 'n algehele beheerstelsel in te stel. "*Warnings and threats continued to be made that the compromise law of 1963 required tightening up. The next step came with the passing of a new Publications Act in 1974 and the establishment of a Directorate of Publications. The right of appeal to the courts of law was abolished, hundreds of censors were appointed to man a range of committees to control everything from shop windows, advertising and gramophone records to literature, the arts, plays, films, etc. Probably anticipating public laughter at absurd decisions that might be made, the law made it an offence to ridicule the censors. The*

*Act came into force the following year and it was not long before ... Afrikaner writers ... were in open confrontation with the government. The old facade of unity or identity between the language and literature on the one hand and political leadership on the other took such a pounding that it may be difficult if not impossible to restore it."*

André P. Brink (1983:94) sê dat sensuur in die sewentigerjare 'erger' geword het en "*at last it turned on Afrikaans writings as well and having done so, subjected Afrikaans authors to a worse reign of terror than that our English compatriots had become used to. One of the results was a severe inhibition of Afrikaans writing during the 1970s; but at least some authors refused to be intimidated and went on to challenge the regime with each new book.*"

## 11.2 Die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974 tree in werking

Die 1974-Wet het onmiddellik kritiek uitgelok. Advokaat Gerald Gordon, Q.C., het in die Wet in *The Cape Times* van 13 en 14 Januarie 1975 aangeval en die veronderstelling dat 'n Appèlraad met die Hooggeregshof vergelyk kon word, bevraagteken. Hy het ook daarop gewys dat al die lede van Appèlraad deur die Staat en slegs vir 'n kort tydperk aangestel is. Prof. John Milton het in dieselfde koerant gesê dat die nuwe 'pakket' na sy mening baie dieselfde as die ou stelsel is, en dat sensuur nie goed te praat is nie: "*At the bottom censorship is as much a matter of politics as morality, art or literature. It provides the means for repressing opinions on matters which it is important that a self-governing society should be informed.*"

Tussen April en Desember 1975 is 1 066 van die 1 850 publikasies wat aan die Raad voorgelê is, ongewens bevind. Na die hervorlegging van 18 publikasies, is 12 weer



ongewens bevind. Laasgenoemde bevindings het duidelik daarop gedui dat die Raad van die rigting, wat deur die Hooggeregshof aangedui is, afgewyk het.

Die Afrikaanse Skrywersgilde het gedurende Desember 1975 aan die Minister van Binnelandse Sake geskryf en versoek dat boeke wat literêre meriete gehad het aan deskundiges aan universiteite voorgelê moes word en dat 'n stelsel geskep moes word waarkragtens die leserstal van boeke, wat ongewens bevind is, maar wat oor literêre meriete beskik het, tot bepaalde ouderdomsgroepe beperk kon word. Die stelsel sou nes die rolprentstelsel werk. Alhoewel die voorstel van die hand gewys is, het 'n soortgelyke stelsel in 1981 met die uitspraak oor die omstrede feministiese roman, **The Women's Room** (66/81), in werking getree.

Toe André P. Brink in 1978 as voorsitter van die Skrywersgilde verkies is, het hy gewaarsku dat die skrywers nie sal huiwer om 'ondergronds te gaan' indien hulle deur die Staat daartoe gedwing word nie. Brink het dié standpunt nie net tydens 'n onderhoud met Dieter Welz in 1987 herhaal nie, maar het bowendien daarop gewys dat dié standpuntinname terugskouend waarskynlik daarvoor verantwoordelik was dat sensuur 'n 'keerpunt' bereik het: *"That was why a very strong anti-Government movement started among Afrikaans writers with the Afrikaans Writers Guild, who towards the end of the seventies announced quite openly that unless something was done about censorship we would go underground and follow the example of writers in Hungary, Czechoslovakia, Poland and thereabout. Unwittingly we chose a very good moment for making this announcement, because it came in 1979 specifically just when the Government had reached the point where they desperately needed friends abroad. Maggie Thatcher had just come to power (...) and there was a possibility of strong ties with Britain after the Labour Government. Raegan was becoming a strong possibility in the United States. The South African authorities knew that the most certain way to alienate these possible new friends would be*

*to clamp down on the cultural level against writers. So suddenly they started reversing their whole censorship policy."*

Etienne Leroux het tydens 'n onderhoud met *Rapport* (27 November 1978) gesê dat die hele sensuurstelsel hom dronk slaan en dat dit lyk asof diegene wat die stelsel toepas almal as *kinders* beskou. Cope (1982:122) haal hom aan: "*It's as if they regard us all as children and say to us 'One day you'll be allowed to read that book'.*"

Jack Cope (1982:193) het ten opsigte van die Afrikaanse letterkunde opgemerk dat enige vernuwende werk met agterdog bejeën sal word en "*collide with censorship*". Hy wys verder daarop dat Afrikaanse skrywers wat vroeër jare as 'nasionale helde' voorgehou is, hul nou in 'n situasie bevind waar hul werk verbied word wanneer hul probeer om 'n "*free and mature treatment of the written word*" te handhaaf. Hy wys daarop dat verskeie Afrikaanse skrywers, soos Etienne Leroux, André P. Brink, Welma Odendaal, Marlise Joubert, Breyten Breytenbach, John Miles en André le Roux, slagoffers van die stelsel was, en haal Brink aan wat in Cope (1982:74) gesê het dat 'n skrywer nie die realiteite van die lewe durf ignoreer slegs ter wille van politieke aanvaarbaarheid nie: "*Sex, the church, colour and race motifs, politics, crime, perversion, social abuses, alienation - a responsible literature could not evade facing every aspect of adult life.*"

Nadat die 1974-Wet in werking getree het, het Nadine Gordimer waarskynlik die skrywer se minagting vir die nuwe bestel, die heel beste verwoord. Sy (1980:3) het aanvanklik na die verbod op *Burger's Daughter* te kenne gegee dat die sensuurkomitee se mening haar koud gelaat het: "*I was indifferent to the opinions of the original censorship committee who neither read nor understood the book properly in the first place, and to those of the committee of literary experts who made this discovery, since both are part of the censorship system. My novel has been mauled over at public expense*". Later het sy egter sterker

standpunt ingeneem en gesê: "*I believe that if a book is suspected of being subversive or obscene the author should be charged under common law and have the right to defend his work in a court of law.*" Hiermee het sy 'n saak aangeroer wat telkens tydens kritiek, wat teen die bestaande sensuurstelsel uitgespreek word, te berde gebring word.

### 11.3 Die Wet op Publikasiebeheer (No. 42 van 1974) en

#### Kennis van die Aand

Die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974, is op 11 September 1974 aanvaar, op 11 Oktober 1974 deur die Staatspresident goedgekeur en het op 1 April 1975 in werking getree.

In 1974 het die Wet sy eerste direkte Afrikaanse (letterkundige) slagoffer geëis toe André P. Brink se **Kennis van die Aand** verbied is en die verbod in 1975 deur die Hooggeregshof bevestig is. Die verbod op E. Steenkamp se **Helkampe** in die veertigerjare was nie 'n verbod wat as gevolg van die "nuwe benadering" (waaraan beide die 1963- - vergelyk onder meer die verbod op **When the lion feeds** in die sestigerjare - en die 1974-Wet gekenmerk is) uitgeoefen is nie en die boek is waarskynlik suiwer om politieke redes verbied. Die "nuwe benadering" was egter op Brink van toepassing aangesien daar onder andere beswaar gemaak is teen die sekstonele in die roman. Die Voorsitter van die Publikasieraad, oud-regter Lammie Snyman, het in 1978 (en dus slegs vier jaar nadat die 1974-Wet in werking getree het en vóórdat **Kennis van die Aand** weer voorgelê is) gesê dat publikasiebeheer in die Weste vroeër oor 'n wye terrein gestrek het, maar dat dit 'vandag' veral om die "seksuele lewe" draai. Alhoewel die 1974- en 1975-verbod op **Kennis van die Aand** nie 'n vraagteken oor die 'seksuele benaderingsaspek' geplaas het nie, het dit egter een van die taaiste kwessies in verband met die Wet oopgekrap, naamlik die maatstaf van die *waarskynlike leser* en die rol wat so 'n waarskynlike leser in die beoordeling van 'n publikasie moes speel. Van Rooyen (1978:61) het die kwessie soos

volg verwoord: "Dit bly natuurlik 'n vraag of 'n mens ooit werklik van die waarskynlike leser kan wegbeweeg."

Teen die einde van 1979 (en die einde van die sogenaamde Snyman-era) is die volgende Afrikaanse letterkundige werke òf deur 'n publikasiekomitee, òf die Appèlraad self verbied: **Kennis van die Aand** deur André P. Brink, **Skryt** deur Breyten Breytenbach, **Keerkring** deur Welma Odendaal, **Struisbaai-blues** deur André le Roux, **Donderdag of Woensdag** deur John Miles en **Magersfontein, O Magersfontein** deur Etienne Leroux. **Gerugte van Reën** deur André P. Brink en die vertaling daarvan, **Rumours of Rain** is deur publikasiekomitees verbied, maar die Appèlraad het die verbod in 1978 (67/78 en 68/78) opgehef. 'n **Droë Wit Seisoen** was ook 'n ruk lank verbied. Die verbod op die Engelse vertaling, **A Dry White Season** is in 1979 (81/79) opgehef. Die Appèlraad het insgelyks beslis dat Marlise Joubert se briefroman, **Klipkus** (20/79), en Pieter-Dirk Uys se drama, **Die Van Aardes van Grootoor** (63/79), nie-ongewens is. Hiervan is slegs **Kennis van die Aand** en **Magersfontein, O Magersfontein** op hersiening na die Hooggereshof geneem. Verskeie Engelse publikasies, wat as *letterkunde* (of *woordkunswerke*) bestempel kan word, het ook gedurende die Snyman-era in die slag gebly. Voorbeelde hiervan is onder meer D.H. Lawrence se **Lady Chatterley's Lover**, Anthony Burgess se **Man of Nazareth**, en Jack Cope se **The Dawn Comes Twice**. Met die uitsondering van Burgess se **Man of Nazareth** is die destydse verbod egter op al bogenoemde publikasies ten opsigte waarvan appèl *wel* na 1979 aangeteken is, opgehef.

#### 11.4 Ideologiese inslag in die Wet

Strauss *et al* (1976:74) wys daarop dat die beginselgrondslag van die Wet in artikel 1 vervat word wat soos volg lui: "Die strewende van die volk van die Republiek van Suid-Afrika om 'n Christelike lewensbeskouing te handhaaf, word by die toepassing van hierdie Wet erken".

Volgens Strauss *et al* is dit 'n voorskrif van betreklik ongewone aard op die wetgewende terrein. Strauss *et al* wys daarop dat die christelike geloof nie deel van die land se *reg* is nie en dat geloofsvryheid in Suid-Afrika geld: "*Inderdaad word in die aanhef tot die Grondwet 'n betuiging van erkentlikheid teenoor God aangetref en in artikel 2 daarvan die bepaling dat die volk die oppergesag en leiding van God erken. Soos Van der Vyver op oortuigende gronde aandui, kom hierdie voorskrifte slegs neer op 'n godsbelydenis en skep dit geen positiewe reg nie*".

De Klerk (1979:98) beweer dat alle letterkunde oor die mens en sy vervreemding, die val uit sy essensiële self, sy vrye val daaruit, sy vrye opstanding en terugklim tot waar hy hoort, handel. Volgens hom, verwys die 'vrye val' na die oorgawe aan die versoeking van 'sonde'. Hy beweer ook dat christelike letterkunde selde *letterkunde* is aangesien dit *selfbewus* is. Hy beskou dit wat as '*christelike letterkunde*' bekendstaan eerder as '*christelike lektuur*' en wys daarop dat laasgenoemde '*nie die omvang, die diepte, die oortuiging*' van die letterkunde kan deel nie. "*Die letterkunde is wel christelik - teen wil en dank; die letterkunde vertel ons die menslike verhaal in terme van wat dit is om mens te wees: hier waar ons is; in die tyd waarvan ons deel is. Daarmee kan ons nie anders as om die mens se gespletenheid te sien soos dit is nie: sy vervreemding van sy waarde, sy wesentlike self; die rasonale maar redelose gespook in sy eksistensiële vervreemding om weer heel te word. In mindere of meerdere mate gaan alle letterkunde oor ons strewe na sin en geluk. Dit gaan ook oor die wankelheid van hierdie strewe*".

### 11.5 Seksualiteit en publikasiebeheer

Van der Merwe (1981:18) beweer dat seksualiteit in die literatuur en publikasiebeheer in Suid-Afrika hand aan hand gaan.

Die eerste drie bepalinge van die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974, naamlik bepaling (a) van artikel 47 het op die seksuele betrekking. Die betrokke artikel van die Wet lui soos volg: "*By die toepassing van hierdie Wet word 'n publikasie of voorwerp, rolprent, openbare vermaaklikheid geag ongewens te wees indien dit of 'n deel daarvan - (a) onbetaamlik of onwelvoeglik of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is*".

Miller (1982:27) sê dat seksuele sensuur die vreemdste van alle moontlike verbodinge is wat die mens homself oplê: "*for it lays a ban not upon acts so much as upon experiences, or at least upon such acts which acquire their risky significance by becoming experiences for those who witness them*".

#### 11.6 Seksualiteit, politiek en publikasiebeheer

Alink (1981:3) haal Foucault aan wat beweer dat drie aspekte naamlik die *taboe*, *ritueel* en *privilegie* op mekaar inwerk, mekaar oor- en deurkruis, mekaar vorm en sodoende 'n ingewikkelde rooster saamstel wat voortdurend verander. Die streek waar die rooster die digste is, waar die verbod die sterkste geld, is op die gebied van die seksualiteit en die politiek. Hy wys dan ook daarop dat die Wet op Publikasies van 1974 (wat hy verkeerdelik as die "Wet op Publikasies en Vermaaklikheden" van 1974 bestempel) dit ten doel het om alle publikasies, oudio en (oudio-) visuele materiaal en vermaaklikhede wat betrekking het op die seksualiteit, die politiek of die godsdienst, sorgvuldig te sensureer.

Terwyl sensuur aangewend is om pornografie te verbied, blyk dit uit 'n oorsig van die soort publikasies wat sedert 1948 verbied is dat veral politieke en sosiale publikasies verbied is - veral na die herlewing van swart nasionalisme in die vroeë sewentigerjare.

#### 12.0 Wet op Publikasies No. 42 van 1974:

### Wet tree in werking en ontlok beswaar

Nadat die Wet op 1 April 1975 in werking getree het, was een van die grootste besware wat teen die nuwe Wet geopper is, die feit dat artikel 9 bevoegdheid aan die publikasiekomitees verleen het om alle toekomstige uitgawes van tydskrifte te verbied nadat 'n enkele uitgawe verbied is; om die invoer van alles wat deur 'n bepaalde uitgewer uitgegee word, of alles wat oor 'n bepaalde onderwerp handel, te verbied; om die besit van 'n publikasie of voorwerp in 'n strafbare misdryf te omskep - selfs al was die besit daarvan tot op daardie tydstip wettig en sonder wederregtelike bedoeling.

#### 12.1 Wet op Publikasies No. 42 van 1974: besitsverbod

Die feit dat laasgenoemde besitsverbod aan die kwalifikasie onderwerp is dat so 'n verbod dadelik deur die Direkteur aan die Appèlraad voorgelê moet word en dat die Raad die beslissing moet bekragtig voordat dit effek kry, het nie die onbillike element uitgesluit dat iemand wat 'n boek op heeltemal wettige wyse by 'n boekwinkel koop, hom binne 'n dag of 'n week of 'n maand in die posisie kan bevind waar daardie heeltemal wettige aankoop van hom 'n misdadiger maak nie. Professor A.S. Mathews van die Universiteit van Natal het die volgende opmerkings aan die Krugerkommissie voorgelê - die kommissie het die opmerkings in vertaalde vorm in sy verslag opgeneem: "*Indien dit uitgebrei word (die bevoegdheid van sensuurliggame om ook die besit van publikasies 'n misdryf te maak), beteken dit dat die hele vlek van misdadigheid omvattender gemaak sal word en kan 'n persoon gebrandmerk word as 'n misdadiger omdat hy 'n sekere boek op sy boekrak het. Dit is die soort situasie waarin ons voel Universiteite in die besonder en Opvoedkundige werkers in die algemeen nie te staan behoort te kom nie. Ons is die mening toegedaan dat indien dit op hierdie wyse uitgebrei word, die druk op skrywers, studente en akademië en so aan, mense meer bevrees gaan maak om die soort werk te doen waarmee hulle besig behoort te wees*".

### 12.1.1 Op hersiening na die hooggeregshof

Die besitsverbod is selde sedert die inwerkingtreding van die 1974-Wet afgedwing. Die verbod op alle toekomstige publikasies, wat kan meebring dat 'n onderneming of uitgewery moet sluit, is ook selde afgedwing. Die Appèlraad op Publikasies se beslissing dat die 1984-Durban publikasies van die somer- en lenteuitgawes van **Squire's Guide to Glamour Photography** ongewens is, is op hersiening na die Natalse Hooggeregshof geneem waar dit deur die volbank, bestaande uit Didcott R, Thirion R en Booysen R, verhoor is. Die volbank het eenparig besluit dat die Raad se verbod op alle toekomstige uitgawes vir heroorweging en beslissing na die Raad terugverwys moet word. Thirion R het gesê dat die hof nie met die ongewenstheidsbevinding van die eerste 2 publikasies sal inmeng nie, maar dat die hof die mening toegedaan was dat die Raad se beslissing ingevolge waarvan die daaropvolgende uitgawes ongewens bevind is, nie op redelike gronde baseer was nie. Die Raad se beslissing is gevolglik tersyde gestel en die Raad is deur die hof opdrag gegee om die publikasies - en die toekomstige publikasies - in heroorweging te neem. Dit beteken eenvoudig en in praktiese terme dat die Raad gedwaal het toe hy beslis het dat alle toekomstige publikasies ook ongewens sal wees. Alle publikasies wat in die toekoms uitgegee word, sal een vir een deur die Raad beoordeel moet word.

### 12.1.2 Die onverdedigbaarheid van dié beginsel

Alhoewel hersiening na 'n geregshof 'n *'ingeboude veiligheidsmaatreël of veiligheidsklep'* is, is dit baie duur en kan dit baie lank neem voordat so 'n saak hersien word. Daarbenevens kan dit meebring dat 'n uitgewery moet sluit terwyl hy op die hersieningsuitspraak wag. Die beginsels ingevolge waarvan die Raad oor die magtiging of bevoegdheid beskik om alle toekomstige publikasies te verbied, maak geweldige inbreuk op die individu se



vryheid in die algemeen en op sy vryheid van spraak in die besonder. Dit maak nie saak met hoeveel omsigtigheid die Appèlraad tot so 'n beslissing geraak nie - dit bly 'n bevoegdheid wat aan die Publikasieraad verleen is en dis 'n bevoegdheid wat moeilik verdeel dig kan word.

### 13.0 Enkele tersaaklike maatstawwe waarmee die Wet op Publikasies (No. 42 van 1974) werk

#### 13.1 Publikasies/voorwerpe

##### 13.1.1 Wat is 'n publikasie/voorwerp?

Die Appèlraad het in *Personal Vibrator* (84/76) beslis dat die begrippe *publikasie* of *voorwerpe* nie 'n vaste betekenis het nie. Die Raad het beslis dat wanneer 'n dier of mens of deel van die anatomie van 'n dier of 'n mens afgebeeld word, die afbeelding binne die woordbepaling van *voorwerp* in die Wet val. 'n Meganiese voorwerp soos 'n motor is dus nie *voorwerp* kragtens die Wet nie. Die Raad het om dié rede bevind dat 'n silindriese apparaat van ongeveer 17 sentimeter lank, met 'n deursnee van 3 sentimeter wat met batterye werk en waarvan die voorste deel wat effens puntvormig is en by aanskakeling vibreer, as gevolg van sy meganiese aard nie 'n voorwerp kragtens artikel (47)(1) is nie.

##### 13.1.2 Uitputtende omskrywing in die Wet

Die Raad het beslis dat die begrip *publikasie* of *voorwerp* uitputtend omskryf word in artikel 47(1). Met betrekking tot die Wet se toepassing word 'n *publikasie* of *voorwerp* in artikel 47(1)(xvii) omskryf as:

(a) 'n koerant wat uitgegee word deur 'n uitgewer wat nie lid is van die Persunie van Suid-Afrika nie;

(b) 'n boek, tydskrif, pamflet, aanplakbiljet of ander drukwerk, behalwe 'n aanplakbiljet uitgereik as advertensie van 'n koerant uitgegee deur 'n uitgewer wat lid is van die Persunie van Suid-Afrika;

(c) 'n geskrif of tikwerk wat op enige wyse gedupliseer of aan die publiek of 'n deel van die publiek beskikbaar gestel is;

(d) 'n tekening, prent, illustrasie, skildery, houtsnede of dergelike voorstelling;

(e) 'n afdruk, foto, gravure of litografie;

(f) 'n figuur, afgietsel, snywerk, standbeeld of model; en

(g) 'n plaat, magnetiese band, klankbaan (behalwe 'n klankbaan verbonde aan 'n rolprent) of ander voorwerp waarin of waarop klank vir weergawe opgeneem is.

### 13.1.3 'n 'Plakboek' is nie 'n publikasie nie

Die Raad beslis in *Fook Book* (153/81) wat deur Walter Battiss saamgestel is dat die "plakboek" nie 'n publikasie vir doeleindes van die Wet op Publikasies 1976 is nie. Die "plakboek" word op bladsy 2 van die uitspraak beskryf as synde dat dit uit ongeveer 42 bladsye bestaan en dat die bladsye by wyse van 'n stuk lyn wat deur gaatjies aan die kant van die produk getrek is, aanmekaar gehou word. "Dit is duidelik dat elkeen van die afsonderlike bladsye waarop drukwerk of oorspronklike getekende materiaal voorkom 'n publikasie is. Die probleem is egter of die samestelling onder die benaming *Fook Book* as sodanig 'n publikasie is" (p. 2). Die woord wat tydens die uitspraak uitgelê moes word ten einde te bepaal of die woordbepalingsartikel, artikel 47(1)(xvii), uitputtend omskryf is of nie, is ook (*tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet - publikasie of voorwerp ook ...*), met ander woorde of die betrokke 'produk' wat deur die Raad beoordeel moes word, naamlik die *plakboek*, deur die uitbreidende betekenis wat deur die woord ook daargestel word, by die begrip *publikasie/voorwerp* ingesluit kan word of nie.

Die Raad verwys met goedkeuring na Fagan AR se uitspraak in Rex v Debele 1956(4) SA 570 (A) op 575 waar hy sê dat die woord *ook* twee betekenisse het, naamlik dat dit aan die een kant 'n verdere betekenis naas die normale betekenis van 'n betrokke woord tot die woord voeg en dat dit aan die ander kant 'n uitputtende betekenis aan daardie woord gee.

Die Raad haal Fagan AR op 575 op p. 3 van sy beslissing aan waar laasgenoemde die volgende sê: "... *uitbreidingsin vind ons gewoonlik waar die woord wat gedefinieer word, 'n algemene bekende primêre betekenis het waarvan 'n omskrywing nie nodig is nie, maar waar die bedoeling is om in daardie besondere Wet die woord 'n wyer begrip te gee as wat dit in sy primêre betekenis dra. In daardie geval mag dit wees dat 'the primary meaning of the word ... requires no mention' ...; dan sou dit nie deur die nie-vermelding daarvan in die definisie self uitgesluit word nie. Waar egter al die klasse van sake wat in die definisie voorkom, binne die primêre betekenis van die woord val, mag dit 'n aanduiding wees dat die bedoeling maar net is om die omvang van die woord met juistheid te bepaal en dan kan die vermelding van die klasse as uitputtend beskou word*". Die Raad beslis dat die begrippe *publikasie of voorwerp* uitputtend definieer word in die woordbepalingsartikel en dat die begrippe *pubikasie of voorwerp* nie 'n vaste betekenis het nie en dat dit daarenewens duidelik is dat die wetgewer bedoel het om die saak in hierdie woordbepaling omvattend te beskryf (p. 4).

Die Raad geraak tot die gevolgtrekking dat die *plakboek* nie 'n publikasie is nie aangesien dit 'n aantal oorspronklike tekeninge bevat en sê op p. 5: "*Wanneer daar dus 'n enkele eksemplaar bestaan van stof wat nie in die geheel drukwerk is nie, en wat ook nie gedupliseer is as sodanig nie, is daar nie 'n publikasie voorhande nie. Die getuienis wat deur die Appèlraad ingewin is dui ook daarop dat elkeen van hierdie sogenaamde Fook Books uniek is in hulle samestelling. Dit sou dus onreëlmatig vir hierdie Raad wees om by wyse*

van 'n algemene bevel oor **Fook Book 1** al die ander beskikbare eksemplare daarmee oor dieselfde hoof te betrek. Die Wetgewer kon nooit beoog het om 'n plakboek, waarop die onderhawige produk eintlik neerkom, ook onder sy vleuels te neem nie. Regsekerheid sal in die wiele gery word indien 'n algemene verspreidingsverbod en selfs 'n besitsverbod op **Fook Book 1** geplaas word op grond van die bestudering van hierdie een produk." Die Raad beslis voorts dat indien die betrokke 'produk' in sy huidige vorm dupliseer sou word, 'n duplikasie ter sprake sou kom en dat 'n Publikasiekomitee wel teen so 'n 'publikasie' sou kon 'optree'.

In die uitspraak oor *Key-ringholder with coloured condom impressed inside plastic block with the name Score on the outside* (143/81) besin die Raad nie oor die vraag of die betrokke sleutelhouer 'n publikasie en/of voorwerp soos binne die betekenis van die woordbepalingsartikel (artikel 47(1)(xvii)) is nie. In die slot van die uitspraak blyk dit egter dat die Raad dit wel as 'n publikasie/voorwerp beskou en beslis dat dit as sodanig ongewens is: "*The appeal accordingly fails and the decision of the Publications Committee that the publication/object is undesirable is confirmed*".

#### 13.1.4 Verbod op die voortbrengs of verspreiding van ongewenste publikasies/voorwerpe

Strauss *et al* (1976:115) wys daarop dat artikel 36 se algemene uitgangspunt rakende die beheer van publikasies en voorwerpe daarop neerkom dat niemand 'n publikasie of voorwerp of uitgawe daarvan, wat volgens die beslissing van 'n publikasiekomitee ongewens is, mag voortbring, versprei, besit of invoer nie. "*Voorafgaande voorlegging en goedkeuring deur 'n komitee van publikasies en voorwerpe word egter nie vereis nie. Iemand wat 'n beslissing wil verkry, moet 'n aansoek aan die direkteur voorlê.*"

## 13.2 Maatstawwe vir ongewenste bevestigings

### 13.2.1 Maatstawwe ooreenkomstig No. 42 van 1974

Die Wet op Publikasies gee in artikel 47(2) die volgende maatstawwe vir die bepaling van ongewensheid:

Stof (publikasies/voorwerpe) sal ongewens wees indien dit of 'n deel daarvan:

- (a) onbetaamlik of onweloweglik of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is;*
- (b) godslasterlik is of vir die godsdienstige oortuigings of gevoelens van enige bevolkingsdeel van die Republiek aanstootlik is;*
- (c) enige bevolkingsdeel van die Republiek belaglik of veragtelik maak;*
- (d) vir die betrekkinge tussen enige bevolkingsdele van die Republiek skadelik is;*
- (e) vir die veiligheid van die Staat, die algemene welsyn of die vrede en goeie orde nadelig is;*
- (f) met betrekking tot geregtelike verrigtinge -*
  - (i) enigiets openbaar maak wat onbetaamlik of onweloweglik is of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is;*
  - (ii) onbetaamlike of onweloweglike mediese, chirurgiese of fisiologiese besonderhede openbaar maak, waarvan die openbaarmaking waarskynlik vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik sal wees.*

Slegs artikel 47(2)(a), naamlik dat stof ongewens sal wees indien dit of 'n deel daarvan onbetaamlik of onweloweglik of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is, is in die studiegebied tersaaklik.

### 13.2.2 'Onbetaamlik' of 'onweloweglik'

Die Wet omskryf nie die woorde *onbetaamlik of onweloweglik* (wat in Engels bekend staan as *indecent or obscene*) nie.

#### 13.2.2.1 Tersaaklike regspraak

Van Rooyen (1978:67) wys daarop dat die Appèlraad na vroeëre regspraak en buitelandse omskrywings van die woorde moes kyk ten einde te kon bepaal wat die terme beteken. Die slotsom waartoe die Raad geraak het, was dat 'n enger betekenis aan die woorde toegeskryf moet word, dat hulle sinoniem is en dat hulle veral op naaktheid en seksuele aangeleenthede betrekking het. Volgens Van Rooyen (1978:67) word die volgende omskrywing as grondslag gebruik: "*n Publikasie ensovoorts is onbetaamlik of onweloweglik indien dit òf die strekking het om wellus uit te lok òf 'n eerbiedige of sieklike behandeling van seks of naaktheid inhou, òf die strekking het om seksuele prikkeling (in teenstelling met wellus) op te wek in verband met tonele of beskrywings van geweld, wreedheid of brutaliteit.*"

#### 13.2.2.2 Aanstootlik vir die openbare sedes

Van Rooyen wys ook daarop dat die begrip *aanstootlik vir die openbare sedes* te doen het met stof wat vir die gemeenskapsopvatting "*walglik, afskuwekkend of pynigend*" is. Dit beteken dat die blote skending, ergerlike skending of skending wat misnoegdheid tot gevolg het nie voldoende is nie. Die Raad verwys na die uitspraak van Publications Control Board v Gallo (Africa) (Pty) Ltd 1975(3) SA 665 (A) vir gesag in dié verband.

Volgens Van Rooyen (1978:67) is voorbeelde van aanstootlike stof "*die oormatige en on-funksionele gebruik van ongure taal, die weergawe van oormatige geweld en 'n skaamtelose*

*behandeling van ontlasting. By 'skadelik vir die openbare sedes' gaan dit weer om die weergawe van die onsedelike as normaal en natuurlik, bevredigend en reg."*

### 13.2.2.3 Skending van die sedes

Van Rooyen (1984:6) wys daarop dat 'n sede slegs op skadelike wyse geskend is indien 'n wesentlike aantal normale waarskynlike lesers as gevolg van die lees van die betrokke artikel of die sien van die rolprent meer geneig sal wees om die betrokke sede te oortree.

### 13.2.3 Uitleg van die Wet

Van Rooyen (1987:8) sê ook dat die Appèlraad woorde op so 'n manier moet uitleg dat die inbreukmaking op bestaande regte minimaal is. Afgesien daarvan dat die Wet in terme van die gemene reg uitgelê moet word wat die vryheid van uitdrukking en godsdiens erken, word die Wet ook kragtens Rumpff AR se uitspraak in die Heinemannsaak (waarin Wilbur A. Smith se debuutwerk, *When the Lion Feeds* kragtens die 1963-Wet se verbod op appèl geneem is) uitgelê: *"The freedom of speech - which includes the freedom to print - is a facet of civilisation which always presents two well-known inherent traits. The one consists of the constant desire by some to abuse it. The other is the inclination of those who want to protect it to repress more than is necessary. The latter is also fraught with danger. It is based on intolerance and it is a symptom of the primitive urge in mankind to prohibit that with which one does not agree. When a Court of law is called upon to decide whether liberty should be repressed - in this case the freedom to publish a story - it should be anxious to steer a course as close to the preservation of liberty as possible. It should do so because freedom of speech is a hard-won and precious asset, which is easily lost. And in its approach to the law, including the statute by which the Court may be bound, it should assume that Parliament, itself a product of political liberty, in every case*

*intends liberty to be repressed only to such an extent as it in clear tones declares, and, if it gives a discession to a Court of law, only to such extent as is absolutely necessary".*

#### 13.2.4 Riglyne: wat is onbetaamlik/onwelvoeglik

##### en wat nie?

Van Rooyen (1987:11) wys ook daarop dat onwelvoeglike of onbetaamlike (obsene) stof stof is wat "*blatantly violates privacy*".

Die volgende riglyne ter bepaling van die vraag of stof onwelvoeglik of onbetaamlik (obseen) is of nie, is deur die Appèlraad neergelê:

*'n Publikasie mag die immorele tot tema hê; geen tema of onderwerp as sodanig is verbode nie. 'n Publikasie hoef nie 'n "tract on morality" te wees of 'n bydrae tot die bevordering van moraliteit te lewer nie; die vryheid van uitdrukking sluit beide die reg om te skryf en om 'n verhaal te lees in; vryheid van godsdiens is 'n gevestigde reg kragtens die gemene reg; letterkunde en drama funksioneer binne 'n onvolmaakte wêreld; die waarskynlike leser se standaard is toepaslik wat moraliteit betref; passasies mag nie in isolasie beoordeel word nie; alle verwysing na 'those whose minds are open to such influences' kragtens die 1868-Hicklintoets is nie geldig nie; swak smaak en vulgariteit kom ook nie op obseniteit neer nie; 'n skrywer of verspreider se motief is irrelevant; publisiteit wat byvoorbeeld as gevolg van 'n publikasie se sensuurgeskiedenis ontstaan, is irrelevant wanneer die waarskynlike leserskring bepaal word; "fear of allowing material only because it may form a precedent for later cases is an improper basis for adjudication" (p. 12); indien 'n publikasie toegelaat word, beteken dit nie noodwendig dat dit die Raad se goedkeuring wegdra nie, maar kom eerder daarop neer dat die Raad beslis het dat sodanige publikasie deur die redelike kyker of die gemiddelde volwasse Christen in die lig van al die tersaaklike omstandighede verdra*



sal word; 'n publikasie behoort slegs ongewens bevind te word indien dit absoluut noodsaaklik is om dit aldus te bevind.

### 13.2.5 Obseniteit: veranderende betekenisinhoud

Dhavan (1978:62) wys daarop dat nie net die gemeenskapstandaard of opvatting ten op sigte van wat onweloweglik of onbetaamlik is, verander nie, maar dat dit dikwels ook gebeur dat die term *obseniteit* self op verskillende wyses deur verskillende mense vertolk word en dat die betekenisinhoud daarvan nie konstant is nie: "*The interpretation of obscenity laws is subject to considerable change: often the decision rests in the hands of 'democratic' bodies like local councils, sometimes it rests in the hands of a jury and more often than not in the hands of a judge. In the sixties in England, the definition of obscenity changed to such an extent that obscenity legislation was interpreted to cover not just sex but also violence and the propagation of drugtaking*".

### 13.2.6 Obseniteit en die 'redelike leser'

Van Rooyen (1987:12) wys daarop dat gemeenskapstandaarde nie as kriterium toegepas kan word wanneer besluit word of stof onbetaamlik of onweloweglik (obseen) is of nie. Die rede waarom die maatstaf nie toegepas kan word nie, is omdat dit neig om idealisties en by tye preskriptief te wees. Daarom word die kriterium, naamlik die *redelike leser se verdraagsaamheid*, toegepas: "*This test is a fictional, legal test, not to be confused with the so-called average man test, which is often determined with reference to the average scholastic and cultural development of subjects of a country*". Dit gaan uiteindelik dus nie om moraliteit nie, maar die mate waarin dit redelik is om 'n sekere inbreukmaking op moraliteit of godsdienst in die belang van kuns, letterkunde, drama, volwassenes se vryheid van keuse, en vermaaklikheid in die algemeen toe te laat. Die

term *die redelike kyker/leser* word egter makliker in die praktyk verstaan en dit word makliker in verband met die lesende en kykerspubliek se reaksies gebring. 'n Beoordelaar moet dit egter altyd in gedagte hou dat "*reaction per se is not a test: reaction must be modified by the protection the Act gives to minority interests*".

### 13.2.7 Die veranderende gemeenskapsopvatting

Die volgende faktore word volgens Van Oordt (1980:44-47) in ag geneem by die bepaling van wat die gemeenskapsopvatting is:

a) *Dat die strewe van die volk van die Republiek van Suid-Afrika om 'n Christelike lewensbeskouing te handhaaf by die toepassing van die Wet op Publikasies erken word;*

b) *Dat die beskouings van die gewone lid nie ooreenstem met die beskouings van 'n besondere belangegroep nie, maar dat hy 'n gebalanseerde oordeel vel. Die peiling geskied nie op 'n letterkundige vlak nie, maar met die inagneming van 'n wye spektrum van waardes. Die Wet self gee geen spesifieke voorkeur aan publikasies met letterkundige meriete nie;*

c) *Dat verderwing of ontaarding nie 'n vereiste is vir ongewenstheid nie;*

d) *Dat die waarskynlike leser (altans tot en met die Magersfontein-beslissing) nie in ag geneem mag word nie;*

e) *Dat die doel van die outeur nie in ag geneem mag word nie. Die werk moet beoordeel word. Die status van die outeur is ook irrelevant;*

f) *Dat letterkundige waarde, as faktor, verdraagsaamheid verhoog teenoor ongure taalgebruik of beskrywings; letterkundige waarde is egter 'n waarde wat nie hoër is as ander waardes nie. Dit moet met ander waardes vergelyk en daarteen opgeweeg word;*

g) *Dat ernstige literatuur hoë verdraagsaamheid verdien;*

h) *Dat funksionaliteit en strukturele gepastheid verdraagsaamheid verhoog;*

i) *Dat onfunksionaliteit nie noodwendig op ongewensheid uitloop nie;*

j) *Dat die gemeenskap verdraagsamer is teenoor die geskrewe woord as die oudio-visuele, omdat eg. privaat gelees word;*

k) *Dat enige tema behandel mag word - selfs die immorele, en dat behandeling nie 'n bydrae tot moraliteit hoef te maak nie. Kom die behandeling egter byvoorbeeld neer op 'n weergawe van die onsedelike as die sedelike, is die behandeling ongewens selfs al is die boodskap van die geheel nie ongewens nie, en kan dele as sodanig ongewens wees;*

l) *Dat hy (die gemiddelde lid) eers besluit na ernstige oorweging en voorligting deur deskundige en verantwoordelike leiers en dat hy selfs verdraagsaam moet wees teenoor dit wat hy nie altyd verstaan nie; dat hy dus die letterkundige peil en styl erken, maar dit op die ou end moet opweeg teen sy verdraagsaamheidsgraad. Ook hierdie verdraagsaamheid moet deur die bril van die Wet beoordeel word. Dit is nie wat blote ergerlikheid tot gevolg het nie, maar alleen dit wat walglik, afskuwekkend of pynigend is, wat 'aanstootlik' vir die openbare sedes is; dit is ook nie die blote behandeling van die seksuele wat 'onbetaamlik' of 'onweloweglik' is nie, maar wel die sieklike of skaamtelose behandeling daarvan;*

m) *Dat die vraag nie alleen is hoe dit hom persoonlik raak nie, maar hoe dit die verskillende lae van die gemeenskap sal affekteer; hy 'bespiegel' oor die sedes van die hele gemeenskap, met inbegrip van die voorbeeld wat daar vir jongmense op sedelike vlak gestel word. Hier neem hy ook in ag dat die meer ontwikkelde mens verdraagsamer is as die man met 'n gemiddelde geleerdheid.*

n) *Dat die feit dat daar aanstootliker stof as die publikasie in omloop is, juridies irrelevant is, omdat daar geen preventatiewe sensuur is nie;*

o) *Dat die gemeenskapsopvatting nie noodwendig ooreenstem met wat daaglik gedoen word nie, maar dat dit ooreenstem met wat behoort te gebeur; en*

p) *Dat die gemeenskapsopvatting van veranderende aard is.*

### 13.2.8. Die veranderende gemeenskapsopvatting

#### kom wêreldwyd voor


Downs (1968:51) wys daarop dat die veranderende gemeenskapsopvatting nie net tipies van Suid-Afrika is nie, maar dat dit wêreldwyd voorkom: *"It is only a hundred years since Robert Browning's Man and Woman was widely denounced as immoral, ninety five years since Walt Whitnam was accused of writing obscene literature and discharged from the Interior Department for Leaves of Grass; 75 years since Mark Twain's Huckleberry Finn was termed unfit reading for 'pure minded lads' and Hawthorne's Scarlet Letter was condemned for 'perpetrating bad morals' and described as a 'brokerage of lust'".*

Warnock (1971:3) wys op die onweerlegbare feit dat opvattinge verander. *"On questions on what is right or wrong in human conduct, good and bad, admirable or otherwise, in hu-*

man character, one's views change from time to time; the orthodoxies of one's own circle or society on these matters are apt not be the same at one date as at another; and of course, if one brings in other societies and other ages, this diversity increases almost without assignable limit. Even a very sketchy acquaintance with history and anthropology may make one hesitate to assume that there is any way of behaving, considered, say, wrong at one time and place, which has not been considered unobjectional, or even virtuous, at another".

Ludorf R wys in Lindburg v Publications Control Board 1968(4) SA 311 op 313 op die feit dat die gemeenskapsopvatting of standaard verander: "Stories with a sexual portent which in Victorian times may have brought upon the teller the fury of the populace may today simply be a source of mirth." Soos wat die gemeenskapsopvatting of standaard in ooreenstemming met veranderende omstandighede verander en dit op sy beurt meningsveranderinge tot gevolg het, moet die sensor/publikasiekomitee/Appèlraad daarvan kennis neem.

Davies (1978:16) stel die veranderende gemeenskapsopvatting skematies soos volg voor:



### 13.2.9 Verskeie faktore speel 'n rol

Wanneer met die begrip, *gemeenskapsopvatting*, gewerk word, word aanvaar dat die *opvatting* dié van die breë gemeenskap is. Dat dit 'n *gerieflike* maatstaf eerder as 'n *akurate* maatstaf is, blyk duidelik wanneer navorsing ten opsigte van individuele response gedoen word.

Van Deventer (1987:3) haal Cline (1974:191) aan waar hy sê: "*For any given stimulus some persons are more likely to judge it obscene than others, and for persons of a given psychological or social type, some erotic themes are more likely to be judged obscene than are others. In general, persons who are ... less experienced with erotic materials are more likely to judge a given stimulus obscene.*" Hy geraak op grond van die aanhaling tot die gevolgtrekking dat "*verskillende individue blootstelling aan 'n erotiese medium verskillend beleef, verskillend daarop reageer en materiaal van hierdie aard ten einde laas ook verskillend beoordeel*".

Hy wys verder (1987:171) daarop dat verskeie faktore 'n rol in die ontvanger se reaksie speel wanneer hy aan erotiese rolprente blootgestel word, naamlik (1987:75): "(a) *die predisposisie van die ontvanger, (b) die konteks waarin die boodskap oorgedra word, (c) verskeie demografiese veranderlikes, (d) die ontvanger se geskiedenis van vorige blootstelling, asook, (e) die fisieke, psigologiese en selfs geografiese milieu waarin die speelprentboodskap oorgedra word*", en sy geslag, dit wil sê, of die ontvanger 'n man of 'n vrou is.

### 13.2.10 Moraliteit en sensuur

Warnock (1971:1) wys daarop dat die begrip *moraliteit* 'n begrip is wat nie duidelik afgebaken kan word nie. Hy wys by wyse van 'n voorbeeld op goeie en swak karaktereien-

skappe en sê dat dit nie altyd moontlik is om te bepaal watter van daardie eienskappe *morele eienskappe* is nie. *"When one considers that a particular act, or a particular way of behaving, is, for instance wrong, may one not quite often be uncertain whether or not it is morally wrong? It is clear enough that there are good things to do that are not morally good, and bad things to do that are not morally bad, but, for instance, bad policy or bad manners; but how clear is it where, or why, the line is to be drawn?"*

Downs (1968:55) voer aan dat die menslike natuur van so 'n aard is dat hy 'n boek wil lees juis omdat dit verbied is en dat hierdie tipiese menslike kenmerk tot gevolg gehad het dat boeke wat andersins middelmatige mislukkings sou gewees het, oornag in blitsverkopers omskep is. Hy wys ook daarop dat idees nie deur onderdrukking vernietig kan word nie. *"There is scarcely any record of a book's total disappearance being caused by the censor's fires. Somewhere, almost invariably, a copy has survived, which can be multiplied and passed on to succeeding generations. Only when the ideas expressed in books have lost their interest and meaning do the books vanish. The most certain way to breathe life into a book and to ensure its longevity is to prohibit its being read".*

#### 14.0 Sensuur en pornografie

##### 14.1 Twee gedagterigtings

###### 14.1.1 Pornografie - nie 'gewone' letterkunde nie

Wanneer dit by sensuur en pornografie kom, bestaan daar twee duidelike gedagterigtings. Sensuur is al dikwels in die verlede geregtig op grond daarvan dat dit sou voorkom dat pornografie vryelik beskikbaar sou wees. Die Appèlraad op Publikasies vind dit trouens nog steeds nodig om gereeld daarop te wys dat die wyse waarop die Wet

uitgelê word en die heffing van bepaalde beperkings soos 'n ouderdomsoplegging of die bepaling dat 'n rolprent slegs in 'n sogenaamde kunsteater vertoon mag word, nie daarop gemik is om sagte of harde pornografie deur te laat nie. Waar die gemeenskap in die breë sy afkeur teen sensuur uitgespreek het, het hy dikwels bygevoeg dat 'gewone' publikasies nie aan sensuur onderwerp moet word nie, maar dat pornografiese materiaal wel deur sensuur getref moet word.

Aangesien die Appèlraad self nog nie gepoog het om tydens 'n tersaaklike beslissing 'n duidelike onderskeid tussen erotiese literatuur, 'sagte' en 'harde' pornografie te tref nie, word dié gebied nie in besonderhede in die studie aangesny nie. Daar word egter kennis geneem van die feit dat die pornografie-debat in onder meer in Amerika en Brittanje gevoer word.

#### 14.1.2 Verdeeldheid onder feministe

Daar is op die oomblik 'n hewige debat onder feministe in Amerika en Engeland aan die gang oor die vraag of sensuur hoegenaamd ten opsigte van pornografie toegepas moet word of nie - vergelyk onder meer Burstyn *et al* (1985) se **Women Against Censorship**, Griffin (1982) se **Pornography and Silence**, Goldstein en Kant (1973) se **Pornography and Sexual Deviance**, Kappeler (1968) se **The Pornography of Representation**, Faust (1986) se **Women, Sex and Pornography**, Dworkin (1981) se **Pornography - Men Possessing Women** en Moss (1968) se **Readings for Composition by Logic**.

#### 14.2 Navorsingsbevindings

Alhoewel die vraag of sensuur gewens is al dan nie buite die bestek van hierdie studiegebied val, moet daarop gewys word dat kennis geneem is van heelwat navorsing



wat in dié verband gedoen is. Die navorsing kan breedweg in vier denk- of benaderingstrome verdeel word, naamlik om uit 'n *sedelike oogpunt* aan te dui watter skadelike uitwerking 'n 'onbeheerde publikasie' sedelik gesproke op die gemeenskap kan hê; uit 'n *letterkundige oogpunt* om te kyk of fiksie met hoë literêre meriete inderdaad 'obseen' kan wees en sodoende 'n nadelige uitwerking op die gemeenskap kan hê - vergelyk hier onder meer Rolph (1969) se **Books in the Dock**, Rembar (1969) se **The End of Obscenity** en Thomas (1969) se **A Long time Burning**; uit 'n *regsoogpunt* om aan te dui in watter mate sensuur inbreuk op die individu se vryheid maak - vergelyk byvoorbeeld Robertson (1979) se **Obscenity. An Account of Censorship Laws and their Enforcement in England and Wales**; Schalken (1972) se **Pornografie en Strafrecht**; en Sutherland 1982 se **Offensive Literature - Decensorship in Britian from 1960-1982**; uit 'n *sielkundige en seksiologiese oogpunt* om te toon dat seksueel 'eksplosiewe stof en/of obsene stof' op terapeutiese wyse aangewend kan word - vergelyk in laasgenoemde geval veral Yaffe en Nelson (1982) in **The Influence of Pornography on Behaviour**, en Dhavan en Davies (1978) in **Censorship and Obscenity**.

### 14.3 Moraliste en Kousaliste

Volgens Davies (1978:22) kan beide diegene wat vir en teen sensuur is, in *moraliste* en *kousaliste* verdeel word. Davies (1978:26) haal Sir A.P. Herbert aan as voorbeeld van hoe die moralis die saak benader: "*I am against real pornography which I could easily tell, keeping out the stuff which is not written for art. I want art for art's perfections to come in and dirt for dirt's to be prosecuted and thrown away. I do not think either do much harm but we do have to agree with society which is against dirt for dirt's sake.*" Die kousaliste daarenteen is uit die aard van die saak negatiewe utilitariste, dit wil sê, hul glo daaraan om nadeel, ongelukkigheid, ensovoorts, te minimaliseer eerder as om geluk te maksimaliseer. Die moraliste laat hul glad nie daarvoor uit of sulke 'ongewenste' stof enigsins plesier verskaf of nie.

Die moraliste wat pro-sensuur is, glo dat pornografie vir sommige mense aanstootlik is en dat dit ongewenste gedagtes en gevoelens in ander wakker maak. Die moraliste wat teen sensuur gekant is, glo dat sensuur 'n ontkenning van die basiese reg op die vryheid van spraak is en dat sensuur ontwikkeling of groei op die gebied in die letterkunde, die kuns, die rolprent, ensovoorts kan meebring. Die kousaliste wat pro-sensuur is, glo dat pornografie veroorsaak dat sy lesers op 'n misdadige of anti-sosiale wyse optree. Die kousaliste wat teen sensuur gekant is, beweer dat pornografie nie veroorsaak dat die lesers daarvan hul op 'n misdadige of anti-sosiale wyse gedra nie en dat dit selfs tot gevolg mag hê dat sulke lesers hul - as gevolg van die feit dat hul pornografie lees - nie meer op dié wyse gedra nie.

#### 15.0 Toepassing van die

##### **Wet op Publikasies (No. 42 van 1974)**

Dié Wet wat op 1 Oktober 1974 goedgekeur is, op 1 April 1975 in werking getree het en waarvan die Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken is, is al telkemale gewysig sodat die oorspronklike Wet op Publikasies No. 42 van 1974 gewysig is deur die volgende: Wysigingswet op Publikasies, No. 79 van 1977, Wysigingswet op Publikasies, No. 109 van 1978, Wysigingswet op Publikasies, No. 44 van 1979, Wet op Egskeiding, No. 70 van 1979, Wysigingswet op die Registrasie van Nuusblaai, No. 98 van 1982, en Wysigingswet op Publikasies, No. 60 van 1986.

Die administratiewe organe wat deur die 1974-Wet geskep is, kan in drie afsonderlike liggamme verdeel word, naamlik die Direktoraat, die Publikasiekomitee en die Appèlraad. Die drie organe is aangestel om die beheer van ongewenste stof te implementeer.

### 15.1 Die Direktooraat

Die Direktooraat se pligte is hoofsaaklik van 'n administratiewe aard, maar sluit ook onder sekere omstandighede die reg van appèl in. Die Direktooraat bestaan uit 'n Direkteur van Publikasies, 'n Adjunk-Direkteur en hoogstens drie onder-direkteure wat deur die Minister aangestel word en persone moet wees wat na sy oordeel uit hoofde van hul opvoedkundige kwalifikasies en kundigheid geskik is om die werksaamhede wat kragtens hierdie Wet aan die Direktooraat opgelê word, te verrig.

Die Minister besluit waar die Direktooraat se setel sal wees. Dit is tans in Kaapstad. Die Direktooraat se funksies word in artikel 3 van die Wet uiteengesit en is hoofsaaklik van 'n administratiewe aard.

### 15.2 Die Publikasiekomitee

Die Direktooraat stel uit die lys name wat die Minister jaarliks kragtens artikel 5 saamstel, die getal komitees aan wat hy vir die bereiking van die oogmerke van die Wet nodig ag. Hy stel ook die lede se ampstermyn vas. Die Direktooraat bepaal uit hoeveel lede elke komitee sal bestaan, en wie die voorsitter van so 'n komitee sal wees indien twee of meer kandidaat-voorsitters van dieselfde komitee aangestel word. Die komitee besluit oor ongewenstheid of andersins van publikasies of voorwerpe, rolprente en openbare vermaak.

Prinsloo (1979:41) wys daarop dat die lede van die publikasiekomitees oor 'n gespesialiseerde kennis van die doel en inhoud van die Wet op Publikasies moet beskik en dat hul agtergrond en werksonstandighede van so 'n aard moet wees dat hulle in staat sal wees om die gemeenskapsopvatting te peil.

### 15.3 Die Appèlraad

Die Appèlraad is 'n administratiewe owerheidsorgaan. Die Raad bestaan kragtens artikel 35(2)(a) "*uit minstens sewe lede*" van wie een as voorsitter optree. Die voorsitter word deur die Staatspresident vir 'n tydperk van 5 jaar aangestel. Die voorsitter moet na die oordeel van die Staatspresident bevoeg wees om as voorsitter van die Appèlraad waar te neem uit hoofde van sy bekleding van 'n geregtelike amp of deur ondervinding wat hy as advokaat of prokureur of dosent in die regsgeleerdheid aan 'n Universiteit vir 'n tydperk van ten minste 10 jaar opgedoen het. Hierdie kwalifikasievereistes is die vereiste *ratione personae* vir die verrigting van geldige administratiewe handeling deur die Appèlraad. Prof. J.C.W. van Rooyen is tans die voorsitter van die Appèlraad.

#### 15.3.1 Samestelling van die Appèlraad

Die Appèlraad op Publikasies word so dikwels as wat nodig is, saamgestel om die werksaamhede te verrig wat kragtens die Wet aan die Appèlraad opgedra word. Die beslissing van die Appèlraad geld net soos die van die Direkoraat en komitees binne die territoriale grense van die Republiek en die gebied Suidwes-Afrika. Luidens artikel 35(7) maak "*sewe lede van die Appèlraad (...) 'n kworum uit*" en kan die voorsitter kragtens artikel 35(8) "*na goeddunke iemand raadpleeg wat na die oordeel van die voorsitter 'n deskundige is oor 'n aangeleentheid betreffende die werksaamhede van die appèlraad.*"

#### 15.3.2 Die Appèlraad beslis slegs oor

**publikasies/voorwerpe wat op appèl  
verwys word**

Anders as die Publikasiekomitees en die advieskomitees beslis die Appèlraad nie in die eerste instansie oor die ongewenstheid of nie-ongewenstheid van publikasies, voorwerpe, rolprente of openbare vermaaklikhede nie. Sy werksaamhede behels die verhoor van appèlle wat deur die Direktoraat of die Minister van Binnelandse Sake na hom verwys is. Sodoende word beheer oor die Publikasiekomitee se beslissings uitgeoefen. Die Appèlraad is ook vir die tersydestelling of bekragtiging van besitsverbodings ten opsigte van publikasies of voorwerpe wat deur die Publikasiekomitees opgelê word, verantwoordelik.

Wanneer 'n dispuut tussen twee partye, naamlik die belanghebbende (uitgewer, impressario, platemaatskappy, rolprentverspreider, ens.) en die Direktoraat of Publikasiekomitee ontstaan, word die uitspraak op appèl na die Appèlraad verwys.

### 15.3.3 Die Appèlraad se beslissing is nie finaal nie

Prinsloo (1979:102) sê dat die vraag of die beslissings van die Appèlraad finaal is van deurslaggewende belang is. *"n Beslissing is finaal wanneer dit nie later deur dieselfde orgaan of 'n orgaan met mindere, of gelyke bevoegdheid ter syde gestel kan word nie, maar slegs deur 'n hoër orgaan op appèl of hersiening"*.

Prinsloo (1979:125) wys daarop dat die Appèlraad se uitspraak nie finaal is nie aangesien daar in artikel 13.7 bepaal word dat 'n beslissing van die Appèlraad kragtens artikel 13 by die toepassing van die Wet geag word, 'n beslissing van 'n komitee te wees en dat artikel 15 bepaal dat 'n belanghebbende party na 2 jaar na die Appèlraad se beslissing bekend gemaak is weer kan aansoek doen dat 'n komitee oor dieselfde objek moet beslis.

Indien die Appèlraad kragtens artikel 15 tot 'n beslissing geraak dat 'n publikasie of voorwerp of uitgawe daarvan nie ongewens is nie, is so 'n beslissing finaal aangesien dit

nie deur die Publikasiekomitees of Appèlraad self gewysig kan word nie. Indien die Appèlraad egter beslis dat 'n publikasie of voorwerp wel ongewens is, is so 'n uitspraak nie finaal nie.

Die Appèlraad se bevoegdhede ten opsigte van appèlle teen die Direktoraatbeslissings word in artikel 40 uiteengesit. Die Appèlraad kan ingevolge artikel 40 'n weiering deur die Direktoraat om 'n permit of vrystelling toe te staan, bekragtig, wysig of intrek. Die Appèlraad kan ook insgelyks enige voorwaarde wat deur die Direktoraat opgelê is, bekragtig, wysig of intrek. Volgens Prinsloo (1979:102) is daar *"nêrens in die Wet 'n aanduiding dat 'n beslissing van die Appèlraad kragtens hierdie bepaling deur die Direktoraat of Appèlraad herverhoor of heroorweeg kan word nie. Gevolglik moet aanvaar word dat hierdie beslissing van die Appèlraad 'n regsprekende handeling is omdat dit ook bindend en finaal is. Hierdie geval is in ooreenstemming met die algemene reël dat beroep op 'n selfstandige administratiewe hersieningsliggaam in 'n administratiewe kontroleverhouding aanleiding gee tot regspraak deur die hersieningsliggaam"*.

Wanneer 'n saak deur die Appèlraad verhoor word, moet alle beskikbare getuienis tydens die ondersoekstadium versamel en oorweeg word. Tydens die stadium waar die getuienis oorweeg word, moet die Appèlraad die reëls van die Bewysreg toepas ten einde te bepaal watter getuienis tersaaklik is en watter nie, en watter toelaatbaar is en watter nie, en om te bepaal in watter mate daar aan die maatstawwe vir die bewys van tersaaklike feite van enige bevoegde beslissing voldoen is (Prinsloo 1979:108).

#### 15.3.4 Die Komitee van Deskundiges

Die Appèlraad mag persone gelas om getuienis onder eed af te lê ten einde 'n volledige beeld van die aard van die objek wat vir ondersoek aan hom voorgelê is, te verkry. Des-

kundiges se advies mag dan ook oor die objek wat ondersoek word, ingewin word. Die Komitee van Deskundiges wat kragtens artikel 35A benoem kan word om die Appèlraad te adviseer, speel sedert 1980 'n toenemend belangrike rol.

Die Komitee van Deskundiges word deur die Minister uit hoofde van die lede se opvoedkundige kwalifikasies en besondere kennis van en ondervinding in kuns, taal en letterkunde aangestel om die Appèlraad ten opsigte van 'n publikasie of voorwerp of 'n uitgawe van 'n publikasie of voorwerp, of 'n rolprent, of 'n openbare vermaaklikheid of voorgename openbare vermaaklikheid wat deur die Appèlraad kragtens die Wet ondersoek word, van advies te dien.

Die Voorsitter van die Appèlraad stel elke jaar 'n lys name van persone op en nadat die Minister die nuwe lede aangewys het, moet die lys van tyd tot tyd aangevul word. Sedert die aanstelling van die Komitee van Deskundiges is daar nog niemand uit die Provinsie van Natal of KwaZulu aangestel om in so 'n komitee te dien nie.

Die Komitees van Deskundiges is nie met owerheidsgesag bekleed nie en is gevolglik nie administratiewe owerheidsorgane nie. Die komitee se uitsluitlike funksie is om die Appèlraad van advies te dien en daar word nêrens in die Wet aangedui of bepaal dat die Raad dié advies moet aanvaar nie - die Raad is slegs verplig om so 'n Komitee van Deskundiges se advies te oorweeg - vergelyk artikel 35A.6 waarin bepaal word dat die advies van enige minderheidsmenings (as daar is) deel uitmaak van die stukke waarin die Appèlraad redes moet verstrek.

#### 15.3.5 Advieskomitees

Die advieskomitees is spesialisorgane uit die Indiër- en Kleurlingbevolkingsdele wat respektieflik aangestel word om die komitees oor die belange van die genoemde

bevolkingsdele te adviseer. Die soort advies wat deur die advieskomitees voorgelê moet word, hou byvoorbeeld verband met enige vrae rakende die vertoning van rolprente aan (onderskeidelik) Kleurlinge en Indiërs wat deur die Publikasiekomitees na die onderskeie Advieskomitees verwys word.

Prinsloo (1979:91) wys daarop dat 'n publikasiekomitee verplig is om aan die advies van die Advieskomitee gevolg te gee en daarom "*verrig die Advieskomitees in hierdie gevalle in werklikheid administratiewe handelinge in die uitoefening van owerheidsgesag, en dien die Komitees slegs as geleibuisse oor die beslissings van die Advieskomitees*". Prinsloo (1979:94) wys ook daarop dat die Kleurlingadvieskomitee en die Indiëradvieskomitee slegs regsgeeldiglik oor 'n rolprent in terme van artikel 47(2) kan beslis indien die belange van die hele Kleurling- of Indiërbevolkingsdeel as sodanig deur daardie beslissing ten grondslag gelê sal word.

Van Rooyen (1978:37) huldig die volgende mening oor 'n Advieskomitee se bevoegdheid: "*Die bevoegdheid van die advieskomitee strek alleen uit oor die oplê van voorwaardes ten aansien van die groep waaroor die advieskomitee bevoegdheid het. Indien die advieskomitee byvoorbeeld sou sê dat die rolprent vir die betrekkinge tussen die wit en swart bevolkingsdele skadelik is, sal die komitee nie verplig wees om hierdie advies te volg nie, want dan neem hulle die bevoegdheid van die komitee self oor. Alleen die komitee kan oor ongewenstheid beslis.*"

#### 16.0 Die uitoefening van publikasiebeheer

##### **kragtens die Wet op Publikasies No. 42 van 1974**

Ten spyte daarvan dat sensuur vandag minder streng toegepas word as wat dit byvoorbeeld in die sestiger- en sewentigerjare of selfs in die vroeë tagtigerjare toegepas word, is



dit steeds 'n feit van die Suid-Afrikaanse bestel dat 'n bepaalde groep persone *betaal* word om individue teen hulself te beskerm - ten koste van ander se vryheid en liberaliteit, en om 'n bepaalde ideologie af te dwing ten einde die heersende *status quo* te bewaar. Die vraag of sensuur afgeskaf behoort te word of nie, word dikwels gestel.

#### 17.0 Afskaffing van sensuur

Elliot (1968:84) voer ses argumente aan waarom sensuur afgeskaf behoort te word. Hy glo dat die eerste drie besonder geldig is en dat die laaste drie minder oorredend, maar tog geldig is: "(1) *No law can be framed as to provide a clear and sure guide to bureaucrats, policemen, judges, and juries. (2) It is very hard to demonstrate that pornography does in fact injure many people severely, even adolescents, for if the desire to brake taboos is satisfied imaginatively, it is less likely to issue in anti-social acts. (3) The less power the State and the police have the better. (4) Decent citizens can by their very disapproval segregate pornography without assistance from the State. (5) It is arguable that some people are rendered socially less dangerous by having their sexual tensions more or less satisfied by pornography, tensions which unrelieved might well lead to much more anti-social acts. (6) In the past, censorship has not succeeded in keeping books of literary value from being read but has only attached an unfortunate prurience to the reading of them*".

#### 18.0 Ongewenste publikasies : bron

'n Mens kan vasstel of 'n publikasie ongewens is of nie, deur na **Jacobson's Index of Objectionable Literature**, wat weekliks bygewerk word, te kyk of om die **Staatskoerant**, waarin gegewens oor verbode boeke verstrek word, te raadpleeg.

## 19.0 Gevolgtrekking

Dit blyk uit bostaande gegewens dat sensuur nog nooit in enige land ter wêreld kon slaag nie en dat die meeste Westerse lande wat die stelsel implementeer het, dit met die verloop van tyd afgeskaf het. Hoe onwelkom die instelling van binnelandse sensuur in Suid-Afrika was, en hoe oortuig skrywers daarvan was dat die stelsel nie kan slaag nie, blyk onder meer uit die toespraak wat Opperman op sy sestigste verjaarsdag gemaak het en wat in *Die Burger* (30 Sept. 1975) publiseer is: "*Maar dis 'n kwade dag wanneer jou owerheid teen sy skrywers oorlog verklaar. Daardie owerheid wen nooit nie. Kyk maar hoe dinge oor tien jaar sal wees...*"

Dit blyk verder uit bostaande gegewens dat die Wet self nie tussen die verskillende soorte publikasies (boeke, rolprente, lapelwapens, plate, ensovoorts) onderskei nie en dat *presies dieselfde maatstawwe* op alle publikasies toegepas word. Maatstawwe wat aan die hand van 'n rolprent identifiseer word, word sonder wysiging op ander publikasies, soos byvoorbeeld ligte ontspanningsleesstof en/of letterkundige publikasies toegepas. Die toets is dus of die 'gegewe' voor die Appèlraad oor Publikasies 'n *publikasie* of *voorwerp* (of *rolprent* of ander *openbare vermaaklikheid*) is en nie of dit letterkunde (in die betekenis van 'n *woordkunswerk*), middelmootliteratuur, 'n 'prulwerk' of ligte ontspanningslektuur is nie.

Die verslapping van sensuur in die algemeen in Suid-Afrika dui daarop dat ook Suid-Afrika die algemene praktyk - die Staat se tussentrede kragtens die Noodmaatreëls uitgesonderd - nie meer met soveel sekerheid en oortuiging toepas nie. Dit sal ook *infra* blyk dat die Appèlraad, ten spyte van die hoë vereistes wat aan die lede en die uitleg en/of toepassing van die Wet gestel word, dikwels  *nolens volens* met die Wet omgaan en

dat selfs die soort sensuur wat nog onvermoeid in die Republiek toegepas word, grootliks en op enkele uitsonderinge na - uit 'n juridiese oogpunt beskou - klugtig is.

## HOOFSTUK 2

### IDEOLOGIE, SENSUUR EN LETTERKUNDE

John Miles (1980:61) sê die doel van sensuur is "om bepaalde ontwikkelinge teë te werk of ten minste te neutraliseer. Dit gaan om gedagterigtings wat vir die ideoloog-in-beheer na sy mening een of ander vorm van bedreiging inhou. Wat met die Afrikaanse letterkunde aan die hand van staatsensuur gebeur, is maar die spreekwoordelike toppie van die ysberg. Daaronder skuil die hele mentaliteit van afkamping van die Afrikaanse wêreld, begrensing let wel nie ter wille van Afrikaans nie maar ter beveiliging van die ideologies-nasionalistiese Afrikaner en sy stoflike besit ... Dit is die situasie van heelwat Afrikaanse skrywers: vervreem van sy owerheid wat ook sy verhouding met die leser met wette reguleer in die naam van 'n selfopgelegde verantwoordelikheid."

#### 1.0 Inleiding

##### 1.1 Die begrippe *bevolkingsdeel* en *bevolkingsgroepe*

Artikel 47(2)(b)(c) en (d) werk met die begrip *bevolkingsdeel*, maar dié begrip word nêrens in die Wet self omskryf nie. Volgens Booysen *et al* (1984:85) beteken die begrip *bevolkingsgroep*, soos wat dit in die Grondwet van 1983 gebruik word, "*die blankes, kleurlinge, of Indiërs soos omskryf in die Bevolkingsregistrasiewet 30 van 1950*" en sluit dit nie die swartes (in die etniese sin) in nie. Die Appèlraad vertolk die begrip *bevolkingsdeel* egter in sy Engelse betekenis as synde "*section of the inhabitants*". Van Rooyen (1978:97) wys daarop dat die wetgewer *bevolkingsdeel* nie met *ras* wou gelykstel nie, en sê (1978:99) dat "*'n bevolkingsdeel omskryf (kan) word as 'n wesentlike aantal mense wat vanweë 'n inherente eienskap of eienskappe hulself as 'n onderskeibare gemeenskap beskou (en) as sodanig aanvaar word.*" Hy beweer verder dat tersaaklike *inherente eienskappe* onder meer "*ras, nasionaliteit, die fenotipe, die genotipe, gewoontes, gedragspatrone, kultuur, emosies, sosiale beskouing, religieuse beginsels en taal*" insluit. Volgens Van Rooyen (1978:100) "*het die appèlraad (sic) al beslis dat daar wit, swart en bruin bevolkingsdele is; ook die Jode is as bevolkingsdeel beskou.*" Wat hier ter sake is, is dat die betrokke bevolkingsdeel se bepaalde belange (waar *belange* dieselfde betekenis het as *inherente eienskappe* soos wat dit hierbo uiteengesit is) deur die Wet beskerm moet word. Volgens Booysen *et al* (1984:89) hang dit (met verwysing na die hantering van *eie sake* kragtens die Grondwet) egter af van watter politieke en filosofiese oortuigings 'n mens aanhang of jy daarvan oortuig sal wees dat "*een bevolkingsgroep in staat gestel word om die belange van 'n ander te raak*" of nie. Dié standpunt kom daarop neer dat 'n mens se oordeel oor ander groepe/bevolkingsdele se belange *ideologies* gekleur sal wees.

## 1.2 Politieke dokument

Booyesen *et al* (1984:25) sê dat 'n konstitusie, wat in die geval van Suid-Afrika die '*grondwet*' genoem word, "*in 'n sekere sin nie net 'n gewone wet van die parlement*" is nie, maar (1984:27) dat dit "*ook 'n politieke dokument (is). In Suid-Afrika is dit veral 'n politieke dokument.*"

## 2.0 Drie groepe skrywers: Afrikaans/Engels en swart

Die opvatting dat daar 'n duidelike verskil in die wyse is waarop sensuur Afrikaanse/Engelse (of wit) skrywers aan die een kant en swart skrywers aan die ander tref, kom algemeen voor onder kritici van sensuur, soos wat dit kragtens die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974 beoefen word. Tog blyk dit by nadere ondersoek dat nie net swart skrywers nie, maar ook wit (Engelse en Afrikaanse) skrywers se werk deur politiek oorwegings getref word.

### 2.1 Duidelike tekens dat skrywers se werk deur

#### politieke oorwegings getref word

#### 2.1.2 Partypolitieke oorwegings en die swart skrywer

Die meeste skrywers beweer dat die swart skrywer eerder as die wit skrywer deur die werking van politieke motiewe getref word. Stephen Gray (1987:27-28) stel dit so: *"It is undoubtedly true that the white person who has tremendous access to the newspapers and to international protest forums gets an easier and lighter deal and, in fact, is treated rather specially, whereas an unknown black writer is terribly vulnerable and far more likely to be banned. Possibly the censors would see it on the grounds that his work is propagandistic, whereas the white's work is art. That's absolute nonsense. It is just a convenient bit of double talk to cut off more radical black thinking and to keep black writers from their audience. In the case of whites, they are not terribly worried, because a sophisticated white reader supposedly can process the reading and will not be vulnerable to its message."* Richard Rive (1987:9) wys daarop dat die verbanningsbevele wat tydens die sestigerjare op die meeste swart skrywers bestel is, tot gevolg gehad het *"that their literature was completely silenced*

*in South Africa. South African literature became white by law! (...) The literary tradition only recovered in 1970, with Sounds of a Cowhide Drum starting a completely new cycle without any precedent or bridge between that and the old."*

### 2.1.3 Partypolitieke oorwegings en die Engelse skrywer

Hierteenoor sê Nadine Gordimer (1987:44) dat die verbod op haar roman, **Burger's Daughter** (deur 'n publikasiekomitee) binnelandse en buitelandse kritiek ontlok het sodat die boek vrygestel is. Sy beweer dat "*the Government, the censors - same thing - made a sensible calculation from their point of view*" en dat 'n besluit gevolglik geneem is "*to free (the) book, let it be read and shut the mouths of people who overseas would say: 'Look, they have banned a book by this writer'*". Sy gee egter elders (1987:43) toe dat die boek twee verbode dokumente bevat het en die hoofkarakters kommuniste was en sê dan: "*Even the progressive establishment here cannot accept the fact that communists have had a necessary and good effect on politics here and on the struggle against apartheid*" wat impliseer dat sy vermoed dat die roman aanvanklik om dié eerder as die voorafgaande rede verbied is.

### 2.1.4 Partypolitieke oorwegings en die Afrikaanse skrywer

Brink (1987:58) sê na aanleiding van die verbod op **Kennis van die Aand** dat die Staat kritiek van die Engelse skrywer verwag, maar nie van die Afrikaanse skrywer nie: "*... but if an Afrikaans writer stabs his own people in the back we have to act very strongly against him*". Hy impliseer hiermee dat die verbod op **Kennis van die Aand** 'n ideologiese en politieke motivering gehad het.

## 3.0 Berigte in die pers

### 3.1 Verdeling in drie groepe deur die pers

Daar bestaan volgens die dagpers drie duidelike groepe skrywers, naamlik Afrikaanse skrywers, Engelse skrywers en swart skrywers in Suid-Afrika - vergelyk die volgende berig wat op 25 April 1980 in *The Star* verskyn het: "*Censorship in South Africa works on three levels: Black authors, who are the worst affected because bans on their books are little reported and they do not have the means to fight the system; and English authors/publishers who have such an abhorrence of the system (according to André Brink) that they regard any contact with the censors, such as resubmitting formerly banned books, as a dirtying-hands gesture. In some ways Afrikaner authors, once the favoured sons, are now worse off, for they face the full force of, if not the PCB, the fringe Establishment*". Vergelyk in die verband ook die berig wat op 18 April 1980 in *Oosterlig* verskyn het: "*Prof. Brink het gesê dis vanselfsprekend dat van die blanke skrywers van die owerheid probleme kry, maar dit is - op enkele uitsonderings na - nie vergelykbaar met die posisie van swart skrywers nie. Veral jong swart skrywers is onder ongelooflike druk en onderworpe aan agtervolging en ondervraging*".

### 3.2 Nie-gelyke behandeling: ras speel 'n rol

Die drie groepe se werk is oënskynlik veral vroeër jare as gevolg van 'n ideologiese ingesteldheid aan die kant van die Staat op 'n nie-gelyksoortige wyse deur sensuur getref. Staatsoptrede kragtens die verskillende wette waardeur voorkom is dat polities andersdenkendes se gedagtes of opvattinge versprei word, het meegebring dat talle van dié mense, onder wie verskeie swart skrywers getel het, die land verlaat het. Aangesien talle van die *verbanningsbevele* verstryk het terwyl die mense in die buiteland was, moes die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, Wet 97 van 1965, gewysig word om



hulle geskrifte te verbied. Dit het meegebring dat talle swart skrywers se werk of onder slot en grendel gehou is, of dat die werk vernietig is.

Malan (1988:12) sê: *"Daar is in dié jare ook geen geheim gemaak van die diskriminasie teen swart skrywers nie; die destydse voorsitter van die Appèlraad op Publikasies, oudregter Lammie Snyman, verklaar byvoorbeeld dat hy hoegenaamd geen kennis van swartes het nie en beskryf hulle as 'inarticulate people, who, I am sure, are not interested in censorship'. Die vrystelling van 'n aantal boeke, aanvanklik van blanke skrywers, was volgens Gordimer nie 'n groot oorwinning nie en het die sinistere implikasie dat die moeilik verkreë solidariteit tussen swart en wit skrywers verdeel kan word deur die blankes op hierdie manier te bevoordeel. Dit was ook juis 'n swart skrywersvereniging (Medupe) wat in 1977 verbied is en in die middel van die jare sewentig was daar nie minder nie as veertien wette wat 'n invloed op swartes se vryheid van uitdrukking gehad het. Dat hulle stemme juis tydens die noodtoestand deur die opheffing van die verbod op talle boeke die eerste keer in jare weer gehoor kan word, toon hoe politiek 'onskadelik' hulle stryd teen apartheid die afgelope jare geag word."*

Die verbod op **Kennis van die Aand** was volgens Malan (1988:9) die direkte oorsaak vir die stigting van die Afrikaanse Skrywersgilde in 1975. Apartheid, sensuur en verwante aangeleenthede is by talle berade in die sterkste moontlike taal afgekeur.

Die Afrikaanse tydskrif, *Donga*, het volgens die Skrywersgilde *"bestaande politieke versperrings tussen skrywers en lesers van verskillende tale en groepe probeer afbreek"* (in *Rapport* van 9 Maart 1978), maar dié tydskrif is in 1978 verbied.

#### 4. Die drie verskillende groepe

#### 4.1 Die Suid-Afrikaanse Engelse skrywers

Die Engelse skrywer, Christopher Hope (1984), het tydens 'n lesing wat hy aan die Universiteit van Natal (Durban) gehou het, gesê dat die Suid-Afrikaanse Engelse skrywer die nuwe *endangered species* is. Hugo (1975:14) is meer eksplisiet: "*It is common knowledge that many South Africans who write in English have been suppressed or alienated.*" Christopher Hope (1984) het met verwysing na Sartre se standpunt dat alle kuns deur ideologie gevorm word, gesê dat die Engelse Suid-Afrikaanse "*novelists live their lives with their ideology on their sleeves*" en dat die Engelse Suid-Afrikaanse romans "*are limited by ideology*". Ten einde te voorkom dat sy stelling in 'n vae veralgemening verval het, het hy spesifiek na die debakel om Nadine Gordimer se **Burger's Daughter** verwys. Sy standpunt ondersteun wat Hugo (1970:6) vroeër gesê het, naamlik dat George Orwell heeltemal tereg opgemerk het dat "*...no writer today is not a political writer*".

#### 4.2 Die swart skrywers

Talle Suid-Afrikaanse skrywers sê dat dit veral die swart skrywer is wat as gevolg van die botsende ideologieë of politieke verskille aan die pen ry, maar daar bestaan heelwat meningsverskil in die verband. Doreen Levin skryf byvoorbeeld in *The Sunday Times* van 20 Januarie 1980 die volgende: "*A tolerance towards black writers and a greater liberality towards creative writing on political matters is being shown by the Publications Control Board, says Professor John Dugard, a professor of law*". Swart koerante se persepsie van die saak is egter anders, want dié koerante sien sensuur as 'n politieke aanval op die swart skrywer en 'n poging om hom te onderdruk. Die swart koerante se standpunt weerspieël die swart skrywersgemeenskap se opvatting in dié verband. Die meeste skrywers het tydens die Universiteit van Kaapstad se Somerskool in Januarie 1976 met Nadine Gordimer saamgestem dat "*South Africans could not expect to rid themselves of the Publications Control Board until they got rid of apartheid*" (in Switzer 1986:474).

Die gevoel dat die swart skrywer 'n politieke teiken vir sensuur is, blyk onder meer uit die volgende vraag wat Es'kia Mphahlele (1988:58) gestel het: "*But under the directorship of the Publications Board of the first 15 years since 1963, the Government axed serious plays like Matsemela Manaka's Egoli, Zakes Mda's We Shall Sing for the Fatherland, and so on. One might examine the aesthetics that distinguish, for instance, Athol Fugard's The Blood Knot, Sizwe Bansi is Dead and Boesman and Lena from the two plays by Africans. What is it that causes some to be banned and not others?*" Nie alle swart skrywers glo egter dat hulle die 'n politieke teiken vir sensuur is nie. Ntuli (1988:134) skryf die swart skrywer se behandeling bloot aan 'n *arbitrêre werkswyse* toe: "*We have witnessed the banning of some works of black writers who use the medium of English. I have in mind artists like Muthobi Mutlootse, Siphon Sepamla and Oswald Mtshali. These writers tell of regular courtesy calls from the Security Police. Some of the books get banned and unbanned, which reflects a measure of arbitrariness in the operation of the censorship machinery.*"

In watter mate apartheid in die algemeen deur die swart skrywersgemeenskap as synde dat dit in diens van die sensuurstelsel staan, blyk uit die reaksie wat Snyman as afgetrede voorsitter van die Appèlraad ontlok het toe hy aan 'n sensuur-kongres in Kaapstad deelgeneem het. Kongresgangers het duidelik laat blyk dat sensuur as 'n *apartheidsmiddel* beskou word. Switzer (1986:227) stel dit so: "*(...) agreement existed ... that censorship was a 'tool of apartheid' and as writer Siphon Sepamla declared, apartheid should be 'got at first'.*" Snyman het hierop gereageer deur te sê dat swartes met geesdrif aan die trekarbeidstelsel deelgeneem het en gevolglik medestigters van apartheid was.

Die gehoor het begin sis en Tlali het gesê dat "*whites are so well brainwashed that nothing permeates any longer*". Dugard het blankes se gebrek aan kennis rakende die swart mening toegeskryf aan die feit dat swartes, hul politieke organisasies en skryfwerk voort-

durend verbied word. Sepamla het (in Switzer 1986:228) gesê dat kongresse soos dié bloot daarop gemik is om die probleme wat deur wit teaters, aanbieders en skrywers ondervind word, te belig terwyl geen poging aangewend word om enigiemand oor swart skrywers se probleme in te lig nie. Snyman het later tydens die kongres erken dat hy, terwyl hy en sy Appèlraad swart skrywers se werk verbied het, niks van die swart denkwyse geweet het nie.

Wanneer 'n mens egter lees dat publikasies van nege swart skrywers binne 'n tydperk van 15 maande (vanaf Januarie 1979 tot April 1980) ongewens verklaar is, word dit duidelik waarom James Mattheus op 3 Augustus 1980 die volgende aan *The Sunday Tribune* gesê het: "*It is a sad fact but 80 percent of beginner Black writers have their work banned. This sort of action destroys them*". Dit verduidelik ook waarom André P. Brink op 12 Julie 1980 die volgende aan *The Pretoria News* gesê het: "*Writers have got together to devise methods to avoid being banned or censored. Black poets, rather than have their works published, now get together in the townships for reading; playwrights have their work performed on a fly-by-night basis - here today, gone tomorrow and seen by many more before the censors can ban them; and authors getting their books published and sold before the censors even knew they were on the bookshelf*".

Nadat **Forced Landing** ongewens verklaar is, het Mothobi Motloatse aan *The Daily Despatch*, 23 April 1980:3, gesê dat swart skrywers nie meer verbaas is wanneer hulle werk verbied word nie - hulle verwag feitlik dat dit wel verbied sal word: "*The Black writer for this boldness is going to be called all sorts of names like agitator, activist and subversive simply for defending Black dignity*". Sihpo Sepamla het op 23 April 1980 aan *Hoofstad* gesê swart skrywers se werk word verbied sodra dit verskyn - en dit word gewoonlik om politieke redes verbied. Daarteenoor is alle relevante literatuur volgens Richard Rive (in *Hoofstad*, 23 April 1980) "*vandag krities ingestel teenoor die regering*".

Die Appèlraad ontken egter dat swart skrywers swaarder as enige van die ander rasse-groepe getref word. Die stuk, **Is die publikasiebeheerders vandag besig om toe te laat dat die sedes geskaad word?** wat oënskynlik deur Van Rooyen opgestel en deur die Appèlraad self versprei is, wys op p. 2 daarop dat slegs 5 boeke deur swart skrywers tot in daardie stadium nie-ongewens bevind is.

Aangesien die stuk nie 'n datum op het nie, is dit nie moontlik om met sekerheid te bepaal wanneer dit uitgereik is nie. Die stuk verwys egter na Etienne Leroux se **Magersfontein, O Magersfontein!** (7/80), Alberto Moravia se **A Time of Desecration** (100/80) en Judith Krantz se **Princess Daisy** (138/80) wat beteken dat dit gedurende of na 1980 opgestel is. Indien slegs 5 boeke deur swart skrywers sedert die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974 se inwerkingtreding vroeg in 1975 nie-ongewens bevind is, is òf baie min boeke deur swart skrywers geskryf, òf is baie van die wat wel geskryf is, verbied - òf is die swart skrywers as gevolg van die hoë getal publikasies wat pro rata verbied is, ontmoedig om te skryf. Dat die antwoord in laasgenoemde twee alternatiewe lê, blyk uit wat *supra* gesê is.

Die rede wat aangevoer word waarom die 5 boeke 'deurgelaat' is, word in die eerste plek as **verweer** aangebied en is met ander woorde 'n **regverdigende verduideliking** van die feit dat die boeke nie ook verbied is nie. Die verweer weerspieël duidelik dat sensuur, soos wat dit ten opsigte van die swart skrywer toegepas word, ideologies fundeer en daarop gemik is om die *status quo* te bewaar: "*Die paar boeke (5) van swart skrywers wat nie-ongewens bevind is, het ook 'n beperkte gesofistikeerde leserskring. Die verset wat daarin voorkom sal dié lesers nie tot revolusie of ondermyning beweeg nie of daartoe bydra nie*".

Die Publikasieraad se 'nuwe oop houding' wat teenoor wit skrywers se werk te bespeur is, geld nie ten opsigte van swart skrywers se werk nie omdat 'ander maatstawwe' volgens Nadine Gordimer in *Die Burger*, 25 April 1980 (1980:17) vir die swart skrywer geld. Gordimer het die stelling na aanleiding van die verbod op Miriam Tlali se *Murial at Metropolitan* gemaak en daarop gewys dat die 'aanstootlike' passasies, wat na bewering rassegevoelens sou opswEEP en gevolglik vir die verbod verantwoordelik was, baie minder 'aanstootlik' was as dié wat in Gordimer se *Burger's Daughter* voorkom - die verbod op *Burger's Daughter* is egter opgehef voordat die verbod op *Murial at Metropolitan* ingestel is. Na die verbod op Tlali se *Muriel at the Metropolitan* het Gordimer (in Switser 1986:226) gesê dat die publikasiekomitee poog om die 'werklikheid' van die swart leser, wat reeds intieme kennis daarvan dra, weg te hou en dat wit en swart skrywers verskillend behandel word - selfs wanneer hulle oor dieselfde onderwerp skryf: "... *that a Censorship Committee regards it as necessary to prevent black readers from reading their own prejudices, their own frustrations, given expression in the work of a black writer ... They may not say what white writers say because they are calculated to have a wider black readership, and to articulate to blacks from the centre of the experience of being black, to articulate and therefore confirm, encourage what the black masses themselves feel and understand about their lives but almost cannot express.*" Gordimer het haar by die swart skrywers geskaar en gesê dat dit nie help om 'teen sensuur te veg nie' en 'dat dit die hele stelsel van apartheid (is) wat omvergewerp moet word'. Dr. Braam Coetzee van die Direktooraat op Publikasies verskil egter in *Hoofstad* (28 Oktober 1980) van Gordimer wanneer hy sê dat swart versetliteratuur dikwels afgekeur word "omdat dit dikwels net politieke-opruiend is en nie veel letterkundige waarde het nie. Maar ons behandel swart en wit skrywers presies dieselfde en ons sal goeie versetliteratuur nie sondermeer verban (sic) nie".

Cope (1982:141) wys daarop dat Gordimer so sterk oor die ongelyke behandeling voel dat sy die opheffing van die verbod op *Burger's Daughter* met argwaan begroet het:

"She considered that the aim of the censors was to create suspicion between black and white writers since banned books by black writers were not being released". Don Mattera stel dit veel sterker in *The Star* van 6 Oktober 1982: "... some well-known white authors have had their works unbanned" maar "similar treatment is not being given to black writers". Hy vra: "... where are the writings of Louis Nkosi, Ken Themba, Tough Hutchinson, Alex La Guma and Bloke Modisane?"

Die feit dat swart skrywers se werk dikwels verbied is, het veroorsaak dat party van die wit skrywers geglo het dat die Raad se optrede 'n wig tussen die wit en swart skrywers ingedryf het. Switzer (1986:226) haal Gordimer aan waar sy in 1980 na die verbod op Matshoba se *Call Me Not A Man* sê: "(...) the measure of hard-won solidarity that exists between black and white writers can be divided by 'favouring' white writers with such special treatment since no ban on any black writer's work has been challenged by the Directorate's own application to the Appeal Board."

#### 4.3 Die Afrikaanse skrywers

Aangesien daar jaar na jaar in een of ander stadium by die verskillende Skrywersgildebyeenkomstes by sensuur stilgestaan word, is 'n mens miskien meer bewus van presies hoe die Afrikaanse skrywer oor sensuur voel en watter uitwerking sensuur op die Afrikaanse letterkunde het. Brink (1967:36) het al lankal daarop gewys dat die Staat die skrywer nie werklik kan veel nie: "*The Afrikaans writer... has the uneasy knowledge that the authorities loathe his guts*". Die voormalige voorsitter van die Publikasieraad, regter Lammie Snyman, het later erken dat "(t)he Afrikaans author has reason to feel he has been discriminated against" (*The Star*, 8 April 1980). Ten spyte van hierdie erkenning is dit juis Snyman wat later teen die Afrikaanse literêre werk beswaar maak: "*Books are coming through like Magersfontein O, Magersfontein!, which is nothing but pornography*"

(*The Sunday Tribune*, 19 September 1982). Die feit dat die uitleg en toepassing van die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974 in dié stadium nie meer met Snyman se subjektief-ideologiese uitleg ooreengestem het nie, word *infra* in hoofstuk 4 (3.3) bespreek.

Brink het tydens *A Dry White Season* se bekendstelling in Amerika 'n skerp aanval teen die soort sensuur wat spesifiek op die Afrikaanse skrywer betrekking het, geloods: "*... for Afrikaans writers a specific form of viciousness is reserved. One is regarded as being part of the Afrikaner family, and to express opinions or advance ideas that are contrary to the accepted pattern, is regarded as a form of treason. One runs headlong into a form of viciousness that Afrikanerdom reserved for its own people who transgress its own rules*" (*The Star*, 24 Mei 1982).

F.I.J. van Rensburg het, in 'n poging om te verduidelik waarom die Tagtigeroes so 'skraal' is, gesê "*dat publikasiebeheer en die stryd teen publikasiebeheer 'n belangrike aandeel aan die toestand het. Ons beheerstelsel het skrywers op hul agterpote gebring*" (*Beeld*, 8 Augustus 1980).

#### 4.4 Die verskillende groepe skrywers se werk weerspieël hul verskillende reaksies op die huidige bestel/die Suid-Afrikaanse werklikheid

As 'n mens dus aanvaar dat daar drie afsonderlike groepe skrywers in Suid-Afrika is, spreek dit natuurlik ook vanself dat die drie groepe nie noodwendig met dieselfde bril na die heersende ideologie, wat die Staat deur middel van sensuur afdwing, sal kyk nie - en dat hulle veral nie deur dieselfde ideologiese bril as diegene wat sensuur afdwing, na die 'werklikheid' sal kyk nie .



#### 4.4.1 Die Afrikaanse skrywers

Dit spreek uit die Staat se instelling en toepassing van sensuur op die (Afrikaanse) skrywer, soos wat *supra* geblyk het, ook vanself dat sommige Afrikaanse skrywers nie noodwendig die *status quo* wat deur die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974 beskerm word, wil behou nie. Dit beteken dat die Afrikaanse skrywers in twee kategorieë uiteenval, naamlik die groep wat ten gunste van die huidige bestel is en die groep wat daarteen gekant is en wil hê dat dit moet verander. Daar word deesdae op eufemistiese wyse na sulke Afrikaners (en Afrikaanse skrywers) as die 'nuwe Afrikaners' verwys.

#### 4.4.2 Die Engelse skrywers

Die Engelse skrywers val ook in twee groepe uiteen, naamlik dié wat ten gunste van die huidige bestel is en dié wat nie ten gunste daarvan is nie. Ten spyte hiervan deel die twee groepe skrywers 'n ingesteldheid teenoor hulle wat as 'Afrikaner-nasionalisme' identifiseer kan word. Die vermelde 'Afrikaner-nasionalisme' wat onder meer uit die samestelling van die lede van die Appèlraad (hoofsaaklik konserwatiewe en behoudende Afrikaansspreekende lede) blyk, sluit die Engelssprekende ideologies gesproke uit. Beide die 'nuwe Afrikaanse' skrywer en die Engelse skrywer wat ten prooi van Afrikaner-nasionalisme val, se werk weerspieël 'n blootlegging van die nasionalistiese bestel as sodanig - vergelyk onder meer **Kennis van die Aand** deur André P. Brink, **Donderdag of Woensdag** deur John Miles, **Store up the Anger** deur Wessel Ebersohn en **Burger's Daughter** deur Nadine Gordimer. Vergelyk in dié opsig ook die polemieë wat na die verbod op Athol Fugard se **Master Harold and the Boys** gevolg het - voordat die Direkoraat besef het dat dit 'n Fugard-stuk was.

#### 4.4.3 Die swart skrywers

Die indeling *supra* in 'Afrikaanse skrywers', 'Engelse skrywers' (dit wil sê in twee duidelik aantoonbare taalgroepe) en 'swart skrywers' ('n rassegroep) is 'n abnormale indeling, maar aangesien die indeling die gevolg van die ideologiese toepassing van die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974 word met die abnormale indeling gewerk asof dit 'n geldige indeling is.

Swart - in die eng etniese sin van die woord - skrywers wat geen deelnemende politieke regte het nie, bevind hul uiteraard in 'n situasie waar die hele bestel daarop gemik is om hul uit die besluitnemingsproses te hou. Baie van die werk wat deur swart skrywers geskryf word, weerspieël hul gevoelens van verset en politieke frustrasie. Richard Rive, wat die term *swart* in sy sosio-politieke betekenis gebruik, verduidelik in **Standpunte** 180 (1985:31) wat dit beteken om geen politieke inspraak in die besluitnemingsproses te hê nie: "*To be Black in this country means to have no meaningful say in government and to be denied the right to play any meaningful role in the law-making processes. Writers so denied must inevitably find themselves describing and analysing their positions in a manner different from those who are not so denied. Their taking-off point must be different. This does not suggest that the texture of their work is necessarily different, but thematically there must be differences because writers are creating from different perspectives and out of different sets of socio-political circumstances*".

Volgens Rive (1985:35-36) is daar twee groepe skrywers wat in reaksie op die politieke bestel reageer, naamlik die protes-skrywers en die *Black Consciousness*-skrywers. Die twee groepe is om die beurt veroordeel en aangeprys vir die sterk klem wat hulle op die temas in hul werke geplaas het. "*The Protest writers shouted 'White man, listen!' The Black Consciousness writers shouted 'Black man, listen!' Both groups were angry and impatient but their messages were always clear. Sometimes they particularised and sometimes they generalised but they always challenged their oppressors and their oppression*".

Steve Biko, wat allerweë deur die swart bevolking as leier beskou is, skryf in **I write what I like** (na dit in 1973 verbied is, is die verbod in 1985 opgehef) dat dit nie duidelik is wie as verteenwoordiger van die swart mening in Suid-Afrika beskou kan word nie. Hy wys ook daarop dat die swart leiers wat hul samewerking binne die politieke bestel begin gעהet, die indruk geskep het dat die swartes dié bestel aanvaar. Hy kom na 'n lang argument tot die gevolgtrekking dat die swartes se leiers daardie mense is wat 'nou' op Robbeneiland is of as gedwonge of vrywillige bannelinge in die buiteland woon. Sy boek dien, nes Rive se argument *supra* om te bewys dat die swart mening en gevoel, die swart ervaring nie net heeltemal anders as die wit ervaring of belewenis is nie, maar dat dit bowendien aan die meerderheid mense, wat nie binne die swart groep val nie, onbekend is; trouens, dat selfs baie swartes glo dat verteenwoordigers van die swart mening diegene is wat binne die huidige bestel optree (of opgetree het), dit wil sê, Mangosuthu Buthelezi en gewese minister K. Matanzima - aldus Biko.

Malan (1988:3) wys daarop dat dit nie net swart skrywers is wat *teen* apartheid skryf nie: "*During the past few decades, writers have emerged as the sharpest and most nuanced critics of racism, the apartheid system, and related factors that affect all the inhabitants of the country*". Hy stel die rede waarom die Suid-Afrikaanse skrywer hom op dié onderwerp toespits, later (1988:11) heelwat sterker: "*The current writers' situation offers a micro-cosmic image of the larger South Africa: with the political dispensation in turmoil, writers react to the pressing problems of race relations by identifying with the liberation struggle, or by escaping from the current socio-political reality by impotently ignoring it, or by analysing the underlying archetypal structures. Each of these choices is ultimately a political choice.*" Ntuli (1988:129-130) verwys egter spesifiek na die swart skrywer wanneer hy verduidelik waarom die skrywers skryf wat hulle wel skryf: "*Writers regard themselves as the voice of the community. They consequently feel obliged to point out wrongs perpetrated by members*

*of the community, including its leaders. A lieutenant-general in one of the local independent national states is reported to have started censoring the works of local poets. Those who wish to write must now obtain a special licence from him. Authorities who censor artists are usually those who have something to hide, and they use their power to silence criticism. They act like a man who cannot keep the ten commandments and resorts to tearing from the Bible the pages which contain the commandments. Or it is like a man who sees his dirty face in the mirror and breaks the mirror instead of washing his face".*

Hoe rigories die groepe uit mekaar gehou word/is, blyk uit die uitspraak oor Robert Kirby se *It's a Boy* waarin beslis is dat die soen tussen 'n gekleurde man en 'n wit vrou nadelig vir rasseverhoudings is. Die *Daily News* van 8 Desember 1982 (voor die herroeping van artikel 16 van die Ontugwet) berig dat die soen "*introduced an aspect for which a substantial number of average likely black and white viewers were not prepared, the judgment said*". Nadat 'n publikasiekomitee die aanbieding nie-ongewens bevind het, is dit deur die Minister van Binnelandse Sake na die Appèlraad oor Publikasies in Pretoria verwys. Die berig haal Van Rooyen, voorsitter van die Raad, aan waar hy bevestig dat die beslissing ideologies gekleur is: "*A further question is whether the production is damaging to public morals. Although there is difference of opinion today about sex across the colour line, Section 16 of the Immorality Act forbids it and it can be accepted for the purpose of this judgment that such a moral exists.*" Dié 'verduideliking' beteken uiteraard dat 'n blote soen deur die Raad as 'seks' of 'n aspek van die 'seksdaad' beskou word. Indien dit nie die geval is nie, beteken dit dat 'n soen in 'n geval soos dié om ideologiese redes as 'n 'aspek van die seksdaad' beskou word.

## 5. Die Letterkunde en die Staat

Sensuur kan deur die regerende gesag as metode gebruik word ingevolge waardeur die *status quo* behou kan word. Regerings wat op omvattende grondslag van sensuur gebruik

maak, is outoritêr van aard en glo dat slegs hul opvattinge en oortuiging korrek is. Daar word tesame met sensuur van ander metodes soos propaganda en van die polisie en weermag gebruik gemaak om die Staat aan bewind te hou. In sulke lande ag die regerende party hom as ononderskeibaar van die Staat self. Sulke stelsels kom algemeen in die derde wêreld en in Marxistiese diktatorskappe voor. Terwyl die regerende party (Nasionale Party) graag wil hê dat Suid-Afrika as een van die Westerse demokratiese lande beskou moet word, is die republiek se sensuurstelsel net so rigouristies soos dié van enige eenparty-diktatorskap. Switzer (1986:3) sê: "*It was the major censorship law during the years when the Nationalists were concerned with entrenching their power and its use went far beyond that for which it was originally conceived.*"

#### 5.1. Ideologie en die toepassing daarvan in die Suid-Afrikaanse sensuurbedeling

Die denkveld wat die begrip *ideologie* onderlê, is 'n ingewikkelde veld wat deur 'n verskeidenheid skrywers verken is. Dit is uit die aard van die saak nie binne die bestek van dié bespreking moontlik om al die uiteenlopende en/of ooreenstemmende teoretiese gegewens te ontleed nie, maar dit is miskien tog noodsaaklik om baie kortliks tussen die twee begrippe *ideologie* en *kultuur* te onderskei voordat daar met 'n bespreking van die rol wat ideologie in die toepassing van die Wet op Publikasies No. 42 van 1974, speel, voortgegaan word, aangesien dit dikwels gebeur dat die twee begrippe (verkeerdelik) as verwisselbaar gebruik word.

##### 5.1.1 Kultuur

Die bruikbaarste omskrywing van die begrip *kultuur* hou volgens Tomaselli (1983:21) met die konstruksie van sosiale werklikheid verband: "Culture is the practice which

*realises or objectivates group life in meaningful shape and form... The 'culture' of a group or class is a particular and distinctive 'way of life' of the group or class, the meanings, values, and ideas embodied in institutions, in social relations, in beliefs, in mores and customs, in the use of objects and material life". Harris (1971:31) wys daarop dat daar 'n baie hegte band tussen die twee begrippe ideologie en kultuur bestaan. Hy beweer trouens dat 'n studie van ideologie die nuttigste is wanneer dit binne die konteks van die betrokke kultuur as geheel onderneem word. Hy wys daarop dat dit wat ons sien en dit wat ons glo, dikwels nie 'pas' nie. "If this inconsistency affects something we feel is important, then we do seek to adjust one or other element - we change what we believe, or we change what we see. This occurrence of inconsistency is thus the ideational dimension of change, the source of changes in belief. If the adjustment is sufficiently radical it will perhaps carry implications for some of the more general systems, not themselves directly subject to being rendered inconsistent with experience".*

### 5.1.2 Ideologie

Aangesien daar nie 'n enkele omvattende omskrywing van die begrip *ideologie* is wat alle denkrigtings tevrede sal stel nie, volstaan ek voorlopig met 'n breë beskrywing van wat die konsep (kan) behels: Dit is 'n strukturele kenmerk van enige gemeenskap, maar dit word nie van buite af op die gemeenskap afgedwing nie. Harris (1971:10) sê dat **realiteit** *ideologie* se teenvoeter is, maar dat die twee begrippe ten spyte daarvan nie heeltemal los van mekaar staan nie: "... *our reality is the next man's ideology, and vice versa*". Hy verduidelik later presies wat hy hiermee bedoel wanneer hy sê: "*To say of a man's view of reality that it is 'ideological' means here that it is related to his position in the social structure or in the course of history*" (p. 21). Hy sê voorts dat ideologie die 'taal' van 'n sosiale groep se doelwitte is en die lig waarin 'n mens die ideologie sien, hang daarvan af of jy persoonlik dink dat sulke doelwitte redelik is of nie. Volgens hom is "*ideologies (...)* not

*disguised descriptions of the world, but rather real descriptions of the world from a specific viewpoint, just as all descriptions of the world are from a particular viewpoint"* (p.27).

Harris (1971:14) haal Erikson en Mannheim onderskeidelik aan. Erikson sê dat ideologie 'n nie-bewustelike neiging is wat religieuse, wetenskaplike en politieke denke onderlê: *"The tendency at a given time to make facts amenable to ideas, and ideas to facts, in order to create a world image convincing enough to support the collective and individual sense of identity"*. Mannheim verskaf in sy pionierswerk, **Ideology and Utopia**, 'n raamwerk vir die bespreking van ideologie en omskryf ideologie, soos aangehaal deur Harris (1971:15), as: *"beliefs which express the interests of a particular social group; as such, it provides only a partial and distorted view of reality, for what can be known of reality is only available by synthesizing all the partial views of particular groups"*.

Ideologie se funksie is, om met Gramsci (Larrain, 1979:187) saam te praat, *"the cementing of its unity"*, waar die *unity* op die eenheid van idees, ideale en opvattinge slaan. Ideologie vervul egter nog 'n verdere rol binne 'n klassegemeenskap en wel in dié opsig dat dit 'n middel is waardeur een klas se dominansie oor 'n ander in stand gehou word. Giddens (1979:156) beweer dat *"any type of idea-system may be ideological"*, maar volgens Habermas soos aangehaal deur Larrain (1979:175) voorveronderstel die identifisering van *"thought as ideological ... (the) uncovering (of) modes in which ideas are governed by forces other than conscious, rational processes"*, terwyl Althusser, volgens Larrain, *ideologie* as 'n funksioneel noodsaaklike kenmerk van die bestaan van enige gemeenskap beskou en sê dit *"is indispensable in every society, in order to shape men, to transform them and to enable them to respond to the exigencies of existence"* (ibid:179). *"Modes of thought, for Marx, are ideological, in so far as they do not portray things as they are, and where this misrepresentation serves certain sectional interests"* (ibid:173). Giddens gaan verder: *"To analyse the ideological aspect of symbolic orders ... is to examine how structures*

of significance are mobilised to legitimate the section's interests of hegemonic groups" (ibid:188).

Degenaar (1985:123, 124) stel voor dat daar met 'n vereenvoudigde raamwerk gewerk moet word en dat vier aspekte van ideologie onderskei moet word, naamlik "*ideologie as sisteem van idees of waardes wat geld as verwysingsraamwerk vir 'n verstaan en evaluering van die ervaring. Tweedens: ideologie as sisteem van idees en waardes waardeur politieke optrede verstaan en beoordeel word. Derdens: sodanige sisteem van idees en waardes wat totalitêre proporsies aanneem en 'n dienooreenkomstige beheer oor die menslike bewussyn verkry. Vierdens: ideologie as sisteem van idees en waardes wat die belange van die groep wat die ideologie onderskryf, weerspieël*". Hy sê voorts dat hy die eerste twee eienskappe as positief sou tipeer omdat elke mens 'n verwysingsraamwerk nodig het "*ten einde ervaring en politiek te kan verstaan en te evalueer*" en dat hy die laaste twee as negatief sou tipeer as synde die "*totalitêre houvas op die mens en (die) regverdigende maskerade van groepsbelange*".

## 5.2 Die verskil tussen ideologie en kultuur

Kultuur verskil dus van ideologie in die opsig dat dit 'n reaksie impliseer en dat dit maniere of wyses aanbied waardeur die lewe en sosiale probleme hanteer kan word. Volgens Tomaselli (1983:22) mag hierdie reaksies "*incorporate both economic as well as mental and subjective responses either as an intra or as a trans class phenomenon*". Kultuur is dus daardie "*ensemble of social practices and 'uniformities of behaviour' through which defined groups within or across social classes express themselves in a unique way which enables them to better cope with their material circumstances*". Tomaselli (1983:27) beweer verder dat daar 'n verskeidenheid kulturele elemente buite die dominante ideologie se hoofstroom bestaan en dat enige teorie van ideologie vir verset,



verandering en teenideologieë voorsiening moet maak indien dit volledig benut moet word.

Giddens (1979) se opvatting rakende ideologie is na my mening die mees aanvaarbare teorie. Volgens hom word beduidende strukture mobiliseer om die magsgroepe of heersersgroep se seksionele belange te wettig. Belange en behoeftes is nou verwant en dus kan 'n mens sê dat behoeftes die basis vir belange is. As 'n mens gevolglik van jou belange bewus is, sal jy weet hoe om te werk te gaan om daardie belange te realiseer. Objektiewe belange kan aan kollektiewe belange gekoppel word en dit kom daarop neer dat persone op grond van hul besondere groepslidmaatskap gemeenskaps-, klas- en ander belange het en dat hulle sulke belange met ander binne dieselfde groep deel.

Daar bestaan een seksionele belang by dominante groepe wat taamlik universeel is: dit is naamlik die belang om die bestaande dominante en dominerende orde (of ten minste die belangrikste kenmerke daarvan) in stand te hou aangesien sodanige dominerende orde *ipso facto* 'n asimmetriese verspreiding van die bronne waarvan gebruik gemaak kan word om in behoeftes te voorsien, behels. Daarbenewens behels dit ook "*a bias of an ideological nature, and power refers to relations of autonomy and dependence not only in the political and economic domain, but also in the spheres of legitimation and significance*" (Le Roux, 1984:21). Ideologie kan op twee vlakke ontleed word, naamlik:

### 5.2.1 Ideologie as strategiese handeling

Dit is die gebruik van 'n middel of direkte manipulering van kommunikasie en dit geskied deur diegene in die dominante groepe of klasse. Hulle uitsluitlike doel is om hul eie seksionele belange te bevorder.

### 5.2.2 Ontleding op institusionele vlak

Die institusionele ontleding van ideologie toon hoedat simboliese ordes vorme van dominasie in die alledaagse konteks van die sogenaamde beleefde of ervaarde lewenservaring in stand hou. Die doel hiervan is insgelyks om die dominante groep se belange te begunstig.

Giddens (1979:192) sê: "*The resulting 'order' and 'discipline' of daily life, including but not limited to the routines of industrial labour, might be regarded as among the most profoundly embedded ideological features of contemporary society*".

Die wyse waarop die dominante groep te werk gaan, is:

5.2.2.1 om seksionele belange as universele belange voor te hou;

5.2.2.2 om die hede te naturaliseer, dit wil sê, om die indruk te skep dat sosiale verhoudinge oor dieselfde vaste en onveranderlike kenmerke as natuurwette beskik.

Giddens wys ook daarop dat die sosiale wetenskappe gereeld ideologies op 'n direkte en manipulerende wyse gebruik word en een van die verreikendste en betekenisvolste toepassings van hierdie aard is die toepassing van ontledingstelsels as medium waardeur die mens op sosiale wyse beheer word. Dit kom dus (in vereenvoudigde terme) daarop neer dat die ideologie of ideologieë wat deur die dominante groepe (in die Suid-Afrikaanse konteks hoofsaaklik die Staat) gehuldig of ondersteun word, gebruik word om die mens se sosiale gedrag en/of handeling te manipuleer. Bauman (Giddens, 1979:196) stel hierdie verskynsel só: "*Naturalistic sociology ... assists the individual in his spontaneous effort of disposing of the excessive, and, therefore, anxiety-ridden freedom of*

*choice, by either positing this freedom as illusion of advising him that such freedom is supported by reason which has been delimited and defined beforehand by society whose power of judgement he cannot challenge".*

### 5.3 Ideologiese spore in die Wet op Publikasies

No. 42 van 1974, en in die  
toepassing daarvan

Artikel 1 van die Wet op Publikasies No.42 van 1974 bepaal soos volg: "*Die strewe van die volk van die Republiek van Suid-Afrika om 'n Christelike lewensbeskouing te handhaaf, word by die toepassing van hierdie Wet erken*".

Die Voorwoord tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983, No 110 van 1983 lui soos volg

**IN NEDERIGE ERKENTLIKHEID** teenoor die Almagtige God,

**Beskikker oor die lotgevalle van volkere en nasies,**

**Wat ons voorgeslagte uit baie lande byeengebring en hulle hier in hul eie gevestig het,**

**Wat hul weë deur geslagte bepaal het,**

**Wat hulle so wonderbaarlik deur gevare gelei het,**

**VERKLAAR ONS** dat ons

**BEWUS IS** van ons verantwoordelikheid voor God en die mensdom;

**OORTUIG** is van die noodsaaklikheid om saam te staan en om die volgende nasionale doelwitte na te streef:

**Om Christelike waardes en beskaafde norme te handhaaf, met erkenning en beskerming van vryheid van geloof en aanbidding."**

Strauss *et al* (1976:74) betoog dat die Wet se beginselgrondslag, naamlik dat die volk van die Republiek van Suid-Afrika streef om 'n Christelike lewensbeskouing te handhaaf,

ongewoon is aangesien die Christelike geloof nie deel is van die land se reg nie. "In Suid-Afrika geld geloofsvryheid, indien nie kragtens uitdruklike grondwetlike waarborg nie, dan wel eenvoudig deur die feit dat geen gebiedende of verbiedende maatreëls betreffende godsdiens of geloof in ons reg bestaan nie." Hulle verwys met goedkeuring na Van der Vyver se 1972-betoog (*Die Juridiese Funksie van die Staat en Kerk*) dat dié voorskrifte slegs op 'n godsbelydens neerkom en dat dit geen positiewe reg skep nie.

Prinsloo (1979:53) wys daarop dat "slegs die God van die Nuwe en Ou Testament deur die betrokke gedeelte van artikel 47.2 beskerm" word. Gegewe die feit dat 'n baie groot persentasie van die bevolking òf ongekersten is òf ander gelowe soos Islam of die Bhoedisme aanhang, is dit duidelik dat die betrokke artikel hoofsaaklik op die blanke gemeenskap betrekking het en ideologies fundeer is.

Van der Vyver (1983:22) wys daarop dat daar drie besware ten opsigte van die ideologiese inslag in die Wet op Publikasies geld, naamlik dat dit op die foutiewe aanname gegrond is dat dit die strewe van die Suid-Afrikaanse bevolking is om die Christelike lewensopvatting te onderskryf, dat die klousule "*was intended to convey a command that the criteria of undesirability in 4 47(2) of the Act must be interpreted in view of the norms of Christian ethics*" en dat die bewoording moontlik gebruik mag word "*to substantiate religious bias in die practical interpretation of the norms of undesirability*". Hy sê voorts (1983:24) dat die Appèlraad die artikel daarbenewens uitgesonder het "*as one of the statutory directives pointing to the South African community standards, which in turn is supposed to be fundamental to its evaluation of the moral standards of undesirability*". Dieselfde kritiek geld, wat die verwysing na 'n Christelike lewensbeskouing betref, ook ten opsigte van die ideologiese inslag in die Grondwet aangesien dit op al die bevolkingsgroepe - ongeag hul godsdienstige oortuiginge - afgedwing word.

Snyman het in April 1980 tydens 'n kongres in Kaapstad gesê dat hy nie die eerste klousule van die Wet, wat op Christelike beginsels betrekking het, verstaan het nie en dat hy die mening toegedaan was dat die meeste regsgeleerdes dit nie verstaan het nie (in Switzer 1986:223).

Tomaselli (1983:30) vertolk die ideologiese inslag soos volg: "*The dominant Afrikaner ideology is further articulated and managed by the Dutch Reformed Church which, through its literal and selective reading of the Scriptures, has convinced itself and its adherents that apartheid ideology is a rational, moral and Christian system which is God ordained.*"

#### 5.4 Die ideologie van apartheid

##### 5.4.1 Die politici stel dit duidelik dat

##### **hulle alle publikasies wil beheer**

Sedert daar aanvanklik besluit is om sensuur in Suid-Afrika deur middel van 'n enkele wet, naamlik die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, No. 26 van 1963, toe te pas, toon die politici 'n duidelike besitlike geneigdheid om die betrokke Wet op ideologiese (en dan veral *persoonlike ideologiese*) grondslag af te dwing. Prof. Gert Dekker wat as die eerste voorsitter van die eerste Publikasieraad aangestel is, was 'n lid van die Afrikaner Broederbond. 'n Afleiding dat dié feit 'n belangrike rol by sy aanstelling gespeel het, sal waarskynlik korrek wees - en dit ten spyte daarvan dat hy nie openlik of direk by die politiek betrokke was nie.

Abraham H. Jonker het berug geraak vir sy uitspraak dat die Nasionale Party die land regeer en dat die Party daarom ook die letterkunde behoort te regeer (*Beeld*, 19 September 1981:9). Dr. Connie Mulder, wat nou met die Wet gemoeid was, het met uitsprake

soos die volgende vorendag gekom: *"Die skroef op sensuurwetgewing in Suid-Afrika gaan beslis stewiger aangedraai word. As die Regering vind dat die Wet op Publikasies nie sterk genoeg is nie, sal ons hom wysig en weer wysig tot ons volle beheer het"* (Beeld, 15 Oktober 1980:21). Die Direkteur van Publikasies, dr. Braam Coetzee, het dit op 27 Oktober 1980 nodig gevind om die volgende verklaring aan *Die Vaderland* af te lê: *"Ek glo nie hierdie pos is so omstrede soos mense dit wil uitmaak nie. Ek kan slegs binne die raamwerk van die Wet op Publikasies optree. Ek is nie hier om 'n politieke beleid te handhaaf of Regeringsbelange te beskerm nie."* Die blote feit dat dit nodig was om so 'n verduideliking hoegenaamd aan te bied, dui op die negatiewe assosiatiewe verband wat met die verloop van tyd tussen die bepaalde Wet en die Staat as afdwinger ontstaan het.

#### 5.4.2 Die Wet beskerm die apartheidsbeleid

Die apartheidsbeleid word wel deur die Wet op Publikasies beskerm en in stand gehou aangesien *"... (d)ie meerderheid swart skrywers, wat hulle hoofsaaklik bemoei met kritiek op die Suid-Afrikaanse politieke stelsel en die frustrasies en ongeregigtheid wat dit vir hulle rasgenote beteken"* se werk nog steeds verbied is (Hoofstad, 28 Oktober 1980). Dieselfde *Hoofstad* berig verder dat Van Rooyen gesê het dat *"(h)eelwat van die werke van swart skrywers nie goeie letterkunde (is) nie, maar wel duidelike artikulasie van die Swartman se probleme en frustrasie en dit ... kan beter metodes van dialoog skep in belang van vreedsame naasbestaan in Suid-Afrika"*.

#### 5.4.3 Sensuur weerspieël 'n politieke aktiwiteit

Brink (1987:58) sê dat dit deesdae makliker is om te publiseer, maar dat dit nie beteken dat sensuur verslap het of dat die Staat van standpunt verander het nie. *"I think the Government has just grown very much more sophisticated in their approach. The Censorship*

*Act is still on the statute book. They can act against any writer in that way should they wish to. But the point is that they choose other methods. They use the Security Police to intimidate writers and, especially in the case of black writers, they actually imprison or detain them or harass them in such a way that some of them give up, others leave the country, others fortunately keep on writing or performing their plays."*

Die blote feit dat soveel swart skrywers se werk as 'anti-regering' beskou word en soveel deur die veiligheidspolisie besoek is, het in 1980 meegebring dat *The Evening Post* van 27 Maart 1980 gevra het: "*Or, more likely, will black writing continue to be seen as, not a cultural matter, but a security matter?*"

Na die verbod op Jack Cope se roman, **The Dawn Comes Twice**, het Harold Rudolph die Appèlraad hoofsaaklik op twee punte skerp in *Standpunte* (1977:20 - 27) aangeval. Hy het eerstens daarop gewys dat die Raad met 'n *ideologiese* begrip en nie met 'n *juridiese* begrip nie werk wanneer die *redelike man*-toets toegepas word, en tweedens dat die Raad in stryd met die praktyk wat deur die Hooggeregshof gevolg word, versuim het om anderskleuriges se menings of standpunt oor die roman te bekom sodat die uitspraak in die geheel ideologies gefundeer is.

Rudolph het beweer dat die Raad as gevolg van dié werskwyse nie kennis neem van die werklikheid in die land nie (1977:21): "*For the Board (...) is postulating the White, Government-supporting reasonable man and not the White non-Government-supporting reasonable man and equally not the Coloured, Indian or African reasonable man who may not hold the same views as that of the White, Government-supporting reasonable man.*" Hy het verder daarop gewys dat die Raad *bloot aanvaar* dat geslagsverkeer vir die blanke "*average decent-minded man in the community*" (p.24) onaanvaarbaar is terwyl die Raad hoegenaamd nie weet hoe die ander kleurgroepe daarvoor voel nie. Hy verwys ter onder-

steuning van sy standpunt eerstens na die Kommissie van Onderzoek na Aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep se Verslag waarin aanbeveel is "*dat die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike asook artikel 16 van die Ontugwet herroep word*". Hy verwys tweedens na Centlivres HR se uitspraak in Taybo v Ermelo Local Road Transportation Board 1951(4) SA 440 (AD) waarin die geleerde regter die verwysing na 'die openbare mening' verwerp het aangesien dit slegs verteenwoordigend van die wit openbare mening was: "*He suggested that the court was obliged to take both white and non-white opinion into account in assessing public opinion*".

Dieselfde ideologies-gefundeerde maatstaf in die vorm van die *gemiddelde man/mens* is ook ten opsigte van Khayaletu Mqayisa se drama, *Confused Mhlaba*, toegepas. Switzer (1986:200) sê dat Peter Randall, die uitgewer, daarop gewys het dat die drie lede van die Appèlraad "*showed considerable misunderstanding of words and expressions used in the play. Four expert witnesses were called, all of whom testified as to the literary merit of the play, which was being considered for the South African English Academy's annual drama award. Judge Snyman, however, made it clear that 'the expert witnesses could not be held to represent the average man in the street', and the appeal was denied.*"

Verskeie skrywers en navorsers het gepoog om 'n skakel tussen die Appèlraad onder voorsitterskap van oud-regter, Lammie Snyman, en die Veiligheidspolisie aan te toon. Alhoewel dié skakel bloot indirek gesuggereer word wat veral swart skrywers se werk betref (soos die verbod op Siphso Sepamla se *The Soweto I Love* en Ezekiel Mphahlele se *African Image*), wys Switzer (1986:205) daarop dat Welma Odendaal na bewering uit haar pos as subredaktrise by die SAUK se nuuskantoor ontslaan is nadat haar bundel kortverhale, *Keerkring*, verbied is. Switzer (1986:205-206) haal Odendaal aan waar laasgenoemde te velde trek teen die wyse waarop die Staat met hul reg om te skryf waaroor hul wil, inmeng: "*Writers in South Africa are living in fear. Their basic rights as cultural*



*leaders are being curtailed... It was recently suggested by a cabinet minister that the writer should use his art to inspire the nation. Is that the only alternative - a poem in praise of the state?"*

Nadat die randtydskrif, *Donga*, en al die daaropvolgende uitgawes van die tydskrif verbied is, het die *New African* pertinent aangevoer dat die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede 'n werktuig in die hande van die veiligheidspolisie is: *"A literary journal, Donga, which printed much Medupe material was investigated by the Security Police whose agents attend poetry readings these days. Medupe was banned in the October clampdown, and Donga - after three individual issues had been banned, including one edited by a Medupe writer - has now been banned in perpetuity."*

Brink (1983:28) twyfel nie daaraan dat daar 'n duidelike skakel tussen die Veiligheidspolisie en sensuur is nie. Hy verwys soms indirek daarna as synde *"censorship and various forms of harassment"*, en soms stel hy dié waarneming in die vorm van 'n direkte feit: *"At the same time no one should underestimate the obstacles placed in the way of a writer who decides to speak out against the South African Government. The active war of intimidation waged by the security Police and others against him, looms large and real in daily life and even the most private experience of such a writer."*

Dit spreek vanself dat die veiligheidspolisie se teenwoordigheid in dié verband vertolk moet word as synde dat die veiligheidspolisie die Staat se verteenwoordigers is en dat die doel wat dié betrokkenheid onderlê daarop gemik is om die bestaande *status quo* te handhaaf. As sodanig, kan die veiligheidspolisie se rol beskou word as synde dat dit 'n politieke aktiwiteit onder die dekmantel van 'n legitieme sekuriteitsondersoek is.

Cope (1982:133) haal Brink ter bevestiging van die feit dat sensuur 'n politieke aktiwiteit is, aan: *"There should be no doubt that all censorship is essentially political in nature, that*

*is why all new regimes with absolutist tendencies institute rigorous censorship."* Louise Silver (1979:126) het bevind dat 'n toenemende aantal publikasies tussen 1975 en 1978 op grond van relevante sosiologiese en politieke gronde verbied is: *"This is a dangerous development, as it means that South Africans are increasingly denied access to material relating to political events and to views about South Africa at a time when there is a pressing need to have an informed public."*

Du Toit (1983:81-92) illustreer by wyse van statistiek tot en met 1978 dat die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974, wel op 'n ideologiese grondslag toegepas word. Dat ideologie na 1978 nog steeds 'n belangrike rol speel, blyk uit die volgende aanhalings uit Van Rooyen se 1987-publikasie, *Censorship in South Africa*: *"What does change, however, is individual perspective, and this has an influence on tolerance. For example, ten years ago there was little room for political dialogue with blacks, while such dialogue is at present an everyday occurrence"* (1987:17); *"South African thinking on the subject of sex both in works of fiction and in scientific works has greatly been influenced by Judaeo-Christian moral and ethical standards which place a high premium on marital fidelity and forbid pre-marital sex"* (1987:64); en: *"Although limitations to white audiences were imposed on some films before 1975, the PAB no longer imposes such restrictions. This is in line with government policy to do away with petty discriminatory measures"* (1987:130).

#### 5.4.3.1 Du Toit se oorsigtelike tabelle: 1967 -1978.

Tabel 1:

Die volgende tabelle het betrekking op Du Toit (1983:81-92) se navorsing waarna hierbo verwys is:

Table 1

Year	Publication and items submitted	Publications and items found undesirable
1967	876	473
1968	798	426
1977	2121	1246
1978	2520	1326

Daar kan duidelik uit dié tabel gesien word dat die nuwe Wet tot gevolg gehad het dat baie meer publikasies aan die Publikasieraad voorgelê is, maar dat die aantal publikasies, wat pro rata kragtens die twee onderskeie wette verbied is, nie veel verskil nie. In 1967 is 53% van die publikasies verbied; in 1968 ook 53%; in 1977 is 58% verbied, maar in 1978 slegs 52%.

## 5.4.3.2

	1975	1976	1977	1978	1979
<i>Total number of items submitted:</i>	1850	1944	2121	2520	2138
<i>Number and percentage of pornographic publications:</i>	30 (1,6%)	44 (2,3%)	75 (3,5%)	118 (4,7%)	61 (2,9%)
<i>Number and percentage of light reading:</i>	432 (23,3%)	399 (20,5%)	387 (18,2%)	312 (12,4%)	354 (16,5%)
<i>Number and percentage of possible literary merit:</i>	263 (14,2%)	103 (5,3%)	133 (6,3%)	100 (4,0%)	105 (4,9%)
<i>Number and percentage possibly endangering state security or communist:</i>	464 (25,1%)	432 (22,2%)	669 (31,5%)	1349 (53,5%)	1055 (49,3%)

Tabel 2 illustreer dat sensuur se fokus verskuif het vanaf die eerste drie kategorieë, naamlik vanaf die sogenaamde pornografiese materiaal, ligte leesstof (wat tydskrifte en

dies meer insluit en gevolglik wat getalle betref, by verre die hoogste getalle het) en literêre werke, na publikasies wat moontlik as staatsgevaarlik beskou kan word. Die publikasies, wat vanaf 25,1% in 1975 tot 49,3% in 1979 gestyg het, is kragtens artikel 47(2)(e), wat soos volg lees, verbied: Stof sal ongewens wees indien dit of 'n deel daarvan "vir die veiligheid van die Staat, die algemene welsyn of die vrede en goeie orde nadelig is." Die indruk wat geskep word, is dat dié artikel doelbewus vaag formuleer is sodat dit uitgelê moet word voordat dit toegepas kan word. Dit spreek vanself dat dit ideologies uitgelê en toegepas sal word aangesien die betrokke artikel daarop gemik is om die huidige orde - soos deur die regerende party neergelê - te beskerm.

## 5.4.3.3

**Table 3**  
**Numbers and percentages of publications submitted**

	1975	1976	1977	1978	1979
Total	1850	1944	2121	2520	2138
By Customs Officials	1039	971	929	796	822
	(56,2%)	(49,9%)	(43,8%)	(31,6%)	(38,4%)
By the Police	404	562	793	1323	903
	(21,8%)	(28,9%)	(37,4%)	(52,5%)	(42,4%)
By Publishers	182	200	178	228	204
	(9,8%)	(10,3%)	(8,4%)	(9,0%)	(9,5%)
By Members of the Public	191	177	136	130	120
	(10,3%)	(9,1%)	(6,4%)	(5,2%)	(5,6%)
By the Directorate	34	34	85	43	89
	(1,8%)	(1,7%)	(4%)	(1,7%)	(4%)

Die tabel toon dat dit veral die Doeanebeamptes is wat publikasies onder die Publikasieraad se aandag bring. Gegewe dat die meeste publikasies wat in die doeanebeampte se hande val oorsese publikasies is, kom dit daarop neer dat die lede van die publiek wat publikasies by die Publikasieraad aanmeld waarskynlik hoofsaaklik plaaslike publikasies aanmeld.

## 5.4.3.4

**Table 4**

	1975	1976	1977	1978	1979
Total number of publications considered	1726	1867	2059	2422	2076
Number and percentage of publications found undesirable:	1066 (61,8%)	1141 (61,1%)	1246 (60,5%)	1326 (54,7%)	1207 (58,1%)
Number and percentage of publications found not undesirable:	660 (38,2%)	726 (38,9%)	813 (39,5%)	1096 (45,3%)	869 (41,9%)

Dit blyk uit dié tabel dat heelwat meer publikasies ongewens as nie-ongewens bevind is wat daarop dui dat sensuur in die tydperk baie streng toegepas is.

## 5.4.3.5

**Table 5**

	1975	1976	1977	1978
Proportion of submitted publications "possibly endangering" state security or communist" <sup>12</sup>	25,1%	22,2%	31,5%	53,5%
Proportion of publications found undesirable under clauses (c) (d), (e) <sup>13</sup> :	24,5%	26,4%	31,9%	44%

Du Toit wys daarop dat daar nie veel verskil tussen die aantal gewone publikasies en die aantal sogenaamde staatsgevaarlike publikasies wat ongewens bevind word, is nie. Hy wys egter daarop dat gewone publikasies onder die algemene bevolking versprei word terwyl die sogenaamde staatsgevaarlike publikasies aan 'n spesiale komitee bestaande uit "highly specialised members" (p.88) voorgelê word. *"It is (...) not known who serves on this special committee, or on what basis it is appointed by the Directorate. What is clear, however, is that this particular committee is crucial to the political opponent of the publications control system."* Daarbenewens word 'n besitsverbod op talle publikasies wat verbied word, gehef:

## 5.4.3.6

**Table 6**

	1975	1976	1977	1978	1979
Number of publications banned for possession:	78	240	357	448	420
Banned for possession as a percentage of all submitted publications:	4,2%	12,3%	16,8%	17,7%	19,6%
Banned for possession as a percentage of publications found undesirable:	7,3%	21%	28,7%	33,8%	34,8%

Switzer (1986:242) bevestig in 'n groot mate Du Toit se bevindings. Sy bevind onder meer dat 439 publikasies uit 1805 (waarvan 1011 as staatsgevaarlik voorgelê en 949 in die *algemeen* en in totaal ongewens bevind is) vanaf Julie 1981 tot Junie 1982 vir besit verbied is terwyl slegs 158 uit 1899 (waarvan 1018 as staatsgevaarlik voorgelê en 'n totaal van 816 in die *algemeen* ongewens bevind is) vanaf Julie 1983 tot Junie 1984 vir besit verbied is.

Merrett (1984:5) stel dit wat die Switzer- en Du Toit-tabelle (hierbo aangehaal) op statistiese en objektiewe wyse toon, op krasse wyse: "*Censorship is thus not an aberration but an institutionalized part of that elaborate scheme of social engineering known as apartheid. In recent years it has been directed in particular at two targets: the articulation of black grievance through literary or academic channels; and the presentation of alternative visions of South Africa in the student press*".

Dit is ook duidelik dat die ideologie wat die apartheidsbeleid onderlê dieselfde ideologie is wat in artikel 1 van die Wet op Publikasies No. 42 van 1974, voorkom. W.A. de Klerk (1975:233) beweer dat die Afrikaner apartheid nie in terme van 'n onderdrukkende tirannie ervaar of sien nie, maar dat daar eerder geglo word dat dit die gevolg van 'n heilige taak is "*to restructure the world according to a vision of justice*". Hierbenewens beweer Tomaselli (1983:31) dat "*The DRC and the National Party are clearly seen by Botha as being inter-dependent, both in terms of policies and practices*".

#### 5.4.5 Sensuur versterk dit wat ons 'glo'

Sensuur word dus beskou as 'n ideologiese middel wat deur die Staat aangewend word om te verseker dat die individu sy/haar erkenning van dit wat as 'n natuurlike of normale toestand van sake ervaar word, asook van dit wat moreel of immoreel, reg of verkeerd is, versterk.

Degnaar (1985:126-127) redeneer oortuigend soos volg: *"Wanneer die Staat ideologiese beheer uitoefen, skep dit vervreemding waardeur individue hulle vryheid tot assosiasie en vryheid tot aktualisering van hulle moontlikhede verloor. Wanneer rassisme 'n rol speel, word rasse-groepe (sic) in twee kampe verdeel met 'n gepaardgaande polarisering wat verder versleg word indien rasse-teenstelling (sic) en klasse-teenstelling (sic) saamval. Vooruit-grypend kan gesê word: om te verwag dat die kuns as 'n sentrale menslike aktiwiteit nie ook hierdie situasie sal weerspieël nie, is om hoogs gekompartementaliseerd oor die menslike lewe te dink"*.

### 6. Die skrywer en die Staat

Voor 1960 het die ernstige skrywer as samelewingskomponent die Afrikaanse volk se waardes en norme versterk, maar na 1960 (en spesifiek nadat Etienne Leroux se *Sewe Dae by die Silbersteins* met die Hertzogprys bekroon is) het hy hom deur die sosio-politieke inhoud van sy werk al hoe meer in 'n konfrontasiesituasie met volksinstellings soos die Staat, kerk en kultuurorganisasies bevind. Dit het veroorsaak dat literêre vryheid deur sanksies aan bande gelê is.

P.J. Nienaber het op 17 Oktober 1984 tydens 'n onderhoud wat op SAUK-TV- met hom gevoer is, gesê dat dit 'n botsing tussen die oue (wat hy as die *gefossileerde denke* be-



stempel) en die nuwe veroorsaak het en dat dié botsing in die Afrikaner se denke neerslag gevind het.

Geldenhuijs (1977:28) haal dr. Connie Mulder in *S.A. Outlook* 112(1332):94 aan waar hy die bedoeling, wat die eerste Wet op Publikasies en Vermaaklikhede onderlê, soos volg uiteengesit het: Die bedoeling is om die toegewyde en konserwatiewe karakter van die Suid-Afrikaanse gemeenskap te bewaar en om dit te beskerm teen die gees van permissiwiteit en morele verrotting wat dwarsdeur die wêreld voorkom. Die Wet was die direkte gevolg van 'n kommissie, wat ondersoek ingestel het na en aanbevelings gedoen het oor "die doeltreffende manier om die euwel van onweloweglike, aanstootlike of skadelike leesstof ... te bestry".

Die Sestigters, na wie daar onder andere in 'n stadium verwys is as *die pes wat in die donker sluip*, het hulle verskeie drukgroepe se ergernis op die hals gehaal. Die ergernis het die vorm van sanksies aangeneem en die sanksies het volgens Dreyer (1980:65) die vorm van "*aanvallende toesprake en petisies deur kerkleiers en kultuur- en vroueorganisasies*" aangeneem. Dreyer (1980:66) wys ook daarop dat die N.G. Kerk dit duidelik laat blyk het dat hy die enigste instelling wou wees "*wat leiding oor morele aangeleenthede gee en het verwag dat skrywers hul ten volle aan hierdie leiding onderwerp*". Dit is duidelik 'n politieke verklaring waarin die klem op belangepolitiek val.

Na die verbod op André P. Brink se *Kennis van die Aand* en Breyten Breytenbach se *Skryt, om 'n sinkende skip blou te verf* (beide op politieke gronde) het F.I.J. van Rensburg (*Die Transvaler*, 21 Augustus 1974) teen 'n polarisering tussen skrywers en die owerheid gewaarsku. Ampie Coetzee (*Rapport*, 3 Februarie 1974) het gesê dat diegene wat die Afrikaanse taal en letterkunde liefhet, 'n derde Afrikaanse taalstryd binnegaan. Die nuwe stryd (wat in wese 'n stryd teen sensuur sou wees), sou volgens Coetzee die

hewigste stryd wees omdat die vyande van die Afrikaanse letterkunde binne die Afrikanersisteem is.

### 7. Polarisering tussen skrywer en Staat

Die konsep *Staat* kan in subkategorieë onderverdeel word - die politici (as individue) is slegs 'n enkele subkategorie daarvan, maar speel tog 'n belangrike rol wanneer dit by sensuur kom. Die mate waarin die individuele politikus uit hoofde van sy status as politikus (tegelyk 'verteenwoordiger' van die volk en van die Staat mits hy 'n lid van die regerende party is; andersins tegelyk 'gewete' van die volk en van die regerende party indien hy 'n lid van die Opposisie is) invloed op ander kan uitoefen, blyk onder meer uit die volgende twee voorbeelde:

Jan Rabie (1988:243) sê: "...noem 'n Vrystaatse LPR vir André P. Brink, John Miles, Bartho Smit en Jan Rabie 'n gespuis; sê 'n Moderator van die N.G. Kerk dat hy nie (ons) boeke hoef te lees om te weet of hulle sleg is nie; en word dit die Jaar van die Taalfees waar die politici hulself en hul dames nooi en nie die skrywers nie, selfs nie eens Elsa Joubert, boorling van die Paarl, om die opening van die taalmonument op Paarlberg by te woon nie."

Nadat die weekblad, *The Weekly Mail*, vir 'n tydperk van een maand in November 1988 verbied is, het die Minister van Buitelandse Sake, mnr. Pik Botha, tydens 'n funksie wat vir Buitelandse Korrespondente gehou is, gesê dat die koerant "*the most vicious*" koerant is waarvan hy weet en dat dit bydra tot geweld. Die negatiewe oordeel is uitgespreek sonder dat die Minister van Binnelandse Sake, mnr. Stoffel Botha, redes vir die verbod verstrek het. Die twee redakteurs van *The Weekly Mail* het die Minister versoek om verskoning aan te teken of om vir laster gedagvaar te word.

### 7.1 Die skrywers is verdag gemaak

Dreyer (1980:93) bevind in 'n sosiologiese ontleding van die sosiaal-strukturele rol van die Afrikaanse skrywer dat 'n hele paar skrywers die verwydering tussen skrywers en gewone Afrikaners aan die magsug van politieke leiers toeskryf: *"Deur openbare steun te wen, doen politici hulself as beskermers van die status quo voor en skep 'n beeld van skrywers as ontrou en onpatrioties teenoor hul land en volk. Een skrywer het gesê geestelike en politieke leiers lewe in ivoortorings en het nie kennis van die lewensomstandighede van die miljoene nie-blanke Suid-Afrikaners nie. Hulle veroordeel dan skrywers wat hierdie omstandighede beskryf"*.

Dreyer (1980:94) sê dat die Regering sedert die botsing tussen dr. H.F. Verwoerd en N.P. van Wyk Louw oor laasgenoemde se **Die pluimsaad waai ver**, oënskynlik verwag *"dat skrywers sy beleid onvoorwaardelik (sou) aanprys en geensins kritiseer nie. Hierdie houding het later vorm gekry in die verskillende sensuurwette wat nou die hooforsaak is van die verwydering tussen die regering en ernstige skrywers"*. Dit geld beide wit en swart skrywers. Gerwel (1985:44) haal in die verband Ezekiel Mphahlele aan wat reeds in 1962 die volgende ironiese opmerking gemaak het: *"The white writer is at the mercy of the white politician in South Africa"*.

Ander skrywers (onder al drie die groepe) het eers later besef presies watter ongelukkige verhouding tussen die meer 'betrokke' skrywer en die Staat sou ontwikkel - vergelyk hier Olivier (1979:12-22) se bespreking van die sogenaamde politieke romans in Suid-Afrika.

### 7.2. Die skrywer dreig om 'ondergronds te gaan'

André P. Brink het in 1978 tydens die Afrikaanse Skrywersgilde se beraad gesê: "*Die 'volk' en die 'owerheid' span saam om die skrywer se vryheid aan bande te lê. Enersyds omdat hulle meen dat skrywers te 'onverantwoordelik' sal optree as hulle vrygelaat word. Andersyds omdat hulle bang is vir wat die skrywer van hulleself aan hulleself sal openbaar as hy toegelaat word om dit te doen. En, gevolglik, uiteindelik uit vrees dat die skrywer se vryheid die owerheid se gesag oor sy volk sal aantas*" (Brink, 1985:60). Hy het egter daarop gewys dat die skrywers nie genoeg met die bedreiging/dreigement gaan neem nie en waarsku (1985:66): "*Maar laat die owerheid terselfdertyd baie goed besef dat ons nie sal huiwer om ondergronds te gaan as hy ons ondergronds wil dryf soos hy al met hoeveel organisasies gedoen het nie*".

Joubert (1985:86) vat die polarisering tussen die skrywer en die Staat op verduidelikende en oortuigende wyse saam: "*In konsentrasie op en voorrang aan belangepolitiek het die regerende party dit nodig gevind om sy eie taal se letterkunde onder staatsbeheer te plaas - omdat 'n vrye Afrikaanse letterkunde blykbaar 'n risiko sou wees vir volgehoue blanke heerskappy oor die grootste deel van Suid-Afrika*".

### 7.3 Die Staat se houding tref alle skrywers

Dit is egter nie net Afrikaanse skrywers wat onder hierdie polarisering gebukkend gaan nie - die polarisering kom in die meeste lande voor waar daar 'n duidelike gebrek aan politieke vryheid is of waar skyndemokrasieë bestaan. Aangesien die woordkuns "*die ervaringswêreld van die mens oopskrywe*" (Degenaar, 1985:128), spreek dit vanself dat die moontlikheid bestaan dat die skrywer nie (noodwendig) die ideologie wat die Staat afdwing, sal onderskryf nie omdat sy lewenservaring in direkte teenstryd daarmee staan. Wanneer dit gebeur, kom daar vervreemding tussen die skrywer en die Staat en dié vervreemding veroorsaak 'n bepaalde spanning tussen skrywer en Staat. Alink

(1981:128) stel dit so: "*De skrywer van deze literatuur funksioneer binne een bepaalde sameleving, waarin diverse politieke strominge bestaan. Belangegroepene oefene van alle kante druk uit op die skrywer opdat hij hulle belange bevordert en zyne hulle ideale verwezenlikt kunne sien. Aangezien dit alles zich binne dezelfde sameleving afspeel, ontstaan er gevolglik spanninge tussen die diverse socio-politieke groeperinge*".

#### 7.4 Buitelandse skrywers wat hul in 'n

##### 'onvrye' politieke bestel bevind

'n Vlughtige en baie onvolledige verkenning van 'n verskeidenheid plaaslike en buitelandse skrywers, wat hul elk respektieflik in 'n duidelike, *onvrye* politieke bestel bevind, het die volgende opgelewer:

##### 7.4.1 Die letterkunde hou 'n bedreiging

###### vir die Staat in

Volgens Jan Vladislav (1984:44) speel die letterkunde 'n uiters belangrike rol en hou dit vir die Staat so 'n besliste bedreiging in omdat dit so maklik produseer kan word: al wat 'n mens nodig het, is 'n tikmasjien en 'n paar velle papier. Nadine Gordimer (1984:136) sê die skrywer moet die reg kan voorbehou om die waarheid te vertel soos wat hy/sy dit sien; en hy/sy moet dit in sy/haar eie woorde mag doen sonder dat daar 'n aanklag is dat hy/sy 'die span' in die steek laat. Jean-Paul Sartre, soos aangehaal deur Gordimer (1984:136), het die volgende definisie van die skrywer se verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap gegee: "*He is someone who is faithful to a political and social body but never stops contesting it. Of course, a contradiction may arise between his fidelity and his contestation, but that's the fruitful contradiction. If there's fidelity with contestation, that's no good: one is no longer a free man*".

#### 7.4.2 Die skrywer vind sy materiaal in die lewe

Volgens Turgenev, soos aangehaal deur Gordimer (1984:138), voorsien die omringende lewe die skrywer van die inhoud waaroor hy skryf. Kundera (1984:155) sê: "*A novel's mission is not to pillory evident political realities but to expose anthropological scandals*". Hy sê verder (1984:155): "*The novel is a game with invented characters. You see the world through their eyes, and thus you see it from various angles. The more differentiated the characters, the more the author and the reader have to step outside themselves and try to understand. Ideology wants to convince you that its truth is absolute. A novel shows you that everything is relative. Ideology is a school of intolerance. A novel teaches you tolerance and understanding. The more ideological our century becomes, the more anachronistic is the novel. But the more anachronistic it gets, the more we need it. Today, when politics have become a religion, I see the novel as one of the last forms of atheism*". Die Latyns-Amerikaanse skrywer, Mario Vargas Llosa (1984:167), sê: "*To be a writer ... is to discover all the handicaps and miseries of underdevelopment*".

Al is dit dus nie 'n probleem wat eie aan Suid-Afrikaanse skrywers is nie, is dit wel 'n probleem wat die drie verskillende groepe skrywers op verskillende maniere raak en daarom is dit gewens om dit vanuit drie verskillende oogpunte te beskou, maar dié bespreking konsentreer gerieflikheidshalwe op 'n wit/swart-verdeling. Joubert (1985:89) haal Du Toit aan waar hy sê dat "*aandringers op identiteit een of meer van die volgende dinge in gedagte het wanneer hulle die term gebruik maar die kind nie op sy naam (wil) noem nie: (NP-) party-eenheid, (Afrikaner-) volkseenheid, (Afrikaner/Blanke) politieke mag, (Blanke) bevoorregting en rykdom, beskerming van die regte van individue of minderheidsgroepe, Westerse beskawing en Westerse waardes, Westerse kultuur, Afrikaner-kultuur, die behoud van 'n onderskeie (Afrikaanse) taal en letterkunde*".

## 8. Die wit skrywers, sensuur en die Staat

### 8.1 Inleiding

Die Staat maak van allerlei wette gebruik om beide die wit en die swart skrywer in Suid-Afrika aan bande te lê, om seker te maak dat niemand die geloof dat seksionele belange universele belange is, versteur of verydel nie. Afgesien van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede (1963) en die Wet op Publikasies No. 42 van 1974 word daar ook van die volgende wette gebruik gemaak om te sorg dat die *status quo* nie versteur word nie: die Wet op Binnelandse Veiligheid, die Wet op Terrorisme, (die sabotasie-artikel) en die Algemene Regswysigingswet van 1962, die Wet op Amptelike Geheime, die Verdedigingswet, die Gevangeniswet en die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme.

### 8.2 Die skrywer moet vryheid hê

Nadine Gordimer (1984:139-140) wie se boek, *Burger's Daughter*, aanvanklik verbied is, sien die beperkings van sensuur so: *"A writer needs ... freedom, built on the basic one of freedom from censorship. He does not ask for shelter from living, but for exposure to it without possibility of evasion. He is fiercely engaged with life on his own terms, and ought to be left to it, if anything is to come of the struggle. Any government, any society - any vision of a future society - that has respect for its writers must set them as free as possible to write in their own various ways, in their own choices of form and language, and according to their own discovery of truth"*.

### 8.3 Verset word as

### 'verset teen die Nasionale Party' vertolk

Chris Barnard (1974:7) het die volgende in 1974 gesê: Verset die Afrikaanse skrywer hom "*teen die bewind, is hy onmiddellik ontrou - en word hy met die versigtigheid en wantroue bejeën wat 'n verraaier verdien ... Verset jy jou, sê maar, teen sensuur, dan verset jy jou teen die Nasionale Party en gevolglik teen die Afrikaner. En uit is jy die buitenste duisternis in*".

#### 8.4 Die Veiligheidspolisie en die skrywer

Die enigste Afrikaanse skrywer, wat vermoedelik werklik ten volle en herhaalde kere aan die hele masjinerie van die Staat (en die talle wette wat in dié opsig in diens van die Staat staan), blootgestel is, is André P. Brink. Nadat sy **Kennis van die Aand** in 1974 verbied is, is 'n spesiale afdeling in die Veiligheidspolisie opdrag gegee om skrywers dop te hou en na bewering te intimideer. Die intimidasie, tesame met die geweldige koste wat aan 'n geregtelike bestryding van so 'n verbod verbonde is, het veroorsaak dat skrywers lugtig geraak het om te skryf, dat uitgewers bang was om sonder meer te publiseer. Dit het dus 'n *vertagende* (lees *negatiewe*) invloed op die letterkunde in die algemeen gehad. Breyten Breytenbach se **Seisoen in die Paradys** is byvoorbeeld nie onmiddellik vir publikasie voorgelê nie omdat 'n verbod gevrees is, en Breyten se algemene reaksie op sensuur vind in die volgende woorde, soos aangehaal deur Viljoen (1977:178), uiting: "*The duty of the artist is to overthrow his government*".

Brink skryf in **The Failure of Censorship** soos volg: "*When a school-teacher who innocently writes to me as a 'fan' suddenly finds herself confronted by the Security Police and threatened with the loss of her job simply because she has written to me, it places a terrible burden not only on her conscience but on mine as well*" (1984:143).



### 8.5 Drukkers 'sensureer' skrywers

Sensuur word nie net kragtens die Wet toegepas nie - daar bestaan allerlei uitbreidings ten opsigte van die verskynsel waarmee die dominante groep (in dié geval is dit natuurlik die Staat) die *status quo* handhaaf. 'n Voorbeeld hiervan is besoeke wat deur lede van die Polisie se Veiligheidstak afgelê word, besoeke waartydens hulle sonder aankondiging aankom en die betrokke skrywer se huis deursoek, beslag lê op sy tikmasjien, en sy aantekeninge en briewe konfiskeer. 'n Ander voorbeeld hiervan is die vrees wat gewek word en die onsekerheid wat as gevolg daarvan ontstaan: uitgewers is bang om boeke uit te gee, drukkers is bang om dit te druk ingeval die drukker deur die daad by die werk betrek sal word, boekhandelaars is bang om die boeke aan te koop ingeval die werk verbied of onder embargo geplaas word.

### 8.6 Uitgewers vrees sensuur

Kannemeyer (1986:347-348) sê dat Breyten Breytenbach se tweede digbundel, **Huis van die Dowe**, baie sterk vir publikasie aanbeveel is, maar dat Human en Rousseau, wat die bundel sou uitgee, dit gerade geag het "*om op grond van regsadvies 'n paar wysigings aan die hand te doen en voor te stel dat die gedig 'Swart dood' weggelaat word*". Nadat Breytenbach ingestem het om die gedig weg te laat, en die bundel in sy '*gesensureerde*' vorm verskyn het, is die bundel met die CNA-prys bekroon.

Die Hutchinson Group SA (Pty) (Ltd) was so bevrees dat 'n roman wat oor die terroriste-oorlog in die destydse Rhodesië gehandel het, verbied sou word dat die manuskrip in gebinde vorm aan 'n publikasiekomitee voorgelê is. Dat dit 'n wyse besluit was om die manuskrip van **Birthright** (90/82) eers voor te lê voordat dit uitgegee is, blyk

uit die Raad se bevinding dat die roman ongewens is "*weens buitensporige seks- en geweldstonele en die intensiewe en buitensporige ydellike gebruik van die Here se Naam*" (90/82:1).

### 8.7 Skrywers en die Broederbond

Kannemeyer het onlangs in *Die Vaderland* (1 Oktober 1984:12) na 'n dokument met die titel *Versetliteratuur onder die Sestiger- en Sewentigerskrywers* verwys wat vir die Broederbond ('n duidelike drukgroep wat ten opsigte van belangepolitiek aktief is) opgestel is en gesê: "Ek is bewus van die feit dat 'n komitee van die Broederbond indertyd saamgestel is om politieke uitsprake van skrywers na te gaan." Dit is 'n verdere voorbeeld van die politieke uitbreiding van sensuur waarna vroeër verwys is.

### 8.8 Sensuur as politieke werktuig

Miskien moet 'n mens jou in hierdie stadium afvra waarom:

(a) dr. Braam Coetzee, Direkteur van Publikasies, dit kort na sy aanstelling nodig gevind het om te sê: "*Ek is nie hier om 'n politieke beleid te handhaaf of Regeringsbelange te beskerm nie*";

(b) dinge kunsmatig in stand gehou moet word - en hier word spesifiek na F.I.J. van Rensburg se woorde in *Beeld* (8 Augustus 1980) verwys: "*In die grond is sensuur 'n middel wat die gemeenskap in die lewe roep om sy waardes teen bedreiging te beskerm, veral 'n gemeenskap waarin 'n natuurlike gevoel vir 'What's done and what's not done' om watter rede ook al, verswak het.*"

(c) Dian Joubert (1985:84) vra: "*Wat se soort samelewing is dit wat politieke beheer oor letterkunde nodig vind? En, hoe is dit moontlik dat dieselfde stelsel van politieke beheer oor publikasies deur sommige as 'n bedreiging en deur ander as 'n beskermingsmaatreël téén bedreiging gesien kan word?*"; en

(d) dit vir J.J. Geysers (in Van Oordt, 1980:31) nodig was om die volgende stelling te maak: "*'n Volk se kunstenaars kan nou maar eenmaal nie kunswerk lewer slegs vir die kinders van die volk nie*"?

Dit spreek egter vanself uit die opmerkings wat die skrywers gemaak het ten opsigte van hoe hulle hul taak as skrywers sien, dat die skrywer hom verbind het om eerlik te skryf oor die lewe, die gemeenskap en die politieke bestel. Die doel is glad nie om politieke of propagandistiese werke te lewer nie. Etienne Leroux sê dat "*die vlam van energie - die vuurloop van die gees*" by die sogenaamde betrokke skrywers voorkom. Hy vra: "*En 'n mens wonder wat kom eerste, wat brand eerste: die geboue of die woord. 'n Mens wonder ook of die onluste in Soweto werklik so onverhoeds sou gekom het as die politici en die administrateurs kennis geneem het van wat geskryf is deur die swart skrywer*" (Rapport, 6 November 1977:15). Hy sê verder: "*Die essensie van literatuur is dikwels 'n vorm van terreur teen geykte denke, en die gemeenskap sal hom maar daarmee moet versoen. Die feit dat soveel skrywers al in tronke beland het vanweë hulle gedagtes en idees, is miskien nie so vreemd in die geskiedenis nie. Om te skryf, is inderdaad gevaarlik*" (Rapport, 6 November 1979).

## 9. Die swart skrywers, sensuur en die staat

### 9.1 Swart protes

Ezekiel Mphahlele sit die aard van die swart skrywer se protes soos volg uiteen: "*Vandag se jong Swart skrywers ... stel protes voorop. Maar 'n mens kan hulle nie blameer nie - die druk van politieke owerhede is baie groter op hulle as op die geslag van Vyftig.*" Hy sê verder dat hulle besig is om 'n literêre tradisie uit niks te vorm, want "*protes en kuns begin reeds saamvloei*" (Rapport, 22 April 1979:12).

## 9.2 Politieke ideologie en die swart skrywer

Nadine Gordimer (1984:136) sê: "*The Black writer needs his freedom to assert that the idiom of Chatsworth, Dimbaza, Soweto is no less a vehicle for the expression of pride, self-respect, suffering, anger - or anything else in the spectrum of thought and emotion*".

André P. Brink lewer 'n priemende aanval op die bestel wanneer hy die volgende in 'n internasionale tydskrif, *Index on Censorship* (1984:143), skryf: "*Black writers ... could, and still can, be openly persecuted with the crudest and most brutal of means - insult, assault, detention, 'banishment', deprivation of income, of social contact, or of the means to publish*". Daar word so gereeld en soveel publikasies deur swart skrywers verbied dat daar al 'n keer gesê is dat 'n hele geslag grootgeword het sonder dat hulle van die belangrike skrywers se bestaan bewus is. Volgens Siphos Sepamla word swart skrywers se werk verbied sodra dit verskyn en is die redes wat vir die verbod aangevoer word, gewoonlik redes met 'n politieke inslag.

Barend van Niekerk, in lewe 'n Natalse regsgeleerde, het in 1980 die geval genoem van 'n swart man wat deur Cillie R. ingevolge die Wet op Terrorisme skuldig bevind en gevonnissen is as gevolg van 'n gedig wat hy geskryf het en net aan 'n vriendin gegee het om te lees. Die man is verhoor op appèl geweier (*Hoofstad*, 23 April 1980:3). Lees dit tesame met die Natalse volbank-uitspraak waarin daar bevind is dat die Minister van Wet en Orde "*was entitled to decide when people were endangering the maintenance of law and order*" en dat die Minister nie nodig het om redes of 'n verduideliking vir sy inhegtenisnamebevel te verstrek nie (*The Daily News*, 8 Oktober 1984:1).

Die vraag wat gestel word, is: Wat bereik die bestel deur op hierdie wyse teen die swart skrywer op te tree? Wat is die gevolg daarvan dat die swart skrywer intimideer word, dat

hy ondervra word bloot omdat hy 'n drama geskryf het, dat daar klopjagte op hom uitgevoer word bloot omdat daar vermoed word dat hy besig is om te skryf, dat hy deur die Veiligheidspolisie aangesê word om in sy spoor te trap en nie enige van die wit skrywers van dié behandeling in kennis te stel nie aangesien so 'n openbaarmaking van sy ervaring tot onbepaalde aanhouding aanleiding sal gee? Die gevolg hiervan is glad nie dat die swart skrywer ophou om te skryf nie. Hy skryf ook nie dit wat die seksionele belange as universele belange sal voorhou nie - hy skryf nog presies net wat hy aanvanklik geskryf het.

### 9.3 Sensuur skep 'straatliteratuur'

Die swart skrywer se werk is die direkte resultaat van sy ervaring en die werke word uit die aard van die saak al hoe meer polities ingestel.

Aangesien die werk in elk geval verbied gaan word, word daar nie meer die moeite gedoen om 'n uitgewer te vind nie. Die skrywers dra hulle werk mondelings in die strate van plekke soos Soweto voor en hulle gehore is die verbygangers, die gewone swart burgers. Die mondelingse aanbieding is egter baie gewild en inspireer al hoe meer skrywers om te begin skryf. In plaas daarvan dat sensuur en die sensuurstelsel hulle doodswyg, blaas die owerheid se optrede hulle eerder aan en beskou die swart skrywer dié bepaalde behandeling as 'n uitdaging - juis as gevolg hiervan weier hulle om hulle die swye te laat oplê en weet niemand behalwe hulle onmiddellike gehore wat hulle werklik dink of voel nie. En juis daarin lê 'n gevaar - 'n gevaar vir die wet en orde wat die (beskermende) Wet op Publikasies (en ander ondersteunende wette) met soveel energie probeer voorkom.

### 9.4 Die swart stem teen sensuur

Hoe voel die swart skrywer oor die hele kwessie van sensuur? Mothobi Mutloatse word in dié verband volledig aangehaal:

*" ... sensuur in Suid-Afrika is die samevatting van wit verwaandheid, en die verbooie op boeke deur swart Suid-Afrikane is deel van 'n 'nuwe bedeling' waardeur geprobeer word om die swartes se verstand en waardigheid te beheer.*

*"Dit geskied omdat die owerheid nie tevrede is met die beheer van swartes se liggame nie, maar ook as 't ware hul gees wil verower.*

*En dit is waarop absolute wit heerskappy, eufemisties beskryf as totale strategie, neerkom.*

*"Vergeet die hoogdrawende frases. Feit is dat die swart skrywers in Suid-Afrika geteister, geïntimideer en vervolgd word deur onder andere die sensors - hoofsaaklik omdat hulle waaghalsig genoeg is om die waarheid aangaande die ellendigheid van die verderflike apartheidstelsel bloot te lê.*

*"En die swart skrywers, weens hierdie moedigheid, sal baie name toegeëdig word, soos agitators, aktiviste, ondermyners en so meer, omdat hulle eenvoudig die waardigheid van die swartmense sonder omslagtigheid verdedig.*

*"Hulle het natuurlik geen alternatief nie: dit is hul goddelike geroepenheid omdat skryfwerk nie net 'n kuns of beroep is nie, maar ook hul godsdiens geword het. Dit is deel van hul bloedstelsel - 'n geskenk van God, en daarom 'n heilige aktiviteit.*

*"Daarom maak dit nie meer saak wat die sensors sê of aan die swart Suid-Afrikaanse letterkunde doen nie, die teerling is geworpe.*

*"En die slagspreuk is: Nooit agteruit nie! Pamberi ne chimurenga. Na die hel met sensuur.*

*"Om die waarheid te sê, ons gaan elke swart uitreiking wat verbied word, vier - beginnende met **Forced Landing** ('n boek wat verlede week verbied is).*

*"Ons is verheug oor die feit dat die owerheid ten minste 'n sin van waardering het vir swart kuns en waardigheid" (Die Burger, 25 April 1980).*

## 10.0 Ideologiese toepassing van die

### Wet op Publikasies No. 42 van 1974

#### 10.1 Inleiding

Die Wet op Publikasies No. 42 van 1974, is op publikasies en nie op die skrywer of die verspreider of vervaardiger gemik nie. Die Appèlraad wys deurlopend daarop dat dit die 'boek is wat in die beskuldigdebank staan' en nie die skrywer nie (kyk hoofstuk 4 op 1.3). Dit gebeur egter soms tog dat die uitspraak oor die publikasie self wegbeweeg en op die skrywer fokus - vergelyk byvoorbeeld die uitspraak oor André P. Brink se *'n Droë Wit Seisoen* (81-82/79.2) waarin die Appèlraad ten spyte van die Komitee van Deskundiges se aanbevelings op Brink self fokus. Die Komitee van Deskundiges is aangestel omdat die Raad geweet het dat hy met 'n letterkundige werk te make gehad het en besef het dat *"dit 'n besondere kennisveld is"* en dat die Komitee van Deskundiges se *"mening (...) swaarsal weeg"*. Die roman was volgens die Komitee *"nie 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanse romankuns nie"* en is so *"eensydig"* dat dit *"eerder teen-produktief as propagandisties"* (p. 1) is.

Die Raad gaan egter veel verder en beslis dat dit wel nie 'n *"politieke pamflet"* is nie, maar dat *"die skrywer (...) sy hand oorspeel deur blatante eensydigheid en 'n dikwels op-*

*pervlakkige karakterisering*". Die Raad bepaal hom dus nie by die vraag of die boek opruiend is of nie, maar konsentreer eerder op die skrywer en sy "*skerp en geniepsige kritiek*". Die Raad spreek ook die mening uit dat die "*redelike Suid-Afrikaanse leser*" sal weet dat hy met eensydige, "*ongegronde en oordrewe*" politieke kritiek te make het en dat hy die boek dan ook "*in dié gees*" (p. 2) sal lees.

Die blote feit dat daar soveel klem gelê word op 'n voorstelling van 'n politieke werklikheid wat van die heersende 'realiteit' verskil, dui daarop dat die reaksie teen die boek en die skrywer *ideologies* is. Die heersende orde word as 't ware verdedig deur die verbeelde wêreld, die fiktiewe 'orde', aan te val en dit as politieke kritiek te bestempel wat eensydig, ongegrond en oordrewe is. Dit blyk uit dié uitspraak dat die Raad nie werklik op die hoogte van sake is wat die *letterkunde* in die besonder en die verskynsel *fiksie* in die algemeen betref nie. André P. Brink (1985:90) se opmerkings oor fiksie is hier tersaaklik: "*... dit (is) noodsaaklik om daarop te wys dat alle vorme van fiksie - en die roman meer as enige ander - gedurende die paar dekades sedert die Tweede Wêreldoorlog meer as ooit tevore deur die Literatuurwetenskap dwarsoor die wêreld (...) in hul eie reg as kunsvorme bestudeer is, soos te onderskei van 'werklikheidsweergawe'. Die essensiële uitgangspunt (...) is dat die literêre werk 'n woordewêreld in sy eie reg tot stand bring, waarin ooreenkomste met die wêreld daarbuite glad nie ter sake is nie. Die benadering, beoordeling en toets van so 'n werk lê uitsluitlik in die vasstel van die sinvolle verhouding tussen alle onderdele binne die werk self en die essensiële onderdele word gewoonlik saamgevat as: figure, gebeure, ruimte en tyd (...).*"

'n Beslissing dat die boek nie staatsgevaarlik is nie, sou voldoende gewees het. Die byvoeging van die persoonlike kommentaar op die gekonstrueerde wêreld (fiktiewe werklikheid) van die boek, kom eenvoudig op 'n ideologiese aktiwiteit neer.



## 10.2 Die gemeenskapsopvatting

Die Raad verwys voortdurend na die gemeenskapsopvatting of die gemeenskapstandaard wanneer hy publikasies beoordeel. Of 'n publikasie ongewens of nie-ongewens bevind word, hang dikwels van die gemeenskapsopvatting af - vergelyk hier byvoorbeeld wat dr. Braam Coetzee op 20 Februarie 1983 aan die *Sunday Tribune* gesê het: *"There has been a definite increase in the tolerance of the public in the past few years and we are letting more things through than in the past. We are keeping our fingers on the pulse of public opinion in a variety of ways. I personally think things have gone about as far as the current level of public tolerance will allow"*.

Volgens F.I.J. Van Rensburg (1978:3) het sensuur 'n drieledige doel, naamlik: *"... om waardes in die gemeenskap te handhaaf (positief) en (negatief) om toe te sien dat hulle nie geskend word nie en verder om die betrokke sedes te bevorder"*. Hy is dus verkeerd wanneer hy bevind dat die drie doelstellings van sensuur wat hy identifiseer, veroorsaak dat daar nie met die waardeveranderinge in die gemeenskap tred gehou word nie. Die Raad hou wel met dit wat hy as die veranderende gemeenskapsopvatting beskou (kyk hoofstuk 4), tred. Die sogenaamde gemeenskapsopvatting en die wyse waarop die Raad daarmee omgaan, kan as norm bevraagteken word.

Die Raad erken by implikasie in die uitspraak oor die twee rolprente, *Airport 77* en *Smokey and the Bandit* (93/82 en 94/82:5-6), dat hy werklik nie weet wat die gemeenskapsopvatting is nie, dat daar geen praktiese wyse is waarop dit vasgestel kan word nie, en dat hy maar net raai wat dit is: *"Die ideaal sou wees indien 'n referendum ten aansien van elke publikasie of rolprent wat deur die Appèlraad beoordeel word uitgeskryf sou kon word. Aangesien dit onprakties is en ook sou beteken dat elke persoon wat deelneem aan die referendum, die betrokke rolprent of boek eers sal moet ondersoek, het die Wet dit op-*

*gedra aan 'n liggaam om hierdie besluit te neem. Onder omstandighede is dit die beste wyse waarop so 'n besluit geneem kan word en al sou baie mense nie met hierdie beslissings saamstem nie, is dit die taak van die Appèlraad oor Publikasies om binne die formules wat die Wet voorskryf, met inagneming van die uitleg wat die howe aan die woorde van die Wet gegee het, besluite te neem". Die Raad laat natuurlik na om daarop te wys dat die Wet juis daarop ingestel is om te voorkom dat elke persoon in die land insae in die publikasies (wat hy tydens so 'n referendum sou moes 'ondersoek') verkry.*

Die wyse waarop die Raad bepaal wat die gemeenskapsopvatting in 'n bepaalde stadium is, kan ook bevraagteken word, maar dit blyk uit die 'losser' of minder streng toepassing van sensuur dat die Raad wel kennis neem van die feit dat die opvatting hoegenaamd nie staties is nie. Dit blyk nie net uit die uitsprake self nie, maar ook onder meer uit koerantberigte soos dié in *The Sunday Tribune* van 20 Februarie 1983: "*The driving force behind the relaxation of film and literary censorship is Professor Kobus van Rooyen (...). During his relatively brief reign at the top of the censorship hierarchy, there has not only been more screen nudity and sex, but also several powerful political books have been unbanned. Bill Sharp of Ster-Kinekor said this week that the more lenient approach to film censorship had made the situation much easier*".

Dit beteken uit die aard van die saak dat ook die Publikasiekomitees dus met die begrip *gemeenskapstandaard* moet werk. Ten einde die gemeenskapstandaard te kan peil, beteken dit weer op sy beurt dat diegene wat die standaard moet peil, in voeling met die res van die gemeenskap moet wees. Gegewe die feit dat 'n Publikasiekomitee 'n publikasie slegs kan beoordeel nadat iemand dit na die Direkoraat verwys het wat dit op sy beurt weer na 'n bepaalde Publikasiekomitee verwys, kan dit baie maklik gebeur dat 'n spesifieke komitee vir die beoordeling van 'n spesifieke publikasie aangestel word. Gegewe die feit dat die destydse Minister van Binnelandse Sake (soos aangehaal deur

die Redaksie van *Tydskrif vir Letterkunde* in Mei 1978:68) op rekord is dat hy op Donderdag, 18 Mei 1978 gesê het dat daar 11 Indiërs, 8 'Kleurlinge' en 78 Engelssprekendes op die Publikasiekomitee bestaande uit 257 komiteede is, beteken dit dat die verskillende kultuur- en/of etniese of taalgroepe (wat op 'n hoogs ongewone en abnormale onderskeid tussen die verskillende rassegroepe in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes/Namibië en die Caprivi - wat ook onder die vleuels van dié Wet val - neerkom) soos volg verteenwoordig word:

- (a) die (etniese) swart bevolking: 0%
- (b) die gekleurde bevolkingsgroep : 3,1%
- (c) die Indiërbevolking: 4,28%
- (d) die Suid-Afrikaanse Engelssprekende: 30,35%
- (e) die Afrikaanssprekende: 69,9%
- (f) ander taal- of rassegroepe (byvoorbeeld Duitsers, Franse, Portugese, ensovoorts): 0%

In die lig van die feit dat die meeste publikasies wat aan die verskillende komitees en aan die Appèlraad van Publikasies voorgelê is, *Engelse* publikasies is en dat die verhouding van verteenwoordigers ongebalanseerd is, kom dit daarop neer dat *Afrikaanssprekendes* in die meeste gevalle oor publikasies moet beslis wat oorwegend vir die Engelse leser bedoel is. Gegewe die feit dat die Raad aanvaar dat die leserspubliek in taalsektore verdeel kan word en dat sommige lesers (vergelyk hoofstuk 3) as gevolg van hul *kontinentale agtergrond* (vergelyk die talle Stern-uitsprake, soos na verwys in die sakelys) meer verdraagsaam as die deursnee Suid-Afrikaner is, doen dit vreemd aan dat die *konserwatiefste* taal- of kultuurgroep nie net inspraak het in wat die ander taal- en/of rassegroepe lees nie, maar in werklikheid daarvoor besluit. Daarbenewens word in 'n uitdeeltstuk (sonder jaartal en sonder aanduiding van wie die skrywer/opsteller is maar wat

vermoedelik Van Rooyen is), naamlik **Is die publikasiebeheerders vandag besig om toe te laat dat die sedes geskaad word?** gesê dat die Wet op Publikasies op so 'n wyse uitgelê word dat publikasiebeheer 'gematig' is: "*Met 'gematig' word bedoel gematig in die Suid-Afrikaanse konteks. In die Westerse milieu is ons Wet ultra-konserwatief*". Dié ultra-konserwatiwiteit strek oënskynlik (as na die uitsprake gekyk word) verder as die seksuele - die Raad se benadering is ook polities ultra-konserwatief, maar groter verdraagsaamheid word tydens die afgelope ongeveer drie jaar aan die dag gelê sodat daar in 1987/8 miskien eerder van 'n *konserwatiewe* as van 'n *ultra-konserwatiewe* benadering gepraat kan word.

Dit beteken dat die werklike waarskynlike leser in die meeste gevalle *glad nie in ag geneem word nie* omdat die publikasie beoordeel word uit hoofde daarvan dat die Afrikaanssprekende *miskien ook* 'n leser mag wees en dat die Publikasiekomitee en die Appèlraad gevolglik met die *waarskynlike Afrikaanse leser van 'n Engelse publikasie* werk - vergelyk onder meer die uitspraak oor André P. Brink se **Looking on Darkness** (64/80:6) waar die Raad soos volg beslis het: "*... it is a well-known fact that English books are also enthusiastically read by many Afrikaans-speaking people*". Alhoewel daar in **Looking on Darkness** beslis is dat dié boek hoofsaaklik deur Engelssprekendes gelees sal word, is dit nie die geval wat ander Engelstalige publikasies betref nie aangesien daar normaalweg nie Afrikaanse vertalings van die betrokke publikasies beskikbaar is nie.

Dit beteken gevolglik dat *aanvaar* word dat die Afrikaanssprekende Publikasiekomitee en die Appèlraad wat oorwegend uit Afrikaanse lede bestaan (en die Komitee van Deskundiges wat dikwels 'n 100% Afrikaanse verteenwoordiging het al is dit 'n Engelse boek wat in die buiteland as 'n publikasie van hoogstaande literêre gehalte beskou word, soos byvoorbeeld **A Time of Desecration**, of soos in die uitspraak oor **The Tropic of Capricorn** waar die Komitee van Deskundiges ook oorwegend Afrikaanssprekend was)

presies *weet* wat die Engelssprekende gemeenskap se standaard van verdraagsaamheid en/of wat sy siening van gemeenskapsake is. Méér nog: dit beteken dat die betrokke komitees nie net weet wat die Engelstalige se opvatting en instelling is nie, maar dat die komitee sy beslissings op grond daarvan moet toepas. Ongeag van watter verweer in dié verband aangevoer en watter 'bewyse' ook al voorgelê word om die breë gemeenskap daarvan te oortuig dat die taal- en kulturele wanbalans in die onderskeie komitees geen aanvegbare beslissings tot gevolg het nie, bly die volgende vrae staan:

- (a) Waarom is daar so 'n wanbalans?
- (b) Waarom is daar nie 'n eweredige taal- en kultuurverspreiding wat verteenwoordiging op die komitees betref nie?
- (c) Sal dit ooit gebeur dat 'n suiwer Engelse of oorwegend Engelse Publikasiekomitee of Komitee van Deskundiges aangestel word om oor 'n ernstige Afrikaanse literêre werk te beslis? Indien nie - hoekom nie?

Die antwoord blyk *ideologies* gegrond te wees. Die hele stelsel is nie net daarop gemik om dit wat deur die Afrikaner as die norm beskou word, te beskerm en te bewaar nie, maar bowendien is daar nie 'n enkele Afrikaanssprekende of Engelssprekende lid uit die Engelssprekende en sogenaamde 'liberale' provinsie Natal op enige Deskundige Komitee of op die Appèlraad self nie.

### 10.3 Seks oor die kleurgrens heen

Voordat die Wet op Gemengde Huwelike herroep is, het die Raad van tyd tot tyd beslis dat seksuele kontak oor die kleurgrens heen 'ontoelaatbaar' was aangesien dit ingevolge artikel 16 van die Ontugwet onwettig was. Ten spyte hiervan het die Raad egter in **Once**

**is not Enough** (36/75:7) beslis dat dit nie die rasse-aspek was wat tot die betrokke toneel se ongewenstheidsbevinding aanleiding gegee het nie, maar die feit dat die man voor 'n (swart) vrou uitgetrek het wat nie sy wettige vrou was nie. As na die res van die rolprent (en die beslissing) gekyk word, blyk dit dadelik dat die ongewenstheidsbevinding nie op die feit gegrond is dat die man voor 'n vrou uitgetrek het wat nie sy vrou is nie, maar wel - al word dit verswyg - omdat 'n *wit* man voor 'n *swart* vrou uitgetrek het.

Dat so 'n 'familiariteit' volgens die Raad se oordeel onaanvaarbaar is, blyk uit die sterk woorde in die uitspraak oor **The Dawn Comes Twice** (144/76:25) waar die gewese voorsitter, Snyman, sê: "*Hudson's and Miriam's conduct is clearly in contravention of the Immorality Act. In other words it not only condones their sexual relationship across the colour line but also spurns the law which makes it unlawful and treats eulogistically of Hud and Jeni's social mingling with Coloured people. Not only is the sexual relationship between Hud and Miriam unlawful, it seems to the Appeal Board that the average decent-minded man in the community regards such conduct as offensive and harmful to public morals. Although there are those who disagree about the need for legislation on the matter, there can be no doubt that the average decent-minded man in South Africa strongly disapproves of miscegenation. The book treats the relationship between Hud and Miriam and Jeni's behaviour not only as normal and natural, satisfying and right but as commendable*".

Die volgende opmerkings is na aan leiding van dié uitspraak tersaaklik:

(a) Eerstens word 'n ander Wet gebruik om die publikasie mee aan te val. Daarmee sê die Raad dat 'seks oor die kleurskeidslyn' nie net in 'n werklikheidsituasie deur die Ontugwet verbied word nie, maar dat dit ook in 'n fiktiewe situasie verbied word, met ander woorde dat die betrokke Wet ook ten opsigte van fiksie geld. Of anders gestel: jy mag dit nie doen nie en jy mag ook nie daarvan lees nie.

(b) Tweedens verlaat die Raad hom op die oordeel van die *'average decent-minded citizen'* om te bewys dat so 'n verhouding geheel en al onaanvaarbaar is - maar verwys nêrens na die aantal vervolgings waartydens 'n verskeidenheid mense kragtens die Ontugwet op grond van die verwerplike *'miscegenation'* aangekla is nie. Daar is ook geen enkele aanduiding dat die Staat die meeste vervolgings reeds in hierdie stadium *gestaak* het omdat ervaring getoon het dat die Wet - wat dié aspek betref - nie prakties uitvoerbaar was nie. Dit wil sê, die Raad kleef hier aan sy *verouderderde en persoonlike ideologiese opvatting* van wie met wie seksuele kontak mag hê.

(c) Die Raad vind die toneel op ideologiese gronde so aanstootlik dat hy dit selfs nodig vind om daarop te wys dat die verhouding uitgebeeld word as synde dat dit *'satisfying'* is. Die implikasie is duidelik: hoe *kan* so 'n verhouding ooit *'satisfying'* wees?

(d) Die Raad beslis in die betrokke uittreksel nie oor die boek as 'n stuk fiksie of as verteenwoordiger van 'n fiktiewe realiteit nie - hy beslis daarvoor asof dit die *werklikheid* is.

Presies watter rol die Raad (soos verteenwoordig deur die destydse voorsitter, oud-regter Lammie Snyman, en die ander lede, naamlik J.C.W. van Rooyen, A.P. Grove en D.F. Abernethy - wat in 1987 al drie nog in die Raad gedien het) se persoonlike ideologiese opvatting tydens die uitspraak gespeel het, blyk uit die volgende deel van die uitspraak wat op p. 27 voorkom: *"It (die boek) denigrates the laws, its administration and every aspect of the South African social system as it affects non-whites. The book's purpose is clear: It is to demonstrate that the South African social system, its laws and administration are cruel to the non-Whites, and must be abolished by revolutionary means"*.

Die Raad beslis dat die boek ongewens is aangesien dit diegene wat reeds teen die Staat gekant is, sal aanspoor om te glo dat 'n revolusie sy ondersteuning verdien. Aan die ander kant sal dit diegene, wat nie reeds revolusionêre geneigdheid het nie, se lojaliteit teenoor die Staat benadeel en dit sal hul ondersteuning van die reg en geregtigheid (in die sin van wet en orde) verminder: "*Although such persons may not be stirred to revolution themselves their resistance to it will be lessened and with it their loyalty to the State*".

Die Raad beslis in die dubbele uitspraak oor André P. Brink se **Gerugte van Reën/Rumours of Rain** (67 en 68/78) dat sekere verhoudings tussen 'n witman en 'n swartvrou nie ongewens is nie en - met verwysing na Pillay v Publications Control Board 1971 (4) SA 208D - dat 'n skrywer wel die reg het om die Ontugwet te kritiseer. Die Raad verwys na die talle gevalle waar daar sprake van '*geslagsverkeer oor die kleurskeidslyn*' in die roman (p. 28) is en beslis dan met verwysing na **Love Thy Neighbour** (101/76) wat ongewens bevind is omdat 'n '*witvrou met 'n swartman trou*' en 'n '*witman (op suggestiewe wyse) met 'n swartvrou dans*' dat **Gerugte van Reën en Rumours of Rain** nie ongewens is nie aangesien die publikasies geensins die strekking het '*om mense aan te moedig om die Ontugwet te oortree nie*'.

In **The Landlord** (106/82) beslis die Raad dat 'n skrywer wel oor die "*racial and social problems of miscegenation*" mag skryf, maar dat hy dit dan op so 'n manier moet doen dat dit nie binne die betekenis van artikel 47(2) van die Wet op Publikasies No. 42 van 1974, ongewens sal wees nie. Dis duidelik dat die Raad tydens die beslissing van die gemeenskapsopvatting kennis geneem het, want hy sê: "*Many may feel that the treatment in this film is tolerable or even acceptable on principle and that South Africans should have the opportunity of seeing a film such as the present*". Die Raad verwys daarop na **Ragtime** (26/82) wat oor 'n soortgelyke onderwerp gehandel het en nie verbied is nie - net sodat hy kan bewys dat hy nie teen rolprente met dié tema gekant is nie. Sy beslissing wat na



bostaande stellings volg, is egter dat die rolprent tóg ongewens is, want die betrokke onderwerp word op 'n "*superficial*" wyse behandel en dis nie die Raad se plig om die gemeenskap in dié (of enige ander) verband op te voed nie. Die beredenering is nie oortuigend nie. Die vereiste dat 'n ligte rolprent wat bloot vir vermaaklikheidsdoeleindes vervaardig is, nou skielik 'n bepaalde aspek van die tema daarvan met 'erns' moet behandel, gaan nie op nie. Die redes wat aangevoer word, is te oppervlakkig *ideologies* om te oortuig.

Daar word dikwels betoog dat sake 'verander' het sedert Van Rooyen as voorsitter aangestel is, maar in watter mate sake 'verander' het, word nooit aangedui nie. Dat sy ideologiese opvatting met dié van Snyman ooreenstem, blyk uit talle uitsprake wat nie net deur laasgenoemde nie, maar ook deur eersgenoemde in sy hoedanigheid as ondervoorsitter onderteken is. Vergelyk in dié verband byvoorbeeld die uitsprake van die volgende onderskeidelike titels: **Varsity** (86/82), **Brittania Hospital** (113/82), **Cape of Storms** (142/82), **Saspu National** (61/82) en **Pulse** (91/83). Daar word openlik en op uiters direkte ideologiese wyse in laasgenoemde beslis: "*It must also be borne in mind that the case for the government is put over forcibly in a large section of the daily press, as also over radio and television, and it is hardly likely that readers of this magazine will be unacquainted with the other side of the picture*". Dit beteken dat die betrokke publikasie maar sy 'negatiewe' punte kan stel, want die leser word daagliks 'omring' deur positiewe 'propaganda' wat deur die pers en die televisiediens aan hom opgedring word. Die implikasie is dat die publikasie waarskynlik ongewens bevind sou gewees het as die Regering se saak (wat ideologies deur die Raad beskerm word) nie so goed en gereeld gestel is nie.

Dat bostaande afleiding inderdaad korrek is, blyk uit die beslissing van die pamflet, **Listen to Radio Freedom** (172/85:2), wat ongewens bevind is en wel om die volgende

redes: "Die Voorsitter en Genl. Joubert was egter van mening dat die publikasie wel bydra tot die bevordering van die saak van die African National Congress wat klaarblyklik by wyse van Radio Freedom sy beleid van geweld verkondig en versprei. Mens kan die feit dat baie mense wel na Radio Freedom luister natuurlik nie ontken nie. Die Raad is egter van mening dat enige publikasie wat dit bevorder 'n bydrae lewer tot die benadeling van die veiligheid van die staat wat klaarblyklik bedreig word deur die ANC wat onder andere Radio Freedom as propaganda medium (sic) gebruik". Let egter daarop dat die Raad nie seker is of die betrokke program wel deur die ANC gebruik word nie - hy beslis dat dit klaarblyklik die geval is.

#### 10.4 Ideologie en die feminisme

##### 10.4.1 Verkragting en 'aanstootlikheid'

Dit blyk uit die Raad se beslissings en riglyne dat 'n publikasie enigiets tot tema kan hê - selfs die immorele. Dit gaan volgens die Raad egter om hoe die betrokke tema of toneel uitgebeeld word.

Die Raad oordeel egter wat verkragtingstonele betref uit sy eie seksistiese raamwerk en beslis op grond daarvan nie oor die vraag of 'n verkragtingstoneel *per se* aanstootlik is nie. Hy is ook nie op die geweld wat so 'n toneel kenmerk, ingestel nie. Hy benader dit uit 'n heeltemal ander oogpunt, naamlik of dit op aanstootlike wyse aangebied word of nie, vergelyk hier die uitspraak in *Last Day* (34/83) waarin hy soos volg beslis: "*Of the two rape scenes, the rape of Lory by Rod is not presented in an undesirable manner although it is overlong, and the rape of Jane, also by Rod, is undesirable only in the respect of the brief flashes of nudity as her clothing is stripped from her*".

Die Raad beslis in *Maura's Dream* (62/82) deur ene Joel Cross dat die roman duidelik 'n feministiese roman is aangesien dit oor die uitbuiting van vroue-arbeid in fabriekhandel. Die Raad beslis ook dat die heldin, Maura, "*is forcibly taken*" tydens geslagsomgang, maar dat dit slegs soms op verkragting neerkom - die Raad dui nie aan waarop die "*forcibly taken*" andersins neerkom nie: "... *there is a close linking of sex with physical violence because Maura is forcibly taken in what at times amounts to rape*". Die Raad bevind egter dat die tonele - ten spyte daarvan dat dit "*rather explicitly*" beskryf word - nie aantootlik is nie omdat "*the descriptions are not lust-provoking*" (p. 5). Die Raad haal die Komitee van Deskundiges se verslag in dié verband aan: "... *there is no calculated stimulation of sexual and sadistic fantasies in the reader*".

Dit kom daarop neer dat die daad, *verkragting*, as sodanig nie na die Raad se mening op sigself enigsins aanstootlik is nie. Of die betrokke toneel aanstootlik gaan wees of nie, hang af van ander nie-betrokke faktore soos die lengte van die toneel, hoeveel bloed daar is, hoe hard die vrou skree (en hoe lank sy skree), en dies meer. Wat die Raad betref, is die uitbeelding van 'n verkragtingstoneel normaal en aanvaarbaar. Die feit dat 'n vrou seksueel aangerand is, dat dit 'n daad van geweld is, dat dit op 'n gewelddadige skending van persoonlike vryheid neerkom, is nie tersaaklike faktore nie. Die feit dat 'n mens dele van die vrou se naakte liggaam sien of dat jy dalk flitse van haar naaktheid sal sien terwyl sy verkrag word, of dat 'n leser se seksuele en sadistiese fantasieë deur die tonele stimuleer sal word, òf dat die beskrywing moontlik *lust-provoking* mag wees, is egter vir die Raad van belang en tersaaklik. Hiermee gee die Raad te kenne dat 'n naakte bors of die moontlikheid dat iemand se seksuele fantasieë stimuleer sal word, meer aanstoot as die verkragting self gee.

Die Raad vergeet terselfdertyd gerieflik van sy beslissings *supra* waar hy agter die Ontugwet geskuil het toe dit hom *ideologies gepas het* - nou is die *onwettige aspek*

(waarop hy hom *supra* om ideologiese redes verlaat het) nie meer toepaslik nie. Die rede hiervoor is waarskynlik ook ideologies (chauvinisties - seksisties) fundeer. Alhoewel die Raad nie in dié stadium aangeval word omdat hy soms agter 'n bepaalde wet skuil en daarop wys dat die gedraging wat uitgebeeld word *onwettig* is en dat die betrokke publikasie as gevolg daarvan ongewens bevind moet word nie, toon dit egter wel dat die Raad nie konsekwent is nie. Dit toon ook dat hy op grond van sy ideologiese oortuiging besluit wanneer hy agter 'n bepaalde wet (of die gemene reg) moet skuil en wanneer nie.

#### 10.4.2 Die huwelik is 'heilig'

Die Raad (en ook die Publikasiekomitees en Direktoraat) se ingesteldheid teenoor feministiese publikasies soos Lisa Alther se *Kin flicks* (wat eers na die derde hervorlegging nie-ongewens bevind is) en *Original Sins*; Erica Jong se romans, *The Fear of Flying*, *How To Save Your Own Life* en *Fanny*, en Andrea Dworkin se publikasies - beide fiksie en nie-fiksie - is bekend. Die negatiewe standpunt wat teen feminisme ingeneem is, het eers verdwyn nadat die Raad die internasionaal aangeprese roman, *The Women's Room* deur Marilyn French, nie-ongewens bevind het.

Dit blyk uit die uitsprake waarna *supra* verwys is en wat uitvoerig in hoofstuk 4 bespreek word dat die Raad hom nie met die inhoud van die feministiese publikasies kon vereenselwig nie aangesien dit met sy seksisties of chauvinisties geöriënteerde ideologie in stryd was.

Die Raad beslis ooreenkomstig sy ideologiese onverdraagsaamheid dan ook dat Andrea Dworkin se *Right Wing Women* (174/83) ongewens is aangesien dit die huwelik as instelling aanval en daarop wys dat die huwelik meermale tot gevolg het dat die vrou haar identiteit geheel en al verloor. Die kritiese ingesteldheid ontlok die volgende ideologiese

beslissing: *"The institution of marriage and the family unit form the foundation on which our society, as well as societies throughout the civilised world, are built. Should that foundation be seriously weakened, moral disintegration will be one of the results"*.

In die beslissing daarna verwys die Raad op ideologiese grondslag daarna dat die huwelik nie net in Suid-Afrika die 'hoeksteen van die samelewing' is nie, maar ook in die res van die wêreld. Die feit dat 'geslagsverkeer oor die kleurskeidslyn' in die res van die wêreld as *normaal en natuurlik* beskou word, is egter nie in ag geneem toe die Raad oor die vraag of sulke temas/tonale aanstootlik/ongewens is, beslis het nie.

Hoe sterk die Raad oor die 'heiligheid' van die huwelik voel, blyk ook uit die beslissing van *Sleeping with Soldiers* (186/85). Die skryfster vertel hier van haar ervarings as die byslaap van verskeie soldate aangesien sy geen weerstand teen mans wat in uniform is, kan bied nie. Die feit dat die boek goed geskryf is en dat dit op humoristiese wyse geskryf is, word as belangrike verliggende faktore beskou, maar *"what must be regarded as the strongest alleviating factor is that the writer in the end finds someone, an ex-paratrooper called Zane, with whom she can live happily in a monogamous liason"*.

#### 11.0 Voorlopige gevolgtrekking

Die Raad pas die Wet inderdaad ideologies toe - en wel op so 'n wyse dat die eindresultaat met sy siening van die werklikheid ooreenstem. Die ideologiese werking, wat aanvanklik op algehele politieke onverdraagsaamheid neergekom het, het tydens die afgelope dekade effens verslap, maar nie verander nie. Die verslapping blyk ook ten opsigte van naaktheid in die algemeen, die uitbeelding van sogenaamde 'sekstonele' en die ingesteldheid teenoor feminisme en al die ander *ismes* soos byvoorbeeld kommunisme.

Die Raad voer aan dat die verslapping aan die veranderende gemeenskapstandaard of gemeenskapsopvatting toegeskryf kan word - dit beteken in werklikheid dat die Raad se *eie realiteit* verander het en dat die jongste uitsprake die nuwe siening van sy realiteit weerspieël. Die jongste beslissings toon nog 'n sterk ideologiese inslag, maar dis uiteraard 'n effens gewysigde ideologiese inslag wat tred hou met die herroeping van wette en vaagweg byhou by die werklike veranderings wat in die gemeenskap - altans wat die blankes betref - voorkom. Dit blyk hieruit dat Tomaselli (supra) se stelling korrek is en dat selfs dié ideologie op 'n 'normaal-voorspelbare wyse' fungeer, naamlik dat ook dié teorie van ideologie voorsiening maak vir verset, veranderings en teenideologieë sodat dit volledig benut kan word.

Dat ideologie nog steeds die uitsprake onderlê, blyk uit die sterk subjektiwiteit waardeur die meerderheid uitsprake gekenmerk word.

## 12.0 Die Wet op Publikasies verydel sy hoofdoelstellings en is in wese teenproduktief

12.1 Aangesien sensuur ideologies motiveer is, hou dit, in 'n poging om die suiwer ideologie (wat meermale met Afrikaneridentiteit in die breedste sin van die woord in verband gebring kan word) te beskerm en te bewaar (deur dit verbete af te dwing), 'n bedreiging vir die skrywer in. Malan (1985:121) het die volgende skerp kommentaar gelewer: "*Politici eis jare lank al van ons skrywers verantwoordelikheid en beheertheid in belang van die land. Watter soort taal moet die skrywer praat in 'n situasie waar miljoene mense van politieke en ander regte weerhou word, waar 'n groot deel van die tronkbevolking vredeliewende mense sonder kriminele neigings is en waar die Afrikaanse skrywer se kosbaarste besitting, sy taal, tot 'n onderdrukkerstaal gestempel word omdat dit die taal van die politieke owerhede is?*"

In plaas daarvan dat dit die *status quo* bewaar, veroorsaak dit spanning wat op allerlei nie-konvensionele wyses uiting vind en op die tradisionele wyse, dit wil sê, deur middel van mondelinge tradisies, omseil word. Aangesien dit, wat sekere aspekte betref, intiem met Nasionale Party-politiek verweef is, ontlok dit geregverdigde kritiek soos die volgende - en die soort kritiek maak die stelsel verder verdag: "...  *censorship is a major obstacle to the peaceful sharing of South Africa by all those who live in it*" (Budlender, 1983:8). Dit lyk asof 'n mens met rede kan beweer dat sensuur in Suid-Afrika nie net misluk het nie, maar dat dit in werklikheid teenproduktief is.

12.2 Sensuur probeer geskrewe opposisie teen die stelsel inhibeer, maar veroorsaak - wat werke deur swart skrywers betref - net eenvoudig dat dit ondergronds en mondeling voortgesit word en steeds toeneem. Wat die sogenaamde wit skrywer en leser betref, neem die behoefte aan boeke toe en word boeke meer en meer gelees - veral as daar 'n moontlikheid van 'n verbod bestaan of die boek in elk geval in 'n stadium verbied is.

Dit veroorsaak ook dat party van ons Afrikaanse skrywers vervreem word (Hugo, 1975:14) en dat ander nou in Engels skryf en oorsee begin publiseer. Die direkte gevolg hiervan is dat daar skielik 'n groter bewussyn oorsee bestaan en dat oorsese lesers se houding teenoor Suid-Afrika op toenemense wyse meer verdoemend en ontoeskietlik raak.

12.3 Sensuur is ook daarop gerig om skrywers te isoleer en van mekaar af weg te hou, maar PEN en die Afrikaanse Skrywersgilde het hieruit voortgevloei sodat die skrywers nou self as 'n drukgroep beskou kan word.

12.4    Sensuur probeer om die skrywer en die leser van mekaar te vervreem, maar al waarin dit geslaag het, is om te veroorsaak dat publikasies van swart skrywers in die strate in Soweto verkoop word en feitlik uitverkoop is voordat die owerheid daarop beslag kan lê. Taurus, wat spesifiek gestig is sodat die skrywers toegang tot 'n uitgewer kon hê wat nie die voorgelegde manuskrip aan pre-sensuur sou onderwerp nie, was die heel eerste sterk antwoord op die owerheid se houding in dié verband. Dit beteken dat alle Suid-Afrikaanse skrywers bereid is om ondergrondse literatuur te lewer eerder as wat hulle bereid is om vir hulle te laat voorskryf hoe en wat hulle moet skryf. Taurus se stigting het meegebring dat publikasies aan intekenare op 'n poslys gestuur is voordat die publikasie in die handel beskikbaar gestel is, en gevolglik voordat die owerheid teen so 'n publikasie kon optree. Dié stap het in 'n groot mate voorkom dat leser en skrywer van mekaar vervreem is.

12.5    Sensuur kon ook nie daarin slaag om skrywers te neutraliseer nie aangesien oorsese erkenning hulle belangrikheid as skrywers bevestig - dit is feitlik onmoontlik om daardie erkenning te ignoreer.

12.6    Sensuur is die direkte gevolg daarvan dat daar gepoog word om 'n bepaalde ideologie op die gemeenskap af te dwing - die ideologie word ten koste van die vrye sirkulering van idees afgedwing. J.C. Steyn (1980:397-398) wys egter daarop dat die gemeenskap dikwels sy *eie* idees oor sensuur het en dat dit nie noodwendig met die Staat se opvatting ooreenstem nie. Steyn verwys na 'n meningsopname wat in 1978 onder blankes gedoen is en waarin bevind is dat 40% wou hê dat sensuur minder streng moes wees terwyl 7,2% wou hê dat dit afgeskaf moet word. Hierteenoor was 34,8% tevrede met die sensuurstelsel en 11,5% wou hê dat die stelsel strenger moes wees.

Dit blyk dus dat sensuur nie op 'n breë grondslag by die gemeenskap byval vind nie en dat dit as gevolg daarvan nie werklik slaag nie. Dit slaag egter wel daarin om belang-



stelling in verbode materiaal te prikkel. Hugo (1970:14-15) stel dit so: "*Censorship does not put an end to things; it simply drives them underground, turns natural, wholesome impulses into things of guilt and shame, turns unnatural things, on the principle of the forbidden fruit, into objects of glamour*".

Daar word sonder enige twyfel probleme met die toepassing van die Wet ondervind. Nadat Klaas Steytler (*Die Transvaler*, 4 Oktober 1980:6) voorgestel het dat "*dit dalk goed sal wees as 'n tweede komitee van deskundiges - en wel politieke deskundiges - soos die letterkundige komitee, wetlik saamgestel word om die Appèlraad*" met beslissings van die aard by te staan, getuig 'n deskundige komitee onder voorsitterskap van prof. Gerrit Olivier (*Die Vaderland*, 11 Januarie 1982:4) na aanleiding van Lenin en Stalin (respektieflik) se versamelde werk dat kennis van kommunisme se sterk- en swakpunte, die valshede van die ideologie en die wydste verspreiding van die kennis die beste teenvoeter vir die kommunisme is.

Die komitee het dit ook beklemtoon dat politieke literatuur waaroor twyfel bestaan aan die hand van die intellektuele en praktiese kriteria beoordeel moet word. "*Hierdie kriteria behoort deur kenners vanuit sowel die teorie as die praktyk opgestel te word. Dit is nodig omdat die term 'staatsgevaarlik' te veel as kodewoord of sambreelterm gebruik word in die beoordeling van 'n breë spektrum politieke literatuur*" (*ibid.*). Na my wete is daar nog geen so 'n komitee aangestel nie en dien daar ook geen swart lede in enige van die komitees nie.

### 13. Gevolgtrekking: sensuur hou die volk 'oningelig'

Dit blyk uit bostaande tog duidelik dat sensuur in diens van 'n bepaalde ideologie staan en dat daar nie binne dié bestel ruimte vir meer as die oorspronklike Christelike-

Nasionale (in die engste sin van die woord) ideologie is nie - dit is trouens 'n onverdraagsame ideologie wat verbete op sy 'reg' om 'gehoorsaam' te word, aandring. Ten spyte hiervan kan 'n mens nie anders as om met Brink (1984:148) saam te stem nie. *"The writer does not primarily direct himself at 'changing the system' but at awakening the individual consciousness in such a way that eventually a change in the 'system' becomes not only possible, but inevitable. And the existence of censorship is aiding the process by lending greater resonance to the words of writers."*

Ten slotte moet 'n mens voortdurend onthou dat sensuur, histories beskou, nog nooit geslaag het nie. Hugo (1975:12) sê: *"The best that can be said of censorship is that it is doomed to failure."* Snyman, die vorige voorsitter van die Appèlraad oor Publikasies, het kort na sy afrede erken dat die sensuurstelsel nie werk nie (*The Star*, 8 April 1980:3). Suid-Afrika sit met 'n stelsel wat om allerlei redes en veral om ideologiese redes nie werk nie omdat dit die oorgrote meerderheid van die bevolking se religieuse, politieke en kulturele oortuigings òf glad nie, òf bloot maar op terloopse wyse in ag neem. Daarbenewens ontnem die sisteem die algemene bevolking baie. Mattera (*The Star*, 6 Oktober 1982) stel dit so: *"The cruelty of censorship is that it has robbed the country of a wealth of knowledge. We are a nation that doesn't read - and a nation that doesn't read, doesn't know."* Al geld Battiss (*The Star*, 5 Oktober 1982) se woorde tans as gevolg van die huidige Appèlraad se benadering nie, wys hy tog op 'n gevaar wat in die stelsel ingebou is en waaraan leser (gemeenskap) en skrywer blootgestel kan wees - en in sommige opsigte wel is: *"Official censorship has the power to take over a man's eyes, ears and even his soul. It violates one of his basic human rights - the right to judge for himself."*

### HOOFSTUK 3

#### DIE WAARSKYNLIKE LESER AS TERSAAKLIKE FAKTOR BY DIE BEPALING OF 'N PUBLIKASIE ONGEWENS OF NIE-ONGEWENS IS

##### 1.0 Inleiding

Drie stadia van die rol wat in die tydperk 1975 - 1986 deur die waarskynlike leser as faktor gespeel is by die bepaling of 'n publikasie ongewens of nie-ongewens bevind behoort te word, kan onderskei word. Die eerste stadium was naamlik toe die hof met die beginsel van die *waarskynlike leser* gewerk het. In die tweede stadium het die Appèlraad besluit dat artikel 47(2)(a) van die Wet op Publikasies No. 42 van 1974 (en die Wysigingswet op Publikasies No. 109 van 1978) uitgelê moes word as synde dat die waarskynlike leser nie in ag geneem moet word nie - vergelyk Van Rooyen (1978:14). Die derde stadium, wat tans nog van krag is, het in die tydperk gevolg nadat die hof in Human & Rousseau Uitgewers v Snyman NO 1978 (3) SA (TPA) op 851 bevind het dat die waarskynlik leser wel in ag geneem moet word: "*Die Appèlraad het regstrydig sy ondersoekingsveld na wat onbetaamlik, onweloweglik en vir die openbare sedes aanstootlik is beperk deur te bevind dat die waarskynlike leser as oorweging verbied is. Wat art 47 (2) (b) betref het die Appèlraad regsgeldig bevind dat by die bepaling van aanstootlik vir die godsdienstige oortuigings of gevoelens van enige bevolkingsdeel die waarskynlike leser nie in ag geneem mag word nie.*" Die beslissing het meegebring dat **Magersfontein, O Magersfontein!** (7/80) in 1980 vir hersiening na die Appèlraad terugverwys is met die opdrag dat die waarskynlike leser in ag geneem moet word. Sedert dié beslissing word

die maatstaf *die waarskynlike leser* weer as faktor by die bepaling daarvan of 'n publikasie ongewens/nie-ongewens is, toegepas.

### 1.1 Die eerste stadium: Die waarskynlike leser word deur die howe as faktor beskou

Die *waarskynlik leser*-begrip is sedert die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede No. 26 van 1963 gereeld deur die howe toegepas, maar die term self, naamlik die *waarskynlike leser*, is nie altyd gebruik nie. 'n Verskeidenheid terme is gebruik om dieselfde funksie te vervul. Baie van die terme is dikwels gebruik asof hul 'sinonieme' was - wat hul nie was nie. Beide die howe en die Appèlraad oor Publikasies maak hul in dié verband aan *konseptuele verwarring* skuldig.

Publications Control Board v William Heinemann Ltd And Others 1065 (4) SA 137 (AD) is deur verskillende terme - wat met betrekking tot die waarskynlike of moontlike leser gebruik word - gekenmerk. Steyn HR het dit beskryf as "... *not a publication for any select circle of mature literary connoisseurs. It provides light reading to which any literate person, in whatever walk of life, may be attracted* (p. 152). Rumpff AR het gesê dat die boek opsigtelik vir volwassenes geskryf is "*and will appeal particularly to men of the world*".

In S.A. Magazine Co. v Publications Control Board 1966 (2) SA 149 (T) praat Snyman R op p. 150 van 'n *gewone leser* (wanneer hy oordeel watter uitwerking die publikasie op die betrokke leser sal hê wat so 'n publikasie sal lees): "... *is likely to have on an ordinary reader*." Friedman R het in Republican Publications (Pty) Ltd v Publications Control Board 1971 (2) SA 162 (D) 'n *ernstige leser* in gedagte: "*In my view, the impression any serious-minded reader would gain from this article is that...*" (p. 167).

Rumpff R beweeg in Publications Control Board v Republican Publications 1972 (1) SA 288 (A) op p. 299 weg van die *waarskynlike* leser af na 'n nuwe variasie daarvan, naamlik die *gemiddelde moderne leser met 'n gesonde gees* wanneer hy die volgende sê: "... *I think that a Court should consider what the effect of the publication would be on 'the average modern reader with a healthy mind' rather than on 'a substantial number of likely readers'. When applying sec (1) (a) and (b) of the Act, one does not consider the psyche of the totality of a number of people - if that were possible - but one attempts to diagnose the psyche of a man or woman who is considered to be the average modern reader of the book, including, in the present case, the average modern teenager of healthy mind.*"

Van Wyk RP praat in Buren-Uitgewers v Raad van Beheer oor Publikasies 1975 (1) SA 379 (KPA) op p. 390 van die *gewone* leser as die *moontlike* leser en omskryf die waarskynlike leserskring as bestaande uit: "*Afrikaanssprekendes, hoofsaaklik blankes, maar ook baie ... nie-blankes. Die grootste aantal lesers is sekerlik diegene wat minstens standerd agt behaal het.*" Daarna praat hy van "*die oorgrote meerderheid van waarskynlike lesers*" (p. 393) en van die "*wesentlike aantal ... waarskynlike lesers*" (p. 394) wat wit of gekleurde kan wees en waarskynlik aan 'n Afrikaanse kerk sal behoort. Steyn R het gedink dat die waarskynlike lesers "*ingeligte landsburgers (is), wat 'n belangstelling in land-sake en in die politiek*" (p. 416) het, terwyl Diemont R gesê het dat die ingewikkelde styl van die boek (*Kennis van die Aand*) tot gevolg sou hê dat slegs mense met 'n *ernstige belang in die romankuns* dit sou lees en dat diegene wat ligsinnig is of bloot na *prikkelstof* op soek is, gou verveeld sou raak.

## 1.2 Tweede stadium: Die Appèlraad werk nie met die begrip

'waarskynlike leser' nie, maar wel met die 'redelike man'

Die Appèlraad beslis soos volg ten opsigte van 'n Italiaanse koerantjie, *Novella 2000* (6/79.1), wat in Suid-Afrika versprei is: "*Die vraag is op die ou end hoe die redelike man, die draer van die gemeenskapsopvatting, na 'n deeglike debat en oorweging in 'n ernstige referendum oor hierdie aangeleentheid sou stem.*" Hieruit blyk dit dat die Raad met die maatstaf van die *redelike man* werk soos wat die begrip in SAUK v O'Malley 1977 (3) SA 394 (AD) op 408D omskryf is as die "*fiktiewe, normale, ewewigtige, regsinnige en redelike mens wat nie hiperkrities of onsensitief is nie*".

Die feit dat daar soms met die begrip *waarskynlike leser* en soms met die begrip *redelike man* gewerk word, veroorsaak 'n probleem, want dit is nie dieselfde maatstaf nie. Dit blyk uit die houe en die Raad se uitsprake waarna *infra* verwys word:

#### 1.2.1 Die houe se gebruik van die begrip *redelike man*

Die begrip *redelike man/reasonable man* kom gereeld in die regspraak voor - vergelyk byvoorbeeld R v Mbombela 1933 (AD) 272, Coetzee v Smit 1955 (2) SA 559 (AD), R v Nkomo (1) 1964 (3) SR op 130-132, Minister van Vervoer v Bekker 1975 (3) SA 128 en in SAUK v O'Malley 1973 (3) 394 (AD) op 408. Die begrip waarmee egter telkens in gevalle van publikasiebeheer gewerk word, is in die *O'Malley*-saak omskryf.

Die houe gebruik die begrip *redelike man* as 'n objektiewe begrip. Myburgh R sê in Human en Rousseau Uitgewers v Snyman NO 1978 (3) op 849 dat daar nie "*a kind of reasonable man in the religious sphere*" kan wees nie aangesien "*(r)eligious beliefs are highly subjective and are founded on faith. It is not a sphere in which objective concepts of reason are particularly apposite.*"

Die houe hou die twee begrippe, *redelike man* en *waarskynlike leser*, uit mekaar uit. So beslis Diemont R in Buren-Uitgewers v Raad van Beheer oor Publikasies 1975 (1) SA

379 (KPA) op 430E dat die hof nie sonder meer kan beslis of 'n publikasie ongewens is of nie - die hof kan slegs beslis of die publikasie ongewens is nadat hy die waarskynlike leser in ag geneem het. Diemont R vra naamlik hoe die *"hof kan besluit of 'n boek ongewens is sonder om die vraag te stel - vir wie is dit ongewens? Wie gaan die boek lees? Daardie vraag is van kardinale belang. 'n Boek word slegs vir een doel geskryf - sodat mense dit kan lees. As niemand dit gaan lees nie kan daar geen regverdiging wees om dit in die ban te doen nie. Die doel van die Wet is seersekerlik nie om mense te beskerm teen boeke wat hulle nie kan of gaan lees nie."* Hy vra voorts: *"... wie gaan die waarskynlike lesers wees? En wat gaan hulle mening oor die inhoud van daardie boek wees? Sal dit vir hulle aanstootlik wees?"* Wanneer die hof wel van die *redelike man* as faktor by die beoordeling van 'n publikasie gebruik maak, verwys dit na die O'Malley-uitspraak en word die *redelike man* as sodanig kwalifiseer. Milne R (soos hy toe was) beslis met verwysing na die toets wat vir die *redelike man* in die O'Malley-uitspraak neergelê is, soos volg in S v Gibson and others 1979 (4) 137 (A) op 160E-H: *"In my view, a normal, balanced, right-thinking and reasonable person, reading this article as a whole, could not conceivably have regarded it as an attack in any way on the dignity or authority of the Courts."*

#### 1.2.2 Die Appèlraad se aanwending van die begrip *redelike man* pleks van die waarskynlike leser

Burns (1979:94) wys daarop dat die 1974-Wet - anders as die 1963-Wet - geen melding maak van die *waarskynlike leser* of *kyker* nie en dat die Appèlraad *"has interpreted this omission of the likely reader to mean that an absolute criterion of undesirability must be adopted, and not one which is relative to the likely reader (as was the case in the repealed 1963 act)."*

Die Raad beslis as gevolg van dié uitleg soos volg in Catch 22 (80/76:3): *"Die aantal of waarskynlike lesers is, vanweë die objektiewe toets van ongewensheid wat deur die Wet*

gebruik word (*Sien die Brandwagperssaak - Saak 6*), *egter irrelevant.*" Die redelike leser is ten spyte hiervan nog steeds by die beoordeling daarvan of die publikasies ongewens/nie-ongewens is, betrek: "*Weer eens sal die redelike leser insien dat die stellings wat die kolonel maak, die is van 'n oorambisieuse, outokratiese burokraat*" (p.10).

Dit blyk uit die uitsprake wat gedurende hierdie tydperk gelewer is dat die *redelike man* nie die enigste maatstaf was waaraan publikasies in dié stadium beoordeel is nie, maar dat dit die deurslaggewende maatstaf was wanneer dit wel toegepas is. Die rede hiervoor is dat dit as die tersaaklike *standaard* beskou is en die rol wat die *waarskynlike leser* (en sy belange) as tersaaklike *faktor* of *maatstaf* kon gespeel het nie in ag geneem is nie. Dit het tot gevolg gehad dat die *waarskynlike leser*, vir wie die publikasie in die eerste plek bedoel is, en sy *waarskynlike reaksie* - waarmee die Raad later werk - nie enige invloed as perspektiewiese gegewe uitgeoefen het nie. Die latere standpunt dat die *redelike man* sal insien dat die publikasie op 'n *waarskynlike leser* gemik is wat gesofistikeerd of ervare genoeg is om die publikasie (met die inagneming van die tersaaklike dramatiese, artistieke en literêre meriete) in die korrekte lig te sien, verstaan en te vertolk, ontbreek egter tydens die fase.

Waar die Raad later met die begrip *redelike man* werk, blyk dit dat die *redelike man* sake op beredeneerde wyse teen mekaar opweeg voordat hy tot 'n beslissing geraak, dit wil sê, dat sy 'oordeel' aan 'n objektiwiteit gekenmerk word - vergelyk byvoorbeeld die uitspraak oor **Hold My Hand I'm Dying** (116/82:5): "*In this inquiry he will consider negative aspects such as the frequency of the sexual descriptions and the novel's becoming tedious at times and even obsessive. On the positive side he will consider the fact that the novel is not without literary merit and the reader's perspective now that the white Rhodesian government has been ousted and taken over by a socialist government.*"



Dit is egter duidelik uit uitsprake soos dié oor Marlise Joubert se briefnovelle, **Klipkus** (20/79.2), dat die Raad nie net met die begrip *redelike man* werk nie: "... *maar dat dit voorkom en geïntegreer is in 'n boek met redelike letterkundige meriete en gerig tot 'n beperkte waarskynlike leserskring.*" Die Raad beslis in **Now God be Thanked** (78/79.1) dat verskeie ander tersaaklike faktore in ag geneem moes word: "... *literary merit, probable readership, and the length and weight of the description at issue.*" In **Der Spiegel** (99/79.1) bepaal die Raad dat die waarskynlike leser nie 'n maatstaf is nie, maar dat dit wel 'n "*faktor (is) waarmee rekening gehou moet word.*" Ten spyte daarvan dat die *waarskynlike leser* nie 'n maatstaf is of as maatstaf gebruik mag word nie, werk die Raad egter deurgaans met verskillende kategorieë lesers soos uit die uitspraak oor **Sophie's Choice** (105/79:3) deur William Styron blyk: "*The likely readership of this book would not be limited to the serious reader but does not, on the other hand, fall within the popular category.*" Die Raad praat vervolgens van die *natural likely readership*, die *natural readership* en die *likely readership*. Deur die oplegging van 'n ouderdomsbeperking word die boek se beskikbaarheid tot die general public beperk. Die Raad bepaal nie net of die leserskring beperk of omvattend sal wees nie, maar omskryf bowendien die waarskynlike leserskring in 'n uitspraak soos dié van **Staffrider Vol 3, No 3 September/October 1980** (122/80.1): "*The likely readership (...) would be the more sophisticated black man and the white man who is interested in reading literary material by blacks.*"

Al is bostaande faktore in ag geneem, blyk dit uit die uitsprake en uit die gegewe **Riglyne** dat die *redelike man* steeds die deurslaggewende tersaaklike **maatstaf** bly. Die Raad het **Riglyne by die Toepassing van Art. 47 (2) van Wet 42 van 1974** as aanhangsel by die uitspraak van **Rich Kids** (94/79) verstrek waarin duidelik bepaal is dat die skending van die openbare sedes (waarna in die Wet verwys word) gronde vir 'n ongewenstheidsbevinding is en dat die maatstaf wat toegepas word, dié van die *fiktiewe, normale, ewewigtige, regsinnige en redelike mens, wat nie hiperkrities of oorsensitief is nie* moet wees, dit wil sê, die

Raad werk met die beginsel van die redelike man en beskou die terme *redelike man* en *redelike mens* as interverwisselbaar en gevolglik as 'sinoniem'.

In die uitspraak oor *Kama Sutra* (8/78.1) word die *redelike man* as die verteenwoordiger van die gemeenskapstandaarde voorgehou en beslis die Raad soos volg: "*The Appeal Board is of the opinion that the reasonable man as representative of community standards would regard these sculptures in their present context as indecent or obscene, amounting to a shameless treatment of sex.*"

Malan (1978:12-13) wys daarop dat die begrip *redelike man* "gesubjektiveer word" sodat daar inderdaad nie van die *algemene redelike man* gepraat kan word nie - die omstandighede sal bepaal met watter *soort redelike man* die Raad in navolging van die gebruik in die algemene regstoepassing sal werk: "*Gaan dit om 'n alledaagse artikel in 'n alledaagse koerant, is hierdie Jan Alleman miskien die aangewese persoon na wie se uitleg gekyk moet word. Handel dit egter om laster wat in 'n gespesialiseerde geskrif gepubliseer is, is die reg realities: nou word die redelike man ietwat meer intelligensie en opleiding toegeken en met 'n groter belangstelling in die sake van daardie publikasie toebedeel as die gewone man.*" Malan betoog ook dat die *gewone man* na wie in sensuur (publikasie-beheer) verwys word, nie 'n gewone man in die normale sin van die woord is nie, maar dat hy, wat die inhoudelike begrip van die term betref, nader kom aan die *redelike man* van die deliktereg, die patentreg en die lasterreg: "*Hy word die bonus paterfamilias van sensuur.*" Hy bevind gevolglik in terme van dié betoog dat die *gewone man* en die *redelike man* nie dieselfde fiktiewe 'persoon' as die *gemiddelde man* is op wie die Appèlraad hom tydens die *Magersfontein*-uitspraak verlaat het nie. Een van die redes waarom die roman, *Magersfontein, O Magersfontein!* indertyd verbied is, was omdat die Raad bevind het dat die *gemiddelde man* die roman nie sou verstaan nie en dat hy dit as gevolg van die ongure taalgebruik en die kumulatiewe effek van sodanige gebruik aanstootlik

sou vind. Volgens Malan (1978:13) maak hierdie standpunt "'n karikatuur van die gewone man as 'n verligte, moderne, verdraagsame en gebalanseerde burger".

Dat die Raad egter nie net met die begrip *redelike man* werk nie, maar allerlei nuwe samestellings of 'verwante semantiese snoere' skep wat die omskrywing van die *redelike man* (of aspekte daarvan) - soos dit in die O'Malley-uitspraak uiteengesit is - vermoedelik tot kern het, blyk uit talle ander beslissings behalwe die *Magersfontein*-beslissing, vergelyk onder meer: *The Mac Donnell* 24/78.1, *Fire Power* 73/78.2 en *Struisbaai Blues* 61/80.1 (*die redelike leser*), *The Carpetbaggers* 54/78.1 (*die average man*), *Fair Lady* 92/79:2 (*die redelike mens*), en *Der Spiegel* 99/79:1 (*redelike, ewewigtige persoon*).

Dieselfde konseptuele verwarring wat uit die Raad se kreatiewe gebruik van die begrip *waarskynlike leser* blyk, blyk ook ten opsigte van dié 'snoer'.

### 1.3 Die derde stadium: Die waarskynlike leser is wel 'n maatstaf en nie net 'n faktor nie <sup>1</sup>

In ooreenstemming met die Raad se uitgangspunt (wat onder meer in die uitspraak oor die rolprentweergawe van Anthony Burgess se *A Clockwork Orange* 130/83:5 verwoord is) dat daar nie tussen die verskillende soorte media waarin 'n publikasie verskyn onderskei word nie, onderskei Van Rooyen (1984:5) gevolglik ook nie by wyse van kategorisering tussen die begrippe *waarskynlike leser/waarskynlike kyker* nie: "*Die vraag is hier hoe die redelike waarskynlike leser/kyker die stof sal verstaan.*"

In Riglyne tot Art. 47 (2) Wet 42 van 1974 (1984:7) gee Van Rooyen 'n meer omvattende uiteensetting van wie of wat die *waarskynlike leser* en die *waarskynlike lesersgroep* is. "Dit

*gaan om 'n waarskynlike leserskring en nie om 'n moontlike leserskring nie" (p. 7). "Die rede waarom met 'n waarskynlike en nie met 'n moontlike lesersgroep of -kring gewerk word nie, is omdat die Wet nie met regsekerheid uitgelê en toegepas kan word indien dit met moontlikhede werk nie" (p. 8).*

*Die waarskynlike leserskring/inherente waarskynlike leserskring (p. 8) moet uit die publikasie self bepaal word, dit wil sê, daar bestaan 'n aantoonbare band tussen die publikasie en die 'gehoor' waarop dit gemik is - 'n publikasie word dus op 'n spesifieke lesers- of kykerskring gemik en die betrokke teikengroep kan aan die hand van die publikasie se inhoud, styl, woordkeuse, moeilikheidsgraad, dikte/lengte, koste/prys, oplaag, toeganklikheid, beeldgebruik, visuele aanbod, ensovoorts bepaal word - vergelyk byvoorbeeld die bevinding in *Quartet* (140/81:2) dat die rolprent "as kunsrolprent slegs die gesofistikeerde waarskynlike kyker sal trek". Die uitspraak in *Articles of Faith* (15/83:2) toon aan in watter mate die publikasie self bepaal wie die waarskynlike lesers sal wees: "... tog 'n mate van literêre meriete het. Verder is dit vanweë sy omvang (ongeveer 500 bladsye), stadige verteltrant en soms ingewikkelde genealogie, 'n boek wat die meer gesofistikeerde as waarskynlike leser sal hê."*

*Die waarskynlike lesers/kykers word in kategorieë verdeel en speel, afhangende van die kategorie waarbinne die betrokke groep lesers/kykers val, 'n bepaalde en voorafbepaalde rol. Die waarskynlike leser/kyker se sedelike standarde/verdraagsaamheid mag as verliggende faktor in ag geneem word, maar dit sal nie noodwendig van deurslaggewende aard wees nie (p. 8). Wat die publikasie self betref, "sal die stof nie so gou aanstootlik wees nie" indien dit blyk dat die waarskynlike leserskring "'n beperkte, gesofistikeerde groep persone is" (p. 10). Hierteenoor hang 'n publikasie wat as versetsliteratuur identifiseer word se ongewenstheidsbevinding van die publikasie se gewildheid af. Dié gewildheid het tot gevolg dat die publikasie 'n groot waarskynlike lesersgroep het:*

"Hoe meer populêr die waarskynlike leserskring is hoe eerder word stof ongewens bevind" (p. 12). Waar dit om artikel 47(2)(e) en die vasstelling gaan of 'n publikasie of 'n deel daarvan nadelig is vir die veiligheid van die Staat, die algemene welsyn of die vrede en goeie orde, word die kategorieë streng toegepas: "Hoe meer populêr die waarskynlike leserskring is, hoe gouer sal die publikasie ongewens wees - bv pamflette, plakkaat en klankopnames. Wetenskaplike of 'klassieke' werke sal gewoonlik 'n beperkte waarskynlike leserskring hê en nie so gou ongewens wees nie" (p. 16).

Indien dit egter om naaktonele in rolprente gaan, kan die beperkte waarskynlike gehoor (tesame met die oplegging van 'n ouderdomsperk) "n verliggende faktor" (p. 19) wees. Wanneer die Raad oor 'n boek moet uitspraak lewer, geld die volgende maatstaf: "... hoe meer gesofistikeerd of intellektueel die waarskynlike leserskring van 'n boek is, hoe geringer is die kans dat dit ongewens bevind sal word" (p. 31). Wat tegniese, professionele, wetenskaplike en artistieke publikasies betref, word 'n "veel ligter benadering gevolg" (p. 33) aangesien sulke publikasies as gevolg van hul tegniese of gespesialiseerde inslag nie net 'n beperkte waarskynlike lesers- of kykerskring het nie, maar sodanige leser of kyker is bowendien gesofistikeerd. Die Raad volg 'n beleid ingevolge waarvan "ergerlikhede en selfs die skokkende" (p. 37) op godsdienstige en sedelike vlak verdra moet word "ter wille van die kuns, letterkunde, kinematografie en teater, meriete en die belange van die volwasse, meer intellektuele, waarskynlike leser (kyker)" (p. 38) - vergelyk onder meer die uitspraak oor die roman, *Rich* (102/79.2). Die Raad verwys na die *ergerlike en goedkoop beskrywing* van seks en wys op die uitwerking wat die soort beskrywing sou gehad het indien dit nie in die roman nie, maar in 'n gewone tydskrif sou voorgekom het: "In hierdie geval word die blatante skaamteloosheid verwyder deur die literêre meriete en die beperkte waarskynlike leserskring. Beide hierdie faktore sou afwesig gewees het in 'n populêre tydskrif."

Daar bestaan dus twee duidelike kategorieë, naamlik die beperkte en/of gesofistikeerde waarskynlike lesers- of kykersgroep aan die een kant (wat tot gevolg het dat 'n publikasie nie maklik verbied word nie) en die populêre (groot) waarskynlikheidsgroep wat as gevolg van die grootte daarvan meebring dat die publikasie verbied word. Of die waarskynlik lesers- of kykersgroep se grootte 'n negatiewe faktor is of nie, hang gevolglik van die soort publikasie en van die publikasie se inhoud af - vergelyk **Man of Nazareth** (72/80).

Die Komitee van Deskundiges bepaal in sy verslag oor Anthony Burgess se sogenaamde 'biografie' van Christus, **Man of Nazareth** (72/80:2-5), dat 'n bepaalde leestegniek in die roman vereis word en dat die waarskynlike leser daartoe in staat sal wees om dié tegniek toe te pas. Die waarskynlik leser sal die boek gevolglik - aldus die Komitee van Deskundiges - nie aanstootlik vind nie. Die Raad vind dié argument nie aanvaarbaar nie en verwerp dit op grond daarvan dat die waarskynlike lesersgroep heelwat groter sal wees as wat deur die Komitee van Deskundiges aangedui is, aangesien die roman baie maklik lees.

Die uitwerking wat die publikasie op die *waarskynlike leser/kyker* sal hê, is van deurslaggewende belang (p. 13). Dit het tot gevolg dat publikasies, wat deur die Publikasiekomitees of die Direkoraat as opruiend van aard beskou word, op appèl nie-ongewens bevind word aangesien die *waarskynlike leser/kyker* reeds oor die kennis beskik of reeds sulke gevoelens koester sodat die betrokke publikasie geen uitwerking op sy teikengroep sal hê nie: "*As die effek op die gesofistikeerde kommunis, as lid van die gesofistikeerde waarskynlike lesersgroep, dus nul is, kan die publikasie nie ongewens bevind word nie; dit is só al gebruik hy dit om op te sweep*" (p.15). Die rede wat hiervoor aangevoer word, is dat vasgestel moet word of die publikasie die *waarskynlike leser/kyker* op 'n waarskynlikheidsgrondslag sal aanspoor om die belange wat deur die betrokke artikel - in hierdie geval artikel 47(2)(a) - beskerm word, aan te tas (p. 16).

Van Deventer (1987:69) bied 'n nuttige uiteensetting in terme waarvan die Appèlraad kan (probeer) bepaal uit watter lede van die samelewing die betrokke gehoor in 'n bioskoop sal bestaan wanneer 'n rolprent vertoon word. Hy sê dat die volgende tersaaklike gegewens in gedagte gehou moet word wanneer gepoog word om te bepaal wie die betrokke gehoor sal wees: "*Vanuit 'n sosiologiese oogpunt kan die speelprentgehoor normaalweg beskou word as 'n ongestruktureerde, heterogene en anonieme groep individue, wat vir 'n vervlietende periode hulself saamgroepeer, ter wille van blootstelling aan die inhoud van 'n bepaalde speelprent. Na afloop van die blootstelling disintegreer hierdie groep om plek te maak vir 'n nuwe groep met 'n ander ledesamestelling*". Van Deventer (1987:70) wys verder daarop dat die gehoor nie net deur *anonimiteit, ongestruktureerdheid en heterogeniteit* gekenmerk word nie, maar dat die *inhoudelike aard* of tema van die rolprent ook 'n rol speel: "*Geen regisseur vervaardig 'n speelprent blindelings, sonder om implisiet of eksplisiet 'n bepaalde gehoor in die vooruitsig te stel nie. Jowett & Linton (1982) ondersteun hierdie stelling heelhartig: 'Every creator is to some extent in a process of communication between himself and an audience, that is, he is creating something for somebody. The somebody may be the creator himself, other people, or even a non-existent stereotype, but it becomes an image of an audience which the creator develops as a part of every process. It must be emphasized that the creator not only anticipates his audience, but also tries to create or attract one for his product...' (p.82).*" Hy betoog voorts dat 85% van alle rolprentgehoore in Suid-Afrika "*deur individue tussen die ouderdomme van 16 tot 31 jaar saamgestel*" is.

## 2. Konseptuele verwarring en die 'redelike man'

### 2.1 Wie is die 'redelike man'?

Die Raad toon by herhaling aan dat hy met dieselfde begripsinhoud werk as dié wat die hof rakende die begrip *redelike man* in die O'Malley-uitspraak afgebaken het - vergelyk onder meer Gerugte van Reën en Rumours of Rain (67/78 en 68/78) en Magersfontein, O Magersfontein! (7/80). Die Raad beslis in Percy (10/83:3) dat die toepassing van die *redelike man*-toets meebring dat alle relevante belange in die loep geneem word: *"Ultimately, by application of the reasonable man test, it must judge all the relevant interests: the likely readership (which may be an aggravating or extenuating factor), the dramatic, artistic, or literary merit, and must make provision for escapist fiction, and even for matter that has no merit at all."*

## 2.2 Die 'redelike man' en nuwe semantiese snoere

Alhoewel dié konseptuele verwarring taamlik vry algemeen in die uitsprake voorkom wat in die studiegebied (vanaf 1975 tot en met 1986) bestryk word, getuig *The Dawn Comes Twice* (144/76) van die ergste verwarring en bevat dit by verre die meeste 'semantiese snoere' in 'n poging om aan die *redelike man* gestalte te gee. Snyman sê in uitspraak dat *"The decent-minded man must be seen as the median of law-abiding citizens who is anxious that good relations between the various sections of inhabitants be maintained, and that the safety of the State, the general welfare or the peace and good order are not prejudiced"* (p. 23). Hy beslis voorts op p. 25 *"that the average decent-minded man in the community regards such conduct as offensive and harmful to public morals"*. Hy praat ook van 'n *average decent-minded person* (p. 25) en van 'n *average decent-minded member* van 'n bepaalde bevolkingsdeel en 'n *average decent-minded citizen* en die uitwerking wat die publikasie *"on the minds of the average decent-minded and law-abiding citizens"* sal hê (p. 28). Die persoon wat hy hier in gedagte het en as die gemiddelde behoudende burger bestempel, is vroeër in dieselfde uitspraak omskryf as die *"average decent-minded, law-abiding, modern and enlightened citizen with Christian principles"* (p. 16).



Die Raad beslis in *Audrey Rose* (75/81:9) dat drie verskillende terme, naamlik die *redelike man*, die *gemiddelde man* en die *deursnee man* in die reg gebruik word en dat dit interverwisselbare terme is, dit wil sê, dat aldrie die terme dieselfde betekenisinhoud het. Die Raad beslis daarbenewens dat die drie 'fiktiewe persone' slegs terminologies bestaan en suiwer as maatstaf of tegniek gebruik word ten einde objektiwiteit te kan verseker: *"Die gemiddelde of selfs redelike man bestaan eenvoudig nie. Wanneer gepraat word van die gemiddelde of redelike of deursnee man in die reg, word bedoel dat daar gestrewe word na objektiwiteit en dat 'n objektiewe oordeel noodwendig inhou dat alle faktore in ag geneem word. Die reg het deur die ondervinding van die eeue gegroei tot 'n stel reëls wat op ordelike en gebalanseerde wyse belange afbaken."*

Alhoewel die Raad *supra* daarop wys dat die begrip *redelike man* 'n baie ou en gevestigde regsbegrip is en dat dit algemeen (internasionaal) in die regspraak voorkom, werk die Raad soms met 'n meer beperkte vorm van dié begrip. Die Raad beslis byvoorbeeld in *On Golden Pond* (151/81:2) dat die *redelike, volwasse Suid-Afrikaner* se verdraagsaamheid die maatstaf is wanneer vasgestel moet word of kru taal binne die betekenis van artikel 47(2)(b) aanstootlik is of nie. Die Raad maak in die uitspraak oor *Stag van Junie 1982* (98/82:4) van 'n gewysigde vorm van die term gebruik wanneer hy met die *redelike ewewigtige lid van die Suid-Afrikaanse gemeenskap* as maatstaf werk om te bepaal of 'n *"blatant skaamtelose skending van die privaatheid van die seksuele of die menslike liggaam uit die publikasie blyk"*. Dit is nie duidelik in watter mate 'n *redelike, volwasse Suid-Afrikaner* en die *redelike ewewigtige lid van die Suid-Afrikaanse gemeenskap* inhoudelik ooreenstem en of die een terminologiese aanwending enger/minder eng, buigsamer/minder buigsam as die ander is nie. Daarbenewens ontbreek dit aan die sekerheid en die objektiwiteit wat met die gebruik van die *redelike man* as maatstaf saamgaan.

Die Raad gebruik egter nie net die begrip *redelike ewewigtige lid van die Suid-Afrikaanse gemeenskap* nie, maar praat ook van die *redelike, gebalanseerde lid van die Suid-Afrikaanse samelewing* en onderskei nie tussen so 'n lid en die sogenaamde **redelike man** nie, vergelyk byvoorbeeld wat in die uitspraak oor **Stag's Art Collection No 1** (56/86:8) gesê word: "*Ook wanneer die Raad die redelike man toets wat ook al dikwels in ander sake uiteengesit is (en daar in ag geneem word dat die redelike man nie hiper-sensitief is nie, dat hy kennis neem van die grotere verdraagsaamheid wat daar in die maatskappy bestaan ten aansien van die onderwerpe wat verband hou met seks en dat hy veel meer verdraagsaam sou wees teenoor die publikasie van naaktheid in tydskrifte met artistieke meriete of wat van 'n fotografiese aard is en gerig is op 'n meer beperkte kring van lesers) (sic) kom die Raad ook tot die gevolgtrekking dat die redelike, gebalanseerde lid van die Suid-Afrikaanse samelewing van mening sal wees dat die wyse waarop naaktheid hier behandel word dit onbetaamlik maak.*" Die uitspraak se belangrikste bydrae lê daarin dat die Raad hiermee te kenne gee dat die redelike man verdraagsaam is teenoor onderwerpe wat op seks betrekking het en teenoor tydskrifte waarin naakstudies voorkom, mits sulke tydskrifte (en dus die foto's) op artistieke meriete kan aanspraak maak.

Die verwarring en onsekerheid wat as gevolg van bostaande terminologiese gebruik ontstaan, word in die uitspraak oor Super Vermeulen se boek, **Secrets** (123/82:2), intensiewer wanneer die Raad die begrip *redelike man* verder kwalifiseer deur van 'n **redelike, regdenkende persoon** te praat. Daar bestaan geen opvallende rede vir die toutologiese gebruik/beklemtoneing nie aangesien die omskrywing in die **O'Malley**-uitspraak reeds uitdruklik bepaal dat die redelike man *normaal, ewewigtig en regsinnig* is. Dit impliseer dat so 'n 'fiktiewe' persoon uiteraard ook *regdenkend* sal wees. Die kwalifikasie werk nie verhelderend nie en dit voeg ook niks by tot die regsbegrip van wat 'n *redelike man* is nie - dit skep bloot verwarring aangesien dit nie duidelik is waarom die Raad dit nodig gevind het om die begrip aldus te kwalifiseer nie. Die kwalifikasie,

redelike ewewigtige mens, wat in die uitspraak oor *Kaya* (48/82:8) ter sprake kom, is ewe verwarrend aangesien *ewewigtigheid* 'n noodsaaklike betekeniskenmerk van *redelikeheid* is. Iemand wat ewewigtig is, is uit die aard van die saak ook redelik, en omgekeerd.

Nadat die Raad in die gesamentlike uitspraak oor *Saspu National May 1983 Vol IV No 2* en *Wits Student March 1983 Vol 35 No 5* (105/83 en 98/83:3-4) na die *redelike man* verwys het, soos wat in die *O'Malley*-uitspraak omskryf word, wyk die Raad oënskynlik na vasstelling van wie die waarskynlike lesersgroep is van sy gebruiklike terme af en verwys hy skielik na die *redelike leser* - sonder om eksplisiet aan te dui dat die waarskynlike lesers inderdaad ook almal *redelike lesers* sal wees: "*The attitude of our courts with regard to the reasonable reader in defamation cases is instructive and serves as a guide to the Publications Appeal Board.*" Die implikasie is egter dat hy wel met die begrip *redelike leser* werk. Dié 'kontaminatiewe begrip' is duidelik die resultaat van die vermenging van die twee gebruiksterme, *redelike man* en *waarskynlike leser*, en dui op konseptuele verwarring. Die omvang van die konseptuele verwarring blyk onweerlegbaar uit die uitspraak oor *Sarie*, 16 Maart 1983 (44/83:8) waarin die Raad bostaande begrippe vermeng en met die *redelike man* en die *waarskynlike leser* omgaan asof dit volkome 'sinonieme' begrippe en volkome interverwisselbaar is. Dié 'handgreep' stel die Raad in staat om van die *redelike, ewewigtige leser* wat nie hiperkrities of oorsensitief is nie te kan praat.

Van Rooyen se uiteensetting in Riglyne tot Art. 47(2) Wet 42 van 1974 (1984:5-6) bevestig dat daar ten spyte van sy direkte aanduiding dat die *redelike man* 'n regsbegrip is, vir die Raad by implikasie geen verskil tussen die *redelike man* en die *redelike mens* is nie. Dit bevestig ook dat die Raad nie daarvan bewus is dat hy die terme kontamineer nie, want hy lê die volgende riglyne ten opsigte van geweld neer: "*Kom die redelike, ewewigtige mens wat nie hiper-krities of oor-sensitief is nie tot die konklusie dat die behandeling as geheel, ten spyte van die positiewe aspekte, aanstootlik is, word die rolprent as*

*geheel afgekeur"* (p. 24-25). Daarbenewens tref die Raad oënskynlik ook geen verskil tussen die regsbegrip, *redelike man*, en die alledaagse gebruiksbegrippe *volwasse (...) man* en die *deursnee volwasse lid* van 'n bevolkingsdeel nie: "*Waar stof nie-ongewens bevind word, kan dit daartoe lei dat die (volwasse) redelike man (as fiktiewe verteenwoordiger van die hele gemeenskap) of die deursnee volwasse lid van 'n godsdienstige bevolkingsdeel of die regering van die dag of 'n politieke groep die stof ergerlik vind.*"

### 3. Konseptuele verwarring en die waarskynlike leser/kyker

#### 3.1 Wie is die waarskynlike leser/kyker?

André P. Brink (1985:23) gee die volgende omskrywing van wie of wat die *leser* is en watter rol hy in 'n publikasie speel - sy omskrywing kan myns insiens ook op die *waarskynlike leser* van toepassing gemaak word, en indien die Raad van dié omskrywing gebruik sou maak, sou dit myns insiens die ideale waarskynlike leser verteenwoordig: "*Deur oplaas weer die literatuur te eien as 'part of a more comprehensive cognitive process', word 'n besondere plek vir die leser ingeruim en 'n besondere verantwoordelikheid op hom gelê. Dit is immers hy wat die werk deur die leesproses ontsluit. Die teks is nie net 'n ontmoetplek vir die sender en ontvanger binne 'n breë verwysingsraamwerk nie: dit is bowenal 'n proses van uitruiling, 'n betekenisvolle kontrak wat tussen die partye gesluit word: 'Mens vertel om in ruil te ontvang; en dit is dié ruil wat in die verhaal self aangebied word; die verhaal is sowel produk as produksie, handelsartikel en handeldryf, 'n weddenskap en die draer daarvan'. Hierin lê die erkenning van die leser se essensiële vryheid, waarvan Sartre al vantevore gepraat het: 'Die skrywer skryf sodat hy 'n beroep kan doen op die vryheid van sy lesers, wat hy nodig het om sy werk te laat bestaan'. Deur die leesdaad, voer hy aan, word ek gedefinieer as die leser, net soos ek, wanneer ek siek is, deur die medisyne op my tafeltjie geteken word as siek; en die aard van die bepaalde werk bestem dan ook my bydrae as dié van òf passiewe tussenganger, òf van samewerker, òf selfs van skepper".*

Dit gebeur dikwels dat die Raad van òf die Komitee van Deskundiges, òf die Publikasiekomitee, òf die Direktoraat verskil oor wie die waarskynlike lesers sal wees. Dit is natuurlik voor die hand liggend dat die waarskynlike lesers daardie groep is wat deur die Raad as sodanig aangedui word - vergelyk byvoorbeeld die uitspraak oor **Savage Day** (12/82:3) waarin die Raad beslis dat die Komitee van Deskundiges nie heeltemal korrek was in sy oordeel dat slegs volwassenes die boek sou lees nie: "*Because of the pervading sense of mystery, through which the reader's curiosity and suspense are sustained, the Board found that the novel is likely to have a somewhat wider readership than the Committee of Experts suggested.*" Wanneer die Raad aldus besluit, ignoreer hy die Komitee van Deskundiges se bevinding dat die roman uit 'n tematiese en stilistiese oogpunt gesien slegs die volwassene sal interesseer en voer hy - myns insiens **verkeerdelik** - aan dat die faktore, wat deur die Komitee aangedui is, minder swaar weeg as die "*pervading sense of mystery*". Hoe subjektief die Raad te werk gaan wanneer hy die waarskynlike groep identifiseer of afbaken, blyk ook uit **Ten Days That Shook The World** (28/82:4) wanneer soos volg beslis word: "*Who the probable reader is can perhaps be judged from one's own reactions to the book.*"

Die Raad beslis in die uitspraak oor John Miles se roman, **Donderdag of Woensdag** (27/83:3), dat die waarskynlike leser 'n faktor is "*wat in ag geneem kan word. Dit spreek verder vanself dat dié faktor onder bepaalde omstandighede deurslaggewend kan wees*". Wie die waarskynlike leser is, blyk nie uit die betrokke uitspraak self nie, maar die uittreksel uit die **Sensal**-verslag wat by die saak aangeheg is en dus as deel van die uitspraak beskou kan word, wys daarop dat "*besonder min lesers gereeld letterkunde lees*" - dié afname stem ooreen met die afname wat beide in die buiteland en plaaslik in die aantal **koerantlesers** ondervind word. Die vermelde **Sensal**-verslag toon dat die profiel van die waarskynlike leser van die betrokke roman en/of van "*n ingewikkelde roman soos hier-*

die, dus klaarblyklik dié van 'n *Blanke Afrikaanssprekende met 'n hoë onderwyspeil (is), wat genoeg in die letterkunde belangstel om bv. die betrokke boek by die uitgewer te bestel*" (p. 10). Steyn R. (soos hy toe was) se *dictum* rakende die waarskynlike leser se siening van literatuur/letterkunde/fiksie in Buren Uitgewers v Raad van Beheer oor Publikasies 1975 (1) SA 379(C) op 422A word met goedkeuring in die uitspraak oor 1900 (Novecento) (179/83:4) aangehaal: "*Verskeie groot denkers het daarop gewys dat 'n absolute getroue weerspieëling van die werklikheid in die woord onmoontlik is, met ander woorde, die funksie van die kunswerk as spieël word nie meer aanvaar nie, jou waarskynlike leser sien 'n roman as 'n seepbel wat in 'n sferiese siening 'n geboë weerkaatsing van die werklikheid gee.*" In sy uiteensetting van wat (sy - en by implikasie die waarskynlike leser se - siening van) letterkunde is en watter rol fiksie daarin speel, haal Steyn Henry James aan: "*The only reason for existence of a novel is that it does attempt to represent life.*" Steyn betoog voorts dat waarheidsgetroue (dit wil sê waarin die werklikheid korrek of presies weerspieël word) betrokke letterkunde nie die enigste aanneemlike literêre kunsvorm is nie en sê: "*Konformerende letterkundiges (skrywers), getrou aan die behoeftes van die bestel van hulle tyd, slaag selde om bydraes te lewer wat hulle taal en kultuur verryk.*"

Die Raad beslis verder in die uitspraak oor Donderdag of Woensdag (27/83:3) dat daar wel sprake van verskillende lesersinsigte met betrekking tot 'n publikasie is: "*Die Raad is van oordeel dat die Human en Rousseau-saak tesame met die instelling van die Komitee van Deskundiges en die moontlikheid vir die oplegging van voorwaardes ten aansien van publikasies 'n sterk aanduiding in die rigting van differensiasie is : 'n differensiasie wat verband hou met verskillende lesersinsigte.*"

Daar is *supra* daarop gewys dat die waarskynlike leser/kyker nie los staan van die betrokke publikasie nie en dat hy nie in isolasie aangedui kan word nie - wie die

waarskynlike leser/kyker is, kan slegs aan die hand van die publikasie self bepaal word. Dit beteken uiteraard dat daar soveel verskillende groepe of soorte waarskynlike lesers/kykers sal wees as wat daar groepe/kategorieë publikasies is - vergelyk hier **The Autobiography of an Unknown South African** (134/85:10) waaruit dit blyk dat die betrokke publikasie verskeie soorte waarskynlike lesers sal hê en dat elkeen iets anders uit die publikasie sal kry, of, overgezet synde, dat elkeen die publikasie om 'n ander rede sal lees: *"Vir die werklike kommunis sal dit weinig aantrekkingskrag hê aangesien dit weinig indien enige kommunistiese ideologie verkondig, vir die swart nasionalis besiel met ywer vir die omverwerping van Blanke gesag sal dit veels te mak wees en van belang slegs uit 'n geskiedkundige oogpunt. Dit is inderdaad net die persoon wat belangstel in die geskiedenis van swart verset wat tot die einde van die boek sal volhard."*

Nadat die waarskynlike leser/kyker aan die hand van die betrokke publikasie isoleer is, kan sekere meer onmiddellike kenmerke - wat hom van die gewone of toevallige leser/kyker onderskei - aangedui word. Die terme *gewone* of *toevallige* leser word bloot gerieflikheidshalwe in dié verband gebruik ten einde tussen die waarskynlike en die nie-waarskynlike lesers te onderskei en suggereer nie 'n nuwe of persoonlike kategorie nie.

Nadat die Raad verskeie kere (vergelyk **Eendag op 'n Reëndag** 27/75; **Godspell** 129/75; **Donderdag of Woensdag** 27/83) bepaal het dat die waarskynlike leser nie 'n faktor is wanneer dit by die bepaling kom of die godsdienstige gevoelens van 'n bepaalde groep aangetas is nie, beslis hy soos volg in **A Private Function** (15/86:5) dat die waarskynlike leser/kyker wel 'n belangrike en tersaaklike faktor is wanneer vasgestel word in watter mate (graad) die gevoelens aangetas is: *"... it is the opinion of this Board that likely viewership is an important consideration when interpretation of the degree of the encroachment upon religious convictions or feelings are to be adjudicated upon. In fact, it is often not difficult to ascertain what the religious convictions or feelings of likely viewers are."*

Die Raad stel dit deurgaans egter duidelik dat die waarskynlike leser/kyker/luisteraar 'n tersaaklike faktor is. Wanneer die waarskynlike leser/kyker/luisteraar as faktor by die beoordeling van 'n publikasie betrek word, spreek dit vanself dat so 'n waarskynlike leser/kyker/luisteraar 'normaal' en 'gebalanseerd' is - vergelyk die uitspraak in **The Boys Next Door** (208/85:4): "*All tests under the Publications Act are based on the reactions of normal, balanced persons. Numerous problems would follow if the 'unbalanced person' test were to be applied.*"

### 3.2 Kenmerke van die waarskynlike leser/kyker

Wat ten opsigte van die waarskynlike leser geld, geld *ipso facto* ook ten opsigte van die waarskynlike kyker/gehoor/luisteraar, maar dan binne die bepaalde kategorie waar die kyker/gehoor/luisteraar as gevolg van die besondere publikasie voorkom.

Alhoewel verskeie tipiese of kenmerkende eienskappe van verskillende kategorieë waarskynlike lesers/kykers/luisteraars identifiseer kan word, moet onthou word dat so 'n identifikasie slegs as gevolg van die Raad se gebruik van en omgang met die 'tiperende kenmerke' moontlik is.

Dit is in die meeste gevalle moontlik om duidelike grense tussen die verskillende kategorieë of groepe aan te dui, maar dit is nie altyd moontlik nie. Normaalweg is daar slegs twee toonaangewende kategorieë, naamlik die waarskynlike leser/kyker/luisteraar en die onwaarskynlike leser/kyker/luisteraar, maar dit gebeur soms, soos byvoorbeeld in die uitspraak oor die rolprent **Nine-and-a-Half Weeks** (82/86:3), dat daar ook 'n groep is wat waarskynlik as 'n tussenkategorie bestempel kan word. Die groep kan as 'n tussenkategorie bestempel word aangesien 'n bepaalde inhoudelike element - wat 'los' of



veranderend van aard kan wees, soos byvoorbeeld wie 'n bepaalde rol in 'n teaterstuk of rolprent vertolk - hom van 'n onwaarskynlike kyker in 'n toevallige kyker omskep het: "... *although it would not draw only sophisticated audiences, this is not a film with mass appeal. It does, however, deal with sexual relationships and this will draw wider audiences. The subject matter, 'sexual enslavement' of a woman by a man, will also draw a wider viewing public.*"

### 3.2.1 Die waarskynlike leser stel belang in die ernstige letterkunde

Volgens die uitspraak oor **Magersfontein, O Magersfontein!** (7/80:16) moet die *waarskynlike leser* in ag geneem word wanneer 'n publikasie vir beoordeling aan die Appèlraad oor Publikasies voorgelê word. Die Raad beslis dan ook dat die waarskynlike leser die "*persoon (is) wat belangstel in ernstige letterkunde*" en dat hy vir die "*juiste eksegeese*" (p. 18) in die teks sal sorg. Hy sal dus insien dat die ydelike gebruik van die Here se naam net ergerlik is en nie aanstootlik nie.

Die waarskynlike leser stel nie net in 'ernstige letterkunde' belang nie, maar beskik bowendien oor 'n bepaalde insig ten opsigte van die 'ernstige letterkunde' wat die publikasie vir hom nie net toegankliker maak nie, maar wat hom terselfdertyd as gevolg van dié insig meer verdraagsaam teenoor aspekte van die publikasie stem wat vir die 'gewone' of die 'oningewyde' leser ergerlik of skokkend mag wees. Die Raad beslis in die uitspraak oor E.W.S. Hammond se digbundel, **Hamburgers en Hotdogs** (11/81:2), dat die gereelde poësieleser ervaring het in die "*genuanseerde gebruik van woorde, die gebruik van poëtiese tegnieke en die indirekte seggingswyse van die poësie*". Vergelyk ook die uitspraak oor **Savage Day** (12/82:3) waarin bevind is dat die waarskynlike leser van dié roman oor 'n "*cultivated literary understanding*" sal beskik.

### 3.2.2 Hy lees ook publikasies wat nie in sy moedertaal is nie

Die waarskynlike leser is nie noodwendig 'n moedertaalspreker van die taal waarin die boek geskryf is nie. Die Raad beslis in *Looking on Darkness* (64/80:6-7) deur André P. Brink dat talle Afrikaanssprekendes Engelse boeke met groot geesdrif lees (kyk hoofstuk 1: 9.2).

### 3.2.3 Hoe meer gesofistikeerd die leser is, hoe meer ingelig is hy

Nadat die Raad beslis het dat die waarskynlike lesersgroep in *Looking on Darkness* (64/80) kleiner as dié van 'n *popular novel* sal wees, kan "*absolute sophistication and literary or theological insight*" (p. 7) nie van die *redelike waarskynlike leser* van die boek verwag word nie. Die waarskynlike lesers van die boek "*is not limited to experts or the wellinformed*" (p.10). Ten spyte daarvan dat die waarskynlike leser oor die vermoë sal beskik om die analogie te aanvaar wat tussen Josef en Christus getrek word, is die leser (ten spyte daarvan dat hy in 'n *more sophisticated class* val (p. 12)) na die Raad se mening nie bevoeg om die sekstonele te verwerk nie aangesien hy nie oor die nodige agtergrondskennis beskik nie. Dit was ook die geval wat die uitspraak oor *A Time of Desecration* (100/80) betref het. Volgens die Raad - en ten spyte van die puik leiding rakende die boek se werklike betekenis en literêre waarde wat in die deeglik verantwoorde en oortuigende minderheidsverslag deur prof. L. Strydom, lid van die betrokke Komitee van Deskundiges, voorgelê is) - sal *many readers* (p. 3) nie besef waarom die bittere satire gaan nie. Die Raad grond sy beslissing oënskynlik op die waarskynlike leser se oningeligheid, sy onvermoë om die satire te lees soos wat Strydom betoog dit wel gelees sal word: "*Die waarskynlike leser van Moravia se jongste roman*

*herken dit as literêre satire en interpreteer dit derhalwe in die prinsipiële en internasionale konteks van die literêre satire" (p. 1).*

Die feit dat dit nie seker is of die gesofistikeerde waarskynlike groep oor die nodige agtergrondskennis beskik of nie, tel nie altyd teen die publikasie nie. Die Raad beslis in **Canterbury Tales** (167/85:3) dat selfs indien die gesofistikeerde kyker nie met die oorspronklike teks vertrou is nie, hy nog steeds teenoor die stof verdraagsaam sal wees en dat hy waarskynlik "*would be interested in doing some research or reading about the connection between this film and the original text*". Dis nie duidelik waarom die Raad nie van dieselfde vetrekpunt af beweeg het toe **A Time of Desecration** beoordeel is nie.

Hierteenoor stel die Raad dit duidelik dat die waarskynlike lesersgroep wat 'n gesofistikeerde waarskynlike lesersgroep is oor sekere kwalifikasies moet beskik. Die Raad beslis in **Pinball** (111/83:3) soos volg: "*Because the reader himself has to bring a certain maturity and a certain measure of knowledge of his own into the reading the novel will appeal essentially to a limited number of highly literate and sophisticated readers.*" Die gesofistikeerde waarskynlike leser sal ook nie deur ongesofistikeerde stof, soos byvoorbeeld kru propaganda of eensydige propaganda, beïnvloed word nie (vergelyk **South Africa Belongs to Us** 42/86 en **No Middle Road to Freedom** 43/86 op p. 2). Diegene wat 'n tydskrif met 'n politieke inhoud soos byvoorbeeld **Newsweek** (187/85:2) lees, sal slegs 'n intellektuele belangstelling in die politiek hê en daartoe in staat wees om 'n onafhanklike mening te vorm, "*after having given the items some thought and after having compared them to items in the other media*". So 'n leser geraak dus onbetrokke tot 'n ingeligte gevolgtrekking. Die waarskynlike leser/kyker beskik oor die nodige kennis om 'n publikasie binne die korrekte *genre* te situeer en dit in terme van so 'n *genre* te beoordeel. Die Raad beslis byvoorbeeld in **Monty Python's The Meaning of Life** (211/85:2) dat die waarskynlike kyker "*will recognize that it is a hilarious satire, which over-accentuates its*

*criticism of what it deems to be society's prejudices*". 'n Verdere kwalifikasie waaroor die gesofistikeerde kyker sal beskik, is dat hy die nodige begrip sal hê wanneer dit by kunsvilms of rolprente kom wat homoseksualiteit tot tema het (**Kiss of the Spiderwoman** (53/86:3)).

Volgens bostaande uitsprake val die waarskynlike lesers dus in twee kategorieë uiteen, naamlik die *gesofistikeerde (en ingeligte)* leser teenoor die *ongesofistikeerde (en oningeligte)* leser. Die afleiding word onderskeidelik deur die uitspraak oor **Store up the Anger** (101/81:3) en **Ten Days That Shook The World** (28/82:6) bevestig wanneer beslis word dat die waarskynlike gesofistikeerde leser inderdaad ook 'n ingeligte leser is: "*dat hierdie boek se waarskynlike lesers gesofistikeerde, ingeligte lesers sal wees*"; en: "*The likely reader, that is, the informed, sophisticated reader*". 'n Mens kan hieruit aflei dat die betrokke leser as *gesofistikeerde* leser bestempel word juis omdat hy *ingelig* is. Die Raad omskryf die begrip *gesofistikeerde leser* in 'n veel later saak wanneer hy in die uitspraak oor **A Private Function** (15/86:3) verduidelik wat hy met die begrip bedoel: "*By the term 'sophisticated', we mean a group of people who will be acquainted with the film and/or the drama medium and who will be able to appreciate the dramatic qualities of this film. This does not mean that these people are insensitive but only that they generally have a better grasp of the medium.*"

Die begrip *gesofistikeerd* word ook dikwels saam met ander begrippe soos die begrip 'volwasse' of 'ervare' gebruik - vergelyk die uitspraak oor **Sirens** (91/81:2): "*sophisticated, experienced novel readers*", en "*sophisticated literary experienced person*" (p. 4); in **Dressed to Kill** (71/81:3) is dit "*highly educated and sophisticated people*"; in **The Women's Room** (66/81:6) is dit "*mature and literary experienced readers*"; en in **A Clockwork Orange** (130/83:6-7) is dit "*die volwasse intelligente kyker*". Die begrip word egter ook saam met ander begrippe gebruik, vergelyk onder andere die Raad se woorde in

**Sexual Fiction** (57/82:4): "... *the likely readers of the book will be a limited, sophisticated and mainly academic group.*"

Waar die waarskynlike leser as maatstaf gebruik word, moet die waarskynlike lesers na die Raad se oordeel dus gesofistikeerde (en ingeligte) lesers wees indien 'n kontensieuse publikasie nie-ongewens bevind moet word. Die gesofistikeerde waarskynlike leser/kyker/teaterganger moet egter nie met die *ernstige* waarskynlike teaterganger verwar word nie. Die ernstige waarskynlike teaterganger verstaan ook die funksionaliteit van bepaalde tonele, maar is oënskynlik volgens die uitspraak nog nie 'n gesofistikeerde teaterganger nie - vergelyk die uitspraak oor *Asinamali* (16/86:2): "*The play is directed at more serious audiences (which should be distinguished from more exclusive, sophisticated, audiences) who will understand the functional value of this scene.*"

#### 3.2.4 Die waarskynlike leser verskil van die 'leser in die algemeen'

Die *many readers* na wie die Raad in **A Time of Desecration** (100/80) verwys, is nie die waarskynlike leser wat die publikasie ter wille van sy belangstelling in die letterkunde sal lees nie. Volgens die Raad bepaal die publikasie self wie die waarskynlike leser sal wees. Dit spreek vanself dat die *many readers* na wie verwys word 'n heeltemal ander groep lesers is - en die Raad beseft dit klaarblyklik. Daarom vind hy dit nodig om daarop te wys dat die betrokke groep nie oor die nodige kennis van Moravia se werk beskik nie: "*Many readers will, unfortunately, not be aware that what is dealt with in A Time of Desecration has been dealt with in other books by Moravia.*" Die Raad dwaal in die opsig, want hy laat hom lei deur 'n groep wat geen belang by die roman het nie, 'n groep wat hy as "*curious young readers, with healthy heterosexual needs*" (p. 4) bestempel, en beslis gevolglik "*that the literary merit of this work and its likely readership are not strong*

*enough to redeem it*". Daar word, met respek, daarop gewys dat die beslissing inderdaad verkeerd is aangesien die Raad met 'n nie-tersaaklike maatstaf, naamlik die toevallige, nuuskierige leser (en sy 'gesonde heteroseksuele behoeftes' wat normaalweg geen rol in 'n kunswerk te speel het nie) gewerk het.

Die Raad begaan dieselfde fout in die uitspraak oor Wessel Ebersohn se roman, *Divide the Night* (60/81:4), wanneer hy beslis dat "*many readers would regard this book as an abuse of the novel for propagandistic purposes (...) and would accordingly find it in poor taste or even disgusting*". Wanneer die Raad later in dieselfde uitspraak na die Suid-Afrikaanse leser in die algemeen verwys, is dit duidelik dat hy die waarskynlike leser hoegenaamd nie in ag geneem het nie, en dat hy dwaal aangesien die insig nie ter sake is nie: "*The South African reader has also become acquainted with this kind of negative writing*" (p.4).

### 3.2.5 Die waarskynlike leser verskil van die 'gewone leser'

Tydens die beoordeling van *Te Hel met Ouma* (13/81:2) onderskei die Raad duidelik tussen die *waarskynlike* leser en die *gewone* leser. Hy verwag dat daar verskillende interpretasies en waardebepalings onder die waarskynlike lesers sal bestaan en beskou dit as normaal. Daarna stem hy met die Komitee van Deskundiges saam dat die publikasie nie by 'n breë lesersgroep sal inslag vind nie. Dié *breë leserspubliek* waarna verwys word, sluit die waarskynlike leser nie in nie, maar dit sluit wel die *gewone leser* in: "*Daar is, soos die Komitee van Deskundiges aandui, verskeie strukturele aspekte van die roman wat die gewone leser sal ontmoedig. Die leesvolgorde is bv. nie dieselfde as die verhaal volgorde (sic) nie en 'n maklik volgbare verhaaldraad is afwesig. Die digtheid van die teks self sal die gewone leser afskrik.*"

Die beleid word ook in die uitspraak oor *Astraea* (146/81:4) gehandhaaf wanneer die Raad aantoon dat 'n geweldige gaping tussen die gesofistikeerde en die gewone leser bestaan aangesien die gesofistikeerde waarskynlike leser oor 'n bepaalde agtergrond en insig beskik wat die publikasie vir hom toeganklik (en vir die gewone leser ontoeganklik) maak. Trouens, die gesofistikeerde leser is so goed ingelig dat dit nie vir die Raad nodig is om die publikasie ongewens te bevind nie - die gesofistikeerde waarskynlike leser sal die publikasie 'sien vir wat dit is': *"Die waarskynlike leser - en hy sal meer gesofistikeerd wees, want die gewone leser sal nie eers verder as paragraaf 2 kom nie - sal ook weet dat hierdie tipe stof niks nuuts is nie en dat dit die tipiese taal van die agnostikus of die ateïs is. Die Staat hoef nie hier by wyse van die Wet op Publikasies in te meng nie - die stuk hang homself reeds op."*

### 3.2.6 Die waarskynlike leser verskil van die 'redelike leser'

Die Raad beslis in die uitspraak oor die satiriese roman, *Dingley Falls* (106/81:2), dat slegs die ervare roman-leser die publikasie sal verstaan en waardeer aangesien slegs hy oor die nodige insig sal beskik om te kan weet waarop die skrywer afstuur, en net hy *"is informed enough to do justice to the literary allusions and the writer's deeper thoughts, and is perservering enough to follow the complex plot to the end"*. In plaas daarvan dat die Raad die betrokke leser as die *waarskynlike leser* identifiseer en dit as maatstaf gebruik, werk hy egter - en op onverklaarbare wyse - met die *redelike leser* as maatstaf.

Hy gee deur sy bewoording te kenne dat die *redelike leser* meer verdraagsaam is as die *waarskynlike leser* - na wie nie verwys word nie, maar wat by implikasie en op grond van die verwysings op p. 2 indirek betrek word: *"Nevertheless, the problem that is created for*

*even the reasonable reader is whether the explicit descriptions of even the more normal are not (...) gross intrusions upon the privacy of the sex act, or (...) a presenting of it as something ridiculous.*" Die vraag is uiteraard of die *redelike leser* deel van die waarskynlikheidsgroep is en of hy in 'n afsonderlike groep voorkom. In **Divide the Night** (60/81:2) word beslis dat die verwysings na "*sexual excitement and excretion during the torture scene*" die redelike leser sal "*annoy*", maar dat dit nie so erg sal wees dat die publikasie ongewens bevind moet word nie.

Die vraag of die redelike leser deel van die waarskynlike lesersgroep is of nie, word nie direk beantwoord nie. Dit word egter in die uitspraak oor **Almost Paradise** (206/84:2) duidelik gestel dat die *redelike leser* van die *gemiddelde leser* verskil: "*Purely from a legal point of view, however, it is necessary to point out that the word 'average South African reader' is not the correct test. The test is that of the reasonable reader. The test of the reasonable man, on the other hand, indicates an inquiry into all relevant facts and ultimately represents the outcome of the balancing of all the relevant interests.*"

Ten spyte daarvan dat die Raad tussen die *redelike leser* en die *redelike man* onderskei deur daarop te wys dat die *redelike man*-toets op 'n breër basis as die *redelike leser*-toets toegepas word, baken die Raad nog steeds nie die betekenis wat aan die begrip *redelike leser* gekoppel word, af nie. Daarbenewens gebruik die Raad dié begrip dikwels asof dit inhoudelik met die *redelike man*-toets ooreenstem.

Wanneer die Raad op dié wyse met die begrip *redelike leser* werk, dwaal hy egter aangesien dit 'n gekontamineerde (kyk *supra*) begrip is. Dit is egter uit die toeligting duidelik dat die twee begrippe, *redelike leser* en *waarskynlike leser*, nie as interverwisselbaar beskou kan word nie aangesien dit uit die wyse waarop die begrippe toegepas word blyk dat die Raad twee verskillende interpretasies daaraan heg. Aangesien die



begrip *redelike leser* 'n gekontamineerde begrip is wat in dieselfde betekenis as die *redelike man* gebruik word, spreek dit vanself dat die begrip *redelike leser* nie deel van die begrip *waarskynlike leser* se betekenisveld is nie. Dit is dus twee afsonderlike en weder-syds uitsluitende terme.

### 3.2.7 Die waarskynlike leser verskil van die 'ewewigtige persoon'

Die Raad werk in verskeie sake met die beginsel van die *normale, gebalanseerde leser/kyker* en beslis in **The Seduction of Peter S** (231/84:5) dat die normale, gebalanseerde leser "*will neither be offended nor be influenced by the sexual episodes described in the novel, and will condone the crude language in view of the novel's merits*".

Presies wie die Raad in gedagte het wanneer hy met die *normal and balanced reader* werk, blyk uit die uitspraak oor **The World is Full of Married Men** (117/86:3) waarin dit duidelik gestel word dat die term 'n aanpassing of verwerking van die *redelike man-toets* is: "*... it is important to bring the normative test of the reasonable man closer to the book itself. Therefore it is more acceptable to apply the test of a well balanced reader itself.*" Die Raad verwys met goedkeuring na Rumpff AR se uitspraak in Publications Control Board v Republican Publications (Pty) Ltd 1972(1) SA 288 (A) waarin Rumpff die toets van die moderne gemiddelde leser wat 'n gesonde benadering teenoor seks en soortgelyke aangeleenthede het, beklemtoon het. Volgens die Raad is dit die toets wat toegepas moet word wanneer boeke beoordeel word: "*The idea that a reader is brought in does not, however, mean that the likely reader is the test. The likely reader remains a factor which is taken into consideration by the well-balanced reader. The well-balanced reader is not necessarily a likely reader but he will take modern trends and the standards of the likely reader into consideration, as well as his degree of tolerance which this Board must ascertain and this must be combined with the definition of indecent or obscene or harmful.*"

Die normale, goedgebalanseerde leser word as maatstaf gebruik om te bepaal of publikasies - en meer spesifiek foto's - welluswekkend vir die waarskynlike leser is of nie. Dit word aan die hand daarvan of dit vir die normale, goedgebalanseerde leser welluswekkend is of nie, bepaal - vergelyk die uitspraak oor **Bunny Girl** (146/86:3): *"If a photograph is, according to the said well-balanced reader, calculated to excite lust in the normal well-balanced and likely reader this would be a strong, mostly conclusive, indication that the photograph is calculated to deprave or corrupt."*

Daar word egter ook sekere eise aan die normale, goedgebalanseerde leser/kyker gestel, naamlik dat hy met die teater bekend moet wees indien hy as maatstaf ten opsigte van 'n verhoogstuk gebruik word, en dat hy die gegewens binne die konteks van die teaterstuk en -opset moet kan vertolk. Dis nie genoeg om net as normaal en goedgebalanseerd beskou te word nie - vergelyk die uitspraak oor die verhoogstuk **Funny Peculiar** (158/86:2-3) wat deur Pieter Toerien aangebied is: *"The question is whether the normal well-balanced person who is acquainted with public entertainment, in the light of the likely viewer of this play and who has a certain understanding of and expectation from Pieter Toerien Productions, will regard the nudity as disgusting within the context, or as depraving or corrupting or as offensive to public morals."*

### 3.2.8 Die waarskynlike leserskring verskil

van die 'werklike lesers' en die  
'waarskynlike/werklike kykerskring'

Nadat vasgestel is wie die waarskynlike lesers is en of die publikasie aan die hand van die waarskynlike lesers en ander toepaslike faktore nie-ongewens bevind moet word, beweeg die Raad van die publikasie se inhoud af weg na die omslag toe. In die geval van **The**

**Kama Sutra** (126/82:3) beslis die Raad dat die publikasie nie net beperk is tot diegene wat die boek om sy navorsingswaarde lees nie, aangesien die voorblad van so 'n aard is dat die publikasie 'n veel breër groep as die waarskynlike lesersgroep se aandag sal trek. Die groep, wat as die **kykerskring** bekend staan, sal die boek nie noodwendig lees nie en dit om die verkeerde rede - waar die "*geslagshouding*" wat op die voorblad afgedruk is as stimulus sal dien - 'optel': "*Maar nou is dit op die voorblad en is die kykerskring daarvan nie beperk tot die lesers van die publikasie nie.*" Die implikasie is dat diegene wat die blad nie onder normale omstandighede sou lees nie deur die 'uitlokkende' of 'suggestiewe' foto op die voorblad oorgehaal sal word om dit ter wille van die 'belofte' wat die foto inhou, op te tel en daarin te begin blaai. Dis egter nie duidelik hoe 'n blote foto van 'n 'geslagshouding' iemand sal oorhaal om 'n *scholarly* boek - wat by implikasie moeilik lees en vir die nie-vakman of ongesofistikeerde leser ietwat ontoeganklik sal wees - skielik (en dit bloot op grond van 'n enkele foto) te wil/probeer lees nie. Die Raad het op grond van die buitebladfoto beslis dat die publikasie nie met sy bestaande buiteblad versprei kon word nie ten einde te verseker dat die onwaarskynlike leser nie in 'n werklike leser omskep kan word nie.

Uit bostaande uitspraak blyk dit dan ook dat daar 'n kontinuum met betrekking tot die publikasie se lesers/kykers bestaan waarop ten minste twee ekstreme punte aangedui kan word, naamlik die *waarskynlike leser* op die een punt en die onwaarskynlike leser op die ander, met die groep wat op die ou end die *werklike lesers* blyk te wees iewers in die middel. Hieruit kan afgelei word dat nie al die *verwagte waarskynlike lesers* die boek lees nie - anders sou daar geen verskil tussen die *geïdentifiseerde waarskynlike lesers* en die *werklike lesers* gewees het nie. Aan die ander kant beteken dit ook dat die onwaarskynlike leser onder bepaalde omstandighede in 'n toevallige waarskynlike leser omskep word.

### 3.2.9 Die waarskynlike leser verskil van die 'oppervlakkige leser'

Die Raad verwys na die Komitee van Deskundiges se verslag oor M.C. Botha se bundel, **Skertse** (150/83:1), waarin betoog word dat die bundel slegs aan 'n uiters oppervlakkige leser sal aanstoot gee. Alhoewel die begrip **oppervlakkige leser** nie in die uitspraak omskryf word nie, betoog die Komitee van Deskundiges in sy verslag (wat as aanhangsel by die Raad se uitspraak publiseer en gevolglik toepaslik is) dat 'n oppervlakkige leser die bundel waarskynlik nie sal lees nie en gevolglik in wese 'n **onwaarskynlike leser** is.

### 3.2.10 Die waarskynlike leser verskil van die 'onwaarskynlike leser'

In die uitdeeltstuk sonder jaartal met die titel van **Is die publikasiebeheerders vandag besig om toe te laat dat die sedes geskaad word?** (wat vermoedelik deur Van Rooyen opgestel is) word dit onomwonde gestel dat die onwaarskynlike leser wel voorkom, maar dat hy nie tersaaklik is nie: "*Die waninsigte van die onwaarskynlike leser is hier nie belangrik nie.*"

Die Raad beslis in die uitspraak oor **Skertse** (150/83:3) dat dit raadsaam is om nie 'n ouderdomsbepanking op te lê nie aangesien so 'n oplegging die **onwaarskynlike leser** se "*onnodige belangstelling*" sal aanwakker. Die Raad beslis voorts dat die ouderdomsoplegging teenproduktief sal wees aangesien dit tot gevolg sal hê dat die gemiddelde publikasie onverdiende aandag (in dié geval die onwaarskynlike leser se aandag) sal ontvang.

Wanneer 'n publikasie egter deur die Raad beoordeel word, is die *onwaarskynlike leser* nie 'n tersaaklike faktor nie. Hy word as irrelevant beskou en word nie in ag geneem nie,

vergelyk die uitspraak oor *A Clockwork Orange* (130/83:6): "*Die nuuskierige onwaarskynlike kyker is dus nie relevant by hierdie ondersoek nie.*"

Alhoewel die kyker na wie in *Superstar* (82/83:11) verwys word, streng gesproke nie in die onwaarskynlike kykersgroep val nie, val sy oordeel en die gewig wat dit (nie) dra (nie) in dieselfde kategorie as dié van die onwaarskynlike kyker, want die Raad beslis dat "*(d)ie insigte van persone wat geen respek of verdraagsaamheid vir die wêreld van die drama het nie (...) irrelevant*" is.

### 3.2.11 Die waarskynlike leser verskil van die 'tipiese leser'

Wanneer die Raad in sy uitspraak oor *Sarie, 16 Maart* (44/83:2-3) na sy advieskomitee se verslae verwys, wys hy daarop dat 'n lid van die advieskomitee die mening toegedaan is dat die tydskrif oor *tipiese lesers* beskik. Aangesien die Raad die lid nie tereg wys nie en ook nie op die verwysing kommentaar lewer nie, beteken dit dat hy die kategorisering aanvaar. In die uitspraak oor *The High Cost of Living* (205/85:7) bevestig die Raad egter dat hy wel met die kategorie 'tipiese leser' werk, sy dit dan op indirekte wyse. Die Raad beslis naamlik dat die waarskynlike leser van die feministiese roman met feministiese aangeleenthede en kritiek vertrou sal wees. Daardeur impliseer hy dat 'n bepaalde soort leser die roman sal lees of, anders gestel, dat die leser van feministiese publikasies dié feministiese roman sal lees omdat dit 'n feministiese publikasie is. Dit maak van so 'n leser 'n 'tipiese leser' van die *genre*.

### 3.2.12 Die waarskynlike leser is 'volwasse'

Van Rooyen wys in die 1984-Riglyne daarop dat ergerlikhede en selfs skokkende stof op die sedelike en godsdienstige vlak ter wille van die "*kuns, letterkunde, kinematografie en*

*teater, meriete en die belange van die volwasse, meer intellektuele, waarskynlike leser (kyker)" (p. 38) verdra moet word.*

Die Raad gebruik die begrip *volwasse* eerstens onder meer in die betekenis dat die persoon nie meer 'n kind/jeugdige is nie - vergelyk onder andere die onderskeidelike uitsprake van **Penetrator** No 3, 5 en 6 (wat gesamentlik as sake 134, 135 en 136/81 beoordeel is) en **Funny Peculiar** (158/86:2). In eersgenoemde geval is bevind dat die volwasse, nugtere en regdenkende leser "*die volgehoue geweld en sadistiese beskrywings van moord en doodslag wat daarin voorkom afstootlik (sal) vind*", maar dat die publikasie se waarskynlike leserskring "*hoofsaaklik uit seuns in die ouderdomsgroep 13 tot 17 sal bestaan*". Die jong lesers sal nie daartoe in staat wees om dieselfde regdenkende oordeel as die volwasse leser te vel nie en sal gevolglik beïnvloed word deur die negatiewe aspekte van die publikasie, soos dat die held in die verhaal mense - dit wil sê die booswigte in die verhaal - voor die voet doodmaak: "*In die onvolwasse gemoed kan dit maklik die indruk skep dat die doel altyd die middele heilig, al is die middel ook hoe laakbaar.*" In die tweede geval is bevind dat die verhoogstuk op volwassenes gemik is, maar dat dit dikwels moeilik is om op 'n ouderdomsbepערking te besluit aangesien dit moeilik is om tussen 'n agtienjarige en 'n een-en-twintigjarige te onderskei wat volwassenheid betref. Wanneer dit moeilik is om aldus te onderskei, word 'n ouderdomsverbod van 2-21 opgelê.

Die begrip *volwasse* word tweedens in die betekenis gebruik dat die betrokke leser (kyker/gehoor) nie 'n *onvolwasse* of *onervare* leser sal wees nie, vergelyk **The Seduction of Peter S** (231/84:5): "*This is definitely a book for adults', and, in the Board's view, adults will be its likely readers. There is nothing in it that is likely to attract or hold the attention of immature or inexperienced readers*". Dit word ook in 'n derde betekenis gebruik, naamlik dat die betrokke leser (kyker/gehoor) die politieke inhoud in die publikasie sal kan hanteer.

### 3.2.12.1 Volwassenheid as algemene vereiste

Die Raad bevind in die uitspraak oor Thomas Wiseman se roman, **Savage Day** (12/82), dat die waarskynlike leser soms as 'volwasse' bestempel kan word. Die rede waarom die Raad bevind dat die betrokke waarskynlike leser 'volwasse' is, is omdat die roman se tema, styl en omvang van so 'n aard is dat dit met konsentrasie en 'n aangekweekte literêre begrip (p. 3) gelees moet word - dié kenmerke ontbreek by implikasie in die nie-volwasse of onvolwasse leser. Gevolglik bevind die Raad "*that readers with the necessary maturity and powers of judgement would be able to view the problem parts in the proper perspective*" en daarom "*it was decided that the novel is not likely to exceed the limit of tolerance of a mature, reasonable reader*".

Wanneer 'n leser of kyker volwasse is, bevind die Raad ook dat sy belange beskerm moet word. Die Raad beslis gevolglik in die uitspraak oor die rolprent, **Bad Timing** (76/82:4), dat "*(d)ie volwasse kyker nie die geleentheid ontneem (mag) word om hierdie rolprent te sien nie*". Aangesien die betrokke rolprent ook tonele bevat wat na die Raad se mening die verdraagsaamheid van die redelike ewewigtige Suid-Afrikaner sal oorskry, word die rolprent met enkele weglatings en 'n ouderdomsbepkering van 2-21 jaar deurgelaat sodat die volwasse kyker die geleentheid sal kry om dit te kan sien.

### 3.2.12.2 Volwassenheid as spesifieke vereiste

Die Raad bevind dat die Suid-Afrikaanse leser polities gesproke 'volwasse' genoeg is om publikasies met 'n politieke strekking te lees sodat hy op die hoogte van sake kan wees - vergelyk onder meer die uitsprake van **Mao for Beginners** (7/81) waarin bevind is dat Suid-Afrikaners moet kennis dra van Mao Tse-Tung se lewensbeskouing; **An Introduc-**

tion to the Writings of Ngugi (43/81) waarin beslis word dat dit van kardinale belang is dat die blankes moet weet wat die swartes nie net hier te lande nie, maar dwarsdeur die kontinent dink en skryf; en Transvaal Episode (49/82:4) wat volgens die Raad "*implicitly draws attention to the absolute necessity of a proper dialogue and a proper consideration of grievances*".

### 3.2.12.3 Minderjarige lesers is nie volwasse lesers nie

Die Raad beslis in die uitspraak oor **Sarie**, 16 Maart 1983 (44/83:10) dat die waarskynlike/werklike lesersgroep van die tydskrif in twee hoofkategorieë uiteenval, naamlik die volwasse en die minderjarige (en dus by implikasie onvolwasse) leser: "*Die kernprobleem waarom alles draai is die feit dat die Sarie ook 'n groot aantal waarskynlike minderjarige vroulike lesers het.*" Dat die Raad nie van oordeel is dat dit die enigste twee ouderdomsgroepe is waarin die waarskynlike leserskring kan uiteenval nie, blyk uit 'n vroeër uitspraak, naamlik dié van **Scope** (2/82:2) waarin verskillende kategorieë lesers op grond van hul ouderdomsgroepe identifiseer word: "*Firstly it must be pointed out that Scope is not a family magazine. It clearly caters for more grown-up tastes although it is clear that sixteen-year olds and older minors would also fall within the likely readership of this publication. To be a family magazine it would have to have articles directed at the young.*"

Botha (1981:19) sê na aanleiding van die verbod op die Pink Floyd-plaatopname, **Another Brick in the Wall** (48/80 en 49/80), dat die uitspraak teen die solus sewe gemik is en dat die Raad heeltemal tereg daarop gewys het dat dit veral kinders is wat na die betrokke snit luister. Die verbod is dan juis ook teen die kinders gemik. Volgens Botha het die Raad egter gedwaal aangesien die uitspraak en verbod teen die volwasse



luisteraar werk omdat dit sal voorkom dat volwassenes wat die langspeelplaat sou wou koop die plaat wel sou kon koop: "*As the particular seven single was extremely popular in discoteques (sic) at the time, it can safely be assumed that the young people taken into consideration as likely listeners are the disco generation or in pre-disco terms, the teenybopper crowd. This may be correct in the case of the seven single, but definitely not where the album is concerned. In my opinion the Appeal Board should have taken into consideration the mature serious music lover as likely listener to the album, which does not have as limited a 'life' as a seven single, bought by hysterical teenyboppers and discarded after a while.*" Die stelling bewys op onomwonde en onweerlegbare wyse dat 'minderjarige lesers/kykers/luisteraars' nie 'volwasse lesers/kykers/luisteraars' is nie.

Dit blyk *supra* dat dit nie altyd so maklik is om te bepaal wanneer 'n adolessent 'n *jeugdige* is en wanneer hy *volwasse* is of op die randjie van volwassenheid staan nie. Dit is egter nie so moeilik om tussen kinders en (jong) volwassenes te onderskei nie. Miller (1982:44) wys byvoorbeeld daarop dat kinders nie toegelaat word om die seksdaad te sien nie: "... *not necessarily because there is a substantial danger in their doing so, but because the rule preventing them from doing so helps to define what we mean by a child.*" Hy sê voorts: "... *we impose or manufacture the innocence of children, thereby creating a class of individuals who are recognizably 'in statu pupillari'.*"

Die Raad werk egter nie net met die term *minderjarige* leser/kyker/luisteraar nie, maar ook met die omskrewe begrip *skoolkinders*. Hy beslis naamlik in **Russia in Revolution** (146/82:4) dat die publikasie, wat uit 'n reeks maklik verstaanbare pamflette bestaan en wat in 'n populêre styl geskryf is, "*primêr gerig (is) op skoolkinders*", maar dat dit ook toeganklik is vir 'n wyer leserskring. Wie die wyer leserskring is, word glad nie aangedui nie.

### 3.2.12.4 Ouderdomsoplegging om 'kinders'

#### uit te sluit

Die Raad beslis in **The Kama Sutra - Richard Burton Classic Translation** (126/82:2) dat die boek navorsingswaarde het, dat die redelik ewewigtige lid van die Suid-Afrikaanse gemeenskap dit sal insien en dat die waarskynlike lesers beperk sal word tot die "*persone wat in hierdie onderwerp belangstel*". Ten einde egter te voorkom dat 'n boek wat op 'n volwasse teikengroep gemik is deur die verkeerde teikengroep, dit wil sê nie-volwassenes of kinders, gelees word, het "*die Raad besluit om 'n ouderdomsbeperking ten aansien van die verspreiding daarvan deur boekhandelaars en uitleenbiblioteke te plaas. Kinders sou maklik gedeeltes van hierdie werk uit verband kon ruk*".

### 3.2.13 Die waarskynlike leser is 'intelligent', 'n

#### 'intellektuele' leser

Aangesien die waarskynlike leser aan die hand van die publikasie bepaal word, spreek dit vanself dat nie alle publikasies op dieselfde intellektuele vlak gerig is nie en dat die meer intellektuele publikasie 'n meer intellektuele (of intelligenter) leser/kyker as lid van sy waarskynlike lesers- of kykerskring sal hê.

Die Raad beslis in ooreenstemming hiermee in die uitspraak oor **Campus Action for Democracy** (133/82:3) dat die soort leser wat die publikasie sal lees 'n universiteitstudent met "*above average intelligence*" sal wees en daarom sal hy die publikasie, na die Raad se oordeel, sien vir wat dit is: "*a rather boring, though at times thought-provoking politically inclined publication (...) not adding anything new to the political arena*" (p.4). Die Raad verstrek geen riglyn van waarom hy die mening toegedaan is dat dieselfde leser die betrokke publikasie tegelyk en *boring* en *thought-provoking* kan vind nie.

Die intelligente waarskynlike leser lees die publikasie op intelligente wyse en word dus nie sonder meer deur die publikasie beïnvloed of mislei nie, dit wil sê, hy word nie 'n slagoffer daarvan nie. Die Raad beslis in *Frontline* (132/83:2) dat die intelligente leser die gewraakte paragrawe binne die konteks van die artikel en binne die konteks van die publikasie as geheel sal lees. *"In doing this he would realize that the articles simply form part of the ongoing debate on the political future of Blacks in South Africa. (...). In any case, the likely reader of this publication would not be influenced by what is said in the article. There is no call to arms or incitement, and the likely readers would, in fact, regard such a conclusion as an insult to their intelligence."* Aangesien die waarskynlike leser *intellektueel* is, kan hy die roman se ironiese inhoud verstaan, dit wil sê, dis 'n voorvereiste dat die leser *intellektueel* moet wees - vergelyk die uitspraak oor *Kinflicks* (145/84:2): *"Although the publication will have a wide readership, this wide readership will fall into an intellectual category. The readers would understand the ironic content."*

Dit gebeur egter dat die minder intelligente leser/kyker die publikasie ook ter insae kry. In so 'n geval ontstaan die vraag *"of die gemiddelde kyker in teenstelling met die intellektuele of intelligente kyker die boodskap in 'n positiewe lig sal interpreteer"* (*A Clockwork Orange* (130/83:3)).

Een van die kernprobleme wat tydens die beslissing van *A Clockwork Orange* (130/83:4) ontstaan het, was tot watter gevolgtrekking die Raad by die opweging van die intellektuele kyker se insigte teenoor dié van die gemiddelde kyker moes geraak: *"Moet hierdie rolprent met sy kragtige (etiese) anti-kondisioneringsboodskap, met sy hoogstaande dramatiese en ander meriete, met sy interessante sosiale kritiek, weggehou word van die intellektuele gehoor wat die rolprent in die korrekte perspektief en as 'n interessante intellektuele oefening sal beskou?"* Die Raad beslis aan die hand van twee sielkundiges se

verslae dat die gemiddelde kyker wel die geweld sal kan hanteer en dit in die regte perspektief sal sien. Die intellektuele of meer intelligente kyker sal egter meer vrae as die gemiddelde kyker stel.

Lesers/kykers val egter nie net in intelligente/meer intellektuele en gemiddelde kategorieë nie. Dit blyk uit die uitspraak oor **Work in Progress** (sake 10 en 11/82:5) dat die nie-so-maklik-beïnvloedbare 'geleerdes en intellektuele' ook as groep saamgegroepeer word onder die term *intelligentsia*: "*The likely readership of the present publication would be limited to the black and the white intelligentsia. These people are not so easily influenced as the masses would be.*" Die Raad beslis in **Transvaal Episode** (449/82:3) dat daar bo en behalwe die intelligente of intellektuele leser en die gesamentlike groep wat as die *intelligentsia* bekend staan, 'n verdere dog myns insiens onbegryplike kategorie is wat buite dié uitgelese kring val, naamlik die *arduous* leser: "*Although the likely readership of this publication cannot be regarded as sophisticated or intellectual, the likely reader would be of the more arduous kind.*" **Transvaal Episode** (deur Harry Bloom) wat reeds in 1956 publiseer is, is tydens dié beslissing en op grond van die *arduous leser* vir die eerste keer nie-ongewens bevind.

#### 3.2.14 Die waarskynlike leser is verdraagsaam

Wanneer met die waarskynlike leser as maatstaf gewerk word, bevind die Raad dat nie net die *redelike Suid-Afrikaner* verdraagsaam sal wees nie, maar dat 'n waarskynlike (en/of redelike) leser teenoor die inhoud van die publikasie verdraagsaam sal wees. Die uitspraak in **Score 83/4 Adults Catalogue** (9/83:4) impliseer dat iemand wat nie binne die waarskynlike lesersgroep val nie (en die publikasie dus in elk geval nie sou lees nie) bes moontlik deur die publikasie aanstoot gegee sal word: "*Although this argument cannot, of course, be taken too far, one must consider that this kind of catalogue does fulfil a*

*useful purpose for some and that within the context of this likely readership, it does not exceed the tolerance of the reasonable South African.*" Dit hang egter ook daarvan af of die waarskynlike leser 'n Suid-Afrikaner is of nie. As die waarskynlike leser 'n kontinentale agtergrond het, beteken dit dat so 'n leser se verdraagsaamheidsgraad anders (en hoër) as dié van die Suid-Afrikaanse leser is - vergelyk byvoorbeeld die uitspraak oor **Stern of 27/2/86** (58/86:2): "*... the likely reader of this magazine, because of his or her continental background, has a higher tolerance level than the average South African.*" Vergelyk ook die uitspraak oor Woody Allen se komedie, **Everything You Always Wanted to Know About Sex, But Were Afraid to Ask** (217/85:3), waarin beslis is dat die gesofistikeerde kyker meer verdraagsaam sal wees aangesien hy oor 'n groter begrip (as die ongesofistikeerde kyker) van die filmmedium beskik.

Wanneer 'n leser/kyker gesofistikeerd is, sal hy as gevolg van sy insig en kennis verdraagsaam wees teenoor stof wat die ongesofistikeerde kyker waarskynlik aanstootlik sal vind. Die Raad beslis gevolglik in **Canterbury Tales** (167/85:3) dat dit veral sy verdraagsaamheid is wat 'n belangrike faktor in die beoordeling van 'n rolprent is aangesien dit nie altyd moontlik of maklik is om uit die rolprent self te bepaal wie die waarskynlike kykers sal wees nie: "*... the likely viewer's degree of tolerance, although not amounting to a criterion, is a factor which may be taken into consideration in an adjudication like the present one*", en "*Therefore the best evidence, that is, the film itself and the audience which it is calculated to reach, must be considered.*"

### 3.2.15 Die waarskynlike leser het bepaalde 'belange'

Nadat die Raad in **A Time of Desecration** (100/80) bevind het dat die waarskynlike leser geen 'regte' het nie en dat die toevallige, nuuskierige leser wat aanstoot sou neem van meer (en deurslaggewende) belang was, is daar groot progressie in die uitspraak oor

**Articles of Faith** (15/83:3) aangesien daar nou beslis word dat die waarskynlike leser (en by implikasie dus ook die waarskynlike kyker) bepaalde belange het en dat dié belange deur die Raad beskerm moet word. Volgens die uitspraak beskik die waarskynlike leser eerstens oor die 'reg' om die publikasie te sien/te lees/ter insae te kry: *"Al is hierdie beskouings in die werk verskerp, sou dit onredelik wees om hierdie tipe stof uit die hande van die waarskynlike leser te hou."* Vergelyk in dié verband ook die uitspraak oor **Ten Days That Shook The World** (28/82:6) waar beslis word dat die waarskynlike leser *"should not be deprived of access to one of many accounts of the Russian Revolution"*. Dis egter nie net die waarskynlike leser wat bepaalde 'regte' het nie, maar selfs die gemeenskap - na die Raad se goeddunke. Vergelyk hier onder meer die hervorlegging van die berugte **Hold My Hand I'm Dying** (116/82:5) waar die Raad sê: *"One cannot but feel that it would be unreasonable to withhold this book from the South African community."*

Tweedens word daar beslis dat die waarskynlike leser/kyker nie net die 'reg' het om die publikasie ter insae te kry nie, maar dat hy dit as geheel ter insae moet kry. So beslis die Raad in die uitspraak oor **The Big Chill** (195/83:4): *"Die waarskynlike kyker se belang om, tensy dit absoluut noodsaaklik is, die stuk as geheel te sien mag egter ook nie buite rekening gelaat word nie."*

### 3.2.16 Die waarskynlike leser is soms wit en soms swart

Dit blyk uit die uitspraak oor **The Classic Volume 1 No 1** (37/83:2) dat die publikasie se inhoud sal bepaal tot watter kleur- en rassegroep die waarskynlike leser sal behoort: *"The likely readership would be similar to that described in Staffrider (70/80) and Staffrider (122/80); that is, the more sophisticated black man and the white man interested in reading material by blacks"*. Daarbenewens beslis die Raad dat *"(w)hites are likely to gain more than to lose by being given access to black writing of this kind"*. Vergelyk in dié ver-

band ook *Saspu National* Vol 3 No 1 (61/82:4): "*Terwyl dit uit die inhoud van die blad afgelei kan word dat die oorgrote meerderheid van die lesers Swartes sal wees en hoewel dit aanvaar kan word dat sommige eksemplare van die blad in die hande van swart werkers sal beland, is daar onvoldoende getuienis vir die Raad om te vind dat die waarskynlike leweskring uit lede van die swart werkersklasse en swart studente en -skoliere sal bestaan. Dit skyn dat die lesers hoofsaaklik swart studente sal wees.*"

Die Raad beslis in *Stir* (234/85:2) dat die publikasie 'n feministiese publikasie is wat 'n "*leftist and anti-government slant*" het. Die publikasie sal gevolglik hoofsaaklik swart en wit vroue as waarskynlike lesers hê en die feit moet in ag geneem word wanneer die publikasie se moontlike "*harmful effects*" oorweeg word.

Dit gebeur egter nie altyd dat die waarskynlike lesersgroep in 'n duidelik aantoonbare rassegroep klassifiseer kan word nie. Daar is talle gevalle waar die publikasie op beide die swart en die wit leser gemik is - vergelyk hier byvoorbeeld die uitspraak oor *A Ride on the Whirlwind* (114/81:3): "*Although it presents a point of view which is contrary to that of many whites and blacks and idolizes revolutionaries, the Board's conclusion is that the book substantially amounts to a historical account of what happened in Soweto in 1976 as seen through the eyes of a black contemporary.*" Alhoewel die Raad dit nie duidelik uit-spel dat die waarskynlike lesersgroep in dié geval uit wit en swart lesers sal bestaan nie, blyk dit uit die verwysing na die 'feit' dat die inhoud teen talle wittes en swartes se opvatting indruis dat beide groepe tersaaklike groepe is en impliseer dit dat beide rasse-groepe die publikasie wel sal lees, met ander woorde, dat beide groepe deel van die waarskynlike leserskring is. Vergelyk in dié verband ook die uitspraak oor *Work in Progress* (10 & 11 van 1982:5).

### 3.2.17 Die waarskynlike leser is soms manlik

### en soms vroulik

Die Raad dui met die uitsondering van die sogenaamde *girlie magazine*-beslissings (soos byvoorbeeld die verskillende uitgawes van Stag en Bunny Girl) nie dikwels aan dat 'n publikasie op 'n bepaalde geslagsgroep gemik is nie. Wanneer 'n publikasie soos byvoorbeeld die tydskrif, *Sarie* (44/83), duidelik op die vrouegeslag gemik is, is dit onnodig om die waarskynlike lesersgroep te identifiseer, maar die Raad het dit nodig gevind om dit tog te doen. Dieselfde beleid word rakende die sogenaamde *girlie-magazines* en naak- of semi-naakfoto's van vroue op kalenders en dies meer gevolg. In ooreenstemming met dié beleid, beslis die Raad dan ook dat feministiese werke hoofsaaklik deur vroue gelees sal word, maar gee tog toe dat die waarskynlike en werklike lesersgroep nie net uit lede van die vrouegeslag sal bestaan nie - vergelyk *The Women's Room* (66/81:2): "*It is a novel that will be read mainly by women, though also by men.*"

'n Publikasie kan 'n algemene en 'n spesifieke waarskynlike leserskring hê wat nader omskryf kan word, soos wat uit die uitspraak oor *Little Sins* (14/86:2) blyk: "*... its likely readership is the broad public, specifically the woman-in-the-street.*"

#### 3.2.18 Die 'natuurlike leserskring' stem ooreen met die waarskynlike leserskring

Alhoewel dit gebruikelik is om van die publikasie se *waarskynlike leserskring/kykersgroep* en dies meer te praat, gebeur dit tog soms dat die Raad van die publikasie se '*natuurlike lesersgroep*' praat. Dit blyk uit die wyse waarop die twee terme gebruik word dat dit interverwisselbare terme is en dat alle ander lesers, met inbegrip van die onwaarskynlike leser, uitgesluit word wanneer die term '*natuurlike leser*' gebruik word - vergelyk byvoorbeeld die uitspraak oor *Magersfontein, O Magersfontein!* (7/80:16) waarin uit-



druklik bepaal word dat die breër leserskring (wat die voormalige verbod op die boek en die daaropvolgende opspraakwekkende hofspraak meegebring het) juridies irrelevant is en dat die "*natuurlike leserskring nie diegene*" insluit nie. In *Looking on Darkness* (64/80:7) word die twee begrippe byvoorbeeld gebruik asof dit dieselfde betekenis het: "*On the other hand the natural or likely readership of this novel would be much wider and less sophisticated than that of a work like Magersfontein, O Magersfontein!*"

### 3.2.19 Die waarskynlike leser lees die publikasie met 'n doel

Aangesien een van die grondbeginsels ingevolge waarvan die groep wat as die 'waarskynlike lesers/kykers' identifiseer kan word, dit neerlê dat die publikasie self bepaal wie die waarskynlike leser sal wees, spreek dit vanself dat die betrokke leser as waarskynlike leser kwalifiseer omdat hy die publikasie om 'n bepaalde rede sal wil/moet lees. Beide die literatuurstudent en die literator sal byvoorbeeld boeke lees wat as '*literêre werke*' bestempel sal word. Ander lesers, wat nie binne die groep val nie, sal ook van die '*literêre werke*' lees, maar hulle sal dit uit vrye wil doen, en val dus in die waarskynlike lesersgroep wat die publikasie *wil* lees. Die student en die literator sal waarskynlik (maar nie altyd nie) in die groep val wat die publikasie *moet* lees.

Die waarskynlike leser wat die publikasie *wil* lees (omdat hy byvoorbeeld in die letterkunde in die algemeen belangstel, òf omdat hy in die besondere *genre* belangstel, òf omdat hy van die skrywer hou, ensovoorts), lees dit dus (nes die groep wat dit *moet* lees) met 'n doel. Die doel waarmee die publikasie gelees word, kan dikwels uit die publikasie self afgelei word - vergelyk byvoorbeeld die Raad se beslissing in *Divide the Night* (60/81:5) deur Wessel Ebersohn: "*The likely readership of the present novel would come close to a popular readership but, on the other hand, revolutionaries and potential revolu-*

*tionaries find their inspiration in publications of a more direct and inciting nature."* Vergelyk ook die uitspraak oor **The Kama Sutra - Richard Burton Classic Translation** (126/82:2) waarin beslis is dat die publikasie tot die waarskynlike leserskring beperk sal wees wat dit sal wil lees aangesien dit navorsingswaarde het, as 'n dokument uit die Ooste beskou kan word en die stof, wat oor "*die geslagsdaad*" handel, op 'n "*kliniese en tipiese Oosterse wyse aangebied*" word.

Die Raad bevind dat die *waarskynlike luisteraars* van die plaatopname **Kaya** (48/82:4) jong mense sal wees: "*It can be assumed that the likely listeners will be young people, devotees of this type of ephemeral music, who are more easily influenced than older people.*" Die Raad beslis verder dat die luisteraars nie so erg beïnvloed sou word indien hul net na die plaat sou geluister het nie, maar dat die beïnvloeding sterker is omdat die woorde agter op die plaatomslag verstrekkend word.

Die beginsel dat die waarskynlike leser die publikasie met 'n doel lees, geld nie net ten opsigte van boeke wat gelees, plate waarna geluister en rolprente waarna gekyk word nie, maar ook ten opsigte van fotografieboeke en -handleidings. So bevind die Raad in **Zoom Volume 13 (American Edition)** (155/82:2) dat nie almal wat in fotografie belangstel binne die kategorie *waarskynlike gebruiker/leser* sal val nie. Die betrokke waarskynlike lesersgroep sal uit 'n baie spesifieke groep bestaan, want "*(h)ierdie leserskring sal belangstel in fotografie van 'n meer moderne aard*".

### 3.2.20 Die waarskynlike leser word nie

#### altd identifiseer nie

Daar is *supra* in 3.2.12.3 daarop gewys dat die Raad in **Russia in Revolution** (146/82:4) slegs een komponent van die waarskynlike leser, naamlik die skoolkinders, identifiseer

het. Dat dit egter nie die volledige waarskynlike lesersgroep is nie, blyk uit die res van die identifikasie, naamlik dat dit *ook vir 'n wyer leserskring* toeganklik is. Later in die uitspraak word die bevinding dat die waarskynlike leserskring van kardinale belang is wanneer dit by publikasies kom wat kragtens artikel 47(2)(e) beoordeel word en die feit dat die betrokke publikasie vir 'n wye leserskring toeganklik is, weer beklemtoon: *"In hierdie geval is die waarskynlike leserskring klaarblyklik baie wyd. En hoe meer populêr die leserskring is, hoe makliker kan opruiing (sic) plaasvind."* Presies wie buite die afgebakende leserskring, naamlik die *skoolkinders*, val wat van die leserskring so 'n wye leserskring maak, is nie duidelik nie. Al weet die Raad oënskynlik nie met watter leserskring hy behalwe die skoolkinders te make het nie, is hy daarvan oortuig dat die publikasie ongewens is aangesien dit *"die effek sal hê om die waarskynlike leser sodanig Kommunisties te politiseer en indoktrineer en gemoedere sodanig gaande te maak dat dit sal bydra tot anti-staatsoptrede wat nadelig is vir die algemene welsyn of die vrede en goeie orde"* (p.6).

### 3.2.21 Besoekers - maar nie waarskynlike lesers nie

Daar bestaan 'n baie fyn onderskeid tussen die sogenaamde *onwaarskynlike leser* en die nuwe kategorie leser/kyker waarna die Raad in die uitspraak oor **Stern No 48 (10/86)** verwys. Die Raad bevind in **Tao, the Chinese Philosophy of Time and Change (236/85:2)** dat die waarskynlike lesers van die publikasie diegene sal wees wat in Oosterse filosofie sal belangstel en dat die meegaande illustrasies hulle nie aanstoot sal gee nie. Daar is egter wel 'n groep wat aanstoot sal neem wanneer hulle die illustrasies sien en dis die groep lesers wat die boek in 'n boekwinkel sal optel en daarna sal kyk indien dit 'openlik' ten toon gestel word: *"a substantial number of people who visit bookshops will find the illustrations enumerated offensive to public morality should they be openly displayed."* Om te voorkom dat die onwaarskynlike lesers in die vorm van be-

*soekers* aan boekwinkels aanstoot sal neem indien hulle toevallig deur so 'n publikasie sou blaai, het die Raad beslis dat "*the publication may not be displayed for purposes of distribution with any of the inner pages open*". Laasgenoemde kategorie, dit wil sê, die 'besoeker as onwaarskynlike leser' kom slegs by uitsondering in die uitsprake voor.

Die *onwaarskynlike leser* is iemand wat die publikasie nie normaalweg lees nie, maar wat dit as gevolg van bepaalde faktore, soos dat dit reputasie verkry het dat dit verbied is of dat dit naak of semi-naakfoto's of gewaagde foto's en/of illustrasies, vuil woorde, eksplisiete sekstonele en dies meer bevat, optel en lees. So 'n leser lees die publikasie met ander woorde om die "verkeerde redes". Die kategorie waarna egter in die *Stern*-uitspraak verwys word, is te oordeel aan die uitspraak nie 'n gewone onwaarskynlike leser nie. As die uitspraak as uitgangspunt geneem word om die soort 'leser' - of eerder 'nie-leser' - te verduidelik, lyk dit geregverdig om te beweer dat hy die soort leser is wat in 'n boekwinkel gaan staan en in boeke blaai. Hy het dus nie dieselfde 'motief' as die onwaarskynlike leser nie omdat hy 'n publikasie nie om 'n bepaalde (verkeerde) rede optel nie. Daar word dan ook nie in die uitspraak van hom as 'n *onwaarskynlike leser* gepraat nie, maar as 'n besoeker: "... sal dit misnoeë wek by baie besoekers aan boekwinkels wat nie normaalweg deel van die blad se leserskring uitmaak nie."

### 3.2.22 Onwaarskynlike kykers word in werklike kykers omskep

Dit gebeur ook soms dat kykers wat onder normale omstandighede die rolprent nie sou gaan sien het nie - om watter rede ook al - en gevolglik in die kategorie *onwaarskynlike kyker* val, skielik wel die rolprent gaan sien. Die Raad beslis in *Canterbury Tales* (167/85:3) dat dit nie moontlik of maklik is om die waarskynlike kykers op grond van die rolprent self te bepaal nie en dat daar gevolglik van ander faktore gebruik gemaak word

om te bepaal wie die waarskynlike kykers sal wees: "... *it is dependent on publicity, the reactions of the public itself, and various other factors not related to the film.*" Een van die sogenaamde *other factors* is die akteur of aktrise wat in die rolprent speel. So word daar in **Pretty Baby** (223/85:4) beslis dat die blote feit dat Brooke Shields 'n prominente rol vertolk, tot gevolg sal hê dat die rolprent "*will draw larger crowds than would otherwise have been the case*". Die kyker wat op grond van wie in die rolprent optree na die rolprent gaan kyk, kan moontlik as die toevallige waarskynlike kyker of as die waarskynlike kyker wat deur spesifieke omstandighede bepaal word, bekend staan. Ten spyte van dié bevinding, beslis die Raad egter in **In Praise of Older Women** (241/85:4) dat die feit dat die sekstonele in die rolprent 'n breër gehoor sal trek as waaruit die normale waarskynlike kykersgroep bestaan, nie in ag geneem mag word nie. Dit lyk asof die Raad die mening toegedaan is dat sekstonele nie as een van die *other factors*, waarna hy in **Canterbury Tales** verwys het, beskou moet word nie.

Dieselfde situasie geld wat die waarskynlike leser betref. Die Raad bevind in die uitspraak van **Woman plus Woman** (224/85), wat oor lesbiese verhoudings handel, dat die publikasie 'n "*extremely limited readership*" sal hê, maar verstrek geen rede van waarom hy die mening toegedaan is nie. Die enigste afleiding wat in die verband gemaak kan word, is dat baie min mense in dié onderwerp sal belangstel. Die mense wat na die Raad se mening in die "*scholarly*" boek sal belangstel, sal op grond van hul "*sociological interest*" daarin belangstel. Aangesien die boek se omslag egter twee naakte vroue op het wat langs mekaar sit, bevind die Raad dat die betrokke omslagfoto - wat nie op sigself "*objectionable*" is nie - waarskynlik sal meebring dat 'n hele klompie lesers, "*for which it was not intended*", in toevallige lesers omskep sal word. Ten einde dus te voorkom dat die publikasie deur enige ander lesers as die oorspronklike waarskynlike lesers vir wie dit bedoel was (en vir wie die Raad dit 'deurgelaat' het), gelees word, word 'n ouderdomsbepanking (van 18 jaar) daarop gehef.

### 3.2.23 Die eksklusiewe waarskynlike leserskring

Die Raad beslis in die gesamentlike uitspraak oor **Camera Weekly - Vol 6, No 27 en Vol 6, No 26**; en **Amateur Photography - Vol 172, No 18 (235/85, 237/85 en 238/85)** dat daar 'n verdere kategorie waarskynlike leser is, naamlik die *eksklusiewe kategorie*. Die groep koop hulle boeke en tydskrifte in eksklusiewe boekwinkels of bekom dit by wyse van 'n posbestelling wat publikasies "*aan 'n eksklusiewe leserskring*" versprei.

### 3.2.24 Die waarskynlike leser is soms platvoers

Die Raad het bevind dat twee kaarte, **I'm Always in the Shit (31/86)** en **The Ultimate Insult (32/86)** waarskynlik net in kroë wat net deur mans besoek sal word, aangetref sal word, maar dat die moontlikheid tog bestaan dat party mense die kaarte ook in hul huise of kantore sal aanbring. Die Raad is egter die mening toegedaan dat dit onwaarskynlik is dat die kaarte vertoon sal word waar "*groot getalle verfynde persone hulle onder oë sal kry*" (p. 3).

Die waarskynlike kopers van die kaarte - en dus ook die persone wat dit sal uitstal - is na die Raad se mening die soort mense wie se vriende nie geskok sal word wanneer hulle so 'n kaart te siene kry nie: "*Die humor, indien dit as sulks beskryf kan word, is van die latrine tipe. Diegene wat so 'n kaart in hulle huise ophang waar hulle vriende dit te sien sal kry, kan verwag om vriende te hê wat nie daardeur geskok sal word of dit selfs onsmaklik sal vind nie*" (p. 3). Diegene wat die kaarte uitstal en hulle vriende is dus die teenoorgestelde van die 'verfynde persone' na wie *supra* verwys word. Hulle is dus by implikasie - en veral in die lig van die bevinding dat die twee kaarte '*n latrine-tipe humor*' weerspieël - platvloers.

#### 4.0 Die waarskynlike leser speel 'n bepaalde rol

#### 4.1 Die waarskynlike leser kan vertrou word

Die Raad plaas blykbaar baie vertroue in die waarskynlike leser en verwag van hom om 'n bepaalde rol te speel. Die publikasie, *Radical Geography* (91/82:1), word in die opsomming wat die saak voorafgaan as 'n boek van 'n baie hoë akademiese standaard beskryf wat 'n baie beperkte waarskynlike leserskring sal hê. Die boek, wat die kapitalistiese stelsel kritiseer en 'n sosialistiese stelsel voorstaan, maar wat die leser nie tot geweld of wederregtelike handeling aanspoor nie, is op grond van die klein waarskynlike leserskring nie-ongewens bevind. Die Raad maak egter op die waarskynlike leser staat om sy kant te bring - wat dit ook al mag wees, want hy beslis soos volg op p. 4: "*... maar gesien sy uiters beperkte waarskynlike leserskring het die Raad tot die gevolgtrekking gekom dat dit nie as staatsgevaarlik beskou kan word nie.*" Dit beteken dat die publikasie op grond van die waarskynlike leserskring se *grootte* nie staatsgevaarlik is nie en nie dat die publikasie in die algemeen of onder alle omstandighede nie staatsgevaarlik is nie.

#### 4.2 Die waarskynlike leser sien deur 'n publikasie

Indien 'n publikasie feite bevat wat nie waar is nie en die inhoud so saamgestel is dat dit 'n sterk emosionele aanspraak op die waarskynlike leser maak, sal die leser nie daardeur beïnvloed word indien die inhoud of aanbiedingswyse vervelig is nie. Die Raad vertrou op die leser om ten spyte daarvan dat so 'n publikasie soos **Campus Action for Demo-**

cracy (133/82:3) soms "*thought provoking*" is, eerder op die *boring*-aspek daarvan te reageer: "... *it deals with sensitive subjects such as the ANC's role in its struggle against apartheid, with the Soweto uprising, and with the school boycotts. Many of the photos have political riots and emotion as subjects. On the other hand the presentation is boring, and the photographs are poor, and judged on the probabilities, the publication will leave readers politically cold ...*" Die Raad bevind egter ook dat die waarskynlike leser die publikasie nie net tegelyk *boring* en *thought-provoking* sal vind nie, maar dat hy bowendien sal insien dat die publikasie suiwer daarop gemik is om die appellant se doelstellings aan te bied en dat dit, ten spyte hiervan, stofgewys niks nuuts tot die politieke arena bydra nie.

#### 4.3 Die waarskynlike leser sal die publikasie

##### kontekstueel benader

*Sex Watching: The World of Sexual Behaviour* (212/84) het die vraag laat ontstaan in watter mate die Raad kon aanvaar dat die waarskynlike leser wel sy kant sal bring deur die publikasie kontekstueel te benader. Aangesien 'n kontekstuele benadering altyd tydens publikasiebeheer gevolg word, is dit noodsaaklik dat die waarskynlike leser ook 'n kontekstuele benadering tot die betrokke publikasie sal moet volg. Die feit dat baie van die stof wat in die publikasie se teksgedeelte verstrekkend word bekende stof is, is na die Raad se mening nie 'n faktor nie. Die Raad glo ook dat die waarskynlike leser nie by die bekende stof sal verbykyk en bloot op die eksplisiete foto's sal konsentreer nie. Die Raad oortuig homself daarvan dat die waarskynlike leser korrek sal optree deur die teks te lees - al bevat dit bekende stof - en dat hy die foto's kontekstueel sal bekyk. Op grond van die oortuiging dat die waarskynlike leser wel op dié wyse sal handel, word die publikasie nie-ongewens bevind: "*It would be unreasonable to work on the presumption that the reader will not also read the text. Although conditions may be imposed to limit browsing, the question as to indecency or obscenity must be judged with reference to the*



*likely reader - a reader who will view the matter contextually. Even if the facts in the work are well-known, this cannot be taken into consideration as an aggravating circumstance."*

Die betrokke leser sal selfs politieke stellings kontekstueel benader omdat hy intelligent is. Hy sal paragrawe, wat politieke propaganda bevat, binne konteks van die publikasie as geheel lees en sodoende besef dat die betrokke paragrawe of artikels bloot deel is van die deurlopende debat oor die swart man se politieke toekoms in die land. Die metodes wat deur die ANC aangewend word, word nie goedgekeur nie. Die waarskynlike leser sal egter nie deur die publikasie beïnvloed word nie en sal dit 'as 'n belediging vir sy intelligensie beskou' indien so 'n publikasie op 'n "call to arms or incitement" sou neerkom (Frontline July 198 Vol 111 No 9 132/83:2).

## 5.0 Dis moontlik om die waarskynlike leser se reaksie te voorspel

### 5.1 Adviseurs 'voorspel' die reaksie

Dit blyk uit die uitsprake dat die Raad op gevaarlike terrein beweeg wanneer hy die waarskynlike leser se reaksie 'voorspel', aangesien die reaksie slegs op 'n waarskynlikheidsgrondslag bepaal behoort te word en nie op grond van hoe die lede van die Raad, die Komitee van Deskundiges, die Publikasiekomitee of die Direktoraat *vermoed/voorspel* so 'n leser sal reageer nie. Dit blyk egter onder meer uit die uitspraak oor **A Time of Desecration** (100/80:4) dat die Raad hom deur die Komitee van Deskundiges se mening laat lei wanneer die waarskynlike leser se vermeende reaksie voorspel word: "*As the Committee of Experts has remarked, even curious young readers, with healthy heterosexual needs, will not get far into the novel without being immeasurably disgusted by the repulsive sex descriptions.*" Gesien in die lig daarvan dat die Komitee van Deskundiges in

dié geval 'n literêre komitee was wat die Raad van advies rakende die publikasie se literêre meriete moes dien en hom gevolglik by die publikasie se literêre aspekte moes hou, tree die Komitee van Deskundiges nie net buite die omvang van sy opdrag op nie, maar dra dit boonop die Raad se goedkeuring en aanvaarding weg. Deur die Komitee van Deskundiges in dié verband aan te haal, toon dat die Raad die bevinding onderskryf. Gegewe die feit dat die Raad normaalweg van sielkundiges se advies/aanbevelings/leiding gebruik maak wanneer hy wil bepaal watter emosionele of gedragsuitwerking 'n publikasie op die waarskynlike leser sal hê, is dit vreemd dat hy hom die Komitee van Deskundiges se voorspelling laat welgeval - vergelyk byvoorbeeld *A Clockwork Orange* (130/83) en *A Guide to Making Love* (12/86).

## 5.2 Die waarskynlike leser sal die negatiewe ignoreer en, soos die Raad, 'n positiewe perspektief hê

Volgens die Raad sal baie mense wat *Store up the Anger* (101/80:4-5) lees, gebelg voel en die publikasie as *dislojaal* beskou. Die feit dat die meeste van die polisiemanne na wie in die roman verwys word Afrikaanse name dra, was 'n verdere probleem waarvoor die Raad tydens sy beslissing te staan gekom het aangesien hy op grond van die gegewe moes besluit of die Afrikaner daardeur veragtelik gemaak word of nie. Dit spreek vanself dat die Afrikaner veragtelik gemaak sou word as gevolg van die feit dat die polisiemanne wat Afrikaanse name gehad het, hulle op swak of skokkende wyse gedra het. Die Raad is egter daarvan oortuig dat die waarskynlike leser heeltemal daartoe in staat is om die nodige onderskeid te tref en die karakters in perspektief en teen die agtergrond van die verhaalgegewe te kan sien: "*Hierop is die antwoord dat die waarskynlike leser van hierdie publikasie nie hierdie polisiemanne sal sien as verteenwoordigers van die Afrikaanse bevolkingsdeel nie. Net so min sal hulle beskou word as verteenwoordigers van*

*die polisie. Dit is inderdaad kriminele gedrag wat hier uitgebeeld word en die karakters verteenwoordig die kriminele element."* Die Raad oorweeg nie die moontlikheid dat die waarskynlike leser dit dalk sal oorweeg dat die polisiemanne wat hulle in die verhaal aan kriminele gedrag skuldig maak dit miskien doen juis omdat hulle polisiemanne is nie, en dat die roman dalk moontlik daarop gemik is om as fiktiewe teenparty van die werklike gedrag binne 'n realiteitsituasie te dien ten einde sodanige gedrag sodoende te ontbloot of aan die kaak te stel nie.

Die Raad beslis ten opsigte van die studentetydskrif, **Pulse** (91/83:3), dat die *moontlikheid* bestaan dat *sommige* lesers deur die publikasie se inhoud geraak sal word en moontlik daarop sal reageer, maar dat die meeste van hulle, op 'n oorwig van waarskynlikhede, bloot simpatie met die swartes sal ervaar. Daarom is die publikasie nie staatsgevaarlik nie en is dit nie nodig om dit ongewens te bevind nie.

### 5.3 Nie al die waarskynlike lesers sal dieselfde reageer nie

Dat al die waarskynlike lesers of al die lesers wat binne die kategorie *waarskynlike leser* val nie noodwendig op dieselfde wyse op die boek sal reageer of die publikasie in dieselfde lig sal sien nie, blyk uit die uitspraak oor André le Roux se prosawerk, **Te Hel met Ouma** (13/81:2-3). Verskillende reaksies op die publikasie sal (volgens die beslissing) nie net onder die verskillende lede van die Raad voorkom nie - dit sal ook onder die lede van diegene wat binne die kategorie *waarskynlike leser* val, voorkom. Die 'probleemgebiede' binne die roman sal vir sommige probleme oplewer, maar nie vir ander nie. Ten spyte hiervan sal die lede van die kategorie *waarskynlike leser* egter nie as groep of kategorie aansoek neem nie: "*Daar is baie aspekte in hierdie publikasie wat selfs vir die waarskynlike leser grof of selfs aanstootlik sal aandoen, maar die meerderheid waarskynlike lesers sal van oordeel wees dat die publikasie nie te ver gaan nie.*"

#### 5.4 Die waarskynlike leser sal 'n 'indirekte'

##### **boodskap verstaan en daarop reageer**

Selfs wanneer aangevoer word dat die boodskap wat deur 'n publikasie oorgedra word *indirek* daarop neerkom dat die waarskynlike lesers daarvan aangemoedig sal word om te staak, verbied die Raad die publikasie aangesien hy daarvan oortuig is dat 'n wesentlike aantal waarskynlike lesers die indirekte boodskap heeltemal goed sal verstaan en daarop sal reageer. Vergelyk in dié verband byvoorbeeld *Saspu National* (89/81:8): "*Although it could be argued that the message in favour of illegal militant strikes is only propagated indirectly, the Board has come to the conclusion that a substantial number of readers of this publication would understand this message and that it would make them more prone to strike in such a manner as to endanger the interests safeguarded by section 47(2)(e) of the Act.*"

#### 5.5 Die jeugdige waarskynlike leser/kyker sal

##### **op dwelmboodskappe reageer**

Die waarskynlike jeugdige/onvolwasse/minderjarige/adolessente leser is egter klaarblyklik nie bestand teen 'boodskappe' wat dwelmgebruik goedpraat of aanmoedig nie. Die Raad beslis in *Six Lapel Badges* (125/83:2), waarop 'n veldtog vir die wettiging van dagga gevoer en gebruikers aangeraai word om kokaïene te gebruik, dat regdenkende mense aanstoot sal neem indien sulke lapelwapens openlik gedra word. Die regdenkende mense na wie hier verwys word, vorm oënskynlik deel van die *waarskynlike kykerskring* in teenstelling met die *waarskynlike draerskring*. Die waarskynlike kykerskring bestaan in die geval klaarblyklik ook uit 'n *'negatiewe'* en 'n *'positiewe'* kykerskring. Die bevinding dat die wapens ongewens is, het veral op laasgenoemde 'positiewe' groep

betrekking aangesien dit die groep is wat na die Raad se mening deur die boodskappe op die wapens aangemoedig sal word om dwelms te gebruik: "*The badges are likely to be bought by young people, and worn at places where they congregate, like discotheques, where they are sure to arouse curiosity and give rise to discussion, with the result that a substantial number of those who see them are likely to become more prone to drug addiction.*"

#### 5.6 Die jeugdige kyker identifiseer met die 'helde' in gewelddadige rolprente

Rolprente wat geweld as inhoudelike element en kinders as deel van die waarskynlike kykersgroep het, word uit twee hoeke benader. Daar word naamlik aan die een kant gekyk of daar tonele in die rolprent voorkom wat na die Raad se oordeel (wat in dié geval subjektief is, kyk hoofstuk 4: 4.1) tot gevolg sal hê dat 'n wesentlike aantal kinders in elke jaargroep nagmerries as gevolg daarvan sal kry of dat dit vrees by hulle sal veroorsaak. Aan die ander kant word die vraag gestel of die kind met die geweldenaars of met die helde sal identifiseer - vergelyk byvoorbeeld die uitspraak oor **Who Dares Wins** (148/82:2). Die rede waarom die kinders wat in dié betrokke waarskynlike kykersgroep val eerder met die helde as met die terroriste sal identifiseer, lê vir die Raad daarin dat die anti-terroristegroep *behendig* is en dat dit die kinders nie net sal interesseer nie, maar hulle ook daarop sal trots maak en tot gevolg sal hê dat hulle vertroue in die handhawing van wet en orde sal kry. Die positiewe *voorspelling* van hoe die kyker sal reageer tesame met die feit dat die rolprent deur 'n sterk storielyn en dramatiese krag gekenmerk word, het tot gevolg gehad dat die betrokke rolprent met 'n ouderdomsbepkering van 2-12 nie-ongewens bevind is.

#### 5.7 Die waarskynlike kyker kan soms tussen fiksie en die werklikheid onderskei

Die Raad is die mening toegedaan dat die waarskynlike kyker tussen die werklikheid en fiksie kan onderskei. In die uitspraak oor **The Thing** (141/82:2) bevind hy dat die spinnekopagtige wese wat uit die buitenste ruim kom uit 'n tegniese oogpunt vir die waarskynlike kyker van belang sal wees ("*stel die kyker metertyd meer belang in die tegniese truuks wat die rolprentmaker hier van stapel gestuur het om die eienaardige mensspinnepok te vervaardig*"), maar spel die waarskynlike kyker se onderskeidingsvermoë duidelik in **Walking the Edge and its Trailer** (190/84:4) uit wanneer hy sê dat die kykerspubliek leer aanvaar het dat die helde altyd eie rigting volg: "*After all, what is portrayed is only fiction.*" Waarom die beginsel - dat die leser/kyker wel daartoe in staat is om tussen fiksie en die realiteit te onderskei - nie meermale in publikasies van verskillende media soos rolprente, boeke, tydskrifte, foto's en dies meer in ag geneem word nie, is nie duidelik nie.

#### 5.8 Die waarskynlike kyker/leser reageer op visuele materiaal en die emosionele of anti-sosiale implikasies daarvan

Die waarskynlike kyker se reaksie is nie 'n reaksie wat net deur 'n enkele gegewe ontlok word nie - dis die gevolg van verskeie faktore waarvan hy kennis neem sodat dit deur 'n 'geïntegreerde' gegewe of toneel ontlok word. Die Raad beslis in die opsig in **Give us tomorrow** (129/83:3) dat die waarskynlike kyker - wat in hierdie geval nie net 'n waarskynlike kyker is nie, maar terselfdertyd 'n *redelike Suid-Afrikaanse kyker* - nie net deur die *kopulasietoneel* gebelg sal word nie, maar ook as gevolg van die omringende faktore, naamlik dat die jong meisie bereid is om geslagsomgang met die boewe te hê ten spyte daarvan dat haar ouers geweldig omgekrap is oor haar gedrag, en as gevolg daarvan dat die boewe haar ouers met die dood dreig en hulle aan beledigings, verneder-

ing en fisieke mishandeling onderwerp. Dit beteken dat die Raad meen dat die waarskynlike kyker *dieper* as die blote kopulasietoneel sal kyk en dat die omringende anti-sosiale gegewens net so 'n groot rol in die teweegbring van sy reaksie sal speel as die kopulasietoneel wat normaalweg die gewraakte toneel is: "*Not only will the copulation itself prove objectionable to a reasonable South African viewer, but the circumstances will serve to intensify the feeling of disgust engendered by it; for instance, the willingness of the girl to have intercourse, despite the anguished pleadings of her parents, with one of the men who are threatening their lives and subjecting them to insults, humiliation and physical abuse.*"

Wanneer die heldin, Bobby, in die komedie, **Fake Out** (52/83:2), deur 'n lesbiese gevangene gesoen word, bevind die Raad dat dit nie nodig is om die toneel te sny nie aangesien die toneel van kardinale belang is en een van die redes is waarom Bobby besluit om die tronk te verlaat. Daarbenewens word die soen volgens die Raad nie 'verheerlik' nie en sal die waarskynlike kyker "(be) *disgusted by the demeanour of the lesbian prisoners*". Verder word die openbare sedes nie aangetas nie aangesien die lesbiese toneel nie as 'normaal en natuurlik' uitgebeeld word nie. Aangesien die waarskynlike kykers die 'onnatuurlike' gedrag in perspektief sal sien, sal aanstoot nie geneem word nie. Daarbenewens bevind die Raad dat "*a substantial number of normal likely viewers would not be influenced by it*", synde die lesbiese inhoud van die rolprent.

#### 5.9 Kinders wat nog nie in hul tienderjare is nie, sal kru taal nie 'hoor' nie

Die Raad bevind in die rolprent, **On Golden Pond** (151/81:3), dat die kru taal wat gebruik word, volkome by die rolprent se algemene toon integreer is en dat kinders wat nog nie in hul tienderjare is nie "*will not show any particular interest in them and only a*

*few will even hear them*". Dit beteken dat die Raad van mening is dat *alle* waarskynlike kykers onder die ouderdom van tien glad nie enige kru taal sal hoor of glad nie daarop sal ag slaan indien sodanige taal volkome by die rolprent integreer is nie. Die Raad bevind in die uitspraak oor die Afrikaanse rolprent, **Boetie op Manoeuvres** (125/85:2-3), dat dit nie nodig is om 'n ouderdomsbepanking op te lê nie aangesien die kinders wat die rolprent bywoon, nie die kragwoorde wat deur die sersant-majoor gebruik word, sal 'gebruik' nie. Die redes waarom die kinders die kragwoorde nie op meer frekwente wyse sal gebruik nadat hulle die rolprent gesien het nie, is (volgens die Raad) omdat hulle met die held (Boetie) sal identifiseer en dat sy taal "*op enkele uitsondering na*" skoon is. Daarbenewens bevind die Raad dat die sersant-majoor duidelik 'n komiese karakter is en dat "*oud en jonk*" die feit sal insien. Die sersant-majoor se taal is bowendien nie 'vuil' nie - hy maak bloot van "*vulgêre kragtaal*" gebruik en koester buitendien "*n besondere deernis vir sy manskappe*". Dat die Raad nie sonder gewetenswroeging besluit het om nie 'n ouderdomsbepanking op te lê nie, blyk uit die volgende aanhaling uit die uitspraak: "*n Vraag wat die Raad oorweeg het was of ouers hierdie tipe taal voor hulle kinders gebruik. Alhoewel daar klaarblyklik ook uitsonderings is, is die Raad van mening dat die tipe taal nie in opgevoede huise voor kinders gebruik word nie.*"

Op grond waarvan die Raad in die uitspraak oor 'n rolprent soos **On Golden Pond** met die beginsel kan werk dat die kinders wat nog nie in hul tienerjare is die sogenaamde kragwoorde òf nie sal hoor òf hulle nie daaraan sal steur nie terwyl hy in 'n rolprent soos **Boetie op Manoeuvres** bevind dat die kinders wel die taal sal hoor, maar dat hulle met die held se 'skoon' taal sal identifiseer, is nie duidelik nie. Dit lyk asof die Raad *notens volens* met die beginsels, wat hy self formuleer het, omgaan en/of dat daar soveel beginsels of maatstawwe is as wat daar publikasies is. Die werkwyse waarvan die twee uitsprake *supra* getuig, lyk volkome onverdedigbaar.



5.10 Die jeugdige waarskynlike leser is te  
 onvolwasse om te beseef dat die 'doel (nie)  
 altyd die middele heilig' wanneer dit by  
 geweld kom nie

Die Raad beslis tydens die hervorlegging van die **Penetrator**-reeks - waarin die held, ene Mark Hardin, alias die *Penetrator*, geheime organisasies en bendes, wat allerlei duistere planne in die mou voer, binnedring en dan uitwis - dat veral jong seuns die boeke sal lees. Die seuns sal tussen die ouderdomsgroep van 13 en 17 jaar val. Aangesien die held, Mark Hardin, op meedoënlose wyse met sy vyande afreken en hulle voor die voet dood maak sonder dat hy ooit verantwoording vir sy dade moet doen, glo die Raad dat die onvolwasse leser nie daartoe in staat sal wees om in te sien dat die reeks en die held se 'heldedade' suiwer fiksie is nie. Die Raad glo dat die lesers onder die indruk gebring sal word dat die boeke se inhoud op die werklikheid slaan en dat iemand soos Mark Hardin sal wegkom as hy op dieselfde wyse buite die wêreld van die boek sou optree. Dié afleiding word op die Raad se beslissing gegrond dat die indruk *maklik* in die onvolwasse gemoed geskep kan word "*dat die doel altyd die middel heilig al is die middel ook hoe laakbaar*". Die Raad aanvaar nie dat die onvolwasse leser die grootste probleem in die boek sal kan hanteer nie, naamlik "*dat die held, sonder enige gewetenswroeging en met volkome straffeloosheid, menselewens uitwis, al is dit dan ook die van booswigte*".

Die Raad beslis egter dat die jeugdige se onvolwassenheid in 'volwassenheid' omskep word sodra hy die ouderdom van 16 jaar bereik. Dieselfde jeugdige wat as gevolg van sy onvolwasse en ontvanklike gemoed teen publikasies soos **Penetrator** beskerm moet word, kan egter 'n rolprent soos **Nine Deaths of the Ninja** (156/85) gaan sien. Die Raad bevind in dié rolprent, wat 'n ouderdomsbepanking van 2 - 16 het, dat 'n hele klomp

mense in die rolprent doodgemaak word, maar dat slegs een van die mense wat doodgemaak word nie 'n terroris is nie. Die leier van die 'helde' - in die geval 'n Amerikaanse anti-terroriste groep - is 'n Japannese Ninja. Die Publikasiekomitee het gedink dat die rolprent 'n voertuig vir deurlopende en sinnelose en soms sadistiese geweld is, maar die Raad is die mening toegedaan dat die geweld "*somewhat unrealistic and never gruesome*" is en dat die rolprent "*unrealistic and unconvincing*" is. Die Raad bevind die rolprent dus nie-ongewens. Deur 'n ouderdomsbepanking van 2 - 16 op te lê, gee die Raad by implikasie te kenne dat die 16-jarige se gemoed nie meer so ontvanklik is dat hy sal glo dat 'enige doel die middele heilig nie' en dat hy die rolprent sal sien vir wat dit is: suiwer fiksie.

Dis egter nie net jeugdiges wat deur die Raad 'beskerm' word nie, maar die publiek in die algemeen. Wanneer die Raad met die begrip *publiek* werk, sluit hy oënskynlik alle waarskynlike lesers/kykers/luisteraars en dies meer onder die ongedifferensieerde en betreklike vae sambreelterm, *publiek*, in.

Die Raad beslis in **A Witch's Guide to Love and Lust** (184/84:2) met verwysing na **The Complete Book of Magic and Witchcraft** (46/80) dat die Raad en die Publikasiekomitees die publiek nie teen alle moontlikhede kan beskerm nie. "*As dit 'n maatstaf was, sou talle speurverhale ongewens bevind moet word. Alhoewel die beoordelaar kragtens die Wet op Publikasies moet in ag neem dat daar baie mense is wat vatbaar is vir invloede van hierdie aard, word dit onmoontlik om elke ongebalanseerde teen enige moontlike beïnvloeding op sy vatbare brein te beskerm. Daar moet dus met 'n seker graad van normaliteit gewerk word.*" Volgens die Raad sal die redelike ewewigtige leser die publikasie as snert beskou en sal die waarskynlike leser nie daardeur benadeel word nie.

#### 5.11 Die volwasse kyker sien dinge in perspektief

Die waarskynlike, volwasse kykersgroep sluit onder meer *fynproewers* in wat meer as die blote storie/verhaal uit 'n rolprent haal. Die *fynproewer* geniet bowendien die goeie agtergrondsmusiek as daar is. Die groep bevat verder kykers wat weet hoe om na rolprente soos **Blood Feud** (50/81:3) te kyk en daarom sal die sekstonele nie aanstootlik wees nie: "*Dit is duidelik dat die heldin gladnie (sic) so rein is as wat die agtergrondsmusiek suggereer nie. Al hierdie faktore tesame met 'n sekere lighartigheid verwyder enige blatante skaamteloosheid of aanstootlikheid uit hierdie rolprent.*" Volgens die Raad sal die volwasse gehoor (daar is geen sprake van 'n waarskynlike gehoor nie) die rolprent in die korrekte perspektief sien en bowendien die "*hartstogtelike koppel aan die tipiese Italiaanse milieu*". Die volwasse leser sal nie net weet dat hy die rolprent teen die agtergrond van die Italiaanse milieu moet sien nie, maar sal bowendien weet dat hy die kru teken, waarvan melding gemaak word, binne die betrokke milieu moet sien. Sodra hy dit doen, is die kru teken nie meer walglik nie.

Die Raad *voorspel* dus nie net 'n waarskynlike kyker/gehoor se reaksie nie, maar ook dié van 'n *werklike* (volwasse) gehoor.

#### 5.12 Die gesofistikeerde kyker se reaksie sal van die ongesofistikeerde s'n verskil

**Nine Deaths of the Ninja** (156/85:3), waarin 'n hele klompie mense doodgemaak word, is volgens die Raad die soort film wat beide gesofistikeerde en ongesofistikeerde kykers sal lok. Die gesofistikeerde kykers sal die rolprent egter vervelig vind terwyl die ongesofistikeerde kykers dit "*exciting but not offensive*" sal vind. Dis nie duidelik op grond waarvan die Raad beslis het dat gesofistikeerde kykers die rolprent ook sal gaan sien nie of waarom hulle dit vervelig sal vind nie. Dis ook nie duidelik waarom dit nodig

is om daarop te wys dat die ongesofistikeerde kyker die rolprent, vir wie die rolprent opwindend is, dit nie *aanstootlik* nie sal vind.

## 6.0 Gevolgtrekking

Dit blyk uit bostaande ontleding dat daar nóg 'n praktiese nóg 'n teoretiese onderskeid tussen die *waarskynlike leser* en die *waarskynlike kyker/luisteraar* getref word. Maatstawwe wat ten opsigte van die *waarskynlike kyker/luisteraar* formuleer word, word net so op die *waarskynlike leser* oorgedra en net so op die boek, synde die betrokke publikasie, toegepas. Die omgekeerde geld natuurlik ook. Dit het geblyk dat die Raad dieselfde maatstawwe op alle publikasies, ongeag die aard of *genre*, toepas. Die Raad werk gevolglik glad nie met die fyner onderskeid wat byvoorbeeld deur die hedendaagse literatuurteoretici getref word nie.

Dit het verder geblyk dat die begrip *waarskynlike leser* as gevolg van die talle fasette wat *supra* identifiseer is, gevolglik 'n begrip is wat nie maklik omskryf kan word nie. Wie die *waarskynlike leser* is en in watter kategorie of groep hy sal val, of watter rol hy by die ongewenstheidsbevinding/nie-ongewenstheidsbevinding sal speel, hang van die betrokke publikasie en/of van die Raad se persoonlike oordeel oor die betrokke publikasie af. Laasgenoemde gevolgtrekking blyk uit die talle vreemde toepassings en irrasionele aanwendings of gebruike van die begrip in die breedste sin van die woord wat *supra* aan die lig gekom het.

## HOOFSUK 4

### SUBJEKTIWITEIT AS FAKTOR BY DIE BEOORDELING VAN PUBLIKASIES

#### 1. Inleiding

Na toepassing van Wiechers (1973:69) se toetse om te bepaal of 'n entiteit 'n administratiewe owerheidsorgaan is, bevind Prinsloo (1979:2-6) dat die "*Direktoraat, Komitees, Advieskomitees, Appèlraad, Minister, en in 'n enkele omskrewe geval die Hooggeregshof ... vir die doeleindes van administratiefregtelike bestudering van die Wet op Publikasies as administratiewe owerheidsorgane beskou word*".

Van der Vyver (1977:171) wys daarop dat 'n Publikasiekomitee die Direktoraat van Publikasies van redes vir sy bevinding dat 'n publikasie ongewens of nie-ongewens is, moet voorsien indien die publikasie 'n rolprent is en die applikant die Direktoraat versoek om redes vir die bevinding te verstrek. Dit geld ook vir openbare vermaak (p. 179). Van Rooyen wys in *Censorship in South Africa* (1986:51) daarop dat die Wet van die Raad vereis om volledige redes vir sy beslissings te verstrek: "*This is also an indication that good reasons must exist before any limitation may be imposed on a work*". Van Rooyen wys voorts daarop dat die redes aan die voorsitter van die betrokke Publikasiekomitee gestuur moet word. Die kan egter ook aan die voorsitters van ander Publikasiekomitees gestuur word: "*In the light of this provision and the necessity that legal certainty should exist as far as possible the PAB indicated in 1980 that it intended setting up a precedent system. This means that the committees are bound by the interpretation put on the Act by the PAB*". Indien 'n publikasie oor soortgelyke elemente beskik as dié wat in 'n ander uitspraak behandel is, sal so 'n uitspraak oorredende krag hê.

Van Rooyen het op 12 Junie 1982 in **Riglyne tot Art. 47(2) van Wet 1974** op p. 30 en weer op 1 April 1984 in **Riglyne tot Art. 47(2) van Wet 1974** gesê: "*Publikasiebeheer is 'n wetenskap en nie 'n lukrake spel met veerpyltjies nie*".

## 1.2 Juridiese Onderzoek

Snyman, wat as die eerste voorsitter van die Appèlraad oor Publikasies aangestel is, het in die uitspraak oor **Donderdag of Woensdag (70/78:13)** gesê: "*Die Appèlraad wil ook van die geleentheid gebruik maak om aan te dui dat sy ondersoek nie net 'n letterkundige ondersoek is nie, maar inderdaad 'n juridiese ondersoek is na die ongewenstheid van die publikasie, waarin die letterkundige meriete van 'n werk as versagende omstandigheid in ag geneem word*". Die uitgangspunt dat dit 'n *juridiese* ondersoek is, is herhaaldelik in daaropvolgende uitsprake bevestig.

Die feit dat die Raad hom met 'n juridiese ondersoek besig hou, blyk duidelik uit die uitspraak oor **Key-ring holder with coloured condom impressed inside plastic block with the name Score on the outside (143/81:2)** waar hy soos volg beslis: "*... is indicative of the typical juridical test by which matter is objectively judged in the light of all the circumstances*". In die uitspraak oor **The Dawn Comes Twice (144/76:21)** verwys die Raad na homself as 'n "*judicial tribunal*" - die verwysing word in **Squire (240/84:5)** herhaal terwyl daar pertinent in die uitspraak oor **Audrey Rose (75/81:9)** gesê word dat die Raad hom met **feitevrae** en **regsvrae** besig hou wanneer 'n publikasie aan hom voorgelê word. In 'n nie-gedateerde uitdeeltuk met die titel van **Is die publikasiebeheerders vandag besig om toe te laat dat die sedes geskaad word?** - en wat waarskynlik deur die huidige voorsitter van die Raad, Van Rooyen, geskryf is aangesien dit aantygings dat die standaard verslap en allerlei ongewenste materiaal toegelaat word, weerlê - word op p.

4 beweer dat die Appèlraad basies soos 'n hof funksioneer: "*Die beslissing van die Appèlraad is finaal en daar is geen appèl na die howe nie. 'n Volle verhoor word by die Appèlraad gehou en dit funksioneer basies soos 'n hof*". Die Raad se werking toon egter ook 'n ander ooreenkoms met 'n geregshof se werking, vergelyk in dié verband die uitspraak oor **Hamburgers en Hotdogs** (11/81:2) deur E.W.S. Hammond: "*n Ander aspek wat nie altyd bekend is nie, is dat sodra 'n appèl by die Appèlraad aanhangig gemaak word, die sub judice-reël, net soos in die geval van 'n hof geld. Sien artikel 42 van die Wet op Publikasies 42 van 1974*".

Dit is egter nie net die Appèlraad se uitsprake/beslissings wat regsrag het nie; die Publikasiekomitees se uitsprake het ook regsrag mits nie daarteen appelleer word nie, vergelyk Van Rooyen se beslissing in die uitspraak oor die rolprent **Stripes** (92/81:2): "*Die Appèlraad stem met die appellant saam dat die weglatings duideliker geformuleer moes gewees het. Dit is per slot van rekening 'n stukkie wetgewing wat hier geformuleer word en indien dit so vaag geformuleer word dat dit nie redelikerwys deur die appellant of 'n ander verspreider verstaan sou kon word nie, is dit nie afdwingbaar nie*".

Die Raad tref voortdurend parallele met ander vertakkinge van die reg, soos byvoorbeeld strafregtelike laster en **crimen injuria** (kyk byvoorbeeld Robert Kirby se verhoogstuk, **It's a boy** 159/82:7 en **Articles of Faith** 15/83:4), of verwys na bepaalde wette ten einde sy regsgeldige werking te bevestig - vergelyk onder meer die verwysings na die Ontugwet in **Academy Awards** 67/81:4, **Gayly Male** 14/83:3 en **Sex-a-peel** 250/84:3; en die verwysing na die Wet op Binnelandse Veiligheid in onder meer **Riglyne tot Art. 47(2) Wet 42 van 1974** op p. 12 wat as aanghangsel tot **Heartland** 43/82 publiseer is.

### 1.3 Vereiste van objektiwiteit

'n Juridiese ondersoek beteken dat die ondersoek *objektief* moet wees. Strauss *et al* (1976:77) sê dat die maatstaf wat die Wet voorskryf, 'n objektiewe maatstaf is: "*Daar moet gekyk word na die publikasie of voorwerp self, sonder inagneming van die (subjektiewe) doel, beweegrede of oogmerk van die voortbrenger of verspreider*". Volgens die Appèlraaduitsprake, streef die Raad dan ook na objektiwiteit tydens die beoordeling van die onderskeie publikasies - vergelyk onder meer die **Kennis van die Aand-uitspraak** (131/81:11): "*Om objektiwiteit te verseker word hier gepraat van die toets van die redelike waarskynlike leser*".

Dr. A. (Braam) Coetzee, Direkteur van Publikasies, het tydens 'n onderhoud met *Die Vaderland* (27 Oktober 1980:15) gesê dat hy 'n objektiewe werkswyse onderskryf: "*As Direkteur van Publikasies maak ek dit my taak om hierdie werke so objektief moontlik te hanteer en die komitees wat dit moet beoordeel so saam te stel dat hulle die werk met kundigheid, insig en objektiwiteit sal benader*". Hy het op 24 September 1981 aan *Die Burger* gesê: "*Daar is geen ander moontlikheid as juridiese beginsels nie, want die alternatief is subjektief en 'n gebrek aan balans in die beskerming van al die verskillende belange waartoe 'n wet 'n verantwoordelikheid het*".

Van Rooyen stel die vereiste so in Riglyne tot Art. 47(2) van die Wet van 1974: "*Die besluitnemer moet objektief oordeel en nie vanuit die staanspoor 'n bepaalde belang beskerm nie*".

## 2.0 Subjektiviteit

### 2.1 Die Raad is bewus van die gevaar van subjektiviteit



Subjektiviteit is 'n wesentlike gevaar wanneer uitspraak oor publikasies met 'n morele, godsdienstige, filosofiese of politieke inhoud gelewer moet word. Van Heerden R het reeds in Brandwagpers (Edms) v Raad van Beheer op Publikasies 1975 (2) SA (D & KPD) op 44 daarop gewys dat subjektiviteit 'n groot rol in sulke beslissings *kan* speel: *"Die feit dat die agtergrond, karakter en geestelike samestelling van die betrokke Regter by die uitvoering van so 'n administratiewe taak 'n oorheersende, en gewone regsbenadering geen of 'n ondergeskikte rol speel, hou die wesentlike gevaar in dat die een Afdeling van die Hof deur die applikante bo 'n ander Afdeling uitgesoek mag word vir die aanhoor van appèlle van hierdie aard."*

Die Raad waarsku sy lede reeds in The Dawn Comes Twice (144/76:20) om teen subjektiviteit te waak: *"Members of adjudicating bodies must not judge a work on the basis of their own views. They must ask themselves what standards obtain in the South African community and base their decision on those standards"*. Sonder om uitdruklik te erken dat subjektiviteit 'n rol speel, gee die Raad by implikasie in Master of the Game (154/82:2) te kenne dat dit wel 'n rol speel: *"The issue is whether the sex descriptions referred to by the Directorate are of such a nature that they taint the whole book with undesirability. As this is ultimately a question of degree, opinions would of necessity differ on this question"*. Die blote feit dat erken word dat met **graadverskille en persoonlike menings** gewerk word, bevestig 'n duidelike mate van subjektiewe werking. In Tattoo (47/85:2) erken die Raad egter openlik dat subjektiviteit wel 'n faktor by die beoordeeling van 'n publikasie en die bepaling of dit **ongewens** of **nie-ongewens** is kan wees, en dat hy bewustelik daarteen moet waak: *"The problem, of course, is that the subject matter is so disgusting that it tends to influence one's judgement of the possible merits in the film. After the Board cautioned itself in this regard, it still believed that the film had little or no merit"*.

Die uitspraak oor **Village Dreams** wat ook bekend staan as **The Pope of Greenwich Village** (185/84) toon in watter mate persoonlike menings 'n uitspraak bepaal. Die Publikasiekomitee het die rolprent beskryf as "*A very well-balanced film that will have a limited audience*" (p. 2) en as "*superior film*" (p. 3) waarvoor die oplegging van 'n ouderdomsbepkering van 2 - 21 as geskik beskou is. Die Publikasiekomitee was verder die mening toegedaan dat "*the unanimous decision of the committee should be acceptable to the average RSA cinemagoer in the recommended age group*" (p. 3). Die Direkoraat het teen die bevinding appelleer en versoek dat die Appèlraad "*the excisions with regard to the crude language substantially*" (p. 1) moet vermeerder. Die Raad voeg 15 snitte by aangesien hy die mening toegedaan is "*that this film is not without merit although the Publications Committee probably evaluated it too high*" (p. 3). Die Raad voeg egter 'n naskrif aan die einde by waarin daarop gewys word dat "*Andrea Vinassa, a film critic, regards the film as 'oorspronklik en eg' and gives it 80%*". Die Komitee van Deskundiges, bestaande uit mev. L. Gilfillan, 'n mev. Thomas, 'n dr. McKay en 'n mnr. Woodrow (voorsitter), bestempel die rolprent in hulle verslag wat by die uitspraak aangeheg is en gevolglik 'n tersaaklike dokument is, as "*a two-hour ordeal for the viewer*", as 'n "*non-starter*" en 'n "*empty time-waster*" (p. 5).

## 2.2 Elemente van subjektiwiteit

Oud-regter Lammie Snyman het in April 1980, net nadat hy as voorsitter van die Raad afgetree het, tydens 'n kongres in Kaapstad gesê dat een van die grootste tekortkominge van die sensuurstelsel in Suid-Afrika daarin geleë is dat die oorgrote meerderheid van die deelnemende lede nie daartoe in staat is om *objektief* te wees nie: "*The main problem is that ... it takes a lawyer and a very experienced lawyer to be objective because ... we are trained and required to be objective. The ordinary person doesn't succeed in being objective in the main ... and I want to include in that the Appeal Board itself. The Chairman*

*and the Deputy-Chairman are lawyers, but our other members were just the same people as were on the Committees. Perhaps some were better qualified ... but they were not ready for this position and I have found that you cannot get your members to be objective."*

Die Raad erken egter ook in die **Kennis van die Aand-uitspraak** (131/81:11) dat hy aangestel is "*om 'na sy oordeel' te besluit of 'n werk ongewens is*". Dit impliseer dat die Raad (uit die aard van sy aanstelling) deur 'n *juridiese bril* (**Magersfontein, O Magersfontein** 7/80:15) en op *objektiewe* wyse na die publikasies wat op appèl na hom verwys word, moet kyk. Die oomblik wanneer daar egter van die Raad gevra word om *na sy oordeel* te besluit of die betrokke publikasie ongewens is of nie, beteken dit by implikasie dat 'n subjektiewe element (kan) insluip. Gegewe die feit dat slegs die voorsitter (prof. J.C.W. (Kobus) van Rooyen) en die ondervoorsitter (mnr. J.J. Malherbe) enige regsopleiding of regservaring het, spreek dit vanself dat die subjektiewe element - wat deur persoonlike lewensbeskouings en ideologieë gekleur word - veral onder lede van Publikasiekomitees, die Direkoraat en die ander lede van die Appèlraad mag voorkom. Die afleiding word deur die Direkteur van Publikasies, dr. A. (Braam) Coetzee, se woorde op 24 September 1981 aan *Die Burger* bevestig waartydens hy gesê het dat van die 136 komiteelede (met die uitsluiting van die komiteelede wat in Durban aangestel word om oor Indiërrolprente te beslis) daar slegs sewe is "*wat nie belydende Christene is nie. Vier-en-twintig mense is predikante of teoloë, met heelparty opvoedkundiges in 'n verwanter veld*".

Van Oordt (1980:27) beweer dan ook dat die Appèlraad se betoog dat die gemeenskapsopvatting nie deur die redelike man (soos wat die begrip deur Rumpff HR in **Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie v O'Malley** 1977 (3) SA 394(A) omskryf is) verteenwoordig word nie, maar deur die Appèlraad self: "*Ek meen dat dit nie die 'redelike man' of die 'gemiddelde lid van die gemeenskap' is wat al die faktore insien nie en begryp nie, maar wel*

*die Appèlraad*". Dat dit inderdaad die geval is blyk uit verskeie uitsprake self waarin lede van die Appèlraad hul skuldig maak aan intens persoonlike en gevolglik subjektiewe uitsprake sonder enige teregwyding deur die voorsitter, of sonder dat die betrokke gedeelte geskrap word. Die subjektiewe opmerkings, vertolkings en uitsprake wat deur die lede van die Raad gemaak word, word as deel van die uitspraak en as die resultaat van 'n objektiewe ondersoek aangebied.

Dieselfde geld ten opsigte van sulke subjektiewe uitsprake wat deur lede van 'n deskundige komitee gemaak word. Die Deskundige Komiteeverslag word as *deel* van die verslag aangeheg (en daar word in talle uitsprake na die betrokke verslag self verwys) - vergelyk onder meer die Deskundige Komiteeverslag wat by die uitspraak oor **Superstar** (82/83:8) aangeheg is: "*Deskundige A, 'n teoloog uit een van die drie susterkerke met wye ervaring (sic) is van mening dat vanuit sy persoonlike godsdienstige referensiekader hy hom nie vir die rolprent kan beywer nie vanweë die bevraagtekening wat, volgens sy oordeel, in die rolprent na vore tree. Hy voeg egter by dat dit sy algemene instelling is dat hierdie rolprent nie deur 'n demokratiese land wat sy godsdienstvryheid handhaaf en wat die Christelike norm van gewetensvryheid bely darf verbied word nie. Ten slotte betoog hy dat 'sensuur beskaafde standaarde moet handhaaf, en Superstar is nie 'n deel van die onbeskaafde, obsene, groteske, lasterlike walging van die twintigste eeu nie*".

### 3.0 Uitsprake hou verband met *wie* in die Raad dien

Malan en Bosman (1983:2) beweer die volgende: "*Na sekere veranderings aan die sensuurwetgewing en die aanstelling van 'n nuwe voorsitter van die Appèlraad asook 'n nuwe Direkteur van Publikasies, is die verbod op verskeie Suid-Afrikaanse romans opgehef, o.m. Kennis van die Aand en Magersfontein, O Magersfontein!*".

### 3.1. Nuwe aanstellings

Die klem val egter nie op die *veranderings aan die sensuurwetgewing* nie, maar op die aanstelling van die *nuwe voorsitter* en die *nuwe Direkteur*. Die uitsprake wat deur Van Rooyen geskryf is terwyl hy ondervoorsitter was, weerspieël 'n **ander benadering** as dié wat geskryf is nadat hy self voorsitter geword het.

### 3.2 Snyman se invloed op Van Rooyen

Terwyl Van Rooyen as voorsitter waargeneem het, het hy byvoorbeeld in **Confused Mhlaba** (54/76:4) beslis dat fiksie (veral 'n drama) "*may bring a section of the community into ridicule or contempt; it may be harmful to the relations between sections of the community; and it may be prejudicial to the safety of the State, the general welfare of the peace and good order. It can be so even though the reader realises that it is a work of fiction not based on real events. In fact, a work of fiction, because it is not confined to real events, can do so more effectively, for it can picture fictitious events in caricature and so raise or heighten the emotions of its readers*". Sy latere uitsprake waarin beide fiksie en staatsveiligheid aan die bod kom, vind nie ondersteunende aansluiting by Snyman se siening van wat fiksie en staatsveiligheid is en watter uitwerking dit het nie. Die verskil in die benadering tussen uitsprake wat tydens die Snyman-era geskryf is en dié wat tydens die Van Rooyen-era geskryf is, is opvallend. Sy latere uitsprake is veel objektiewer, minder eng of benepe en meer juridies van aard. Dit beteken egter nie dat sy later uitsprake vry van alle kritiek is nie - soos wat in die slothoofstuk van die verhandeling sal blyk.

### 3.3 Snyman glo die stelsel stort na

**Van Rooyen se oorname in duie**

Snyman het na sy aftrede in die pers te kenne gegee dat die sensuurstelsel misluk het aangesien publikasies wat tydens sy *regime ongewens* bevind sou word nou deurgelaat is. Hy het op 19 September 1982 aan *The Sunday Tribune* - wat berig het dat regter Snyman sy pos as voorsitter aan 'n meer "enlightened" Van Rooyen moes afstaan - gesê: "*I am shocked by what is happening. Porn and subversion are flooding into South Africa. The Publications Act has failed.*" Volgens hom was **Magersfontein, O Magersfontein!** niks anders as pornografie nie: "*Books are coming through like Magersfontein, O Magersfontein! which is nothing but pornography. Lady Chatterley's Lover is one of the worst examples of porn: it's still banned in Japan and took 50 years to unban in Britain and now we have let it through.*"

Van Rooyen het op 1 Maart 1984 aan die oggendkoerant, *Beeld*, erken dat sensuur in die nuwe gewysigde stelsel verslap het, maar het gesê dit beteken nie dat pornografie uiteindelik deurgelaat sal word nie.

#### 3.4 Daar bestaan 'n opvatting dat daar 'n "*current approach*" en 'n "*gewese benadering*" is

Binne 'n jaar nadat Snyman as voorsitter van die Publikasieraad aangestel is, was daar, volgens Switzer (1986:461), 'n gevoel onder akademici dat sensuur erger as vantevore was aangesien Snyman met die 'gemiddelde' man in gedagte gewerk het en daar weinig of geen aandag nie aan literêre meriete gegee is.

Terwyl Snyman die voorsitter van die Publikasieraad was, is sensuur streng en uiters konserwatief toegepas. Die Wet is so eng moontlik uitgelê en al hoe meer publikasies is vir besit verbied. Nadat Van Rooyen aangestel is, is algemeen aanvaar dat sensuur met

groter 'verligtheid' toegepas is, maar verskeie akademici het daarop gewys dat dié (aanvanklike) verligtheid in werklikheid slegs 'n oënskynlike verligtheid was aangesien sensuur, wat politieke publikasies betref, toegeneem het. Switzer (1986:46) stel dit so: "... *political censorship had not decreased and the number of publications submitted by die police surpassed those submitted by customs. Each year an increasing number of these were banned for possession. Things had not changed all that much. They were only handled with more subtlety.*" Wat die letterkunde en vermaak in die algemeen egter betref het, is sensuur en die benadering daartoe duidelik deur Van Rooyen verslap deurdat 'n meer konsekwente en rasonale, en 'n minder konserwatiewe en eng benadering in die toepassing van die Wet gevolg is.

Nadat Van Rooyen amptelik in 1980 by Snyman as voorsitter oorgeneem het, het verskeie waarnemers en skrywers die mening uitgespreek dat Van Rooyen se toepassing van die Wet minder konserwatief as dié van Snyman was. Verskeie skrywers, soos onder meer Brink en Gordimer, het die 'meer verligte benadering' egter met 'n duidelik agterdog en sinisme bejeën. Die algemene gevoel was dat die opheffing van 'n verbod op 'n paar baie sigbare publikasies nie noodwendig 'n *verandering* beteken nie. Brink (1983:45) het na Van Rooyen se meer verligte benadering verwys as 'n *Praagse lente* en as 'n *versigtige liberalisering* nadat boeke soos *Burgher's Daughter* en *A Dry White Season* gunstige bevindings ontlok het, maar het na die verbod op Mtutuzeli Matshoba se *Call Me Not A Man* gesê dat die hele stelsel op 'n nie-konsekwente en onlogiese wyse toegepas word. Gordimer (soos aangehaal deur Switzer 1986:226) het dié verbod ook as rede vir haar skeptisisme dat die 'situasie' onder Van Rooyen verander het, aangevoer. Sy het na aanleiding hiervan en die verbod op Miriam Tlali se roman, *Muriel at the Metropolitan*, gesê dat die verbod 'n poging was om te voorkom dat swart lesers van hul eie vooroordele en frustrasies lees.

Talle skrywers wat teen sensuur gekant was, het gesê dat die nuwe Raad nie werklik enige veranderinge meegebring het nie, maar dat dit (die Van Rooyen-raad) bloot op 'n meer gesofistikeerde wyse te werk gegaan het. Die swart skrywers het gesê dat dié werkswyse hulle verder vervreem. Nadat *Call Me Not A Man* verbied is, het Mutloatse (in Switzer 1986:227) gevra: "*Isn't it sheer arrogance of the censor's to say Black people should justify their grievances? And if and when they do, they see red and ban our written and/or dramatised work.*" Uitgewer Mike Kirkwood (Ravan Press), wat skat dat hy altesaam ongeveer R62 000 as gevolg van sensuur tydens 1979 verloor het toe soveel swart skrywers se werk (wat deur Ravan Press uitgegee is) verbied is, het gesê dat die Staat van sensuur gebruik maak om die hele swart gemeenskap aan te val. Switzer (1986:227) haal hom soos volg aan: "*(...) interpreted as an attack by the state on the black community as a whole ... and ... make a mockery of the Publications Board's stated policy that the threshold of undesirability is less easily crossed in the case of blacks who do not have the same avenues of public protest as whites.*"

Gekonsolideerde lysie van al die publikasies wat tussen April 1975 en Desember 1979, asook vanaf Januarie tot Desember 1980 verbied is, het twee duidelike teenoorstaande reaksies ontlok toe dit in 1981 publiseer is. Die pers het op die toenemende aantal publikasies gewys wat kragtens artikel 2(e) verbied is, terwyl uitgewers en boekverspreiders volgens Switzer (1986:233) te kenne gegee het dat "*censorship was 'relaxing', particularly on the question of 'dialogue'.*" Die redes wat vir die verslapping of liberalisering aangevoer is, was dat die Raad nou met die begrip *waarskynlike lesers* eerder as met die *gemiddelde lesers* gewerk het, en dat *artistieke meriete* nou in ag geneem word.

'n Duidelike wending in sommige uitsprake het egter bevestig dat die situasie wel onder Van Rooyen verander het. 'n Meer verligte benadering is ten opsigte van politieke publikasies met akademiese waarde gevolg. Die verbod op publikasies soos die volgende



is opgehef: **J. Stalin Works** (16/81), **V. I. Lenin: Collected Works** (22/81), **A Ride on the Whirlwind** (114/81) (wat oor die geskiedenis van die 1976-opstande in Soweto handel), en **Marx**, volume 50 in die **Great Books of the Western World**-reeks (147/81).

Dié wending is egter ook in 'n sekere mate ten opsigte van swart skrywers se werk waargeneem. Die verbod op **Introduction to the Writings of Ngugi** (43/81) en **We Shall Sing For The Fatherland and Other Plays** (53/81) is onderskeidelik opgehef. Die Raad het die opheffing van die verbod op **Introduction to the Writings of Ngugi** (43/81.3) soos volg regverdig: "*South Africans should be informed or inform themselves of what Blacks are thinking and writing not only in the Republic but throughout the continent of which they are part, as well.*" Die Raad het egter ten spyte van dié standpuntinname besluit om nie die verbod op Mtshali se **Fire Flames** (2/81) op te hef nie. Hierteenoor het die Raad in **South Africa in the 1980's** (32/81.3) te kenne gegee dat kritiek teen die regering en sy apartheids- of swartbeleid nie aanvaar word nie. Dit blyk uit die verbod dat die bestaande *status quo* met goedkeuring onderskryf word en dat die verbod self oënskynlik in belang van die regering se beeld gehef word: "*Many more instances can be quoted, but the general implication is the same: everything done or planned by the government to redress wrongs, to ease tensions, and to create a more favourable climate for consultation is condemned as part of a sinister scheme to keep the black majority in perpetual bondage.*" Dit blyk gevolglik uit dié uitspraak dat *ideologiese maatstawwe* nog steeds aangewend is wanneer dit by politieke sensitiewe publikasies gekom het, en dat skrywers soos Brink, Gordimer en Tlali se sinisme nie heeltemal ongegrond was nie.

'n Bietjie meer as 'n jaar later, het Van Rooyen na die uitspraak oor **Work in Progress** (10-11/82) (waarin hy bevestig het dat die Raad van die publikasiekomitees verwag om presedente toe te pas), 'n stel riglyne opgestel waaruit dit duidelik geblyk het dat die Appèlraad 'n meer liberale houding teenoor sensuur ingeneem het en dat ook van die

komitees verwag is om 'n soortgelyke liberale houding in te neem. Die kommentaar in *The Sunday Times* (25 Julie 1982) was dat die riglyne op 'n "*more liberal approach*" dui en dat dit "*a welcome departure from the narrow approach of previous chief censors* (Dekker, Kruger en Snyman) is.

Dié meer liberale houding van 1982 en later het onder meer tot gevolg gehad dat werke met 'n politieke inslag deur 'n meer simpatieke en minder ideologiese bril beskou is. Louise Silver het in *The Sunday Tribune* (1 Mei 1983) gesê dat die Staat uiteindelik beseft het dat swartes 'n stem deur hul werk gegee moet word aangesien hul nie stemreg het nie. Van Rooyen self het in *The Sunday Tribune* (17 Februarie 1985) gesê dat die skrywer oor die reg beskik om die gemeenskap te kritiseer en "*even scurrilous political criticism cannot be undesirable*".

Prof. John Dugard was een van die eerste akademici wat reguit gesê het dat daar 'n verandering na Van Rooyen se aanstelling as voorsitter te bespeur was. Dit blyk uit sy opmerkings nadat Nadine Gordimer se roman, **Burger's Daughter**, eers ongewens en daarna nie-ongewens bevind is (1980:71): "*At the risk of oversimplification, it is possible to make the following impressionistic observations on the current trends in the decision-making of the PAB. The Board is more liberal today in its approach to literature and obscenity (...). This liberality does not, however, extend to magazines, calendars, films and public entertainments which appeal to a larger public*". Hy vervolg op p. 72: "*While there is a welcome change in the decisions of the PAB in respect of literary works, it must not be forgotten that these are only the tip of the iceberg*".

Die Direkoraat wend hom ná die Publikasiekomitee se uitspraak oor **Smokey and the Bandit** (94/82:2) tot die Appèlraad met die versoek dat die Raad sy benadering dat die "gebruik van woorde soos 'Oh my God', 'God' en 'goddamn' gewoonlik nie ongewens is

nie" weer moet ondersoek. Dit impliseer dat daar 'n tydperk bestaan het toe die woorde (ongegag die konteks of situasie waarin dit voorgekom het) wel as **ongewens** beskou is. Die vermoede word in die uitspraak oor **Breaking Away** (104/82:2) bevestig: *"The film was passed in 1979, subject to excision of the word 'shit' wherever it occurs in the dialogue, 'Christ', which occurs once, and 'God' from 'Goddamn', which occurs about three times."* Toe die rolprent in 1982 weer aan die Publikasiekomitee voorgelê is, het die Publikasiekomitee dit sonder enige snitte en/of weglatings goedgekeur. Die Publikasiekomitee se motivering vir die onvoorwaardelike aanvaarding van die rolprent lees soos volg: *"The Committee is of the opinion that in the light of the current approach, the film does not contain any undesirable material"*. Gegewe die feit dat die Appèlraad die Publikasiekomitees gereeld van riglyne voorsien en **van die komitees verwag** om die riglyne na te kom en hulle deur die Raad se uitsprake te laat lei, is dit geregverdig om af te lei dat die Raad se benadering verander het namate Van Rooyen sy invloed op die ander raadslede uitgeoefen het. Dat dit baie moontlik 'n korrekte afleiding is, blyk uit die volgende uittreksel uit dieselfde uitspraak op p. 3: *"This Board finds itself in agreement with the Committee. It is hardly necessary to refer to the various recent decisions of the Board, according to which the words 'shit' and 'Goddamn'; are not, as a general rule, undesirable. It is when they are unduly emphasised, or used to excess that they become offensive. In the film they occur but rarely and then entirely naturally and, for the most part, unobtrusively. The word 'Christ', while posing a greater problem, was not even noticed by some of the members of the Board"*. Dat dit Van Rooyen self is wat aan die woord is, blyk uit die herhaaldelike gebruik van die persoonlike voornaamwoord, "I" in die uitspraak.

Die mate waarin Van Rooyen se meer verligte en buigsame benadering van Snyman se eng, ideologies-gekleurde, onbuigsame en dikwels strak morele benadering sou verskil, het reeds uit die uitspraak oor die rolprent, **Once is not Enough** (36/75:5), geblyk waar

Van Rooyen bevind het dat "*the portrayal of immorality in this film is not offensive*" en dat daar talle korrektiewe teenwoordig is, terwyl Snyman die rolprent as synde uiters immoreel beskou aangesien dit die huwelik as instelling belaglik maak en "*the moral foundations of society*" vernietig. Hy sê verder dat die rolprent nie toegelaat mag word "*to denigrate the social structure of the State*" nie en dat "*the average member of the community would for the same reasons see it as being harmful to the community as it contains the seeds for the destruction of public morals*" (p. 11).

Die versekering wat herhaalde kere in latere Van Rooyen-uitsprake gegee word, naamlik dat dit 'normaal' is dat lede van die Appèlraad van mekaar en van die Publikasiekomitees of die Direkoraat mag verskil, is opsigtelik nie in die uitspraak oor **Once is not Enough** (37/75) die enigste tersaaklike element in die twee teenoorstaande beslissings tussen die meerderheid en die minderheid (wat slegs uit Snyman bestaan) nie. Dit gaan duidelik om Van Rooyen se meer verligte benadering in teenstelling met Snyman se enger of meer verkrampde benadering.

Nadat André P. Brink die CNA-prys vir sy boek, **A Chain of Voices**, ontvang het, het hy tydens sy bedankingstoespraak (wat deur die *Cape Times* van 5 Mei 1983:10) gesê: "*If it is true that the application of censorship has indeed been eased by the more 'verligte' approach of Professor Kobus van Rooyen, it is equally true that the Publications Act can be applied with the same rigour and the same obtuseness as before*".

Van Deventer (1987:29-30) voer aan dat sensuur "*sedert die middel van die Tagtigerjare minder rigied toegepas*" word. Hy verwys ter ondersteuning hiervan na 'n stelling wat op 9 Februarie 1986 deur R. Terre'blanche in *Rapport* gemaak is, naamlik dat "wat seks en naaktheid betref, dit (tans voorkom) asof die Appèlraad wel sy ouderdomsbepërking afskaal". Hy sê voorts dat dit tot gevolg het dat "*al hoe meer rolprente wat in die verlede*

*as ongewens beskou is, byvoorbeeld A Clockwork Orange (1971), Last Tango in Paris (1973), Pretty Baby (1975) en The Canterbury Tales (1975), nou wel plaaslik vir die eerste keer vrygestel is."*

Brink het in die middel van die tagtigerjare opgemerk (1985:162): *"Dit is nie die sensuurwet wat verander het nie, alleen die toepassing daarvan"*. As dit waar is, beteken dit dat die soort sensuur en die beginsels waarvolgens gewerk sal word, aan die persoon van die voorsitter gekoppel kan word, en daar dus geen waarborg is dat die hele proses hom nie in die toekoms kan omkeer en enger maatreëls nie weer toegepas sal word nie. Volgens die reeds genoemde uitdeeltuk, **Is publikasiebeheerders vandag besig om toe te laat dat die sedes geskaad word?** word die versekering egter gegee dat die publikasies wat nie-ongewens bevind is nie, iewers in die toekoms skielik om ander redes ongewens bevind sal word nie - ten minste nie in terme van die huidige Wet nie: *"Stof wat voorheen nie-ongewens bevind is kan nie weer voorgelê word nie. Die Minister van Binnelandse Aangeleenthede kan egter, waar 'n komitee iets nie-ongewens bevind het, die Appèlraad versoek om die juistheid van die beslissing te oorweeg."*

### 3.5 Vertolkings wat aan die persone Snyman en Van Rooyen gekoppel kan word en wat nie op die uitleg van enige artikel in die Wet op Publikasies betrekking het nie

#### 3.5.1 Opvoedkundige rol

Waar Snyman van die standpunt af uitgegaan het dat die Wet op Publikasies 'n opvoedkundige doel het (Cheeky Chuckles 4/75:5 en Jaws 39/75:3) - waarin Snyman onder meer in 4/75:5 sê dat "opvoed" in sy breë betekenis begryp moet word as synde *"grootmaak, geestelik vorm"* - gaan Van Rooyen van die standpunt af uit dat dit nie die geval is

nie en sê in **The Landlord** (106/82:3): "This Board has often pointed out that its function is not an educational function". Ten spyte van die standpunt wat in hierdie uitspraak ingeneem word, wankel die Raad effens tydens die uitspraak oor **Sarie, 16 Maart 1983** (44/83:12) wanneer hy weer oor die kwessie of die Raad wel 'n opvoedkundige funksie moet vervul of nie begin tob: "*Die vraag sou natuurlik gevra kon word of die Raad nie hier 'n opvoedende funksie moet inneem en eenvoudig beslis dat dit nodig is om hierdie tipe besonderhede te publiseer nie.*" Die Raad gee egter nie aan die versoeking toe nie - en beoordeel ook nie die vraag of hy wel (ooit) 'n opvoedende funksie moet/mag vervul nie. Hy beslis gewoon dat dit nie sy taak is *om voor te skryf nie.*

### 3.5.2 Die rol van 'fiksie'

Waar Snyman van die standpunt af uitgegaan het dat die lesers van **The Dawn Comes Twice** (144/76:17) nie sal insien dat dit fiksie is nie en gevolglik deur die staatsgevaarlike stof beïnvloed sal word, is Van Rooyen se benadering (nadat hy as voorsitter aangestel is) aanvanklik meer buigsaam dog nog steeds ietwat verwarrend.

Die Raad besef dat fiksie van realiteit verskil, maar is nie mooi seker hoeveel vryheid die fiksie toegelaat moet word nie. In **Looking on Darkness** deur André P. Brink (64/80:13) word die bestaan van dit wat in die fiktiewe wêreld van die fiksie gebeur nie net erken nie, maar ook verdedig: "*The reference to God as a capitalist on page 243 is also not offensive. The words complained of are a description of the action of a play by Peter Weiss, and it amounts to a reference to a fictional world within a fictional world.*" Hierteenoor laat die Raad egter in **Man of Nazareth** deur Anthony Burgess (72/80:2-3) blyk dat hy nie seker is of hy die Komitee van Deskundiges se verslag dat die boek 'n "story" (en dus fiksie) en nie 'n "historical truth" is nie, kan aanvaar of nie - en dit ten spyte daarvan dat die uitspraak op p. 3 bevind dat "*Only the omniscient author can know what was in Jesus'*

*mind, or rather, has himself put it there*" (my beklemtoning). Later, in **Cry for Vengeance** (120/82:4) en **Blood Debt** (124/82:4) word daar nie net erken dat die *genré* ontvlugtingsfiksie ("escapist fiction") wel voorkom nie, maar dat die Raad "*has more than once indicated that it readily accepts that escapist fiction fulfills a useful role in society and satisfies a very real need for many people.*" Die benouende benadering tot die wêreld van fiksie het grootliks verdwyn met die erkenning dat fiksie op die nie-werklike dui en as sodanig deur die waarskynlike leser ervaar word tesame met die feit dat daar verskeie subkategorieë soos *escapist fiction, verstrooiingslektuur, middelmoolliteratuur, fictional entertainment*, fiktiewe verhale wat in *trashy little books* voorkom, *spy thrillers, feministiese verhale, trite little tales* en dies meer bestaan.

Indien 'n objektiewe beoordelingsproses gevolg is, of indien die Raad volkome met die begrip fiksie vertrou was - eerder as wat hy sy eie vrese dat 'n werk onder die dekmantel van fiksie staatsgevaarlik of onbetaamlik kon wees, laat voorskryf het - sou minder publikasies as gevolg van die onkunde in die slag gebly het.

### 3.6. Botsende beskouings rakende die rede waarom

#### 'n publikasie gelees/nie gelees nie sal word

Snyman beweer in **Gerugte van Reën** (67/78:29) deur André P. Brink dat dit nie nodig is om 'n ouderdomsbepanking op te lê nie aangesien kinders onder die ouderdom van 18 jaar wat die boek lees oor die nodige insig sal beskik om te kan insien dat die boek nie-ongewens is. Hy weier gevolglik om 'n ouderdomsbepanking op te lê, want "*(m)ens kan nie hier gaan werk met die uitsonderingsgevalle van die kind wat bloot om redes van nuuskierigheid gaan rondsoek in die boek om dalk iets morsigs raak te loop nie.*"

Terwyl Snyman se betoog die klem op *uitsonderingsgevalle* laat val, tref Van Rooyen deurgaans die nodige voorsorgmaatreël dat so 'n kind nie die soort toegang tot die boek

sal hê as wat die 'nuuskierige kind' *supra* het nie. Van Rooyen beslis ten opsigte van **Lace** (58/83:4-5) deur Shirley Conran dat "(t)he book is not likely to be chosen for its sexual titillation or to be remembered for that", maar lê die publikasie ten spyte van dié versekering 'n ouderdomsbepanking van 18 jaar op aangesien die boek op die volwasse leser gemik is. *"This does not, however, mean that a parent may not hand the book to his teenage child if the parent knows that the child will be able to cope with this book and probably, discuss the matter with him."*

Die verskil wat in die houding teenoor die publikasie aan die een kant en die leser aan die ander deur die twee onderskeie voorsitters openbaar word, blyk duidelik uit die onderskeie uitsprake se formulering en woordkeuse.

### 3.7 Nuwe insigte lei tot ander uitsprake

Ten spyte daarvan dat aangedui word dat dit die Raad is wat tot die beslissing geraak, wys Van Rooyen (1987:136) daarop dat sy persoonlike insigte 'n besliste uitwerking op die beslissing het. Die nuwe insig waartoe hy as gevolg van 'n hofbeslissing geraak het, het meegebring dat die insig op die Raad se beslissings oorgedra is: *"In 1977 I argued that negligence would be sufficient for a conviction. Since then I have changed my mind, especially as a result of the Appellate Division's Approach in S v Ngwenya."*

## 4.0 Subjektiewe oordele

### 4.1 Verkeerde en subjektiewe interpretasies

van gegewens word as gesaghebbend aangebied

Die Raad voer onder voorsitterskap Snyman in die uitspraak oor die rolprent, **Diamond Mercenaries** (68/76.2) aan dat die woord *arse* nie gebruik word "om *anus* aan te dui nie,



maar gewoonweg betrekking het op boude". Op p. 3 van die uitspraak word egter weer dat die dialoogstuk *"Just two lumps of this sugar and you can have all the ass in the world"* ook op boude betrekking het: *"Ook hier het die woord 'ass' betrekking op boude en hou dit nie verband met anus nie en is dit nie 'n skelwoord nie"*. Die opsigtelike verkeerde betekenis wat aan die woord toegeskryf word, dui op die Raad se onkunde en die gevolglike subjektiewe interpretasie wat aan die woord verleen word.

Die Raad geraak tot 'n uiters veralgemenende en subjektiewe gevolgtrekking in die uitspraak oor *Magersfontein, O Magersfontein!* (77/77:11) waarin uitspraak gelewer word oor die seksuele aktiwiteit, *masturbasie*, soos wat dit in die gemeenskap voorkom (of volgens die Raad nie voorkom nie) eerder as oor die voorkoms daarvan in die roman self. Dit is volgens die Raad "... 'n sieklike behandeling van 'n onnatuurlike gedragspatroon in die mens". Dat die Raad nie oor dié woorde besin het nie, blyk uit die beskikbare statistiek wat aantoon dat masturbasie baie algemeen voorkom en dat dit hoegenaamd nie as 'n onnatuurlike gedragspatroon beskou word nie. Volgens die *Encyclopaedia Britannica* (1986:925) masturbeer ten minste 92% van alle Amerikaanse mans en 70% - 80% van alle Amerikaanse vroue. Kinsey et al (1953:142) se navorsing het daarop gedui dat ongeveer 62% van die vroue in sy monster bestaande uit 5 900 vroue in een of ander stadium van hulle lewe masturbeer het. Die navorsers het ook bevind dat daar altesaam 6 soorte seksuele aktiwiteit is waarvan *"masturbation is the one in which the second largest number of females engage before and after marriage"* (p. 132). Masters en Johnson (1966:197) bevind dat masturbasie, of die manipulasie van die genitalia soos hulle in dié ouderdomstadium na daarna verwys, reeds *"in earliest infancy in both sexes"* voorkom en dat outo-manipulasie (soos wat dit in volwasse seksuele gedrag deur hulle genoem word) *"presents no problem for the older-agegroup women"*, maar dat daar 'n afname *"beyond sixty years of age"* (p. 246) is. 'n Soortgelyke gedragspatroon is by die man aanwesig (p. 262).

In sy poging om die komedie, **Buddy, Buddy**, (148/81:3) nie-ongewens te bevind, dwaal Van Rooyen ten opsigte van die betekenis van die term **dramatiese meriete**. Nadat hy verduidelik dat **dramatiese meriete** uit dramatiese, komiese en klugtige kenmerke kan bestaan, beweer hy dat die publikasie oor hoë dramatiese meriete beskik omdat die twee akteurs hulle rolle so goed vertolk: "*It has high dramatic merit as a result of its excellent farcical quality, which is mainly achieved by the acting of Walther Matthau and Jack Lemmon*". Dit spreek vanself dat die klugtige elemente in die teks of draaiboek teenwoordig moes wees alvorens dit vertolk kon word - deur wie ook al. Deur egter aan te voer dat die klugtige die gevolg van die twee akteurs se bydrae is, getuig van ernstige dwaling aangesien die twee akteurs se vertolkingsvermoë hier gelykgestel word aan die publikasie se inhoud.

Die Raad beslis ten opsigte van die rolprent, **Fire Fox** (149/82:3), dat 'n ouderdomsbeperking noodsaaklik is aangesien die rolprent kan meebring dat kinders wat dit sien, nagmerries kan kry: "*The fact that nightmares or fear could follow, would indicate that an age restriction is apposite*". Daar bestaan egter geen wetenskaplike of sielkundige gronde vir dié stelling wat op suiwer raaiwerk neerkom nie. Hartman (1984), wat indringende navorsing oor nagmerries gedoen het, het bevind dat nagmerries slegs tydens "*REM-sleep*" (dit wil sê, "*rapid eye movement-sleep*") voorkom en dat slegs 5% van die bevolking (in Amerika) een maal per week 'n nagmerrie kry. Nagmerries kom, volgens Hartman, feitlik nooit in die ander 95% van die bevolking voor nie. Hartman se bevindings stem in 'n groot mate met Becker *et al* (1973) se navorsing ooreen. Becker *et al* het bevind dat stres-situasies tot gevolg het dat die individu meer "*intrusive thoughts*" het wat in latere gedrag herhaal kan word. Onaangename stof word gevolglik kognitief verwerk en *kan* in nagmerries neerslag vind, maar dis nie noodwendig die geval nie. Selfs al was die Raad van die navorsing bewus, blyk dit dat dit nie as bron kon dien nie aangesien die persoon

wat deur so 'n stres-situasie geraak sal word deur *enige* stres-situasie geraak sal word - nie net deur 'n grusame of ontstellende rolprent nie. Tweedens word so 'n persoon in sy wakker staat (Becker) en in sy slapende staat (Hartman) juis op dié wyse getref omdat sulke situasies van hom weerhou word. Hoe vreemder die situasie, hoe meer aandag skenk hy daaraan in sy poging om dit kognitief te verwerk.

## 4.2 Ongegronde stellings en "sweeping statements"

### 4.2.1 Geweld

Die Raad bevind in *Diamond Mercenaries* (68/76.4) dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap 'n hoë toleransie vir tonele in rolprente het waar mense met rewolwers doodgeskiet word, maar nie vir tonele waar hulle met 'n mes of messe doodgesteek word nie: "*Die Suid-Afrikaanse publiek is gevoelig in die verband vanweë die feit dat messe eng verband hou met 'n tipe misdadigheid wat op onrusbarende wyse in Suid-Afrika voorkom*". Dit is niks anders as 'n persoonlike mening wat ideologies fundeer is nie en wat gebruik word om die toneel op grond van die 'feit' dat 'n mens wat met 'n mes doodgesteek word tot "*die status van 'n dier verlaag*" (p. 5) word, **ongewens** te bevind.

### 4.2.2 Die Suid-Afrikaanse gehoor is 'n 'derde party'

Die Raad beslis in *Buddy, Buddy* (148/81:3) dat die Suid-Afrikaanse gehoor (kyker) 'n party tot 'n rolprent is, dat hy letterlik by die rolprent betrek word. Terwyl die Raad dit in orde vind dat een karakter in die rolprent aan 'n ander vra: "*Are you out of your fucking mind?*", vind hy dit egter nie in orde dat die Suid-Afrikaanse kyker die woorde moet hoor nie en verduidelik hy dat die dialoogstuk wat andersins klaarblyklik funksioneel en geregverdig is, nie meer geregverdig is nie omdat die vermelde kyker 'n derde party tot

die publikasie is: *"The use of the word in this case is understandable within the relationship between Trabuco and Clooney, but when a South African audience is brought into the picture as a third party, the matter changes"*. Die Raad beveel dan ook aan dat *fucking* gesny moet word.

Die beginsel dat die Suid-Afrikaanse gehoor 'n derde party tot die publikasie is, word nie weer opgehaal nie. Van Rooyen bevestig in *Censorship in South Africa* (1987:78) dat die Raad se benadering ten opsigte van sulke woorde heeltemal verander het: *"The current approach is generally not to cut this kind of word even in films of average merit (...). The mere fact that such words are not used in functional circumstances is not regarded as being sufficient reason to cut them"*. Die beswaar wat *supra* geopper is, het nie betrekking op die feit dat die Raad destyds minder verdraagsaam was nie, maar op die feit dat die Raad sy beslissing op grond van die vreemde bevinding dat die gehoor skielik 'n derde party was, probeer regverdig het. Daar is geen juridiese regverdiging vir die uitleg van die gehoor se rol as synde dat dit 'n 'derde party' tot die publikasie is nie - die 'uitleg' word deur 'n hoogs persoonlike oordeel gekenmerk.

#### 4.2.3 Die toedig van karaktereienskappe

Die Raad beslis soos volg in *Kennis van die Aand* (131/81:2) deur André P. Brink: "Daar bestaan vandag ook meer begrip vir die betekenis van die seksualiteit en die verband daarvan met die religie, soos dit in die literatuur behandel word, as tevore." Dis glad nie duidelik of *tevore* na 'n tydperk verwys wat slegs op *Kennis van die Aand* (wat 'n hervoorlegging is) betrekking het en of dit op alle uitsprake betrekking het nie. Hoe is bepaal dat dit wel die geval is dat daar tans meer "*begrip vir die betekenis van die seksualiteit en die verband daarvan met die religie, soos dit in die literatuur behandel word*", bestaan? Dit lyk asof die Raad op arbitrêre wyse tot dié gevolgtrekking geraak het, en

gevolglik dien dit as voorbeeld van die soort *sweeping statement* wat dikwels in dié uitsprake voorkom. 'n Verdere vraag wat in die verband ontstaan, is op grond waarvan die Raad tot die gevolgtrekking gekom het dat Josef gelowig is - of soos die Raad dit stel - **onbewus gelowig is**: "*Dit werp onder andere lig op Josef se (onbewuste) gelowigheid, die verband tussen seksualiteit en religie en die moord op Jessica*". Wie het die Raad tot die insig gelei as daar nie van 'n Komitee van Deskundiges of 'n Advieskomitee gebruik gemaak is nie? Waarom word Josef se gelowigheid as 'n *onbewuste* gelowigheid tipeer? Myns insiens is die stelling dat Josef 'n gelowige is soos wat die woord in die tradisionele sin verstaan word, ongeldig en niks anders as 'n ideologiese poging om 'n oënskynlike problematiese aspek uit die weg te ruim deur die karakter meer 'aanvaarbaar' te maak ten einde die verbod te kan ophef nie. Vergelyk in dié verband J.P. Smuts (1975:93) en J.C. Kannemeyer (1983:410). 'n Mens kan die volgende by Kannemeyer (1983:410) se woorde voeg: Die siening van Josef as gelowige - bewuste of onbewuste gelowige - is ook nie oortuigend nie. Dis 'n subjektiewe en Calvinisties-ideologiese verwringing en doelbewuste manipulasie van die karakter, Josef Malan.

Dit blyk uit die Raad se uitspraak dat hy weer eens nie tussen *fiksie* en *realiteit* onderskei het nie omdat hy net eenvoudig nie oor die nodige literêre kundigheid beskik nie - en ook nie van beskikbare inligting, wat die nodige leiding sal bied, gebruik maak nie. Brink (1985:93) het in die beëdigde verklaring, wat hy na die verbod op **Kennis van die Aand** afgelê het, pertinent daarop gewys dat die verhaal en die gebeure fiktief is en dat dit wat binne die fiktiewe raamwerk aangebied word nog verder "*gefiktiviseer is deurdat dit aangebied word as Josef se subjektiewe vertolking van 'n verhaal wat reeds verdraai en vervals is deur jarelange oorlewering én deur die verbeelding en wensdenkery van sy moeder: dit word pertinent aangebied as 'mite', nie as 'geskiedenis' nie*". Brink het verder daarop gewys dat Josef deur die oorvertel van sy lewe 'n voortdurende proses van ontluistering en ontgogeling ontdek het, dat sy kinderlike geloof vernietig is toe 'n ouderling hom

dronk gedrink het aan Nagmaalwyn. Dit beteken dat Josef eerder gestroop is van enige 'geloof' wat hy gehad het terwyl hy die verhaal oorvertel as wat sodanige geloof duideliker of sterker geword het - die Raad se beslissing dat hy 'n gelowige was (al was hy self nie daarvan bewus nie) is niks anders as 'n ideologiese projeksie nie.

#### 4.2.4 Feministiese literatuur word 'aanvaar' nadat

**Marilyn French as skrywende, feministiese akademikus aanvaar is.**

Die Raad het van die begin af 'n probleem met feministiese publikasies ondervind. Van Rooyen (1978:2) wys byvoorbeeld ten opsigte van Erica Jong se tweede roman, **How to Save your own Life**, daarop dat die hoofkarakter nie oortuig nie omdat die gevoelens wat sy ervaar en beskryf - en wat sedertdien in die meeste feministiese publikasies voorkom - *seksgesentreerd en geforseerd* is: "*Ook in die oënskynlik onskuldige boek How to Save your own Life word die leser onderwerp aan skaamtelose seksbeskrywings, masturbasie, vuil taal, betasting en beskrywing van geslagsorgane, ens. Die poging om die gevoelens van die hoofkarakter, 'n vrou, by te bring is 'n totale mislukking; die gevoelens is seksgesentreerd en geforseerd*".

Nadat die Raad aanvanklik alle publikasie verbied het wat onder feministiese literatuur ressorteer (kyk byvoorbeeld **Kinflicks** 90/81 - eerste hervoorlegging en 145/84 - tweede hervoorlegging, en **Original Sins** 83/81, beide deur Lisa Alther) kom die Raad oënskynlik tot die besef dat dit wel 'n nuwe en geldige *genré* is. Die soort probleem wat die Raad met feministiese publikasies ondervind het is ook elders in die wêreld ondervind waar feministiese publikasies as 'n bedreiging vir die bestaande patriargale orde gesien is. Burstyn (1985:25) stel dit so: "*Politicians who support the status quo play a pivotal part in the management of dissident political movements and interests. Because*

*they are committed to present institutions, they must find ways to weaken the women's movement and dilute its influence in society. Depending on circumstances and inclination, they may employ a variety of means: pure diversion is preferable; containment and cooption are a good second choice; and turning feminism against itself and repressing it, while messy, and often risky, will be undertaken if necessary".*

Die Raad los die chauvinisties-georiënteerde probleem wat hy met die *genré* self ondervind gedeeltelik op deur Marilyn French, skryfster van een van die bekendste feministiese romans, *The Women's Room* (66/81), as akademikus aan te prys in plaas daarvan dat die publikasie beoordeel word. Erica Jong, wat nie net 'n ewe hoogsgekwalfiseerde akademikus is nie, maar ook 'n hoogaangeskrewe digteres, is egter nie op dieselfde wyse 'behandel' of 'ontvang' nie. Dit lyk dus asof die Raad van die 'tegniek' gebruik gemaak het om sy eerste feministiese publikasie nie-ongewens te bevind. Die Raad het dikwels tydens ander beslissings oor feministiese publikasies na dié uitspraak verwys.

Die vereiste uitgangspunt dat dit die publikasie en nie die skrywer, uitgewer of leser is wat voor die Raad dien nie, is herhaalde kere - voor en na *The Women's Room* - deur die Raad bevestig - vergelyk onder meer Van Rooyen se woorde in **Riglyne tot Art. 47(2) Wet 42 van 1974** (wat as addendum tot saak 43/82 aangeheg is): "Dis die boek wat in die beskuldigde bank staan, nie die leser of skrywer nie." Van Rooyen (1987:107) beweert self in *Censorship in South Africa*: "*The only relevance which the author has in an inquiry under the Act is that his notoriety and standing can be taken into consideration to ascertain the likely readership and the effect which the publication would probably have on the likely reader*". Vergelyk in die verband ook onder meer die uitsprake van **Play with Fire** (17/75:9), **Key-ring holder with coloured condom impressed inside plastic block with the name Score on the outside** (143/81:3), die Penguin-publikasie, **Ten Days that Shook the World** (28/82:2), en die twee **Scope**-sake (88/83:3 en 159/83:2 - 3).

Die Raad lei naamlik sy uitspraak oor **The Women's Room** soos volg in: "**The Women's Room** by Marilyn French has undoubted literary merit, which is due largely to the writer's academic training and interests. As holder of a Harvard doctorate and writer of a critical work on James Joyce's *Ulysses* as well as of a number of scholarly articles, she obviously has a sound knowledge of what the novel as literature is. She, therefore, also belongs to a category of women novelists quite different from that in which could be grouped Iris Gower, Julia Watson, and Sandee Cohen (...). They are writers of romances (...) sickly sentimental and (...) over-fanciful. *The Women's Room*, Marilyn French's first novel, however, is an uncompromising attempt at depicting the realities of the lives, especially the married lives, of women in their relationships with men" (p. 2).

Dit is opvallend dat die 'regverdiging' nie op enige van die ander skrywende akademici, akademies-opgeleide feministe of enige ander professionele persone wat oor hulle vakgebied geskryf het, toegepas is nie - vergelyk onder meer die Raad se gesamentlike uitspraak oor **J. Stalin Works** en **VI Lenin Collected Works** (16/81 en 22/81:2) waarin onomwonde beslis is dat dit die boek is wat "*in die beskuldigdebank staan, nie die leser of die skrywer nie*". Dis duidelik dat die Raad met die roman, **The Women's Room**, se **inhoud** gesukkel het en besluit het om die roman - wat soveel opspraak verwek het en oorsee hoog deur kritici aangeslaan is - **nie-ongewens** te bevind aangesien Marilyn French self op grond van die nie-tersaaklike kennis tot hul beskikking oënskynlik **nie-ongewens** is.

#### 4.3 Nie-tersaaklike subjektiewe kommentaar

##### 4.3.1 Die uitspraak van persoonlike menings



Ten spyte daarvan dat die Raad veronderstel is om oor die publikasie as geheel òf oor bepaalde aspekte wat deur die Direkoraat aangedui word uitspraak te lewer, gebeur dit telkens dat die Raad meer as net 'n uitspraak lewer. In sulke gevalle spreek die Raad sy persoonlike mening uit oor aangeleenthede wat hoegenaamd nie tersaaklik is nie en waarvoor daar geen regverdiging binne so 'n uitspraak bestaan nie.

#### 4.3.2. Seksistiese uitsprake

In *Honky Tonk Freeway* (86/81.3) word die bankrower (wat in die Suid-Afrikaanse samelewing hoegenaamd nie as held beskou word of met goedkeuring bejeën word nie) skielik in byna liriese terme beskryf omdat hy volgens die Raad se bevinding oor 'n 'sterk sedelike gevoel' beskik: *"Ook die stelling 'I like a nice clean virgin' kan nie as ongewens beskou word nie. Dit is juis interessant dat dit uit die mond van een van die bankrowers kom. Hy en sy vriend gaan na 'n bordeel maar vind die prostitute so goedkoop en onaantreklik dat hulle die plek onverrigtersake verlaat. Hierdie stelling van die bankrower is sterk ironies gekleur. Aan die een kant is hy 'n bankrower, maar aan die ander kant het hy darem ook 'n sterk sedelike gevoel!"*.

Die Raad, wat vir die doeleindes van die uitspraak slegs uit manspersone bestaan het, se seksueel-ideologiese ingesteldheid blyk uit die goedkeuring wat aan die opmerking *"I like a nice clean virgin"* verleen word. Die Raad identifiseer so sterk met die bankrower dat sy optrede en die implikasies daarvan hulle nie net ontgaan nie, maar bowendien hul goedkeuring - met 'n uitroepteken op die koop toe - wegdra. Die feit dat hy 'n bankrower is en dat hy teen die bepalings van die Ontugwet in (waarop die Raad hom in uitsprake soos *The Dawn Comes Twice* (144/76) verlaat het) 'n besoek aan 'n bordeel gebring het, word geheel en al ignoreer omdat hy 'n seksistiese stelling maak waarmee die lede van die Raad identifiseer.


Selfs al sou 'n mens meer gewig aan die woorde *sterk ironies gekleur* verleen, blyk dit dat die bankroter se woord nie *ironies* nie, maar *sinies* is - dit beklemtoon 'n seksistiese benadering aan die kant van die lede van die Raad wat op sy beurt 'n bepaalde ideologiese ingesteldheid met 'n duidelike subjektiewe neerslag bevestig. 'n Toepassing van die feministiese literêre kritiek en meer bepaald die semio-feminisme, wat die betekenisgewende praktyke bestudeer ingevolge waarvan vroue kodifiseer en klassifiseer word, sou aan die lig bring dat die opmerking, *I like a nice clean virgin* duidelik impliseer dat daar glad nie van 'n *sterk sedelike gevoel* sprake is nie - die chauvinistiese woorde dui bloot op 'n seksistiese lewenshouding in terme waarvan die vrou as *seksuele objek* gesien word. Sodra die objek wat ook eens - en onweerlegbaar - 'n *virgin/nice clean virgin* was, *klaar gebruik/te veel gebruik* is, word sy nes 'n gebruikte en die gebruikelike voorwerp (objek) van die hand gewys.

Ina Gräbe (1986:150) stel dit so: "*Om 'n literêre teks op 'n feministiese manier te lees, is dus om die teks te dwing om sy verborge seksuele ideologie te openbaar (...). Wanneer onder ideologie verstaan word die dikwels ongeartikuleerde veronderstellings wat die werking van 'n maatskappy bepaal, dan verwys seksuele ideologie na die norme vir sosiaal aanvaarbare gedrag vir mans en vroue. Die funksie van seksuele ideologie - soos trouens dié van enige ideologie - is om die status quo te regverdig en om die magteloses te oortuig dat hul magteloosheid onvermydelik is*". Gräbe sê voorts (1986:153): "*Volgens 'n androsentriese opvatting is die manlike geslag primêr en die vroulike geslag sekondêr, terwyl alles om die man sentreer in patriargale samelewings. Die term androsentrisme word na aanleiding van die Lacaniaanse psigoanalise herdoop tot fallosentrisme*".

Die teoretiese beginsels wat *supra* uiteengesit word, is op die sin, *I like a nice clean virgin*, wat in die publikasie *Honky Tonk Freeway* voorkom, van toepassing. Daar dien daarop

gelet te word dat die Wet - en gevolglik die Raad - nie tussen die verskillende soorte media, soos byvoorbeeld of die *publikasie* 'n **rolprent, boek, pamflet, voorwerp, plaatopname, videoband, tydskrif** of **plakkaat** is onderskei nie. Die doel van bostaande toepassing is om te illustreer dat die Appèlraad hom in dié deel van die uitspraak nie met 'n objektiewe juridiese aktiwiteit besig hou nie, maar hom aan 'n subjektiewe en sterk ideologies gekleurde nie-tersaaklike seksistiese opmerking skuldig maak.

Gronau (1985:97) sê dat seksisme die vrou se vyand is en Duggan et al (1985:135) toon deur die gebruikmaking van die volgende Venn-diagram dat daar 'n duidelik skakel - en oorvleuelende gebied - tussen seksisme, seksueel eksplisiete materiaal en geweld is. Binne die gebied waar seksisme, seksueel eksplisiete materiaal en geweld oorvleuel, word die gebied van die pornografie betree.



Alhoewel die dialoogstuk uit *Honky Tonk Freeway* (86/81), naamlik "*I like a nice clean virgin*", nie ongetwyfeld 'n pornografiese inhoud het nie, dien die semantiese inhoud en

die seksistiese vertolking daarvan as duidelike aanduiding van die bankrower en die Raad se **houding** teenoor die vrou as seksuele objek. Sy word dus as objek of gebruiksartikel ervaar en nie as seksuele subjek nie. Gegewe die feit dat die seksistiese siening van die vrou as seksuele gebruiksubjek een van die elemente van pornografie is tesame met die feit dat die bankrower (en by implikasie die Raad wat sy goedkeuring in dié verband uitspreek) die prostitute (wat ook eens *nice clean virgins* was) verwerp en 'n voorkeur vir 'n *nice clean virgin* (wat op haar beurt in 'n verwerplike prostituut omskep word nadat sy haar *nice clean virginity* verloor het) uitspreek, is Susan Griffin (1982:22) se bevinding tersaaklik: *"Over and over again, the pornographer's triumph, the pièce de résistance in his fantasy, occurs when he turns the virgin into a whore"*.

Te oordeel aan die tersaaklike uitsprake, het die Raad 'n vreemde en seksistiese siening van die vrou in die algemeen. Soms word sy as seksuele objek gesien en soms word sy as iets fyns en broos gesien - as iets wat teen die ongewone, nie-tradisionele en vreemde beskerm moet word - vergelyk byvoorbeeld die uitspraak oor **Below the Belt** (63/82:4) waarin die kern van die beslissing om die feit draai dat rofstoei tussen vroue *nie 'n erkende sportsoort* in Suid-Afrika is nie, dat dit daarom die redelike Suid-Afrikaanse kyker se verdraagsaamheidsgrense sal oorskry, en dat dit as gevolg van die gewelddadige, fisieke aanranding van mekaar ongewens is: *"... all-in wrestling by women is not a recognised form of sport in South Africa (...) that public wrestling matches by women are an abhorrent phenomenon, which is not tolerated in South Africa (...) presents the image and the physical form of women in a manner that cannot be reconciled with the regard and the respect that the average South African has for women"*.

#### 4.3.3 Polities-ideologiese uitsprake

In die uitspraak oor **This We Can Do for Justice and for Peace** (155/81.3) word daar gesê: *"Like most political pleas, this one is, of course, also biased in favour of the cause of*

*those who are said to be suffering. The case is often overstated, and nothing positive is said about what is being done for the benefit of the blacks in the cities and the development of the Homelands".* Die Raadslede se politieke oortuigings - en gevolglik hul ideologiese oorredinge - blyk by monde van die Van Rooyen-uitspraak uit die nie-tersaaklike dog uiters emotiewe gebruik van die woorde "*of course*" en dan weer uit die hele laaste sin wat aanvallend en tereg wysend van aard is. Die soort kommentaar laat die vermoede ontstaan dat die Raad ten gunste van die huidige politieke bestel is en nie kan aanvaar dat swartes nie net so positief ingestel is as wat die lede van die Raad in dié opsig is nie. Die woorde kom op die volgende (onuitgesproke) aantyging neer: *Kyk hoe baie doen ons vir julle en kyk hoe ondankbaar is julle.*

Die Raad se reaksie getuig van 'n sensitiwiteit omdat die rolprent die apartheidsbestel aanval en 'n ander stelsel, 'n ander alternatief, 'n ander werkswyse aan die hand doen. Die Raad se reaksie kan duidelik aan die hand van Giliomee se woorde begryp word. Giliomee (1980:43) sê dat die Suid-Afrikaanse politiek op so 'n wyse struktureer is dat dit Afrikanermag verskans het. "*Met hierdie doel voor oë is die apartheidsbeleid ontplooi vanuit die grondstelling dat die Suid-Afrikaanse samelewing nie uit individue, rasse of klasse bestaan nie, maar uit verskillende etniese groepe wat elkeen oor sy eie aangeleenthede moes regeer*".

In die uitspraak oor Saamstaan Vol 2 Nr 4 vir Julie 1985 (171/85:3) beslis die Raad by monde van Malherbe soos volg: "*Enigiemand met verstand sal besef dat hierdie een van die baie gevalle was waar die huise van swart polisiemanne aangeval is met die doel om dit af te brand, maar in hierdie geval het die Polisie vermoedelik vooraf inligting daaromtrent gekry en die aanval is gefnuik. Soos in so baie gevalle van hierdie aard is dit duidelik dat jong kinders gebruik was om die vuil werk te doen. Die Raad dra nie kennis van die besondere geval nie en kan nie oordeel of die Polisie se teenoptrede geregverdig was al dan*

nie. Dit is sekerlik te betreur dat kinders van 13 tot 14 jaar die slagoffers was". Dit blyk dat die Raad die berig in die koerant waarom die uitspraak draai, vertolk het. Die woorde *vermoedelik, is dit duidelik en dra nie kennis (...) nie*, getuig daarvan dat die Raad hom in dié stadium nie meer by die publikasie voor hom bepaal nie, maar met 'n emotiewe 'visvangekspedisie' rondom die publikasie heen besig is - vergelyk hier ook die woorde *aanval (...) gefnuik en vuil werk* waaruit die Raad se veroordelende houding - wat nie op die publikasie betrekking het nie, maar op sy eie vertolking van dit wat hy dink gebeur het - blyk.

#### 4.3.4 Persoonlike goedkeuring uitgespreek

Die Raad spreek sy nie-tersaaklike en ongevraagde waardering by monde van mnr. J.J. Malherbe in die uitspraak oor *Varsity* Vol 41 No 6 (86/82:3) uit wanneer hy die blad vir die regse en positiewe politieke instelling, wat uit een van die briewe in die blad blyk en wat met dié van die Raad (indien nie net met Malherbe se persoonlike politieke opvattinge nie) ooreenstem, prys: "*It is good to see such sentiments being aired in a student publication from a university, generally regarded as being attended mainly by students of radical leftist tendencies*". Malherbe spreek ook in die uitspraak oor *Breaking Away* (104/82) 'n hoogs persoonlike mening en sy waardering uit. Die waardering het oënskynlik nie enige direkte en beslis geen duidelik aantoonbare rol in die beslissing dat die rolprent nie-ongewens is, gespeel nie, maar die moontlikheid dat dit wel 'n rol gespeel het, kan nie buite rekening gelaat word nie aangesien dit die lede van die Raad opsigtelik positief teenoor die publikasie gestem het: "*It is indeed refreshing, for a change, to view a film about ordinary decent young people, a film devoid of violence, of twisted characters, drug-taking, alcohol abuse or sexual entanglements*".

Vergelyk hier ook die Van Rooyen-uitspraak in **Honky Tonk Freeway** (86/81) wat in dié hoofstuk onder 4.3.2 bespreek word en die Van Rooyen-uitspraak in **Once is not Enough** (36/75) wat in die hoofstuk onder 4.5.4 bespreek word.

#### 4.3.5 Persoonlike afkeur uitgespreek

Van Rooyen beslis in **What Makes a Man Good in Bed** (111/81:3) na aanleiding van die rolprentster, Oliver Tobias, se 'belydenis' dat hy by enige vrou van sy keuse kan slaap, (maar dat dit vir hom nie om seksuele oorwinnings gaan nie omdat hy daarin glo om vir die liefde te wag) dat Tobias nie weet waarvan hy praat nie: *"It is open to speculation whether he is not perhaps confusing love with lust. He goes on to say that he has found the correct woman probably four times in his life, but it is clear that in order to find those four he must have had sexual intercourse with hundreds, perhaps thousands"*. In plaas daarvan dat Van Rooyen hom by die publikasie bepaal, spekuleer hy oor die aantal vroue met wie Tobias volgens sy (Van Rooyen se) oordeel geslagsomgang gehad het. Die besonderhede verskyn nie in die publikasie nie, dien dus nie voor die Raad nie, en is gevolglik hoegenaamd nie 'n faktor by die bevinding of die publikasie ongewens of nie-ongewens is nie.

Dat die Raad polities bewus is en dat die bewussyn sy uitsprake beïnvloed, blyk uit die Malherbe-uitspraak oor **Saspu National Vol 3 No 1** (61/82:4): *"Die dood van persone in aanhouding is iets wat kommer wek: dit veroorsaak uiters ongunstige publisiteit vir ons land in die buiteland, en dit is onvermydelik dat dit binnelands aansienlik kommentaar sal uitlok"*.

In die hervooreleggingsuitspraak oor die rolprent, **Warriors** (216/85), waarop slegs drie lede, naamlik Van Rooyen, Malherbe en ds. P.R. van der Merwe sitting gehad het, beslis

die Raad (met twee teen een) dat die rolprent nie-ongewens is. Malherbe, wat die rolprent ongewens bevind het, beslis dat die rolprent 'n nadelige uitwerking op die kyker kan hê aangesien dit hom sal aanspoor om die reg in eie hande te neem: *"Dit moet alles gekoppel word aan die einde van die film waar die reg in eie hande geneem word en daar korte mette met die moordenaar gemaak word. In dié verband word daar gedink aan sogenaamde People's Courts wat 'n onding in enige samelewing vorm. Ek is van mening dat dit moontlik sou kon bydra tot die vorming van sodanige 'courts'"* (p.9). Die derde lid van die Raad, ds. Van der Merwe, stem egter met die voorsitter saam dat die rolprent nie-ongewens is, maar sy afsonderlike aanhangsel tot die uitspraak en wat dus deel van die hoofuitspraak self is, getuig, nes dié van Malherbe, van 'n intens persoonlike afleiding waarin daar van objektiwiteit en juridiese werking geen sprake is nie. Waar Malherbe die ergste vrees, spreek Van der Merwe sy innige simpatie en meegevoel met die karakters in die rolprent - wat gewoon fiksie is - op p. 10 uit: *"Ek kon nie anders as om aan die leegheid van die lewe van die jong mense wat by sulke bendes aansluit te dink nie. Wie ken die verveling, die frustrasie waarin jong seuns verval in groot stede waar hulle vanweë baie redes die gewone regte en voorregte ontsê is. Arm kinders, weeskinders sonder huise, kinders sonder ouerlike opvoeding en belangstelling en seker ook deur ouers-bederwe kinders. Daar moet tog 'n rede voor wees. Ek meen dat verveling en doelloosheid en die feit dat jy jouself niks meer as 'n nommer ervaar nie, een van die hooforsake is dat jong mense hulself in bendes organiseer - en by bendes werk die massa-sielkunde altyd. En heelwat hiervan word sigbaar in hierdie film. Die film het vir my ook dokumentêre waarde gehad"*.

Op p. 2 van die uitspraak word spesifiseer dat daar doelbewus en vooraf bepaal is dat slegs drie persone tydens die hervorleggingsverhoor in die Raad sou sitting hê: *"In the interests of justice it was also decided that, except for the Chairman and the Deputy Chairman, who are trained lawyers, the other members would not sit in on the case during*



*its review. The only remaining member, the Reverend PR van der Merwe, was asked to join the Chairman and the Deputy Chairman for the review of the matter".* Die blote feit dat 'n lid van die Raad onder toesig van twee *'trained lawyers'* so kan dwaal dat hy 'n werk van suiwer fiksie as 'n publikasie beskou wat vir hom persoonlik *'dokumentêre waarde'* het, lewer bewys daarvan dat die lede van die Raad toegelaat word om hul **persoonlike menings vryelik uit te spreek** en die menings as deel van 'n uitspraak wat regsrag het - en wat veronderstel is om op regsbeginsels te berus - voor te lê **sonder** dat daar enigszins aangedui word dat die twee *'trained lawyers'* so 'n lid tereggewys het en sonder dat daar enige teken daarvan is dat die intens persoonlike vertolkings op grond van die subjektiwiteit daarvan bevraagteken of verwerp word.

#### 4.4. Nie-juridiese woordkeuse

Van Rooyen sê in die *Inleiding tot Censorship in South Africa* (1987:1): *"This means that sound objective reasons must be given before legal intervention may take place"*. Dit beteken dat die redes wat vir die verbod in die uitspraak verstrekkend word nie net regsgeldig moet wees nie, maar dat dit bowendien **objektief** moet wees.

In die uitspraak oor Robert Levine se boek, *Rising Sons* (88/82) praat die Raad egter van 'n *"revolting fellatio scene"* (p. 2). Die gebruik van die woord *revolting* dui op 'n persoonlike waardeoordeel, 'n persoonlike afkeur wat 'n bepaalde subjektiewe lewenshouding weerspieël. Die Raad reageer hierna op sterk **emosionele** wyse op die publikasie: *"The book has limited literary merit and is intended for popular readership; its language is coarse, crude but not gripping"* (p.2). Wat beteken die uitdrukking dat die taal nie *gripping* is nie? Wanneer is taal *gripping* en wanneer nie? Die woord word hier bloot in die vorm van 'n **pejoratiewe emosionele uiting** gebruik - dit is van betekenis ontdaan. Wanneer die uitspraak later soos volg lees, is dit nie duidelik of Van Rooyen namens die Raad

praat en of hy net van die uitspraak gebruik maak as voertuig waardeur hy sy persoonlike mening en afkeur kan uitspreek nie: "*Having read the book, I cannot be said to have enjoyed it. It is a depraved (sic) life which it describes. Its language is hard and brutal at times, well in keeping with the vicious and shocking scenes which it portrays. This is a borderline case, and I would place it on the wrong side of the border*" (p.3).

Die gebruik van die woorde "*these trashy little books*" in *Cry for Vengeance* (120/82) en *Blood Debt* (124/82), en die uitspraak dat *Fyre* (226/84) 'n *boring film* is, of dat die rolprent *The Trial of Billy Jack* (247/84) "te vervelig, te langdradig en te onsamehangend is", getuig van subjektiewe uitsprake waarin die waarskynlike leser/kyker nie as faktor in ag geneem word nie. Die uitspraak berus suiwer op wat die Raad in sy persoonlike hoedanigheid en nie in sy juridiese hoedanigheid nie dink en voel.

#### 4.5 Morele uitsprake

Die Raad huiwer ook nie om morele uitsprake te lewer waarin kommentaar op die morele sedes van die gemeenskap gelewer word nie. Die kommentaar is hoegenaamd nie tersaaklik in die bepaling daarvan of 'n publikasie ongewens is of nie. Dit het geen betrekking op die sogenaamde juridiese werkswyse wat die Raad hom aanvanklik ten doel gestel het nie. Volgens 'n brief wat Snyman op 2 Oktober 1979 geskryf het en wat deur Louise Silver (1980:127-128) aangehaal word, probeer die Raad vasstel wat die openbare sedes is wat hy moet beskerm. Volgens Snyman maak die Appèlraad in Suid-Afrika gebruik van "*its own knowledge and experience in deciding what the 'public morals' are. It makes use of whatever other information is available to it through the Press and books; also statements by politicians, religious leaders, academics, social workers, etc. It also has regard to the standards applied by the SABC and the Press*".

Die morele uitsprake kan in drie onderafdelings verdeel word, naamlik:

#### 4.5.1 Blote kommentaar waarin afkeur uitgespreek word

In *Kaya* (48/82:74) verwys die Raad na sy uitspraak in *Fight it out, Work it out, Love it out* (86/80) en sê dat "*dit te betreur is dat hierdie verdowingsmiddels deur skynbaar opgevoede en beskaafde mense gebruik word*" terwyl hy in *What Makes a Man Good in Bed* (111/81:9) die hoop uitspreek dat 'n hedonistiese lewensbeskouing nie 'n beskouing is wat deur die meerderheid Suid-Afrikaners onderskryf of aangehang word nie. In *Once is not Enough* (37/75:7) spreek die Raad sy afkeur uit oor 'n toneel waarin 'n swart huishoudster deur haar blanke werkgewer die badkamer binnegenooi word om met hom te gesels terwyl hy in die badkamer is. Die Raad bevind dat die toneel ongewens is as gevolg van die normaliteit waarmee dit behandel word en nie omdat daar enige sprake van 'n naaktoneel is nie. Die naaktheid bestaan - nes die bevinding dat Tobias by duisende vroue geslaap het (p.23) - slegs in die Raad se verbeelding: "*Undressing in front of a woman, to whom one is not married, is viewed as immoral by the average South African community (...). Although the nudity in this scene not being visible (...) is (...)an example of a disrespectful treatment of nudity*".

Die Raad maak van baie sterk emosionele taal in sy uitspraak oor Robert Levine se roman, *Rising Sons* (88/82:2) gebruik om sy morele afkeur uit te spreek: "*There is no redeeming feature in any one of the five brothers; they are unreasoning animals, filthy, infested with vermin, savage, and have none of the Christian virtues, no love for anyone and no compassion for man or beast*". Sterker kon dit seker nie gestel word nie. Dat die Raad bedoel het dat die uitspraak 'n moralistiese uitspraak moes wees, blyk uit die opsomming wat die uitspraak voorafgaan: "*A revolting story, offensive to the morals of any reasonable man and offensive to the principles of the average Christian*". Die Raad werk

egter in die uitspraak self nie met die sogenaamde **redelike man** nie, maar met die **ordinary reasonable man** (p. 3).

#### 4.5.2 Publikasies wat 'n bydrae tot moraliteit kan lewer

In **From the Life of the Marionettes** (51/81:4) word bevind dat die rolprent se tema nie net insig in die besondere soort karakter se huwelikslewe sal bied nie, maar "*dat dit op die ou end tog 'n bydrae maak tot betere begrip van die huwelik en selfs 'n bydrae maak tot moraliteit*". Alhoewel dit aanvanklik lyk asof die Raad in **Young Doctors in Love** (107/82:2-3) van standpunt verander het, blyk dit later dat die nie die geval is nie: "*Verder is dit nie die taak van 'n rolprent om 'n morele voorbeeld vir die gemeenskap te stel nie. (...) Die feit dat stof 'n morele boodskap het is natuurlik 'n positiewe aspek by die beoordeling van daardie stof*".

#### 4.5.3 Publikasies waaruit die Raad se morele standpunt teenoor voorhuwelikse geslagsomgang blyk.

Die Raad se standpunt ten opsigte van voorhuwelikse en buite-egtelike geslagsomgang blyk duidelik uit sy beslissing van die filmweergawe van Neil Simon se drama, **I Ought To Be in The Pictures** (74/82): "*Daar word besef dat binne die Amerikaanse en Europese milieu buite-egtelikheid al hoe meer voorkom en dat voor-huwelikse seks vir baie persone in hierdie lande nie immoreel is nie. In Suid-Afrika is dit egter van groot belang*". Die Raad huldig die standpunt nie net ten opsigte van jeugdige of adolessente (**Passion Flower Hotel** 121/81:2, **What Makes a Man Good in Bed** 111/81:9 en 111/81:11, en **What are you using** 108/82:2) nie, maar ook ten opsigte van volwassenes - vergelyk **Lace** (58/83) deur Shirley Conran: "*This book is directed at adults, and although the extra-marital sex in it is described as normal and natural, the adult reader would judge the extra-marital sex*

*within the particular circumstances described in the novel and not identify himself or herself with the characters" (my beklemtoning).*

Alhoewel die Raad dus normaalweg die puriteinse minderheid se opvatting voorstaan dat voorhuwelikse en buite-egtlike geslagsgemeenskap vir die deursnee Suid-Afrikaner onaanvaarbaar is, kon hy dié ingesteldheid nie ten opsigte van **Lady Chatterley's Lover** (100/81:11-12) wat hy nie-ongewens wou bevind, handhaaf nie. Na lang argumentasie is beslis dat "*die owerspel van Connie slegs die raamwerk is waarbinne 'n intense menslike tragedie hom afspeel*" en dat Connie se "*situasie uniek is*".

Na die Chatterley-uitspraak, maak die Raad egter in die uitspraak oor **Cosmopolitan** (136/82:4) 'n toewyding dat nie almal in Suid-Afrika ewe eng is nie, maar dring tog - en sonder enige bewysvoering daarvoor - daarop aan dat die *meerderheid* Suid-Afrikaners konserwatief is wat dié aangeleentheid betref. Deur van die term **meerderheid** gebruik te maak, bedoel die Raad by implikasie seker net die meerderheid **Afrikaanssprekende blankes** - vergelyk hier byvoorbeeld die opname wat deur **Fair Lady** gedoen en onder die titel van **Sex and the South African Woman** deur Louise Olivier (1987) publiseer is. Die Raad beslis naamlik soos volg: "*Although many South Africans today believe that extra-marital or pre-marital sex is no longer immoral, the majority of South Africans regard these practices as immoral*".

Hoe puriteins-chauvinisties die Raad ingestel is, blyk uit die feit dat vrouekarakters se woorde in feministiese publikasies soos **Original Sins** (83/81:3) vir die Raad onaanvaarbaar is. Die vrou se ervaring dat die huwelik a "*penal institution*" is en dat die vrou soos 'n masjien deur haar man gebruik word, lei tot die volgende beslissing waardeur die Raad duidelik laat blyk dat hy (ook in dié geval het slegs mans oor die publikasie besluit) die vrou se ervaring van 'n chauvinisties-georiënteerde huwelik wat mities gesproke 'n

ideale situasie verteenwoordig, maar in werklikheid, uit 'n feministiese oogpunt gesien, op die onderdrukking van die vrou neerkom, onaanvaarbaar vind omdat die verhoudings wat in die publikasie voorkom - en uit die aard van die bestaande seksistiese sosiale opset en indoktrinasie ongebalanseerd is - nie in 'n positiewe lig gestel word nie: "*An aggravating aspect is that none of the sexual relationships in the novel, both the marital and non-marital, are presented in a favourable light*" (p.8). Dieselfde subjektiewe en afkeurende houding blyk ook uit 'n vroeër uitspraak, naamlik **The Women's Room** (66/81:3) waarin die Raad sê: "*The reader, especially the male reader, cannot help feeling that Marilyn French has stacked her own pack of cards unfairly, by presenting a too one-sided picture*".

Die eensydigheid waarna verwys word, kom daarop neer dat die Raad nie bereid is om te aanvaar dat elke saak twee kante het nie of dat dit wat in **The Women's Room** uitgebeeld word, onmoontlik waar kan wees. Gronau (1985:96) stel dit so: "*Feminists studying the culture of male-dominated society have also tried to understand how and why women have been excluded from the cultural process for so long. We came to realize that we have lacked a voice; that we have been (...) prevented from speaking (...). Many of our experiences have existed too long in the realm beyond words. Our sexuality is a prime example of this voicelessness. Generations of women, unable to express their sexual desires - indeed prohibited from doing so - have had to endure unsatisfying, if not painful, sexual relations. Even today we are still regarded more readily as sexual objects than as sexual 'subjects'*".

Sodra die feministiese kant van die saak gestel word, is dit eensydig, maar terwyl tradisionele, dit wil sê, die patriargale en seksistiese kant van die saak - waarin daar nie ruimte vir die vrou se ervaring is indien dit enigszins afwyk of verskil van die tradisionele siening nie en wat gevolglik nie net eensydig is nie, maar bowendien op 'n sosiale mite

berus - gestel word, word dit deur die Raad as 'n gebalanseerde weerspieëling van die werklikheid voorgelou.

#### 4.5.4. Enkele uitsondering in vroeë uitspraak

Die enigste uitsondering wat op die Raad se andersins puriteinse benadering tot voorhuwelikse of buite-egtelike geslagsomgang bestaan, kom in 'n vroeë beslissing onder voorsitterskap van Snyman in die uitspraak oor **Once is not Enough** (36/75:4) voor. Die jong January, 'n filmmaker se dogter, ontmoet 'n man wat veel ouer as sy is en gaan 'n verhouding met hom aan: "*January has an extra-marital relationship with Tom, who is a middle-aged, married man. She solves his problem of impotency which is nothing immoral. She loves him and he probably loves her as well*". Dit blyk uit die betrokke uitspraak - waarin Snyman se uitspraak 'n minderheidsbeslissing was wat die rolprent ongewens bevind het - dat dit nie saak maak indien dit 'n **jong vrou** is wat 'n buite-egtelike verhouding met 'n **getroude** man aanknoop indien sy sy impotensie kan genees nie. Wanneer die Raad egter in die lig van die hele verhaal - wat deur oppervlakkige seksuele verhoudings gekenmerk word - beslis dat *she loves him*, word inlegkunde gepleeg om die buite-egtelike verhouding goed te praat. Dat die Raad geweldig baie simpatie met Tom en sy probleem het, is duidelik. Wanneer die Raad egter spekuleer dat *he probably loves her as well*, is dit baie duidelik dat die Raad iets wat andersins afgekeur word, probeer regverdig deur dit sonder enige gronde te romantiseer sodat dit algemeen aanvaarbaar sal wees.

## 4.6 Chauvinisties-georiënteerde beslissings

### 4.6.1 Verteenwoordig 'n manlike siening

Met die begrip **chauvinisties-georiënteerde beslissings** word bedoel dat die beslissings nie aan die hand van objektiewe, juridiese maatstawwe bereik word nie, maar dat dit subjektief gekleur is in die opsig dat dit 'n manlike siening of standpunt verteenwoordig. Dit beteken dat die beslissings uit die aard van die saak eensydig is aangesien dit nie 'n gebalanseerde (verteenwoordigend van beide die manlike en vroulike standpunte) standpunt of benadering verteenwoordig nie. 'n Mens sou eweneens kon betoog dat die meeste uitsprake verteenwoordigend van die **blanke Afrikaanse standpunt** is en dat ander rassegroepe se oortuigings, gevoelens en standpunte nie in ag geneem word nie tensy dit uitdruklik uit die betrokke publikasie blyk dat die teikengroep lesers/kykers van 'n ander rasse- of godsdienstige groep is.

#### 4.6.2 Prostituering van die vrou se liggaam

In die uitspraak oor *Stag* (98/82:2) verwys die Raad opsommend na die beswaar soos dit deur die Direkoraat aangeteken is: "*Oor die algemeen voer die Direkoraat verder aan dat daar nie omstandighede is wat die prostituering van die vroulike liggaam in 'n publikasie van hierdie gehalte regverdig nie en vra dat die Appèlraad (...) die publikasie ongewens bevind*".

Alhoewel dit nie die Raad se woorde is nie, is dit nogtans deel van die uitspraak aangesien dit die redes bevat waarom die Direkoraat om 'n ongewensheidsbevinding vra. Die Raad, waarop drie mans (en geen vroue nie) sitting gehad het, ignoreer die Direkoraat se verwysing na die *prostituering van die vroulike liggaam* en beslis in terme van sy beleid ten opsigte van naaktheid en semi-naaktheid in populêre tydskrifte dat die tydskrif nie-ongewens is.

Die beginsel wat deur Diamond (1985:42) met betrekking tot pornografie uiteengesit word, is ook in dié verband geldig. Dit is egter op 'n ander punt van die kontinuum sek-



suele uitbuiting en misbruik van die vroueliggaam van toepassing: *"Pornography both directly exploits and indirectly exerts power over women. In the cutthroat and often coercive business they do not control, women are the critical raw material that is exchanged and moulded. Not only do the images portray real women, but the finished product, which shows men symbolically controlling women during sex (either directly or through repeated scenarios of acquiescence and service), is then sold to men so that they can reassure themselves that they remain in positions of power socially and sexually".* Diamond (1985:57) stel later dié vraag: *"Does the male viewer reinterpret even positive images of women through oppressive conventions by, for axample, assuming that any naked woman is available"?*

Die antwoord op Diamond se retoriese vraag word deur Holbrook (1973:179-180) verstrekk wanneer hy daarop wys dat die uitbeelding van die naakte vroueliggaam in twee kategorieë val, naamlik in die kultureel-religieuse kategorie waar dit om 'n simbool en nie om seksualiteit nie gaan, en in die kommersiële kategorie waar die uitbeelding van die naakte vrou *"is very cleverly detached from humanness. The breast is displayed apart from the body: the girl's face often has a somewhat blank schizoid expression, with all the human qualities drained from it. Or it tends to be glossy, bright, smiling, and hopeful, in ways technology makes possible".* Holbrook wys daarop dat die beeld van die vrou wat aldus geskep word, meebring dat sy deels as objek gesien word, en dat die relasie wat tussen die waarnemer en die beeld geskep word 'n objek-relasie is wat van gevoelsinhoud ontdaan is: *"... it is not bound up with a whole human being so it does not remind us of our emotional problems, or burden us with responsibility. We can just 'take' it with our eyes and, as we shall see, there is a good deal of 'rape' in this, and an essential cruelty. (It reduces women to the humiliated level of the Bunny Girl plaything)".* Hy wys verder daarop dat die verbruiker van so 'n objek op die objek (as foto en as vrou-as-objek) teer en dat hy dit gebruik soos wat hy enige ander gebruiksartikel in sy hoedanigheid as verbruiker sal verbruik.

Die Raad bevind dat die publikasie - Stag (98/82) - op die "manlike mark" gemik is, maar dat dit 'n breë leserspubliek (wat volgens dié bewoording nie uit net 'n ongediferensieerde mark bestaan nie) sal hê: "*in die openbaar vir doeleindes van verspreiding uitgestal word, en dus in die mate die breë publiek as kykerskring het*" (p. 2).

Die Raad beslis voorts dat "*redes nie uit die lug gegryp (kan) word vir ongewenstheid nie*" en dat 'n "*bevinding van ongewenstheid nie maklik op die kumulatiewe effek van sodanige foto's*" gegrond kan word nie aangesien die kumulatiewe effek iets is "*wat moeilik objektief bepaalbaar is*" (p. 4). Dit bring mee dat daar vasgestel moet word of die "*redelike ewewigtige lid van die Suid-Afrikaanse gemeenskap die stof sal verdra*" (p. 4).

Terwyl dit heeltemal korrek is dat die Raad in terme van sy beleid ten opsigte van naaktheid en semi-naaktheid in tydskrifte beslis, is dit vreemd dat hy geen kommentaar op die Direktoraat se betoog lewer dat "*daar nie omstandighede is wat die prostituering van die vroulike liggaam in 'n publikasie van hierdie gehalte regverdig nie*". Dit laat die vraag ontstaan of die Raad dit bevestig dat die vroulike liggaam wel in publikasies prostitueer word en dat dit onder "sekere omstandighede" aanvaarbaar, dit wil sê, geregverdig is terwyl dit in ander gevalle nie geregverdig is nie. Indien dit wel die geval is, ontstaan die vraag of die prostituering van die vroulike liggaam ooit - uit enige ander standpunt as die van die ideologies-chauvinistiese - geregverdig is.

#### 4.6.3 Die "privaatheid van die vroulike liggaam"

Terwyl die Raad male sonder tal, soos byvoorbeeld in **Perfect Nude Photography**, (85/82:2) na die "*privaatheid*" van die vroulike liggaam verwys, word verskeie publikasies volgens die uitsprake en volgens Van Rooyen (1987:61) in die sogenaamde *girlie-*

*magazines toegelaat wanneer "female nipples and pubic area are covered with stars by editors so as to stay within the limits of the law". Hy sê egter ook (1987:60): "It would probably not be wrong to conclude that the presentation of pubis and genital nudity would more readily be found to be undesirable than female breast nudity".*

Al is Van Rooyen die mening toegedaan dat die Raad meer geredelik tot 'n ongewenstheidsbevinding sal geraak indien die pubis of genitalia sigbaar of ter sprake is, beslis die Raad na aanleiding van die buiteblad - waarop "*die meisie haar arm oor haar borste hou*" (137/81:5) - egter soos volg in die uitspraak oor **Scope** (137/81:6): "*In dié verband moet ook in ag geneem word dat hier 'n breë gemeenskap is en dat die verdraagsaamheidsgraad van die verskillende dele van die bevolking geweldig van mekaar verskil*". Die uitspraak impliseer dat die Raad daarvan bewus is dat verskillende grade van verdraagsaamheid in die verskillende dele van die bevolking voorkom, maar dat die Raad sy eie maatstaf toepas, dit wil sê, dat die graad van verdraagsaamheid van die bevolkingsgroep waarmee die Raad vertrou is (blank, waarskynlik Afrikaans, soos vermoedelik weerspieël deur diegene wat lid is van die betrokke bevolkingsgroep en in Pretoria woonagtig is), toegepas word ter uitsluiting van die graad van verdraagsaamheid wat in die ander bevolkingsgroepe gepeil sou kon word.

Die uitspraak oor **Perfect Nude Photography** (85/28) skep enkele probleme aangesien dit nie altyd duidelik is presies wat die Raad alles by 'n term insluit nie. Die Raad praat byvoorbeeld op p. 2 van die "*privaatheid van die vroulike liggaam*" en wys daarop dat 'n publikasie ongewens sal wees indien daar op 'n blatant skaamtelose wyse daarop inbreuk gemaak word. Aangesien daar geen aanduiding is van wat presies met die begrip blatant bedoel word nie, is dit ook nie moontlik om te weet wanneer die publikasie op blatante skaamtelose wyse op die privaatheid waarna verwys is, inbreuk maak en wanneer dit slegs op skaamtelose wyse inbreuk maak nie.

Van Rooyen se uiteensetting in Riglyne tot Artikel 47(2) van 1974 (1984:34) werp ook nie veel lig op die saak nie: "*Die kern van die saak is dat daar steeds gewerk moet word met begrippe soos 'blatante skaamteloosheid' (wat omskrywende woorde is vir 'onbetaamlik of onweloweglik') of 'walglik' of 'weersinwekkend' (wat omskrywende woorde vir 'aanstootlik' is)*". Indien die riglyn woordeliks toegepas sou word, sou geen publikasie wat bloot op 'skaamtelose wyse' op die privaatheid van die vroulike liggaam inbreuk maak, ongewens wees nie - dit sal eers op 'blatante' skaamtelose wyse daarop moet inbreuk maak voordat dit 'onbetaamlik' of 'onweloweglik' sal wees. Indien die woord **blatant** die sleutel tot 'n bevinding van ongewens of nie-ongewens is, is dit noodsaaklik om die woord se presiese semantiese inhoud te bepaal. Volgens die **Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal** (1979), Bosman, Van der Merwe en Hiemstra se **Tweetalige Woordeboek** (1984) en **Woordeboek van die Afrikaanse Taal** (1970) bestaan daar egter nie so 'n woord soos blatant in Afrikaans nie. Volgens Webster (1971:84) bestaan die woord blatant wel in Engels en beteken dit "*bellowing, bawling, noisy*" terwyl die lemma volgens Funk & Wagnells (1974:144) soos volg omskryf word: "*1. Loud or noisy; offensively loud or clamorous. 2. Making a bellowing or bleating noise: said of animals. 3. Tumid; pretentious; obtrusive.*" Die enigste afleiding wat uit die omskrywings gemaak kan word, is dat die Raad *vermoedelik* met die betekenisnuanse obtrusive werk. As dit die geval is, werk die Raad met 'n relatiewe begrip en hang die toepassing daarvan van die toepasser af - gevolglik is so 'n toepassing en die bevinding waartoe op grond daarvan geraak word, subjektief.

Dit is ook nie duidelik wat die verband tussen die gebruik van die begrip privaatheid van die vroulike liggaam en die uitspraak is nie aangesien die uitspraak - terwyl dit met die maatstaf *die privaatheid van die vroulike liggaam* werk - bevind dat 'n ander maatstaf ook tersaaklik is, naamlik dat die publikasie op ernstige en deskundige wyse uitdrukking

gee "aan die vloeiende lyne, die ewewig, die skoonheid en misterie van die vroulike liggaam" (p. 2). Dit is nie duidelik waar die grens tussen **privaatheid en openbare besit** (vir diegene wat ouer as 18 is) is nie. Dit is ook nie duidelik hoe iets wat in die breë gesproke en uit beginsel (soos deur die Raad formuleer) **privaat** is, *skielik nie meer privaat is nie*. Wanneer die Raad tot die gevolgtrekking kom dat daar geen sprake kan wees "van oneerbiedige behandeling van die vroulike liggaam nie", is dit nie duidelik of die privaathed waarvan vroeër melding gemaak is, opgehef word wanneer die vroulike liggaam op eerbiedige wyse fotografeer word nie. Indien dit die geval is, is dit nie duidelik waar die grense tussen **eerbiedig** en **oneerbiedig** lê nie. So 'n afbakening sal uit die aard van die saak uiters subjektief wees.

#### 4.6.4 Sekere begrippe word los gebruik

Die uitspraak oor **Scope** (149/81:7) dui daarop dat die Raad betreklik los met die begrippe blatante skaamteloosheid en vulgêr of in swak smaak omgaan. "... *verskyn (...)* 'n foto van 'n vrou met 'n deurskynende bostuk aan en 'n onderste gedeelte wat ook maar besonder skraps is. Indien hierdie foto enigsins groter was, sou 'n bevinding van blatante skaamteloosheid besonder gepas gewees het. In die huidige vorm kan dit as besonder swak smaak en vulgêr beskou word". Dit blyk uit dié uitspraak dat die Raad nie duidelikheid het oor wanneer iets **blatant skaamteloos**, **skaamteloos**, **vulgêr** of **in swak smaak** is nie. Dit beteken dat daar nie duidelike of selfs aantoonbare grense tussen die begrippe is nie en dat daar op subjektiewe wyse besluit word in watter kategorie so 'n naakfoto of semi-naakfoto - of selfs net suggestiewe foto - val. Dit gaan vir die Raad eerder om die foto se grootte as wat dit om die duidelike omskrywing van die begrippe, waarmee hy deurgaans werk, gaan. Die foto se grootte bepaal egter nie net in watter kategorie dit geplaas moet word nie, maar ontlok bowendien **emosionele kommentaar** - vergelyk die woorde "*besonder gepas gewees het*", wat daarop dui dat 'n bevinding van ongewenstheid

nie net subjektief sou wees nie, maar dat dit bowendien 'n duidelik emosioneel ingeklede bevinding sou wees.

#### 4.6.5 Handhawing van die seksistiese *status quo*

Die Raad se uitspraak in **Perfect Nude Photography (85/28)** skep die indruk dat die "privaatheid van die vroulike liggaam" en die "blatant skaamtelose behandeling daarvan" asook die feit dat 'n "ernstige en wetenskaplike" fotografering daarvan van 'n gewone fotografering daarvan onderskei moet word. Die Raad skep dus die indruk dat hy die naakte of semi-naakte vroulike liggaam met erns bejeën en dat hy dit teen uitbuiting wil beskerm. Dit is egter hoegenaamd nie die geval nie - vergelyk hier die uitspraak oor **Scope (149/81:6)**: *"Die argument dat daar 'n groeiende beswaar van vrouens is dat hulle liggame kommersieel geëksploiteer word, kan alleen in ag geneem word indien dit 'n sedelike beswaar is. Indien dit 'n beswaar is wat bloot gegrond is op die feit dat daar nie teen die vrou gediskrimineer moet word nie en dat sy gelyk met die man behandel moet word, val dit nie onder die vleuels van hierdie Wet nie."* Hoe die Raad by die punt uitkom dat vroue wat kla dat hul liggame "kommersieel geëksploiteer word" dit doen omdat **hulle gelyk met die man** behandel word, is glad nie duidelik nie. Wat wel duidelik is, is dat die Raad van 'n chauvinistiese cliché gebruik maak ten einde die heersende *status quo* te handhaaf, naamlik dat die vrou se beswaar nie met erns bejeën hoef te word nie aangesien haar beswaar nie 'n beswaar teen die kommersiële uitbuiting van haar liggaam is nie, maar bloot 'n dekmantel vir haar poging is om as die man se gelyke behandel te word.

Dié 'poging' dra duidelik nie die Raad se goedkeuring weg nie en wel omdat dit die huidige orde in ons samelewing sal versteur. Die dominante seksuele norme - wat in die reg, onderwys, kerklewe en die massamedia weerspieël word - weerspieël in ons

samelewing die man se sistematiese dominansie (om van Burstyn 1985:171 se woorde gebruik te maak) in die sosiale en politieke lewe. Volgens Burstyn (1985:19) onderskryf talle mense die tradisioneel-patriargale opvattinge en doen hulle dit van 'n vertrekpunt af wat hulle as 'n diep morele standpunt beskou, maar dit is juis dié standpunt wat tot gevolg het dat die vrou as 'n *second class citizen* beskou en behandel word. Dit het noodwendig 'n polarisering tussen die tradisioneel-patriargale opvatting en die feministiese benadering tot gevolg. *"Nowhere has this polarization been more pronounced than on sexual issues. Feminism has insisted that women, like men, must have the ultimate decision-making power with respect to their own bodies in reproductive and erotic matters; conservatives, on the other hand, have insisted on continued masculine control"*. Die voortgesette 'manlike beheer' oor die vroue wat by wyse van 'fotografiese modelle' in die seksbedryf werksaam is, en die produkte wat vir die voyeurs voortgebring word, is uit die aard van die saak seksisties. Enige beswaar wat teen dié soort beheer uitgeoefen word, ontlok die soort reaksie waaraan die Raad hom in die uitspraak oor **Scope** (149/81) skuldig gemaak het. Gronau (1985:96) sê in dié verband: *"... censorship seeks to hide the evidence of sexism, silencing those who try to confront it"*.

#### 4.6.6 Die redelike ewewigtige lid van die gemeenskap

Die Raad beslis in **Stag** (98/92:4) *supra* dat die toets vir ongewenstheid ten opsigte van naak- en semi-naakfoto's dié van die **redelike ewewigtige lid** van die gemeenskap is, maar die vraag bly nog steeds of die redelike ewewigtige lid van die gemeenskap nes die sogenaamde **redelike man** in die uitspraak as generiese term gebruik word of nie. Daar is geen rede om te glo dat dit wel die geval is nie aangesien die Raad aan die begin van sy uitspraak beklemtoon het dat die publikasie op die **manlike mark** gemik is.

Die chauvinisties-georiënteerde benadering blyk ook uit uitsprake soos dié in **Once is not Enough** (36/75), **The Women's Room** (66/81), **Original Sins** (83/81) en **Honky Tonk Freeway** (86/81) - kyk *supra*.

#### 4.6.7 Beskerming van die fallus

Daarnewens bied die Raad - in 'n oënskynlike poging om te voorkom dat die fallus visueel vertoon word - lank weerstand teen tonele waarin **naakte mans** voorkom - vergelyk onder meer **Broken English** (95/81:4) waarin 'n toneel wat 'n naakte man bevat wie se genitalia nie gesien kan word nie, gesny moes word: "*... a scene in which a nude man makes sexual movements close to a woman. Although genitalia cannot be seen, the dramatic or artistic merits of this film are not high enough to make these scenes undesirable. The shots showing this nude man must therefore be excised*".

In **Pacific Connection** (40/81) word die illusie geskep dat 'n man ontman is. Sy penis word aan die Goewerneur gewys. Die Raad beslis dat die toneel onaanvaarbaar is - ten spyte daarvan dat dit nie 'n penis is nie en ten spyte daarvan dat Ben nooit ontman is nie: "*With regard to the showing of the severed 'penis' (actually a chicken gullet) the Board came to the conclusion that although this is an important aspect of the film, its portrayal would not be tolerated by the reasonable South African. The fact that the old man had tricked the governor also becomes apparent at a later stage*". Daar is geen regverdiging vir die snit nie.

In die uitspraak oor **Stern** (113/81:11) beslis die Raad egter dat 'n foto waarin naakte mans bossies voor hul geslagsorgane hou nie ongewens is nie - dit is bloot vulgêr. Met verwysing na nog 'n foto in dié Duitse tydskrif, bevind die Raad dat "*die foto van die naakte manlike boude op bl 56 en 57, in die lig van die tipe tydskrif en in die lig van die*



*beperkte verspreidingskring in Suid-Afrika, nie ongewens is nie*". Die implikasie is dus nie dat die foto onder alle omstandighede nie-ongewens is nie, maar dat dit binne die spesiale omstandighede nie-ongewens is. Die spesiale omstandighede blyk uit latere **Stern**-beslissings waarin die Raad bevind dat die waarskynlike **Stern**-leser 'n Europese agtergrond het en dat die tydskrif in Duitsland as 'n taamlieke konserwatiewe tydskrif beskou word (1/85:3). Dié waarskynlike leser se verdraagsaamheidsgrens is, volgens die Raad, veel hoër as dié van die gemiddelde Suid-Afrikaner aangesien "*South Africans are more conservative than most communities elsewhere in the world*" (17/85:2).

In **Britannia Hospital** (113/82:2) beslis die Raad dat die rolprent 'n satire van hoogstaande gehalte is waarin alle elemente van die mens se bestaan tot die uiterste gevoer word "*to reveal the underlying absurdity of human action and the hypocrisy of social attitudes*". Een van die professore skep mense in sy laboratorium. Hy streef daarna om 'n mens te maak wat van suiwer intellek sal wees en wat nie soos die res van die mans in die gemeenskap sal poog om homself te vernietig nie. Die Raad is egter nie bereid om die toneel waar die gemaakte mens naak is, toe te laat nie - kykers mag selfs nie 'n kunsmatig geskepte penis in 'n satiriese situasie sien nie: "*The Board is of the view that excisions are necessary where the penis of the built-up man can be seen in the scene where he comes to life. The South African community is sensitive to full nudity. A short shot of the built-up man before this scene can, however, be left intact*". Aan die een kant impliseer die Raad dat die kyker nie daartoe in staat is om tussen die werklikheid en 'n nie-werklike of fiktiewe satiriese situasie te kan onderskei nie - en dit ten spyte daarvan dat bevind is dat die betrokke rolprent nie 'n "*wide popular viewership*" sal hê nie. Aan die ander kant het die Raad veral van sy opvatting dat die gemeenskap vir so 'n toneel sensitief sal wees, gebruik gemaak om die fallus teen visuele voorstelling/uitbeelding te beskerm.

#### 4.7 Die bevinding dat 'n publikasie bloot 'vulgêr'

maar nie ongewens is nie

##### 4.7.1 Die betekenis van die begrip 'vulgêr'

Volgens die **Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)** beteken **vulgêr** "*plat, ordinêr, grof*" en word die wortel aangedui as "*L. vulgaris van die volk*" (1979:1330). Volgens Webster (1971:942) beteken dit ook "*plebeian, common, ordinary, in general use; national; vernacular; pertaining to the lower or less refined class of people; somewhat coarse, rude, boorish, low*". Volgens Funk & Wagnalls (1974: 1410) beteken dit bo en behalwe bostaande betekenisse ook "*popular*" en "*offensive to good taste or sensitive feelings*".

Dit blyk uit dié omskrywings dat die begrip **vulgêr** relatief is en dat daar sprake van graadverskille is aangesien iets wat *ordinêr* of *common* is nie noodwendig *grof* is nie. Dit beteken op sy beurt dat die **oordeel** van wanneer iets as **vulgêr** bestempel gaan/sal word van 'n **persoonlike mening** sal afhang en dat die uitspraak gevolglik **subjektief** is.

Die Raad het in die uitspraak oor André le Roux se eksperimentele roman, **Te Hel met Ouma** (13/81:3), met die betekenisnuanse **grof** gewerk sonder dat dit met die begrip **vulgêr** in verband gebring is. Dit is egter met die begrip **aanstootlik** in verband gebring: "*Daar is aspekte in hierdie publikasie wat selfs vir die waarskynlike leser grof of selfs aanstootlik sal aandoen, maar die meerderheid waarskynlike lesers sal van oordeel wees dat die publikasie nie te ver gaan nie*". Die woorde **grof** of selfs **aanstootlik** skep die indruk dat daar 'n verband tussen die twee begrippe is en dat die begrippe op 'n kontinuum lê waar **grof** **aanstootlik** voorafgaan, dit wil sê, dat daar bloot 'n graadverskil tussen die twee begrippe bestaan.

#### 4.7.2 Die begrip 'aanstootlik'

Fannin R het in Republican Publications (Pty) Ltd v Publications Control Board 1971 (2) SA 1 (D) op 8G 'n omskrywing van die begrip aanstootlik verstrek: "*The word 'offensive' can (like 'aanstootlik' in the Afrikaans version of the section) have a meaning as mild as 'displeasing' or 'annoying', but both words are also capable of meaning 'attacking', or 'injurious', 'repulsive' or 'insulting'*". Die omskrywing is steeds geldig ten spyte daarvan dat dit op die 1963-Wet op Publikasies betrekking gehad het en nie op die 1974-Wet nie, naamlik die Wet Op Publikasies, No. 42 van 1974. Die geldigheid is daarin geleë dat die hof die woord se betekenis uitgelê het, en die betekenis is nie tesame met die 1963-Wet herroep nie.

Van Rooyen sê in Riglyne tot Artikel 47(2) Wet 42 van 1974 (1984:22): "*Die Wet werk ook met die aanstootlikheidsbegrip. Een van die pilare waarop die aanstootlikheidsbegrip berus is geleë in die waardigheid van die individu*". Hy sê verder op p. 34 dat die woorde "*walglik*" of "*weersinwekkend*" omskrywende woorde vir 'aanstootlik' is. Hy verwys in Censorship in South Africa (1987:54) na Rumpff HR se woorde in Publications Control Board v Gallo (Africa) Ltd 1975 (3) SA 665 (A) en sê dat die woord *offensive* die volgende beteken: "*... something that displeases, but is intended to mean something that is repugnant, that mortifies or pains*" en wys daarop dat die omskrywing - wat in dié verband op "religion" betrekking gehad het - nie 'n ander betekenis behoort te hê wanneer dit byvoorbeeld op "*morals*" toegepas word nie. Dit beteken dat die omskrywing deurgaans inhoudelik met dieselfde regsgeldigheid op enige van die Wet se onderskeie artikels toegepas kan word.

Die Raad beslis in Godspell (129/75:3) dat die begrip aanstootlik in sy engere betekenis van *afskuverwekkend, walglik of pynigend* gebruik word en verwys ter ondersteuning hier-

van na **Play with Fire** (17/75:7) en Publications Control Board v Gallo Africa (Ltd) 1975 (3) SA 665 (A) op 673H. Daar word van die gemiddelde lid van die betrokke bevolkingsdeel gebruik gemaak om te bepaal of dit wel aanstootlik is of nie en so 'n lid is nie oorgevoelig nie en besit 'n gesonde oordeel. Die Raad beslis verder soos volg: "*Indien die rolprent bloot ergenisverwekkend is of misnoegdheid tot gevolg het, is dit nog nie aanstootlik binne die betekenis van die Wet nie*". Die Raad beslis verder in die uitspraak oor **Donderdag of Woensdag** (70/78:5) dat iets wat "*bloot ergerlikheid of misnoegdheid veroorsaak*" nie regtens aanstootlik is nie. "*Op hierdie wyse word ruimte gelaat vir die vryheid van spraak en gewete*". Die beginsel word in **Magersfontein, O Magersfontein!** (7/80:10) uitgebrei sodat daar nou beslis word dat die "*lelike en skokkende uitgebeeld mag word. Alles hang daarvan af hoe die skrywer dit aanwend*". Die uitgangspunt word in **Kennis van die Aand** (131/81) herhaal wanneer gesê word dat enige onderwerp - "*dus ook die sondige*" - behandel kan word en dat die begrip aanstootlik beperk word tot "*stof wat walglik, afskuwekkend of pynigend* (vir die Christen is)".

Van Rooyen (1987:54) wys daarop dat Steyn HR in die uitspraak oor **When the Lion Feeds** (1965 (4) SA 137 (A) op 160E-H) op die vryheid van uitdrukking/spraak gewys het en gesê het dat 'n roman nie 'n "*tract on morality*" is nie en nie ongewens bevind kan word bloot omdat dit nie poog om 'n bydrae tot die bevordering van morele integriteit te lewer nie. Williamson AR het in dieselfde saak beslis dat "*matter which is unduly crude is not necessarily undesirable*" en Ogilvie Thompson HR het in **Publications Control Board v Republican Press** 1972 (1) SA 288 (A) op 298H daarop gewys dat "*that which is distasteful is not necessarily undesirable*". Corbett AR het in die uitspraak oor **Mame Enterprises (Edms) Bpk v Raad van Beheer oor Publikasies** 1976 (1) SA 429 (A) beslis dat dit wat vulgêr of stoutmoedig is nie noodwendig ongewens is nie. "*The PAB has adopted these views and an adjudicator will therefore not base a finding of offensiveness on, for example, vulgarity or poor taste. Vulgarity and poor taste can, of course, as a result of repetition move into the realm of the offensive*".

#### 4.7.3 'n Moontlike kontinuum

Daar is *supra* betoog dat die begrippe grof en aanstootlik op 'n kontinuum lê en dat grof - te oordeel aan die uitspraak in *Te Hel met Ouma* (13/81) - minder negatief as aanstootlik is en dit gevolglik voorafgaan. Van Rooyen (1984:34) betoog dat die begrip aanstootlik deur die woorde *onbetaamlik* en *onwelvoeglik* omskryf word. Daar is ook aangetoon dat die begrippe grof en vulgêr verbandhoudende begrippe is - en wel in die sin dat grof 'n betekenisnuanse van die lemma vulgêr is. Die betekenis onsedelik en walglik is egter nie as een van die lemma se betekenismente identifiseer nie.

Die Raad beslis egter in die uitspraak oor *South African Industrial Week van 1981-06-16* (76/81:2) dat die foto van die 'meisie' op die agterblad "*beslis as onsedelik beskou (kan) word*", maar dat dit nie "*blatant skaamteloos*" is nie, dat dit nie as 'n "*direkte uitnodiging tot geslagsverkeer in die sin dat dit welluswekkend is beskou word nie*", maar dat sommige kykers dit "*wel as in swak smaak (sal) beskou, terwyl ander dit weer as vulgêr sal beskou*". Indien die foto sonder twyfel onsedelik is en sommige mense dit as vulgêr sal beskou terwyl ander bloot sal dink dat dit *in swak smaak* is, beteken dit eerstens dat onsedelik aan die een kant as betekenismoment van die begrip vulgêr beskou kan word, terwyl dit aan die ander kant as betekenismoment van die frase in swak smaak beskou kan word. Die frase in swak smaak val egter buite die begrip, vulgêr, se betekenisveld en, indien dit op dieselfde kontinuum voorgestel wou word, sal dit die begrip vulgêr voorafgaan. Tweedens beteken dit dat beide die begrippe vulgêr en in swak smaak subjektiewe begrippe is.

'n Moontlike kontinuum sou toon dat die begrippe onsedelik, ergeniswekkend en misnoegdheid binne die kader van die bevinding nie-ongewens sal val terwyl die begrip

**aanstootlik** (tesame met al sy geïdentifiseerde kenmerke) binne die kader van die bevinding **ongewens** sal val. Ten spyte daarvan dat dit lyk asof die Raad die verskillende begrippe uitmekaar hou, is dit nie die geval nie - vergelyk hier byvoorbeeld die uitspraak in *A Clockwork Orange* (130/83:5). Alhoewel die begrip walglik feitlik deurgaans as 'n kenmerk van **aanstootlikheid** beskou word sodat 'n publikasie wat as walglik bestempel word uiteraard ongewens is, gebeur dit by uitsondering dat die Raad betoog dat iets so vulgêr kan wees dat dit inderdaad walglik is - vergelyk hier die uitspraak oor *Clockwork Orange* (130/83:5) waarin die Raad die begrip **walglik** as kenmerk van die lemma **vulgêr** gebruik: "*In dieselfde beslissing is daar ook gesê dat indien stof bloot in swak smaak val dit nog nie noodwendig ongewens is nie. In dieselfde kategorie val stof wat bloot vulgêr is. Soms kan stof natuurlik so vulgêr word dat dit inderdaad walglik word. Dit is, met ander woorde, 'n kwessie van graad*".

So 'n moontlike kontinuum kan soos volg voorgestel word:

NIE-ONGEWENS		ONGEWENS	
swak smaak	vulgêr	walglik	aanstootlik
plat, ordinêr, grof			
	ergeniswekkend		weersinwekkend
	misnoegdheid		afskuverwekkend
	onsedelik		pynigend

Alhoewel daar in *Publications Control Board v Gallo Africa (Ltd)* 1975 (3) SA 665 (A) op 673H beslis is dat daar van die gemiddelde lid van die betrokke groep (en dus by implikasie van die gemeenskap indien die publikasie nie op 'n duidelik aantoonbare groep betrekking het nie) gebruik gemaak word om vas te stel of die publikasie 'aanstootlik' is of nie, word die waarskynlike leser na die *Magersfontein*-uitspraak in ag geneem. Van

Rooyen praat in *Publikasiebeheer in Suid-Afrika* (1978:12) nog van die gemiddelde leser en wys daarop dat so 'n 'gemiddelde leser' verdraagsaam sal wees teenoor literêre meriete al verstaan hy dit nie - so 'n leser sal die meriete "*teen sy ideale en verdraagsaamheidsperke*" opweeg en daarna besluit of die publikasie aanstootlik is of nie. In die uitspraak oor *Sarie* 16 Maart 1983 (44/83:10) word die *redelik ewigtige leser* egter as maatstaf gebruik en in *Censorship in South Africa* (1986:13) verwys Van Rooyen na die "*reasonable reader/viewer*" en sê: "*The ultimate question (...) concerns instead the extent to which it is reasonable to allow certain infringements on morality or religion in the interests of art, literature, drama, freedom of choice of adults, and entertainment in general*". Alhoewel so 'n benadering veel suiwerder as die gebruikmaking van die gemiddelde lid van die gemeenskap as maatstaf is, impliseer dit aan die een kant dat **inbreuk op moraliteit of godsdiens gemaak word** - en dat die beoordeling van die publikasie in die lig daarvan of dit wel aanstootlik of bloot vulgêr is, nog steeds aan die gemiddelde of redelike lid van die gemeenskap gekoppel word. Aan die ander kant **ignoreer** dit steeds die feite waarop Brink (1976:20) gewys het, naamlik dat die "*ervare leser wêét hoe om hom, in die skokkende konfrontasie met 'n kunswerk, van sy eie vooroordele te suiwer sodat hy kan deurdring tot die 'nirvana' van die ware estetiese belewenis - terwyl die minder ervare persoon vasgekeer bly op die eerste, psigologiese vlak van aanstoot*". Die ervare leser na wie hier verwys word, is dus nie 'n waarskynlike leser nie, maar 'n werklike leser ten opsigte van wie Barthes (soos aangehaal deur De Jong 1983:55) sê: "*Writing is not the communication of a message which starts from the author and proceeds to the reader; it is specifically the voice of reading itself: in the text only the reader speaks*".

Burns (1979: 100) wys egter daarop dat dit nie die gemiddelde lid van die gemeenskap is wat as maatstaf gebruik word om te bepaal of die publikasie aanstootlik is of nie, maar die Raad se vertolking van wat so 'n gemiddelde lid van die gemeenskap se standaarde of verwagtinge sal wees: "*The board has acknowledged the inherent difficulty in determining*

*the community approach, as the standards vary and there is no definite and specific approach. It is thus the boards (sic) duty to form an opinion as to the median of standards in the community".* Dit is nie net die gemeenskap se vermeende benadering of opvatting wat deur die Raad se persoonlike benadering of opvatting verteenwoordig word nie, maar ook dit wat as die gemeenskap se **verdraagsaamheidsvlak** voorgehou word. Presies in watter mate die Raadslede in hul persoonlike hoedanigheid (en dit wissel van Raad tot Raad aangesien dieselfde persone nie altyd in die Raad sitting het nie) besluit wat die gemeenskap se vermeende verdraagsaamheidsvlak is, blyk uit die uitspraak oor **Airport 77** (93/82) en **Smokey and the Bandit** (94/82) - wat as enkele uitspraak verskyn - waarin die Direkoraat betoog dat die "*ydelike (sic) gebruik van die Naam van die Opperwese*" (p.2) nie "*binne die verdraagsaamheidsvlak van die gemeenskap val nie*" (p. 3). Die Raad is egter die mening toegedaan dat "*hy volkome bewus is van die Christelike oortuigings of gevoelens in die verband en dat getuienis in die verband dus onnodig sal wees*" (p. 3).

Die Raad se versekering dat hy weet wat die gemeenskap se *Christelike oortuigings of gevoelens* is, is niks anders as 'n *sweeping statement* nie. Die Raad het in werklikheid **geen benul** van wat dit is nie. Sy kennis en insig berus op raaiwerk - vergelyk in die verband onder meer mnr. D.F. Abernethy - lid van die Raad wat uitspraak gelewer het oor **Godspell** (129/76:9) - se minderheidsverslag waarin hy die volgende sê: "*Is my image of Jesus Christ the only possible one or the only acceptable one. The conservative image which we adults have is after all man made! I do not see any valid objection to an attempt to portray Jesus in such a way that he will become real to many young people*". Die Raad bevestig onwetend in sy uitspraak oor **Magersfontein, O Magersfontein!** (7/80:15) dat dit nie om die gemeenskapsopvatting gaan nie, maar om sy eie subjektiewe vertolking van die gegewens: "*Al aanvaar mens as uitgangspunt dat die inhoud van die sedes en die godsdienstige oortuigings of gevoelens vandag dieselfde is as in 1977, is die juridiese bril*



*waardeer die Appèlraad moet oordeel, vandag meer verdraagsaam". Die Direkoraat is oënskynlik meer van die subjektiewe werking bewus as die Raad self - vergelyk die uitspraak oor **The Girls of Stag** (1/83:2) en **Stag** (2/81:2): "... wys die Direkoraat daarop dat die beoordelaars daarteen moet waak dat hulle nie hulle eie subjektiewe oordeel aanwend sonder om werklik die verdraagsaamheidsgraad van die redelike lid van die Suid-Afrikaanse gemeenskap te peil nie".*

Die blote feit dat die Raad in **Sarie**, 16 Maart 1983 (44/83:12) erken dat "*die verdraagsaamheidsgraad van die redelike lid van die Suid-Afrikaanse gemeenskap*" 'n kwessie van graad is en dan betoog dat die lede van die Raad van mekaar verskil oor wat dié verdraagsaamheidsgraad is omdat dit 'n kwessie van graadverskil is, bewys dat daar nie eensgesindheid onder die betrokke Raadslede bestaan oor wat die verdraagsaamheidsgraad is nie. Daar bestaan ook nie eensgesindheid of eenstemmigheid tussen die Direkoraat en die Raad oor wat dit is nie - beide dring in **Airport 77** (93/82) en **Smokey and the Bandit** (94/82) daarop aan dat hy oor die nodige kennis en insig beskik. Dit bewys dat die maatstaf op niks anders as 'n subjektiewe oordeel neerkom nie en dat dit van Raadsamestelling tot Raadsamestelling sal wissel. Aangesien dit so subjektief is, het dit geen regsliterêre geldigheid nie.

#### 4.7.4 Vulgêr, maar nie aanstootlik/ongewens nie

##### 4.7.4.1 Vulgêre foto's en ander afdrukke

'n Briefkaart waarop die woorde "*hot flashes*" oor die naakte liggaam van 'n vrou gevef is en "*iets van die skaamhare gesien kan word*", maar waar haar tepels nie gesien kan word nie, is volgens die uitspraak oor **10 Brief en Poskaarte** (105/81:5) nie ongewens nie, maar bloot "*vulgêr en goedkoop*." Die bevinding berus vermoedelik op die gebruik

van die woorde *hot flashes* en nie op die feit dat die skaamhare sigbaar is nie. Die beslissing is nie in ooreenstemming met die Raad se uitgangspunt dat publikasies waarin die pubis gesien kan word, ongewens bevind word nie - vergelyk hier onder meer die uitspraak oor die klugtige verhoogdrama, **Who Goes Bare**, (119/82:3) waarvan Rex Garner die regie waargeneem het.

Foto's onder die opskrif van *Wet-look* waarop vroue met deurskynende bostukke en skrapse onderstukke verskyn, maar wat klein is, is volgens die uitspraak in die drie *Scope*-sake wat gesamentlik verhoor is (137/81, 149/81, 150/81) nie aanstootlik nie, maar bloot in "*swak smaak en vulgêr*" (p. 7). As die foto's egter groter was, sou "'n bevinding van *blatante skaamteloosheid egter besonder gepas gewees het*". Aangesien die grens hier op grond van 'n onbepaalde grootte bepaal word, spreek dit vanself dat geen juridiese beginsels toegepas is sodat die Raad tot dié beslissing kon geraak nie.

Die Raad bevind in die uitspraak oor **Roxy Music-Plaatomslag** (109/81:8) dat 'n suggestie - maar geen sekerheid nie - van masturbasie veroorsaak dat die afdruk of uitbeelding die grens tussen dit wat vulgêr is en dit wat ongewens is, oorsteek: "*Alhoewel dit nie met sekerheid gesê kan word nie, is daar 'n suggestie van masturbasie aanwesig. Die Raad is van oordeel dat die vulgariteit hier oorloop tot 'n blatante en sieklike behandeling van naaktheid en seks*". Dit spreek vanself dat die Raad hier van die beginsel dat 'n publikasie slegs ongewens bevind moet word indien dit absoluut noodsaaklik is (soos deur die Rumpff AR in die Heinemann-saak 1965 (4) SA 137 (A) op 160 bepaal is), afwyk. Die beginsel van absolute noodsaak is in onder meer **Buddy, Buddy** (148/81:6-7), **Machismo** (194/84:2) en **It's A Boy** (159/82:4) bevestig: "*Dit kom daarop neer dat 'n publikasie en dus ook 'n rolprent of openbare vermaaklikheid alleen verbied moet word indien dit absoluut noodsaaklik is. Absolute noodsaak is vergestalt in die woorde van artikel 47(2) en gee 'n kragtige leidraad by die uitleg van hierdie woorde en die omvang van die*

*bepanking wat die Wet stel*". Die Raad grond in die uitspraak oor **Roxy Music-Plaatomslag** (109/81:8) sy beslissing op sy subjektiewe vermoede dat masturbasie uitgebeeld word - al is daar geen grondslag vir so 'n gevolgtrekking nie.

In die uitspraak oor **Stern, 25 Junie 1981** (112/81:11) bevind die Raad dat 'n foto van naakte mans wat bossies voor hul geslagsorgane hou sodat die geslagsorgane nie sigbaar is nie, bloot vulgêr is. Hierteenoor betrek die Raad 'n nuwe begrip in die uitspraak oor **Stag, Junie 1982** (98/82:4) wanneer hy bevind dat die foto's wat saam met die nat T-hempkompetisie gebruik word, vulgêr is terwyl "*die foto van die model op bladsy 18 (...) in vergelyking met die vermelde foto's, van veel beter smaak*" getuig. Die verwysing na foto's wat vulgêr is in vergelyking met ander wat van beter smaak getuig, vestig 'n nuwe polariteit waarvoor nie op die kontinuum, *supra*, voorsiening gemaak is nie.

#### 4.7.4.2 Vulgêre en kru taalgebruik

Verskillende soorte taalgebruik word in die voorsitter (Snyman) se minderheidsverslag in die sleutelsaak, **Marathon Man** (23/75:11), aangedui, naamlik: "*Some of the language is of an extremely filthy nature and fall (sic) within the class of dirty words commonly referred to as the 'four letter' words. Profane language in various forms also appear (sic). Unsavoury language is also used although it would only become offensive if used excessively*". Afsien van die verskillende soorte taalgebruik wat identifiseer word, wys die Raad ook in die uitspraak daarop dat *vuil taal* nie in *goeie smaak* is nie, maar dat dit nie beteken dat dit noodwendig in *swak smaak* is nie: "*As regards the dirty language it can generally be said that although these words are not in good taste, the situations in which they are used act as mitigating or extenuating circumstances*" (p. 9). Die standpunt word in **Yellowbeard** (187/83:2) uitgebrei. Die Raad beslis naamlik dat kru taal vulgêr kan wees en dat dit bowendien in swak smaak kan val sonder dat dit aanstootlik raak: "*Vir sover*

*dit die kru taal betref ('pissing' en 'lump of shit') is die Raad van oordeel dat dit wel vulgêr is en in swak smaak val, maar dat dit nie so ver gaan dat mens dit as aanstootlik vir openbare sedes kan beskou nie". Daar word geen aanduiding verstrekkend van wanneer 'n woord of uitdrukking/frase die grense van welvoeglikheid sal oorskry sodat dit nie meer net vulgêr/kru (met of sonder die kwalifikasie in swak smaak/nie in swak smaak nie) is nie, maar aanstootlik.*

Die Raad beslis in **Buddy, Buddy** (148/81:2) dat 'n woord op sigself nooit ongewens kan wees nie. Gevolglik word bevind dat woorde soos "shit", "cojones" en die sin "I am trying to keep from freezing my balls off" (p. 4) bloot vulgêr is. In **To Forget Venice** (196/82:2) beslis die Raad dat die opmerking "if only my husband had one like that" met verwysing na Pug se geslagsorgaan (tydens 'n naaktoneel) vulgêr, maar nie aanstootlik nie is.

Die Raad volg hierbenewens 'n beleid ingevolge waarvan die woorde of uitdrukkings walglik of pynlik moet wees voordat dit ongewens is. Wanneer die woorde religieus gekleur is, hang dit daarvan af of dit 'skreiend (walglik)' (**Airport 77** 93/82 en **Smokey and the Bandit** 94.82:6) is of nie - die begrip vulgêr word nie ten opsigte van woorde wat in dié kategorie val, gebruik nie. Woorde soos 'goddamn' en uitdrukkings soos 'Oh! My God!' is nie volgens die Raad skreiend nie, maar woorde soos 'Jesus' en 'Christ' word as skreiend beskou en gevolglik gewoonlik uitgesny.

Die Raad onderskei volgens sy uitsprake ook tussen woorde wat as "indecent expressions" bekendstaan, soos byvoorbeeld *fuck(ed), fucking, fucker, prick, pecker, screw, shit, pissed pissed off* (kyk **Birthright** 90/82:5) en *growwe, kru taal* soos *fuck, piss, shit, cunt, Christ* (kyk **Rising Sons** 88/82:2). Indien die uitsprake egter langs mekaar geplaas word, blyk dit dat die Raad nie met twee verskillende kategorieë werk soos wat hy te kenne gee nie, maar dat dieselfde woorde in beide kategorieë voorkom, en dat daar òf geen

aantoonbare verskil tussen die twee kategorieë bestaan nie (in welke geval daar by implikasie geen onderskeid tussen *indecent expressions* en *coarse, crude* taal is nie), òf dat die Raad 'n subjektiewe betekenis aan die terme heg en die terme soos 'n kringtaal gebruik sodat oningewydes nie toegang daartoe het of kan hê nie. Wat ook al die geval mag wees, die wyse waarop met die begrippe of terme *indecent expressions* en *crude, coarse language* omgegaan word, kan slegs as subjektief bestempel word.

Dit is moeilik om bostaande werkswyse met die volgende uiteensetting in **Young Doctors in Love** (107/82:2) te versoen: "*n Rolprent sal selde op grond van kru taal alleen ongewens bevind word*". Die beoordeling moet op meriete geskied en die stof moet nie "*voor die voet as 'kru taal' uitgesny (...) word nie*". Daarbenewens moet 'n woord ook altyd "*in sy besondere verband beoordeel word*". Dit blyk *supra* dat die Raad nie weet wanneer 'n woord kru en wanneer dit onweloweglik is nie. Indien daar geen sekerheid hieroor - of ten minste riglyne hiervoor - bestaan nie, is dit moeilik, indien nie onmoontlik nie, om die werkswyse wat in **Young Doctors in Love** (107/82) voorgestaan word, te implementeer. Die soort probleem waarvoor die Raad by tye te staan kom, blyk uit **The Road to Gandolfo** (66/82:3) deur Robert Ludlum waarin die Raad bevind dat die kru taal hoofsaaklik deur die Generaal gebesig word, maar dat dit in orde is aangesien dit funksioneel is. Funksionaliteit word ook as een van die redes aangevoer van waarom die kru taal in **Huwelijk Niet Uitgesloten** (117/82:4) nie tot 'n bevinding van ongewenstheid aanleiding gee nie. Hierteenoor beslis die Raad egter in **It's a Boy** (159/82:4) "*dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap, vanweë sy heterogene aard en die behoudende lewensbeskouing van 'n aansienlike gedeelte van die bevolking, sensitief is vir kruhede*". Dit blyk uit die beslissings dat die Raad op losse wyse met dié begrip omgaan en dit het uit die aard van die saak subjektiewe toepassings en beoordelings tot gevolg.

#### 4.7.4.3 Vulgêre sekstonele

Die begrippe *vulgêr* en *in swak smaak* word nie net op taalgebruik toegepas nie, maar ook op die uitbeelding of voorstelling van tonele en, meer spesifiek, op die uitbeelding van sekstonele. So beslis die Raad byvoorbeeld in **The Adventurers** (46/82:5) dat party van die sekstonele "*vulgar and in bad taste*" is. Wanneer die begrip *vulgêr* in verband met sekstonele gebruik word, word dit dikwels saam met die byvoeglike naamwoord, *disgusting*, gebruik. In die uitspraak oor **The World Is Full Of Married Men** (105/82:4) beslis die Raad dat die publikasie suiwer "*sex for entertainment*" is, dat die hoofkarakter nie 'n karakter is nie, maar bloot 'n "*cliché of sexuality*" en dat die dialoog - wat oënskynlik op die sekstonele betrekking het aangesien die volgende tersaaklike opmerking in dieselfde paragraaf as die voorafgaande voorkom - "*disgusting and tasteless dialogue*" is. Indien die dialoog wel op die sekstonele betrekking het, beteken dit dat 'n verdere kategorie tot die Raad se bestaande kategorieë, naamlik *in swak smaak* en *nie in goeie smaak nie*, bygevoeg kan word, naamlik *tasteless*. Die derde kategorie is net so subjektief soos eersgenoemde twee.

#### 4.8 Die Raad pas 'inlegkunde' toe

Die feit dat die Raad geneig is om dinge in te lees wat nie in die betrokke publikasie voorkom nie, is reeds aangeraak toe verwys is na die vermeende masturbasie in **Roxy Music-Plaatomslag** (109/81:8), en die badkamertoneel waarin geen naaktheid gesien kon word nie, maar wat volgens die Raad 'n ongewenste toneel was omdat die werkgewer voor sy huishoudster (met wie hy nie getroud was nie) in **Once is not Enough** (37/75:7) ontlee het.

Die mate waarin die Raad 'inlegkunde' toepas, wissel van publikasie tot publikasie. Die twee uiterstes waarbinne die Raad inlegkunde toepas, kan aan die hand van **Once is not**

**Enough** (37/75:5) en **Baby Love** (113/84:2) aan die een kant en **What Makes a Man Good in Bed** (111/81:3) aan die ander kant toegelig word. Die Raad bevind in **Baby Love** (113/84:2) dat daar 'n toneel in die rolprent is waarin die tandarts se assistent die karakter, Bobby, se gulp losmaak "*fondles his penis (not in frame); commits fellatio (also not in frame)*" - die Raad lei met ander woorde af dat dit is wat buite die raampie en buite die rolprent gebeur. Die blote feit dat iets wat nie binne die raampie of die rolprent gebeur nie nie deel van die publikasie is nie, het die Raad oënskynlik heeltemal ontgaan. As dit nie deel van die publikasie is nie, bestaan dit nie en kan die Raad onmoontlik daarvoor probeer uitspraak lewer.

Terwyl die Raad die slagoffer word van die **doelbewus gesuggereerde werklikheid in Once is not Enough** (wanneer hy op grond van die naakte bolyf en kledingstukke wat uitgetrek word 'n naaktoneel *vermoed*) en **Baby Love** (wanneer die seksuele aktiwiteit wat nie in die raampie verskyn nie en wat bloot *vermoed* word, 'plaasvind'), is hy niks anders as die slagoffer van sy eie verbeelding wanneer dit by Oliver Tobias se 'belydenis' in **What Makes a Man Good in Bed** (111/81:3) kom nie. Wanneer die Raad beslis dat "*it is clear that in order to find those four he must have had sexual intercourse with hundreds, perhaps thousands*". In watter mate sy oordeel op verbeelding berus, blyk uit die (afgunstige/afkeurende?) *vermoede* of *skatting* dat Tobias hom (te oordeel aan die *duisende*) voltyds aan dié besondere taak wy - daar is per slot van rekening slegs 365 dae in 'n jaar. Daar bestaan egter geen gronde vir dié spekulasie nie. Al wat Tobias gesê het, was: "*I am in a position where I can more or less fuck anything that walks but I don't ... Lots of guys try and build up their balls by screwing as many chicks as they can. I don't believe in that ... and I believe in waiting for love.*" Die Raad, bestaande uit Van Rooyen, Malherbe en Van der Merwe bevind dat Oliver slegs op die vier vroue na wie hy verwys, afgekrom het omdat hy *love* met *lust* verwar en met *duisende* gemeenskap gehad het!

Die Raad bevind na aanleiding van 'n lang aanhaling (bl. 49-50) wat woordeliks afgedruk is ten opsigte van *Catch 22* (80/76:13) deur Joseph Heller dat die kampdokter, Doc Daneeka, "*allerhande onsedelike gedagtes oor sy pasiënte gekoester het*" terwyl dit uit die aanhaling blyk dat hy *geen* onsedelike gedagtes oor sy pasiënt gekoester het nie. Die Raad vermoed op dieselfde wyse dat die kyker iets sal sien wat hy nie moet sien nie wanneer hy soos volg in die uitspraak oor *Sex Watching: The World of Sexual Behaviour* (212/84:4) beslis: "*On page 88 the couple are shown just after copulation, and although the man's penis cannot be seen, it is clearly close to the vagina*".

Bevindings soos dié *supra* kan slegs tot stand kom indien die betrokke Raad bylas by die publikasie en dan sy eie toevoeging beoordeel. Dit is waarskynlik die beste voorbeeld van presies hoe subjektief die Raad te werk gaan.

### Gevolgtrekking

Van Rooyen se inleidende woorde in *Censorship in South Africa* (1987:3) bevestig dat die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974, op een van twee maniere toegepas kan word, naamlik strenger of minder streng, en dit dui op sigself daarop dat die werkswyse in die toepassing van die Wet aan 'n persoon - gewoonlik die voorsitter van die Raad - gekoppel is. Dit dui op sy beurt weer daarop dat subjektiwiteit onteenseglik 'n belangrike rol in die Wet se uitleg en toepassing speel: "*A close study of (...) the judgments of the Publications Appeal Board as from 1980, reveals an attempt to steer a course as close to liberty as is allowed by the various interests which the Act protects.*"

Terwyl die Wet op so 'n wyse op 'n publikasie toegepas moet word dat die tersaaklike belange teen mekaar opgeweeg word, gebeur dit wel dat persoonlike vooroordele, 'n



gebrek aan kundigheid, en 'n besondere ideologiese ingesteldheid bepaal wat die sogenaamde belange is - sonder dat die *werklike* belange in ag geneem word. In so 'n geval gaan die Raad subjektief en nie objektief nie, te werk.

Die soort publikasiebeheer wat toegepas word, hang van die betrokke Raad af - as 'n ander Raad aangestel sou word, sal publikasiebeheer waarskynlik in 'n ander rigting beweeg soos wat dit die geval was toe Van Rooyen by Snyman oorgeneem het. Daar is geen waarborg dat 'n volgende Raad dieselfde *verligte benadering* (soos die pers by herhaling na Van Rooyen se toepassing van die betrokke Wet verwys het) as die Van Rooyen-raad sal volg nie. Vergelyk byvoorbeeld in die verband Van Rooyen se twee stellings in die volgende aanhaling: "*The 1980-1985 board altered its interpretation of 'harmful' so that 'harmful' is now taken to describe matter which is likely to make a substantial number of normal likely readers more prone to imitate the immorality portrayed. The board has hereby adopted a more pragmatic approach than that of the previous board which regarded the mere statement of the immoral as usually sufficient to lead to a finding of undesirability*" (1987:72).

Dat subjektiwiteit 'n groot rol speel wanneer publikasies voor die Raad dien, blyk duidelik uit bostaande ontleding.

## HOOFSTUK 5

### ENKELE KRITIESE OPMERKINGS OOR DIE UITLEG EN TOEPASSING VAN DIE WET OP PUBLIKASIES, No. 42 VAN 1974

L. de V. van Winsen, WR, het in die uitspraak van S v Moroney 1978(4) SA (AD) op 389 gesê die Publikasiekomitee is 'n "Extra-Judicial body, operating in an administrative capacity, whose members have no legal training, before whom the appellant has no right of audience, who in their deliberations are not required to have regard to the rules of justice designed to achieve a fair trial, whose proceedings are not conducted in public and who are not required to afford any reasons for their decision."

Van der Vyver wys in Coggin (1983:25) daarop dat die Appèlraad nie in werklikheid 'n appèlraad is nie, "but may be seen as a tribunal of first instance. As such it constitutes a forum for producing evidence and presenting representations and submissions, it may consult expert opinion and invite legal argument. In a word, it has all the makings of a trial court. And so, after everything has been said and done, our censorship system makes no provision for an appeal in the true sense; and the pretences of an 'appeal' board are in fact indicative of legislative deception."

## 1.0 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal daar slegs kortliks by enkele kritiese opmerkings stilgestaan word. Party aspekte, waarop gefokus sal word, het reeds in vorige hoofstukke ter sprake gekom, maar die aard van die kritiese beskouing waaraan dit in dié hoofstuk onderwerp sal word, verskil geheel en al van die aspekte, soos byvoorbeeld aspekte van die *waarskynlike leser en ideologiese werksaamheid*, wat in die betrokke hoofstukke aangesny is.

Dit het reeds uit die eerste hoofstuk geblyk dat publikasiebeheer 'n kontensieuse aangeleentheid is. Afgesien daarvan dat dit 'n kontensieuse aangeleentheid is, hang die uitleg en toepassing van die Wet van die betrokke Raad se samestelling af. Die werkswyse het tot gevolg dat heelwat kritiek op die Raad se uitleg en toepassing van die Wet gelewer kan word. Ten spyte hiervan voorsien die Raad egter nie dat enige kritiek gelewer sal word nie.

### 1.1 Geen kritiek word voorsien nie

Van Rooyen (1984:35) voorsien in **Riglyne tot Artikel 42 van die Wet op Publikasies 1974** nie dat enige kritiek op die wyse waarop die Wet uitgelê of toegepas word, gelewer sal word nie. Hy voorsien egter wel dat daar klagtes sal wees: *"In 'n redelike sisteem van publikasiebeheer sal daar noodwendig klagtes wees"*.

Die klagtes waarna hy hier verwys, het aan die einde van 1987 en die begin van 1988 in die vorm van 'n versoek, wat deur die Minister van Binnelandse Sake en Kommunikasie,

mnr. Stoffel Botha, gerig is, beslag gekry toe hy die Direkteur van Publikasies, dr. A. (Braam) Coetzee, versoek het om ondersoek in te stel na die Wet op Publikasies. Hy wou naamlik hê dat dr. Coetzee die vraag moes ondersoek of die Wet bygewerk of hernu moet/kan word. Dit lyk asof die versoek dat die Wet ondersoek moet word, die direkte gevolg daarvan is dat sensuur (publikasiebeheer) oënskynlik tydens die afgelope paar jaar verslap het.

### 1.2 Die Minister van Binnelandse Sake is ontevrede

Die *Daily News* van Vrydag 15 Januarie 1988 wys daarop dat die rede vir die versoek waarskynlik aan die feit toegeskryf kan word dat Nasionale Party-ondersteuners wat meer konserwatief is, graag wil hê dat die Wet op Publikasies strenger toegepas moet word: *"National Party sources have been concerned for some time about a back lash against this liberal approach, especially on the platteland. At NP Congresses last year delegates frequently brought up the subject and said the lax censorship approach will drive the NP supporters into the arms of the Conservative Party.*

*"Dr Coetzee said in a statement that 'developments in the film industry regarding sex and violence' had placed greater strain on the Publications Act.*

*"But after considering the whole matter, my advice to the minister is that new legislation or radical amendments to the existing Act cannot be recommended at this stage until such time as all the possibilities available under the Act have been fully exploited".*

### 1.3 Die skrywers is ontevrede

André P. Brink (1976:27) kritiseer egter nie net die wyse waarop die Wet toegepas word nie, maar die feit dat dit hoegenaamd bestaan. Hy sê: *"En deel van hierdie siekte is die*

*feit dat hy (naamlik die volk) dan openlik of by implikasie, toelaat - dit dũrf toelaat! - dat 'n handjievoll mense vir 'n hele samelewing mag voorskryf (...) wat gesê en gelees en geskryf en gekyk en gedink mag word. 'n Handjievoll wat self agter anonieme maskers op amptelike beskerming mag wegkruip".*

Chris Barnard (in Malan en Smit 1985:24) het veral teen die vroeër uitleg van die Wet, naamlik dat literêre meriete nie in ag geneem is nie, kaspie gemaak: *"Sensuur soos ons dit hier by ons leer ken het, kan nie en wil nie literêre meriete raaksien of in ag neem nie. As iets hierdie sensuurstelsel op die duur in diskrediet gaan bring, dan is dit juis hierdie blindheid."*

Etienne Leroux het in 1981 by die Skrywersgilde bevestig dat hy teen sensuur gekant is en na aanleiding van die verbod op **Donderdag of Woensdag** gesê dat dit vervreemding tussen skrywer en leser veroorsaak: *"Een van die beste skrywers in Afrikaans word van sy 'volk' vervreem. Ek wil dit tromp-op stel dat enige vorm van sensuur 'n suurdeeg-maak is waar 'n swam bewaar word vir die volgende baksel. (...). Sensuur is vandag die groot kok wat soet-suurdeeg uitwis."* Weideman (1986:12) beskou sensuur egter uit 'n ander invalshoek, naamlik dat dit die Staat die geleentheid bied om die letterkunde aan sy ideologie te onderwerp: *"Wat die heerser die letterkunde toelaat, of wat hy hom verbied - daarin setel sy ideologiese invloed oor die woordkuns."*

Ampie Coetzee (1986:123) spreek hom na aanleiding van die sogenaamde *geëngageerde literatuur* baie sterk oor sensuur asook oor die wyse waarop dit toegepas word, uit: *"En as dié komitee (van deskundiges - R.J.) getuig dat 'n kontensieuse fiktiewe werk nie 'literêre meriete' besit nie? Dan kan daar sonder gewetenswroeging verbied word. En die ontstellende toestand ontstaan dan dat die literêre kritiek norme vir die toepassing van die Wet voorsien, en dat literêre kritici (dié deur die Staat gesanksioneer natuurlik) ... help in die*

*aanslag van sensuur teen die geskrewe woord. 'Literêre meriete' is egter ook 'n fiksie: wat die Staat betref, en wat die letterkunde binne sy sosiale en politieke milieu betref. Vir die Staat is norme soos Staatsveiligheid, polisiebeskerming, ens. belangriker as die handjievul efemere 'estetiese norme' waarmee die letterkundige 'n saak vir 'n boek sou kon uitmaak. En waar die skrywer 'n beeld van 'n maatskappy wil gee of wil interpreteer, is die waarheid van sy weergawe in terme van menslike handeling en die moraliteit van dit wat aan mense gedoen word ter wille van 'n ideologie ook belangriker as vae 'estetiese norme'" (in Johl 1986:123). Coetzee impliseer hiermee dat nie net sensuur nie, maar ook literêre waardes dus in die pad van 'betrokke' literatuur se ontwikkeling staan en dat die literatore in die vorm van die Komitee van Deskundiges grootliks vir dié situasie verantwoordelik is aangesien dit hulle is wat die Appèlraad op die 'gebrek aan literêre meriete' (wat as verliggende faktor dien) wys. Terwyl Coetzee korrek is wat die fiksie-aspek van literêre meriete betref, is hy verkeerd wat sensuur (en dus by implikasie die Appèlraad self) betref aangesien talle publikasies en selfs plaaslike vervaardigde rolprente, wat as geëngageerde of protespublikasies en -rolprente beskryf kan word wel deurgelaat word - en dit ten spyte daarvan dat dié publikasies/rolprente geen literêre, dramatiese of artistieke meriete bevat nie. Dat talle geëngageerde of protespublikasies/-rolprente wel ongewens bevind is, is ook korrek, maar Coetzee veralgemeen en stel dit as feit dat die 'gebrek aan literêre meriete' vir die ongewenstheidsbevinding verantwoordelik is. Ronël*

Johl (1986:22) begaan dieselfde fout wanneer sy sê: "*Die gangbare beskouings van literêre meriete bied uit 'n sensuuroogpunt geen beskerming of waarborge aan byvoorbeeld 'aanstootlike' en 'andersdenkende' werk wat die moontlikhede van literatuur buite die aanvaarde konvensies en sisteme om verken of wat uit 'n tegniese oogpunt nie die mas opkonomie, soos wat die geval is met die grootste deel van die swart protesliteratuur en met talle aarselende beginne van oeuvres/rigtings.*" Dit gaan in die eerste plek nie om die vraag of die bepaalde publikasie oor 'literêre meriete' beskik of nie - want die aanwesigheid

daarvan of gebrek daaraan is nie 'n maatstaf nie - dit is bloot 'n verswarende/verliggende faktor. Die sleutelwoord in Johl se teks is *aanstootlik* en die 'toets' is of die publikasie so aanstootlik is dat die waarskynlike leserskring die publikasie ten spyte daarvan (en as gevolg van ander gronde) *aanvaarbaar* sal vind of nie. 'n Publikasie word nie net verbied omdat dit 'andersdenkend' is of omdat dit nie oor 'literêre meriete' beskik nie. Die objektiewe werking van sensuur - soos wat dit deur die Appèlraad beoefen (kan) word - is veel meer kompleks as wat Coetzee en Johl onderskeidelik te kenne gee.

#### 1.4 Die akademici is ontevrede

Sensuur het uit die oogpunt van die weerhouding van inligting 'n baie nadelige uitwerking op enige gemeenskap. Switzer (1986:400) stel dit so: "*The damage done by years of enforced silence on many subjects is becoming more obvious as the turmoil of the mid-1980s finally, through violence, is making known some of the long silenced grievances of South Africa's disenfranchised peoples.*"

'n Sosiale antropoloog, prof. Monica Wilson het in 1975 tydens die Hoernle Gedenksing gesê dat sensuur voorkom dat sy uit talle Suid-Afrikaners, wat oorsee publiseer het, se werk mag aanhaal en: "*a scholar must holiday abroad if he is to keep up to date with history, literature, or even theology written by black South Africans. Is it not dangerous for us to remain so ignorant?*" (in Switzer 1986:461).

#### 1.5 Die Wet op Publikasies, No. 42 van 1974

Van Rooyen (1987:3) gee in *Censorship in South Africa* 'n uiteensetting van wat die Wet se doel is. Hy stel dit so: "*... material is deemed to be undesirable inter alia if it is indecent or obscene or offensive or harmful to public morals or blasphemous or offensive to the religious convictions or feelings of a section of the population of the Republic.*"

### 1.5.1 Die Wet se 'beskermingsfunksie' kan tot 'n verbod op 'n verdienstelike publikasie lei

Volgens die Raad beskerm die Wet op Publikasies nie net die gemeenskap of 'n deel van die gemeenskap se belange nie, maar ook, onder andere, skrywers, produsente en 'n publikasie se waarskynlike lesers. Die Raad stel dié funksie soos volg in die **Riglyne tot Art 47(2) Wet 42 van 1974** wat by die uitspraak oor **Heartland (43/82:1)** aangeheg is: *"Omdat 'n geregtelike proses betrokke is, het dit sekere implikasies. Die besluitnemer moet objektief oordeel en nie vanuit die staanspoor 'n bepaalde belang beskerm nie. Sy taak is om 'n redelike afbakening van belange deur sy beslissing te weeg te bring. Hy moet hom dus nie as 'n vervolger namens die sedes, godsdiens of staatsveiligheid beskou nie, maar wel as 'n arbiter tussen dié belange en vryheid van spraak, godsdiensvryheid, kuns, tegniek, wetenskap, letterkunde en die belange van die waarskynlike leser en die volwasse leser. Verder is sy funksie ook nie evangeliserend, opvoedend, keurend of prysend nie. Sy funksie is om daardie belange te beskerm wat redelikerwys onder die bepaalde omstandighede aanspraak maak op beskerming."*

Alhoewel die Wet hom volgens die Raad dit ten doel stel om bepaalde belange te beskerm, gebeur dit meermale dat die beskerming van die betrokke belange meebring dat publikasies, wat van pamflette tot werke met duidelike letterkundige meriete wissel, verbied word. Die belange wat ten koste van die verdienstelike publikasie beskerm word, word dikwels op subjektiewe wyse bepaal en is meermale arbitrêr van aard. Terwyl dit dus aan die een kant 'n beskermingsfunksie verrig, verrig dit aan die ander kant 'n vernietigingsfunksie.

Hoe arbitrêr die Raad te werk gaan, blyk onder meer uit die talle publikasies wat aanvanklik verbied is, maar waarvan die verbod later opgehef is sonder dat die Raad tydens



die hervorlegging daarop wys dat die gronde van die verbod tydens die eerste verhoor - en gevolglik die belange wat 'beskerm' is - nie meer geldig is nie. Dit gebeur meermale dat die Raad die verbod op die betrokke publikasie op heeltemal ander gronde ophief. Wanneer dit gebeur, impliseer dit dat die 'belange' wat in die eerste instansie 'beskerm' moes word, òf nie werklik tersaaklike belange is nie, òf dat die Raad hom op dié 'belange' verlaat het ten einde die betrokke publikasies ongeag enige meriete te kon verbied. *Magersfontein, O Magersfontein!* en *Donderdag of Woensdag* is klassieke voorbeelde van die werkwyse. Nadat *Donderdag of Woensdag* aanvanklik kragtens artikel 47(2)(b) verbied is omdat die Raad van mening was dat die roman gedeeltes bevat het wat *godslasterlik is en aanstootlik is vir die godsdienstige oortuigings of gevoelens van die Christene*, is die verbod in 1983 opgehef. Die uitspraak op hervorlegging het om die vraag gedraai of *die verwysings wat oënskynlik lasterlik of aanstootlik is werklik binne die konteks van hierdie roman lasterlik of aanstootlik is en of daar voldoende korrektiewe teenwoordig is sodat dit blyk dat die beelde of verwysings, alhoewel skokkend, tog nie lasterlik of werklik aanstootlik in terme van die Wet is nie*. Die Raad bevind gevolglik dat die roman om die volgende redes nie-ongewens is: "*Die Raad is van mening dat die deursnee Christen die gedeeltes ergerlik sal vind, maar dit nie as aanstootlik sal beskou nie omdat hy sal beseft dat die waarskynlike leserskring beperk is en dat daar, indien hy daarvan sou verskil, ook ander bona fide interpretasies mag wees*" (27/83:3).

Afgesien daarvan dat 'n publikasie tydens 'n hervorlegging op ander gronde as die aanvanklike 'belange-gronde' nie-ongewens bevind kan word, word publikasies wat aanvanklik op politieke 'belange-gronde' ongewens bevind is, sedert 1983 nie-ongewens bevind aangesien die Raad sy *riglyne* en daardeur sy uitleg en toepassing van die betrokke artikel in die Wet gewysig het. Van Rooyen (1987:16) stel dit so: "*In 1983 a new set of guidelines was laid down with regard to protest literature by black authors. The advice of prominent black literary specialists was sought, and their advice was incorporated*

*into the board's more lenient approach. Of twelve such books adjudicated upon by the PAB from 1980 only two have been found to be in violation of the Act.*" Die 'nuwe' beleid geld egter nie net ten opsigte van boeke nie, maar ook ten opsigte van ander publikasies: *"A new policy allowing for strong protest in novels and films has been adopted, and this is based on the philosophy that it is often in the interests of state security to permit the expression of pent-up feelings and grievances"* (1987:16).

Ten spyte van die *more lenient approach* en die beginsel ingevolge waarvan *seksionele belange* teen mekaar opgeweeg word, blyk dit uit talle uitsprake (vergelyk Hoofstuk 2) dat die Raad dikwels bloot *voorgee* dat die Wet skrywers, produsente en publikasies se belange beskerm. Die teendeel is meermale waar: die Wet voorkom in talle gevalle dat 'n publikasie in sirkulasie bly, of dat 'n publikasie wat andersins bloot 'n gemiddelde sukses sou behaal het aangesien dit 'n uiters gemiddelde publikasie is, skielik in 'n blitsverkoper omskep word; of die Wet het tot gevolg dat 'n publikasie se voortbestaan verseker word - juis omdat dit verbied word; of die Wet bring mee dat vrees vir 'n ongewenstheidsbevinding tot gevolg het dat dele van 'n publikasie liever nie by die manuskrip ingesluit word nie, soos byvoorbeeld *Swart dood* wat uit Breyten Breytenbach se bundel, *Die Huis van die Dowe*, weggelaat is. Dit blyk dus dat die Wet hoegenaamd nie in dié opsig 'n beskermingsfunksie verrig nie - tensy 'n mens aanvaar dat 'n boek se 'voortbestaan' wat onder abnormale omstandighede verseker word, inderdaad op 'n beskermingsfunksie neerkom. Dit blyk egter meermale dat die Wet eerder 'n vernietigingsfunksie verrig.

## 1.6 Gemeenskapsopvatting

Die waarnemende voorsitter, mnr. J.J.H. Malherbe, het 'n minderheidstem uitgebring in *The Gauntlet* (152/81:4) waarin hy aanbeveel het dat slegs ongeveer twee derdes van die

oorspronklike snitte teruggeplaas word aangesien *"daar vandag groter verdraagsaamheid vir taal van hierdie aard (is) waar dit realisme aan 'n rolprent verleen. 'n Mens het hier met ruwe karakters te doen wat nie verwag kan word (sic) om deurgaans Sondagskooltaal te gebruik nie"*.

Hy beslis op p. 6 soos volg: *"Artikel 25 is 'n erkenning deur die wetgewer dat openbare opvattinge of omstandighede so mag verander dat wat op 'n gegewe tydstip ongewens is na twee jaar nie meer ongewens mag wees nie. Die teenoorgestelde mag natuurlik ook waar wees en nou mag dit geredeneer word dat artikel 25(5) onder andere juis voorsiening maak vir 'n swaai na 'n meer konserwatiewe openbare mening. As dit egter die geval was, sou die Wetgewer dit nie aan die blote toevalligheid van 'n aansoek om begenadiging deur die verspreider oorgelaat het nie en sou daar voorsiening gewees het vir selfs die afkeuring van 'n rolprent as geheel"*.

Alhoewel Scope van 13 November 1981 (137/81) se voorblad (waar 'n meisie haar voorarm oor haar borste hou) as riskant bestempel is, het die Raad bevind dat dit binne die betrokke tydsgewrig nie-ongewens is. *"Tien jaar gelede sou dit sekerlik te ver gegaan het, maar die gemeenskap openbaar vandag 'n groter verdraagsaamheid ten aansien van skamel geklede dames"*. Die gemeenskapsopvatting het egter nie deur die bank verander nie: *"Daar sal natuurlik klagtes wees, maar op die ou end moet die Raad besluit of die redelike, ewewigtige en regdenkende lid van die Suid-Afrikaanse gemeenskap sal sê dat hier 'n blatant skaamtelose uitbeelding van vroulike naaktheid aanwesig is. Die Raad kan nie tot so 'n konklusie kom nie"* (p. 5).

### 1.7 Riglyn by die toepassing van die Wet

Die Raad verduidelik in die uitspraak oor *It's a Boy* (159/82:4) hoe hy te werk gaan en hoe die Wet op Publikasies in die praktyk toegepas word wanneer hy die volgende sê:

"Die woorde van die Wet op Publikasies het bepaalde juridiese betekenis en sedes, die waardigheid van 'n bevolkingsdeel, en bevolkingsverhoudings kan alleen beskerm word vir sover die Wet op Publikasies daaraan beskerming verleen. Uit regspraak wat oor hierdie Wet en sy voorganger gaan, blyk dit dat daar nie absolute beskerming gegee word nie. Binne die heterogene aard van die Suid-Afrikaanse gemeenskap, word daar voldoende bewegruimte vir die beoefening van die verhoogkuns en ook vir politieke kritiek gelaat". Dit beteken uiteraard dat alles wat buite die twee punte val ten opsigte waarvan bewegruimte gelaat word, nie binne die sogenaamde bewegruimte val nie. Dat dit die geval is, blyk onder meer uit die Raad se sterk ideologies-gekleurde beslissings waarna in Hoofstuk 2 verwys word, asook uit die subjektiwiteit wat die uitsprake meermale kleur, soos in Hoofstuk 4 aangedui.

#### 1.7.1 Behoudende lewensbeskouing

Die Raad wys verder daarop dat die volgende feit ook in ag geneem moet word: "... *dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap, vanweë sy heterogene aard en die behoudende lewensbeskouing van 'n aansienlike gedeelte van die bevolking, sensitief is vir kruhede*". Wat die Raad egter hiermee sê, is dat 'n groot deel van die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap 'behoudend' is en dat dié deel - wat 'n geringe persentasie van die bevolking as geheel is - in sy uitsprake as maatstaf vir die res van die bevolking gaan dien.

#### 1.7.2 Blanke Afrikaanssprekende

Dat die Raad veral 'n blanke in gedagte het wanneer hy die stelling maak, blyk uit die volgende woorde wat in die uitspraak oor *The Naff Sex Guide* (90/85:9) voorkom: "*In determining the attitude of the reasonable man in any given situation, it must be borne in mind, as has often been stated in the past, that the average South African is still a good deal*

*more conservative than his counterpart in most overseas communities". Nadat die Raad aangedui het dat hy met 'n meer konserwatiewe (en blanke) persoon werk as diegene wat in 'n buitelandse gemeenskap sou voorkom, wys hy verder daarop dat die fiktiewe dog behoudende persoon se verdraagsaamheidsgrens 'n uiters belangrike faktor is wanneer oor 'n verskeidenheid aangeleenthede beslis word, soos byvoorbeeld of 'n naakfoto (of 'n semi-naakfoto) ongewens is of nie.*

Die Raad wys ook daarop dat hy nie net die 'persoon' as verteenwoordiger van die gebalanseerde, gemiddelde Suid-Afrikaner se verdraagsaamheidsgrens in ag neem nie, maar dat hy hom darem ook tot die gemeenskap wend ten einde te bepaal wat die huidige gemeenskapsopvatting is. Hy stel dit so in *Vision Quest* (95/85:4): *"On the other hand, it is not this board's task to educate people but simply to gauge the standards existing in the South African community at a specific time. These standards are based on what the reasonable man would tolerate under the circumstances prevailing".*

### 1.7.3 'Verteenwoordiger'

Dit beteken eerstens dat daar geen verskil tussen die heersende gemeenskapstandaarde of -opvatting en die redelike persoon se verdraagsaamheidsgrens is nie aangesien hy as verteenwoordiger van die gemeenskap fungeer. As daar egter gekyk word na wie die *sogenaamde verteenwoordiger* is, blyk dit dat hy in alle waarskynlikheid 'n (gemiddelde) behoudende Afrikaanssprekende blanke is. Dit beteken dat daar geen sprake van die gemeenskapsopvatting as sodanig (of in die breë) kan wees nie. Daar is duidelik slegs sprake van 'n uiters eng en nie-verteenwoordigende gemeenskapsopvatting. Die enigste gevolgtrekking waartoe 'n mens kan geraak, is dat die sogenaamde verteenwoordiger van die gemeenskapsopvatting nie net 'n gemiddelde, behoudende, Afrikaanssprekende blanke is nie, maar dat hy - gegewe die feit dat hy 'n *gemiddelde* verteenwoordiger is -

in die stadium (nog) 'n lid van die Nasionale Party is. Dit beteken dat dié verteenwoordiger wat taal, kultuur, godsdiens en politieke oortuiging betref, in 'n heeltemal ander kamp as die oorgrote meerderheid van die bevolking staan, maar dat sy standaard en sy oortuiging op die res van die bevolking afgedwing word wanneer daar tydens die ondersoek na 'n publikasie met hom as maatstaf gewerk word.

#### 1.7.4. Die gemiddelde man

Die Raad werk dikwels met die term '*die gemiddelde man*' in plaas van met die ander terme soos '*die redelike man*' of die '*redelike, ewewigtige Suid-Afrikaner*'. Daar is geen verdediging vir die gebruik van die maatstaf, '*die gemiddelde man*', wanneer dit by boeke kom nie, want daar bestaan geen grond om te glo dat die sogenaamde gemiddelde man wel 'n leser is of dat hy selfs die betrokke publikasie sou lees nie. Dit blyk veral uit Myburgh R. se uitspraak in Human en Rousseau Uitgewers (Edms) Bpk. v Snyman NO 1978(3) op 841 waar beslis is dat "*die gemiddelde man die boek waarskynlik nie sal lees nie*". Die vraag bly dus staan: Waarom moet die '*gemiddelde man*' teen 'n publikasie beskerm word indien hy so 'n publikasie nie sal lees nie? (Kyk Hoofstuk 3). Dit lyk na 'n onverdedigbare werkwyse om ten spyte van die bevinding aan die betrokke maatstaf te kleef - die waarskynlike leser behoort te alle tye die enigste maatstaf te wees wanneer boeke beoordeel word en die waarskynlike kyker behoort die enigste maatstaf te wees wanneer rolprente beoordeel word. Dit spreek natuurlik vanself dat die waarskynlike luisteraar (wat plate en kassetopnames betref) ook die enigste maatstaf behoort te wees wanneer sodanige publikasies ondersoek word.

Die Raad gaan van die vertrekpunt af uit dat dit nie altyd nodig is om 'n publikasie ongewens te bevind nie aangesien so 'n bevinding 'n status, waarop die betrokke publikasie nie geregtig is nie, daaraan verleen. Die Raad beslis gevolglik dat die plak-

kaat **He Who Drinks ...** (100/82:2) wat mense uitnooi om te drink sodat hulle kan hemel toe gaan nie-ongewens is: *"Na die mening van die Raad maak dit nie veel saak welke betekenis aan 'heaven' geheg word nie. Die plakkaat, wat waarskynlik hoofsaaklik teen die mure van kroeë gehang sal word, is van so 'n nietige aard dat dit hoogstens miskien 'n gevoel van misnoë by Christene sal veroorsaak, maar meeste (sic) wat dit sien sal dit of ignoreer of verwerp vir die prul wat dit is. Om dit ongewens te bevind sal 'n status daaraan gee wat dit nie verdien nie"*.

## 2.0 Uitsprake: Kritiek en kommentaar op die wyse waarop uitsprake tot stand kom

### 2.1 Aanstellings

Die lede van die Appèlraad word uit hoofde van hulle opvoedkundige kwalifikasies en kundigheid op die Raad aangestel. Hulle word aangestel op grond van die veronderstelling dat hulle vanweë hul opvoedkundige kwalifikasies en kundigheid geskik sal wees om die werksaamhede wat aan die Appèlraad kragtens die Wet opgedra is, te verrig. Een van die persone wat op die Appèlraad aangestel word, moet iemand wees wat na die oordeel van die Staatspresident bekwaam is om as Voorsitter van die Appèlraad waar te neem uit hoofde van die feit dat hy 'n regterlike amp bekleed of as gevolg van ondervinding wat hy as advokaat of prokureur of dosent in die regsgeleerdheid aan 'n universiteit vir 'n tydperk van ten minste 10 jaar opgedoen het.

Van der Vyver wys in Coggin (1983:25-26) daarop dat Van Rooyen gesê het dat die lede van die Appèlraad op grond van hul spesiale kennis van die kunste, taal, literatuur of "*the administration of justice*" aangestel is. Van Rooyen het voorts gesê: "*Dit blyk duidelik dat*

*die wetgewer 'n prestige liggaam op die been wou bring wat onafhanklik oor appelle (sic) kon beoordeel en die funksie van die howe in hierdie verband kon oorneem.*" Van der Vyver verwys in dié stadium na Louise Silver se bevinding dat die samestelling van die Appèlraad se lede egter 'n oorwig ten opsigte van die ouer geslag, die Afrikaanssprekende deel van die gemeenskap en "*adherents to the Christian faith*" toon, en dat rasvooroordeel en in 'n mindere mate geslagsvooroordeel ook uit die keuse van die lede wat uiteindelik op dié Raad aangestel word, blyk. Tot en met mev. L. Gilfillan se aanstelling op die Appèlraad is die vrouegeslag slegs - en ook nie altyd tydens *elke* sitting nie - deur prof. Rena Pretorius van die Universiteit van Pretoria verteenwoordig. Dit beteken uit die aard van die saak dat die Raad se samestelling as *seksisties* beskryf kan word.

## 2.2 Op appèl

Nadat 'n publikasie op appèl na die Appèlraad oor Publikasies verwys is, word 'n sitting belê waartydens die Appèlraad ondersoek na die betrokke publikasie instel en op grond van die getuienis wat tot sy beskikking is, besluit of sodanige publikasie ongewens of nie-ongewens is. Die Appèlraad kan slegs publikasies op appèl aanhoor wat deur die Direkteur van Publikasies of 'n appellant na hom verwys is en kan slegs uitspraak lewer oor die aspekte wat deur die Direkteur van Publikasies, wat teen die Publikasiekomitee se uitspraak appelleer, aangedui is.

'n Appèl kan volkome slaag, volkome misluk, gedeeltelik slaag of gedeeltelik misluk, vergelyk *Wife Mistress* (77/82:5), *Who Goes Bare* (119/82:3), en *Quartet* (140/81:4). 'n Publikasie kan ook nie-ongewens bevind word mits bepaalde voorwaardes opgelê word, soos byvoorbeeld 'n ouderdomsbepanking, dat dit op 'n spesifieke vertoonpunt vertoon word, soos 'n rolprentteater wat daarvoor bekend is dat dit kuns- of ernstige rolprente



vertoon; òf dat besliste voorwaardes soos dat 'n publikasie nie in die openbaar uitgestal mag word nie, òf dat slegs blankes dit sien soos in **King Boxer** (157/81) aan die publikasie gekoppel word; of die appèl kan "*substantially*" slaag soos in **Fake Out** (52/83:3), of dit kan in "*the alternative*" slaag soos in **Mr No Legs** (133/81:5). Uitsprake kan ook met 'n *naskrif* geskryf word, soos in **Village Dreams** (185/84:5) en **Video Guide to Nude Photography** (239/84:4). Riglyne vir die vrystelling van rolprente of boeke, en riglyne in terme waarvan Publikasiekomitees in die toekoms na 'n publikasie wat voorgelê word, moet ondersoek instel, word in die uitsprake vervat. Daarbenewens beskik die uitsprake oor regsrag en funksioneer die Raad soos 'n hof. (Kyk Hoofstuk 4 1.2).

### 2.3 Skryf van uitsprake

Artikel 35(2)(a)(i) bepaal dat die Raad se voorsitter iemand moet wees *wat na die oordeel van die Staatspresident bevoeg is om as voorsitter te dien uit hoofde van sy bekleding van 'n regterlike amp of deur ondervinding as advokaat of prokureur of dosent in die regsgeleerdheid aan 'n universiteit vir 'n tydperk van minstens 10 jaar*. Artikel 35(3)(c) bepaal dat een van die persone wat in die Raad aangestel word, iemand moet wees *wat na die oordeel van die Staatspresident bevoeg is om as voorsitter van die appèlraad waar te neem uit hoofde van sy bekleding van 'n regterlike amp of deur ondervinding as advokaat of prokureur of as dosent in die regsgeleerdheid aan 'n universiteit vir 'n tydperk van minstens 10 jaar*.

Aangesien die Wet dit duidelik stel dat die voorsitter (en waarnemende voorsitter) iemand met regs kennis moet wees, kan die Wet uitgelê word as synde dat dit beteken dat sodanige persoon ook vir die uitsprake se skryf verantwoordelik sal wees omdat daar in talle van die uitsprake nou met Hooggeregshofuitsprake omgegaan moet word. Dit

gebeur egter dikwels dat nòg die Voorsitter, nòg die ondervoorsitter van die Appèlraad oor Publikasies die uitspraak skryf - vergelyk byvoorbeeld die volgende uitsprake waar die persoon, wat die uitspraak geskryf het, se naam tussen hakies aangedui word, gevolg deur 'n hoofletter V indien dit onder die "toesig" van die voorsitter geskied het en 'n hoofletter O indien dit onder die "toesig" van die ondervoorsitter geskied het: **Meneer, Jou Seksmaniere 46/81** (ds P.R. van der Merwe V), **The Choir Boys 46/84** (mnr N.J.G. Sabbagha O), **Kinflicks 90/81** (C.E. Pretorius en N.J.G. Sabbagha V), **Kenyatta's Escape 80/81** (C.D. Fuchs V) en **The Hite Report on Male Sexuality 104/81** (ds J.J. de Jager V).

Daar word nêrens in die Wet bepaal dat gewone lede van die Raad uitsprake mag skryf nie. Daar is geen regverdiging daarvoor dat lede van die Appèlraad wat *uit hoofde van hul opvoedkundige kwalifikasies en kundigheid* in die Raad aangestel is en nie op grond van hulle regs-kennis of -ervaring nie, toegelaat behoort te word om uitsprake, wat in talle gevalle bindende regs-krag het, te skryf nie. Daarbenewens word talle uitsprake aan verwysings na Hooggeregshofuitsprake - waaruit regs-beginsels geneem en toegepas word - gekenmerk.

## 2.4 Vetoreg ontbreek

### 2.4.1 Aantal stemme is beslissend

Die feit dat die Voorsitter of Ondervoorsitter nie vetoreg het nie, skep die moontlikheid dat die Raad se beslissings deur nie-regseleerdes bepaal word en dit kan die uitleg van die betrokke Wet geweld aandoen.

### 2.4.2 Wyk van riglyne en presedente af

Alhoewel dit die Raad se verklaarde beleid is dat woorde soos *fuck, prick, Jesus, Christ* en  *fucking* nie voor die voet in rolprente uitgesny moet word nie, beslis die meerderheid in die uitspraak oor **The Gauntlet** (152/81:4) dat dit wel gedoen mag word indien dit 'n baie swak rolprent is. Die waarnemende voorsitter, mnr. J.J.H. Malherbe, het egter "*n minderheidstem uitbring op grond dat dit nie strook met vorige uitsprake van die Raad nie*" (p. 4.). Dit het gevolglik tydens die uitspraak gebeur dat die enigste persoon wat oor enige regs kennis beskik en wat enigsins moontlik aan die uitleg van die Wet gevolg kan gee, deur die meerderheid wat nie regsgeleerdes is nie, uitgestem is.

Aangesien geen veiligheidsmaatreël by die Wet ingebou is om sulke situasies te voorkom nie, beteken dit weliswaar dat dit te enige tyd kan gebeur dat daar nie net van die Raad se verklaarde beleid, sy vorige uitsprake asook van bestaande hofbeslissings afgewyk kan word nie, maar dat 'n klompie lede, wat nie oor die nodige regs kennis beskik nie, kan besluit dat 'n publikasie op ander gronde as regsgronde - en gevolglik buite die omvang van die Wet - ongewens is. Indien dit sou gebeur, moet die appellant twee jaar lank wag voordat die publikasie weer aan die Appèlraad voorgelê kan word, of moet hy, indien hy kan bewys dat die Raad hom aan 'n *ultra vires*-optrede skuldig gemaak het, die uitspraak op hersiening na die Hooggeregshof verwys. Die feit dat die Appèlraad met die beginsel van presedente werk, word dikwels in die uitsprake onderstreep - die volgende is byvoorbeeld in die uitspraak oor **Color-foto** (sic) (9/81:2) beslis: "*Ter inligting kan vermeld word dat hierdie beleid ten aansien van soortgelyke publikasies deur die Voor-sitter gehandhaaf sal word en dat sodra 'n appèl aangeteken word onder soortgelyke om-standighede, 'n soortgelyke opskorting onmiddellik gegee sal word. Sodanige optrede voorkom dat die beslissing van die Appèlraad nie uiteindelik bloot van akademiese belang is nie*".

### 2.4.3 Presedentesisteem

Die Appèlraad beslis soos volg in Riglyne tot Art. 47(2) Wet 42 van 1974, wat as aangesel by die rolprent *Heartland* (43/82) publiseer is: *"Die Appèlraad oor Publikasies het dikwels al aangedui dat dit sy taak is om 'n presedentesisteem op te bou. Dit is die enigste wyse waarop die komitees binne 'n eenheidsisteem kan funksioneer en konsekwentheid bevorder kan word. Die presedentesisteem word dan ook by implikasie deur die Wet op Publikasies voorsien, vir sover daar bepaal word dat die beslissings van die Appèlraad aan die betrokke voorsitter van 'n komitee gestuur moet word en dat die Direktooraat dit ook aan ander voorsitters kan stuur. Presedente bestaan net ten aansien van die uitleg van die woorde van die Wet. So word daar 'n bepaalde betekenis aan die woord 'aanstootlik' gegee en 'n Publikasie-komitee (sic) is gebonde aan hierdie uitleg wat die Appèlraad oor Publikasies, in navolging van die Hooggeregshofbeslissing en algemene regsbeginsels aan hierdie woorde gee. Daarom word daar ook dikwels deur die Appèlraad oor Publikasies na die hofbeslissings verwys. Blyk dit dus dat 'n Publikasiekomitee nie die riglyne van die Appèlraad toegepas het nie en dat dit moontlik tot 'n verkeerde beslissing gelei het, is die Direktooraat verplig om te appelleer. Die publikasiebeheerders van Suid-Afrika kan alleen hulle bevoegdheid uitoefen binne die magte wat die Wet op Publikasies aan hulle gee. Die magte is gekoppel aan regsbegrippe. In beginsel bestaan daar dus nie feite-presedente nie. Dit spreek egter vanself dat die toepassing van regsbeginsels wel ten aansien van gelyksoortige feite oorredende krag vir 'n beslissing sal hê. Hier moet daar ook kennis geneem word van die tydstip waarop die vorige besluit geneem is. Besluite moet altyd in die lig van die omstandighede wat tydens die besluit geld, geneem word".*

### 2.4.4 Nie aan feitebevindings gebonde nie

Die Raad besluit in *Boetie op Manoeuvres* (125/85:2) dat hy (die Raad) nie aan sy feitebevinding in vorige sake gebonde is nie, maar dat sodanige feitebevinding tog sterk

oorredende gesag het. Die rede hiervoor is dat regsekerheid deur die Raad nagestreef word. *"Daarom word die presedentesistees beklemtoon en vorige uitsprake van hierdie Raad word voortdurend voor hierdie Raad aangehaal en klaarblyklik ook deur die Publikasiekomitees gebruik. Tensy die Raad dus klaarblyklik fouteer het by sy vorige beoordeling of omstandighede duidelik verander het (vir sover mens dit kan agterkom) behoort dieselfde beslissing te geld".* Die Raad pas die beleid oënskynlik betreklik konsekwent toe wanneer hy nie deur die nie-regseleerdes, wat in die Raad dien, uitgestem word nie - vergelyk *The Gauntlet* (152/81:4). Hy beslis byvoorbeeld in *Eyewitness* (47/81:2) dat dit oor die algemeen gesê kan word dat rolprente *"met hoogstaande dramatiese en/of artistieke meriete al of feitlik al die kru taal kan dra terwyl rolprente waarin hierdie faktore aanwesig is weinig of geen daarvan sou kon dra nie. Middelmatige rolprente en bo-gemiddelde (sic) rolprente kan weer veel meer dra".* Die Raad beslis ook in *Blood Feud* (50/81:2) dat kru taal nie-ongewens is wanneer dit funksioneel aangewend word. Krutaal wat funksioneel aangewend word, word beskou as *"n sterk versagende omstandigheid by die beoordeling van die vraag of die stof deur die redelike, ewewigtige kyker as walglik beskou sal word".*

#### 2.4.5 Jongste riglyne

Alhoewel die Raad van tyd tot tyd allerlei riglyne neerlê in terme waarvan daar besluit word of die betrokke publikasie ongewens of nie-ongewens is, word so 'n riglyn dikwels op selektiewe wyse toegepas.

Van Rooyen sê in *Censorship in South Africa* (1987:77-79) die volgende oor die beleid ingevolge waarvan die Appèlraad oor sogenaamde 'vuil woorde' beslis: *"Before 1980 no crude language whatsoever was allowed in films, and instances of what are today regarded as innocuous terms, such as 'son of a bitch', were regularly cut. After the 1978 amending*

legislation (...) the Board (...) for the first time allowed the word 'fuck' to be used in films as long as they were judged to have artistic merit and an age restriction of 2-18 was imposed. (...) After the first few cases in 1980 in which the word 'fuck' was allowed in films with a military theme it was also allowed in films whose setting seem to warrant its use, such as films concerned with boxers or prisoners. The current approach is generally not to cut this kind of word even in films of average merit, particularly if a 2-18 restriction has been imposed. The mere fact that such words are not used in functional circumstances is not regarded as being sufficient reason to cut them. The main consideration in deciding whether or not to cut these words are their frequency, audibility, the identity of the person uttering them, the identity of the person to whom they are spoken, and the age restriction imposed. The greater the merits of the film, the less the likelihood that it will be cut. The more risqué the language becomes, however, the more its legality depends on alleviating factors such as functionality and merit. (...). Legally, it remains important that the PAB act according to the principle that no word is undesirable in itself, that the criterion is not whether the inclusion of the word is necessary or functional, but whether it is used in a manner that is more than merely annoying and is in fact 'offensive' as defined in the Gallo case. It is unlikely that the film will be found to be undesirable as a result of crude dialogue alone".

Die Raad besluit egter self wanneer 'n woord riskant is en wanneer nie. Die Raad beslis gevolglik in **French Connection II** (171/83:3) dat die woord *motherfucker* op 'n meer sensitiewe oor as die woord *fuck* val "vanweë die onderliggende betekenis wat dit inhou". Dié woord word egter nes die woord *fuck* in sy sekondêre betekenis gebruik sodat daar van *onderliggende betekenis* geen sprake kan wees nie. Die Raad huldig 'n soortgelyke standpunt wat die woord *cocksucker* **Best Defense** (203/84:5) betref en besluit op arbitrêre wyse dat die woord se sekondêre betekenis nog nie in Suid-Afrika gevestig is nie: "Although it cannot be denied that this word could have a secondary meaning, depending

*on the place and time, this secondary meaning has not yet established itself in its secondary form (...). What is more, the primary meaning of the word is of a much more intimate nature than 'fuck'. Although no general prohibition may be placed on words, the Board is of the opinion that the force with which these words are used outweigh their possible functionality and that they are found to be offensive to public morals."* Dit blyk egter uit die rigting wat bostaande argument volg dat die werklike toets vir die toelaat van die snit waarin die woord gebruik word, nie 'n funksionaliteitstoets is nie, maar 'n doelbewuste poging om 'n woord, wat vir die Raad in dié stadium nog onaanvaarbaar is, se gebruik te verbied. Dié beslissing druis sonder twyfel teen die Raad se *more lenient approach* en sy benadering ten opsigte van 'vuil' woorde of kru-taal in die algemeen in.

### 3 Subjektiewe werkswyse tydens beslissings wat veronderstel

is om juridies objektief van aard te wees

#### 3.1 Die Raad 'hoop' die gemeenskap stem saam

Die Raad spreek tydens *What Makes a Man Good in Bed?* (111/81:9) die hoop uit dat die meerderheid Suid-Afrikaners met sy subjektiewe oordeel sal saamstem. Die 'meerderheid Suid-Afrikaners' na wie hier verwys word, kan by implikasie aan die *gemeenskapsopvatting*, wat 'n erkende en belangrike maatstaf is, gelyk gestel word. Deur egter te sê dat hy hoop dat die meerderheid met hom saamstem, erken hy by implikasie dat hy nie weet wat die '*gemeenskapsopvatting*' is nie en ook nie wat die gemeenskap van aangeleenthede soos dié dink nie.

Nadat die Raad die hoop uitgespreek het dat die meerderheid Suid-Afrikaners met hom sal saamstem, gaan hy voort asof dit 'n feit is: "*In the opinion of the Board, the mere fact that well-known people are prepared to lay bear the most intimate details of their sex lives*

*will be repugnant to right-thinking persons, with the coarse and even obscene language, which they often employ in doing so, making it revolting and nauseating to most".* Die feit van die saak is egter dat dit die Raad se mening is en dat die mening oënskynlik op niks anders as 'n subjektiewe afkeur gegrond is nie.

### 3.2 Voordeel van die twyfel

Wanneer daar onsekerheid ten opsigte van 'n publikasie bestaan, is dit gebruikelik om die voordeel van die twyfel aan die publikasie toe te ken, vergelyk onder meer **3M Calender** (156/81:3).

Indien die Raad egter van sy gebruikelike benadering afwyk, doen hy van sy objektiwiteit afstand en manipuleer hy sy subjektiewe gevolgtrekking op so 'n wyse dat dit op die oog af lyk asof daar wel met 'n objektiewe maatstaf gewerk word: "*Alhoewel dit nie met sekerheid gesê kan word nie, is daar 'n suggestie van masturbasie aanwesig. Die Raad is van oordeel dat die vulgareit hier oorloop tot 'n blatante en sieklike behandeling van naaktheid en seks".* (Roxy Music-plaatomslag (109/81:8).

### 4.0 Sweeping Statements

Daar is reeds in Hoofstuk 4 op die Raad se voorliefde vir die gebruik van '*sweeping statements*' gewys. In daardie afdeling is hoofsaaklik op *sweeping statements* van 'akademiese' aard gewys. Die volgende voorbeelde dui egter op voorbeelde van 'n 'alledaagse' aard, dit wil sê, die soort voorbeelde wat dikwels voorkom aangesien die Raad gereeld voor dié soort situasie te staan kom.

#### 4.1 Swart tale is ryk aan beeldspraak



Die Raad beslis in die uitspraak oor Oswald Mtshali se digbundel, **Fire Flames**, (2/81:3) dat swart tale ryk is aan beeldspraak en beslis dan dit een van die redes is waarom die publikasie ongewens is. Die Raad stel dit so: "*dat die Swart taal besonder ryk is aan beeldspraak, dat poësie gevolglik besondere weerklank by die Swartman vind en dat hy makliker daardeur aangevuur sal word as deur prosa*". Die publikasie is egter in Engels geskryf en toon as sodanig geen verband met die Raad se stelling dat *swart tale ryke aan beeldspraak* is nie. Die feit dat die betrokke digbundel in Engels geskryf is, is oënskynlik nie in ag geneem nie - tensy die Raad die mening toegedaan is (wat nêrens aangedui word nie) dat dié Engels onder die invloed van die feit dat Mtshali swart is, nou net so ryk aan beeldspraak is. Dit maak egter nie saak hoe 'n mens die onverklaarbare stelling probeer akkomodeer nie, want dit bly steeds 'n sweeping statement. Die "*vrees*" dat *hierdie bundel in skole voorgeskryf mag word* en die leerlinge by implikasie sodoende mag aanvuur, is nie ter sake nie en ook nie geldig wat die uitspraak betref nie - 'n boek kan seer sekerlik nie ongewens bevind word op grond daarvan dat die Raad *vrees* dat dit *moontlik* voorgeskryf sal word nie.

#### 4.2 Die adolessent en die ryppwordingsproses

Die Raad beweer dat die adolessent 'n versnelde ryppwordingsproses tussen die ouderdom van 14 en 18 ondergaan, maar dat die proses op die ouderdom van 18 afneem sodat "*there is no very great difference between the degree of maturity of the 18-year old and that of the 21-year old, and what is harmful to the former would, in general, also be harmful to the latter*". Vergelyk byvoorbeeld hier die uitspraak oor die twee rolprente, **Redeemer** (124/81:4) en **Stevie** (112/82), en die verhoogstuk, **Funny Peculiar** (158/86).

Die Raad waag hom egter ook dikwels op 'n ander terrein wanneer hy die voorwaarde 'ouderdomsbepanking' oorweeg aangesien hy tussen seuns en dogters of adolessente van

verskillende geslagte se rypheid onderskei wanneer hy stellings soos die volgende in die uitspraak oor die gruwelprent, *The Thing* (141/82:4), maak: "*Heelwat seuns onder die ouderdom van 18 jaar sal geen probleme met die rolprent ondervind nie, maar die Raad is van mening dat 'n wesenlike aantal persone (veral meisies) in elke jaargroep onder 18 hierdie rolprent sal kan verwerk nie*". Gegewe die feit dat dogters emosioneel en andersins vinniger ryp word as seuns, lyk dit asof die Raad hom in sy uitspraak weer eens deur sy stereotipiese opvatting van wie en wat die vrou/dogter is en hoe sy dink of voel, laat lei het.

#### 4.3 Sogenaamde feministiese uitsprake

Al die Raad se sogenaamde 'feministiese uitsprake' is te bevraagteken. Sy poging om 'n publikasie, wat hy persoonlik afkeur, ongewens te bevind, het veroorsaak dat nòg die skrywer van die uitspraak (ds. J.J. de Jager) nòg die voorsitter wat die uitspraak onderteken het (prof. J.C.W. (Kobus) van Rooyen) in die uitspraak oor **The Hite Report on Male Sexuality** (104/81:4) opgemerk het dat die sweeping statement wat as verdoemende getuienis teen die publikasie gebruik moes word, in direkte teenstelling met die voorafgaande sin staan - die teenstelling word deur my beklemtoon: "*Shere Hite's 'scientific' approach consists of giving occasional summaries of the data, which in effect constitutes a monotonous repetition of perverse descriptions. Her summaries often do not corrolate with the answers she received on the questionnaire, because her interpretations are determined by feministic prejudices.*"

Indien die publikasie uit opsommings van die data bestaan en indien die data eentonig is omdat dit 'n herhaling van dieselfde soort data is, is dit moeilik om te verstaan hoe die Raad kan bevind dat haar opsomming nie met die antwoorde wat sy ontvang het, korreleer nie. Dit is ook nie duidelik of die Raad hier impliseer dat sy haar opsommings

van die antwoorde 'verdraai' of 'manipuleer' het ten einde 'n bepaalde punt te bewys nie. Wat egter duidelik is, is dat die Raad bevind dat die wyse waarop sy die data vertolk het, 'onsuiwer' is omdat haar 'feministiese vooroordele' voorkom het dat sy die data op 'objektiewe wyse' vertolk.

Aangesien die Raad geen enkele aanduiding gee van wat hy met die 'feministiese vooroordele' bedoel nie, is dit nie moontlik om vas te stel watter vertolkings die Raad aan die data geheg sou wou sien nie. Wat wel duidelik is, is dat die Raad nie met die bevindings genoeg neem nie aangesien dit nie met sy siening 'van die werklikheid' (kyk Hoofstuk 2) ooreenstem nie. Die feit dat hy nie bereid is om die bevindings te 'aanvaar' nie tesame met sy ander uitsprake oor die mens se seksuele gedrag soos in die eerste voorlegging van *Magersfontein, O Magersfontein!* weerspieël egter die Raad se onkunde en sy onbuigsaamheid in dié verband asook sy oënskynlike onwilligheid om kennis te neem van bevindings wat moontlik van sy persoonlike opvattinge mag verskil.

## 5.0 Losse gebruik van begrippe 'artistieke' en

### 'dramatiese' meriete

Die rolprent, *I Escaped from Devil's Island* (99/81:2), beskik volgens die uitspraak oor "*gemiddelde tot goeie dramatiese en artistieke*" meriete. Wat met sulke vae en betreklik uiteenlopende en losse terme bedoel word, is nie duidelik nie. Dit spreek tog vanself dat 'n rolprent wat oor gemiddelde dramatiese meriete beskik nie in dieselfde kategorie kan val as 'n rolprent wat oor goeie dramatiese meriete beskik nie. Of gee die Raad bloot hiermee te kenne dat hy nie die vaagste benul het van wat meriete inderdaad is nie en dat sy uitspraak op subjektiewe raaiery neerkom? Die motivering hef ook nie die niksseggenheid van die vae en algemene stelling op nie: "*Dit boei en kan nie beskou word as 'n goedkoop poging om 'n riller te maak waarin die rolprentmedium bloot gebruik*

word as 'n tuig om oormatige geweld, seks en naaktheid te verkoop nie". (99/81:2). Impliseer dit dat 'n publikasie wat boei dramatiese meriete het?

#### 6.0 Die Raad is nie konsekwent in sy benadering of werkswyse nie

Die Raad het ten opsigte van *Dressed to Kill* (71/81:3) beslis dat die roman eindig voordat die kranksinnige Elliot 'n verdere moord pleeg, maar dat daar nie twyfel bestaan dat die moord wel gepleeg word nie: *"The book comes to an end before the actual killing, but there can be no doubt that that is what happens"*.

Alhoewel die publikasie nie om dié rede nie, maar om verskillende ander redes ongewens bevind word, word die indruk tog geskep dat die finale moord wat vermoedelik plaasvind, meebring dat kwaad oor goed in die Raad se oë seëvier en dat dié 'feit' 'n negatiewe of verswarende faktor is. Dit impliseer uiteraard dat die Raad sy beslissing op 'n deel van 'n publikasie, wat nie bestaan nie, grond. Daar is geen juridiese of ander regverdiging vir die werkswyse, wat op inlegkunde neerkom, nie.

*Blood Feud* (50/81:3) word aan die ander kant nie-ongewens bevind en die Publikasiekomitee se vermoede dat 'n bepaalde handeling plaasgevind het, word sterk teengestaan: *"Alhoewel die Publikasiekomitee aandui dat die vrou se tepel in een geval bevoel word, het die Appèlraad tot die konklusie gekom dat hierdie afleiding nie op die feite geregverdig kan word nie. Dit vind miskien by implikasie plaas, maar daar is geen visuele uitbeelding hiervan nie"*. Laasgenoemde bevinding is, juridies gesproke, die korrekte benadering.

#### 7.0 Vaaghede en veralgemenings

Die Raad neig om te veralgemeen wanneer hy 'n bepaalde publikasie ongewens wil bevind en geen 'juridies-geregverdigde' rede daarvoor kan vind nie.

### 7.1 Toneel moet gesny word

'n Toneel in die rolprent, **The Grass is Singing** (103/81:6), moes uitgesny word omdat 'n swartman die volgende woorde uitskreeu: "*U sa Gunja*". Die rede waarom die toneel uitgesny moes word, is omdat die woorde beteken "*Jy sal kak*". Die Raad motiveer die snit soos volg: "*The black man's shout: 'U sa Gunja' - You will shit' also goes too far: It is offensive to public morals under these circumstances*".

Die feit dat slegs 'n geringe aantal kykers moontlik sal weet wat die woorde beteken, word glad nie in ag geneem nie, en dit laat 'n mens vermoed dat die snit om ideologiese en nie om enige ander redes nie, gelas is.

Die verwysing na die *omstandighede* wat die snit genoodsaak, is so vaag dat dit glad nie moontlik is om te weet waarna verwys word nie: Is dit die omstandighede in die rolprent (wat nie beskryf word nie), of dui dit op die rassspanning, die rassesituasie in die land? Dit is nie moontlik om uit die uitspraak af te lei of die motivering tekstueel of buite-tekstueel fundeer is nie.

### 7.2 'Selfs pornografies'

Die Raad beslis in **Tobias and the Angel** (145/76:4) soos volg: "*Hierdie aanhalings is voorbeelde van wat voorkom in hierdie boek. Hierdie gedeeltes is nie alleen ongewens nie, maar is soms selfs pornografies. Vir die betekenis van hierdie begrip sien Saak 1/75*". Die vraag, naamlik wat pornografie volgens die Raad se mening is, word nêrens beantwoord nie. Die Raad dui ook nêrens aan presies wanneer iets pornografies is of nie.

Die naaste wat 'n mens aan die betekenisinhoud van die Raad se begrip van 'pornografie' kan kom, blyk uit die volgende uitsprake waarin daar op baie vae wyse suggereer word dat publikasies onder die volgende omstandighede pornografies mag wees. Die Raad beslis in die gesamentlike uitsprake van Sake 105, 109, 110, 112 en 113/81:4-5 dat foto's pornografies van aard is "waar die vroulike geslagsdele direk in die gesig van die kyker 'gedruk' word vanweë die nabyheid daarvan". Die Raad beslis in **3M Calender** (56/81:3) dat foto's by implikasie pornografies van aard is indien dit die kyker op direkte of onomwonde wyse tot geslagsverkeer uitnooi: "*If, however, the photograph amounts to a direct and unequivocal invitation to sex (examples of this are especially to be found in pornographic works), then the photo would also amount to a blatant shameless publication of female nudity*".

### 7.3 Op die grens van 'pornografie'

Die grens tussen dit wat pornografies is en wat nie, is nie duidelik omskryf nie. Die Raad beslis in **What Makes a Man Good in Bed?** (111/81:3) dat 'n groot deel van die publikasie op die grens van die pornografiese beweeg en dat hy die Direkoraat se gronde van appèl onderskryf: "*The climax of everything is reached in the final section on hookers and superstuds where details of the sordid activities of these male whores and prostitutes fringe on the completely dehumanised if not completely bestial*".

### 7.4 'Sagte' pornografie - 'n vae begrip

Die Raad omskryf ook nie wat hy met die begrip 'sagte pornografie' bedoel nie. Hy gebruik die term 'sagte pornografie' egter gereeld - vergelyk die uitspraak oor die rolprent **From the Lives of the Marionettes** (51/81:7-8) waarin hy beslis dat die tonele "*waar die moordenaar kyk hoe prostitute sekere handeling verrig in hulle uitlokking van*

*mans" egter te ver gaan en dat 'n mens "hierdie tonele as sagte pornografie kan beskou. In naby en medium-skote word die naakte vroulike liggaam op skaamtelose wyse blootgestel deur uitlokkend-seksuele bewegings wat net as 'n blatante vernedering vir die vroulike liggaam beskou kan word". Die 'uitlokkend-seksuele bewegings' word in die snitskedule beskryf as die toneel waar die naakte vrou/vroue op die verhoog 'gyrate'.*

### 7.5 Passie is nie 'pornografies' nie

Die Raad is egter die mening toegedaan dat tonele waarin werklike passie voorkom, nie pornografies kan wees nie. Hy beslis naamlik in *Lady Chatterley's Lover* (100/81:12) dat die rolprent ten spyte van die geslagsbewegings wat getoon word, nie pornografies is nie: *"Die passie waarmee die geslagsdade uitgebeeld word het natuurlik voor- en nadele. Aan die een kant bewys dit dat dit nie blote sagte pornografie is wat ter wille van die wys van die geslagsdaad in die rolprent ingebring is nie. Aan die ander kant is die redelike, ewewigtige lid van die Suid-Afrikaanse gemeenskap besonder gevoelig oor die uitbeelding van die geslagsdaad op die doek en veral waar geslagsbewegings gewys word. Die Raad is van oordeel dat hierdie aspekte die rolprent nie so oorheers of besmet dat dit as gevolg daarvan ongewens bevind kan word nie".* Die riglyn is onbevredigend aangesien die uitbeelding van die geslagsdaad onder normale omstandighede met passie gepaard gaan sodat dit nie duidelik is wanneer die uitbeelding van die geslagsdaad as 'sage pornografie' bestempel sal word en wanneer nie.

### 7.6 Dit ignoreer die gemeenskap se kollektiewe gewete

Die een kenmerk waarvoor pornografie volgens die Raad beskik, is dat dit die gemeenskap se kollektiewe gewete ignoreer. Dit blyk uit die verslag wat deur die Komitee van Deskundiges onder voorsitterskap van Dr. Rialette Wiehahn na aanleiding van die rol-

prent **Dressed to Kill** (71/81:2) aangeheg is: *"One cannot fail to notice the ease with which this work disregards certain sexual taboos. In very much the same manner sheer pornography defies the collective conscience of society"*.

#### 7.7 Die bron is van deurslaggewende belang

Dit blyk ook dat die bron waarin die sogenaamde pornografiese beskrywing of foto of toneel voorkom, sal bepaal of dit wel pornografies van aard is of nie - vergelyk hier die uitspraak oor **Erotic Communications** (14/84:2): *"... there are several illustrations which, in a book of a popular nature would have been regarded as pornographic"*.

Ten spyte van die Raad se bemoeienis met en riglyne ten opsigte van wat pornografie (of sagte pornografie) is, sal geen Publikasiekomitee of uitgewer/verspreider *kan weet* of hy met pornografiese materiaal te make het of nie - hy sal sy eie oordeel moet gebruik en die gevaar loop dat die publikasie ten spyte daarvan ongewens bevind sal word omdat dit volgens die Raad wel pornografies van aard is. Die Raad se ondersoek het tot dusver nie tot 'n situasie gelei wat regsekerheid tot gevolg gehad het nie - dit is egter juridies in ooreenstemming met die algemene situasie wat die begrip *pornografie* plaaslik en in die buiteland betref.

#### 7.8 Onverklaarbare stelling

Die Raad is dikwels so vaag en onduidelik wat die verwysings in sy uitsprake betref, dat 'n mens nie seker is waarna hy verwys nie. Vergelyk die uitspraak oor **Tobias and the Angel** (145/76:6) waar die Raad soos volg beslis: *"As daar in die onderhawige boek so 'n korrekatief bestaan, dan is dit so dun en vaag dat dit geen effek het nie"*. Die Raad is dus nie seker of daar wel 'n korrekatief bestaan of nie - daarom maak hy van die woord as



gebruik. Indien die Raad nie seker is of daar wel iets soos 'n korrektyf in die betrokke publikasie bestaan of nie, kan 'n mens tot die gevolgtrekking geraak dat die publikasie nie behoorlik ondersoek is nie - of dat die selfs die Raad nie altyd duidelikheid het oor wat 'n korrektyf is en wat nie. 'n Deel van die uitspraak in *Erotic Communications* (14/84:2) is so vaag dat die stelling wat in die uitspraak gemaak word, daarop neerkom dat dit 'n 'onverklaarbare' stelling is aangesien dit nie duidelik is of die kyker dit onder geen omstandighede mag sien nie en of hy dit bloot nie mag sien wanneer hy saam met ander daarna kyk nie: *"What will be even more disturbing to many is the matter of frank disclosure that he viewed pornographic films in the privacy of his home and in the company of his wife and teen-aged children with their friends, who had parental consent"*. Dit is ook nie duidelik of die beswaar bloot teen die feit gemik is dat die outeur erken dat kinders by was toe hy na die sogenaamde pornografiese materiaal gekyk het nie. Die feit dat die kinders by was toe die outeur na die sogenaamde pornografiese materiaal gekyk het, is egter nie deel van die publikasie nie en het hoegenaamd nie enige betrekking op die inhoud daarvan nie. Wanneer die Raad dus in sy uitspraak na die feit verwys, werk hy op subjektiewe wyse met nie-tersaaklike besonderhede wat juridies irrelevant is en hoogstens 'n persoonlike kleur aan dié deel van die uitspraak verleen.

#### 8. Subjektiewe, ideologiese reaksie

Alhoewel die maatstaf ten opsigte van wat staatsgevaarlik of nadelig vir die algemene welsyn, vrede en goeie orde op p. 4 van die uitspraak in *South Africa in the 1980's* (32/81:5) uiteengesit word, geraak die Raad ten spyte daarvan tot 'n gevolgtrekking wat duidelik subjektief en ideologies fundeer is wanneer die werk sonder oortuigende motivering as ongewens bevind word: *"But even if it be accepted that there is no direct incitement to violence in the publication, just as a geometric theorem is sometimes conclusively proved indirectly, by showing contrary assumption, to lead to an impossibility, so,*

*in the opinion of the Board, this publication does encourage violence by systematically demolishing any suggestion that South Africa's racial problems can be settled by peaceful means, and by writing off, in advance, any attempt by the Government to do so as doomed to failure".*

Die politieke subjektiwiteit wat 'n partypolitieke ideologie weerspieël, word op p. 6 van die uitspraak voortgesit: "... it is stated that 'Mr Botha began pushing through the caucuses of the National Party minor reforms in petty apartheid, housing and employment opportunities deemed to be necessary for his strategy of co-opting a middle-class elite'. Many more instances can be quoted, but the general implication is the same: everything done or planned by the Government to redress wrongs, to ease tension, and to create a more favourable climate for consultation is condemned as part of the sinister scheme to keep the black majority in perpetual bondage".

'n Soortgelyke partypolitieke of subjektief-ideologiese standpunt word in **This We Can do for Justice and for Peace** (155/81:3) openbaar: "*Like most political pleas, this one is, of course, also biased in favour of the cause of those who are said to be suffering. The case is often overstated, and nothing positive is said about what is being done for the benefit of the blacks in the cities and development of the Homelands. It is, however, not the task of the Appeal Board to judge whether the film amounts to a balanced account of the situation*". Alhoewel dit nie die Raad se taak is om te bepaal of dit 'n gebalanseerde weergawe van die gebeure is nie, spreek die Raad hom nogtans daaroor uit. Hieruit kan 'n mens waarskynlik aflei dat die Raad afkeurig staan teen die sogenaamde 'wanbalans' en dat die objektiwiteit wat binne die Raad se neergelegde funksie van hom vereis word, in dié opsig deur 'n subjektiewe oordeel en ontevredenheid, wat 'n ideologiese grondslag het, verdring is.

## 9. Onlogiese vermenging van maatstawwe

Ten spyte daarvan dat die Raad in die **Penetrator**-reeks bevind het dat "*die waarskynlike leserskring hoofsaaklik uit seuns uit die ouderdomsgroep 13 en 17 sal bestaan op wie se vatbare gemoedere die boek wel 'n nadelige uitwerking mag hê*", word die maatstaf van die 'volwasse, nugtere en regdenkende wese' wat die 'volgehoue geweld en sadistiese beskrywings van moord en doodslag (...) afstootlik (sal) vind", willekeurig toegepas. Dit wil voorkom of die maatstaf betrek is sodat die Raad die volgende nie-tersaaklike stelling met die uitsluitlike doel kon maak om in die daaropvolgende sin gewig aan die ongewenstheidsbevinding (op grond van die waarskynlike leserskring) te kan verleen: "*Aan die ander kant is die verhaal sover van enige werklikheid verwyder dat die volwasse persoon kwalik deur hulle (sic) beïnvloed sal word*". Die verwysing na die redelike mens-maatstaf is geheel en al irrelevant aangesien die publikasie op grond van die waarskynlike leser se reaksie ongewens bevind sou kon word.

## 10. Onoortuigende argument

Die Raad beslis in **Shirley MacLaine at the Lido** (129/81:3) dat die vroulike borsnaaktheid wat in die rolprent voorkom, nie vulgêr is nie en dat die feit dat sommige kykers dit moontlik welluswekkend mag vind, nie ter sprake is nie aangesien dit nie "*sonder meer aanvaar (kan) word dat die redelike, ewewigtige en volwasse Suid-Afrikaanse kyker daardie indruk sal kry nie*". Daar word egter ten spyte van dié insig beweer dat "*vroulike borsnaaktheid (nietemin) nog teen aanvaarde norme en beginsels*" indruis. Vergelyk in die verband ook die gesaghebbende uitspraak in **Publications Control Board v Central News Agency Limited** (1977(1) SA 717(A)) waar beslis is dat daar 'n sede bestaan waarvolgens die naakte vroulike liggaam, as liggaam wat die kind baar, as privaat beskou word. Daar word met goedkeuring na dié sede in die uitspraak oor die rolprent, **From the Life of the**

**Marionettes** (51/81:6) verwys. Hierteenoor beslis die Raad telkemale dat naaktheid *per se* nie ongewens is nie. Dit is in die lig van die beslissing in **Shirley MacLaine at the Lido** (129/81:3), naamlik dat *die borsnaaktheid nòg vulgêr nòg welluswekkend is* en die Raad se opvatting ("*that nudity as such is not undesirable*" in Van Rooyen 1987:60) haas moeilik om te verstaan waarom uitsprake soos *vroulike borsnaaktheid druis nietemin teen aanvaarde norme en beginsels in* nog onderskryf word. Die Raad se beslissing dat **Shirley MacLaine at the Lido** ongewens is as gevolg van die borsnaaktheid (wat nòg vulgêr nòg welluswekkend is) berus op 'n onoortuigende argument: "*Hierdie rolprent is nie van so 'n hoogstaande gehalte, (sic) dat dit die lang uitgerekte tonele waarin die halfnaakte vroue optree en waarin borsnaaktheid beklemtoon word, kan dra nie. Dit sal indruis teen die Suid-Afrikaanse kyker se gevoel vir wat betaamlik is en teen aanvaarde sedelike beginsels* (129/81:4).

#### 11. Onduidelikhede in die uitspraak

'n Artikel wat oor 'n luukse bordeel in Duitsland handel, wat met kleurfoto's illustreer is en wat in **Scope** van 23 Oktober 1981 verskyn het, is ongewens bevind. Die Raad het bepaal dat een van die foto's die immorele verkondig. Daarna het die Raad beslis dat hy van mening is "*dat 'n wesentlike aantal normale jeugdige waarskynlike lesers, op waarskynlikheidsgrondslag beoordeel, meer geneig sal wees om die betrokke sede te oortree as gevolg van die lees van die artikel*" (123/81:4). Dit is egter nie duidelik of die Raad bedoel dat die betrokke lesers bordele (wat nie in Suid-Afrika voorkom nie, of altans nie wettig bestaan nie) as gevolg van die artikel sal gaan besoek nie, en of die Raad niks anders as buite- of voorhuwelikse geslagsomgang in die algemeen in gedagte gehad het nie. Die volgende word op p. 5 in die uitspraak beweer: "*... hierdie artikel, wat die lewe in 'n bordeel en die besoek daarvan idealiseer (sal) immoraliteit by 'n wesentlike aantal normale jeugdige waarskynlike lesers (...) bevorder*". Dit is egter nog steeds nie duidelik presies wat

die *immoraliteit* is wat bevorder sal word nie. Impliseer die Raad dat dit die 'normale waarskynlike leser' sal aanmoedig om bordele (wat nie in R.S.A. voorkom nie) te besoek? Indien wel, ontstaan die vraag watter bordele hulle sal gaan besoek.

Daarbenewens verlaat die Raad hom op twee verskillende gewysdes, naamlik Goeie Hoop Uitgewers (Edms) Bpk v Central News Agency 1953(2) SA 843(W) waarin regter Price hom skerp teen die idealisering van prostitusie uitgespreek het, en Publications Control Board v Republican Publications (Pty) Ltd 1972(1) SA 288 (A) waarin hoofregter Ogilvie Thompson 'n meer byderwetse en gebalanseerde standpunt inneem: "*The modern adolescent is far from unaware of the incidents of adultery as one of the realities of life. (...) I do not think that any significant segment whatever of that number would in consequence be at all likely to form an admiration for adulterers or to be thereby encouraged themselves thereafter to transgress the seventh commandment*".

Hieruit blyk dit dat die Raad nie kennis geneem het van die veranderende gemeenskap-sopvatting nie toe hy hom eerder by die 1953-uitspraak as by die 1972-uitspraak aangesluit het. Die feit dat bykans 35 jaar sedert die 1953-uitspraak verloop het en dat *Scope* hoofsaaklik deur Engelssprekendes gelees word, wat 'n minder konserwatiewe houding ten opsigte van seksuele aangeleenthede openbaar, is skynbaar glad nie in ag geneem nie.

## 12. Raadsbesluite berus op bespiegeling

Waar die Raad in die meeste rolprente 'voorspel' wat die waarskynlike leser se reaksie op die rolprent sal wees, bespiegel hy openlik in *Seven Beauties* (122/81:3) deur te bevind dat Pasqualino se gedrag aan die een kant as immoreel beskou kan word, maar dat dit die kyker aan die ander kant tot nadenke sal stem. Wat die Raad met dié teenstrydigheid bedoel, is nie duidelik nie.

### 13. Arbitrêre werkswyse deur die Raad

Nadat die Komitee van Deskundiges besluit het dat **A Ride on the Whirlwind** deur Siphos Sepamla (114/81:3) nie 'groot letterkunde' is nie, maar dat dit nie 'n werk sonder literêre meriete is nie, het die Raad eenvoudig besluit om die publikasie te behandel asof dit 'n werk met 'literêre pretensie' is en soos volg op p. 4. besluit: "... *and the truths in the book should be allowed to speak for themselves, and also the clichés, the striving for emotional effect, and the biases, of which the more obvious one is the treatment of the Police, who are mostly described as inefficient and brutal. This is, however, nothing new in novels of this kind and would, as a result of its one-sidedness, have no inciting effect. It can in fact be regarded as being counter-productive*". Die uitspraak belig 'n ander aspek van die Raad se benadering, naamlik dat 'n bepaalde publikasie - waarin gegewens bevat word wat nie die Raad se ideologiese goedkeuring wegdra nie, maar wat ook nie as gevolg van een of ander inherente element binne die Wet se raamwerk ongewens bevind kan word nie - sal misluk omdat so 'n publikasie homself sal 'ophang'. Hy verwoord sy benadering soos volg in *Astreae No 1* (146/81:4): "*Die Staat hoef nie hier by wyse van die Wet op Publikasies in te meng nie - die stuk hang homself reeds op*". Die vraag is dan onmiddellik: Waarom hoegenaamd 'n Wet hê as die publikasie 'selfvernietigend' is?

Die Raad se weiering om die Direkoraat toe te laat om getuienis ten opsigte van **Lady Chatterley's Lover** (100/81:3) te lei omdat dit die Raad nie in 'n beter posisie sou plaas om die draaglikheid van die sedes te bepaal nie, is 'n bevestiging daarvan dat die Raad na sy mening op die hoogte van die gemeenskap se instelling rakende die christelike moraal en lewensbeskouing is, maar dat sy oordeel ten opsigte van dramatiese en artistieke meriete arbitrêr van aard is: "*Indien die getuienis byvoorbeeld gegaan het oor dramatiese of artistieke meriete sou die saak dalk anders gewees het*".

#### 14. Belaglike motivering:

##### Moord en aanranding is ook onsedelik

Een van die kernvrae wat die oplegging van 'n ouderdomsbepanking by 'n rolprent voorafgaan, is of die rolprent kinders onder 'n bepaalde ouderdom sal beweeg om onsedelik op te tree. Terwyl laasgenoemde in wese 'n goeie vraag/beginsel is waarmee nie fout gevind kan word nie, is die parallel wat tydens die uitspraak oor **Birds of Paradise** (73/80:3) getref is om te bewys dat kinders onder 16 nie beweeg sal word om onsedelik op te tree, nie nie net heeltemal belaglik nie, maar laat dit 'n mens die Raad se vertolking van die begrip 'onsedelik' bevraagteken: *"As in ag geneem word dat moord en aanranding ook onsedelik is en dat daar 'n magdom rolprente is wat in die genre van spanningsprente sonder enige ouderdomsbepanking goedgekeur is, kan geen afdoende rede gevind word waarom 'n ouderdomsbepanking ten aansien van hierdie rolprent opgelê moet word nie"*.

#### 15.0 Publikasie word bloot as voertuig gebruik

##### 15.1 As 'voertuig vir geweld'

Die Raad beslis in **Mr No Legs** (133/81:4) dat die rolprent se tema niks anders as 'n voertuig vir die vertoning van geweld is nie. Die Raad bevind dat die mens in hierdie rolprent deur die geweld *"tot vullis verneder"* word en dat daar 'n *"verdieliking van sy menswaardigheid"* plaasvind. Die sterk emotiewe taal bevat bes moontlik 'n tikkie histerie, maar werk egter nog steeds nie verhelderend nie sodat 'n mens glad nie kan verstaan hoe 'n mens se menswaardigheid aldus kan 'verdielik' of die mens sodoende 'tot vullis verneder' word nie.

## 15.2 As 'voertuig vir seks'

Alhoewel sekstonele 'n integrerende deel van spioenasiefilms is, is daar volgens die Raad geen rede vir eksplisiete sekstonele, of naby- en middelaafstandskote van naaktheid en semi-naaktheid nie. *"The scene in which a young man and woman are watched by the Minx during sexual foreplay and fellatio is clearly implied as a good example of a scene which has just been added to the film for its own sake"*. Daarom geraak die Raad tot die gevolgtrekking *"that this film has been used as a subterfuge for the showing of sex scenes and perversity"*.

## 16. Vuil Taal

### 16.1 Dit hang van die gebruikswyse af

Die Raad reik 'n 'beleidsverklaring' in **Buddy, Buddy** (148/81:2) uit wanneer hy sê dat 'n woord nooit op sigself ongewens kan wees nie. *"Everything depends on where and how it is used"*. Dieselfde woord kan dus, volgens die 'verklaring' in een situasie aanstootlik (en dus ongewens) wees terwyl dit in 'n ander situasie nòg aanstootlik nòg ongewens sal wees, vergelyk onder meer die uitspraak oor **Gerugte van Reën** (68/78:16) asook die uitspraak oor elk van die volgende publikasies: **Who dares, wins** (148/82:4), **An Officer and a Gentleman** (191/82:2-3), **The Women's Room** (66/81:4-5), **The End** (197/84:2) en **The Park is Mine** (8/86:4).

### 16.2 D.H. Lawrence

D.H. Lawrence se opvatting van aanstootlike taal word soms deur die Raad gebruik om te bewys dat woorde 'vuil' is en met 'n 'vuil bedoeling' gebruik word. Lawrence het met



verwysing na die woord *arse* die volgende gesê: " *Gradually all the old words that belong to the body below the navel have come to be judged obscene ... I am mystified at this horror over a mere word, a plain simple word that stands for a plain simple thing ... what is obvious is that the words in these cases have been dirtied by the mind, by unclean mental associations. The words are clean, so are the things to which they apply. But the mind drags in a filthy association, calls up some repulsive emotion. Well then, cleanse the mind. It is the mind which is the Augean stables, not the language*" (Soos deur die Raad aangehaal in *Smash* 78/81:3-4).

### 16.3 Manipulering van woorde

Die Raad *manipuleer* Lawrence se woorde wat in *Smash* (78/81:3-4) aangehaal is ten einde te bewys dat die woorde ongewens is. Die Raad beslis dat die woorde *gesuiwer of gereinig* moet word en dat die diskrete skrywer van skoon woorde soos "*anus*" in plaas van "*arse*" gebruik maak. Die feit dat die Raad 'n duidelike beleid ten opsigte van 'vuil' woorde soos *fuck* gebruik, is tydens die volgende uittreksel uit die uitspraak (wat deur mnr. C.D. Fuchs geskryf is) uit die oog verloor: "*Lawrence's argument serves to indicate what is undesirable in the use of the word and issue in Smash (78/81). Those who use words like fuck and in various forms cunt and prick do not use them in their original meanings of which they are probably not even aware, but only with the 'dirty' associations that they have acquired as expletives, epithets, and in terms of abuse and impoverished vocabularies; that is to say, their use is not rational and denotative, but emotional and connotative, to convey negative feelings like resentment, scorn, contempt, anger or hatred. In stead of having been cleansed, therefore, as Lawrence hoped they would be, they are still tainted with what he called 'filth' and 'horror', and those who have recourse to them, as many speakers in Smash have, do not know to put them to their proper use*".

#### 16.4 'Vuil taal weerspieël die werklikheid'

Volgens die Raad weerspieël vuil, kru of aanstootlike taal. Die gebruik van taal wat andersins as aanstootlik beskou sou kon word, word in **The Women's Room** (63/81:4) geregverdig op grond daarvan dat die woorde "(...) *have become fairly common in colloquial American English, where they have largely lost whatever offensive association they once may have had*", en op grond daarvan dat dit tipies van sekere groepe Amerikaners is: "*In an attempt at faithfully representing the familiar speech of certain types and classes of Americans, such words cannot always be avoided*". Die Raad se beslissing dat *vuil, kru of aanstootlike taal die werklikheid weerspieël*, is literêr en dramaties gesproke korrek en sy toepassing van dié beginsel is meermale in ooreenstemming hiermee (vergelyk onder meer die uitspraak oor **The Big Chill** (195/83:5)). Dit gebeur egter ten spyte hiervan dat die Raad in sommige publikasies van sy eie beginsel afwyk, dit wil sê, dat die gebruik van *vuil, kru of aanstootlike taal* nie aan die werklikheidstoets onderwerp word nie, maar bloot op grond van die bevinding dat dit *vuil, kru of aanstootlike taal* is, ongewens bevind word - vergelyk onder meer die uitspraak oor **The Park is Mine** (8/86:3-4): "*In spite of the equality between men and women in modern society, crude language in the mouth of a woman is less customary and would be regarded by an audience such as the present one which includes many teenagers, as offensive to public morals.*" Die Raad aanvaar gevolglik nie in dié uitspraak dat die betrokke vrouekarakters se dialoog die realiteit (van hul karakters of situasies) weerspieël nie, en grond die ongewenstheidsbevinding op die feit dat dit *vroue* is wat die woorde gebruik - en nie op die woordgebruik of die *vereiste van werklikheidsgetrouheid of -geloofwaardigheid* nie.

#### 17.0 Onbeholpe Stelwyse

Dit gebeur dikwels dat uitsprake vol swak of onversorgde taalgebruik is. Sinne en gedagtes word op so 'n wyse formuleer dat dit nie altyd maklik of duidelik verstaanbaar

is nie. Dit het tot gevolg dat dit nie altyd duidelik is presies wat die Raad in gedagte gehad het toe die betrokke publikasie ondersoek is nie. Dit gebeur taamlik dikwels dat 'n uitspraak 'n verskeidenheid stellings bevat wat nie heeltemal sin maak nie omdat dit so swak formuleer is. Die uitsprake (wat vir 'n tydperk van ten minste twee jaar bindend is indien die publikasie ongewens bevind word en wat oënskynlik absoluut bindend is indien 'n publikasie nie-ongewens bevind word), wat deur swak sintaksis, die nie-logiese ontplooiing van argumente, verwarrende verwysings, eienaardige woordgebruik of slordige formulering gekenmerk word, kan onsekerheid laat ontstaan.

#### 17.1 Vreemde 'spronge' in die ontwikkeling van argumente

Die Raad beslis in **The Howlings** (37/81:2) soos volg: "*There are some horrifying sex-scenes, involving werewolves with lust in their eyes and slavering jaws to hint at the possibility of cannibalism*". Dit blyk uit die uitspraak dat die Raad bedoel dat die weerwolwe mense aanvul en in hul *weerwolfgedaantes* sulke slagoffers verorber. Die Raad skryf die *weerwolf* (wat volgens 'n ou bygeloof bedags 'n mens en snags 'n wolf is) se gedrag gelyk aan die mens (wat snags in die weerwolf verander) s'n en geraak sodoende tot die gevolgtrekking dat daar sprake van kannibalisme is. Die argument is nie logies of oortuigend nie. Die gegewe bly selfs binne die 'werklikheid' wat in die rolprent self geskep word, iets 'onwerkliks', iets wat net in fiksie bestaan. Die kyker glo nie aan dié werklikheid nie - hy weet dat dit bloot deel van 'n 'gruwelwerklikheid' (en dus van 'n fantasie) is.

Die Raad het na aanleiding van **Television and Home Video Volume 2 No 12** (24/81:3) bevind dat die publikasie ongewens is op grond daarvan dat dit 'n advertensie vir '*blou kassette*' bevat het. Die Raad het verder bevind dat die naakfoto's wat die advertensie vergesel het, die publikasie se ongewenstheid bevestig het, maar stel dit op so 'n wyse dat

dit nie heeltemal duidelik is of die tweede voornaamwoord (*hulle*) na die kassette en/of die foto's verwys nie. "*Die naak foto's (sic) wat die advertensie vergesel dra by tot hulle ongewenstheid en hulle bederf die publikasie as geheel*".

Die Raad beslis soos volg in **Divide the Night** (60/81:4): "*Many readers would regard this book as an abuse of the novel for propagandistic purposes ... and would accordingly find it in poor taste or even disgusting*". Die stelwyse impliseer dat die leser nie op die propaganda self nie, maar op die feit dat propaganda in die publikasie misbruik word, sal reageer en dat hy dit as 'in swak smaak' sal beskou en selfs '*disgusting*' sal vind. Dit is nie duidelik waarom die leser só sal reageer nie.

## 17.2 Verwarrende verwysings deur die Raad

Kritiek teen die volgende uitspraak is dat dit nie duidelik is of die verwysing na orale seks 'n verwysing is wat na die Raad se oordeel bedoel is om te '*disgust*' nie en of dit net eenvoudig te '*excessive*' is nie: "*It is a 'metriculously (sic) detailed account of Mira's first real sexual fulfillment and is not intended to disgust, but, including oral sex, it is excessive to the point of superfluity*" (**The Women's Room** (66/81:6)).

Dit is nie duidelik of die volgende dubbelsinnige sin op die film se algemene strekking betrekking het en of dit veronderstel is om op die Raad se lede te dui nie: "*Although there is a difference of opinion amongst the panel members, the general attitude is that of extra-marital sexual freedom*". Die daaropvolgende sin is ook problematies, want die Raad volg die beleid waardeur rolprente vir volwassenes ooreenkomstig volwasse standarde beoordeel word terwyl rolprente wat op kinders gemik word, ooreenkomstig ander standarde (soos byvoorbeeld die kind as '*waarskynlike kyker*') beoordeel word: "*The reasonable South African is not against the frank discussion of sexual matters, but as*

*this film is directed at children the situation is altered*". Dit is nie duidelik of dit die Raad se bedoeling is dat die 'redelike Suid-Afrikaner' ook hier as maatstaf gebruik moet word nie (Learning to Love 126/81:2).

### 17.3 Eienaardige woordgebruik/woordkeuse

Die Raad se gebruik van die woord 'afgeskryf' suggereer 'n negatiewe waarde-oordeel en is 'n aanduiding daarvan dat die normale maatstawwe oor die hoof gesien is: "*Die woorde 'hot flashes' is oor die naakte liggaam van 'n vrou ingeverf. Alhoewel daar iets van die skaamhare gesien kan word, kan die tepels nie gesien word nie en kan die foto as vulgêr en goedkoop afgeskryf word*". (Gesamentlike uitspraak oor vyf verskillende publikasies waaronder 10 Brief en Poskaarte in 105, 109, 110, 112 en 113/81:5). Dit blyk uit die gebruik van die woord *afgeskryf* dat die Raad dit in die betekenis van *bestempel* gebruik. Alhoewel die gebruik 'n negatiewe waarde-oordeel suggereer, blyk dit uit die beslissing (naamlik dat die betrokke briefkaart nie-ongewens is) dat die Raad dit nie in 'n negatiewe sin gebruik het nie. Die Raad wyk egter in dié beslissing van sy beginsel ten opsigte van *sigbaarheid van skaamhare* (wat gewoonlik 'n ongewenstheidsbevinding tot gevolg het) af.

Die gebruik van die woord 'also' in die uitspraak plaas 'n vraagteken oor presies wat die Raad tydens die 3M Calender (156/81:3)-uitspraak bedoel het: "*If, however, the photograph amounts to a direct and unequivocal invitation to sex (examples of this are especially to be found in pornography work), then the photo would also amount to a blatantly shameless publication of female nudity*". Die sin wat laasgenoemde sin onmiddellik voorafgaan wys daarop dat 'n *sexually titillating* foto nie op sigself tot 'n ongewenstheidsbevinding aanleiding gee nie - daar is dus niks in die voorafgaande sin wat die gebruik van die woord *also* verduidelik nie. Afgesien hiervan, bevind die Raad dat die betrokke publikasie op grond van die artistieke meriete daarvan nie-ongewens is.

#### 17.4 Slordige formulering in Raadsuitsprake

Die slordige formulering wat in *Lady Chatterley's Lover* (100/81:6-7) voorkom, skep aanvanklik die verkeerde indruk, naamlik dat die Raad nie altyd tussen *sensasie* en *erotika* onderskei nie: "*Indien mens die rolprent oppervlakkig beskou, sou dit miskien maklik wees om die rolprent wat gaan oor maritale misnoeë, seksuele frustrasie en owerspel teen die agtergrond van 'n klasbewuste Edwardiaanse Engeland, as goedkoop sensasie of erotika af te skryf*". In aansluiting hierby, en in 'n weerlegging van die Direkoraat se betoog dat die produsent "... onder die dekmantel van 'n bekende literêre werk 'n film produseer het wat niks anders as sagte pornografie is nie" (p. 2), bewys die Raad dat dit nie 'n 'goedkoop' prent is nie: "*Alhoewel hierdie kinematografiese tegnieke nie noodwendig op rolprentkuns dui nie, is dit beslis nie die tegniek en benadering van die 'goedkoop' rolprent nie*"; en: "*die kamera prikkel die gehoor om sy eie intellektuele respons te vorm*" (p. 9). Die argument word later op oortuigender wyse saamgevat: "*Oor die algemeen kan daar gesê word dat karaktertekening, atmosfeer, goeie kamerawerk en regie, die effektiewe aanwending van agtergrondsmusiek en 'n betekenisvolle teks in hierdie rolprent netjies geïntegreer word om 'n harmonieuse (sic) geheel te vorm en dat 'n mens hier met 'n hoogstaande rolprent te doen het*". (p. 10). Die Raad geraak gevolglik tot die slotsom dat "*die owerspel van Connie slegs die raamwerk is waarbinne 'n intense menslike tragedie hom afspeel*". (p. 11).

#### 18. Onverklaarbare uitspraak as gevolg van die

oënskynlike nie-tersaaklike gegewens wat saamgevoeg  
word om die motivering te versterk:

Die uitspraak oor *The Howlings* (37/81:3) veroorsaak verskeie probleme. Die Raad beslis soos volg: "*The film certainly does nothing to enhance a Christian view of life. On the*

*contrary, it presents animality as an alternative to a life that is 'normal, natural, satisfying and right'. There is nothing to suggest that there is a scientific, educational or artistic purpose in the film. The photography is good, but this merely confirms the conviction that the film is thoroughly undesirable".*

Daar is geen bronverwysing by die uitspraak oor die begrip *normaliteit* nie. Die film handel oor 'n weerwolf - enige kyker sal onmiddellik weet dat hy met fiksie te make het en dat hy met 'n nie-normale situasie, naamlik 'n situasie waarin 'n weerwolf voorkom, te make het. Die maatstaf ten opsigte van opvoedkundige kuns of 'n wetenskap waarna in dié uitspraak verwys word, is nie tersaaklik nie aangesien die betrokke publikasie dit ten doel het om deur middel van 'n fiktiewe gegewe te vermaak.

Die Raad gebruik gewoonlik die maatstaf *goeie fotografie* as meriete-maatstaf wanneer oor rolprente uitspraak gelewer word. Dié maatstaf word hoofsaaklik as *verligende faktor* by rolprente gebruik wat op ander gebiede minder goed is. Die teenoorgestelde gebeur egter in die uitspraak oor **The Howlings** (37/81:3).

Dit blyk uit dié uitspraak dat goeie fotografie onder bepaalde omstandighede 'n *verswarende faktor* en dus *negatief* kan wees. Waarom dit die geval is, is nie heeltemal duidelik nie - 'n mens kan bloot vermoed dat goeie fotografie die film se trefkrag sal versterk: "*The photography is good, but this merely confirms the conviction that the film is thoroughly undesirable.*" Hierteenoor tel swak fotografie onder ander omstandighede teen 'n swak rolprent en word duidelik as 'n *verswarende faktor* beskou. Vergelyk hier die uitspraak oor **The Redeemer** (124/81:5): "*The most that can be said for it is that, being a thoroughly bad picture with poor acting and poor photography, it does not have quite the horrific impact which it would otherwise have had.*" Dit beteken dus dat goeie fotografie 'n publikasie, wat die gevaar staan om ongewens bevind te word, kan red om-

dat dit 'n positiewe faktor is, maar as die Raad die rolprent ongewens wil bevind, is goeie fotografie 'n negatiewe faktor aangesien dit as rede dien waarom dit verbied moet word. Indien die Raad die rolprent ongewens wil bevind én die fotografie swak is, word daarop gewys dat die fotografie swak is - dit is met ander woorde 'n verswarende faktor in 'n swak film. Die implikasie is dat swak fotografie in 'n rolprent wat ongewens is as verswarende faktor kan werk, maar dat dit nie noodwendig die geval is nie - soms word 'n rolprent op grond van ander faktore ongewens bevind.

#### 19 Onsekerheid ten opsigte van terminologie

Die Raad gaan soms op losse wyse met terme om. So word daar byvoorbeeld in **The Howlings** (37/81:2) beslis: "*The film is meant to be a thriller but in actual fact is a horror film, depicting the basic nature of man as being that of a vicious and grotesque animal - a werewolf - who lives on his fellowman, whom he destroys in bloody scenes of rape, suggested cannibalism, brutality and violence*". Waarom die Raad die mening toegedaan is dat die rolprent poog om 'n 'riller' te wees terwyl dit in werklikheid 'n 'gruwelprent' is, is nie seker nie. Dit lyk asof die Raad bloot in dié verband spekulêr en na nog 'n negatiewe rede gesoek het op grond waarvan die rolprent ongewens bevind kon word.

Die Raad verwar die *genre*, **klug** en die tipiese kenmerke van 'n klug, met die betrokke akteurs se vertolkingsvermoë in **Buddy, Buddy** (148/81:3). Dit het tot gevolg dat die (*excellent*) *farcical quality*, dit wil sê, die tipiese kenmerke van die klug aan die vertolking en nie aan die teks/draaiboek self nie toegeskryf is: "*It has high dramatic merit as a result of its excellent farcical quality, which is mainly achieved by the acting of Walther Matthau and Jack Lemmon*". Die betrokke uitspraak skep 'n verdere probleem in dié opsig dat dit nie heeltemal duidelik is of die *excellent farcical quality* te berde gebring word ter ondersteuning van die bevinding dat die rolprent oor *high dramatic merit* beskik nie, en



of die bedoeling is dat dit op die klugtige self, dit wil sê, die *draaiboek/teks* betrekking het nie.

Wanneer die Raad uitspraak lewer oor *Kenyatta's Escape* (180/81:2) word die publikasie as "*verstrooiingslektuur van 'n lae orde*" en as 'n "*prulwerk*" (p. 3) beskryf. Die begrip *verstrooiingslektuur* impliseer dat die publikasie bloot met die oog op ontspanning geskryf is. Wanneer die Raad dit egter as *verstrooiingslektuur van 'n lae orde* tipeer, impliseer dit dat die Raad (tereg) glo dat daar verskillende grade van gehalte is wat ontspanningslektuur betref. Wanneer die boek, *Kenyatta's Escape*, later as 'n *prulwerk* beskryf word, stel die Raad dit duidelik dat die betrokke publikasie na sy oordeel - en nie met inagneming van die waarskynlike leser nie - 'n ding is wat niks werd is nie. Die **HAT** (1979:865) omskryf 'n *prulwerk* soos volg: "*Waardelose geskrif, kunsprodukt*". Dit blyk egter uit die Raad se gebruik van die twee begrippe *verstrooiingslektuur (van 'n lae orde)* en *prulwerk* dat die Raad nie duidelik tussen die twee kategorieë onderskei nie, en trouens, dat *prulwerk* as 'n gehaltegraad van *verstrooiingslektuur* gebruik word. Dit is nie korrek nie en bevestig dat die Raad nie altyd seker is wat die terminologie, wat gebruik word, beteken nie.

## 20 Kritiese opmerkings ten opsigte van die

### Komitee van Deskundiges

#### 20.1 Komitee van Deskundiges: Die Raad weet beter

Die Komitee van Deskundiges is spesifiek aangestel om die Raad by te staan en hom deur 'n teks te lei wat probleme vir die nie-literêropgeleide persoon kan skep. Tog gebeur dit meermale dat die Raad die *deskundiges* se oordeel en aanbelings ignoreer en selfs op hulle gebied beslis dat hulle (die deskundiges) nie korrek is nie - en dit terwyl die Raad meermale self nie tussen fiksie en werklikheid kan onderskei nie.

Die Komitee van Deskundiges (bestaande uit professionele literatore) bevind byvoorbeeld dat *Te hel met Ouma* (13/81) oor "onmiskerbare literêre meriete" beskik, maar die Raad beslis soos volg: "*Van die lede van die Appèlraad is byvoorbeeld van oordeel dat die publikasie as literêre werk tekort skiet en dat dit kwalik die kru taal en sekstonele kan dra*".

## 20.2 Die Raad raadpleeg die Komitee van Deskundiges ten spyte van sy onkunde nie

'n Groot tekortkoming in die wyse waarop die Raad te werk gaan, is dat hy dit nie nodig vind om 'n Komitee van Deskundiges te raadpleeg wanneer hy opsigtelik nie oor die nodige kennis beskik nie. Die gebrek aan kennis wat op klaarblyklik op onkunde neerkom, kan die grondslag vir 'n oningeligte beslissing vorm wat as voorbeeld van 'n objektiewe, regsprekende proses voorgehou word. So beslis die Raad by monde van die ondervoorsitter, mnr. J.J.H. Malherbe, in die uitspraak oor *Maura's Dream* (62/82:4) dat dié boek wat deur ene Joel Cross geskryf is "*clearly a feminist novel*" is, en dat die skrywer se mansnaam gevolglik niks anders as 'n skuilnaam is nie: "(...) *that it was written by a woman using a pen name*". Die uitspraak skep die indruk dat die Raad blykbaar nie besef waarom die feminisme gaan of waarom die beweging tot stand gekom het nie. Die Raad het ook nie die denkrigtings wat die beweging onderlê, of die filosofiese beginsels waarop die beweging gegrond is, in aanmerking geneem nie. Die afleiding dat dit 'n feminis is (want dis glo 'n *feministiese boek*) wat onder 'n man se skuilnaam 'n feministiese boek skryf, is absurd.

Wanneer die Raad later in dieselfde uitspraak op p. 5 na die gewelddadige sekstonele verwys waarin die heldin, Maura, "*is forcibly taken in what at times amounts to rape*", dwaal hy as gevolg van sy seksisties-romantiese ingesteldheid. Dis duidelik dat die Raad

nie die voor die handliggende vertolking, naamlik dat *geweld gebruik* in aanmerking neem nie. Dis duidelik dat *'forcibly taken'* beteken dat geweld gebruik word - dit beteken op sy beurt dat die heldin verkrag word. Die Raad sien die man se optrede in die mities-seksistiese lig waarop wanopvattinge oor verkragting vry algemeen in die gemeenskap gegrond is, naamlik dat "*all women want to be overpowered by a strong man*". Gegewe die feit dat die publikasie veronderstel is om - volgens die Raad se oordeel - duidelik 'n feministiese publikasie te wees, sou 'n mens ten minste verwag dat die verkragtingstonele op realistiese wyse uitgebeeld sou word en getoon sou word vir wat dit werklik is. Die publikasie is opsigtelik nie 'n feministiese publikasie wat deur 'n vrou onder 'n man se skuilnaam geskryf is nie - dis doodgewone tradisioneel-seksistiese verstrooiingslektuur waarin met stereotipes en clichés gewerk word. As sodanig is die boek se inhoud op die stereotopies-manlike fantasie gegrond en staan dit in direkte teenstelling met uitgangspunte wat die feministiese literatuur kenmerk.

### 20.3 Die Komitee van Deskundiges is nie noodwendig

#### 'deskundiges' nie

Die Komitee van Deskundiges hoef nie noodwendig deskundiges op 'n bepaalde vakgebied te wees nie. *Gentlewomen* (39/81) wat in 1977 kragtens artikel 47(2)(a) ongewens bevind is, is na die verpligte verloop van twee jaar weer voorgelê: "*At the request of the Directorate, the Chairman of the Publications Appeal Board referred the publication to a Committee of Experts in accordance with section 35A of the Act as amended. The Chairman also referred the publication to two art experts in terms of section 35(8) of the Act. This was done because the panel of Experts did not include any expert on photographic art. The opinion of these experts was made available to the Committee of Experts under section 35A. The Publications Appeal Board, once again, found the publication to be undesirable within the means of section 47(2)(a) of the Act.*"

Dit illustreer die feit dat mense op 'n sogenaamde Komitee van Deskundiges aangestel kan word terwyl hulle opsigtelik glad nie deskundiges op die betrokke gebied is nie. Dit is onaanvaarbaar dat nie-letterkundiges op 'n Komitee van Deskundiges aangestel word wat oor 'n literêre werk moet oordeel, of dat nie-kenners van Staatsleer aangestel word in komitees wat publikasies moet ondersoek waaromheen die vraag draai of die betrokke publikasie staatsgevaarlik is of nie. 'n Komitee van Deskundiges wat nie uit deskundiges op die betrokke vakgebied bestaan nie, is nie 'n komitee van deskundiges nie.

#### 21.0 Wat beteken die beginsel 'Vryheid van Spraak'?

Die Vryheid van spraak vind sy beperking in die bewoording van artikel 47(2): "*The Publications Act does limit the freedom of authors, producers, etc. to publish freely what they would like to publish. When deciding on the limits of that freedom it would be wrong to start with a duty on the author or producer to produce only works of merit*" (Buddy, Buddy (148/81:6-7)). So 'n plig sal ook nie in ooreenstemming wees met die betrokke beginsel om 'n onus op die bepaalde produsent te plaas om alles wat in 'n boek of film gesê word, te regverdig nie. Daarom word die beginsel van '*absolute noodsaaklikheid*' - d.w.s. dat 'n publikasie slegs ongewens bevind word indien dit absoluut noodsaaklik is - wat in Publications Control Board v William Heinemann Ltd 1975(4) SA 137(A) op 160 deur Rumpff R. neergelê is, beklemtoon. Dit is verder in ooreenstemming met Rumpff R. se vertolking van die woord '*offensive*' in Publications Control Board v Gallo (Africa) Ltd 1975(3) SA 665(A) waar beslis is dat die begrip *aanstootlik* beperk word in sake wat pynlik, krenkend, weersinwekkend of afstootlik is. Wat vryheid van spraak en die grense daarvan ingevolge die Wet op Publikasies betref, kom dit daarop neer dat

(a) die vryheid van spraak-beginsel 'n basiese beginsel in die Wet se vertolking en toepassing is en dat beoordelaars die publikasie dus *"from a positive point"* (**Buddy, Buddy** (148/81:7)) benader, en dat

(b) skrywers, produsente en dies meer oor die reg beskik om tot en met die limiet waar die stof byvoorbeeld weersinwekkend word, te publiseer. Die Raad stel dié uitgangspunt soos volg in **A Video Guide to Nude Photography** (239/84:3): *"(...) the above indicates that an adjudicator under the Publications Act, in his approach to his material, must start with the basic attitude of allowing the work in the first place. It is not the work that has to prove itself, but the undesirability that has to do so."*

Dit blyk egter uit die uitspraak oor Alfred Hutchinson se **Road to Ghana**

(2/4/8/82:3) dat 'n publikasie sonder 'n behoorlike ondersoek op ideologiese gronde *ongewens* bevind mag word sodat *vryheid van spraak* ten spyte van bostaande beleidsuiteensetting nie altyd gewaarborg word nie: *"Terwyl die uitlatings waarna die Komitee (dit wil sê, die Publikasiekomitee) verwys wat op bladsye 9, 10, 13, 17 en 186 voorkom asook die feit dat die boek opgedra is aan die 'vryheidsvegters van Suid-Afrika' genoegsaam sal wees vir 'n bevinding van ongewenstheid"*. Die bladsye waarna verwys word, verklaar onder meer dat *"Africa will trample you underfoot, Verwoerd"*, dat 'n toneelstuk oor 'n hoogverraadsverhoor met die Freedom Charter as hoeksteen daarvoor, geskryf is, en dat *"Christianity in Africa is a farce"*. Die Raad het sonder 'n behoorlike ondersoek na die konteks of implikasie van die aanhalings wat deur die Publikasiekomitee voorgelê is, beslis dat die boek *ongewens* is - maar dat dit nie *radikaal ongewens* is nie en dat 'n besitsverbod gevolglik nie gehêf behoort te word nie. Die *ongewenstheidsbevinding* kom daarop neer dat die beginsel van *vryheid van spraak* nie gehandhaaf word wanneer dit ideologies gesproke in teenstryd met die Raad se oortuigings is nie.

## 22.0 Inkonsekwentheid ten opsigte van maatstawwe

Die Raad verstrek geen riglyn ingevolge waarvan 'n mens kan vasstel wanneer hy 'n publikasie bloot as '*reading matter*' beskou en wanneer hy dit as 'n '*literêre werk*' beskou nie. Dit het tot gevolg dat die Raad nie konsekwent is ten opsigte van die soort maatstaf wat hy toepas nie.

Die Raad het in *The Dawn Comes Twice* (144/76:21) beslis dat daar slegs een bevredigende benadering is wat 'n beoordelende liggaam kan volg wanneer hy ondersoek instel na geskrewe materiaal, en dit is "*simply to look upon it as reading matter and to examine it in the light of the definition of 'undesirable' as laid down in the Act*".

In die beslissing van *Gerugte van Reën* (67/78:13) wyk die Raad egter van die benadering af; dit ondersoek die roman nie as '*reading matter*' nie, maar beoordeel dit as '*kunswerk*': "*Die foute wat hierbo aangestip is, raak die essensie van die roman as afgeronde en gesagdraende kunswerk*". *Gerugte van Reën* word dus as kunswerk en in terme van sy literêre meriete (of gebrek daaraan) beoordeel terwyl dit nie die geval met *The Dawn Comes Twice* is nie. Wat literêre gehalte betref, val die twee romans in dieselfde kategorie.

## 23.0 Hervoorleggings

### 23.1 'Hersiening' van uitsprake

Die Wet maak daarvoor voorsiening dat 'n publikasie wat deur die Raad ongewens bevind is, na 'n tydperk van twee jaar kragtens artikel 15 weer op hersiening aan die Raad voorgelê kan word indien 'n Publikasiekomitee dit weer tydens herondersoek

ongewens bevind het, of indien 'n Publikasiekomitee dit nie-ongewens bevind het en die Direkoraat teen dié beslissing appelleer. Indien so 'n publikasie 'n tweede maal deur die Raad ongewens bevind word, kan die hele proses hom na die verloop van 'n verdere twee jaar herhaal.

Die hervorlegging bied die Raad die geleentheid om enkele mistastinge tydens die oorspronklike of voorafgaande uitspraak reg te stel soos byvoorbeeld in hervorleggingsuitspraak oor **To Forget Venice** (196/82:2): "*The Board will also, of course, come to a different decision if it were to decide that it previously interpreted certain aspects of the film incorrectly.*" Daarbenwens bied dit die Raad die geleentheid om die gemeenskapsopvatting opnuut te peil en indien die gemeenskapsopvatting sedert die eerste ondersoek verander het, sal dit 'n rol in die hervorleggingsuitspraak speel. Vergelyk in die verband die Raad se woorde in dieselfde uitspraak (196/82:2): "*(...) it remains the Board's function to gauge the present degree of tolerance and not engage in an enquiry whether the present degree of tolerance differs from the degree of tolerance in 1980 (see in this regard Magersfontein (7/80) and Kennis van die Aand (131/81).*"

Dit gebeur betreklik dikwels dat die Raad se hervorleggingsuitspraak radikaal van die oorspronklike verskil. Dit suggereer dat die Raad die publikasie aanvanklik verkeerd beoordeel het.

John Miles se roman, **Donderdag of Woensdag** (70/78:) is aanvanklik op grond van godslaster ongewens bevind, maar nadat die publikasie weer voorgelê is, is in saak 27/83 bevind dat die roman nie-ongewens is. Die verbod is op grond van die rol wat die waarskynlike leser sal speel, opgehef, dit wil sê, die vorige gronde, naamlik *godslaster*, waarop die roman aanvanklik ongewens bevind is, nie meer in die lig van die rol wat die waarskynlike leser speel, geldig is nie. Dit beteken dat die Raad se eerste ondersoek die

klem op die verkeerde aspek laat val het en dat die roman, in die lig van die Raad se nuwe insig, aanvanklik verkeerdelik ongewens bevind is.

Dit gebeur egter ten spyte van die insig dat die *waarskynlike leser* 'n belangrike rol speel (vergelyk die *Magersfontein*-uitspraak) dikwels dat die Raad die maatstaf ignoreer en die klem op 'n ander aspek laat val. Die klem gee dan tot 'n ongewenstheidsbevinding aanleiding. In die uitspraak oor *Man of Nazareth* (72/80: ) word na *Magersfontein, O Magersfontein!* en die *waarskynlike leser* verwys, maar die rol wat die *waarskynlike leser* in *Man of Nazareth* sou/kon speel, word verwerp. Die Raad bevind dat die boek '*maklik lees*' en dat dit die soort titel het wat mens sal aanspoor om die boek op te tel en te lees.

By die hervorlegging van *Magersfontein, O Magersfontein!* (7/80) blyk dit egter dat die 'hersiene' uitspraak nie net die *waarskynlike leser* se rol in ag neem nie, maar dat die uitspraak ook in ander opsigte aansienlik van die 77/77-uitspraak verskil - die eerste uitspraak (77/77) verskil wat die uitspraak ten opsigte van die seksbeskrywings betref geheel en al van die tweede uitspraak (7/80). Tydens die eerste uitspraak bevind die Raad dat die seksuele in die roman op 'n '*sieklike behandeling van seks*', en '*morsige beskrywing(s)*' (p. 10) neerkom en dat die seksuele verwysings '*walglik en dus aanstootlik*' (p. 10) is. Daar word ook bevind dat daar 'n '*skaamtelose oopvlekking van die geslagsdaad*' is en dat die masturbasietoneel '*n sieklike behandeling van 'n onnatuurlike gedragpatroon in die mens en gevolglik (...) onbetaamlik en onwelvoeglik*' is (p. 11).

In die tweede uitspraak (7/80:16) beslis die Raad egter soos volg: "*Die strekking of doel van die boek is om die dwaasheid, die grootdoenerigheid, die vertoosug en morele verval van ons tyd teen die agtergrond van die heroïese verlede te satiriseer. Die strekking van die boek is dus positief moreel. Die waarskynlike leser sal dit so insien. Die middele wat die*



*skrywer gebruik pas vir die waarskynlike leser by hierdie strekking in en is dus daarby geïntegreer. Die seksbeskrywings is nie blatant skaamteloos nie. Dis klinies van aard en nie bereken om wellus uit te lok nie".* Daarmee handel die Raad die 'behandeling van die seksuele' (wat in die eerste uitspraak oor vier bladsye gestrek het) in 'n enkele paragraaf af.

Die klem van die uitspraak word ook baie versigtig van die 'godsdienstige aanstootlikheid' na die waarskynlike leser verskuif. Dit kom nou daarop neer dat die sogenaamde gegewens wat aanstootlik kan wees, nie meer aanstootlik is nie, want na die sogenaamde eksegeese van die teks en die waarskynlike leser se begrip daarvan tesame met die aanduiding van die funksionaliteit binne die geheel (as gevolg van die korrektiewe en die satire) word dit wat aanstootlik mag gewees het (en vóorheen was), vervlak tot blote 'ergerlikheid' sodat dit nie meer as maatstaf vir 'n verbod gebruik kan word nie. Die oorheersende maatstaf is nou die waarskynlike leser se begrip, insig en reaksie, en die feit dat die groep persone - naamlik die waarskynlike leser wat volgens die Raad in die uitspraak deur die Komitee van Deskundiges (en gevolglik deur ervare letterkundiges) verteenwoordig word - wat dit sal lees, so duidelik afgebaken word. Alle ander oorwegings ten opsigte van aanstootlikheid verval dus daarmee.

#### 24.0 Ongemotiveerde en onverduidelike stellings

##### 24.1 'Tydsverloop bring nuwe perspektief'

Die Raad beslis tydens die hervorlegging van *Hold my Hand I'm Dying* (116/82:5) dat die tydsverloop nuwe perspektief op die roman gebring het en dat die roman besonder akkuraat was wat sy politieke voorspelling betref. Die Raad beslis op grond van laasgenoemde dat die roman gevolglik nie langer verbode mag wees nie: *"It appears that what the author envisaged for the future has been realised almost to the letter, and it is this,*

*above all, which has tipped the scales in favour of a finding of the book's not being undesirable".*

Bostaande beslissing impliseer dus een van twee dinge: òf dat die verbod opgehef is op grond daarvan dat die *voorspelling* korrek is en dat die Raad die werk nie langer as fiksie nie, maar as feit beskou en op grond daarvan besluit het om die verbod op te hef, òf op grond daarvan dat die geskiedkundige verloop van sake bevestig dat die fiktiewe werk 'n ideologiese boodskap vir die Suid-Afrikaanse leser inhou. Dit blyk uit die volgende sin dat laasgenoemde afleiding waarskynlik die korrekte afleiding is: *"One cannot but feel that it would be unreasonable to withhold this book from the South African community"*. Dié uitspraak bevestig gevolglik dat dit nie om enige ander aspek van die publikasie self gaan nie en dat die Raad die publikasie in die lig van 'n Nasionale Party-politieke ideologiese vergesig ondersoek het.

#### 24.2 Wie se oordeel?

Die Raad skep dikwels die indruk dat hy nie werklik weet in watter meriete-kategorie 'n bepaalde publikasie behoort te val nie. As 'n mens byvoorbeeld na die uitspraak oor Kirby se verhoogstuk, *It's a Boy* (159:82:3) kyk, is dit nie duidelik of hy na sy eie lede se oordeel of opvatting verwys nie, en of hy na iemand anders, soos byvoorbeeld die *waarskynlike* teaterganger/leser/kritici of die *werklike* teaterganger/leser/kritici verwys wanneer hy die volgende sê nie: *"Die stuk kan as redelik geslaagde politieke burlesk beskou word, alhoewel sommige dit as briljant sal beskou"*.

#### 24.3 Die Raad se beslissing ten opsigte van

**'onwetenskaplik', maar met besliste navorsingswaarde**

Die Raad beslis in die uitspraak oor **The Holy Blood and the Holy Grail** (95/82:3) dat die publikasie, wat wetenskaplike gehalte betref, nie naby ander publikasies, soos **Jesus Prophet of Islam** (62/78) en **Jesus the Magician** (1/79), wat ook deur die Raad ondersoek is, kom nie. Die Raad beslis verder dat die skrywer van 'n "*verdagte wetenskaplike metode gebruik maak*" en dat dit tot gevolg het "*dat die skrywers hulle hele teorie self vernietig*". Ten spyte daarvan dat die publikasie gelyktydig tipeer word as synde dat dit van 'n 'verdagte wetenskaplike metode' gebruik gemaak het en dat daar nie van hoë wetenskaplike waarde sprake is nie, beslis hy vreemd genoeg dat die publikasie wel navorsingswaarde het: "*... het dit tog ook sekere navorsingswaarde vir sover dit nodig is dat teoloë en ander belangstellendes moet kennis neem van die 'vyande van die kruis van Christus' (Fillippense(sic) 3 vers 18)*".

Dit is nie normale praktyk dat 'n werk wat wetenskaplik gesproke verdag is, enigsins as 'n navorsingswerk aanbeveel word. Sodra 'n mens egter na die verwysing na die Bybelteks kyk wat ter ondersteuning van en as rede vir die beslissing aangevoer word, blyk dit dat die Raad ideologiese bymotiewe met die uitspraak het - en dat die bevinding dat dit nie-ongewens is, die resultaat daarvan is dat die publikasie op *meriete* nie-ongewens bevind is. Dis duidelik uit die weersprekende en onverstaanbare bevinding dat die Raad nie op juridiese gronde tot dié uitspraak geraak het nie, maar dat hy dit op subjektief-ideologiese wyse so manipuleer het dat die publikasie nie-ongewens bevind is.

## 25 Manipulering van die uitsprake

### 25.1 Niks kan die publikasie 'red' nie

Niks kan 'n publikasie red as die Raad om watter rede ook al besluit het dat die betrokke publikasie ongewens bevind moet word nie. Die uitsprake van **Magersfontein, O**

**Magersfontein!** (onder meer met verwysing na die 'seksuele' in die roman), **Donderdag of Woensdag** (op grond van 'godslaster'), en selfs die laaste uitspraak oor **Kinflicks** (die verwysing na die skryfster self, die taal en die sekstonele) dien as voorbeelde hiervan.

Een van die heel beste voorbeelde van die soort aktiwiteit aan die Raad se kant, blyk uit die uitspraak oor **A Time of Desecration** (100/80). Die Komitee van Deskundiges het bevind dat dit 'n baie dik, moeilike en ontoeganklike roman is wat slegs deur 'n gesofistikeerde leser gelees sal word. Die Raad het beslis dat die waarskynlike leserskring baie klein sal wees en dat die boek, wat as 'n bitter satire bestempel is, oor duidelike en hoë literêre meriete beskik. Die publikasie is ten spyte van die 'verliggende faktore' ongewens bevind aangesien die Raad teen die seksbeskrywings beswaar gemaak het. Die waarskynlike leser, wat deur die Raad self identifiseer is, sal ten spyte van die feit dat hy 'n kenner van Moravia se werk is, dat hy die inhoud in konteks sal sien en verstaan, dat hy die publikasie as ernstige literêre satire sal benader, na die Raad se mening nie daartoe in staat om een van die kernegegewens, naamlik die seksbeskrywings, te hanteer nie. Die uitspraak impliseer of dat die Raad nie duidelikheid het oor wie die waarskynlike (werklike) leser is nie, of dat die Raad (ten spyte van die Komitee van Deskundiges se oortuigende verslag) nie bereid is om toe te laat dat selfs die waarskynlike (werklike) leser die geleentheid te bied om die roman te lees nie.

## 25.2 Skep nuwe maatstawwe

Dit het in die bespreking onder 25.1 geblyk dat niks 'n publikasie kan 'red' as die Raad besluit het om dit ongewens te bevind nie. Die teenoorgestelde is ook waar. As die Raad 'n publikasie om watter rede ook al nie-ongewens wil bevind, dan manipuleer hy die uitspraak dermate dat hy 'n maatstaf skep of op 'n moontlike maatstaf terugval in gevolge waarvan hy die publikasie aldus kan bevind - vergelyk onder meer die vreemde

uitspraak in *Cosmopolitan* (10/85:3) waar die Raad skielik bevind dat die tydskrif van ander tydskrifte verskil omdat dit op 'n Amerikaanse tydskrif gegrond is: *"It is neither a 'popular' nor a 'family' magazine (...) it would be unrealistic to ignore the well-known fact that Cosmopolitan, which derives its name from the original American Cosmopolitan, caters for the more sophisticated and liberated woman"*. Op grond hiervan bevind die Raad dat die feit tot gevolg sal hê dat mense nie die tydskrif sal optel en daardeur sal blaai terwyl dit in die kafee op die rakke uitgestal en te koop aangebied word nie! Die feit dat dieselfde groep lesers 'n tydskrif soos *Fair Lady* lees, is opsigtelik nie in ag geneem nie - en ook nie die feit dat die sensasionele aankondigings op die buiteblad (wat presies ooreenstem met die tegniek wat op ander vrouetydskrifte se buiteblaaie gebruik word) juis daarop gemik is om die toevallige leser of die sogenaamde 'browser' te oorreed om die tydskrif op te tel en te koop nie.

Vergelyk egter ook die uitspraak oor *Te hel met Ouma* (13/81:3) waar die waarskynlike leser as faktor aangewend word om die publikasie te 'red': *"Die Appèlraad is van oordeel dat die beperkte waarskynlike leserskring die hoof oorweging (sic) is vir sy konklusie dat die onderhawige publikasie nie ongewens binne die betekenis van die Wet op Publikasies is nie. Daar is baie aspekte in hierdie publikasie wat selfs vir die waarskynlike leser grof of aanstootlik sal aandoen, maar die meerderheid waarskynlike lesers sal van oordeel wees dat die publikasie nie te ver gaan nie."* Vergelyk verder ook die verbete poging wat in die uitspraak oor Shirley Conran se *Lace* (58/83:3-4) aangewend word om die publikasie nie-ongewens te bevind. In laasgenoemde publikasie beslis die Raad onder meer dat die boek aktueel is (maar dis *fiksie!*) en dat die waarskynlike leser *"is able to relate to the problems and experiences of one or other of the characters depicted"* (p. 3).

### 25.3 Gebruik maatstawwe sonder vaste patroon

### 25.3.1 Argumente vir Conran se roman, *Lace*

Dit skyn asof die Raad tot die gevolgtrekking in 25.2 geraak het op grond daarvan dat hy vroeër beslis het dat Shirley Conran "*has drawn on her own particular life experience in order to paint a picture of modern feminine experience*". Op grond waarvan die Raad tot dié vreemde en ongemotiveerde gevolgtrekking geraak, is nie duidelik nie. Impliseer die Raad dat sy oor haar *vriendinne, kennisse* of *haarself* skryf? Of impliseer die Raad dat so 'n storie net eenvoudig nie fiksie kan wees nie - dat dit die waarheid móét wees? Waarin lê die '*modern feminine experience*' waarna die Raad verwys? Of: wat is die sogenaamde '*modern feminine experience*'? Die verhaal handel oor 'n klompie vriendinne wat saam op skool was, oor een wat swanger geraak het en 'n dogter gehad het, oor die vriendinne se latere lewensverloop en die dogter se soeke na en ontmoeting met haar moeder. Die tweede deel van die verhaal handel oor die bloedskendige verhouding wat die dogter onwetend as jong volwassene met haar Midde-Oosterse vader het. Hoe die Raad by die gevolgtrekking uitkom dat Conran oor haar '*own particular life experience*' skryf of dat sy '*a modern feminine experience*' met of sonder behulp van haar 'eie' lewenservaring uitbeeld, kan nòg uit die oorspronklike teks nòg uit die uitspraak self afgelei word.

Die Raad beslis voorts dat 'n boek nie in die openbaar gelees word nie, maar dat dit tog wel in 'n sekere mate 'n 'openbare dokument' is en dat alle seksuele intimiteite gevolglik nie publiseer kan word nie. Ten spyte hiervan bevind die Raad dat *Lace* in 'n splinternuwe kategorie val en dat die 'vars' uitbeelding van 'nuwe' sekstonele (waarin diverse goed soos 'n goudvissie, heuning en room, en dies meer 'n aktiewe rol speel) tot die leser se insig in en begrip van die karakters bydra: "... *each sexual encounter enhances the reader's understanding of the characters and develops the plot.*" Indien die Raad as maatstaf aanbied, is dit 'n maatstaf wat op alle vlot geskrewe moderne ligte leesstof van toepassing behoort te wees - maar nie is nie.

### 25.3.2 Argumente teen die radikale feminis, Andrea Dworkin, se werk

Net soos wat die Raad 'n saak vir Lace uitmaak, maak hy 'n saak teen Andrea Dworkin se moeilik geskrewe en uiters ontoeganklike feministiese publikasie, **Right Wing Women** (174/83:5), uit. Die Raad bevind in wese dat Conran - wat op rekord is dat sy gesê het dat sy die verhaal spesifiek op dié wyse bedink het omdat die suksesresep sou versker dat dit 'n blitsverkoper word - se fiktiewe verhaal moreel en ideologies gesproke '*korrek*' is terwyl Dworkin se werk wat die werklike feministiese denke van 'n bepaalde skool feministe weerspieël, moreel en ideologies gesproke '*nie korrek is nie*' en as gevolg daarvan aanstootlik en ongewens is: "*It is, however, the attack on marriage and the propagation of lesbianism that, in the opinion of the Board, create the greatest problem*".

Die Raad neem so erg aanstoot dat hy nie-tersaaklike en persoonlike inligting oor die skryfster self in sy *opsomming* tot die uitspraak (op p. 1) verstrek: "*Boek deur 'n militante feminis en self-verklaarde lesbianis wat die huwelik as instelling aftakel en lesbianisme propageer, ongewens. Artikel 47(2)(a). Oormatige kru taal 'n verswarende faktor.*" Geen van die 'normale' maatstawwe, soos die *beperkte waarskynlike leserskring*, die *navorsingswaarde*, die *filosofiese strekking*, die feit dat dit 'n algehele nuwe *denkrigting* verteenwoordig wat in die Weste aan momentum wen, die moeilik geskrewe en betreklik ontoeganklike teks, òf die feit dat die inhoud op 'n *argument* neerkom wat die leser kan aanvaar of verwerp, is in ag geneem nie - vergelyk onder meer die uitspraak in **Stern** (1/85:4) waarin soos volg beslis is: "*Die waarskynlike lesersgroep is slegs 'n faktor. Hoe meer beperk die waarskynlike lesersgroep is, hoe sterker werk hierdie faktor egter*". Dat dit egter nie 'n maatstaf is wat deurgaans toegepas word nie, is duidelik uit die uitspraak oor **Right Wing Women** (174/83).

Die Raad het suiwer op grond van die feit dat 'die huwelik' na sy mening afgetakel word - omdat dit as instelling en in sy huidige onvolmaakte vorm aangeval en bevaagteken word - en op sterkte van die 'lesbiese argument' *teen* die publikasie *besluit*. Die implikasie is duidelik: die Raad vrees dat sommige van die beperkte aantal waarskynlike/werklike lesers deur die publikasie beïnvloed sal word - maar negeer sy vorige bevindings ten opsigte van politieke publikasies waar 'n publikasie dikwels nie-ongewens bevind is omdat die waarskynlike leser ('revolutionêr', ondersteuner/aanhanger van die Marxisme, kommunisme of ander -isme) se oortuigings reeds ooreenstem met dit wat in die betrokke publikasie 'verkondig' word. In sulke gevalle is beslis dat die betrokke publikasie die waarskynlike/werklike leser nie sal kan beïnvloed nie omdat hy reeds so dink en dat dit ander sal verveel of vir ander ontoeganklik sal wees. Die Raad beslis soos volg oor John Reed se boek, *Ten days that shook the world* (28/82:4): *"A reader unfamiliar with that history has little inducement to read further. His understanding of the account is frustrated at the very beginning"*, en op p. 5: *"The most likely reader of the book will be the person who is adequately informed to grasp such references or is especially interested in the period, and is making a special study of it"*. Vergelyk verder wat die Raad in die uitspraak oor *Work in Progress* (204/82:3) sê: *"In regard to the question whether these aspects mentioned in the Namibia article would not contribute to a disruption of the war effort, the Board has come to the conclusion that if this were to have been published in a pamphlet with a wide mass circulation, it would probably have been undesirable. The intellectual readership of the present publication, however, renders this aspect negative"* (my beklemtoning).

## 26 Die Raad is bevooroordeel ten opsigte van bepaalde publikasies

### 26.1 Kinfflicks en Original Sins



Die Raad laat reeds binne die eerste drie paragrawe van sy uitspraak blyk dat **Kinflicks** (90/81:2) nie vir hom 'n aanvaarbare publikasie is nie: "*Styled as 'wildly erotic', the story lays claim to be serious literature, but the writer overplays her hand. In it there is the challenging treatment of two themes that have tended to be taboo in Western Civilisation, namely death and sex*". Dit blyk later dat die beswaar so ingekleur is dat die indruk geskep word dat daar teen die beskrywing van geslagsomgang, lesbiese intimiteit en sogenaamde perverse eksperimente (p. 8-9 - kyk ook die uitspraak oor **Original Sins** 83/81) beswaar gemaak word.

Die werklike rede kan waarskynlik in die volgende onwetenskaplike, subjektiewe, negatiewe reaksie wat as 'motivering' voorgehou word, gevind word: "*Lisa Alter examines things that the human body experiences, and she does so in a manner that tends to call public morals into doubt. Free sex and the discussion of it enable the author not merely to express her independence but also, apparently, to confirm her maturity and liberation from traditional moral, ethical, religious and sexual values*".

Presies hoe subjektief die bevinding is, blyk wanneer die Komitee van Deskundiges (onder voorsitterskap van dr. Rialette Wiehahn) se verslag bestudeer word. Die Komitee is byvoorbeeld daarvan oortuig dat "*the novel takes its reader on a thinking and thought-provoking journey of personal initiation which, in turn, becomes a full account of American social history during the third-quarter of the century. In the process of growing up and trying to find herself the heroine Virginia Hull Babcock is made to confront profound and universal issues such as the meaning of life and death, of love, marriage and motherhood, of a universe itself and the individual's place within it*", (p.1). Die Komitee oordeel voorts dat die seksbeskrywings glad nie aanstootlik is nie: "*As ever-present corrective to the sex-scenes is their comic treatment in which caricature and surprisingly witty imagery is*

*the order of the day. Such treatment effectively distances the reader from the erotic scene and inhibits the scene itself to such an extent that it turns into its very opposite: the anti-erotic" (p.3).*

## 26.2 Van Lustbader seëvier

Eric van Lustbader se ontspanningsverhaal, *Sirens* (91/81:2), dra die Raad se onvoorwaardelike goedkeuring weg - dit blyk reeds uit die eerste paragraaf van die uitspraak waarin gepoog word om Van Lustbader se roman tot iets spesiaals te verhef: "*(...) the readership of Sirens will be limited to sophisticated, experienced novel readers who are interested not merely in stories told but also in what the writers are trying to achieve and in the techniques adopted to that end*". Alhoewel die Raad die boek se literêre meriete (wat geensins bewys word nie) nie te hoog wil aanslaan nie, is die Raad ten spyte van die feit dat sommige mense die boek dalk as *populêr* (p. 7) mag beskou, die mening toegedaan dat dit meer as '*mere escapist reading*' (p. 4) is. Die bevinding word nie motiveer nie; dit word bloot as bevinding gestel.

Die Raad se bevinding ten opsigte daarvan dat *Sirens* nie-ongewens is, berus op argumente soos die volgende uitstekende argument - wat ongelukkig nie ook op 'n boek soos *Kinflicks* toegepas is nie: "*(...) that the likely reader of this book will be the sophisticated literary experienced person who may find the profanities and crudities in the dialogue in some of the characters distasteful but not mortifying and painful*". (p. 4).

Dit is nie net 'n oorredende argument nie, maar getuig ook van insig in die werklike leser. Dis net jammer dat die argument op so 'n selektiewe grondslag gebruik word. Die Raad wys verder daarop dat party van die seksbeskrywings '*torrid detail*' bevat en dat dit in isolasie '*obscene and indecent*' is, maar wanneer dit binne die konteks van die

boek as geheel gelees word, verloor die tonele dié karakter "*and become no more than distasteful and displeasing*" (p.6).

Die Raad se ondersoek na al Van Lustbader se publikasies het tot beslissings van nie-ongewens gelei terwyl sy ondersoek na al Lisa Alther se werk tot ongewenstheidsbevindings aanleiding gegee het. Lisa Alther se tweede roman, **Original Sins** (83/81), is ook op sterkte van 'n meerderheidsbeslissing wat van die minderheidsbeslissing, die Komitee van Deskundiges en ook van die Publikasiekomitee se aanbevelings verskil, ongewens bevind. 'n Ontleding van die uitspraak toon dat die publikasie op 'n subjektiewe *moraliteitsgrondslag* beoordeel is en nie in terme van die breë en meer objektiewe benadering wat die bevinding ten opsigte van die titel **Sirens** (91/81) gekenmerk het nie.

### 26.3 Volgens die uitsprake blyk dit dat die 'feministiese inslag'

#### nie vir die Raad aanvaarbaar is nie

Alhoewel die Raad dit nêrens uitspel nie, blyk dit dat die feministiese inslag in die publikasie (**Original Sins** (83/81)) onaanvaarbaar is - vermoedelik omdat dit die bestaande *status quo* sal versteur - soos uit die aanhalings op p.3 en die vreemde, nieregverdigbare poging om die roman **Kinflicks** met Marilyn French se **The Women's Room** te vergelyk, blyk. Een van die karakters in **Original Sins**, Maria, raak daarvan bewus dat "*the institution of marriage was a penal institution. Set up and maintained by men to domesticate the passion she now knew existed in women*" en: "*Men filled their homes with machines. They preferred it if their wives were merely appliances. Plug them in; and they dispensed sympathy and meals and clean socks. Plug into them and they got your rocks off*" (p. 3). Te oordeel aan die meerderheidsbeslissing is dit duidelik dat die feministiese inhoud van die aanhaling die Raad (wat vir dié ondersoek uit slegs mans bestaan) onaanvaarbaar was.

Die poging om **Original Sins** met **The Women's Room** te vergelyk, is vergesog - die feit dat beide boeke as *'feministiese literatuur'* klassifiseer kan word, beteken hoegenaamd nie dat daar enige verdere literêr-tegniese ooreenkomste is of hoef te wees nie.

Nadat die Raad in sy nie-tersaaklike ontleding erken het dat daar 'n enkele karakter in **The Women's Room** is terwyl drie verskillende vrouekarakters in **Original Sins** uitgebeeld word en dat dit onder meer tot gevolg het dat die seksbeskrywings meer dikwels en op meer eksplisiete wyse in laasgenoemde publikasie voorkom, probeer hy desnieteenstaande bewys dat die hoofkarakter in **The Women's Room** (wat ooreenkomstig die uitspraak na die Raad se mening Marilyn French self is) se *'skoon dialoog'* van die ander karakters se *'vuil dialoog'* verskil, maar dat dieselfde nie ten opsigte van **Original Sins** gesê kan word nie: *"And whereas it was specifically noticed with regards to The Women's Room that the apparently undesirable language 'is to be found only in parts of the dialogue and not in the author's own account of all that happened', the author of Original Sins does not tell the story in the distinctive idiom of her own, but through her thoughts and in the idiom of the individual character she creates"*(p.5).

#### 26.4 Oordeelsfoute as gevolg van onkunde

Die Raad begaan twee duidelike oordeelsfoute in die uitsprake oor **The Women's Room** en **Original Sins**, naamlik:

(a) Marilyn French is die outeur terwyl die ek-verteller bloot 'n karakter is wat sy skep; die ek-verteller kan waarskynlik as die hoofkarakter beskou word terwyl Mira die tweede belangrikste karakter is; dit is dus die verhaal van 'n fiktiewe karakter en nie 'n outobiografiese werk soos die Raad oënskynlik vermoed nie; en

(b) dit is literêr en binne die *genre* fiksie, geregverdig om karakters te skep en die karakters self aan die woord te stel. Wanneer die skryfster tussenbeide tree, word dit as 'n duidelike struktuurbreuk beskou. Die Raad aanvaar verkeerdelik in **The Women's Room** dat Marilyn French self tot die verhaal toetree (wat 'n struktuurbreuk tot gevolg sou gehad het), maar dat Lisa Alther dit nie doen nie en dat haar roman gevolglik 'minder goed' as French s'n is.

Gräbe (1984:72) sê dat 'n oukatoriële verteller 'n verteller is wat byna net soveel beheer oor die vertelde geskiedenis het as wat die outeur oor die narratiewe teks het. Ten spyte daarvan is die oukatoriële verteller slegs 'n deel van die konvensies binne fiksionele tekste en moet gevolglik nie met die outeur van vlees en bloed - wat die skepper van die narratiewe teks is - verwar word nie. Sy sê dat so 'n verteller as gevolg van sy onbepaalde perspektief alwetend is ten opsigte van die gebeure (wat die verhaal se verloop bepaal) en die karakters wat in die verhaal voorkom. So 'n verteller ken die verlede, hede en toekoms, dit wil sê hy weet wat aanleiding gegee het tot die gebeure in die hede en watter afloop dit in die toekoms sal hê.

Gräbe wys ook daarop dat die oukatoriële verteller dikwels 'n eie mening oor sake gee en dat dit tot gevolg het dat hy soms met die werklike outeur verwar word. Sy sê verder dat so 'n oukatoriële verteller na homself in die eerste persoon kan verwys en dat hy dikwels, afgesien van die gebeure binne die fiktiewe wêreld, allerlei besonderhede oor homself kan verstrek. Wanneer dit gebeur, is die ek-verteller intern ten opsigte van sy eie wedervaringe, maar nog steeds ekstern ten opsigte van die gebeure binne die fiktiewe wêreld waarom dit eintlik in die verhaal gaan. Dit verduidelik waarom die Raad verkeerdelik gedink het dat dit Marilyn French is wat persoonlik aan die woord is en wat persoonlik haar 'vriende' of 'kennisse' se wedervaringe in storienvorm meedeel.

Die Raad het versuim om tydens die ondersoek van **Original Sins** kennis te neem van die Publikasiekomitee en die Komitee van Deskundiges se verslae asook van die minderheidsverslag se bevinding dat die seksbeskrywings nie-ongewens en funksioneel is: "*The Publications Committee also noted that the sex scenes 'are not at all explicit. They are not lust-provoking or repugnant and are functional when seen in the context of the whole'*" (p. 6). Die Raad erken geredelik dat die seksbeskrywings in **Original Sins** nie op so 'n omvattende wyse as dié in **The Women's Room** beskryf is nie, dat dit inderdaad funksioneel is, dat dit "*even may not be lust-provoking*", maar dat dit desnieteenstaande ongewens is as gevolg van "*their frequency and unmitigating frankness*" (p. 7).

#### 26.5 Objektiewe toets ontbreek

Indien die Raad die objektiewe en uitgebreide toets ten opsigte van wie die waarskynlike leser sou wees, hier toegepas het, soos wat dit in **Sirens** (91/81) toegepas is, sou dit *waarskynlik* 'n bevinding dat die publikasie nie-ongewens is, tot gevolg gehad het, want die gesofistikeerde, ervare en volwasse leser wat **Sirens** in die regte lig sou gelees en verwerk het, sou beide **Kinflicks** en **Original Sins** in presies dieselfde lig gesien en op dieselfde wyse verwerk het. Die Raad kon dit egter blykbaar nie waag om dié toets op **Original Sins** (83/81:8) toe te pas nie aangesien die werklike rede waarom die publikasie ongewens bevind is, 'n oënskynlik puriteins-moralistiese strekking gehad het en dit nie met die toepassing van so 'n objektiewe toets versoen kon word nie: "*An aggravating aspect is that none of the sexual relationships in the novel, both the marital and the non-marital, are presented in a favourable light*".

Die Raad bevind in **The Choir Boys** (46/84:3) deur Joseph Wambaugh dat **The Choir Boys** "*go beyond the bawdiness of a Tom Jones: their licentiousness is that of a society in*

*the times of which they operate. Also in the picaresque tradition there is a savage realism in this novel, a larger-than-life realism. The person that the Choir Boys come into contact with are of the kind policemen have to deal with: drunkards, drug addicts, sexual perverts, child abusers, sadists, potential suicides, and so forth, and what policemen have to deal with is what such persons resort to and practise. It is a sordid and most unsavoury world. And the language in which the novel is written is the language of such people and of policemen who have come in familiar contact with them and who, themselves, are not at all as well educated as some others ... "*

#### 26.6 'Vrouelektuur'

*Captive Passions* (96/81:5) word as 'n verhaal wat deur 'n vrou vir ander vroue geskryf is, bestempel. Daar is beslis dat "*lust, wantonness, promiscuity, and cruelty*" nie romantiseer kan word nie. Aangesien die boek nie literêre meriete het nie en die leserskring (volgens die Raad se oordeel) uit tienderjarige dogters bestaan, is daar beslis dat "*the book simply cannot carry the many episodes of unbridled lust and violence, which will be found repugnant by the reasonable person though he be neither prudish nor over-sensitive and which vitiate the book as a whole*". Die uitspraak bevestig weer eens die Raad se chauvinistiese ingesteldheid: hy weet wat vroue mag/wil/sal lees en hy gaan dit nie toelaat nie, dit wil sê, die vrou word teen haarself (want sy is volgens die Raad die waarskynlike leser) beskerm en die 'lelike' word van haar af weggehou.

#### 27 Oënskynlike onvermoë om die publikasie van die skrywer los te maak

Nadat 'n karakter in *By the Green of the Spring* (183/81) deur John Masters die volgende woorde in sy gedagtes uitgeskreeu het: "*Why don't you smite Margaret dead, God,*

*you swine?*" beslis die Raad dat die woorde in konteks gelees moet word en dat dit 'n "exasperated" karakter is wat godslaster. "It does not necessarily reflect the author's feeling or convictions" (p. 4). Die blote verwysing na die skrywer wek die vermoede dat die band tussen skrywer en publikasie *tersaaklik* is, en die woorde "does not necessarily reflect" toon dat die Raad self nie seker is of die godslaster aan die betrokke karakter of aan die skrywer toegeskryf moet word nie.

Alhoewel daar nêrens in *Kinflicks* deur Lisa Alther (90/81:4) beweer word dat die boek op Lisa Alther se lewensbeskouing of -ervaring gegrond is nie, beslis die Raad desnieteenstaande dat Alther aan die woord is: "*Lisa Alther examines things that the human body experiences and she does so in a manner that tends to call public morals into doubt. Free sex and the discussion of it enables the author not merely to express her independence, but also, apparently, to confirm her maturity and liberation from traditional moral, ethical, religious and sexual values*".

In direkte teenstryd hiermee, kritiseer die Raad Alther in die *Original Sins*-uitspraak (83/81:5) na aanleiding van 'n verwysing na Marilyn French se *The Women's Room* omdat haar stem nie persoonlik gehoor kan word nie: "*And whereas it was specifically noted with regards to The Women's Room that the apparently undesirable language 'is to be found only in parts of the dialogue and not in the author's own account of all that happened', the author of Original Sins does not tell the story in a distinctive idiom of her own but through her thoughts and in the idiom of the individual characters that she creates*". Die feit dat die Raad ten opsigte van *The Women's Room* dwaal, is hier slegs gedeeltelik *tersaaklik* want dit gaan om die Raad se *benadering*, dit wil sê, of die outeur se stem persoonlik gehoor kan word of nie eerder as om die vraag of die Raad die publikasie korrek gelees of verstaan het. Dié *benadering* word gewoonlik nie op ander publikasies toegepas nie.



Bostaande benadering blyk duidelik uit die volgende stelling: *"The Women's Room by Marilyn French has undoubted literary merit, which is due largely to the writer's academic training and interests. As holder of a Harvard doctorate and writer of critical work on James Joyce's Ulysses as well as of a number of scholarly articles, she obviously has a sound knowledge of what the novel and literature is".* (66/81:2). Die Raad glo verder dat die seksbeskrywings doelbewus so eksplisiet en gedetailleerd is omdat die outeur self 'n bepaalde skokeffek daardeur wou bereik: *"... that is the effect that they were intended to achieve, to bear out the writer's assertion that 'grimey details are not in the background of the lives of most women, they are the entire surface'"* (p. 5).

André P. Brink (1985:29) sê dat die roman die verwickeldste van alle literêre vorme is en dat daar deur die jare ontelbare strategieë ontwikkel is om die werk aan 'ons' "wêreld te onttrek én weer daaraan terug te gee (met 'n geïntensiveerde, groter begrip van wat oorspronklik daar 'ingegaan' het)". Hy sê ook (1985:30) dat iedere werk sy eie stel strategieë kies en definieer om die leser eers 'in te trek' en daarna na die "buitewêreld terug te keer": *"Gerard Walschap verwesenlik dit o.a. deur sy sintaksis, sy onvergelyklike mengsel van direkte en indirekte rede, eerste en derde persoon, teenwoordige en verlede tyd in een en dieselfde sin; Leroux, soos Joyce, deur die oprig van sy verhaal op die fondament van 'n mitologie wat reeds in 'ons' wêreld ingesypel het - nes, in die drama, Tom Stoppard Hamlet gebruik as geïntegreerde deel van 'ons' wêreld, om daarna agter die stuk en agter die skerm in te beweeg en 'n nuwe dimensie te verleen aan die begrip 'intertekstualiteit'"*.

Brink wys verder daarop (1985:33) dat die geldigheid van die literatuur in die omskepping van 'n kompleks "van idees en werklikhede tot 'n 'binnebeeld' lê (...): vanuit 'n verkenning van 'ons' ervaring van die wêreld, betrek dit ons by hierdie ervaring van die wêreld, en moedig ons dan aan om dit in ons eie lewens te integreer. Dit is een van ons

*enigste sinvolle antwoorde op Sartre se vraag in die begin van L'Idiot de la famille: 'wat kan 'n mens vandag van 'n mens weet?' En in dié verband vermag dit wat in die lewe self bykans onmoontlik is: die ervaring om 'n ander, of Die Ander, nie net aan te raak nie, maar daarmee vereenselwig te word".* Nog **The Women's Room**, nog **Original Sins**, nog **Kinflicks** word egter deur die Raad die geleentheid gebied om 'n eie stel strategieë te kies en daarmee te werk.

## 28 Twyfelagtige gesagsbronne

Die Wet maak daarvoor voorsiening dat die Raad, indien hy dit sou nodig vind, van 'n Komitee van Deskundiges of van ander deskundiges, wat nie noodwendig in die Komitee van Deskundiges hoef te dien nie, se raad en leiding kan gebruik maak. Alhoewel die Raad dit soms doen, gebeur dit egter ook dat hy hom eerder tot ander bronne, wat dikwels as '*twyfelagtige bronne*' bestempel kan word, wend - vergelyk maar hoe dikwels korrespondente in die briewekolom die tydskrif daarop wys dat feitefoute begaan is en hoe dikwels die redaksie die fout erken deur die woorde *Time regrets the error* onder die betrokke brief te plaas.

Die Raad verlaat hom dikwels op dit wat in die Amerikaanse tydskrif, *Time Magazine*, verskyn, soos byvoorbeeld in die uitgawe van 16 November 1981, waarin beweer word dat: "*The present film has high cinematic and dramatic merit*". Hy haal *Time Magazine* van 17 Augustus 1981 ook aan waarin berig word dat **The Hite Report on Male Sexuality** (104/81) die beste nie-fiksie blitsverkoper in die V.S.A. is. Ten spyte daarvan dat die Raad hom op dié gegewe verlaat, verwerp hy egter ander aspekte van die betrokke artikel waarna hy verwys. Volgens die Raad is die betrokke publikasie geensins 'n wetenskaplike werk nie. Die Raad suggereer trouens dat Hite die feite so aangewend het dat dit nie op navorsing nie, maar persoonlike 'betrokkenheid' en manipulering dui.

Hy maak egter nie net op *Time Magazine* staat nie, maar verwys ook in sy uitspraak oor **From the Life of the Marionettes** (51/81) na *Film Comment* van Maart-April 1981 rakende Ingmar Bergman se gebruikmaking van die droomtoneel.

## 29.0 Die rol wat 'funksionaliteit' speel

### 29.1 Funksionele woorde en tonele gewoonlik

#### nie-ongewens

Funksionaliteit speel 'n belangrike rol in uitsprake. As die Raad bevind dat 'n bepaalde woord of toneel nie funksioneel is nie, gebeur dit dikwels dat die betrokke publikasie as gevolg van die gebrek aan funksionaliteit ongewens bestempel word. Indien aangetoon kan word dat die gewraakte woord of daad funksioneel is, het dit meermale tot gevolg dat die publikasie nie-ongewens bevind word. Die Raad beslis byvoorbeeld soos volg in **S.O.B.** (81/81:5): "*Vir sover dit die woorde 'For Chirst's sake' betref, is die Raad van oordeel dat die woorde in hierdie rolprent nie geregverdig kan word op grond van blote ergerlikheid nie, maar dat dit vanweë afwesigheid van funksionaliteit as aanstootlik vir die godsdientige oortuigings of gevoelens van die Christene beskou kan word. Die Raad is bewus van die feit dat daar verskil van menings is oor die trefkrag van hierdie woorde en sal in geregverdigde gevalle hierdie woorde nie-ongewens bevind. Ten aansien van weglating 7 ('Jesus Christ, I just told you I want something done!') is daar dan ook bevind dat dit so sag gesê word dat dit behoue kan bly. Dit is ook 'n besonder funksionele oomblik in die rolprent*".

Die gewig wat aan funksionaliteit toegeskryf word, blyk ook uit die **To Forget Venice**-beslissing (196/82:30). Die rolprent is na hervoorlegging nie-ongewens bevind aangesien

groot dele van die rolprent wat aanvanklik as ongewens bestempel is, in die lig van die funksionaliteit daarvan nou nie-ongewens bevind is. Sekere naaktonele is egter ten spyte van die funksionaliteit (wat direk op die bevinding dat dit 'n rolprent "met buitengewone artistieke en dramatiese meriete" (p. 1) is, betrekking het) daarvan weggelaat: *"The scene in which Anna is nude under the shower as well as the scene in which pubic hair is shown at close range when Claudia showers are both regarded as undesirable. Although the scenes have certain artistic merits, they are not so functional as to justify a finding of their not amounting to a blatantly shameless intrusion upon the privacy of the nude female body. On the other hand, the scene in which Claudia walks across the room nude after showering is not regarded as undesirable. This scene also seems to be of greater value to the continuity of this peaceful scene in the bedroom. The showering scenes are more isolated. The scene in which the doctor pierces Martha's heart does create certain problems. Dramatically, however, it represents the turning point in this film. At this point the projection into the path stops and the family returns to reality. The scene shocks but is functionally integrated in so far as it corresponds to a (sic) earlier statement by Martha's father, who had a realistic approach to life - revealing a sense of realism which is lacking in Martha and Nicky. The Board has therefore come to the conclusion that this scene is so important that it would be wrong to excise it and that the Board probably misinterpreted its function at the time of the previous submission. The scene in which Pug touches and kisses Anna's breast is artistically very well integrated. On the other hand, it is too intimate for the screen and must therefore be excised. The scene must therefore be regarded as indecent or obscene within the meaning of section 47(2)(a) of the Act. This excision is ordered with a measure of reluctance in the light of its functionality, but the privacy which surrounds nudity and sexual foreplay outweighs the other factors".*

Dit blyk uit bostaande dat funksionaliteit 'n belangrike, maar nie altyd 'n oorwegende rol nie, speel. Indien ander tersaaklike maatstawwe, soos byvoorbeeld *aanstootlikheid*,

identifiseer word, word die gewig wat aan die twee maatstawwe toegeskryf kan word, teen mekaar opgeweeg. Indien die ander maatstaf, soos byvoorbeeld *aanstootlikheid*, swaarder weeg, sal die betrokke toneel, woord of sin steeds ongewens bevind word.

## 29.2 Funkisionele tonele/woorde is soms ongewens

Soos wat duidelik uit 29.1 blyk, gebeur dit dat tonele wat funksioneel is, om verskillende redes ongewens bevind word, soos in *Pacific Connection* (40/81:3): *"The depiction of the rape as such is offensive to public morals because of the excessive violence portrayed and the blatantly shameless manner in which it is exhibited. In the film one has, of course, to do with a rough character, but that does not necessarily mean that this roughness may be fully portrayed on a South African screen"*. Ten spyte daarvan dat die Raad toegee dat die karakter 'rof' is, beslis hy nogtans dat die omvang van die geweld die funksionele grens oorskry en in aanstootlikheid oorgaan. Die Raad bevind verder in dieselfde uitspraak op p. 4: *"With regard to the showing of the severed 'penis' (actually a chicken gullet) the Board came to the conclusion that although this is an important aspect of the film, its portrayal would not be tolerated by a reasonable South African. The fact that the old man had tricked the governor also becomes apparent at a later stage"*. Ten spyte daarvan dat die toneel as 'n belangrike (en by implikasie dus *funksionele*) toneel beskou word, beslis die Raad dat die toneel die perke van verdraagsaamheid te bowe gaan en gevolglik ongewens is.

## 29.3 Geweld en funksionaliteit

Drie afsonderlike maatstawwe geld oënskynlik wanneer die vraag of geweld funksioneel is - en dus nie-ongewens bevind word - aan die bod kom, naamlik volwasse standaarde, toneellengtes en die vraag of dit sinnelose geweld is of nie - vergelyk die

uitspraak in **Fire Fox** (149/82:2): *"According to adult standards the two said scenes are not repulsive and are therefore not offensive to public morals. They do not last long and are functional. The camera does not dwell on the effects of violence and does not present the violence in a repulsive or blatantly sickening manner. The scenes furthermore do not amount to senseless violence. The scene in which the KGB-agent is killed amounts to a killing in self-defence while the other deals with the hideous method used by the KGB in dealing with dissidents".*

Die Raad vat sy benadering ten opsigte van die gewig wat aan funksionaliteit (of die gebrek daaraan) toegeskryf kan word, soos volg in **Hold my Hand, I'm Dying** (116/82:4) - wat 'n hervoorlegging is - saam: *"... it must be pointed out that functionality can only be an extenuating or positive factor when it has the effect of neutralising matter which would otherwise be blatantly shameless or repulsive. When the very functionality emphasizes this blatant shamelessness or repulsiveness, it loses it's (sic) character as an extenuating circumstance. Secondly, functionality has always been regarded as a factor only and not as a final criterion. Even the most functional description can, under the circumstances, be regarded as repulsive. From this it must not be deduced that shocking matter may not be described in books, but in the end the question is how it has been done"(p. 4).*

Dit blyk egter dat die vraag of 'n gewelddadige toneel ongewens of nie-ongewens is, hang egter nie net van die kwessie van *funksionaliteit* teenoor die vraag of dit *aanstootlik* is of nie, of die drie 'soorte' geweld af nie, naamlik *volwasse standarde*, *toneellengtes* en *sinnelose geweld* - ander faktore of maatstawwe speel egter ook 'n rol. Vergelyk in dié verband Van Rooyen (1987:83-84) se woorde: *"Better-made thrillers, such as Dressed to Kill, Amityville Horror, The Living Dead (...) could carry far more in the way of violence (...). The bizarre nature of the themes of Bring me the Head of Alfredo Garcia and An American Werewolf in London was a factor in saving these films, while the black comedy*

in *Eating Raoul* and *Motel Hell* was not enough to save these films because of their sickening dehumanization of the human being." Terwyl funksionaliteit dus belangrik is wat die uitbeelding of voorstelling van geweld betref, is dit slegs 'n maatstaf wat teen ander maatstawwe opgeweeg moet word.

#### 29.4 Funksionaliteit en die 'gemiddelde man'

In the uitspraak oor *Magersfontein, O Magersfontein!* (77/77:13-14) het die Raad beslis dat 'n letterkundige mag verklaar dat die betrokke gedeelte (dit wil sê die seksbeskrywing) funksioneel is, maar dat die gemiddelde man dit as "skaamteloos" sal beskou. Nadat *Magersfontein, O Magersfontein!* weer in 1980 voorgelê is (7/80:17), beslis die Raad dat die Komitee van Deskundiges aandui dat die ydellike gebruik van die Here se naam deurgaans funksioneel aangewend word. Dit word byvoorbeeld aangewend om 'n karakter te tipeer of om 'n bepaalde situasie te skep, of om uitdrukking te gee aan spanning of frustrasie. Die Raad brei later op die punt uit wanneer hy soos volg beslis: "... die ydellike gebruik word aangewend om die kontras tussen die soekende, verlore Marygold Rosemary en die latere hervormde Rosemary Golden Dawn uit te beeld. Wanneer sy aanvanklik geen plek in die projek het nie, dui die ydellike gebruik op haar verlorenheid; wanneer Shipmaster hom egter oor haar ontferm en sy vir hom van nut is en sy so 'n plek in die projek kry, ondergaan sy 'n geestelike verandering. Nou is die ydellike gebruik verby, sy neem deel aan die reddingspoging en tree onselfsugtig op: in dieselfde edele gees van die heroïese Wauchope is sy (soos hy) nou bereid om te gaan - bereid om ook die dood tegemoet te gaan".

Dit kom daarop neer dat tonele wat funksioneel is in 'n sekere stadium aanstootlik kan wees, maar dat dieselfde tonele in 'n latere stadium nie meer aanstootlik sal wees nie. Die enigste afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die Raad eintlik met twee

maatstawwe werk, naamlik funksionaliteit en die veranderende gemeenskapsopvatting. Die implikasie is dan dat die tonele ongewens bevind word ten spyte daarvan dat dit funksioneel is omdat dit na die Raad se oordeel teen die gemeenskapstandaard sal indruis. Dit word egter nêrens uitgespel nie. Aan die ander kant bevind die Raad op subjektiewe wyse dat bepaalde beskrywings ten spyte van die funksionaliteit daarvan ongewens is omdat dit in die Raad se woorde 'grof en morsig is'. Dit beteken dat die Raad nie te alle tye met die gemeenskapsopvatting werk nie, maar dikwels met die maatstaf funksionaliteit en persoonlike subjektiewe oordeel werk - vergelyk die uitspraak oor **The Milagro Beanfield War** (31/77:15): "*Hier is 'n beskrywing van fellatio en dan ook die walglike 'he licked his own sperm from off her tongue'. Die Raad is (...) van oordeel dat hierdie beskrywing so grof en morsig is, dat selfs al is dit funksioneel, dit nie daardeur gered kan word nie*".

### 30 Slot

Dit blyk uit bostaande studie, wat bloot maar aan die oppervlak van die gebied geraak het dat dit wat al eeue lank in ander lande bewys is, ook vir Suid-Afrika geldig is: sensuur werk nie omdat dit nooit bevredigend kan wees nie.

Daar is verskillende redes daarvoor. Een van die redes is dat die mens hom teen sensuur verset en alles in sy vermoë doen om die stelsel te verydel. 'n Ander is dat die mens aanstoot neem dat ander 'gewone' mense in 'n pos aangestel word waar daardie persoon vir hom moet besluit wat hy mag lees of nie lees nie. 'n Derde rede is dat geen mate van sensuur 'n bepaalde opvatting, oortuiging of houding gaan verander nie - daarom het sensuur byvoorbeeld nog nooit daarin geslaag om 'n 'einde' aan pornografie te maak nie. Owerhede kon nog nooit daarin slaag om die bevolking se gedagtes of denkprosesse te beheer nie - hulle het nog net daarin geslaag om natuurlike handelinge



soos die seksdaad en alles wat daarmee verband hou, verdag te maak en 'n aura dat dit 'morsig is' daaromheen te skep.

Van die heel direkste en skerpste kritiek wat nog teen die sensuurstelesel in Suid-Afrika uitgespreek is, is Switzer (1986:527) se betreklike emosionele en aantygende kritiek waarin sy impliseer dat sensuur bloot ingestel is om eensydige, seksionele belange te beskerm, en waaruit dit (verkeerdelik) blyk dat sensuur na haar mening die voortsetting van die ideologiese taal- en kultuurstryd is wat histories tussen die Engelssprekende en Afrikaanssprekende groepe gevoer is. Dit is wel waar dat sterk ideologiese spore in die verskillende beslissings (wat deur die verskillende voorsitters of waarnemende voorsitters onderteken is) voorkom, maar dié ideologiese neerslag het, soos in Hoofstuk 1 aangedui is, eerder betrekking op die *rassebeleid* as op spanning tussen die Afrikaans- en Engelssprekende: *"The contention of this thesis is that censorship in South Africa has resulted in a deliberate and increasing distortion or stifling of the truth, a hindrance to academic performance and a perversion of the purpose of academic and research libraries in order to foster a sectional interest and to maintain a particular group in power. The sectional interests is that of the Afrikaner nation as envisaged by the Afrikaner Broederbond and the Dutch Reformed churches and the group in power is the National Party."*

Sy (1986:535) is nader aan die waarheid wanneer sy haar kritiek tot die diskriminerende toepassing van dié Wet beperk: *"Not only has censorship made research difficult or impossible in many areas, the system has, in itself, been discriminatory. Until 1984, no black opinions were ever considered by the Publications Committees or the Publications Appeal Board, and of course, black writers and political figures have been hardest hit by censorship. Nadine Gordimer pointed out that even the exemptions provided for universities were largely racially discriminatory since the possible reader was a '... creature of class and colour hierarchy. Intellectuals may handle inflammables because they are predominantly white*

*and radical initiative by whites has been contained by imprisonment, exile, bannings and the threat of right-wing terrorism, while the moderate, let alone the revolutionary initiative for social change has passed overwhelmingly to blacks and is not contained'."*

Sensuur skend 'n mens se natuurlike reg op vryheid van spraak. Enigiemand wat ten gunste van vryheid van spraak is, moet hom vereenselwig met Williams se woorde in die Williams-verslag, wat in Brittanje voorgelê is: *Die meeste volwassenes in die land (en ek veronderstel in die meeste lande) is eerder rasonele as morele mense.*

**REGISTER VAN APPELRAADUITSPRAKE**

- About Last Night (118/86)  
Adventurers, The (46/82)  
Airport 77 (93/94/82)  
All of Me (255/84)  
An Officer and a Gentleman (129/82)  
Anonymous Avenger (9/75)  
American Werewolf in London, An (22/82)  
Apocalypse Now (112/79)  
Articles of Faith (15/83)  
Asinamali (16/86)  
Astreae No 1 (146/81)  
Audrey Rose (75/81)  
Autobiography of an Unknown South African, The (134/85)  
Back to School (153/86)  
Baby it's You (100/83)  
Bad Boys (98/83)  
Bad Timing (76/82)  
Back To the Future (159/85)  
Bay Boy (55/85)  
Bear (38/77)  
Bedroom Eyes (65/85)  
Best Little Whorehouse in Texas (162/82)  
Big Chill, The (195/83)

Birds of Paradise (73/80)  
Birthright 940/82)  
Blood Feud (50/81)  
Boetie Gaan Border Toe (197/84)  
Boetie op Manoeuvres (125/85)  
Bob and Carol, Ted and Alice (172/82)  
Book of Love Positions: The Guide To Married Love (157/85)  
Book of Nude Photography (6/86)  
Boys Next Door, The (208/85)  
Brandwagpers (6/75)  
Breathless (117/83)  
Bring me the Head of Alfredo Garcia (6/86)  
Broken English and Rasta in A-Babylon (93/81)  
Buddy Buddy (20/86)  
Bunny Girl van September 1984 (214/84)  
Bunny Girl (70/86)  
Bunny Girl (146/86)  
Burger's Daughter (64/79)  
By the Green of the Spring (138/81)  
Camera Weekly (235/85)  
Campus Action for Democracy (133/82)  
Cape of Storms (142/85)  
Captive Passions (96/81)  
Carpetbaggers, The (54/78)  
Catch - 22 (80/76)  
Canterbury Tales, The (167/85)  
Captive Passions (96.81)

Chip of Glass Ruby, A (145/85)  
Cheeky Chuckles (4/75)  
Choirboys, The (46/84)  
Chorus Line, A (228/85)  
Classic, The Vol 1 no 1 (37/83)  
Class of 1984 (168/82)  
Clockwork Orange, A (130/83)  
Company of Wolves, The (32/85)  
Complete Book of Love and Sex (24/84)  
Complete Guide to Magic and Witchcraft (46/80)  
Confused Mhlaba (54/76)  
Cosmopolitan (136/82)  
Cosmopolitan (10.85)  
Cosmopolitan (162/86)  
Cry for Vengeance (120/82)  
Dawn Comes Twice, The (144/76)  
Decadence (48/82)  
Der Spiegel (99/79)  
Descent From Xanadaw (256/84)  
Diamond Mercenaries (68/76)  
Dingley Falls (106/81)  
Dirty Tricks (194/82)  
Divide The Night (60/81)  
Donderdag of Woensdag (27/83)  
Drama in Blond (185/85)  
Dressed to Kill (71/81)  
Drum (114/82 )

Dry White Season, A (81/790)  
 Eating Raoul (120/85)  
 Eendag op 'n Reëndag (27/75)  
 Elegy for a Revolutionary (205/82)  
 Eleven Photographs of Nudes (150 82)  
 Esquire (24/75)  
 Every Thing You Always Wanted To Know About Sex,  
     But Were Afraid To Ask (217/85)  
 Eyes of a Stranger (74/81)  
 Fair Lady (90/77)  
 Fair Lady (99/77)  
 Fair Lady (92/79)  
 Fake Out (52/83)  
 Fanny Hill (207/85)  
 Fire Fox (149/82)  
 Fire Flames (2/81)  
 Fire Power (73/78)  
 Forced Landing (45/80)  
 Four Lenin Collected Works (22/81)  
 Fourth Man, The (92/75)  
 From the Lives of the Marionettes (51/81)  
 Frontline (132/83)  
 Funny Peculiar (158/86)  
 Games that Lovers Play (100/76)  
 Gauntlet, The 9152/81)  
 Gay Christian (227/84)  
 Gayley Male (14/83)

Gazelle (60/86)  
 Gentlewoman (156/77)  
 Gerugte van Reën (68/780)  
 Girls of Stag, The en Stag (1/83)  
 Give us Tommorow (129/83)  
 Godsend (89/83)  
 Godspell (129/76)  
 Grass is Singing, The (103/81)  
 Grassroots (15/82)  
 Gramsci's Political Thoughts (64/82)  
 Guide to Making Love (12/86)  
 Guide to Making Love (59/86)  
 Hamburgers and Hotdogs (11/81)  
 He who Drinks (100/82)  
 Heartland (43/82)  
 Hills have Eyes, The (60/85)  
 Hite Report on Male Sexuality, The (104/81)  
 History of Erotic Literature, The (29/83)  
 Hold My hand I'm Dying (115/82)  
 Holy Blood and the Holy Grail, The (95/82)  
 Honky Tonk Freeway (86/81)  
 Howlings, The (37/81)  
 Hunted (49/81)  
 Huwelik Niet Uitgesloten (117/82)  
 I am a Woman (140/82)  
 I'm Always in the Shit (31/86)  
 I Escaped From Devil's Island (99/81)

In Praise of Older Women (241/85)  
 It's a Boy (159/82)  
 Jaws (39/75)  
 J. Stalin Works (16/81)  
 Kamasutra (126/82)  
 Kamasutra (8/78)  
 Kaya (48/82)  
 Kennis van die Aand (131/81)  
 Key-Ring Holder With Coloured Condom Impressed Inside  
     Plastic Block With the Name Score On the Outside (143/81)  
 Kenyatta's Escape (80/81)  
 Kinflicks (90/81)  
 King Boxer (157/81)  
 Kiss of the Spiderwoman (53/86)  
 Klipkus (20/790)  
 Lace (58/83)  
 Lady Chatterley's Lover (100/81)  
 Learn and Teach No 3/85 (148/85)  
 Learning to Love (126/81)  
 Lenin Anthology (2/4/80)  
 Lenin: Collected Works (22/81)  
 Listen To Radio Freedom (172/85)  
 Little Hero of Shoalin Temple, The (135/85)  
 Little Sins by Meridith Rich (14/86)  
 Lolita (199/82)  
 Looking on Darkness (87/82)  
 Love of Empire (94+95/81)



Lovers Raging Tide (57/81)  
MacDonnel, The (24/78)  
Magersfontein, O Magersfontein! (77/77)  
Magersfontein, O Magersfontein! (7/80)  
Magic is Alive, My Friend (45/85)  
Mame Enterprises (14/75)  
Man of Nazareth (72/79)  
Man of Nazareth (128/84)  
Marathon Man (23/75)  
Master Harold and The Boys (209/82)  
Master of the Game (154/82)  
Maura's Dream (62/82)  
Meneer, Jou Seksmaniere (46/81)  
Milagro Beanfield War, The (31/77)  
Minx (132/81)  
Monster (56/83)  
Monster (212/85)  
Mr No Legs (133/81:5)  
Nerds Vacation (136/85)  
Newsweek (187/85)  
Nine and a Half Weeks (82/86)  
Nine Deaths of the Ninja (156/85)  
Ninja, The (9/82)  
No Middle Road to Freedom (43/86)  
Norman is that You? (22/76)  
Novella 2000 (6/79)  
Now God To be Thanked (78/79)

Nude Figure Studies No 8 (170/82)  
Nude and Glamour Photography (78/79)  
Nude Photography (149/85)  
Once is not Enough (36/75)  
On Golden Pond (151/81)  
Ordeal by Innocence (164/85)  
Original Sins (83/81)  
Original Sins (54/84)  
Pacific Connection (40/81)  
Passion Flower Hotel (121/81)  
People are Undefeatable, The (30/86)  
Penetrator No 3 Capitol Hill (134/81)  
Penetrator No 5 Mardi Gras Massacre (135/81)  
Penetrator No 6 Tokyo Purple (136/81)  
Perfect Nude Photography (85/82)  
Percy (10/83)  
Pinnball (111/83)  
Play with Fire (17/75)  
Porky's (27/86)  
Princess Daisy (138/80)  
Private Function, A (15/86)  
Pretty Baby (223/85)  
Pulse (91/83)  
Quartet (140/86)  
Rabbit is Rich (35/82)  
Radical Geography (91/82)  
Redeemer (124/81)

Reuben, Reuben (169/85)  
Rich (102/79)  
Rich Kids (94/97)  
Ride on the Whirlwind, A (114/81)  
Rising Sons (88/82)  
Road is Much Longer, The (184/82)  
Road Warrior (158/82)  
Rocky Horror Picture Show, The (124/76)  
Rumours of Rain (67/78)  
Runaway Train (28/86)  
Russia In Revolution (146/82)  
Saamstaan Vol 2 Nr 4 Vir Julie 1985 (171/85)  
Sarie (44/83)  
Saspu National (89/81)  
Saspu National and White Student (98 en 105/83)  
Savage Day (12/82)  
Saspu National (105/83)  
Scope (62/77)  
Scope (43/80)  
Scope (123/81)  
Scope November 81 (137/81)  
Scope of January (2/82)  
Scope (56/82)  
Scope (123/82)  
Scope (165/84)  
Scope (235/84)  
Scope (244/84)

Scope (88/86)  
Score (111/80)  
Second Class Taxi (97/82)  
Second Lady, The (77/86)  
Secrets (86/77)  
Selle Ou Storie (138/81)  
Seven Beauties (122/81)  
Sexual Fiction (57/82)  
Sex Watching: The World of Sexual Behavior (212/84)  
Shirley MacLaine At the Lido (129/81)  
Shrivings (59/82)  
Sirens (91/81)  
Six Lapel Badges (125/83)  
Sleeping With Soldiers (186/85)  
Smash (78/81)  
Smut (206/85)  
Sparrow, A (63/81)  
Staffrider (70/80)  
Stag (137/85)  
Stag (155/85)  
Stag (117/84)  
Stag's Art Collection No 1 (56/86)  
Stanley Bekker en die Boikot (56/85)  
Stay With Me Until The Morning (128/81)  
Stern (1/85)  
Stern (17/85)  
Stern of 27/02/1986 (58/86)

Stern (58/85)  
Stern ( 61/85)  
Stern (158/85)  
Stern (242/85)  
Stern No 48 (10/86)  
Stern (48/86)  
Stir Vol 1, No 3 (234/85)  
Store Up The Anger (101/80)  
Store Up The Anger (51/84)  
Stripes (92/81)  
Struisbaai Blues (6/80)  
S.O.B. (81/81)  
Sophie's Choice (105/79)  
South Africa Belongs to Us (42/86)  
South Africa in the 1980's (32/81)  
Superstar (82/83)  
Switchblade Sisters, The (110/83)  
Tao, The Chinese Philosophy of Time And Change (236/85)  
Tattoo (185/82)  
Te Hel met Ouma (13/81)  
Television and Home Video Vol 2, No 12 (24/81)  
Ten Days That Shook The World (28/82)  
That Championship Season (119/83)  
This We Can Do For Justice And For Peace (155/81)  
Thing, The (141/82)  
Three M Calendar (156/81)  
Time of Desecration, A (100/80)

Tin Drum, The ((82/81)  
Tobias and the Angel (145A/76)  
To Forget Venice (80/80)  
To Forget Venice (196/82)  
Tommy (70/76)  
Tough Enough 66/82)  
To Forget Venice (80/80)  
Transvaal Episode (49/82)  
Tropic Of Cancer (61/86)  
Tropic of Capricorn (132/85)  
Ultimate Insult, The (32/86)  
Up The Creek (123/84)  
Van Aardes Van Grootoor, Die (63/79)  
Varsity (86/82)  
Vice in Bombay (46/83)  
Video Aids (218/85)  
Video Guide to Love Positions, A (34/86)  
Video Guide to Nude Photography (239/84:4)  
Village Dreams (185/84:5)  
Walking the Edge and its Trailer (190/84)  
Warriors (216/86)  
What Are You Using? (101/82)  
What Makes a Man Good in Bed (111/81)  
Witches' Guide To Love and Lust, A (184/84)  
Who Dares Wins (148/82)  
Who Goes Bare (119/82)  
Wife Mistress (77/82)

Woman Plus Woman (224/85)  
 Women's Room, The (66/81)  
 Work in Progress (10/82)  
 Work in Progress (11/82)  
 World is Full of Married Men, The (117/86)  
 X-Ray (140/83)  
 Yellowbeard (187/84)  
 Young Doctors In Love (107/82)  
 Zoom Volume 13 (155/82)

#### **REGISTER VAN HOOGGEREGSHOFUITSPRAKE**

Brandwagpers Bpk v Raad van Beheer oor Publikasies 1974 (3) SA 236 (D)  
 Buren Uitgewers (Edms ) Bpk en 'n ander v Raad van Beheer oor  
 Publikasies 1975 (10) SA 379 (K)  
 Coetzee v Smit 1955 (2) SA 559 (AD)  
 Goeie Hoop Uitgewers (Edms) Bpk v Central News Agency 1953(2) SA 843(W)  
 Human en Rousseau Uitgewers (Edms) Bpk v Snyman NO 1978 (3) SA 836 (T)  
 Jackson v SA National Institute for Crime Prevention and Rehabilitation of Offenders  
 1976 (3) SA 1 (A)  
 Mame Enterprises (Pty) Ltd v Publications Control Board 1974 (4) SA 217 (W)  
 Mame Enterprises (Edms) Bpk v Raad van Beheer oor Publikasies 1976 (1) SA 429 (A)  
 Minister van Vervoer v Bekker 1975 (3) SA 128  
 Republican Publications (Pty) Ltd v Die Raad van Beheer oor Publikasies 1974 (2) SA  
 55 (N)  
 Republican Publications v Publications Control Board 1971 (2) SA 1 (D)

Publications Control Board v Central News Agency Ltd 1977 (1) SA 717 (A)  
Publications Control Board v Gallo (Africa) 1975 (3) SA 665 (A)  
Publications Control Board v Republican Publications 1972 (1) SA 288 (A)  
Publications Control Board v William Heineman Ltd & Others 1965 (4) SA 137 (A)  
R v Mbombela 1933 (ad) 272  
R v Nkomo (1) 1964 (3) SR 130  
SA Magazine Co. v Publications Control Board 1966 (2) SA 149 (T)  
S v De Blom 1977 (3) SA 513 (A)  
S v F 1976 (4) SA 381 (T)  
S v F 1977 (2) SA 1 (T)  
S v Film Fun Holdings (pty) Ltd and Others 1977 (2) SA 377 (OK)  
S v Gibson and Others 1979 (4)  
S v Grobler 1974 (2) SA 663 (T)  
S v Looij 1975 (4) SA 703 (RAD)  
S v Moroney Saak No 476/76 (30 Junie 1977 ) (T)  
S v Moroney 1978 (4) SA 389 A)  
S v Nunes 1975 (4) SA 929 (T)  
S v O'Malley 1976 (1) SA 469 (N)  
S v Plangger 1977 (1)SA 847 (RAD)  
S v Ravan Press 1976 (1) SA 929 (T)  
SA Associated Newspapers and Another v Estate Pelsler 1975 (4) SA 797 (A)



## VERWYSINGS

## (A) BOEKE

- Antonissen, R. 1982. *Die Afrikaanse letterkunde van 1906 tot 1966*. In: Nienaber, P.J. (Red.) *Perspektief en Profiel*. Johannesburg: Perskor.
- Appel, A. 1970. *Vladimir Nabokov: The Annotated Lolita*. New York: Mc Graw-Hill.
- Aucamp, H. 1978. *Kort voor Lank*. Kaapstad: Tafelberg.
- Barnard, C. 1985. *Oor blindes, dowes en een-oë*. In: Malan, C. en Smit, B. 1985. *Skrywer en Gemeenskap*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Booyesen, H. en Van Wyk, D. 1984. *Die '83-Grondwet*. Kaapstad: Juta.
- Botha, E. 1987. *Prosakroniek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Brink, A.P. 1969. *Aspekte van die nuwe prosa*. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Brink, A.P. 1983. *Mapmakers. Writing in a State of Siege*. London: Faber and Faber.
- Brink, A.P. 1983. *Censorship and Literature*. In: Coggin T. (ed.). 1983. *Censorship*. Johannesburg: S.A. Institute of Race Relations.
- Brink, A.P. 1983. *Censorship and Literature*. In: Coggin, T. 1983. *Censorship*. Randburg: S.A. Institute of Race Relations.
- Brink, A.P. 1984. *The Failure of Censorship*. In: Theiner, G. 1984. *They Shoot Writers, Don't They?* London: Faber and Faber.
- Brink, A.P. 1985. *Literatuur in die Strydperk*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Brink, A.P. 1985. *Waarom Literatuur ?* Kaapstad: Human en Rosseau.
- Brink, A.P. 1985. *Samisjdat, tamisjdat, lamisjdat*. In: Malan, C; Smit, B. (reds.). 1985. *Skrywer en Gemeenskap*. Pretoria: HAUM Literêr.
- Brink, A.P. 1987. *André Brink*. In: *Writing Against Apartheid. South African Authors Interviewed by Dieter Welz*. Grahamstown: National English Literary Museum.

- Brittain, Vera. 1968. *Radclyffe Hall - A Case of Obscenity?* London: A Femina Book.
- Budlender, G. 1983. *Preface*. In: Coggin, T. 1983. *Censorship*. Randburg: S.A. Institute of Race Relations.
- Burstyn, V. (ed.). 1985. *Women against Censorship*. Vancouver & Toronto: Douglas & McIntyre.
- Burstyn, V. 1985. *Beyond Despair: Positive Strategies*. In: Burstyn, V. (ed.). 1985. *Women Against Censorship*. Vancouver & Toronto: Douglas & McIntyre.
- Burstyn, V. 1985. *Political Precedents and Moral Crusades: Women, Sex and the State*. In: Burstyn, V. 1985. *Women Against Censorship*. Vancouver & Toronto: Douglas & McIntyre.
- Coetzee, A. 1976. *Poësie en Politiek*. Johannesburg: Ravan-pers.
- Clor, H.M. 1969. *Obscenity and Public Morality. Censorship in a Liberal Society*. Chicago & London: The University of Chicago Press.
- Coggin, T. (ed.). 1983. *Censorship*. Johannesburg: S.A. Institute of Race Relations.
- Cope, J. 1982. *The Adversary Within*. Cape Town: David Philip.
- Copp, D. en Wendell, S. 1983. *Pornography and Censorship*. New York: Prometheus Books.
- Davies, C. 1978. *Who censors and why?* In: Dhavan, R. en Davies, C. 1978. *Censorship and Obscenity. Law in Society Series*. London: Robertson.
- Dhavan, R. 1978. *Existing and Alternative Models of Obscenity Law Enforcement*. In: Dhavan, R. en Davies, C. 1978. *Censorship and Obscenity. Law in Society Series*. London: Robertson.
- Degenaar, J.J. 1985. *Ideologie, vervreemding en woordkuns*. In: Malan, C.; Smit, B. (reds.). 1985. *Skrywer en Gemeenskap*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- De Klerk, W.A. 1975. *The Puritans in Africa*. Harmondsworth: Penguin.
- De Klerk, W.A. 1979. *Tyd van Vernuwning*. Kaapstad: Tafelberg.
- Dhavan, R. & Davies, C. (eds.). 1978. *Censorship and Obscenity. (Law in Society Series)*. London: Robertson.

- Diamond, S. 1985. *Pornography: Image and Reality*. In: Burstyn, V. 1985. **Women Against Censorship**. Vancouver & Toronto: Douglas and McIntyre.
- Dommissie, Hermien, 1976. **Die Dramaturg en sy Gemeenskap**. Johannesburg: Perskor.
- Downs, R.B. 1968. *Book Banning vs The Right To Read*. In: Moss, S.P. 1968. **Readings for Composition by Logic**. Belmont, Ca.: Wadsworth Publishing Co. Inc.
- Dugard, John. 1980. *Censorship in South Africa: The Legal Framework*. In: Gordimer, N., Dugard, J. and Smith, R. 1980. **What happened to Burger's Daughter or How South African Censorship works**. Johannesburg: Taurus.
- Duggan, L., Hunter, N., Vance, C.S. 1985. *False Promises: Feminist Antipornography Legislation in the U.S.* In: Burstyn, V. 1985. **Women Against Censorship**. Vancouver & Toronto: Douglas & McIntyre.
- Du Toit, A. 1983. *The Rationale of Controlling Political Publications*. In: Coggin, T. 1983. **Censorship**. Johannesburg: S.A. Institute of Race Relations.
- Dworkin, A. 1981. **Pornography - Men Possessing Women**. New York: Perigee Books.
- Eagleton, T. 1983. **Literary Theory An Introduction**. Oxford: Basil Blackwell.
- Elliott, G.P. 1968. *Against Pornography*. In: Moss, S.P. 1968. **Readings for Composition by Logic**. Belmont, Ca.: Wadsworth Publishing Co. Inc.
- Faust, B. 1986. **Women, Sex & Pornography**. Victoria, Australia: Penguin Books.
- Geldenhuijs, P.B. 1977. **Pornografie, Sensuur en Reg**. Johannesburg: Lex Patria.
- Gerwel, G. 1985. *Afrikaner, Afrikaans, Afrika*. In: Malan, C.; Smit, B. (reds.). 1985. **Skrywer en Gemeenskap**. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Giddens, A. 1979. **Central Problems in Social Theory. Action Structure and Contradiction in Social Analysis**. London: The MacMillan Press.
- Goldstein, M.J., Kant, H.S. & Hartman, J.J. 1973. **Pornography and Sexual Deviance**. Berkeley & Los Angeles: University of California Press.
- Gordimer, N., Dugard, J. 1980. **What Happened to Burger's Daughter OR How South African Censorship Works**. Emmerentia: Taurus.

- Gordimer, N. 1984. *A Writer's Freedom*. In: Theiner, G. 1984. **They Shoot Writers, Don't They?** London: Faber and Faber.
- Gordimer, N. 1987. *Nadine Gordimer*. In: **Writing Against Apartheid**. South African Authors Interviewed by Dieter Welz. Grahamstown: National English Literary Museum.
- Grey, A. 1982. *Pornography and free speech*. In: Yaffé, M. and Nelson, E.C. 1982. **The Influence of Pornography on Behaviour**. London: Academic Press.
- Griffin, S. 1982. **Pornography and Silence**. London: The Women's Press.
- Gronau, A. 1985. *Women and Images: Toward a Feminist Analysis of Censorship*. In: Burstyn, V. (ed.). 1985 **Women Against Censorship**. Vancouver & Toronto: Douglas & McIntyre.
- Grové, A.P. 1967. *Die Literatuur en die Gemeenskap*. In: **Die Kuns en die Gemeenskap. Referate gelewer by die Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Junie 1967 in Bloemfontein**. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Harris, N. 1971. **Beliefs in Society** Harmondsworth: Pelican.
- Hartman, E. 1984. **The Nightmare**. New York: Basic Books.
- Holbrook, D. 1973. *Magazines* In: Thompson D. (ed.). 1973. **Discrimination and Popular Culture**. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books.
- Johl, Ronèl. 1986. **Kritiek in krisis: Vryheid vir die teks**. Durban: Butterworth.
- Joubert, D. 1985. *Ons politieke werklikhede*. In: Malan, C.; Smit, B. (reds.). 1985. **Skrywer en Gemeenskap**. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Kundera, M. 1984. *Comedy is Everywhere*. In: Theiner, G. 1984. **They Shoot Writers, Don't They?** London: Faber and Faber.
- Kannemeyer, J.C. 1978. **Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur**. Band 1. Pretoria, Kaapstad: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1983. **Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur**. Band 2. Pretoria, Kaapstad: Academica.

- Kannemeyer, J.C. 1986. **D.J. Opperman. 'n Biografie.** Kaapstad: Human & Rousseau.
- Kappeler, S. 1986. **The Pornography of Representation.** Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Kermode, F. 1971. **Modern Essays.** London: Collins & Fontana Books.
- Kinsey, A. & Research Associates of Indiana University Institute for Sex Research. 1953. **Sexual Behaviour in the Human Female.** Philadelphia & London: W.B. Saunders Co.
- Kramer, R. (ed.). 1955. **Law and Contemporary Problems.** Vol. 20. A Quarterly published by the Duke University School of Law. U.S.A.: Durham.
- Kundera, M. 1984. *Comedy is Everywhere.* In: Theiner, G. 1980. **They Shoot Writers, Don't They?** London: Faber & Faber.
- Larrain, J. 1979. **The Concept of Ideology.** London: Hutchinson.
- Lawrence, D.H. 1980. *Pornography and Obscenity.* In: Trilling, D. (Ed.). 1980. **The Portable D.H. Lawrence.** New York: Penguin Books.
- Lijphart, T. 1978. *'n Hoogs (im)morele boek.* In: Britz, E.C., Kannemeyer, J.C. en Pfeiffer, R. 1978. **Skanse teen die tyd.** Kaapstad: Tafelberg.
- Llosa, M.V. 1984. *The Writer in Latin America.* In: Theiner, G. 1984. **They Shoot Writers, Don't They?** London: Faber & Faber.
- Louw, N.P. van Wyk. 1973. **Windroos.** Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Louw, N.P. van Wyk. 1975. **Lojale Verset.** Kaapstad: Tafelberg.
- Louw, N.P. van Wyk. 1979. **Deurskouende Verband.** Kaapstad: Human & Rousseau.
- Malan, Charles, 1982. *Die ideologiese rol van die leser in Magersfontein, O Magersfontein!* In: Grové, A.P. 1982. **Beeld van Waarheid.** Kaapstad: Human & Rousseau.
- Malan, C. 1985. *Skrywers versus Politikus: ter wille van lojale verset.* In: Malan, C., Smit, B. (reds.). **Skrywer en Gemeenskap.** Pretoria: HAUM-Literêr.
- Malan, C. en Bosman, M. 1983. **Sensuur en die Leser: Donderdag of Woensdag as Toetsgeval.** Pretoria: Sensal-Publikasies nr. 10: RGN.

- Malan, C. & Smit, B. 1985. **Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde.** Pretoria: HAUM-Literêr.
- Malan, C. (red) 1988. **Race and Literature. Ras en Literatuur. Sensal-publikasie nr. 15.** Durban: Owen Burgess-Uitgewery.
- Masters, W.H. en Johnson, V.E. 1966. **Human Sexual Response.** Boston: Brown and Company.
- Mathews, A.S. 1971. **Law, Order and Liberty in South Africa.** Cape Town: Juta and Company Ltd.
- Miller, J. 1982. *Censorship and the limits of permission.* In: Yaffé, M. and Nelson, E.C. 1982. **The Influence of Pornography on Behaviour.** London: Academic Press.
- Moss, S.P. 1968. **Readings for Composition by Logic.** Belmont, California: Wadsworth.
- McDonald, I. 1983. *Defining Censorship Legislation in Terms of a Society's Right to Protect Public Morals.* In: Coggin, I. 1983. **Censorship.** Johannesburg: S.A. Institute of Race Relations.
- MacMillan, P.R. 1983. **Censorship and Public Morality.** Aldershot: Gower.
- Mphahlele, E. 1988. *The tyranny of place and aesthetics. The South African case.* In: Malan, C. (Red.) **Race and Literature. Ras en Literatuur. SENSAL-publikasie nr. 15.** Durban: Owen Burgess-Uitgewery.
- Nienaber, C.J.M. 1977. **Oor Literatuur 2.** Kaapstad en Pretoria: Academica.
- Ntuli, D.B. 1988. *Writers in shackles?* In: Malan, C. (Red.) **Race and Literature. Ras en Literatuur. SENSAL-publikasie nr. 15.** Durban: Owen Burgess-Uitgewery.
- Olivier, Louise. 1987. **Sex and the South African Woman.** London: Lowry.
- Opperman, D.J. 1975. **Wiggelstok.** Kaapstad: Tafelberg.
- Opperman, D.J. 1975. **Verspreide Opstelle.** Kaapstad: Human & Rousseau.
- Polley, J. 1973. **Die Sestigers.** Kaapstad: Human en Rousseau.
- Rabie, Jan. 1973. *Skrywer en Samelewing.* In: Polley, J. (red.) 1973. **Die Sestigers.** Kaapstad: Human en Rousseau.

- Rembar, C. 1969. **The End of Obscenity. The Trials of Lady Chatterley, Tropic of Cancer and Fanny Hill.** London: André Deutsch.
- Rive, R. 1987. *Richard Rive.* In: **Writing Against Apartheid. South African Authors Interviewed by Dieter Welz.** Grahamstown: National English Literary Museum.
- Robertson, G. 1979. **Obscenity. An Account of Censorship Laws and their Enforcement in England and Wales.** Law in Context Series. London: Weidenfeld and Nicolson.
- Rolph, C.H. (ed.). 1961. **Does Pornography Matter?** London: Routledge & Kegan Paul.
- Rolph, C.H., 1969. **Books in the Dock.** London: André Deutsch.
- Rushdoony, R.J. 1975. **The Politics of Pornography.** Sandton: Valiant Publishers.
- Schalken, T. 1972. **Pornografie en Strafrecht. Beschouwingen over het pornografiebegrip en zijn juridische hanteerbaarheid.** Arnhem: S. Gouda Quint, D. Brouwer en Zoon.
- Silver, L. 1979. **Publications Appeal Board: Digest of Decisions.** Johannesburg: Centre for Applied Legal Studies. University of the Witwatersrand.
- Smuts, J.P. 1975. **Karakterisering in die Afrikaanse Roman.** Pretoria: HAUM.
- Smuts, J.P. 1982. *Teksgrens en verhaalgrens: 'n Ondersoek van die begin van Sewe Dae by the Silbersteins.* In: Grové, A.P. 1982. **Beeld van Waarheid.** Kaapstad: Human & Rousseau.
- Sontag, S. 1982. **A Susan Sontag Reader.** Suffolk: Penguin Books.
- Steenberg, D.H. 1977. **Rondom Sestig. Perspektiewe op die nuwe Afrikaanse Prosa.** Kaapstad: HAUM.
- Steyn, J.C. 1980. **Tuiste in Eie Taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans.** Kaapstad: Tafelberg.
- Strauss, S.A. Strydom, M.J., Van der Walt, J.C. 1976. **Die Suid-Afrikaanse Persreg.** (3de Uitgawe). Pretoria: J.L. van Schaik.
- Sutherland, J. 1982. **Offensive Literature: Decensorship in Britain 1960 - 1982.** London: Junction Books Ltd.

- Theiner, George, 1984. *They Shoot Writers, Don't They?* London: Faber & Faber.
- Thomas, D. 1969. *A Long Time Burning. The History of Literary Censorship in England.* London: Routledge & Kegan Paul.
- Van der Colf, A.P. 1980. *Poësie en Godsdienst. 'n Verkenning van die samehang tussen godsdienst en poësie in n sewetal gedigte van N.P. van Wyk Louw.* Johannesburg: Perskor.
- Vander Kerken, L. 1973. *Maar wat is Literatuur? Een Taalfilosofisch Essay.* Antwerpen: Uitgeverij De Nederlandsche Boekhandel.
- Van der Vyver, J. 1977. *Censorship.* In: Joubert, W.A. (red.). 1977. *The Law of South Africa.* Vol.2. Durban: Butterworths.
- Van der Vyver, J. 1983. *General Aspects of the South African Censorship Laws.* In: Coggin, T.(ed.). 1983. *Censorship.* Johannesburg: S.A. Institute of Race Relations.
- Van der Walt, P.D. 1975. *Bestek.* Kaapstad: Tafelberg.
- Van der Walt, P.D. 1969. *Mené Tekel. Letterkundige Studies en Kritieke.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Van Heerden, E. 1977. *Digterlike Diagnose.* Kaapstad:Tafelberg.
- Van Rensburg, F.I.J., 1971. *Die Smal Baan.* Kaapstad: Tafelberg.
- Van Rensburg, F.I.J. 1978. *Gesag en Norm in die Taal en Letterkunde 1* Johannesburg. Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit.
- Van Rooyen, J.C.W. 1978. *Publikasiebeheer in Suid-Afrika.* Kaapstad: Juta en Kie.
- Van Rooyen, J.C.W., 1987. *Censorship in South Africa.* Cape Town: Juta & Co.
- Van Heerden, E. 1977. *Digterlike Diagnose.* Kaapstad: Tafelberg.
- Venter, L.S. 1982. *Een vir Azazel en die naïewe leser.* In: Grové, A.P., 1982. *Beeld van Waarheid.* Kaapstad: Human & Rousseau.
- Viljoen, H. 1977. *Berge word lug! Werklikheid, word water!* In: Steenberg, D.H. 1977. *Rondom Sestig. Perspektiewe op die Nuwer Afrikaanse Prosa.* Pretoria: HAUM.
- Vladislav, J. 1984. *All you need is a Typewriter.* In: Theiner, G. *They Shoot Writers, Don't They?* London: Faber and Faber.



- Warnock, G.J. 1971. *The Object of Morality*. London: Methuen and Co. Ltd.
- Wiehahn, R. 1965. *Die Afrikaanse Poësiekritiek. 'n Histories-teoretiese beskouing*. Kaapstad, Pretoria: Academica.
- Weideman, G. 1986. *Literatuur en Ideologie*. In: Botha, E. en Snyman H. (reds.) 1986. *Program en Problematiek*. Durban: Butterworths.
- Wellek, R. en Warren, A. 1970. *Theory of Literature*. Middlesex: Penguin Books.
- Yaffé, M. & Nelson E.C. 1982. *The Influence of Pornography on Behaviour*. London: Academic Press.

#### (B) ARTIKELS

- Abrahams, I. et al. 1953. *Binnelandse Sensuur*. *Standpunte* 30 Jg. VIII Nr. 2. Des. 1953. pp. 1-32.
- Barnard, C. 1974. *Die Skrywer as Pleitbesorger*. *Standpunte*, Nr 116. Des. 1974. pp. 4 - 9.
- Becker, S., Horowitz, M. en Campbell, L. 1973. *Cognitive Response to Stress: Effects of changes in demands and sex*. *Journal of Abnormal Psychology*. Vol. 82. pp. 519-522.
- Botha, C.J. 1981. *Pink Floyd v The Publications Appeal Board: Just another foot in the mouth, or the case of the missing likely listener*. In: *Codicillus* Vol. XXII No 1, Mei 1981. Pretoria: Fakulteit Regsgeleerdheid, UNISA. pp. 18 - 20.
- Botha, E. 1962. *Oor morele waardes in 'n roman*. *Standpunte* 38-39 Jg XV Nr 2 en 3 Des 1961 - Febr. 1962. pp. 3-13.
- Botha E, 1967. *Die Roman en die Gemeenskap*. *Standpunte* 72. Jg. XX Nr 6. Aug. 1967 pp. 12-20.
- Botha, E. 1978. *Literêr-Aktueel. Wysigings aan die Wet op Publikasies*. *Tydskrif vir Letterkunde*, Nuwe Reeks XVI:2, Mei 1978 pp. 65-70.

- Botha, Johann. 1978. *Letterkunde en Geweld. Aambeeld*, Jg. 6:3, Sept. 1978 pp. 10-11.
- Brink, A.P. 1964. *Oor Religie en Seks. Standpunte* 56 Jg. XVIII Nr 2.Des. 1964. pp. 33-40.
- Brink, A.P. 1976. *Die Kuns is Aanstootlik! Standpunte* 124 3e reeks Jg 29 nr 4. Aug. 1976. pp. 17-28.
- Brink, A.P. s.j. *Die kunstenaar as rebel. Sestiger* Jg. 2, Nr. 3. pp. 4 - 6.
- Coetzee, P.C. 1965. *Leserkundige Beskouings oor die Vernuwling. Standpunte* Nr 62. Jg.19:2. Des. 1965. pp. 33-41
- De Jong, M. 1983. *Die blootgestelde leser: Wolfgang Iser se model van die interaksie tussen teks en leser I. Standpunte* 164 Jg 36:2.April 1983. pp. 47-64.
- Dekker, L. 1965. *Apropos van vernuwling, moraal en fatsoen. Standpunte* Nr 59. Jg 18:5. Junie 1965. pp. 11-19.
- Du Randt, H. 1973. *Die onthuisteringstendens in die Afrikaanse literatuur(1) Standpunte* 106 Jg. XXVI Nr 4 April 1973. pp. 11-20.
- Emmett, T. 1979, *Oral, Political and Communal Aspects of Township Poetry in the Mid-Seventies. English in Africa*. Vol. 6 No 1. March 1979. pp. 72-81.
- Geldenhuis, P.B. 1977. *Literêre meriete en sensuur*. In: *Standpunte* Jg. 30, Nr. 6, Desember 1977.
- Giliomee, H. 1980 *Die Krisis van Afrikaner-identiteit*. 149 Jg 33 nr 5 Okt. 1980. pp. 43-57.
- Gordimer, N.; Mohahlele, E.; Brink, A. 1979. *South African Writers Talking. English in Africa*. 6(2):1-23.
- Gordimer, N. 1988. *Censorship and the Artist*. In: *Staffrider*. Vol. 7 No. 2, 1988.
- Kahn, E. 1966. *When the Lion Feeds - and the Censor Pounces*. In: *South African Law Journal*. Vol. 83 (1966). Cape Town: Juta. pp. 278-336.
- Kahn, E. 1967. *The 'Dirty' Books that we have banned*. In: *Standpunte* 70 Jg. XX Nr 4, April 1967. pp. 33 - 42.

- Leroux, E. 1981. *Vervreemding tussen leser en skrywer*. In: **Tydskrif vir Letterkunde Nuwe Reeks XIX:2** Mei 1981. pp. 3-6.
- Louw, N.P. van Wyk. 1947. *Sensuur of Pornografie?* In: **Standpunte** Jg 2. Nr 4, Okt. 1947. pp. 10-21.
- Louw, W.E.G. 1975. *Probleme i.v.m. die beheer van publikasies*. In: **Standpunte** 120 Jg XXVIII Nr 6. Aug 1975. pp. 29-46.
- Malan, F.R. 1978. *Die gewone man* In: **Aambeeld**, Jg 6. Nr 3. Sept. 1978. pp.12-13.
- Manganyi, N.C. 1979. *The Censored Imagination*. In: **English in Africa**. Vol. 6 No. 2. Sept. 1979. pp.24-32.
- Marais, J.F. 1960. *Regsaspekte van Literêre Sensuur*. In: **Standpunte** Aug. 1960 Jg 13 nr 6. pp. 49-53.
- Mathews, A.S. 1981 *Censorship, Access to Information and Public Debate*. In: **Theoria**. pp. 21.31.
- Merrett, C. 1984. *Censorship. Shoptalk; the Jasa News-Sheet*. 4:5.
- Osers, E. 1972. *Ondra Lysohorsky, the obstinate Non-Conformist*. In: **Index on Censorship**. 1972. Vol 1:3/4.
- Quirk, Randolph. 1978 *Language and tabu*. In: **New Society**. 6 April 1978. pp.8-10.
- Rive, Richard en Olivier, Gerrit, 1980. *Poppie Nongena - Reaksie en Repliek*. In: **Standpunte** 147 Jg 33:3 Mei 1980. pp.57-64.
- Rive, Richard, 1985. *Culture, Colouredism and Kaaps*. In: **Standpunte** 180 Jg 38:6 Des 1985. pp. 31-36.
- Roberts, S. 1981. *South African Censorship and the case of Burger's Daughter*. In: **World Literature Written in English** Vol. 20 (1981) pp. 41-48.
- Rudolph, H. 1977. *The dawn has gone - forever*. In: **Standpunte**: 132 Jg 30, Nr. 6, Desember 1977.
- Silver, L. 1979. *The Statistics of Censorship*. **SALJ** Vol 96. pp.120-126.
- Silver, L. 1980 *Sex, Nudity and the Average Man*. In: **SALJ** Vol. 97 Part 1, February 1980. pp. 125-137.

- Solzhenitsyn, A. 1972. *The Nobel Prize Speech*. In: *Index on Censorship* 1972 Vol. 1 no 3/4.
- Van Rensburg, F.I.J., 1968. *Letterkunde en Moderne Tyd*. In: *Standpunte* 78 Jg. XXI Nr 6 Aug 1968. pp. 5-16.
- Van Rooyen, J.C. 1984. *Riglyne tot Artikel 47(2) Wet 42 van 1974*. 1 April 1984. *Uitgegee deur Appèlraad oor Publikasies* pp. 1-38.
- Van Wyk, A.H. 1974. *Die Wetsontwerp op Publikasies en Vermaaklikhede van 1974*. *Standpunte* 114 Jg XXVII Nr 6. Aug. 1974. pp. 1-14.
- Vorster, P.J. en Van Jaarsveld, E. 1986. *Kommunikasie met die massa of met die élite? 'n Loodsstudie na leesbaarheid in Beeld en Die Vaderland* In: *Ecquid Novi* 1986. F(2): 36-45.

**(C) ONGEPUBLISEERDE PROEFSKRIFTE, ONGEPUBLISEERDE LESINGS,  
REFERATE EN INTREEREDES**

- Alink, H. 1981. *Een onderzoek naar Censuur. Uitgaande van zekere beperkingen op het verhoog, een receptie-estetiesch onderzoek naar het systeem van beheer op literaire publikasies, films en vermakelikheden in Zuid-Afrika, opdat door synthese een bepaalde literaire verwachtingshorizon vasgesteld kan worden*. Amsterdam: Doktorale examen-skriptie, Universiteit van Amsterdam.
- Brink, A.P. 1979. *Ongepubliseerde Lesing tydens Skrywersgilde te Durban, Julie 1979*.
- Burns, Y.M. 1979. *An Analysis of the Publications Act 42 of 1974*. Ongepubliseerde LLM-tesis, UNISA Januarie 1979.
- Dreyer, K.L. 1980. *'n Sosiologiese ontleding van die sosiaal-strukturele rol van die Afrikaanse skrywer*. Pretoria: M.A-verhandeling: Unisa.
- Dreyer, L. 1981. *Die Skrywer in die Suid-Afrikaanse Sisteem*. Lesing gelewer op 15 Januarie 1981 by die Jaarkongres S.A. Sosiologiese Vereniging. Pretoria: Unisa.

- Gerwel, Jakes 1979. *Literatuur en Apartheid* Ongepubliseerde doktorske proefskrif (Lettere en Wysbegeerte) Vrije Universiteit Brussel.
- Gräbe, I. 1984. UNISA-Studiegids vir Algemene Literatuurwetenskap, *Inleiding tot die problematiek van die genreleer.* Pretoria: UNISA.
- Gräbe, I. 1986. UNISA-Studiegids vir Algemene Literatuurwetenskap, *Feministiese Kritiek.* Pretoria: UNISA.
- Hope, C. 1984. *The political novelist in South Africa.* Lesing gelewer op 18 Oktober 1984 aan die Universiteit van Natal: Durban.
- Hugo, L.H. 1970. *Authority, Literature and Freedom.* Intreerede, Pretoria: Unisa.
- Le Roux, P. 1984. *The Theory of Structuration and Racial Domination in the South African Context.* Referaat gelewer te Grahamstad.
- Mulder, Jan 1971 'n *Leserkundige Ondersoek in Pretoria-Noord.* **Magister Bibliothecologiae (Biblioteekkunde) Unisa (Ongepubliseer)**
- Prinsloo, J.J.S. 1979. 'n *Ondersoek na die Administratiefregtelike Implikasies van die Wet op Publikasies 42 van 1974.* Ongepubliseerde LL.M-tesis RAU Januarie 1979.
- Tomaselli, K.G. 1983. *Ideology and Cultural Production in South African Cinema.* Johannesburg: Doktorske verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand.
- Van der Merwe, P.P. 1981 *Seksualiteit As Literatuur. Met Toespitsing op Gangreen I Black Venus.* Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, Universiteit van Port Elizabeth.
- Van Deventer, A. 1987. *Ontvangersreaksie op Erotiese Oudiovisuele Boodskappe: 'n Empiries-kommunikasiekundige Analise.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje Vrystaat.
- Van Oordt, G.T. 1980. *Publikasiebeheer en Literêre Meriete.* Pretoria: M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Switzer, D.E. 1986. *Legal Censorship in South Africa, The Provision of Information By South African Research Libraries And The Role Of The Library Profession, 1910 - 1984.* Ongepubliseerde PhD-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand.

**(D) KOERANTE EN NIE-AKADEMIESE TYDSKRIFTE**

*Beeld*, 8 Augustus 1980; 15 Oktober 1980.

*Cape Argus*, 20 Februarie 1963; 19 Januarie 1970; 2 November 1988.

*Cape Times*, 3 Maart 1963; 13 Januarie 1975; 14 Januarie 1975; 3 November 1988.

*Dagbreek en Sondagnuus* 27 Januarie 1963.

*Die Burger*, 25 April 1980.

*Die Transvaler*, 21 Augustus 1974; 4 Oktober 1980.

*Die Vaderland*, 27 Oktober 1980; 11 Januarie 1982; 1 Oktober 1984.

*Insig*, November 1988.

*Hoofstad*, 23 April 1980; 28 Oktober 1980.

*Newsweek*, 24 Oktober 1988.

*Oosterlig*, 18 April 1980.

*Rapport*, 3 Februarie 1974; 6 November 1977; 27 November 1978; 22 April 1979.

*South*, 10 - 16 November 1988.

*Tempo*, 26 September 1988; 11 November 1988.

*The Daily Despatch*, 23 April 1980.

*The Daily News*, 8 Desember 1982; 25 Julie 1987; 15 Januarie 1988; 10 November 1988;  
15 November 1988.

*The Evening Post*, 12 Januarie 1971; 27 Maart 1980.

*The Natal Mercury*, 1 Junie 1968; 7 Junie 1968; 10 Junie 1968; 15 Januarie 1988; 15 November 1988.

*The Natal Witness*, 10 Mei 1962.

*The New Nation*, 10 - 16 November 1988.

*The Pretoria News*, 12 Julie 1980.

*The Rand Daily Mail*, 4 Februarie 1963; 3 November 1973

*The Star*, 7 Februarie 1963; 23 Maart 1963; 4 Oktober 1963; 9 Julie 1970; 8 April 1980; 25 April 1980; 24 Mei 1982.; 5 Oktober 1982; 6 Oktober 1982.

*The Sunday Times*, 20 Januarie 1980; 23 Julie 1982.

*The Sunday Tribune*, 3 Augustus 1980; 19 September 1982; 20 Februarie 1983; 1 Mei 1983; 17 Februarie 1985; 20 November 1988.

*The Weekly Mail*, 18 - 24 Oktober 1985.

*S.A. Outlook*, 112(1332):94.

#### D) ENSIKLOPEDIË

*Encyclopaedia Britannica Micropaedia*, 1986. Vol.7 15th Ed. Chicago: Encyclopaedia, Britannica, Inc. (1986).

#### E) WOORDEBOEKE

##### 1) AFRIKAANS

Odendal, F.F. (red.) 1979. **HAT. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.** Johannesburg: Perskor

Schoonees, P.C. 1970. **Woordeboek van die Afrikaanse Taal.** Pretoria: Staatsdrukker

##### 2) AFRIKAANS - ENGELS

Bosman, D.B. (red.). 1984. **Tweetalige Woordeboek. Bilingual Dictionary.** Kaapstad: Tafelberg.

### 3) ENGELS

Burton, W.C. 1981. **Legal Thesaurus. Regular Edition.** New York: Macmillan Publishing Co.

Beckson, K. and Ganz, A. 1972. **A Reader's Guide to Literary Terms.** London: Thames and Hudson.

Marckwardt, A.H. (ed.). 1974. **Funk & Wagnells. Standard Dictionary of the English Language Vol I & II.** New York: Funk & Wagnells.

Partridge, E. 1966. **Origins. A Short Etymological Dictionary of Modern English.** London and Henley: Routledge & Kegan Paul.

Thatcher, V.S. (ed.). 1971. **The New Webster Encyclopedic Dictionary of the English Language.** Chicago: Consolidated Book Publishers.